# Die *telos* van die openbaring van die wederkoms in die Nuwe Testament: ’n openbaringshistoriese studie, met besondere fokus op die begrip παρουσία

**H.P.M. van Rhyn**

**10319298**

Proefskrif voorgelê vir die graad Doctor Philosophiae in Nuwe Testament aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit

Promotor: Prof. G.J.C. Jordaan

Mei 2017

Dit begin alles hier ™

NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

# VOORWOORD

Ek is groot dank verskuldig aan die volgende persone wat my op een of ander manier bygestaan het in die skryf van hierdie proefskrif:

Aan ons hemelse Vader al die dank. Hy het kleintyd al die ware geloof in my geplant en van jongs af 'n buitengewone belangstelling in die eskatologie in my gewek.

Aan my promotor, Prof. G.J.C. Jordaan, vir die uitstekende leiding wat ek ontvang het.

Aan Alet, my vrou, vir al haar liefde, ondersteuning, opofferings en aanmoediging, en dit terwyl sy met haar eie Ph. D-studie besig was. Ek dra graag die studie aan haar op.

Aan my kinders, Christa en Jacques Welthagen, Gerhard en Carina van Rhyn en Hester van Rhyn, asook my kleinkinders, Malan, Alinka en Anina vir al hulle liefde.

Mev. Hester Lombaard van die biblioteek by die Teologiese Skool Potchefstroom vir al haar vriendelike hulp.

Mev. Marieke Malan vir die taalversorging, proefleeswerk en tegniese afronding.

Aan die Gereformeerde Kerk Pretoria-Noord en die kerkraad wat my op vele maniere tegemoetgekom het.

Aan die NWU vir die doktorale beurs wat aan my toegestaan is.

Aan die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns vir die ruim beurs wat aan my toegestaan is.

***"Mag Hy julle harte versterk, sodat julle met die koms (παρουσία) van ons Here Jesus saam met al sy heiliges, vlekkeloos in heiligheid voor ons God en Vader kan wees. Amen."* – 1 Tessalonisense 3:13**

# OPSOMMING

Die titel is: **"Die *telos* van die openbaring van die wederkoms in die Nuwe Testament: ŉ openbaringshistoriese studie, met besondere fokus op die begrip παρουσία."**

Die doel van die studie is om eksegeties-openbaringshistories vas te stel wat die geopenbaarde doel van die openbaring van die wederkoms in die Nuwe Testament is. Met ander woorde: Met watter *telos* openbaar God die feit dat Jesus Christus weer gaan kom aan sy kerk?

ŉ Woordstudie word oor die woorde ἀποκαλύπτω, ἀποκάλυψις, ἐπιφάνεια, ἔρχομαι, ἡμέρα, παρουσία en φανερόω gedoen. Die studie toon aan dat, hoewel die woorde almal na die wederkoms kan verwys, die woorde nie as volledige sinonieme hanteer kan word nie. Die gebruik van hierdie woorde in die Nuwe Testament word eksegeties-openbaringshistories ondersoek om tot ŉ geheelbeskrywing van die *telos* van die openbaring van die wederkoms te kom.

Die studie toon aan dat die *telos* van die openbaring van die wederkoms in drie hoofdoelwitte omskryf kan word, naamlik:

**1. Om kennis oor te dra.**

**2. Om gelowiges in die geloof te versterk.**

**3. Om gelowiges tot ŉ daadkragtige geloofslewe aan te spoor.**

Elke hoofdoelwit kan onderverdeel word in temas wat die *telos* van die openbaring van die wederkoms verder verwoord:

**Die *telos* om kennis oor te dra, word in twee temas verwoord:**

Die wederkoms word geopenbaar met die *telos* om kennis oor die wyse van die wederkoms oor te dra.
Die wederkoms word geopenbaar met die *telos* om kennis oor te dra wat dwaalleer weerlê en misleiding voorkom.

**Die *telos* om gelowiges in die geloof te versterk, word in sewe temas verwoord:**

Om die sekerheid te gee dat die wederkoms beslis sal plaasvind.
As aanmoediging tot bekering.
As aanmoediging om in die ware geloof te volhard.
Om te troos.
Om geloofsekerheid te bevorder.
Om waaksaamheid te bevorder.

Om Woordbedienaars te bemoedig.

**Die *telos* om gelowiges tot 'n daadkragtige geloofslewe aan te spoor, word in agt temas verwoord:**

As aanmoediging om voor te berei vir die koms van die Here.
As aanmoediging om die Here getrou te dien.
As aanmoediging om heilig te lewe.
As aanmoediging tot gebed.
As aanmoediging om die Woord te verkondig.
As aanmoediging om liefde te bewys.
As aanmoediging om kalm te bly.
As aanmoediging om die Skrif lief te hê en reg te hanteer.

**Sleutelwoorde:** *Telos,* doel, openbaring, openbaringsdoelwit(te), openbarings*telos, kerugma,* wederkoms, wederkomswoorde, *parousia,* eksegeties-openbaringshistories(e), openbaringshistories(e), τέλος, ἀποκαλύπτω, ἀποκάλυψις, ἐπιφάνεια, ἒρχομαι, ἡμέρα, παρουσία en φανερόω.

## ABSTRACT

The title is: **"The *telos* of the revelation of the second coming in the New Testament: a revelation-historical study, with particular focus on the concept παρουσία."**

The aim of this study is to exegetically determine, by means of the revelation-historical method, what the revealed purpose of the revelation of the *parousia* in the New Testament is. In other words: What is God's *telos* in revealing to the church that Jesus Christ will come again?

The study includes word studies of the words ἀποκαλύπτω, ἀποκάλυψις, ἐπιφάνεια, ἔρχομαι, ἡμέρα, παρουσία and φανερόω. The study shows that, although all of these words may refer to the *parousia,* they cannot be treated as complete synonyms. The use of these words in the New Testament are exegetically investigated by means of the revelation-historical method with the purpose of arriving at an overall description of the *telos* of the revelation of the second coming.

The study shows that the *telos* of the revelation of the *parousia* can be defined in three revelational objectives, namely:

**1. To transfer knowledge.**

**2. To strengthen believers in the faith.**

**3. To encourage believers to practice their faith powerfully.**

Each main objective can be divided into themes which further articulate the *telos* of the revelation of the second coming:

**The *telos* of transferring knowledge can be divided into two themes:**

The *parousia* is revealed with the *telos* of transferring knowledge about the *parousia* itself.
The *parousia* is revealed with the *telos* of transferring knowledge to refute heresy and avoid deception.

**The *telos* of strengthening believers in the faith can be divided in seven themes:**

To give the assurance that the second coming will definitely take place.
As an encouragement for conversion.
As an encouragement to persevere in the faith.
To console.
To promote religious conviction.
To promote alertness.
To encourage ministers of the Word.

**The *telos* of encouraging believers to practice their faith powerfully can be divided in eight themes:**

As an encouragement to prepare for the coming of the Lord.
As an encouragement to serve the Lord faithfully.
As an encouragement to live a holy life.
As an encouragement to prayer.
As an encouragement to preach the Word.
As an encouragement to express love.
As an encouragement to remain calm.
As an encouragement to love the Scriptures and handle them correctly.

**Keywords:** *Telos,* purpose, revelation, revelation objective(s), *telos* of revelation, *kerugma*, second coming, words that denote the *parousia*, *parousia*, exegetical-revelational, τέλος, ἀποκαλύπτω, ἀποκάλυψις, ἐπιφάνεια, ἒρχομαι, ἡμέρα, παρουσία and φανερόω.

# INHOUDSOPGAWE

**VOORWOORD ........ I**
**OPSOMMING ........ II**
**ABSTRACT ........ IV**
**HOOFSTUK 1: INLEIDING ........ 1**
**1.1 Titel ........ 1**
**1.2 Die doel van die studie ........ 1**
**1.3 Agtergrond en probleemstelling ........ 1**
**1.4 Navorsingsvrae ........ 4**
**1.5 Doelstelling en doelwitte ........ 4**
1.5.1 Doelstelling ........ 4
1.5.2 Doelwitte ........ 5
**1.6 Sentrale teoretiese argument ........ 5**
**1.7 Metode van ondersoek ........ 5**
**1.8 Hoofstukindeling ........ 6**
**1.9 Sleutelwoorde ........ 7**
**1.10 Bybelgebruik ........ 7**
**HOOFSTUK 2: ΠΑΡΟΥΣΙΑ: WOORDSTUDIE EN VOORKOMS VAN GEBRUIK ........ 9**
**2.1 Woordstudie van παρουσία ........ 9**
2.1.1 Diakroniese woordstudie van die begrip παρουσία ........ 9
2.1.1.1 BDAG ........ 9
2.1.1.2 TDNT ........ 10
2.1.2 Sinkroniese woordstudie van die begrip παρουσία ........ 16
2.1.2.1 Παρουσία met die betekenis van teenwoordigheid ........ 16
2.1.2.2 Παρουσία met die betekenis van aankoms ........ 19

2.1.3 Samevattende konklusie ... 22

2.1.4 Finale betekenisdefinisie van παρουσία ... 23

**2.2 Kursoriese ondersoek om vas te stel in watter Skrifgedeeltes παρουσία met verwysing na die wederkoms gebruik word ... 23**

2.2.1 Identifisering van tersaaklike Skrifgedeeltes ... 24

2.2.1.1 Matteus 24:3 ... 24

2.2.1.2 Matteus 24:27 ... 24

2.2.1.3 Matteus 24:37 ... 25

2.2.1.4 Matteus 24:39 ... 25

2.2.1.5 1 Korintiërs 15:23 ... 26

2.2.1.6 1 Korintiërs 16:17 ... 26

2.2.1.7 2 Korintiërs 7:6, 7 ... 26

2.2.1.8 2 Korintiërs 10:10 ... 27

2.2.1.9 Filippense 1:26 ... 27

2.2.1.10 Filippense 2:12 ... 27

2.2.1.11 1 Tessalonisense 2:19 ... 28

2.2.1.12 1 Tessalonisense 3:13 ... 28

2.2.1.13 1 Tessalonisense 4:15 ... 29

2.2.1.14 1 Tessalonisense 5:23 ... 29

2.2.1.15 2 Tessalonisense 2:1 ... 30

2.2.1.16 2 Tessalonisense 2:8, 9 ... 30

2.2.1.17 Jakobus 5:7, 8 ... 31

2.2.1.18 2 Petrus 1:16 ... 31

2.2.1.19 2 Petrus 3:4 .......... 31

2.2.1.20 2 Petrus 3:12 .......... 32

2.2.1.21 1 Johannes 2:28 .......... 32

2.2.2 Konklusie .......... 33

**HOOFSTUK 3: DIE *TELOS* VAN DIE OPENBARING VAN DIE WEDERKOMS AAN DIE HAND VAN ΠΑΡΟΥΣΙΑ IN DIE EVANGELIES .......... 34**

**3.1 Matteus 24 .......... 34**

3.1.1 Matteus 24:1-5 .......... 34

3.1.1.1 Konklusie .......... 36

3.1.1.2 Openbaringsdoelwit .......... 36

3.1.2 Matteus 24:6-14 .......... 36

3.1.2.1 Matteus 24:6 .......... 37

3.1.2.2 Matteus 24:13 .......... 38

3.1.3 Matteus 24:15-22 .......... 38

3.1.4 Matteus 24:23-31 .......... 39

3.1.4.1 Seun van die Mens .......... 40

3.1.4.2 Matteus 24:27 .......... 42

3.1.4.3 Matteus 24:30 .......... 45

3.1.5 Matteus 24:32-35 .......... 47

3.1.5.1 Konklusie .......... 48

3.1.5.2 Openbaringsdoelwitte .......... 48

3.1.6 Matteus 24:36-44 .......... 48

3.1.6.1 Konklusie .......... 51

3.1.6.2 Openbaringsdoelwitte .......... 51

3.1.7 Matteus 24:45-25:46 ... 52

3.1.8 Samevattende konklusie ... 52

**HOOFSTUK 4: DIE *TELOS* VAN DIE OPENBARING VAN DIE WEDERKOMS AAN DIE HAND VAN ΠΑΡΟΥΣΙΑ IN PAULUS SE BRIEWE ... 54**

**4.1 1 Korintiërs 15 ... 54**

4.1.1 1 Korintiërs 15:23 ... 55

4.1.1.1 Konklusie ... 56

4.1.1.2 Openbaringsdoelwitte ... 56

**4.2 1 Tessalonisense 2 ... 56**

4.2.1 1 Tessalonisense 1 ... 57

4.2.1.1 1 Tessalonisense 1:3 ... 57

4.2.1.2 1 Tessalonisense 1:10 ... 59

4.2.2 1 Tessalonisense 2 ... 61

4.2.2.1 1 Tessalonisense 2:19, 20 ... 61

**4.3 1 Tessalonisense 3 ... 62**

4.3.1 1 Tessalonisense 3:13 ... 63

4.3.1.1 Konklusie ... 65

4.3.1.2 Openbaringsdoelwitte ... 65

**4.4 1 Tessalonisense 4 ... 66**

4.4.1 1 Tessalonisense 4:1-12 ... 66

4.4.1.1 1 Tessalonisense 4:1-8 ... 67

4.4.1.2 1 Tessalonisense 4:9-12 ... 70

4.4.2 1 Tessalonisense 4:13-18 ... 74

4.4.2.1 1 Tessalonisense 4:13 ... 75

4.4.2.2 1 Tessalonisense 4:14 ........ 77

4.4.2.3 1 Tessalonisense 4:15 ........ 80

4.4.2.4 1 Tessalonisense 4:16, 17 ........ 80

4.4.2.5 1 Tessalonisense 4:18 ........ 83

4.4.2.6 Konklusie ........ 84

4.4.2.7 Openbaringsdoelwitte ........ 85

**4.5 1 Tessalonisense 5 ........ 85**

4.5.1 1 Tessalonisense 5:23 ........ 86

4.5.1.1 Konklusie ........ 87

4.5.1.2 Openbaringsdoelwitte ........ 88

**4.6 2 Tessalonisense 2 ........ 88**

4.6.1 2 Tessalonisense 2:1 ........ 89

4.6.1.1 Konklusie ........ 90

4.6.1.2 Openbaringsdoelwitte ........ 90

4.6.2 2 Tessalonisense 2:2 ........ 91

4.6.2.1 Konklusie ........ 92

4.6.2.2 Openbaringsdoelwitte ........ 92

4.6.3 2 Tessalonisense 2:3, 4 ........ 93

4.6.3.1 Konklusie ........ 96

4.6.3.2 Openbaringsdoelwitte ........ 97

4.6.4 2 Tessalonisense 2:5 ........ 98

4.6.4.1 Konklusie ........ 98

4.6.4.2 Openbaringsdoelwit ........ 98

4.6.5 2 Tessalonisense 2:6, 7 ........ 98

4.6.5.1 Konklusie ........ 100

4.6.5.2 Openbaringsdoelwit ........ 100

4.6.6 2 Tessalonisense 2:8 ........ 101

4.6.6.1 Konklusie ........ 104

4.6.6.2 Openbaringsdoelwitte ........ 105

4.6.7 2 Tessalonisense 2:9-12 ........ 105

4.6.7.1 Konklusie ........ 106

4.6.7.2 Openbaringsdoelwit ........ 106

4.6.8 2 Tessalonisense 2:13-17 ........ 106

4.6.8.1 Konklusie ........ 107

4.6.8.2 Openbaringsdoelwit ........ 107

**4.7 Samevattende konklusie ........ 107**

**HOOFSTUK 5: DIE *TELOS* VAN DIE OPENBARING VAN DIE WEDERKOMS AAN DIE HAND VAN ΠΑΡΟΥΣΙΑ IN DIE ALGEMENE BRIEWE ........ 112**

**5.1 Jakobus 5 ........ 112**

5.1.1 Jakobus 5:7, 8 ........ 113

5.1.1.1 Konklusie ........ 116

5.1.1.2 Openbaringsdoelwitte ........ 117

5.1.2 Jakobus 5:9 ........ 118

5.1.2.1 Konklusie ........ 118

5.1.2.2 Openbaringsdoelwitte ........ 119

5.1.3 Jakobus 5:10, 11 ........ 119

5.1.3.1 Konklusie ........ 121

5.1.3.2 Openbaringsdoelwitte ..... 121

**5.2 2 Petrus 1 ..... 122**

5.2.1 2 Petrus 1:16-21 ..... 122

5.2.1.1 Konklusie ..... 125

5.2.1.2 Openbaringsdoelwitte ..... 126

**5.3 2 Petrus 3 ..... 127**

5.3.1 2 Petrus 3:1-13 ..... 127

5.3.1.1 2 Petrus 3:1, 2 ..... 127

5.3.1.2 2 Petrus 3:3, 4 ..... 128

5.3.1.3 2 Petrus 3:5-8 ..... 129

5.3.1.4 2 Petrus 3:9 ..... 131

5.3.1.5 2 Petrus 3:10-13 ..... 132

5.3.2 2 Petrus 3:14-18 ..... 138

5.3.2.1 2 Petrus 3:14, 15a ..... 138

5.3.2.2 2 Petrus 3:15b-16 ..... 139

5.3.2.3 2 Petrus 3:17-18 ..... 139

5.3.3 Konklusie ..... 141

5.3.3.1 Openbaringsdoelwitte ..... 145

**5.4 1 Johannes 2 ..... 148**

5.4.1 1 Johannes 2:28 ..... 148

5.4.2 1 Johannes 2:29 ..... 153

5.4.3 1 Johannes 3:1-4 ..... 153

5.4.4 Konklusie ..... 155

5.4.4.1 Openbaringsdoelwitte ... 156

**5.5 Samevattende konklusie ... 157**

**HOOFSTUK 6: DIE *TELOS* VAN DIE OPENBARING VAN DIE WEDERKOMS AAN DIE HAND VAN ΑΠΟΚΆΛΥΨΙΣ, ΑΠΟΚΑΛΥΠΤΩ; ΕΠΙΦΆΝΕΙΑ EN ΦΑΝΕΡΟΩ ... 165**

**6.1 Die *telos* van die openbaring van die wederkoms aan die hand van ' ἀποκάλυψισ, ἀποκαλύπτω ... 165**

6.1.1 Woordstudie van ἀποκάλυψις en ἀποκαλύπτω ... 165

6.1.1.1 Diakroniese woordstudie ... 165

6.1.1.2 Sinkroniese woordstudie van ἀποκαλύπτω en ἀποκάλυψις ... 172

6.1.1.3 Samevattende konklusie ... 173

6.1.2 Die *telos* van die openbaring van die wederkoms aan die hand van ἀποκαλύπτω en ἀποκάλυψις ... 174

6.1.2.1 ἀποκαλύπτω ... 174

6.1.2.2 ἀποκάλυψις ... 175

6.1.3 Samevattende konklusie ... 178

**6.2 Die *telos* van die openbaring van die wederkoms aan die hand van ἐπιφάνεια ... 179**

6.2.1 Woordstudie van ἐπιφάνεια ... 179

6.2.1.1 Diakroniese woordstudie ... 179

6.2.1.2 Sinkroniese woordstudie ... 182

6.2.1.3 Samevattende konklusie ... 183

6.2.2 Die *telos* van die openbaring van die wederkoms aan die hand van ἐπιφάνεια ... 184

6.2.2.1 2 Tessalonisense 2:8 ... 184

6.2.2.2 1 Timoteus 6:14 ... 187

6.2.2.3 2 Timoteus 4:1 ... 188

6.2.2.4 2 Timoteus 4:8 ... 189

6.2.2.5 Titus 2:13 ... 190

6.2.3 Samevattende konklusie ... 190

**6.3 Die *telos* van die openbaring van die wederkoms aan die hand van φανερόω ... 191**

6.3.1 Woordstudie van φανερόω ... 192

6.3.1.1 Diakroniese woordstudie ... 192

6.3.1.2 Sinkroniese woordstudie ... 194

6.3.1.3 Samevattende konklusie ... 197

6.3.2 Die *telos* van die openbaring van die wederkoms aan die hand van φανερόω ... 198

6.3.2.1 Kolossense 3:4 ... 198

6.3.2.2 1 Petrus 5:4 ... 199

6.3.2.3 1 Johannes 2:28 ... 200

6.3.2.4 1 Johannes 3:2 ... 201

6.3.3 Samevattende konklusie ... 202

**HOOFSTUK 7: DIE *TELOS* VAN DIE OPENBARING VAN DIE WEDERKOMS AAN DIE HAND VAN EPXOMAI ... 204**

**7.1 Woordstudie van ἔρχομαι ... 204**

7.1.1 Diakroniese woordstudie ... 204

7.1.1.1 BDAG ... 204

7.1.1.2 TDNT ... 205

7.1.2 Sinkroniese woordstudie ... 209

7.1.2.1 Konklusie: ... 213

7.1.3 Samevattende konklusie ... 213

7.1.4 Finale betekenisdefinisie ..... 213

**7.2 Die *telos* van die openbaring van die wederkoms aan die hand van ἔρχομαι ..... 213**

7.2.1 Matteus 10:23 ..... 214

7.2.1.1 Openbaringsdoelwit ..... 214

7.2.2 Matteus 16:27, 28 ..... 214

7.2.2.1 Openbaringsdoelwitte ..... 215

7.2.3 Matteus 23:39 ..... 215

7.2.3.1 Openbaringsdoelwit ..... 216

7.2.4 Matteus 24:30 ..... 216

7.2.4.1 Openbaringsdoelwitte ..... 216

7.2.5 Matteus 24:42-44 ..... 216

7.2.5.1 Openbaringsdoelwit ..... 217

7.2.6 Matteus 24:45-51 ..... 217

7.2.6.1 Openbaringsdoelwitte ..... 218

7.2.7 Matteus 25:10 ..... 218

7.2.7.1 Openbaringsdoelwit ..... 219

7.2.8 Matteus 25:19, 27 ..... 219

7.2.8.1 Openbaringsdoelwit ..... 219

7.2.9 Matteus 25:31 ..... 219

7.2.9.1 Openbaringsdoelwitte ..... 220

7.2.10 Matteus 26:64 ..... 220

7.2.10.1 Openbaringsdoelwitte ..... 221

7.2.11 Markus 8:38 ... 221

7.2.11.1 Openbaringsdoelwitte ... 222

7.2.12 Markus 13:26 ... 222

7.2.12.1 Openbaringsdoelwitte ... 222

7.2.13 Markus 13:35, 36 ... 223

7.2.13.1 Openbaringsdoelwit ... 223

7.2.14 Markus 14:62 ... 223

7.2.14.1 Openbaringsdoelwitte ... 224

7.2.15 Lukas 9:26 ... 224

7.2.15.1 Openbaringsdoelwitte ... 224

7.2.16 Lukas 12:35-48 ... 225

7.2.16.1 Openbaringsdoelwitte ... 226

7.2.17 Luke 18:8 ... 227

7.2.17.1 Openbaringsdoelwitte ... 227

7.2.18 Lukas 21:27 ... 227

7.2.18.1 Openbaringsdoelwitte ... 228

7.2.19 Johannes 14:3 ... 228

7.2.19.1 Openbaringsdoelwitte ... 229

7.2.20 Johannes 14:28 ... 229

7.2.20.1 Openbaringsdoelwit ... 229

7.2.21 Johannes 21:22, 23 ... 229

7.2.22 Handelinge 1:11 ... 230

7.2.22.1 Openbaringsdoelwitte ... 230

7.2.23 1 Korintiërs 4:5 ........ 231

7.2.23.1 Openbaringsdoelwitte ........ 231

7.2.24 1 Korintiërs 11:26 ........ 231

7.2.24.1 Openbaringsdoelwitte ........ 232

7.2.25 2 Tessalonisense 1:10 ........ 232

7.2.25.1 Openbaringsdoelwitte ........ 233

7.2.26 Hebreërs 10:37 ........ 233

7.2.26.1 Openbaringsdoelwitte ........ 233

7.2.27 Openbaring 1:4-8 ........ 234

7.2.27.1 Openbaringsdoelwitte ........ 235

7.2.28 Openbaring 2:5 ........ 236

7.2.28.1 Openbaringsdoelwit ........ 236

7.2.29 Openbaring 2:16 ........ 237

7.2.29.1 Openbaringsdoelwit ........ 237

7.2.30 Openbaring 3:11 ........ 237

7.2.30.1 Openbaringsdoelwitte ........ 238

7.2.31 Openbaring 16:15 ........ 238

7.2.31.1 Openbaringsdoelwitte ........ 238

7.2.32 Openbaring 22:7 ........ 239

7.2.32.1 Openbaringsdoelwitte ........ 239

7.2.33 Openbaring 22:12 ........ 239

7.2.33.1 Openbaringsdoelwitte ........ 240

7.2.34 Openbaring 22:20 ........ 240

7.2.34.1 Openbaringsdoelwitte ..... 240

**7.3 Samevattende konklusie ..... 241**

**HOOFSTUK 8: DIE *TELOS* VAN DIE OPENBARING VAN DIE WEDERKOMS AAN DIE HAND VAN HMEPA ..... 249**

**8.1 Woordstudie van ἡμέρα ..... 249**

8.1.1 Diakroniese woordstudie ..... 249

8.1.1.1 BDAG ..... 249

8.1.1.2 TDNT ..... 249

8.1.2 Sinkroniese woordstudie ..... 253

8.1.2.1 Konklusie ..... 254

8.1.3 Samevattende konklusie ..... 255

8.1.3.1 Finale betekenisdefinisie ..... 255

**8.2 Die *telos* van die openbaring van die wederkoms aan die hand van ἡμέρα ..... 255**

8.2.1 Matteus 7:22 ..... 255

8.2.1.1 Openbaringsdoelwit ..... 256

8.2.2 Matteus 10:15 ..... 256

8.2.2.1 Openbaringsdoelwitte ..... 256

8.2.3 Matteus 11:22-24 ..... 256

8.2.3.1 Openbaringsdoelwit ..... 257

8.2.4 Matteus 12:36 ..... 257

8.2.4.1 Openbaringsdoelwit ..... 258

8.2.5 Matteus 24:36 ..... 258

8.2.5.1 Openbaringsdoelwitte ..... 258

8.2.6 Matteus 24:50 .... 258

8.2.6.1 Openbaringsdoelwit .... 259

8.2.7 Matteus 25:13 .... 259

8.2.7.1 Openbaringsdoelwit .... 259

8.2.8 Lukas 10:12 .... 259

8.2.8.1 Openbaringsdoelwitte .... 260

8.2.9 Lukas 17:24 .... 260

8.2.9.1 Openbaringsdoelwit .... 260

8.2.10 Lukas 17:26–30 .... 260

8.2.10.1 Openbaringsdoelwit .... 261

8.2.11 Lukas 17:31 .... 261

8.2.11.1 Openbaringsdoelwit .... 261

8.2.12 Lukas 21:34 .... 261

8.2.12.1 Openbaringsdoelwit .... 262

8.2.13 Johannes 6:39–44 .... 262

8.2.13.1 Openbaringsdoelwit .... 263

8.2.14 Johannes 6:54 .... 263

8.2.14.1 Openbaringsdoelwitte .... 263

8.2.15 Johannes 11:24 .... 263

8.2.15.1 Openbaringsdoelwit .... 264

8.2.16 Johannes 12:48 .... 264

8.2.16.1 Openbaringsdoelwit .... 265

8.2.17 Handelinge 2:20 .... 265

8.2.17.1 Openbaringsdoelwit ... 265
8.2.18 Handelinge 17:31 ... 265
8.2.18.1 Openbaringsdoelwit ... 266
8.2.19 Romeine 2:5 ... 266
8.2.19.1 Openbaringsdoelwit ... 266
8.2.20 Romeine 2:16 ... 266
8.2.20.1 Openbaringsdoelwit ... 267
8.2.21 1 Korintiërs 1:8 ... 267
8.2.21.1 Openbaringsdoelwit ... 267
8.2.22 1 Korintiërs 3:13 ... 267
8.2.22.1 Openbaringsdoelwit ... 268
8.2.23 1 Korintiërs 5:5 ... 268
8.2.23.1 Openbaringsdoelwit ... 268
8.2.24 2 Korintiërs 1:14 ... 268
8.2.24.1 Openbaringsdoelwit ... 269
8.2.25 Filippense 1:6 ... 269
8.2.25.1 Openbaringsdoelwit ... 269
8.2.26 Filippense 1:10 ... 269
8.2.26.1 Openbaringsdoelwit ... 270
8.2.27 Filippense 2:16 ... 270
8.2.27.1 Openbaringsdoelwitte ... 270
8.2.28 1 Tessalonisense 5:2-4 ... 270
8.2.28.1 Openbaringsdoelwitte ... 271

8.2.29 2 Tessalonisense 1:10 ... 271
8.2.29.1 Openbaringsdoelwitte ... 271
8.2.30 2 Tessalonisense 2:2 ... 272
8.2.30.1 Openbaringsdoelwitte ... 272
8.2.31 2 Timoteus 1:12 ... 272
8.2.31.1 Openbaringsdoelwit ... 273
8.2.32 2 Timoteus 1:18 ... 273
8.2.32.1 Openbaringsdoelwitte ... 273
8.2.33 2 Timoteus 4:8 ... 274
8.2.33.1 Openbaringsdoelwit ... 274
8.2.34 Hebreërs 10:25 ... 274
8.2.34.1 Openbaringsdoelwitte ... 275
8.2.35 Jakobus 5:5 ... 275
8.2.35.1 Openbaringsdoelwit ... 276
8.2.36 1 Petrus 2:12 ... 276
8.2.36.1 Openbaringsdoelwit ... 276
8.2.37 2 Petrus 1:19 ... 276
8.2.37.1 Openbaringsdoelwit ... 277
8.2.38 2 Petrus 2:9 ... 277
8.2.38.1 Openbaringsdoelwitte ... 277
8.2.39 2 Petrus 3:7 ... 278
8.2.39.1 Openbaringsdoelwitte ... 278
8.2.40 2 Petrus 3:10 ... 278

8.2.40.1 Openbaringsdoelwitte ........ 278

8.2.41 2 Petrus 3:12 ........ 279

8.2.41.1 Openbaringsdoelwitte ........ 279

8.2.42 1 Johannes 4:17 ........ 279

8.2.42.1 Openbaringsdoelwitte ........ 280

8.2.43 Judas 6 ........ 280

8.2.43.1 Openbaringsdoelwitte ........ 280

8.2.44 Openbaring 6:17 ........ 281

8.2.44.1 Openbaringsdoelwitte ........ 281

8.2.45 Openbaring 16:14 ........ 281

8.2.45.1 Openbaringsdoelwit ........ 282

**8.3 Samevattende konklusie ........ 282**

**HOOFSTUK 9: FINALE SAMEVATTING EN KONKLUSIE ........ 289**

**9.1 Nuanse-verskille tussen die woorde wat gebruik word om na die wederkoms te verwys ........ 289**

9.1.1 Finale betekenisdefinisies ........ 289

9.1.1.1 Παρουσία ........ 290

9.1.1.2 ’Αποκαλύπτω en ἀποκάλυψις ........ 291

9.1.1.3 ’Επιφάνεια ........ 291

9.1.1.4 Φανερόω ........ 292

9.1.1.5 Ἔρχομαι ........ 292

9.1.1.6 ‘Ημέρα ........ 293

9.1.2 Ooreenkomste en verskille in die kernelemente ........ 295

9.1.3 Elemente wat gemeenskaplik in meer as een van die woorde voorkom ........ 296

9.1.3.1 Die sigbaarheid van die wederkoms ... 296

9.1.3.2 Jesus Christus kom om teenwoordig te wees by sy volgelinge ... 297

9.1.3.3 Jesus Christus sal van die hemel af kom ... 297

9.1.3.4 Jesus Christus kom aan die einde van die tyd ... 297

9.1.3.5 Jesus Christus kom as Regter om te oordeel ... 298

9.1.3.6 Jesus Christus kom as God in krag en heerlikheid ... 298

9.1.3.7 Jesus Christus kom om die gelowiges te verlos ... 298

9.1.3.8 Jesus Christus kom weer om God te openbaar ... 299

9.1.3.9 Jesus sal in die openbaar verskyn ... 299

9.1.4 Unieke elemente ... 300

9.1.5 Konklusie ... 300

**9.2 Die *telos* van die openbaring van die wederkoms aan die hand van παρουσία ... 301**

9.2.1 Die wederkoms word geopenbaar met die *telos* om kennis oor te dra ... 301

9.2.1.1 Die wederkoms word geopenbaar met die *telos* om kennis oor die wyse van die wederkoms oor te dra ... 302

9.2.1.2 Die wederkoms word geopenbaar met die *telos* om kennis oor te dra wat dwaalleer weerlê en misleiding voorkom ... 305

9.2.2 Die wederkoms word verkondig met die *telos* om gelowiges in die geloof te versterk ... 306

9.2.2.1 Die wederkoms word verkondig om die sekerheid te gee dat die wederkoms beslis sal plaasvind ... 307

9.2.2.2 Die wederkoms word verkondig as aanmoediging tot bekering ... 307

9.2.2.3 Die wederkoms word verkondig as aanmoediging om in die ware geloof te volhard ... 308

9.2.2.4 Die wederkoms word verkondig om te troos ........ 309

9.2.2.5 Die wederkoms word verkondig om geloofsekerheid te bevorder ........ 311

9.2.2.6 Die wederkoms word verkondig om waaksaamheid te bevorder........ 312

9.2.2.7 Die wederkoms word verkondig spesifiek om Woordbedienaars te bemoedig........ 312

9.2.3 Die wederkoms word verkondig met die *telos* om gelowiges tot ŉ daadkragtige geloofslewe aan te spoor ........ 312

9.2.3.1 Die wederkoms word verkondig as aanmoediging om voor te berei vir die koms van die Here........ 313

9.2.3.2 Die wederkoms word verkondig as aanmoediging om die Here getrou te dien ........ 313

9.2.3.3 Die wederkoms word verkondig as aanmoediging om heilig te lewe........ 315

9.2.3.4 Die wederkoms word verkondig as aanmoediging tot gebed ........ 316

9.2.3.5 Die wederkoms word verkondig as aanmoediging om die Woord te verkondig........ 316

9.2.3.6 Die wederkoms word verkondig as aanmoediging om liefde te bewys........ 317

9.2.3.7 Die wederkoms word verkondig as aanmoediging om kalm te bly ........ 317

9.2.3.8 Die wederkoms word verkondig as aanmoediging om die Skrif lief te hê en reg te hanteer ........ 317

**9.3 Die *telos* van die openbaring van die wederkoms aan die hand van ἀποκαλύπτω, ἀποκάλυψις; ἐπιφάνεια; φανερόω; ἒρχομαι en ἡμέρα ..... 318**

9.3.1 Die wederkoms word geopenbaar met die *telos* om kennis oor te dra ........ 319

9.3.1.1 Die wederkoms word geopenbaar met die *telos* om kennis oor die wyse van die wederkoms oor te dra........ 319

9.3.1.2 Die wederkoms word geopenbaar met die *telos* om kennis oor te dra wat dwaalleer weerlê en misleiding voorkom........ 322

9.3.2 Die wederkoms word verkondig met die *telos* om gelowiges in die geloof te versterk ........ 323

9.3.2.1 Die wederkoms word verkondig om die sekerheid te gee dat die wederkoms beslis sal plaasvind ........ 323

9.3.2.2 Die wederkoms word verkondig as aanmoediging tot bekering ........ 323

9.3.2.3 Die wederkoms word verkondig as aanmoediging om in die ware geloof te volhard ........ 326

9.3.2.4 Die wederkoms word verkondig om te troos ........ 327

9.3.2.5 Die wederkoms word verkondig om geloofsekerheid te bevorder ........ 330

9.3.2.6 Die wederkoms word verkondig om waaksaamheid te bevorder ........ 332

9.3.2.7 Die wederkoms word verkondig spesifiek om Woordbedienaars te bemoedig ........ 334

9.3.3 Die wederkoms word verkondig met die *telos* om gelowiges tot 'n daadkragtige geloofslewe aan te spoor ........ 336

9.3.3.1 Die wederkoms word verkondig as aanmoediging om voor te berei vir die koms van die Here ........ 336

9.3.3.2 Die wederkoms word verkondig as aanmoediging om die Here getrou te dien ........ 336

9.3.3.3 Die wederkoms word verkondig as aanmoediging om heilig te lewe ........ 338

9.3.3.4 Die wederkoms word verkondig as aanmoediging tot gebed ........ 339

9.3.3.5 Die wederkoms word verkondig as aanmoediging om die Woord te verkondig ........ 340

9.3.3.6 Die wederkoms word verkondig as aanmoediging om liefde te bewys ........ 341

9.3.3.7 Die wederkoms word verkondig as aanmoediging om kalm te bly ........ 341

9.3.3.8 Die wederkoms word verkondig as aanmoediging om die Skrif lief te hê en reg te hanteer ........ 342

9.3.4 Skematiese samevatting ... 343

9.3.4.1 Gemeenskaplike hoofopenbaringsdoelwitte ... 345

9.3.4.2 Gemeenskaplike temas ... 345

**9.4 Geheelbeskrywing van die *telos* van die openbaring van die wederkoms ... 346**

**BRONNELYS ... 348**

# Hoofstuk 1: INLEIDING

## 1.1 Titel

Die titel van hierdie proefskrif is: “Die *telos* van die openbaring van die wederkoms in die Nuwe Testament: ’n openbaringshistoriese studie, met besondere fokus op die begrip παρουσία.”

## 1.2 Die doel van die studie

Die doel van die studie is om eksegeties-openbaringshistories vas te stel wat die geopenbaarde doel van die openbaring of verkondiging van die wederkoms in die Nuwe Testament is. Met ander woorde: Met watter doel (*telos*) openbaar God aan sy kerk die feit dat Jesus Christus weer gaan kom, oftewel, met watter doel word daar in die Nuwe Testament verkondig dat Jesus Christus weer gaan kom?

## 1.3 Agtergrond en probleemstelling

God openbaar op verskeie plekke in die Nuwe Testament baie duidelik dat Jesus weer gaan kom, byvoorbeeld in die Profetiese Rede (Matteus 24, 25; Markus 13; Lukas 21), 1 Tessalonisense 4:13-5:11, Openbaring 1:7, 22:20 en nog vele meer. Die doel van die studie is om vas te stel wat God se geopenbaarde doel met die openbaring oor die wederkoms van Jesus Christus is. Die bedoeling is nie om bloot deskriptief ’n oorsig of samevatting te gee van wat in die Nuwe Testament oor die wederkoms geopenbaar word nie. Oor die wederkoms as sodanig en oor die doel daarvan het verskeie teoloë al uitvoerig geskryf. Vergelyk byvoorbeeld Bavinck (1930); Berkouwer (1961); Dijk (1953); Grosheide (1907); Heyns (1981:406-408); König (1989); Matter (1980); Slenczka (2008) en Van ’t Spijker *et al*. (1999). Hierdie studie poog om vas te stel wat God se geopenbaarde doel of *telos* met die openbaring van die wederkoms is.

Die vraag na die *telos* van die openbaring van die wederkoms blyk ’n vraag te wees wat bitter selde gevra word. Een aspek van die Nuwe-Testamentiese openbaring in verband met die wederkoms waaroor daar tot op hede nog nie indringende navorsing gedoen is nie, is die redes of die doel waarom die feit van die wederkoms aan die kerk geopenbaar word. In geen studie wat oor die wederkoms of die eskatologie handel, kon daar ’n onderafdeling of ’n hoofstuk gevind word wat pertinent na die vraagstuk van die doel van die openbaring van die wederkoms verwys nie.

Die vrae wat die studie wil beantwoord, is: Met watter doel word die wederkoms in die Nuwe Testament geopenbaar? Wat word in die Nuwe Testament geopenbaar oor wat God wil bereik deur die feit van die wederkoms aan sy kerk te openbaar? Daar moet dus onderskei word

tussen God se doel met die wederkoms en God se doel met die openbaring van die wederkoms aan sy kerk. Die studie fokus op laasgenoemde.

In die studie word die begrippe "*telos*", "openbaringsdoelwit", "openbaringsdoelwitte" en "openbarings*telos*" gebruik om God se geopenbaarde doel met die openbaring van die wederkoms mee te verwoord. Die frase "God se *telos* met die openbaring van die wederkoms" word bloot as 'n omskrywing van sy "openbaringsdoelwit(te)" in die studie beskou en daar is dus geen verskil in betekenis nie. Beide word as verskillende maniere gebruik om dieselfde saak te verwoord.

Die BDAG (2000:998) verklaar die Griekse begrip "τέλος" as "the goal toward which a movement is being directed" en vertaal dit met "end, goal, outcome." Τέλος, *telos*, word in hierdie studie gebruik in die sin van God se doel of einddoel, dit wat God wil bereik, met die openbaring van die wederkoms. 'n Soortgelyke gebruik van τέλος kom byvoorbeeld in Jakobus 5:11 voor waar daar verwys word na God se *telos* met die lewe van Job, wat verstaan kan word as God se doel of einddoel met die lewe van Job (Floor, 1992:173).

'n Baie voorlopige en kursoriese (en beslis onvolledige) oorsig wys byvoorbeeld op die volgende voor die hand liggende openbaringsdoelwitte in verband met die wederkoms: Om dwaling of misleiding te voorkom (bv. Matteus 24:4); *kerugma* (bv. Matteus 24:30); troos (bv. Openbaring 22:20); opskerping tot waaksaamheid en gereedheid (bv. Matteus 25:13); aanmoediging en waarskuwing om die tyd uit te koop (bv. 1 Tessalonisense 5:8); opskerping om gereed te wees om rekenskap te gee (bv. Matteus 24:44) en aanmoediging tot evangelisering (bv. Filippense 2:15, 16).

Floor (1990:156) wys daarop dat die tema van die wederkoms in 1 Tessalonisense "'n alles verbindende funksie" het: "Verskillende onderwerpe word dan aan die groot tema van die wederkoms gekoppel." Floor (1990:164) kom onder andere tot die konklusie: "Paulus verkondig in 1 Tessalonisense die indikatief van die wederkoms van Christus en in verband daarmee die paraklese van 'n heilige lewenswandel."

Versteeg (1987:420) kom in verband met hierdie alles beheersende tema tot die volgende indeling van die eerste brief aan die Tessalonisense:

- "bekering en wederkoms 1:1-10
- apostoliese diens en wederkoms 2:1-20
- heilige lewenswandel en wederkoms 3:1-4:12
- die ontslapenes en wederkoms 4:13-18

- waaksaamheid en wederkoms 5:1-28."

Net in hierdie een Nuwe-Testamentiese boek, wat as voorbeeld genoem word, is dit duidelik dat die wederkoms geopenbaar word om aan te spoor tot bekering, om aan te spoor tot diens, om aan te spoor tot ŉ heilige lewenswandel, om perspektief te gee en troos te gee by die afsterwe van geliefdes en om aan te spoor tot waaksaamheid.

Die wederkoms van Christus word met verskillende Griekse woorde of sinsnedes weergegee. Vergelyk byvoorbeeld Berkouwer (1961:177); Matter (1980:9); Coetzee (1984:338-340) en Noordegraaf (1999:91). Die woorde waarmee die wederkoms hoofsaaklik in die Nuwe Testament weergegee word, is ἀποκαλύπτω, ἀποκάλυψις, onder andere in Lukas 17:30 en 1 Korintiërs 1:7 (Oepke, 1964a:556-592); ἐπιφαίνω, ἐπιφάνεια, onder andere in 1 Timoteus 6:14 (Bultmann & Lührmann, 1964a:7-10); ἔρχομαι, onder andere in Matteus 10:23 (Schneider, 1964:666-684); ἡμέρα, onder andere in Matteus 7:22 (Delling, 1964:947-953); παρουσία, πάρειμι, onder andere in Matteus 24:3 (Oepke, 1964b:858-871) en φανερόω, onder andere in Kolossense 3:4 (Bultmann & Lührmann, 1964b:3-6).

Ten einde die omvang van die studie te beperk, word die studie beperk tot die openbaring van die wederkoms aan die hand van hierdie ses woorde of woordgroepe, naamlik ἀποκαλύπτω, ἀποκάλυψις; ἐπιφαίνω, ἐπιφάνεια; ἔρχομαι; ἡμέρα; παρουσία, πάρειμι en φανερόω. Die omvang van die openbaring van die wederkoms in die Nuwe Testament strek immers veel wyer as die openbaring van die wederkoms aan die hand van hierdie voorgenoemde woorde. Die term "wederkomswoorde" word in die studie gebruik om na hierdie woorde, ἀποκαλύπτω, ἀποκάλυψις; ἐπιφαίνω, ἐπιφάνεια; ἔρχομαι; ἡμέρα; παρουσία, πάρειμι en φανερόω, te verwys.

Om die omvang van die studie verder te beperk, word die besondere fokus slegs op παρουσία geplaas, aangesien die begrip παρουσία gewoonlik as tegniese term gebruik word om die idee van die wederkoms mee weer te gee (vgl. bv. Matter, 1980:7).

Die vraag ontstaan waarom daar verskillende woorde in die oorspronklike taal gebruik word om dieselfde saak, naamlik dié van die wederkoms, mee weer te gee en dit terwyl nie een van die woorde letterlik met wederkoms vertaal kan word nie? Dit moet eksegeties ondersoek word of die gebruik van die verskillende woorde willekeurig is en of elkeen van hierdie woorde nie dalk ŉ spesifieke aspek of aspekte van die doel van die openbaring van die wederkoms belig nie. Oor die moontlikheid dat daar verskillende openbaringsdoelwitte in die verskillende woorde opgesluit mag lê, is daar nog nie indringende navorsing gedoen nie.

ŉ Volledige woordstudie, diakronies en sinkronies, van elkeen van hierdie ses aangewysde woorde of woordgroepe word onder andere as deel van die eksegetiese proses gedoen. Alleen

so kan vasgestel word of daar nuanse-verskille in die betekenis van hierdie woorde is en wat die implikasies van die moontlike verskille is vir die vasstelling van die *telos* van die openbaring van die wederkoms.

Hoewel daar verskillende Griekse woorde is wat die idee van die wederkoms weergee, word net een van die woorde, naamlik παρουσία, gewoonlik as tegniese term gebruik om die idee van die wederkoms weer te gee (vgl. bv. Matter, 1980:7). Daarom word daar in die studie besondere klem op die begrip παρουσία geplaas. Die feit dat net een van die ses geïdentifiseerde woorde as tegniese term gebruik word om die wederkoms mee weer te gee, skep die indruk dat hierdie ses woorde gewoonlik as sinonieme hanteer word, aangesien al ses na dieselfde saak, naamlik die wederkoms, verwys. Hierdie studie wil eksegeties vasstel of die woorde volledige sinonieme is en of daar nie wel betekenisverskille is wat lig op die openbarings*telos* van die wederkoms werp nie.

### 1.4 Navorsingsvrae

Die hoofnavorsingsvraag is: Wat is die geopenbaarde *telos* van God met die openbaring van die wederkoms aan sy kerk in die Nuwe Testament? Vanuit hierdie hoofnavorsingsvraag vloei die volgende navorsingsvrae wat beantwoord moet word:

- Waar en hoe word daar in die Nuwe Testament beduidende verwysings na die wederkoms gemaak?
- Watter afleidings kan uit die eksegese van geïdentifiseerde Skrifgedeeltes gemaak word oor die doel van die openbaring van die wederkoms? Dit sluit die vraag in waarom daar met verskillende Griekse woorde na dieselfde saak, naamlik dié van die wederkoms, verwys word.
- Tot watter openbaringshistoriese geheelbeskrywing van die doel van die openbaring van die wederkoms kan die resultate van bostaande eksegese saamgevoeg word?

### 1.5 Doelstelling en doelwitte

#### 1.5.1 Doelstelling

Die oorkoepelende doelstelling van hierdie studie is om 'n eksegeties-openbaringshistoriese geheelbeskrywing te gee van wat die Nuwe Testament openbaar oor God se *telos* met die openbaring van die wederkoms.

### 1.5.2 Doelwitte

Die spesifieke doelwitte van die studie is om:

- Vas te stel in watter Skrifgedeeltes en op watter maniere daar in die Nuwe Testament na die wederkoms verwys word.

- Uit die eksegese van die geïdentifiseerde gedeeltes in die Nuwe Testament afleidings te maak oor die doel waarmee die wederkoms geopenbaar word.

- Uit voorafgaande ŉ geheelbeskrywing te maak van die Nuwe-Testamentiese openbaring van die openbarings*telos* van die wederkoms.

## 1.6 Sentrale teoretiese argument

Die sentrale teoretiese argument van hierdie studie is dat God spesifieke openbaringsdoelwitte het met die openbaring van die wederkoms in die Nuwe Testament. Die openbaringsdoelwitte moet eksegeties ontgin word om reg te laat geskied aan God se openbaring aan sy kerk. Deur ŉ eksegeties-openbaringshistoriese ondersoek van die betrokke Skrifgedeeltes kan God se geopenbaarde *telos* met die openbaring van die wederkoms beskryf word.

## 1.7 Metode van ondersoek

Hierdie openbaringshistoriese studie word vanuit die reformatoriese tradisie onderneem. Die volgende metodes word gebruik om die verskillende navorsingsvrae te beantwoord:

- ŉ Literatuurstudie om vas te stel in watter Skrifgedeeltes en op watter maniere daar in die Nuwe Testament na die wederkoms verwys word.

- ŉ Eksegetiese studie van die ter saaklike Skrifgedeeltes sal gedoen word volgens die grammaties-historiese model soos voorgestel deur Jordaan *et al*. (2011), met inagneming van riglyne deur Coetzee (1997), Coetzee (1988), Coetzee (1995), Fee (2009), Jordaan (2004), Tolar (2002) en Van der Watt (s.a.).

- Die grammaties-historiese studie sluit ŉ semantiese woordstudie in, wat aangepak word met inagneming van die riglyne van Van der Watt (s.a.), om met behulp van teologiese woordeboeke vas te stel of hierdie betrokke Griekse woorde, wat gebruik word om die wederkoms mee aan te dui, volledige sinonieme betekenisse het en of daar betekenisverskille is. Onder andere word die BDAG (2000), die TDNT (Kittel, 1964) en Louw en Nida (1996) se semantiese woordeboek geraadpleeg.

- Volgens die metode van openbaringshistoriese studie, wat voorgestel word deur Jordaan (2003) en Van der Watt (s.a.), sal die eksegetiese resultate saamgevoeg word tot 'n geheelbeskrywing van die Nuwe-Testamentiese openbaring van die openbarings*telos* van die wederkoms.

### 1.8 Hoofstukindeling

Hierdie proefskrif word in nege hoofstukke ingedeel:

- **Hoofstuk 1** bevat die **probleemstelling en inleiding.**

- **Hoofstuk 2** heet **"Παρουσία: woordstudie en voorkoms van gebruik."** In die eerste afdeling van die hoofstuk word 'n diakroniese en sinkroniese woordstudie van die woord παρουσία gedoen en 'n finale betekenisdefinisie daargestel. In die tweede afdeling word Skrifgedeeltes wat na die wederkoms aan die hand van παρουσία verwys, geïdentifiseer vir verdere navorsing om die doel van die openbaring van die wederkoms aan die hand van παρουσία vas te stel.

- **Hoofstuk 3** heet **"Die *telos* van die openbaring van die wederkoms aan die hand van παρουσία in die Evangelies."** In die hoofstuk word al die Skrifgedeeltes in die Evangelies waar παρουσία gebruik word om na die wederkoms te verwys, ondersoek ten einde die *telos* van die openbaring van die wederkoms aan die hand van παρουσία in die Evangelies vas te stel.

- Dit titel van **hoofstuk 4** is "**Die *telos* van die openbaring van die wederkoms aan die hand van παρουσία in Paulus se briewe."** In die hoofstuk word al die Skrifgedeeltes in die *Corpus Paulinum* waar παρουσία gebruik word om na die wederkoms te verwys, ondersoek ten einde die *telos* van die openbaring van die wederkoms aan die hand van παρουσία in Paulus se briewe vas te stel.

- Die titel van **hoofstuk 5** is "**Die *telos* van die openbaring van die wederkoms aan die hand van παρουσία in die algemene briewe."** In die hoofstuk word al die Skrifgedeeltes in die algemene briewe waar παρουσία gebruik word om na die wederkoms te verwys, ondersoek ten einde die *telos* van die openbaring van die wederkoms aan die hand van παρουσία in die betrokke briewe vas te stel.

- **Hoofstuk 6** heet **"Die *telos* van die openbaring van die wederkoms aan die hand van ἀποκαλύπτω, ἀποκάλυψις; ἐπιφάνεια en φανερόω."** In die hoofstuk word daar 'n woordstudie oor elkeen van voorvermelde woorde gedoen en word daar vasgestel wat

die doel van die openbaring van die wederkoms aan die hand van die betrokke woorde in die Nuwe Testament is.

- **Hoofstuk 7** se titel is "**Die *telos* van die openbaring van die wederkoms aan die hand van ἔρχομαι.**" In die hoofstuk word daar ŉ woordstudie oor ἔρχομαι gedoen en word vasgestel wat die doel van die openbaring van die wederkoms aan die hand van die betrokke woord in die Nuwe Testament is.

- **Hoofstuk 8** se titel is **"Die *telos* van die openbaring van die wederkoms aan die hand van ἡμέρα."** In die hoofstuk word daar ŉ woordstudie oor ἡμέρα gedoen en word daar vasgestel wat die doel van die openbaring van die wederkoms aan die hand van die betrokke woord in die Nuwe Testament is.

- In **hoofstuk 9** word die **"Finale samevatting en konklusie"** verwoord.

## 1.9 Sleutelwoorde

Die studie bevat die volgende sleutelwoorde in Afrikaans: *Telos,* doel, openbaring, openbaringsdoelwit(te), openbarings*telos, kerugma,* wederkoms, wederkomswoorde, *parousia,* eksegeties-openbaringshistories(e) en openbaringshistories(e).

Die studie bevat die volgende sleutelwoorde in Grieks: τέλος, ἀποκαλύπτω, ἀποκάλυψις, ἐπιφάνεια, ἐπιφαίνω, ἔρχομαι, ἡμέρα, παρουσία, πάρειμι en φανερόω.

## 1.10 Bybelgebruik

Deurgaans word die Griekse teks van die UBS4, "The Greek New Testament. The complete text of the United Bible Societies' Greek New Testament (Fourth Edition) with grammatical analysis of each word" (Aland, *et al.*, 2006) gebruik. Soos in die meeste bibliologiese publikasies gebruiklik is, word aanhalings uit die Griekse Nuwe Testament nie tussen aanhalingstekens geplaas nie. Die Grieks is immers duidelik van die Afrikaanse teks onderskeibaar.

Ter wille van lesers wat nie Grieks kan lees nie, word die Afrikaanse vertaling van die "Nuwe Testament en Psalms. ŉ Direkte Vertaling" (Bybel, 2014) sover moontlik bygevoeg waar die Griekse Bybelteks aangehaal word. Waar dit gedoen word, word daar nie ŉ verwysing na die bron gemaak nie, aangesien dit telkens na hierdie selfde bron verwys, naamlik "Nuwe Testament en Psalms. ŉ Direkte Vertaling" (Bybel, 2014).

Soms word daar na verskillende Afrikaanse vertalings verwys om te wys op die verskille in die vertaling in Afrikaans. Hiervoor word die "Nuwe Testament en Psalms. ŉ Direkte Vertaling"

(Bybel, 2014), “Die Bybel. Nuwe Vertaling” (Bybel, 1998) en “Die Bybel. Dit is die ganse heilige Skrif wat al die kanonieke boeke van die Ou en Nuwe Testament bevat” (Bybel, 1996) gebruik. Waar so ’n verskil in vertaling uitgewys word, word daar uiteraard van bronverwysings gebruikgemaak.

Die volgende afkortings vir die Bybelboekname word gebruik:

| | | |
|---|---|---|
| Matteus – Mat. | Efesiërs – Ef. | Hebreërs – Heb. |
| Markus – Mark. | Filippense – Filip. | Jakobus – Jak. |
| Lukas – Luk. | Kolossense – Kol. | 1 Petrus – 1 Pet. |
| Johannes – Joh. | 1 Tessalonisense – 1 Tes. | 2 Petrus – 2 Pet. |
| Handelinge – Hand. | 2 Tessalonisense – 2 Tes. | 1 Johannes – 1 Joh. |
| Romeine – Rom. | 1 Timoteus – 1 Tim. | 2 Johannes – 2 Joh. |
| 1 Korintiërs – 1 Kor. | 2 Timoteus – 2 Tim. | 3 Johannes – 3 Joh. |
| 2 Korintiërs – 2 Kor. | Titus – Tit. | Judas – Jud. |
| Galasiërs – Gal. | Filemon – Filem. | Openbaring – Openb. |

# Hoofstuk 2: ΠΑΡΟΥΣΙΑ: WOORDSTUDIE EN VOORKOMS VAN GEBRUIK

In hierdie hoofstuk word in die eerste afdeling (2.1) ŉ woordstudie van παρουσία gedoen en in die tweede afdeling (2.2) ŉ ondersoek na waar in die Nuwe Testament παρουσία met verwysing na die wederkoms gebruik word.

### 2.1 Woordstudie van παρουσία

Aangesien die studie fokus op die *telos* van die openbaring van die wederkoms met besondere klem op die Griekse begrip παρουσία, is dit nodig om ŉ woordstudie van die begrip te doen. Die woordstudie word in twee afdelings afgehandel: ŉ diakroniese en ŉ sinkroniese afdeling.

Vir die diakroniese afdeling van die woordstudie word daar veral van die volgende bronne gebruikgemaak: Die BDAG (A Greek-English lexicon of the New Testament and other early Christian literature) van Bauer *et al*. (2000) en die TDNT (Theological dictionary of the New Testament) van Kittel *et al*. (1964–). Vir die sinkroniese afdeling van die woordstudie word van Louw en Nida (1996) se semantiese woordeboek, Greek-English Lexicon of the New Testament based on semantic domains, gebruikgemaak.

#### 2.1.1 Diakroniese woordstudie van die begrip παρουσία

##### 2.1.1.1 BDAG

Die BDAG (2000:780) dui die volgende hoofbetekenisse van παρουσία aan:

“1. The state of being present at a place, *presence*,

2. arrival as the first stage in presence, *coming, advent,*

a. of human beings, in the usual sense,

b. in a special technical sense … of Christ (and the Antichrist).”

Volgens die BDAG word παρουσία dus in twee hoofbetekenisse gebruik: Eerstens, die staat van om teenwoordig te wees op ŉ plek, teenwoordigheid, en tweedens, om op ŉ plek aan te kom, die eerste stadium van teenwoordig wees.

Die tweede betekenis van om op ŉ plek aan te kom, die eerste stadium van teenwoordig wees, word op twee maniere gebruik: Eerstens, vir die aankoms van gewone mense in die gewone sin van die woord, maar tweedens as tegniese term vir die aankoms en teenwoordig wees van

Christus met sy wederkoms. (Die woord kan ook gebruik word om die aankoms en teenwoordig wees van die Antichris mee aan te dui.) Veral 2.b. is dus hier van belang.

Hierdie tegniese gebruik van παρουσία het volgens die BDAG (2000:780-781) in twee rigtings ontwikkel. “On the one hand the word served as a sacred expression for the coming of a hidden divinity, who makes his presence felt by a revelation of his power, or whose presence is celebrated in the cult”. Maar ook: “On the other hand, παρουσία became the official term for a visit of a person of high rank, especially of kings and emperors visiting a province”.

Wanneer παρουσία in verband met Christus gebruik word, verwys dit gewoonlik na sy wederkoms: “..., and nearly always of his Messianic Advent in glory to judge the world at the end of this age, …” (2000:781).

Die BDAG (2000:773-774) maak geen melding van die wederkoms by die verklaring van die werkwoordvorm πάρειμι nie.

2.1.1.1.1 Konklusie

Wanneer παρουσία met Christus as handelende persoon gebruik word, dui dit op sy aankoms en sy teenwoordig wees met sy wederkoms. Die woord hou in dat Christus, wie se Godheid eers verborge was, nou sigbaar as God teenwoordig sal wees en dat Hy sy mag as God sal toon. Sy teenwoordigheid as God sal deur die gelowiges gevier word. Hy is die groot Koning wat sy mense sal kom opsoek en wat sal kom om te oordeel.

**2.1.1.2 TDNT**

Uit die deeglike navorsing van Oepke (1964b:858-871) in die TDNT oor die betekenis van παρουσία en πάρειμι blyk die volgende:

2.1.1.2.1 Algemene betekenis

Παρουσία word volgens Oepke (1964b:858) in twee algemene betekenisse gebruik, naamlik “teenwoordigheid” (“presence”) en “om te verskyn” (nadat jy op ŉ plek aangekom het (“appearing”).

Πάρειμι, om teenwoordig te wees, word gebruik vir mense (Joh. 11:28), maar ook vir dinge, soos besittings (Heb. 13:5). Παρουσία dui ŉ aktiewe teenwoordigheid aan, soos byvoorbeeld dié van verteenwoordigers van die gemeenskap (1 Kor. 16:17); Paulus self (Filip. 2:12); om persoonlik teenwoordig te wees in lewende lywe (2 Kor. 10:10).

Πάρειμι, kan ook beteken om te verskyn nadat jy (aan)gekom het ("to have come,") (Mat. 26:50; Hand. 10:21; 17:6), of om te kom (Luk. 13:1). So ook kan παρουσία, aankoms ("arrival") beteken. Παρουσία kan ook met "inval" ("invasion") vertaal word, met ander woorde, die aankoms van 'n leër in 'n vyandige gebied. Dit word ook gebruik vir die aankoms van mense soos Paulus (Filip. 1:26).

2.1.1.2.2 Παρουσία as tegniese term

In die Hellenistiese Grieks is daar nie onderskeid gemaak tussen die profane en die sakrale gebruik van die woord παρουσία nie (Oepke,1964b:859). Παρουσία kon die teenwoordigheid van gode aandui, maar is ook as tegniese term gebruik om die besoek van 'n regeerder of belangrike amptenaar aan te dui. Die παρουσία van 'n regeerder het gewoonlik met voorbereiding en eerbewyse gepaardgegaan en het gewoonlik hoop gebring vir die onderdane dat dinge gaan verbeter.

In die Hellenistiese Grieks het die term dikwels na die heilsame teenwoordigheid van die gode verwys (Oepke,1964b:860).

In die Hellenistiese filosofie is die woord toenemend in die sakrale sin gebruik vir die teenwoordigheid van gode waar priesters byvoorbeeld opgetree het (Oepke,1964b:860).

Die Ou-Testamentiese gelowige het die aankoms van God, aldus Oepke (1964b:861) soos volg beleef:

"1. The Coming of God in Direct Self-Attestation and in the Cultus.

2. The Coming of God in History.

3. The Coming of Yahweh as World King.

4. The Coming of the Messiah."

Veral van belang vir die studie is die tegniese gebruik van πάρειμι en παρουσία in die Nuwe Testament. Oor die historiese plek van die konsep παρουσία in die Nuwe Testament merk Oepke (1964b:865) op: "Primitive Christianity waits for the Jesus who has come already as the One who is still to come. The hope of an imminent coming of the exalted Lord in Messianic glory is, however, so much to the fore that in the NT the terms are never used for the coming of Christ in the flesh, and παρουσία never has the sense of return." Παρουσία, wanneer die woord in verband met Jesus Christus gebruik word, word altyd met die betekenis van die wederkoms van ons Here in heerlikheid gebruik en nooit in verband met sy eerste koms, sy geboorte as mens

nie. Van belang vir die studie is dat Oepke (1964b:865) παρουσία beskryf as "a technical term for the 'coming' of Christ in Messianic glory."

ʼn Gedetailleerde uiteensetting van die ontwikkeling van die konsep παρουσία in die Nuwe Testament word deur Oepke (1964b:866-870) weergegee onder die volgende opskrifte:

a. Jesus in die sinoptiese Evangelies

b. Die eerste gemeenskap (Handelinge)

c. Paulus

d. Deutero-Paulus

e. Die Briewe van Jakobus, Petrus en Judas

f. Openbaring

g. Die Evangelie volgens Johannes en die briewe van Johannes

ʼn Groot leemte in die onderafdeling oor die ontwikkeling van παρουσία in die Nuwe Testament is die feit dat Oepke telkens die ontwikkeling van die idee van die wederkoms bespreek en nie *per se* die ontwikkeling van die woord παρουσία nie. Dit verminder die waarde van sy navorsing, aangesien dit van groter waarde sou wees indien hy die verskillende Griekse woorde wat vir die wederkoms gebruik word met mekaar sou vergelyk en indien hy sou wys op betekenisooreenkomste en -verskille. Dit blyk dat Oepke, sonder beredenering, bykans alle woorde wat oor die saak van die wederkoms handel, as sinonieme hanteer.

Oor die ontwikkeling van die woord παρουσία by Jesus in die sinoptiese Evangelies (wat slegs vier maal en slegs in Matteus 24 gebruik word, vergelyk 2.1.1), lei Oepke (1964b:866) die onderafdeling in met: "Apart from the actual occurrence of the word, the whole thinking of Jesus is permeated by ideas of *parousia*. This is true in all strata of the Synoptic tradition." Hy staaf die stelling deur onder andere aan te toon dat dit reeds duidelik is in Markus, veral vanaf Markus 8:38, dat Jesus se denke oorheers is deur die idee dat Hy weer gaan kom. Teenoor sy Joodse veroordelaars getuig Hy byvoorbeeld van sy koms in Markus 14:62 e.v.

Oepke (1964b:866) sê voorts: "So far as can be seen, the *parousia* concept is one of the original stones in the Synoptic tradition concerning Jesus. It is present in fully developed form in the *parousia* address in Mk. 13 and par., which, strongly influenced though it is by Jewish and primitive Christian apocalyptic, has crystallised around genuine dominical sayings." Al die sinoptiese Evangelieskrywers onderskei tussen die oordeel oor Jerusalem en die παρουσία,

aldus Oepke (1964b:866-867). “How far Jesus Himself made this distinction, how far He even made a clear distinction between His resurrection and His *parousia*, it is no longer possible to say with certainty. He does seem to have envisaged an interval between the first and the definitive restoration, a time of the community. Otherwise there would be no space for the conversion of the Gentiles, and such conversion without the preaching of repentance would be contrary to His basic principles. He probably thought His *parousia* was imminent.” (Oepke, 1964b) Hierdie standpunt van Oepke is aanvegbaar aangesien dit die Godheid en die alwetendheid van ons Here Jesus Christus misken. Die feit dat gelowiges altyd gereed moet wees vir die wederkoms word dikwels verkeerd geïnterpreteer as sou die wederkoms naby wees. Die denkfout blyk duidelik uit: “This is supported by many sayings which are hard to interpret in any other sense. ... The tremendous tension which permeates Jesus’ whole world of thought would also be inexplicable otherwise.” (Oepke, 1964b:867)

Alhoewel die woord παρουσία nie in Handelinge voorkom nie, en die eerste Christengemeenskap dalk geen woord daarvoor gehad het nie, is die vaste geloof in die feit van die wederkoms by hulle onbetwisbaar (Oepke, 1964b:867). Om hierdie stelling te staaf verwys Oepke (1964b:867) na Handelinge 1:11 en 3:20 e.v.

By die bespreking oor die ontwikkeling van die woord παρουσία by Paulus word dieselfde leemte duidelik, naamlik dat Oepke die ontwikkeling van die idee van die wederkoms bespreek, eerder as die gebruik van die woord παρουσία. Daar word byvoorbeeld na die Romeinebrief verwys (Oepke, 1964b:868), sonder om te meld dat die woord παρουσία nie daarin voorkom nie (vgl. 2.2.1).

Volgens Oepke (1964b:868) gebruik Paulus παρουσία altyd saam met ’n selfstandige naamwoord, ’n handelende persoon, in die genitief. Dit word gebruik van mense (1 Kor. 16:17; 2 Kor. 7:6 e.v.; 10:10; Filip. 1:26; 2:12), een maal van die Antichris (2 Tess. 2:9), en ook van Christus (1 Kor. 15:23; 1 Tess. 2:19; 3:13; 4:15; 5:23; 2 Tess. 2:1, 8; 1 Kor. 1:8 e.v.).

Volgens Oepke (1964b:868) word kleurryke beskrywings van die *parousia* gegee in 1 Tessalonisense 4:13–18 en 2 Tessalonisense 1:7–2:8, asook in 1 Korintiërs 15:22–28, 50–55. Oepke (1964b:868) maak ook die aanvegbare stelling: “Paul believes that he and most of his readers will experience the *parousia*, 1 Th. 4:15; 1 C. 15:51.” Hiermee word die belydenis dat die verkondiging van die apostels in die Skrif geïnspireerde Godsopenbaring is, misken. Die feit dat Paulus soms in die algemeen skryf (met die meeste ander Christene op die oog) en nie noodwendig met homself op die oog nie, word misgekyk.

Oor die ontwikkeling van die woord παρουσία in die sogenaamde “Deutero-Paulus” wys Oepke (1964b:868) daarop dat die sinoniem ἐπιφάνεια in die Pastorale Briewe een maal gebruik word

om die liggaamlike verskyning van Christus te beskryf (2 Tim. 1:10). Die feit dat Oepke παρουσία en ἐπιφάνεια as sinonieme tipeer, is veelseggend, maar kritiek kan daarteen uitgespreek word dat hy die tipering sonder motivering doen.

Oor die ontwikkeling van die woord παρουσία in die briewe van Jakobus, Petrus en Judas, merk Oepke (1964b:868, 869) die volgende op: Jakobus 5:7 e.v. verwys na Christus se *parousia*. Die verwagting van die *parousia* is egter baie meer dinamies in 1 Petrus, alhoewel die term nie daar gebruik word nie. Die idee van ŉ "first advent of Christ at the end of the times" kom voor in 1 Petrus 1:20. "The decisive → ἀποκάλυψις Ἰησοῦ Χριστοῦ is immediately at hand, 1:5, 7, 13. In the light of it believers are strangers and sojourners, 1:17; 2:11." Volgens Oepke is daar vae aanduidings van ŉ vroeë wederkomsverwagting in Judas. Weereens kan die kritiek geopper word dat die idee van die wederkoms bespreek word, eerder as die gebruik van die woord παρουσία.

2 Petrus spreek twyfel oor die wederkoms aan. Die wederkoms is nie ŉ fabel (1:16) nie. Die spotters is verkeerd (3:3 e.v.). Soos wat die wêreld voorheen deur water vergaan het, so sal dit deur vuur vergaan (3:5 e.v.). Vir die lankmoedige God is duisend jaar soos een dag (3:8). Die dag sal so onverwags soos ŉ dief kom. "Believers should hasten towards the παρουσία τῆς τοῦ θεοῦ (vl. κυρίου) ἡμέρας, 3:12. In the first instance παρουσία has here the general sense of "coming" or "arrival," but there is a suggestion of the technical meaning too."

Oepke (1964b:869) meld dat die woord παρουσία nie in Openbaring voorkom nie, maar sê dat vanaf die ἐν τάχει van Openbaring 1:1 en ὁ καιρὸς ἐγγύς van 1:3 tot by die ἔρχου κύριε Ἰησοῦ van 22:20, die boek vol is van die "ardent hope of the *parousia*." Die boek is uniek: "The dreadful Messianic afflictions, depicted in visions, issue in lofty portrayals of the *parousia* in 14:14–20 and 19:11–16, and this in turn is followed by further eschatological events to give us the fullest sketch we have of primitive Chr. eschatology." Die deurslaggewende profetiese oogmerk is die beklemtoning van hoop vir die geteisterde lesers.

Oor die ontwikkeling van die betekenis waarin die woord παρουσία in die Evangelie volgens Johannes en in die briewe van Johannes gebruik word, stel Oepke (1964b:869, 870) dat die idee van ŉ *parousia* teenwoordig is in 1 Johannes 2:28; 3:2 en in Johannes 21:22 e.v. Volgens Oepke is beide ongerealiseerde en gerealiseerde eskatologie in Johannes se denkwêreld teenwoordig: "Johannine religion, too, is set in the tension of possession and hope. It is characterised only by a stronger inwardness which puts the accent more firmly on possession. Thus φανεροῦσθαι becomes an alternative for παρουσία, 1 Jn. 2:28; 3:2; cf. Col. 3:4."

Op grond van sy uitgebreide bespreking van die ontwikkeling van die begrip παρουσία in die Nuwe Testament, wat ongelukkig eerder ŉ bespreking van die idee van die wederkoms is, kom Oepke (1964b:870) tot ŉ teologiese samevatting:

Die idee van die *parousia* gaan enige poging tot presiese sistematisering daarvan te bowe in die individuele Bybelboeke, maar ook in die Nuwe Testament as geheel. "Powerful antitheses exist. Jesus and Paul take a middle line, John and Rev. are at the extreme edges. Thus the NT itself urges us to consult the significance rather than the letter." Hiermee openbaar Oepke ŉ aanvegbare Skrifbeskouing wat die eenheid van die Skrif weerspreek. Die idee dat die verwagting van die *parousia* nie as ŉ doel op sigself beskou word nie, maar dat dit sal lei tot volle gemeenskap met God, is egter belangrik.

Daar kan met Oepke (1964b:870) saamgestem word wanneer hy skryf: "The *parousia* is the definitive manifestation of what has been effected already as an eschatological reality."

2.1.1.2.3 Konklusie

Die idee van die wederkoms is wydverspreid in die Nuwe Testament. Die Woord παρουσία kan in die algemeen aankoms of teenwoordigheid beteken.

As tegniese term vir die wederkoms van Jesus Christus in heerlikheid aan die einde van die tyd, het παρουσία sy oorsprong in die Hellenistiese gebruik waar die woord vir die aankoms of teenwoordigheid van ŉ regeerder gebruik is. Die aankoms van die regeerder is met groot voorbereiding voorafgegaan en het gepaardgegaan met lofprysing en eerbewys. Die teenwoordigheid van die regeerder het gewoonlik met die hoop gepaardgegaan dat die regeerder nou die omstandighede van die onderdane sal verbeter.

As tegniese term vir die wederkoms het παρουσία ook sy oorsprong in die Hellenistiese gebruik om die heilsame teenwoordigheid van gode mee aan te dui.

Alhoewel die woord παρουσία in totaal slegs 24 keer in nege van die Nuwe-Testamentiese boeke voorkom (Vgl. Wigram & Winter, 1978:596.), is die hele Nuwe Testament vol van die idee van die wederkoms.

ŉ Verkeerde Skrifbeskouing kan daartoe lei dat daar teenstrydighede (selfs by dieselfde Nuwe Testament-skrywer) uitgewys word tussen ŉ naby-verwagting en ŉ ver-verwagting van die wederkoms.

Ongelukkig het Oepke nie konsekwent net met die woord παρουσία gewerk nie, maar ook met die begrip "wederkoms". Hy self maak dit nie altyd duidelik wanneer hy met die woord en wanneer hy met die begrip werk nie. Dit vertroebel die gebruik van sy navorsing om

ooreenkomste en verskille met ander woorde, wat ook vir die wederkoms gebruik word, vas te stel.

Oepke beskou sommige ander woorde wat vir die wederkoms gebruik word, sonder motivering as sinonieme. Daar sal egter vasgestel moet word of dit inderdaad so is en of daar nie tog nuanse-verskille is nie.

### 2.1.2 Sinkroniese woordstudie van die begrip παρουσία

Die sinkroniese woordstudie word aan die hand van Louw en Nida (1996) se semantiese woordeboek, Greek-English lexicon of the New Testament: based on semantic domains, vol. 1 (1996a) en vol. 2 (1996b) gedoen. Die woordeboek se waarde lê grootliks daarin dat daar nie net na die woordeboek-betekenis van ŉ woord gekyk word nie, maar dat dit die semantiese gebruike van woorde duideliker omlyn deur die betrokke woord saam met ander woorde te groepeer wat binne dieselfde betekenisvelde en sub-betekenisvelde, oftewel domeine en sub-domeine, gebruik word. Hierdie groepering maak dit moontlik om die betekenis-aanwending van die betrokke woord by wyse van komponensiële analise duideliker af te baken deur dit met die gebruik van ander woorde binne dieselfde semantiese veld te vergelyk. Louw en Nida se aanpak is sinkronies in dié opsig dat hulle woordeboek tot woorde en gebruike binne die boeke van die Nuwe Testament beperk bly.

Louw en Nida (1996b:189) gee twee moontlike betekenisse vir παρουσία aan, naamlik teenwoordigheid ("presence") (85.25) en aankoms ("arrival") (15.86). Beide is moontlik van toepassing. Die twee betekenisse word onder verskillende domeine ingedeel.

#### 2.1.2.1 Παρουσία met die betekenis van teenwoordigheid

Die vertaling as "presence" word geklassifiseer onder domein 85 "existence in space" (Louw & Nida, 1996a:724-733). Indien semantiese veld 85 ("existence in space") met die voorafgaande semantiese velde vergelyk word (80 "space"; 81 "spacial dimensions"; 82 "spacial orientations"; 83 "spacial positions" en 84 "spacial extensions") is dit duidelik dat semantiese veld 85, waarin παρουσία geplaas is, die klem op die teenwoordigheid in ŉ spesifieke ruimte lê eerder as op die ruimte self.

Voorts word παρουσία geplaas onder sub-domein A "be in a place" (Louw &Nida, 1996a:724-726). Die sub-domeine word soos volg aangedui:

"A Be in a Place (85.1–85.31)

B Put, Place (85.32–85.54)

C Remain, Stay (85.55–85.64)

D Leave in a Place (85.65–85.66)

E Dwell, Reside (85.67–85.85)"

Deur dit in sub-domein A te klassifiseer, en nie in een van die ander nie, kan afgelei word wat die teenwoordigheid beteken. Dit is "eenvoudige" teenwoordigheid. Deur παρουσία in sub-domein A te plaas, kan afgelei word dat die teenwoordigheid self veroorsaak is, anders as die woorde in sub-domein B waar die teenwoordigheid deur iets of iemand anders veroorsaak is. Deur παρουσία nie in C te plaas nie, kan afgelei word dat die teenwoordigheid nie altyd bestaan het nie. Deur παρουσία nie in D te plaas nie, kan daar afgelei word dat daar nie beweging weg van die plek af van teenwoordigheid is nie. Die feit dat παρουσία nie in E geplaas is nie, maak die afleiding dat daar nie permanente inwoning is nie, duidelik.

Louw en Nida (1996a:726) verklaar die gebruik van παρουσία binne hierdie sub-domein soos volg: "85.25 παρουσία[a], ας *f*: the presence of an object at a particular place—'presence, being at hand, to be in person.' ἡ δὲ παρουσία τοῦ σώματος 'when he is with us in person' (literally '… his bodily presence') 2 Cor 10:10."

Soos in 2.2.1 aangetoon word, kom παρουσία 24 keer in die Nuwe Testament voor, waarvan dit in 17 gevalle na die wederkoms van Christus verwys. Dit is interessant dat Louw en Nida glad nie in die bespreking van die gebruike van παρουσία na die wederkoms verwys nie. Boonop kies Louw en Nida 2 Korintiërs 10:10 as voorbeeld om die gebruik van παρουσία in die Nuwe Testament te verduidelik; 'n teks waarin dit oor die liggaamlike teenwoordigheid van Paulus gaan. 2 Korintiërs 10:10 is egter maar een van net sewe gevalle in die Nuwe Testament waar die wederkoms nie ter sprake is en Jesus Christus nie die handelende persoon van die παρουσία is nie.

Παρουσία word saam met die volgende 30 ander woorde in sub-domein 85.A geplaas (Louw & Nida, 1996a:724-727): **"85.1 εἰμί**[e]: to be in a place—'to be.'; **85.2 σύνειμι**[b]: to be together with someone—'to be with.'; **85.3 κεῖμαι**[b]: to be in a place, frequently in the sense of 'being contained in' or 'resting on'—'to be, to lie.'; **85.4 ἐπίκειμαι**[a]: to be in a place on something—'to be on, to lie on.'; **85.5 περίκειμαι**[a]: to be located around some object or area—'to be around, to surround.'; **85.6 γίνομαι**[h]: to be in a place, with the possible implication of having come to be in such a place—'to be (in a place).'; **85.7 γίνομαι**[i]; **παραγίνομαι**[c]: to come to be in a place—'to come to be, to appear, to be in a place.'; **85.8 ἵσταμαι**[c] (and 2nd aorist active): to be in a location, with the possible implication of standing but with the focus upon location—'to be.'; **85.9 κατέχω**[e]: to come to occupy a particular place—'to come to be in a place, to occupy.'; **85.10**

**ἥκω**[b]: to be in a place, as the result of having arrived—'to be here, to be there.' ἐγὼ γὰρ ἐκ τοῦ θεοῦ ἐξῆλθον καὶ ἥκω 'for I have come from God and am here'; **85.11 ἐπισκέπτομαι**[d]: to be present, with the implication of concern—'to be present to help, to be on hand to aid.'; **85.12 παρατυγχάνω**: to happen to be in a place—'to happen to be, to be by chance.'; **85.13 παρίσταμαι**[b] (and 2nd aorist active); **ἐφίσταμαι**[b] (and 2nd aorist active): to be in proximity to something—'to be near, to be at, to be nearby.'; **85.14 παρίστημι**[a]: to cause to be in a place—'to present (oneself), to cause to be.'; **85.15 συνομορέω**: to be at a place which is next to something else—'to be next to, to border on.'; **85.16 ἀπέχω**[b]: to be at some distance away from—'to be away from, to be off from.'; **85.17 ἀπορφανίζω**: (a figurative extension of meaning of ἀπορφανίζω 'to cause to be an orphan,' not occurring in the NT) to cause someone to be spacially separated, with the implication of additional emotional deprivation—'to separate and to deprive.'; **85.18 παρίσταμαι**[c] (and 2nd aorist active): to be in front of something, presumably facing it—'to be in front of, to stand before.'; **85.19 ἔνειμι**: to be inside an area or object—'to be inside'; **85.20 ἐνδημέω**: to be in a place where one rightfully or normally belongs—'to be at home, to fit in a place.'; **85.21 ἐκδημέω**: to be absent from a place where one rightfully or normally belongs—'to be absent, to be away from.'; **85.22 ἀπόδημος**, **ον**: pertaining to being away from where one usually resides—'to be away from home, to be away on a journey.'; **85.23 πάρειμι**[a]; **παράκειμαι**: to be present at a particular time and place—'to be present, to be here, to be there, to be at hand.'; **85.24 ἀναπληρόω**[d]: to occupy a designated place—'to occupy, to be in.'; **85.25 παρουσία**[a], **ας** *f*: the presence of an object at a particular place—'presence, being at hand, to be in person.' ἡ δὲ παρουσία τοῦ σώματος 'when he is with us in person' (literally '… his bodily presence') 2 Cor 10:10.; **85.26 πρόσωπον**[e], **ου** *n*: (a figurative extension of meaning of πρόσωπον[a] 'face,' 8.18) the personal presence of an individual at a particular place—'presence, being at a place.'; **85.27 ἄπειμι**[b]: to be absent from a place at a particular time—'to be absent.'; **85.28 ἀπουσία**, **ας** *f*: the state of being absent—'being absent, absence, being away from.'; **85.29 ὑστέρημα**[b], **τος** *n*: absence as an element of lack or deficiency—'absence, not being present.'; **85.30 συμπάρειμι**: to be in a place together with others—'to be with, to be present with.'; **85.31 ἔμφυτος**, **ον**: (a figurative extension of meaning of ἔμφυτος 'to be implanted,' not occurring in the NT) to be permanently in a place, with the implication of development—'placed in, permanently established in, implanted.'"

Indien παρουσία (85.25) met die ander 30 woorde in die sub-domein "A - be in a place" vergelyk word, is dit duidelik dat die ander woorde gewone aanwesigheid of afwesigheid aandui en dat παρουσία as 'n baie naby sinoniem gereken word. Vandaar die verklaring "the presence of an object at a particular place—'presence, being at hand, to be in person.'"

Die enigste opmerklike verskil in die verklaring van παρουσία met die ander 30 woorde in die sub-domein is dat παρουσία ook die element van persoonlike teenwoordigheid bevat. Hieruit

kan afgelei word dat, indien παρουσία met Jesus Christus as handelende persoon gebruik word, sy persoonlike teenwoordigheid beklemtoon word.

2.1.2.1.1 Konklusie

Dit is verrassend dat Louw en Nida by die bespreking van παρουσία geen woord rep oor die wederkoms van Christus nie en dat daar ook nêrens in hulle woordeboek 'n aparte domein of sub-domein spesifiek aan die betekenismoontlikheid van "wederkoms" afgestaan word nie. Al wat onder hierdie betekenismoontlikheid "teenwoordigheid" afgelei kan word, wat van toepassing is op hierdie studie, is dat wanneer παρουσία ten opsigte van Jesus gebruik word, dit beteken dat Hy persoonlik, met sy liggaam, teenwoordig is.

**2.1.2.2 Παρουσία met die betekenis van aankoms**

Die tweede betekenismoontlikheid, naamlik "aankoms", word in domein 15 "Linear Movement" gekategoriseer (Louw & Nida, 1996a:181-211). Die domein word voorafgegaan deur domein 14 "physical events and states", wat hoofsaaklik oor weerverskynsels soos wind, reën en donderweer handel. Domein 15 word opgevolg deur domein 16, "non-linear movement", wat veral gaan oor woorde wat beweging aandui sonder dat daar van plek verwissel word. Al wat uit hierdie vergelyking duidelik word, is dat παρουσία saam met ander woorde gegroepeer is wat beweging aandui wat dui op verwisseling van plek deur die subjek.

Voorts word παρουσία in sub-domein F "come, come to, arrive (15.81–15.87)" (Louw & Nida, 1996a:182) geplaas.

Die sub-domeine word soos volg ingedeel:

"A Move, Come/Go (15.1–15.17)

B Travel, Journey (15.18–15.26)

C Pass, Cross Over, Go Through, Go Around (15.27–15.33)

D Leave, Depart, Flee, Escape, Send (15.34–15.74)

E Come Near, Approach (15.75–15.80)

F Come, Come To, Arrive (15.81–15.87)

G Return (15.88–15.92)

H Come/Go Into (15.93–15.96)

I Come/Go Onto (15.97–15.100)

J Come/Go Up, Ascend (15.101–15.106)

K Come/Go Down, Descend (15.107–15.117)

L Fall (15.118–15.122)

M Gather, Cause To Come Together (15.123–15.134)

N Disperse, Scatter (15.135–15.140)

O Come/Go Prior To (15.141–15.142)

P Come/Go In Front Of (15.143)

Q Come/Go Behind (15.144–15.145)

R Go Around, Surround (15.146–15.147)

S Come/Go With, Travel With (15.148–15.155)

T Follow, Accompany (15.156–15.157)

U Pursue, Follow (15.158–15.159)

V Drive Along, Carry Along (15.160–15.164)

W Lead, Bring, Take (15.165–15.186)

X Carry, Bear (15.187–15.211)

Y Pull, Draw, Drag (15.212–15.214)

Z Throw, Hurl (15.215–15.221)

A´ Movement with Speed (15.222)

B´ Goal-Oriented Movement (15.223)

C´ Walk, Step (15.224–15.229)

D´ Run (15.230–15.237)

E´ Jump, Leap (15.238–15.243)

F´ Dance (15.244)

G´ Fly (15.245)

H´ Swim (15.246–15.247)

I´ Roll (15.248–15.249).”

Die vergelyking van sub-domein F, waarin παρουσία voorkom, met die ander sub-domeine, lewer nie ŉ beduidende bydrae tot hierdie studie nie, waarskynlik aangesien παρουσία met die betekenis van die wederkoms van Christus glad nie aan die orde gebring word nie. Dit is ook opvallend dat παρουσία nie in sub-domein G “return” gegroepeer word nie.

Παρουσία word soos volg verklaar: “15.86 παρέρχομαι[b]; παραγίνομαι[a]; πάρειμι[b]; παρουσία[b], ας *f*; παρίσταμαι[e] (and 2nd aorist active): to come to be present at a particular place—‘to come, to arrive, to come to be present.’” Die volgende voorbeelde van die gebruik van παρουσία word voorgehou: “παρουσία[b]: παρεκάλεσεν ἡμᾶς ὁ θεὸς ἐν τῇ παρουσίᾳ Τίτου ‘but God, who encouraged us with the coming of Titus’ 2 Cor 7:6; τί τὸ σημεῖον τῆς σῆς παρουσίας καὶ συντελείας τοῦ αἰῶνος ‘what will happen to show that it is the time for your coming and the end of the age’ Mt 24:3.”

Soos in 2.2.1 aangetoon word, kom παρουσία 24 keer in die Nuwe Testament voor, waarvan dit in 17 gevalle na die wederkoms van Christus verwys. Dit is ŉ leemte in hulle navorsing dat Louw en Nida ook in hierdie sub-domein glad nie in die verklaring na die wederkoms verwys nie en die eerste voorbeeld wat gekies word, die aankoms van Titus (2 Kor. 7:6), is een van net sewe gevalle waar die wederkoms nie ter sprake is nie en Jesus Christus nie die handelende persoon is nie. Die tweede voorbeeld wat genoem word, die vraag van die dissipels in Matteus 24:3, het wel duidelik met die wederkoms te doen, maar steeds word daar glad nie na die moontlikheid verwys dat παρουσία die wederkoms van Jesus Christus kan beteken nie. Daar word egter slegs met behulp van ŉ voetnoot (21) by die tweede voorbeeld uit Matteus 24:3 die volgende opgemerk: “Παρουσία was often used in contexts referring to the arrival or appearance of an important person or supernatural being. In later ecclesiastical Greek, ἡ παρουσία occurs in an absolute sense as a specific reference to the second coming of Christ.” (Louw & Nida, 1996a:194)

Al wat afgelei kan word uit die navorsing van Louw en Nida oor die betekenis van παρουσία, waar dit met Jesus Christus as handelende persoon gebruik word, is dat Hy op ŉ plek gaan aankom.

2.1.2.2.1 Konklusie

Dit is ŉ teleurstellende groot leemte in Louw en Nida se navorsing dat daar nêrens in hulle woordeboek enige melding gemaak word van die betekenis "wederkoms van Jesus Christus" nie, behalwe deur middel van ŉ voetnoot. Die leemte sou aangevul kon word deur ŉ nuwe hoofbetekenisveld te skep, naamlik "die wederkoms van Christus" waarin al die woorde wat vir die wederkoms gebruik word, gegroepeer word. So sal die moontlike nuanse-verskille wat tussen die verskillende woorde bestaan, ook uitgelig kan word.

Wat ook veelseggend is, is dat παρουσία onder sub-domein F "come, come to, arrive (15.81–15.87)" geklassifiseer word en nie onder G "return (15.88–15.92)" nie. Die feit dat die sub-domein F en nie G nie ter sake is, mag moontlik daarop dui dat Jesus nooit weg was nie. Hy was immers heeltyd deur sy Gees teenwoordig. Met sy wederkoms sal Hy egter liggaamlik weer teenwoordig wees.

Die hoofbetekenisveld waaronder παρουσία hier geklassifiseer word, naamlik liniêre beweging, gee die idee dat Jesus van iewers af gekom het om teenwoordig te wees. Dit stem ooreen met die Apostoliese Geloofsbelydenis dat Jesus aan die regterhand van die Vader is, "vanwaar Hy sal kom om die lewendes en die dooies te oordeel."

### 2.1.3 Samevattende konklusie

Wanneer παρουσία met Christus as handelende persoon gebruik word, dui dit op sy aankoms en sy teenwoordig wees met sy wederkoms. Die woord se betekenis hou in dat Jesus van iewers af gekom het om liggaamlik teenwoordig te wees.

As tegniese term vir die wederkoms van Jesus Christus in heerlikheid aan die einde van die tyd, het παρουσία sy oorsprong in die Hellenistiese gebruik waar die woord vir die aankoms of teenwoordigheid van ŉ regeerder gebruik is. Die aankoms van die regeerder is met groot voorbereiding voorafgegaan en het gepaardgegaan met lofprysing en eerbewys. Die teenwoordigheid van die regeerder het gewoonlik met die hoop gepaardgegaan dat die regeerder nou die omstandighede van die onderdane sal verbeter.

As tegniese term vir die wederkoms, het παρουσία ook sy oorsprong in die Hellenistiese gebruik om die heilsame teenwoordigheid van gode mee aan te dui.

Die woord hou in dat Christus, wat na sy hemelvaart vir die wêreld onsigbaar is, nou sigbaar as God teenwoordig sal wees en dat Hy sy mag as God sal toon. Sy teenwoordigheid as God sal deur die gelowiges, wat sedert sy hemelvaart sy liggaamlike teenwoordigheid vanuit die hemel

verwag, gevier word. Hy is die groot Koning wat sy mense sal kom opsoek en hulle omstandighede sal verander deur hulle te verlos. Hy sal ook as Regter kom wat sal oordeel.

#### 2.1.4 Finale betekenisdefinisie van παρουσία

Op grond van die samevattende konklusie kan die volgende definisie van παρουσία gemaak word:

Dit is die sigbare aankoms en teenwoordig wees van die eens (na sy hemelvaart) verborge Jesus Christus by sy mense met sy wederkoms vanaf die hemel, aan die einde van die tyd, in heerlikheid as Regeerder, Regter en magtige God, waarvoor sy mense voorberei het, en wat gepaard sal gaan met lofprysing en eerbewys, wat sy volgelinge met hoop sal vervul en hulle omstandighede sal verander deur hulle vir ewig te verlos.

### 2.2 Kursoriese ondersoek om vas te stel in watter Skrifgedeeltes παρουσία met verwysing na die wederkoms gebruik word

Aangesien die studie op die *telos* van die openbaring van die wederkoms met besondere klem op die Griekse begrip παρουσία fokus, is dit nodig om in hierdie afdeling ŉ ondersoek te doen om vas te stel in watter Skrifgedeeltes die begrip met verwysing na die wederkoms gebruik word.

Aangesien hierdie ŉ ondersoek is wat gedoen word slegs om te bepaal watter Skrifgedeeltes ter sake is vir die studie, word alleen die vers waarin die betrokke woord voorkom in die Grieks aangehaal en die Afrikaanse vertaling van *Nuwe Testament en Psalms. ŉ Direkte vertaling* (Bybel, 2014) word bygevoeg. In die kort bespreking by elke vers word die konteks kortliks verreken en word bepaal of die Skrifdeel ter sake is vir die studie.

Voorts is die doel van hierdie kursoriese ondersoek, in aansluiting by die doel van die studie, om vas te stel of daar ooglopende verwysing is of afleidings te maak is met betrekking tot die doel van die openbaring van die wederkoms.

Indien dit vasgestel word dat παρουσία wel in die betrokke vers na die wederkoms verwys, word die hele hoofstuk waarin die vers voorkom vir verdere navorsing in die studie geoormerk.

Dit word beklemtoon dat hierdie slegs ŉ kursoriese ondersoek is om te bepaal watter Skrifgedeeltes verdere ondersoek noodsaak en watter ooglopende openbaringsdoelwitte geïdentifiseer kan word.

### 2.2.1 Identifisering van tersaaklike Skrifgedeeltes

Die woord παρουσία word 24 keer en in nege boeke in die Nuwe Testament gebruik (vgl. Wigram & Winter, 1978:596), naamlik in Matteus 24:3, 27, 37, 39; 1 Korintiërs 15:23; 16:17; 2 Korintiërs 7:6, 7; 10:10; Filippense 1:26; 2:12; 1 Tessalonisense 2:19, 3:13, 4:15, 5:23; 2 Tessalonisense 2:1, 8, 9; Jakobus 5:7, 8; 2 Petrus 1:16, 3:4, 12 en 1 Johannes 2:28. Hierdie Skrifgedeeltes word nagegaan om vas te stel of παρουσία wel met verwysing na die wederkoms gebruik word, al dan nie.

#### 2.2.1.1 Matteus 24:3

Καθημένου δὲ αὐτοῦ ἐπὶ τοῦ Ὄρους τῶν Ἐλαιῶν προσῆλθον αὐτῷ οἱ μαθηταὶ κατ' ἰδίαν λέγοντες, Εἰπὲ ἡμῖν πότε ταῦτα ἔσται καὶ τί τὸ σημεῖον τῆς σῆς **παρουσίας** καὶ συντελείας τοῦ αἰῶνος;

“Nadat Jesus op die Olyfberg gaan sit het, het die dissipels eenkant na Hom gekom. ‘Sê vir ons,’ het hulle gevra, ‘wanneer sal hierdie dinge plaasvind en wat is die teken van u **koms** en van die voleinding van die wêreld?’”

Hierdie vers vorm deel van die Profetiese Rede van Jesus en παρουσία word baie duidelik hier in verband met sy wederkoms gebruik (Morris, 1992:596). Dit is duidelik dat die dissipels meen dat die wederkoms op ŉ spesifieke tyd sal plaasvind, dat dit deur tekens voorafgegaan sal word en dat dit in verband staan met die voleinding aan die einde van die tyd (Morris, 1992:596). Op grond van dit wat Jesus in vers 1 en 2 sê, bring hulle die wederkoms in verband met die verwoesting van Jerusalem. Uit Jesus se antwoord in vers 4 op die vraag van vers 3, blyk dit dat dit belangrik is om teen misleiding te waak, veral wanneer die wederkoms ter sprake is.

Hieruit kan voorlopig afgelei word dat die wederkoms aan ons geopenbaar word om aan ons perspektief op die eindtyd te gee en om misleiding teen te werk.

Matteus 24 blyk dus belangrik te wees vir die studie oor die doel van die openbaring van die wederkoms.

#### 2.2.1.2 Matteus 24:27

... ὥσπερ γὰρ ἡ ἀστραπὴ ἐξέρχεται ἀπὸ ἀνατολῶν καὶ φαίνεται ἕως δυσμῶν, οὕτως ἔσται ἡ **παρουσία** τοῦ υἱοῦ τοῦ ἀνθρώπου·

“Want net soos die weerlig uitslaan in die ooste en skyn tot in die weste, so sal die **koms** van die Seun van die Mens wees.”

Hierdie vers is deel van Jesus se Profetiese Rede en sy wederkoms is beslis ter sprake (Blomberg, 1992:361). Jesus noem Homself die "Seun van die Mens" en beskryf hier die uitkenbare aard van sy wederkoms, juis om misleiding deur vals christusse en vals profete teen te werk. Dit mag dus ook dui op die doel van die openbaring van die wederkoms.

Matteus 24, soos reeds vasgestel, moet daarom verder ondersoek word.

#### 2.2.1.3 Matteus 24:37

... ὥσπερ γὰρ αἱ ἡμέραι τοῦ Νῶε, οὕτως ἔσται ἡ **παρουσία** τοῦ υἱοῦ τοῦ ἀνθρώπου.

"Want net soos in die dae van Noag, so sal die **koms** van die Seun van die Mens wees."

Jesus verwys hier, steeds as deel van sy Profetiese Rede, na sy eie wederkoms en Hy is besig om aan te toon dat niemand weet wanneer die wederkoms sal plaasvind nie (Campbell, 2008:148). Hy beskryf Homself as die "Seun van die Mens" en Hy vergelyk die tyd voor die wederkoms met die tyd voor die sondvloed. Hier is duidelik 'n waarskuwing om gereed te wees vir die wederkoms (vgl. ook vers 44) en dit kan ook dui op 'n doel van die openbaring van die wederkoms, naamlik as aansporing om daarvoor gereed te wees.

Matteus 24, soos reeds vasgestel, verdien verdere aandag in die studie.

#### 2.2.1.4 Matteus 24:39

... καὶ οὐκ ἔγνωσαν ἕως ἦλθεν ὁ κατακλυσμὸς καὶ ἦρεν ἅπαντας, οὕτως ἔσται [καὶ] ἡ **παρουσία** τοῦ υἱοῦ τοῦ ἀνθρώπου.

" ... en hulle niks vermoed het totdat die vloed gekom en almal meegesleur het nie, só sal ook die **koms** van die Seun van die Mens wees."

Ook hierdie vers is nog deel van die Profetiese Rede en handel oor die wederkoms (Barbieri, 1985:79). Jesus is besig om aan te toon dat niemand weet wanneer die wederkoms sal plaasvind nie. Hy beskryf Homself ook hier as die "Seun van die Mens" en Hy vergelyk die tyd voor die wederkoms met die tyd voor die sondvloed. Hierdie is duidelik 'n waarskuwing om gereed te wees vir die wederkoms (vgl. ook vers 44) en dit kan ook dui op 'n doel van die openbaring van die wederkoms, naamlik as aansporing om gereed te wees daarvoor.

Matteus 24, soos reeds vasgestel, moet dus verder ondersoek word.

#### 2.2.1.5 1 Korintiërs 15:23

... ἕκαστος δὲ ἐν τῷ ἰδίῳ τάγματι· ἀπαρχὴ Χριστός, ἔπειτα οἱ τοῦ Χριστοῦ ἐν τῇ **παρουσίᾳ** αὐτοῦ, ...

"Maar elkeen volgens ŉ bepaalde orde: as eersteling Christus, daarna, met sy **koms**, hulle wat aan Christus behoort."

Paulus is besig om die opstanding uit die dood te bespreek en hy bring dit direk in verband met die wederkoms van Christus (Barnett, 2000:287). Dit is duidelik dat troos en bemoediging hier ŉ groot rol speel en dit mag ŉ aanduiding wees van die doel van die openbaring van die wederkoms. Die geïmpliseerde onderskeid tussen die wat aan Christus behoort by sy wederkoms en die wat nie aan Hom behoort nie, kan enersyds dui op troos vir hulle wat aan Hom behoort en andersyds op waarskuwing of aanmoediging tot bekering aan die wat (nog) nie aan Hom behoort nie.

ŉ Ondersoek van 1 Korintiërs 15 kan dus lig werp op die vraag na die doel van die openbaring van die wederkoms.

#### 2.2.1.6 1 Korintiërs 16:17

... χαίρω δὲ ἐπὶ τῇ **παρουσίᾳ** Στεφανᾶ καὶ Φορτουνάτου καὶ Ἀχαϊκοῦ, ὅτι τὸ ὑμέτερον ὑστέρημα οὗτοι ἀνεπλήρωσαν·

"Ek is bly oor die **koms** van Stefanas, Fortunatus, en Agaïkus, want hulle het vergoed vir my gemis aan julle."

Paulus spreek sy blydskap uit oor die aankoms van Stefanas, Fortunatus, en Agaïkus by hom (Naylor, 2004:483). Die vers is een van die voorbeelde waar παρουσία die gewone aankoms van mense op ŉ plek aandui en kan om hierdie rede nie verbind word met die wederkoms van Christus nie.

Die Skrifdeel hoef daarom nie verder ondersoek te word nie.

#### 2.2.1.7 2 Korintiërs 7:6, 7

... ἀλλ' ὁ παρακαλῶν τοὺς ταπεινοὺς παρεκάλεσεν ἡμᾶς ὁ θεὸς ἐν τῇ **παρουσίᾳ** Τίτου, οὐ μόνον δὲ ἐν τῇ **παρουσίᾳ** αὐτοῦ ἀλλὰ καὶ ἐν τῇ παρακλήσει ᾗ παρεκλήθη ἐφ' ὑμῖν, ἀναγγέλλων ἡμῖν τὴν ὑμῶν ἐπιπόθησιν, τὸν ὑμῶν ὀδυρμόν, τὸν ὑμῶν ζῆλον ὑπὲρ ἐμοῦ ὥστε με μᾶλλον χαρῆναι.

“Maar God, wat neerslagtiges bemoedig, het ons bemoedig deur die **koms** van Titus – en nie net deur sy **koms** nie, maar ook deur die bemoediging waarmee hy oor julle bemoedig is. Hy het ons kom vertel van julle verlange, van julle berou, van julle ywer vir my, sodat ek my nou nog meer verheug.”

Die koms van Titus, wat vir Paulus bemoedig het, is hier by beide gevalle van die gebruik van παρουσία ter sprake (Garland, 1999:351). In dié geval is daar geen direkte verband met die wederkoms van Jesus Christus nie en die Skrifgedeelte hoef nie verder nagevors te word nie.

#### 2.2.1.8 2 Korintiërs 10:10

ὅτι, Αἱ ἐπιστολαὶ μέν, φησίν, βαρεῖαι καὶ ἰσχυραί, ἡ δὲ **παρουσία** τοῦ σώματος ἀσθενὴς καὶ ὁ λόγος ἐξουθενημένος.

“Want, sê hulle: ‘Sy briewe is gewigtig en streng, maar sy persoonlike **teenwoordigheid** is swak en sy woorde niks werd nie.’”

Paulus is besig om hom te verweer teen kritiek op sy apostelskap en hy haal van die kritiek teen hom aan (Grogan, 2007:238). Die woord παρουσία word hier gebruik om na Paulus se teenwoordigheid te verwys en nie na die wederkoms van Jesus Christus nie.

Derhalwe hoef hierdie Skrifgedeelte nie verder ondersoek te word nie.

#### 2.2.1.9 Filippense 1:26

... ἵνα τὸ καύχημα ὑμῶν περισσεύῃ ἐν Χριστῷ Ἰησοῦ ἐν ἐμοὶ διὰ τῆς ἐμῆς **παρουσίας** πάλιν πρὸς ὑμᾶς.

“So sal julle, omdat ek weer by julle **is**, baie meer in Christus Jesus oor my kan roem.”

Paulus sê dat sy teenwoordigheid by die Filippense vir hulle rede gee om te roem in Christus Jesus (Melick, 1991:88).

Die gebruik van παρουσία verwys na Paulus se teenwoordigheid en kan nie aan die wederkoms van Christus verbind word nie. Die Skrifdeel hoef dus nie verder ondersoek te word nie.

#### 2.2.1.10 Filippense 2:12

Ὥστε, ἀγαπητοί μου, καθὼς πάντοτε ὑπηκούσατε, μὴ ὡς ἐν τῇ **παρουσίᾳ** μου μόνον ἀλλὰ νῦν πολλῷ μᾶλλον ἐν τῇ ἀπουσίᾳ μου, μετὰ φόβου καὶ τρόμου τὴν ἑαυτῶν σωτηρίαν κατεργάζεσθε·

“Daarom, my geliefdes, soos julle altyd gehoorsaam was, nie net in my **teenwoordigheid** nie, maar nou ook nog veel meer in my afwesigheid – werk met vrees en bewing aan julle verlossing.”

Paulus wys die Filippense daarop dat hulle gehoorsaam was, nie net wanneer hy teenwoordig was nie, maar ook wanneer hy afwesig was, en hy moedig hulle aan om aan hulle verlossing te werk (Hansen, 2009:171).

Die wederkoms van ons Here Jesus is dus nie hier ter sprake nie en die Skrifdeel hoef nie verder ondersoek te word nie.

**2.2.1.11 1 Tessalonisense 2:19**

... τίς γὰρ ἡμῶν ἐλπὶς ἢ χαρὰ ἢ στέφανος καυχήσεως — ἢ οὐχὶ καὶ ὑμεῖς — ἔμπροσθεν τοῦ κυρίου ἡμῶν Ἰησοῦ ἐν τῇ αὐτοῦ **παρουσίᾳ**;

“Want watter hoop of vreugde of kroon van roem, behalwe juis julle, sal daar vir ons by die Here Jesus wees wanneer Hy **kom**?”

Paulus is besig om die Tessalonisense te bemoedig en die wederkoms van die Here Jesus is beslis hier ter sprake (Shenton, 2006:52). Die Tessalonisense en hulle geloof sal vir Paulus ŉ bron van blydskap wees wanneer die Here weer kom. Hier kry die doel van die openbaring van die wederkoms moontlik ŉ interessante dimensie. Die wederkoms word aan gelowiges geopenbaar sodat hulle so sal lewe dat hulle en hulle geloof ŉ bron van blydskap vir die Woordverkondigers sal wees by die wederkoms.

1 Tessalonisense 2 verdien daarom verdere aandag.

**2.2.1.12 1 Tessalonisense 3:13**

... εἰς τὸ στηρίξαι ὑμῶν τὰς καρδίας ἀμέμπτους ἐν ἁγιωσύνῃ ἔμπροσθεν τοῦ θεοῦ καὶ πατρὸς ἡμῶν ἐν τῇ **παρουσίᾳ** τοῦ κυρίου ἡμῶν Ἰησοῦ μετὰ πάντων τῶν ἁγίων αὐτοῦ[, ἀμήν].

“Mag Hy julle harte versterk, sodat julle met die **koms** van ons Here Jesus saam met al sy heiliges, vlekkeloos in heiligheid voor ons God en Vader kan wees. *Amen.*”

Die wederkoms is sonder twyfel hier ter sprake (Ewert, 1995:1 Th 3:13). Paulus is besig om die Tessalonisense aan te spoor om in liefde te lewe en om heilig en onberispelik te wees voor God met die Here Jesus se wederkoms. Oor die wyse van die wederkoms word geopenbaar dat Jesus met die heiliges gaan terugkeer. Die idee van oordeel blyk ook teenwoordig te wees. Vandaar die aansporing om heilig en onberispelik te wees met Jesus se wederkoms.

Aansporing tot liefde en ŉ heilige lewe mag moontlik ŉ doel wees met die openbaring van die wederkoms.

1 Tessalonisense 3 moet dus verder ondersoek word.

**2.2.1.13 1 Tessalonisense 4:15**

Τοῦτο γὰρ ὑμῖν λέγομεν ἐν λόγῳ κυρίου, ὅτι ἡμεῖς οἱ ζῶντες οἱ περιλειπόμενοι εἰς τὴν **παρουσίαν** τοῦ κυρίου οὐ μὴ φθάσωμεν τοὺς κοιμηθέντας·

“Want dit sê ons vir julle deur die woord van die Here: Ons wat lewe, wat agtergebly het tot die **koms** van die Here, sal beslis nie diegene wat gesterf het, voor wees nie.”

Die wederkoms is beslis hier ter sprake (Dockery, 1998:597). Paulus is besig om die Tessalonisense toe te rus met kennis van wat met die ontslapenes gebeur, sodat hulle nie sonder hoop sal treur nie en hulle mekaar kan troos wanneer geliefdes sterf. Hier word geopenbaar dat sommige gelowiges nog sal lewe by Jesus se wederkoms, hoewel sommige reeds dood sal wees. Heelwat word ook geopenbaar oor die manier waarop Jesus gaan kom (byvoorbeeld in 4:16). Die feit dat ons na die wederkoms vir ewig saam met ons geliefdes by die Here sal wees, bring groot troos en dit mag ook betekenis hê vir navorsing oor die doel van die openbaring van die wederkoms.

1 Tessalonisense 4 noodsaak verdere ondersoek om laasgenoemde rede.

**2.2.1.14 1 Tessalonisense 5:23**

Αὐτὸς δὲ ὁ θεὸς τῆς εἰρήνης ἁγιάσαι ὑμᾶς ὁλοτελεῖς, καὶ ὁλόκληρον ὑμῶν τὸ πνεῦμα καὶ ἡ ψυχὴ καὶ τὸ σῶμα ἀμέμπτως ἐν τῇ **παρουσίᾳ** τοῦ κυρίου ἡμῶν Ἰησοῦ Χριστοῦ τηρηθείη.

“En mag God self, die God van vrede, julle in elke opsig heilig maak; en mag julle volledig na gees, siel en liggaam vlekkeloos bewaar word tot ons Here Jesus Christus **kom**.”

Die Skrifdeel handel baie duidelik oor die wederkoms van ons Here Jesus Christus (Ewert, 1995:1 Th 5:23). Paulus spreek die begeerte uit dat die Tessalonisense vlekkeloos bewaar sal word tot met die wederkoms. Dit is oënskynlik beide ŉ aansporing tot ŉ heilige lewe en tot geloof in die Here en mag moontlik dui op die doel van die openbaring van die wederkoms.

1 Tessalonisense 5 moet derhalwe verder ondersoek word.

**2.2.1.15 2 Tessalonisense 2:1**

Ἐρωτῶμεν δὲ ὑμᾶς, ἀδελφοί, ὑπὲρ τῆς **παρουσίας** τοῦ κυρίου ἡμῶν Ἰησοῦ Χριστοῦ καὶ ἡμῶν ἐπισυναγωγῆς ἐπ' αὐτὸν ...

"Wat die **koms** van ons Here Jesus Christus en ons ontmoeting met Hom betref, vra ons julle, broers, ..."

Dit is duidelik dat die wederkoms ter sprake is (Cara, 2009:195). Paulus waarsku die Tessalonisense om koelkop te bly wanneer dit oor die wederkoms gaan. Hy koppel die wederkoms en ons hereniging met die Here baie duidelik aan mekaar, wat troosryk is en mag dui op 'n openbaringsdoelwit. Hy waarsku teen misleiding oor die wederkoms (2:3), wat moontlik dui op 'n verdere openbaringsdoelwit, asook teen die koms van die groot afvalligheid en die Antichris, wat eweneens op die doel van die openbaring van die wederkoms mag dui.

2 Tessalonisense 2 verdien dus verdere ondersoek.

**2.2.1.16 2 Tessalonisense 2:8, 9**

... καὶ τότε ἀποκαλυφθήσεται ὁ ἄνομος, ὃν ὁ κύριος [Ἰησοῦς] ἀνελεῖ τῷ πνεύματι τοῦ στόματος αὐτοῦ καὶ καταργήσει τῇ ἐπιφανείᾳ τῆς **παρουσίας** αὐτοῦ, οὗ ἐστιν ἡ **παρουσία** κατ' ἐνέργειαν τοῦ Σατανᾶ ἐν πάσῃ δυνάμει καὶ σημείοις καὶ τέρασιν ψεύδους ...

"En dan sal die wettelose mens geopenbaar word, die een vir wie die Here Jesus deur die asem van sy mond sal uitwis – ja Hy sal Hom deur die glans van sy **teenwoordigheid** vernietig. Deur die werking van die Satan sal die **koms** van die wettelose mens gepaardgaan met geweldige magsvertoon en allerlei vals tekens en wonders ..."

Baie duidelik word παρουσία in die eerste geval (2:8) gebruik om die wederkoms van die Here aan te dui (Green, 2002:320). Paulus is besig om die gelowiges te troos en te bemoedig daarmee dat Jesus die mens van wetteloosheid sal vernietig by sy wederkoms, wat op 'n openbaringsdoelwit mag dui. Interessant ook is dat drie verskillende woorde wat na die wederkoms kan verwys (vgl. 1.3), hier in een sin gebruik word, naamlik ἀποκαλυφθήσεται, ἐπιφανείᾳ en παρουσίας. Uiteraard word ἀποκαλυφθήσεται egter hier in verband met die mens van wetteloosheid gebruik en nie in verband met die Here nie. Die tweede gebruik van παρουσία (2:9) dui die koms van die wettelose mens aan en nie die wederkoms van Jesus Christus nie (Cara, 2009:209).

2 Tessalonisense 2, soos reeds aangedui, moet verder ondersoek word.

**2.2.1.17 Jakobus 5:7, 8**

Μακροθυμήσατε οὖν, ἀδελφοί, ἕως τῆς **παρουσίας** τοῦ κυρίου. ἰδοὺ ὁ γεωργὸς ἐκδέχεται τὸν τίμιον καρπὸν τῆς γῆς μακροθυμῶν ἐπ' αὐτῷ ἕως λάβῃ πρόϊμον καὶ ὄψιμον. μακροθυμήσατε καὶ ὑμεῖς, στηρίξατε τὰς καρδίας ὑμῶν, ὅτι ἡ **παρουσία** τοῦ κυρίου ἤγγικεν.

"Wees geduldig, broers, tot met die **wederkoms** van die Here. Kyk, die landbouer wag met geduld op die waardevolle opbrengs van die aarde tot die vroeë en laat reëns geval het. Wees dan geduldig, staal julle harte, want die **wederkoms** van die Here is naby."

Παρουσία word twee maal gebruik en in albei gevalle dui dit duidelik op die wederkoms van die Here (Ellenburg & Morgan, 2008:178). Jakobus is besig om die gelowiges hier te bemoedig om geduldig te wees (in beproewings) en om hulle harte te versterk, omdat die wederkoms naby is, wat op 'n openbaringsdoelwit mag dui. Die beeld van die landbouer dui op gelowige en volhardende afwagting, wat ook 'n aanduiding mag wees van die doel van die openbaring van die wederkoms.

Jakobus 5 verg dus verdere ondersoek.

**2.2.1.18 2 Petrus 1:16**

Οὐ γὰρ σεσοφισμένοις μύθοις ἐξακολουθήσαντες ἐγνωρίσαμεν ὑμῖν τὴν τοῦ κυρίου ἡμῶν Ἰησοῦ Χριστοῦ δύναμιν καὶ **παρουσίαν** ἀλλ' ἐπόπται γενηθέντες τῆς ἐκείνου μεγαλειότητος.

"Ons het ons immers nie op vindingryke fabels verlaat toe ons die kragtige **teenwoordigheid** van ons Here Jesus Christus aan julle bekend gemaak het nie. Inteendeel, ons was ooggetuies van sy ontsagwekkende grootsheid."

Die wederkoms van Jesus Christus is ooglopend hier ter sprake (Gardner, 1998:43). Petrus is besig om die gelowiges aan te spoor en hy wil hê dat hulle na sy heengaan steeds sy prediking sal onthou. Verder van belang is dat hy die inhoud van sy prediking hier tipeer as τὴν τοῦ κυρίου ἡμῶν Ἰησοῦ Χριστοῦ δύναμιν καὶ παρουσίαν, wat op 'n (missiologiese) openbaringsdoelwit mag dui, naamlik dat die wederkoms geopenbaar word sodat dit verkondig kan word.

2 Petrus 1 verg dus verdere navorsing.

**2.2.1.19 2 Petrus 3:4**

... καὶ λέγοντες, Ποῦ ἐστιν ἡ ἐπαγγελία τῆς **παρουσίας** αὐτοῦ; ἀφ' ἧς γὰρ οἱ πατέρες ἐκοιμήθησαν, πάντα οὕτως διαμένει ἀπ' ἀρχῆς κτίσεως.

“ ... en vra: ‘Wat het geword van die belofte van sy **koms**? Sedert die vaders ontslaap het, bly alles steeds soos dit van die begin van die skepping af was.’”

Die wederkoms is duidelik hier ter sprake (Vaughan, 1972:794). Petrus waarsku die gelowiges teen spotters wat die werklikheid van die wederkoms bevraagteken. Nadat hy verskeie Skrifbewyse aangevoer het om die besliste koms van die Here te staaf (3:5-10), roep hy die gelowiges op tot ’n heilige lewe (3:11-14), wat op ’n openbaringsdoelwit kan dui.

2 Petrus 3 noodsaak daarom verdere ondersoek.

**2.2.1.20 2 Petrus 3:12**

... προσδοκῶντας καὶ σπεύδοντας τὴν **παρουσίαν** τῆς τοῦ θεοῦ ἡμέρας δι’ ἣν οὐρανοὶ πυρούμενοι λυθήσονται καὶ στοιχεῖα καυσούμενα τήκεται.

“ ... wat na die **aanbreek** van die dag van God uitsien en dit probeer bespoedig. Dit is die dag waarop die hemele, deurdat dit verbrand word, sal vergaan en die elemente sal uitbrand en wegsmelt.

Interessant is dat hier letterlik van die koms van die dag van God gepraat word. Dit is dus die dag wat kom en nie die Here nie. Tog is hier ’n duidelike verwysing na die wederkoms (Davids, 2006:290) “Die dag” op sigself word soms ook gebruik om die wederkoms mee aan te dui en die Skrifgedeelte verg dus verdere navorsing. Oordeel is beslis hier ter sprake en dit kan op ’n moontlike openbaringsdoelwit dui.

2 Petrus 3 is reeds vir verdere navorsing geoormerk.

**2.2.1.21 1 Johannes 2:28**

Καὶ νῦν, τεκνία, μένετε ἐν αὐτῷ, ἵνα ἐὰν φανερωθῇ σχῶμεν παρρησίαν καὶ μὴ αἰσχυνθῶμεν ἀπ’ αὐτοῦ ἐν τῇ **παρουσίᾳ** αὐτοῦ.

“En nou, kinders, bly in Hom, sodat ons vrymoedigheid kan hê wanneer Hy verskyn en nie met sy **wederkoms** deur Hom in die skande gestel word nie.”

Die wederkoms van die Here is sonder twyfel in hierdie geval aan die orde (Marshall, 1981:165). Die apostel Johannes is besig om die gelowiges aan te moedig om in die Here te bly, sodat hulle vrymoedigheid kan hê by die wederkoms en nie beskaamd van die Here hoef weg te gaan nie. Van belang is dat ἵνα ἐὰν φανερωθῇ saam met ἐν τῇ παρουσίᾳ in een sin gebruik word. Die woorde kan albei met verwysing na die wederkoms gebruik word (vgl. 1.3).

Twee verskillende woorde word hier in een sin gebruik om na dieselfde saak, naamlik die wederkoms, te verwys.

1 Johannes 2 noodsaak verdere navorsing.

### 2.2.2 Konklusie

Uit die 24 keer wat παρουσία in die Nuwe Testament gebruik word, word dit 17 keer in 11 Bybelhoofstukke in verband met die wederkoms gebruik, naamlik in Matteus 24:3, 27, 37, 39; 1 Korintiërs 15:23; 1 Tessalonisense 2:19; 3:13; 4:15; 5:23; 2 Tessalonisense 2:1, 8; Jakobus 5:7, 8; 2 Petrus 1:16; 3:4, 12 en 1 Johannes 2:28. Dit stem ooreen met die navorsing van Hiers (2011:742) wat tot dieselfde gevolgtrekking kom.

Op grond van bogenoemde is die volgende Skrifgedeeltes geïdentifiseer vir verdere ondersoek in die vasstelling van die *telos* van die openbaring van die wederkoms met besondere fokus op die begrip παρουσία:

- Matteus 24
- 1 Korintiërs 15
- 1 Tessalonisense 2
- 1 Tessalonisense 3
- 1 Tessalonisense 4
- 1 Tessalonisense 5
- 2 Tessalonisense 2
- Jakobus 5
- 2 Petrus 1
- 2 Petrus 3
- 1 Johannes 2

Op hierdie Skrifgedeeltes word die ondersoek in die hieropvolgende hoofstukke toegespits.

# Hoofstuk 3: DIE *TELOS* VAN DIE OPENBARING VAN DIE WEDERKOMS AAN DIE HAND VAN ΠΑΡΟΥΣΙΑ IN DIE EVANGELIES

In 2.2.2 is reeds vasgestel in watter Skrifgedeeltes παρουσία met verwysing na die wederkoms van Jesus Christus gebruik word. Daar blyk dit dat Matteus die enigste Evangelieskrywer is wat παρουσία gebruik om na die wederkoms te verwys en ook net in Matteus 24:3, 27, 37 en 39.

## 3.1 Matteus 24

Matteus 24 en 25 vorm saam deel van Jesus se breedvoerige onderrig oor die eindtyd wat bekend staan as die Profetiese Rede. Die inhoud is grootliks eskatologies en die gedeelte handel by uitstek oor die wederkoms en die eindoordeel. Daar kan dus verwag word dat Jesus Christus hier heelwat inligting sal openbaar wat ter sake is vir die vraag: “Wat is die *telos* van die openbaring van die wederkoms?”

Die woord παρουσία kom vier keer voor in Matteus 24, naamlik in verse 3, 27, 37 en 39. In 2.1.4 is παρουσία reeds só gedefinieer: Dit is die sigbare aankoms en teenwoordig wees van die eens (na sy hemelvaart) verborge Jesus Christus by sy mense met sy wederkoms vanaf die hemel, aan die einde van die tyd, in heerlikheid as Regeerder, Regter en magtige God, waarvoor sy mense voorberei het, en wat gepaard sal gaan met lofprysing en eerbewys, wat sy volgelinge met hoop sal vervul en hulle omstandighede sal verander deur hulle vir ewig te verlos.

### 3.1.1 Matteus 24:1-5

Die Profetiese Rede word ingelei met Jesus en sy dissipels wat wegbeweeg van die tempelterrein en op die Olyfberg gaan sit. Terwyl hulle wegbeweeg, vestig Jesus se dissipels sy aandag op die tempelgeboue en Jesus gee dan aan hulle die versekering dat alles afgebreek sal word en dat daar nie een steen op ŉ ander gelaat sal word nie (Matteus 24:1, 2).

Dit lei dan tot die vraag van die dissipels: Εἰπὲ ἡμῖν πότε ταῦτα ἔσται καὶ τί τὸ σημεῖον τῆς σῆς παρουσίας καὶ συντελείας τοῦ αἰῶνος; (24:3).

Hiermee vra die dissipels eintlik twee vrae: Wanneer, met ander woorde, op watter tydstip, sal hierdie dinge wees en wat sal die teken wees van u *parousia* en van die einde van die bedeling? Uit die bewoording van die vraag is dit duidelik dat – in die gedagtes van die dissipels – die drie dinge met mekaar sal saamval, naamlik die verwoesting van die tempel, die *parousia* en die einde van die bedeling (Hendriksen, 2002a:851).

Jesus lui dan sy antwoord in met: Βλέπετε μή τις ὑμᾶς πλανήσῃ· πολλοὶ γὰρ ἐλεύσονται ἐπὶ τῷ ὀνόματί μου λέγοντες, Ἐγώ εἰμι ὁ Χριστός, καὶ πολλοὺς πλανήσουσιν (24:4, 5).

Die BDAG (2000:821) verklaar πλανάω in hierdie konteks as om te mislei of te bedrieg. Hier is dus doelbewuste misleiding en bedrog ter sprake.

"In die Profetiese Rede word daar telkens teen misleiding gewaarsku" (Van Rhyn, 1995:70). Die woord πλανάω word telkens in Matteus 24 gebruik. Morris (1992:597) merk in dié verband op: "All three Evangelists tell us that Jesus' opening remark was to warn the disciples against being *led astray…* Perhaps we should notice Jesus' care for the future conduct of his followers. We should not think of this passage as simply a demonstration of Jesus' power to forecast the future; it was a series of prophecies designed to help believers."

Morris se aanhaling het beslis betekenis vir hierdie studie. Hy bestempel die Profetiese Rede, wat veral oor die wederkoms handel, as 'n reeks profesieë wat daarop gemik is om gelowiges te help. Morris beskou dus die openbaringsdoelwit van die Profetiese Rede as hulp aan gelowiges. Die oogmerk van die studie is juis om vas te stel hoe gelowiges gehelp word deur die openbaring van die wederkoms.

Die hoofvraag van hierdie studie is: "Wat is die doel van die openbaring van die wederkoms?" In Matteus 24:4, 5 word duidelik geopenbaar dat die wederkoms kom, maar veral dat daar sekere dinge die wederkoms voorafgaan. In besonder kan doelbewuste misleiding en bedrog in verband met die wederkoms verwag word.

Daarom dan ook Jesus se ernstige waarskuwing in 24:4: Βλέπετε μή τις ὑμᾶς πλανήσῃ· Dit is duidelik dat hierdie waarskuwing teen misleiding baie nou gekoppel is aan Jesus se wederkoms. Jesus openbaar ook hier wat die inhoud van die misleiding sal wees: πολλοὶ γὰρ ἐλεύσονται ἐπὶ τῷ ὀνόματί μου λέγοντες, Ἐγώ εἰμι ὁ Χριστός, καὶ πολλοὺς πλανήσουσιν (24:5). Die misleiers sal as't ware die wederkoms valslik naboots en voorgee dat hulle die weergekome Christus is.

Hieruit kan die volgende afgelei word: Jesus openbaar dat daar voor sy wederkoms baie misleiers in sy Naam sal kom en sal sê dat hulle (en nie Hy nie) die Christus is en baie sal hulle volg. Daarom dan ook sy direkte waarskuwing: "Pasop dat niemand julle mislei nie" (24:4).

Om nie mislei te word nie, moet die dissipels vir Jesus self uit die hemel verwag en nie iemand anders nie. As hulle iemand anders as Hy sou verwag, sal hulle mislei kan word.

#### 3.1.1.1 Konklusie

Jesus openbaar dat Hy self weer gaan kom, sodat die gelowiges Hom in eie persoon sal verwag en nie iemand anders wat daarop uit sal wees om hulle te mislei nie. Daarmee wil Hy enige vorm van misleiding voorkom.

#### 3.1.1.2 Openbaringsdoelwit

Aan die hand van die definisie van παρουσία (2.1.4) kan die volgende openbaringsdoelwit geformuleer word: Om misleiding te voorkom, openbaar Jesus dat Hy self in persoon sigbaar sal aankom en teenwoordig sal wees by sy mense met sy wederkoms vanaf die hemel, aan die einde van die tyd. Hulle moet Hom in eie persoon verwag as Regeerder, Regter en magtige God, sodat hulle nie deur die misleiers mislei sal word nie.

### 3.1.2 Matteus 24:6-14

Jesus is nog steeds besig om sy dissipels se vraag in 24:3 (Εἰπὲ ἡμῖν πότε ταῦτα ἔσται καὶ τί τὸ σημεῖον τῆς σῆς παρουσίας καὶ συντελείας τοῦ αἰῶνος) te beantwoord. Aangesien die vraag oor sy παρουσία handel, is die Skrifgedeelte van belang vir die studie.

Die dissipels se vraag handel oor die sogenaamde tekens van die tye. As deel van sy antwoord noem Jesus eers sekere dinge wat gaan gebeur:

- Die rumoer van oorloë en gerugte van oorloë (:6);
- Die een nasie sal teen die ander te staan kom en die een koninkryk teen die ander (:7);
- Daar sal op baie plekke hongersnood en aardbewings wees (:7);
- Gelowiges sal oorgelewer word om mishandel te word, en sal doodgemaak word (:9);
- Gelowiges sal deur al die nasies gehaat word omdat hulle Christus se Naam bely (:9);
- Baie mense sal van die geloof afvallig word, en hulle sal mekaar verraai en mekaar haat (:10);
- Baie vals profete sal kom en hulle sal baie mense mislei (:11);
- Minagting van die wet van God sal toeneem en by baie sal die liefde verkoel (:12);
- Die evangelie van die koninkryk sal in die hele wêreld verkondig word tot getuienis vir al die nasies (:14).

#### 3.1.2.1 Matteus 24:6

Jesus stel dit duidelik dat hierdie dinge sy *parousia* vooraf sal gaan, maar dat dit nie teken van sy *parousia* as sodanig sal wees nie. Sy woorde in 24:6 (ἀλλ’ οὔπω ἐστὶν τὸ τέλος) dui duidelik aan dat hierdie dinge is wat gaan gebeur, maar dat dit nog nie die einde is nie. Dit is nog net die begin van die smarte (24:8). Jesus se woorde in 24:14, καὶ τότε ἥξει τὸ τέλος, dui net soos in vers 24:6, duidelik aan dat hierdie dinge gaan gebeur, maar dat die einde eers daarna sal kom.

Jesus wil dus hê dat sy dissipels reg sal dink oor die teken van sy *parousia* en Hy ruim misverstand uit die weg deur te sê wat dit nié sal wees nie.

Van belang vir die studie, is Jesus se woorde in 24:6, ὁρᾶτε μὴ θροεῖσθε, en sy woorde in 24:13, ὁ δὲ ὑπομείνας εἰς τέλος οὗτος σωθήσεται. Hier is dus twee openbaringsdoelwitte ter sprake.

Met sy woorde in 24:6 wil Jesus sy dissipels gerusstel sodat hulle nie verskrik raak nie. Die BDAG (2000:460) verklaar θροεῖσθε as “*be inwardly aroused* … , *be disturbed* or *frightened*.”

Morris (1992:598) brei soos volg hierop uit: “This is the significance of *it is necessary.* Although in a time when people are caught up in war and when other wars are rumored it seems that evil is in control, this is illusory. God is in control, and all apparent triumphs of wrong will in the end be seen to fit into his perfect plan. The wars and the like of which Jesus speaks are events that must happen, but they do not mean *the end* of all things. That end will take place in the way and time that God wills, but the conflicts of which Jesus speaks are no more than part of the preliminaries. *The end is not yet.”*

Al hierdie dinge sal egter uitloop op die wederkoms, as deel van God se raadsplan. Jesus troos dus sy dissipels, sodat hulle nie verskrik sal word wanneer hierdie dinge gebeur nie. Hy troos hulle met die feit dat sy parousia aan die einde van al hierdie dinge sal plaasvind.

3.1.2.1.1 Konklusie

Ontstellende gebeure sal die wederkoms voorafgaan. Jesus wil hê dat sy dissipels die betekenis van hierdie dinge reg sal verstaan. Sodat hulle nie verskrik sal wees as hierdie dinge plaasvind nie, openbaar Hy aan hulle dat sy wederkoms na hierdie dinge sal plaasvind.

3.1.2.1.2 Openbaringsdoelwit

Aan die hand van die definisie van παρουσία (vgl. 2.1.4) kan die volgende openbaringsdoelwit geformuleer word: Te midde van ontstellende gebeure in die wêreld troos Jesus Christus sy volgelinge sodat hulle nie ontsteld sal word nie. Die troos is: Na al hierdie ontstellende dinge sal

Hy sigbaar aankom en teenwoordig wees by sy mense, in heerlikheid as Regeerder, Regter en magtige God, wat sy volgelinge met hoop sal vervul en tot in ewigheid by hulle sal bly.

#### 3.1.2.2 Matteus 24:13

Met sy woorde in 24:13, ὁ δὲ ὑπομείνας εἰς τέλος οὗτος σωθήσεται, wil Jesus sy dissipels aanmoedig om te volhard, want, sê Hy: "Die wat volhard tot die einde toe, sal gered word."

Die BDAG (2000:1039) verklaar ὑπομένω in hierdie geval as "to maintain a belief or course of action in the face of opposition, *stand one's ground, hold out, endure."* Die volharding kan dus na 24:4 en 24:5 verwys waar daar gewaarsku word teen die misleiding van mense wat hulle valslik voordoen as die Christus, want die gelowiges word aangemoedig om te volhard in die ware geloof dat Jesus self weer sal kom. Die volharding kan egter ook verwys na 24:6-14 waar die moeilike dinge wat die wederkoms vooraf sal gaan, beskryf word. In die geval word gelowiges dan aangemoedig om uit te hou tot met die wederkoms. Waarskynlik verwys die volharding na beide. Die gelowiges moet in die ware geloof volhard dat Jesus weer sal kom en hulle moet volhard in die moeilike tye wat die wederkoms vooraf sal gaan.

Die redding (οὗτος σωθήσεται) waarvan sprake is in 24:13, is die saligmakende verlossing deur Jesus Christus (Ridderbos, s.a.b.:146). Saam met die aanmoediging om te volhard, kom dus ook die troos van ewige verlossing.

3.1.2.2.1 Konklusie

Te midde van die gevaar van misleiding en te midde van moeilike omstandighede openbaar Jesus Christus aan sy volgelinge dat Hy weer gaan kom, sodat hulle kan volhard in die ware geloof en kan uithou in die moeilike omstandighede.

3.1.2.2.2 Openbaringsdoelwit

Aan die hand van die definisie van παρουσία (2.1.4) kan die volgende openbaringsdoelwit geformuleer word: Te midde van pogings tot misleiding en te midde van moeilike omstandighede in die wêreld, word die wederkoms aan gelowiges geopenbaar en so word hulle aangemoedig om te volhard in die ware geloof. Jesus Christus gaan immers weer kom en Hy sal teenwoordig wees by sy mense as Regeerder, Regter en magtige God. Hy sal sy volgelinge met hoop vervul en aan hulle ewige heil skenk.

### 3.1.3 Matteus 24:15-22

Hierdie perikoop het geen direkte verbintenis met die *parousia* van Jesus Christus nie en moet eerder verbind word met die verwoesting van die tempel waarna Jesus in 24:2 verwys

(Ridderbos, s.a.b.:148). Die verwoesting van die tempel en die verdrukking wat daarmee gepaard sou gaan is egter wel ŉ voorloper van die groot verdrukking wat net voor die wederkoms sal plaasvind (Ridderbos, s.a.b.:148). Die Skrifdeel val dus buite die skopus van die studie.

### 3.1.4 Matteus 24:23-31

Drie van die ses geïdentifiseerde woorde wat na die wederkoms kan verwys, kom in Matteus 24:23-31 voor, naamlik παρουσία (24:27), ἡμέρα (24:29) en ἒρχομαι (24:30).

Daar moet egter vasgestel word of die betrokke woorde hier na die wederkoms verwys, al dan nie.

Vers 27 lui: ὥσπερ γὰρ ἡ ἀστραπὴ ἐξέρχεται ἀπὸ ἀνατολῶν καὶ φαίνεται ἕως δυσμῶν, οὕτως ἔσται ἡ παρουσία τοῦ υἱοῦ τοῦ ἀνθρώπου·

Die “Seun van die Mens” is baie duidelik ŉ verwysing na Jesus Christus. Volgens Ladd (1993:144) is hierdie benaming in die sinoptiese Evangelies een van die belangrikste maniere waarop daar na Jesus Christus verwys word. Met ἡ παρουσία τοῦ υἱοῦ τοῦ ἀνθρώπου word daar dus wel na die wederkoms van Jesus Christus verwys. (Op die benaming “Seun van die Mens” word hier onder in 3.1.4.1. meer breedvoerig ingegaan.)

Vers 29 lui: Εὐθέως δὲ μετὰ τὴν θλῖψιν τῶν ἡμερῶν ἐκείνων ὁ ἥλιος σκοτισθήσεται, καὶ ἡ σελήνη οὐ δώσει τὸ φέγγος αὐτῆς, καὶ οἱ ἀστέρες πεσοῦνται ἀπὸ τοῦ οὐρανοῦ, καὶ αἱ δυνάμεις τῶν οὐρανῶν σαλευθήσονται.

Die vraag is of τῶν ἡμερῶν ἐκείνων in hierdie sin na die wederkoms verwys, al dan nie. Die eerste aanduiding dat dit nie na die wederkoms verwys nie, is die feit dat ἡμερῶν in die meervoud staan, terwyl verwysings na die wederkoms as “die dag” gewoonlik in die enkelvoud staan. Voorts is dit duidelik dat hierdie ŉ verwysing is na die dae van die verdrukking wat die wederkoms vooraf sal gaan en nie na die dag van die wederkoms as sodanig nie (Morris, 1992:609).

Vers 30 lui: καὶ τότε φανήσεται τὸ σημεῖον τοῦ υἱοῦ τοῦ ἀνθρώπου ἐν οὐρανῷ, καὶ τότε κόψονται πᾶσαι αἱ φυλαὶ τῆς γῆς καὶ ὄψονται τὸν υἱὸν τοῦ ἀνθρώπου ἐρχόμενον ἐπὶ τῶν νεφελῶν τοῦ οὐρανοῦ μετὰ δυνάμεως καὶ δόξης πολλῆς· Die verwysing na die Seun van die Mens wat op die wolke van die hemel kom met krag en groot heerlikheid, is baie duidelik ŉ verwysing na die wederkoms van Jesus Christus (Grosheide, 1954:368).

In Matteus 24:23-31 word daar dus soos volg na die wederkoms verwys: οὕτως ἔσται ἡ παρουσία τοῦ υἱοῦ τοῦ ἀνθρώπου (:27) en ὄψονται τὸν υἱὸν τοῦ ἀνθρώπου ἐρχόμενον ἐπὶ τῶν νεφελῶν τοῦ οὐρανοῦ μετὰ δυνάμεως καὶ δόξης πολλῆς (:30).

### 3.1.4.1 Seun van die Mens

Die term die “Seun van die Mens” kom in 24:27, sowel as in 24:30 voor. “Seun van die Mens” is duidelik die subjek van die παρουσία in 24:27, aangesien τοῦ υἱοῦ τοῦ ἀνθρώπου as ʼn subjektiewe genitief gebruik word (vgl. Jordaan, 2014:116). Voordat die *telos* van die openbaring van die wederkoms in die Skrifdeel verder ondersoek kan word, moet die benaming “Seun van die Mens” eers ondersoek word.

“Seun van die Mens” was, volgens Ladd (1993:144), een van die gunsteling maniere waarmee Jesus na Homself verwys het en hy maak ook die volgende indeling: “The use of ‘Son of Man’ in the Synoptics falls into three distinct categories: the Son of Man on earth serving; the Son of Man in suffering and death; the Son of Man in eschatological glory” (Ladd, 1993:147). In hierdie studie word daar veral gefokus op die Seun van die Mens, Jesus Christus, wat eskatologies in heerlikheid kom.

Volgens Calvyn (2010a:146-147) gebruik Jesus Christus hierdie term, wat die klem lê op sy menslikheid, om Homself mee aan te dui. Hy gebruik, volgens Calvyn, juis hierdie term omdat sy Goddelikheid tot dusver onsienlik was, maar by sy wederkoms in heerlikheid duidelik sigbaar sal wees.

In die Nuwe Testament word Jesus nie net die Seun van die Mens genoem nie, maar ook die Seun van God, byvoorbeeld in Matteus 14:33. Daar kan met Sproul (2009:29) saamgestem word as hy sê: “These two titles appearing in this way offer a strong temptation to assume that ‘Son of God’ refers exclusively to Jesus’ deity and ‘Son of Man’ refers exclusively to His humanity. However, approaching these titles in this way would lead us into very serious error.”

Volgens Sproul (2009:30) is “Seun van die Mens” Jesus se gunstelingbeskrywing van Homself en gaan dit oor veel meer as net nederigheid wanneer die Seun van God na Homself verwys as die Seun van die Mens. Die titel het ʼn Ou-Testamentiese oorsprong: “References to the figure of the Son of Man are found in Daniel, Ezekiel, and some extra-biblical writings of rabbinic Judaism. Though scholars disagree, the historic consensus is that Jesus adopted the meaning of the term *Son of Man* as it is found in Daniel’s visionary work (Sproul, 2009:31).”

In Daniël 7:13 en 14 is daar ʼn beskrywing van die Seun van die Mens: חָזֵ֤ה הֲוֵית֙ בְּחֶזְוֵ֣י לֵֽילְיָ֔א וַאֲר֗וּ
עִם־עֲנָנֵ֣י שְׁמַיָּ֔א כְּבַ֥ר אֱנָ֖שׁ אָתֵ֣ה הֲוָ֑ה וְעַד־עַתִּ֤יק יֽוֹמַיָּא֙ מְטָ֔ה וּקְדָמ֖וֹהִי הַקְרְבֽוּהִי׃ וְלֵ֨הּ יְהִ֤יב שָׁלְטָן֙ וִיקָ֣ר וּמַלְכ֔וּ וְכֹ֣ל
עַֽמְמַיָּ֔א אֻמַיָּ֥א וְלִשָּׁנַיָּ֖א לֵ֣הּ יִפְלְח֑וּן שָׁלְטָנֵ֞הּ שָׁלְטָ֤ן עָלַם֙ דִּֽי־לָ֣א יֶעְדֵּ֔ה וּמַלְכוּתֵ֖הּ דִּי־לָ֥א תִתְחַבַּֽל׃ פ

Die Nuwe-Testamentiese titel “Seun van die Mens” het dus sy wortels in כְּבַר אֱנָשׁ, wat letterlik “soos die seun van 'n mens” vertaal moet word (Keil, 1982:236). “The comparison (כְּ*, as* a man) proves accordingly much more, that this heavenly or divine being was in human form” (Keil, 1982:236). Wat dus opvallend is, is dat die persoon wat hier in Daniël beskryf word, nie 'n menslike figuur is nie, maar 'n Goddelike of hemelse figuur wat met heerlikheid beklee is, maar wat soos 'n mens lyk. Daar is immers heerskappy en eer en koningskap aan Hom gegee en al die volke en nasies en tale het Hom vereer. Boonop is sy heerskappy vir ewig en sy koningskap onverganklik (Dan. 7:14). Sy wese is dus Goddelik, maar Hy lyk soos 'n mens in die visioen.

Daar kan dus met Calvyn (2010b:44-45) saamgestem word, as hy ten opsigte van die Seun van die Mens in Daniël 7:13 en 14 opmerk: “We observe how well all these things agree, when the Prophet here says, *The chief power was given to Christ*.” Die Seun van die Mens is Jesus Christus; God wat in die visioen soos 'n mens lyk, God wat in die visioen in die vorm van 'n mens verskyn.

Oor die verskyning van Jesus Christus in die Ou Testament as die Seun van die Mens skryf Sproul (2009:31): “The testimony in the New Testament to the preexistence of Jesus is inseparably linked to the Son of Man motif. He is the one who is sent from the Father. The theme of the *descent* of Christ is the basis for His ascension. ‘No one has ascended into heaven except he who descended from heaven, the Son of Man’ (John 3:13). It is not enough to declare that the New Testament writers confessed Jesus was a heavenly being. Jesus was not just any heavenly being—angels are heavenly beings, but they are not like Jesus. He was described in language restricted to deity alone.” Weereens word die klem geplaas op die Goddelikheid van die Seun van die Mens en nie op sy menslikheid nie. “By the term ‘Son of Man’, Jesus laid claim to heavenly dignity and probably to pre-existence itself and claimed to be the one who would one day inaugurate the glorious Kingdom. But in order to accomplish this, the Son of Man must become the Suffering Servant and submit to death.”(Ladd, 1993:156)

Dit word ook so deur Fausset (1997a:635) verstaan dat die Seun van die Mens Jesus Christus is en hy merk op: “This title is always associated with His coming again, because the kingdom that then awaits Him in that belongs to Him as the Saviour of man, the Restorer of the lost inheritance. ‘Son of man’ expresses His visible state formerly in his humiliation hereafter in His exaltation.” Só gesien is daar teologies 'n sterk ooreenkoms tussen die benaming “Seun van die Mens”, wat gewoonlik met die wederkoms verbind word (Fausset, 1997a:635), en die definisie van παρουσία in 2.1.4: “Dit is die sigbare aankoms en teenwoordig wees van die eens (vir die wêreld) verborge Jesus Christus by sy mense met sy wederkoms vanaf die hemel, aan die einde van die tyd, in heerlikheid as Regeerder, Regter en magtige God, waarvoor sy mense voorberei het, en wat gepaard sal gaan met lofprysing en eerbewys, wat sy volgelinge met hoop

sal vervul en tot hulle ewige heil sal lei.” Beide begrippe lê klem op die sigbare aankoms en teenwoordig wees van die Here Jesus as Verlosser en God wat in heerlikheid kom.

“His titles—*Logos*, *Messiah*, *Son of Man*—all indicate Jesus’ qualifications to be the Savior of men. He alone has the credentials to offer atonement, to triumph over death, to reconcile people to God.” (Sproul, 2009:51) “Seun van die Mens” dui dus op Jesus se Godheid, sy Koningskap, sy Middelaarskap en sy ewige regering. Die benaming “Seun van die Mens” beklemtoon in die Nuwe Testament juis hierdie eienskappe eerder as sy menslikheid. Hy is God wat mens geword het en Hy gaan weer as God in heerlikheid kom. Vergelyk, byvoorbeeld, die gebruik van die term in Openbaring 1:13 en 14:14.

3.1.4.1.1 Konklusie

Wanneer die titel “Seun van die Mens” vir Jesus Christus gebruik word en wanneer dit aan die wederkoms verbind word, word sy Godheid, sy Koningskap, sy Middelaarskap en sy ewige regering beklemtoon.

3.1.4.1.2 Openbaringsdoelwit

Jesus Christus openbaar Homself soms as “Seun van die Mens”; ook wanneer sy wederkoms ter sake is. Sy *telos* daarmee is om sy volgelinge daaraan te herinner dat Hy weer sal kom as God, ewige Koning en Middelaar.

#### **3.1.4.2 Matteus 24:27**

Jesus Christus begin die deel van die gesprek in 24:23 met ŉ waarskuwing dat dit nie geglo moet word as iemand ŉ valse Christus aanwys met: Ἰδοὺ ὧδε ὁ Χριστός, ἤ, Ὧδε.

Dit sluit aan by die waarskuwing in 24:5 en 24:11. Daar is egter ook verskille met 24:5: Die “baie mense” in 24:5 word nou vervang met “vals christusse en vals profete”. In vers 5 is die misleiding die valse stelling: “Ek is die Christus”, maar in 24:23 is die misleiding die valse stelling: “Kyk, hier is die Christus!”. Boonop word daar nou ook gemeld van die groot tekens en wonders wat die misleiers sal doen om, indien moontlik, selfs die uitverkorenes te mislei (:24). Die waarskuwing om hulle nie te glo nie en om nie op hulle aansprake te reageer nie, word in 24:26 herhaal, maar daar word bygevoeg dat hulle ook nie moet reageer as daar gesê word die Christus is in ŉ binnekamer of in die woestyn nie.

Die aard van die misleiding word nie verder ondersoek nie. Vir die doel van die studie is dit voldoende om kennis te neem van die waarskuwing teen vals aansprake dat die Christus reeds weer gekom het.[1]

Die feit dat Jesus beklemtoon dat Hy sy volgelinge vooruit waarsku (24:25), is van belang vir die studie. Hy waarsku sy volgelinge vooruit, sodat hulle voorbereid kan wees op pogings om hulle te mislei met valse aansprake dat die Christus (reeds) weer gekom het. Jesus openbaar aan sy dissipels die ware feite met betrekking tot die aanloop van sy *parousia,* sodat hulle bedag kan wees op misleiding deur wanvoorstellings en hulle hulle nie daardeur sal laat mislei nie. Die openbaringsdoelwit is dus om misleiding te voorkom.

Hierdie waarskuwing teen vals aansprake oor die wederkoms lei tot die uiteensetting van die ware feite in 24:27-31. Om sy volgelinge voor te berei sodat hulle valse aansprake van die ware wederkoms kan onderskei, begin Jesus deur die volgende vergelyking in 24:27 te maak: ὥσπερ γὰρ ἡ ἀστραπὴ ἐξέρχεται ἀπὸ ἀνατολῶν καὶ φαίνεται ἕως δυσμῶν, οὕτως ἔσται ἡ παρουσία τοῦ υἱοῦ τοῦ ἀνθρώπου·

Daarmee sê Jesus dat die παρουσία τοῦ υἱοῦ τοῦ ἀνθρώπου onmiskenbaar sal wees. So onmiskenbaar soos weerlig wat van die ooste uitgaan en in die weste verskyn, dit wil sê wat die hemelruim vul. Dit sal ŉ duidelik sigbare gebeurtenis wees, nie ŉ gebeurtenis wat in die geheim in iemand se binnekamer plaasvind of in die woestyn waar niemand dit kan sien nie (Ridderbos, s.a.b.:152).

Volgens Tasker (1978:225) sal die wederkoms skielik en universeel wees soos ŉ weerligstraal.

Deur sy wederkoms met weerlig wat die hele lugruim verlig te vergelyk, sê Jesus dat sy volgelinge nie rede sal hê om te twyfel wanneer Hy weer kom of dit Hy is of nie. Hy kom as die Seun van die Mens, dit wil sê in Goddelike heerlikheid, so sigbaar en onmiskenbaar soos ŉ weerligstraal wat van oos na wes sigbaar is (Evans, 2012:406). Jesus gebruik ook hier die woord παρουσία, wat onderstreep: "Dit is die sigbare aankoms en teenwoordig wees van die eens (vir die wêreld) verborge Jesus Christus by sy mense met sy wederkoms vanaf die hemel, aan die einde van die tyd, in heerlikheid as Regeerder, Regter en magtige God, waarvoor sy mense voorberei het, en wat gepaard sal gaan met lofprysing en eerbewys, wat sy volgelinge met hoop sal vervul en tot hulle ewige heil sal lei." (Vgl. 2.1.4)

---

[1] Aangesien dit buite die skopus van die studie val, word die aard van die misleiding nie verder ondersoek nie. Daarvoor kan Van Rhyn (1995:70-73) geraadpleeg word wat breedvoeriger uitwei oor die aard van die misleiding, die vals christusse en die vals profete, die tekens en wonders en die vals aansprake om die Christus te wees.

So openbaar Jesus die fisiese en sigbare aard van sy wederkoms met die *telos* dat sy volgelinge bedag sal wees op die misleiding van wanvoorstellings en sodat hulle Hom dadelik sal herken wanneer Hy weer kom.

Dit wat volg in 24:28 is moeiliker om te verklaar: ὅπου ἐὰν ᾖ τὸ πτῶμα, ἐκεῖ συναχθήσονται οἱ ἀετοί. Aangesien die sin direk op die vorige volg, is dit net logies om te verwag dat dit ŉ uitbreiding sal wees op 24:27 wat die onmiskenbare en sigbare aard van die wederkoms beklemtoon (Nielsen, 1974:48). Soos wat aasvoëls ŉ karkas van ver af herken as aas, so sal die wederkoms ook onmiskenbaar wees (Nielsen, 1974:48). Daar kan ook met Combrink (1993:34) saamgestem word wat die betekenis soos volg verklaar: "Soos *aasvoëls* ŉ seker teken van *aas* is, so sal duidelike tekens die koms van die Seun van die mens inlui."

Die moontlikheid dat ὅπου ἐὰν ᾖ τὸ πτῶμα, ἐκεῖ συναχθήσονται οἱ ἀετοί ŉ spreekwoord of ŉ vaste uitdrukking is, word deur Ridderbos (s.a.b.:152) geopper. Die beste verklaring is waarskynlik dat Jesus hier op oorsaak en gevolg wys. Wanneer ŉ dier gevrek het in die veld, lok dit aasvoëls. So sal die wêreld wat in sonde dood is, die oordeel van God ontlok. Die oordeel sal begin met die onmiskenbare wederkoms van die Seun van die Mens (Ridderbos, s.a.b.:152). Die verklaring wat Nel (2015) gee, sluit hierby aan: "Christ's coming will be sudden and visible everywhere, resembling a lightning flash seen from one horizon to the other (24:27) and will follow only after mankind will have deteriorated morally and spiritually to such an extent that it will resemble carrion ready to be devoured by vultures (24:28)."

3.1.4.2.1 Konklusie

Jesus waarsku sy volgelinge vooruit dat daar baie misleiding rondom sy wederkoms sal wees, maar dat sy wederkoms onteenseglik herkenbaar sal wees soos weerlig wat die hele lugruim verlig. Hy sal kom as Seun van die Mens, in Goddelike heerlikheid (ἡ παρουσία τοῦ υἱοῦ τοῦ ἀνθρώπου). Die onmiskenbaarheid van sy koms word beklemtoon deur die gebruik van die woord παρουσία, wat die betekenis het van: "Dit is die sigbare aankoms en teenwoordig wees van die eens (na sy hemelvaart) verborge Jesus Christus by sy mense met sy wederkoms vanaf die hemel, aan die einde van die tyd, in heerlikheid as Regeerder, Regter en magtige God, waarvoor sy mense voorberei het, en wat gepaard sal gaan met lofprysing en eerbewys, wat sy volgelinge met hoop sal vervul en tot hulle ewige heil sal lei." (2.1.4)

3.1.4.2.2 Openbaringsdoelwit

Om misleiding te voorkom, openbaar Jesus dat sy wederkoms onmiskenbaar sal wees soos weerlig wat die lugruim verlig. Hy tipeer sy koms as παρουσία en Homself as Seun van die

Mens om sy sigbaarheid en sy heerlikheid as God, ewige Koning en Middelaar te beklemtoon, sodat sy volgelinge nie deur valse aansprake mislei sal word nie.

### 3.1.4.3 Matteus 24:30

In Matteus 24:29 begin die Here Jesus met 'n nuwe deel van sy prediking wat net op die *parousia* dui, sonder om dit met die val van Jerusalem te vervleg (Grosheide, 1954:367). Groot kosmiese omwentelings, wat Jesus in die taal van Ou-Testamentiese profete beskryf (Ridderbos, s.a.b.:153), sal sy *parousia* inlui.

Te midde van die kragte van die hemele wat geskud gaan word (:29, καὶ αἱ δυνάμεις τῶν οὐρανῶν σαλευθήσονται), sal die teken van die Seun van die Mens aan die hemel verskyn (:30, καὶ τότε φανήσεται τὸ σημεῖον τοῦ υἱοῦ τοῦ ἀνθρώπου ἐν οὐρανῷ).

Die dissipels het na 'n teken gevra in 24:3: τί τὸ σημεῖον τῆς σῆς παρουσίας καὶ συντελείας τοῦ αἰῶνος; Dit blyk dat Jesus nou die vraag direk beantwoord in 24:30: καὶ τότε φανήσεται τὸ σημεῖον τοῦ υἱοῦ τοῦ ἀνθρώπου ἐν οὐρανῷ.

Oor wat presies hierdie σημεῖον is, is daar verskil van mening. Sommige verklaarders beskou dit as 'n letterlike teken, soos byvoorbeeld Scaer (2004:384), wat onomwonde die teken verklaar as die kruis. Ander, soos Hendriksen (2002a:864), verklaar die teken as Jesus Christus self wat op die wolke verskyn.

Die waarneming van Nel (2015) oor die navorsing wat hy in die verband gedoen het, is: "In its appositional sense, 'the sign' refers to the appearance of Christ himself in the clouds of heaven with power and glory, proving that he is the true Christ (or Messiah) and Judge of the whole world. In an objective sense the sign refers to a variety of potential objects and events …" Nel (2015) kom egter tot die volgende konklusie: "It is not imperative to be able to decide amongst these options. What is important is that the sign of the Son of man proclaims the end of the world unconditionally, and herein lays its true significance." Ook Blomberg (1992:362) se standpunt lui: "It is probably not important to be able to decide among these options, since in any event the sign does not enable anyone to recognize the 'signs of the times' until Christ is actually en route to earth."

Dit lyk asof Calvyn (2010a:147) se standpunt beide verklarings (dat dit 'n fisiese teken is of dat die verskyning van Jesus self die teken is) integreer: "And therefore he (Jesus – H.P.M. v. R.) declares that he will appear openly at his last coming, and, surrounded by the heavenly power, which will be a *sign* erected on an elevated spot, he will turn the eyes of the whole world upon himself."

Vir die doeleindes van hierdie studie kan daar met Nel (2015) en Blomberg (1992:362) saamgestem word dat daar nie ŉ keuse tussen die verskillende verklaringsmoontlikhede gemaak hoef te word nie, aangesien die doel van die teken is om aan te dui dat die wederkoms nou aangebreek het. Die teken wys in elk geval heen na Jesus self (Calvyn, 2010a:147). Dit is immers die teken van die Seun van die Mens wat in die lugruim verskyn.

Wanneer die teken verskyn, sal al die stamme van die aarde rouklaag, want hulle besef dat die Regter nou kom. Hulle sal dan besef, wanneer dit te laat is, dat hulle in Hom moes glo (Grosheide, 1954:368). Die siening van Calvyn (2010a:147) sluit hierby aan en verwys na die doel waarom Jesus hier openbaar dat die stamme sal rouklaag: "He says this, partly to bring the haughty and refractory to repentance, by striking them with terror; and partly to confirm the minds of his followers amidst so great obstinacy existing in the world."

Die *telos* van die openbaring van die teken van die Seun van die Mens wat die wederkoms vergesel, dui dus op ŉ oproep tot bekering vir die ongelowiges en ŉ versterking van die geloof van die gelowiges.

Van belang vir die studie is veral die tweede deel van 24:30: καὶ ὄψονται τὸν υἱὸν τοῦ ἀνθρώπου ἐρχόμενον ἐπὶ τῶν νεφελῶν τοῦ οὐρανοῦ μετὰ δυνάμεως καὶ δόξης πολλῆς·

Weer verwys Jesus na homself as Seun van die Mens (vgl. 3.1.4.1.1). Hy beskryf Homself ook as ἐρχόμενον. Aangesien ἔρχομαι ook een van die geïdentifiseerde woorde is waarmee die wederkoms aangedui word, sal die gebruik van ἐρχόμενον in die betrokke hoofstuk verder aandag kry.

Die feit dat die wederkoms van Jesus hier beskryf word as dat Hy op die wolke kom, dui op die heerlikheid van sy koms en dat Hy as God en Koning kom: "*The clouds* are often associated with the presence of the divine, and that will be their significance here. This is further made clear by the addition of *with power and great glory.* Jesus is speaking of the majestic appearance of a King, the very antithesis of his first coming, a lowly coming in the form of a servant." (Morris, 1992:610)

Die oproep tot bekering en die versterking van die gelowiges word verder gevoer in 24:31: καὶ ἀποστελεῖ τοὺς ἀγγέλους αὐτοῦ μετὰ σάλπιγγος μεγάλης, καὶ ἐπισυνάξουσιν τοὺς ἐκλεκτοὺς αὐτοῦ ἐκ τῶν τεσσάρων ἀνέμων ἀπ' ἄκρων οὐρανῶν ἕως [τῶν] ἄκρων αὐτῶν. (Vgl. Hendriksen 2002a:865.) Hier word geopenbaar dat die verlossing van die gelowiges voltooi word met die wederkoms van die Seun van die Mens. By sy wederkoms gaan die skeiding van die mensdom plaasvind (Turner, 2008:583) en die uitverkore gelowiges (τοὺς ἐκλεκτοὺς) gaan ewige heil ontvang.

In 24:29-31 troos Jesus die volk van God deur aan hulle te openbaar dat die wederkoms beslis gaan plaasvind, aldus Grosheide (1954:368).

3.1.4.3.1 Konklusie

Te midde van die kragte van die hemele wat geskud gaan word, sal die teken van die Seun van die Mens aan die hemel verskyn. Wanneer die teken verskyn, sal al die stamme van die aarde rouklaag, omdat hulle besef dat die Regter nou kom. Dan sal die wederkoms plaasvind.

3.1.4.3.2 Openbaringsdoelwit.

Die *telos* van die openbaring van die teken van die Seun van die Mens, wat die wederkoms inlui, en die feit dat engele die uitverkorenes gaan versamel, is tweeledig: Dat ongelowiges hulle sal bekeer en dat die gelowiges getroos sal word en in die geloof versterk sal word.

### 3.1.5 Matteus 24:32-35

Streng gesproke val hierdie perikoop buite die skopus van die studie, aangesien geen van die geïdentifiseerde woorde wat vir die wederkoms gebruik word, hierin voorkom nie. Die perikoop kan egter nie losgemaak word van die hele gesprek wat voorafgaan in Matteus 24 nie, aangesien dit steeds deel van die antwoord op die vraag van die dissipels in 24:3 is. Vers 33 ondersteun hierdie standpunt: οὕτως καὶ ὑμεῖς, ὅταν ἴδητε πάντα ταῦτα γινώσκετε ὅτι ἐγγύς ἐστιν ἐπὶ θύραις. Die woorde πάντα ταῦτα verwys immers na alles wat sover in Matteus 24 geskryf staan, behalwe natuurlik die wederkoms self wat nog moet plaasvind (Blomberg, 1992:364).

Vers 32, Ἀπὸ δὲ τῆς συκῆς μάθετε τὴν παραβολήν· ὅταν ἤδη ὁ κλάδος αὐτῆς γένηται ἁπαλὸς καὶ τὰ φύλλα ἐκφύῃ, γινώσκετε ὅτι ἐγγὺς τὸ θέρος, is van belang vir die studie, aangesien Jesus sy volgelinge aanmoedig om met oop oë deur die lewe te gaan. Soos wat 'n vyeboom wat se takke sag word en wat sy blare uitstoot teken is van die somer wat naby is, so moet die gelowiges wat “al hierdie dinge” sien, weet dat die wederkoms naby is. “The followers of Jesus are to be no less discerning than the orchardist.” (Morris, 1992:611)

Daar kan met Blomberg (1992:363) saamgestem word wanneer hy die feit dat Jesus sê dat die wederkoms baie naby is, so verklaar: “But nearness simply implies that nothing more in God’s plan of redemption must occur before the end can come.”

Met 24:34 en 24:35 versterk Jesus sy volgelinge se geloof aan die wederkoms deur die versekering te gee dat dit beslis sal plaasvind (Ridderbos, s.a.b.:156): ἀμὴν λέγω ὑμῖν ὅτι οὐ μὴ παρέλθῃ ἡ γενεὰ αὕτη ἕως ἂν πάντα ταῦτα γένηται. ὁ οὐρανὸς καὶ ἡ γῆ παρελεύσεται, οἱ δὲ λόγοι μου οὐ μὴ παρέλθωσιν. Hiermee word die “dat” van die wederkoms bevestig, maar die

"wanneer" word nie geopenbaar nie. Daar word op 'n openbaringsdoelwit gewys deur Nielsen (1974:51): "Uit die zekerheid *dat* de parousie komt, mag het nieuwe volk van God leven." Jesus openbaar dus aan die nuwe volk van God dat Hy weer gaan kom, sodat hulle met sekerheid kan leef dat hulle ewige eindbestemming vasstaan. Die vergelyking van die vyeboom toon aan dat waaksaamheid by sy volgelinge (Nielsen, 1974:51) 'n openbaringsdoelwit van die Here Jesus is.

#### 3.1.5.1 Konklusie

Jesus moedig sy volgelinge aan om waaksaam en met oop oë deur die lewe te gaan. Soos wat 'n vyeboom waarvan die takke sag word en sy blare uitstoot teken is van die somer wat naby is, so moet die gelowiges wat al hierdie dinge sien, weet dat die wederkoms naby is. Jesus versterk sy volgelinge se geloof aan die wederkoms deur die versekering te gee dat dit beslis sal plaasvind.

#### 3.1.5.2 Openbaringsdoelwitte

Jesus openbaar dat sy wederkoms beslis sal plaasvind sodat die nuwe volk van God waaksaam kan wees en kan leef uit die sekerheid dat die wederkoms sonder twyfel sal plaasvind en dat hulle ewige eindbestemming vasstaan.

### 3.1.6 Matteus 24:36-44

In hierdie perikoop kom die volgende geïdentifiseerde woorde, wat in verband met die wederkoms gebruik word, voor: ἡμέρα (24:36, 42), παρουσία (24:37, 39) en ἔρχομαι (24:42, 44). Die gebruik van die woorde ἡμέρα en ἔρχομαι sal in die betrokke hoofstukke verder bespreek word.

Die Here Jesus stel dit baie duidelik in 24:36 dat niemand weet wanneer die wederkoms gaan plaasvind nie. Niemand nie. Selfs nie die engele nie en ook nie Hyself nie. Slegs die Vader weet dit. In hierdie verband merk Morris (1992:613) op: "It is both clear and emphatic. *That day and hour* defines the measures we use in fixing a date, but that *no one knows* firmly excludes the possibility of doing so. One would have thought that *no one* is definite enough to make clear the impossibility of all date fixing. It shuts out the whole human race from the knowledge in question… The only person who knows, Jesus says, is *the Father only.* Nothing could be more explicit."

Jesus vergelyk die feit dat niemand behalwe die Vader weet wanneer die dag sal wees nie met die tyd van Noag (24:37): ὥσπερ γὰρ αἱ ἡμέραι τοῦ Νῶε, οὕτως ἔσται ἡ παρουσία τοῦ υἱοῦ τοῦ ἀνθρώπου. Die *tertium comparationis* is dat die tyd van die wederkoms net so onbekend en

onverwags sal wees as wat die sondvloed in die tyd van Noag was (Hendriksen, 2002a:869). Die mense het op die dag wat Noag in die ark ingegaan het, geëet en gedrink en getrou soos op enige ander dag, καὶ οὐκ ἔγνωσαν ἕως ἦλθεν ὁ κατακλυσμὸς καὶ ἦρεν ἅπαντας, οὕτως ἔσται [καὶ] ἡ παρουσία τοῦ υἱοῦ τοῦ ἀνθρώπου.

Die volgende openbaringsdoelwitte word deur Hendriksen (2002a:869) verwoord: "The very suddenness of the coming points up the necessity to guard against unpreparedness and carelessness."

Verse 40 en 41 sluit aan by vers 31 waar Jesus sê dat Hy sy engele sal uitstuur om die uitverkorenes te versamel. Nie almal word dus gered nie: τότε δύο ἔσονται ἐν τῷ ἀγρῷ, εἷς παραλαμβάνεται καὶ εἷς ἀφίεται· δύο ἀλήθουσαι ἐν τῷ μύλῳ, μία παραλαμβάνεται καὶ μία ἀφίεται (24:40, 41). "We may apply it to the second coming of Jesus Christ, and the separation which will be made in that day. He had said before (v. 31), that the elect will be *gathered together*. Here he tells us, that, in order to that, they will be distinguished from those who were nearest to them in this world; the choice and chosen ones taken to glory, the other left to perish eternally" (Henry, 1994:1744). Die volgende openbaringsdoelwit word dan deur Henry (1994:1744) uitgewys: "And it speaks abundance of comfort to the Lord's people."

Vers 42 is van besondere betekenis vir die studie, aangesien Jesus self hier 'n opdrag gee in verband met die wederkoms wat as 'n openbaringsdoelwit beskou kan word: γρηγορεῖτε οὖν, ὅτι οὐκ οἴδατε ποίᾳ ἡμέρᾳ ὁ κύριος ὑμῶν ἔρχεται.

Die BDAG (2000:207, 208) gee drie verklaringsmoontlikhede vir γρηγορέω:

1. Om wakker te bly, om waaksaam te wees. (Die woord word met hierdie betekenis in 24:43 gebruik, volgens die BDAG.)

2. Om voortdurend gereed te wees, om op jou hoede te wees ("to be in constant readiness *be on the alert"*). (Die woord word met hierdie betekenis in 24:42 gebruik, volgens die BDAG.)

3. Om te bly lewe, lewendig te wees. (Die woord word duidelik nie in hierdie sin in 24:42 gebruik nie.)

Louw en Nida (1996a:332) verklaar γρηγορέω soos volg: "(a figurative extension of meaning of γρηγορέω[a] 'to stay awake,' 23.72) to be in continuous readiness and alertness to learn—'to be alert, to be watchful, to be vigilant.'"

Oepke (1964c:338-339) se verklaring in die TDNT stem grootliks met die vorige twee aangehaalde werke ooreen, maar hy maak ook die opmerking dat die opdrag om waaksaam te

wees dikwels in verband met die *parousia* gemaak word en dan verwys hy onder andere spesifiek na Matteus 24:42.

Jesus het so pas geopenbaar dat niemand behalwe die Vader weet wanneer die dag van die Here gaan kom nie. Nou gee Hy 'n opdrag wat duidelik laat blyk wat sy *telos* was met die openbaring dat die dag van die wederkoms onbekend is: γρηγορεῖτε οὖν, ὅτι οὐκ οἴδατε ποίᾳ ἡμέρᾳ ὁ κύριος ὑμῶν ἔρχεται. Die voegwoord οὖν verwys na die voorafgaande openbaring dat die dag van die wederkoms onbekend is. Tog is γρηγορεῖτεs in die praesens imperatiewe vorm, dit wil sê dit is 'n direkte opdrag om met 'n bestaande handeling aan te hou (vgl. Jordaan, 2014:49). Die betekenis is dus: Wees voortdurend bewustelik waaksaam en op julle hoede wat die wederkoms aanbetref. Hieruit kan die volgende openbaringsdoelwit afgelei word: Jesus openbaar die onbekendheid van die dag van die wederkoms sodat sy volgelinge voortdurend waaksaam en op hulle hoede kan wees wat die wederkoms betref. Die openbaringsdoelwit kan ook negatief geformuleer word: Jesus openbaar die onbekendheid van die dag van die wederkoms, sodat sy volgelinge nie onverhoeds betrap sal word wanneer die dag aanbreek nie.

Volgens Allison (2001:141) het Jesus 'n bykomende openbaringsdoelwit op die oog: Dat die hoorders nie traag sal wees om berou te hê en om hulle te bekeer nie. "Verse 42 draws the obvious lesson from the preceding illustrations. Given our ignorance of the end's date, leisurely repentance is foolish. Fear of being caught off guard should motivate one to watch. The simple parable in verses 43-44 (cf. 1 Thess. 5:2; 2 Pet. 3:10; Rev. 3:3; 16:15) continues the point. The image is of a thief breaking through the mud wall of a house." (Allison, 2001:141)

'n Etiese openbaringsdoelwit word deur Morris (1992:615) uit die onbekendheid van die dag afgelei: "In the light of this certainty (dit wat in 24:40-41 geopenbaar word – H.P.M. v. R.) Jesus calls on his followers so to live that they will be ready when the great day comes. He says, '*Watch therefore',* where his verb looks for his followers to live such lives that whenever he comes they will be prepared, and the present tense conveys the meaning 'Keep watching.' *Therefore* links the demand to the uncertainty that attaches to the time of the coming. If people knew just exactly when the coming would take place, they could delay preparations until just before the time. They do not know, and *therefore* they must live in constant readiness." Die openbaringsdoelwit waarop Morris wys, kan soos volg geformuleer word: Dat die wederkoms beslis gaan plaasvind, maar ook die feit dat die tydstip daarvan onbekend is, moet Jesus se volgelinge aanmoedig om te lewe soos mense wat die wederkoms en die gepaardgaande oordeel verwag.

Op wat so 'n lewe behels, brei Poole (1853:117) uit: "Our Saviour in these verses (24:42-44 - H.P.M. v. R.) from the uncertainty of the particular time when the day of judgment shall be, presseth upon his disciples a sober, heavenly, and holy life; intimating that by such a life only

they can make themselves ready for the coming of Christ, and to stand before the Son of man, when he shall appear in his power and glory."

Die volgende twee openbaringsdoelwitte word deur Blomberg (1992:367) aangetoon: "Jesus' words aptly summarize the thrust of all of 24:36-25:46. Discipleship demands faithful stewardship, not attempts to calculate the timing of the end since such estimates will almost inevitably be mistaken." Die eerste openbaringsdoelwit wat Blomberg aantoon is ook op die terrein van die Etiek, naamlik getroue rentmeesterskap. Die tweede openbaringsdoelwit wat hy aantoon is ŉ verbod om die tyd van die wederkoms enigsins te probeer bereken.

In 24:43 gebruik Jesus nog ŉ beeld om die onbekendheid van die dag van die wederkoms mee te illustreer: ἐκεῖνο δὲ γινώσκετε ὅτι εἰ ᾔδει ὁ οἰκοδεσπότης ποίᾳ φυλακῇ ὁ κλέπτης ἔρχεται, ἐγρηγόρησεν ἂν καὶ οὐκ ἂν εἴασεν διορυχθῆναι τὴν οἰκίαν αὐτοῦ. Die *tertium comparationis* is weereens die onverwagsheid van beide die wederkoms en die tydstip van ŉ inbraak. In 24:44 verskaf Jesus self die openbaringsdoelwit vir sy vergelyking van die dief in 24:43: διὰ τοῦτο καὶ ὑμεῖς γίνεσθε ἕτοιμοι, ὅτι ᾗ οὐ δοκεῖτε ὥρᾳ ὁ υἱὸς τοῦ ἀνθρώπου ἔρχεται.

Louw en Nida (1996a:153) verklaar γίνομαι as: "to come to acquire or experience a state" en ἕτοιμος as "pertaining to a state of readiness—'ready, prepared'" (1996a:682).

Jesus openbaar dus dat sy wederkoms onverwags sal wees sodat sy volgelinge heeltyd gereed sal wees daarvoor.

#### 3.1.6.1 Konklusie

Jesus openbaar baie duidelik dat niemand weet wanneer die wederkoms gaan plaasvind nie, daarom sal dit sekerlik ook onverwags plaasvind vir baie. Daarom beveel Jesus sy volgelinge om waaksaam te wees. Hoewel die tydstip onbekend is, sal die gelowiges beslis dan ewige verlossing ontvang.

#### 3.1.6.2 Openbaringsdoelwitte

Hieruit kan die volgende openbaringsdoelwitte afgelei word:

Jesus openbaar die onbekendheid van die dag van die wederkoms sodat sy volgelinge voortdurend waaksaam en op hulle hoede kan wees en gereed kan wees vir die wederkoms. Die openbaringsdoelwit kan ook negatief geformuleer word: Jesus openbaar die onbekendheid van die dag van die wederkoms, sodat sy volgelinge nie onverhoeds betrap sal word wanneer die dag aanbreek nie en sodat hulle nie moet uitstel om hulle te bekeer nie. Hulle moet ook nie probeer om te bereken wanneer die dag sal aanbreek nie.

Die feit dat die wederkoms beslis gaan plaasvind, maar ook die feit dat die tydstip daarvan onbekend is, moet Jesus se volgelinge troos en aanmoedig om heilig te lewe soos mense wat die wederkoms en die gepaardgaande oordeel verwag en om getroue rentmeesters te wees.

### 3.1.7 Matteus 24:45-25:46

Aangesien hierdie gelykenisse, wat oënskynlik met die wederkoms verband hou, nie die woord παρουσία bevat nie, sal dit by die betrokke geïdentifiseerde wederkomswoorde wat daarin voorkom, behandel word.

### 3.1.8 Samevattende konklusie

Die volgende openbaringsdoelwitte aan die hand van παρουσία is in Matteus 24 geïdentifiseer:

- Om misleiding te voorkom, openbaar Jesus dat Hy self in persoon sigbaar sal aankom en teenwoordig sal wees by sy mense met sy wederkoms vanaf die hemel, aan die einde van die tyd. Hulle moet Hom in eie persoon verwag as Regeerder, Regter en magtige God, sodat hulle nie deur die misleiers mislei sal word nie (Mat. 24:1-5).

- Te midde van ontstellende gebeure in die wêreld troos Jesus Christus sy volgelinge sodat hulle nie ontsteld sal word nie. Die troos is: Na al hierdie ontstellende dinge sal Hy sigbaar aankom en teenwoordig wees by sy mense, in heerlikheid as Regeerder, Regter en magtige God, wat sy volgelinge met hoop sal vervul en tot in ewigheid by hulle sal bly (Mat. 24:6).

- Te midde van pogings tot misleiding en te midde van moeilike omstandighede in die wêreld, word die wederkoms aan gelowiges geopenbaar en so word hulle aangemoedig om te volhard in die ware geloof. Jesus Christus gaan immers weer kom en Hy sal teenwoordig wees by sy mense as Regeerder, Regter en magtige God. Hy sal sy volgelinge met hoop vervul en aan hulle ewige heil skenk (Mat. 24:13).

- Jesus Christus openbaar Homself soms as “Seun van die Mens”, ook wanneer sy wederkoms ter sake is. Sy *telos* daarmee is om sy volgelinge daaraan te herinner dat Hy weer sal kom as God, ewige Koning en Middelaar (Mat. 24:27, 30).

- Om misleiding te voorkom, openbaar Jesus dat sy wederkoms onmiskenbaar sal wees soos weerlig wat die lugruim verlig. Hy tipeer sy koms as παρουσία en Homself as Seun van die Mens om sy sigbaarheid en sy heerlikheid as God, ewige Koning en Middelaar te beklemtoon, sodat sy volgelinge nie deur valse aansprake mislei sal word nie (Mat. 24:27).

- Die *telos* van die openbaring van die teken van die Seun van die Mens, wat die wederkoms inlui, en die feit dat engele die uitverkorenes gaan versamel, is tweedledig: Dat ongelowiges hulle sal bekeer en dat die gelowiges getroos sal word en in die geloof versterk sal word (Mat. 24:30).

- Jesus openbaar dat sy wederkoms beslis sal plaasvind sodat die nuwe volk van God waaksaam kan wees en kan leef uit die sekerheid dat die wederkoms beslis sal plaasvind en dat hulle ewige eindbestemming vasstaan (Mat. 24:32-35).

- Jesus openbaar die onbekendheid van die dag van die wederkoms sodat sy volgelinge voortdurend waaksaam en op hulle hoede kan wees en gereed kan wees vir die wederkoms. Die openbaringsdoelwit kan ook negatief geformuleer word: Jesus openbaar die onbekendheid van die dag van die wederkoms, sodat sy volgelinge nie onverhoeds betrap sal word wanneer die dag aanbreek nie en sodat hulle nie moet uitstel om hulle te bekeer nie. Hulle moet ook nie probeer om te bereken wanneer die dag sal aanbreek nie (Mat. 24:36-44).

- Die feit dat die wederkoms beslis gaan plaasvind, maar ook die feit dat die tydstip daarvan onbekend is, moet Jesus se volgelinge troos en aanmoedig om heilig te lewe soos mense wat die wederkoms en die gepaardgaande oordeel verwag en om getroue rentmeesters te wees (Mat. 24:36-44).

# Hoofstuk 4: DIE *TELOS* VAN DIE OPENBARING VAN DIE WEDERKOMS AAN DIE HAND VAN ΠΑΡΟΥΣΙΑ IN PAULUS SE BRIEWE

In hierdie hoofstuk word die *telos* van die openbaring van die wederkoms aan die hand van παρουσία in Paulus se briewe ondersoek. Die volgende ter saaklike Skrifgedeeltes is reeds in 2.2.2 geïdentifiseer en sal in die volgende onderafdelings aan die beurt kom:

4.1 1 Korintiërs 15

4.2 1 Tessalonisense 2

4.3 1 Tessalonisense 3

4.4 1 Tessalonisense 4

4.5 1 Tessalonisense 5

4.6 2 Tessalonisense 2

## 4.1 1 Korintiërs 15

Daar is reeds in 2.2.2 aangedui dat παρουσία gebruik word in Paulus se eerste brief aan die Korintiërs, hoofstuk 15:23.

“Chapters in the Bible do not compete for importance but no chapter is more important than 1 Corinthians 15.” So begin Prime (2005:131) sy verklaring van die hoofstuk wat beskou word as een van die drie *loci classici* oor die opstanding van die liggaam uit die dood. Die ander twee Skrifgedeeltes wat hierby gereken word, is 1 Tessalonisense 4:13-18 en Romeine 8, aldus Coetzee (1984:354).

Daar kan dus verwag word dat die klem in 1 Korintiërs 15 op die openbaring van die opstanding uit die dood sal val en nie soseer op die wederkoms nie. Tog word daar in hierdie hoofstuk een maal direk na die παρουσία van Christus verwys in 15:23-24: ἕκαστος δὲ ἐν τῷ ἰδίῳ τάγματι· ἀπαρχὴ Χριστός, ἔπειτα οἱ τοῦ Χριστοῦ ἐν τῇ **παρουσίᾳ** αὐτοῦ, εἶτα τὸ τέλος, ὅταν παραδιδῷ τὴν βασιλείαν τῷ θεῷ καὶ πατρί, ὅταν καταργήσῃ πᾶσαν ἀρχὴν καὶ πᾶσαν ἐξουσίαν καὶ δύναμιν.

Voorts is daar ook ŉ indirekte verwysing in 15:51-52: ἰδοὺ μυστήριον ὑμῖν λέγω· πάντες οὐ κοιμηθησόμεθα, πάντες δὲ ἀλλαγησόμεθα, ἐν ἀτόμῳ, ἐν ῥιπῇ ὀφθαλμοῦ, ἐν τῇ ἐσχάτῃ σάλπιγγι· σαλπίσει γὰρ καὶ οἱ νεκροὶ ἐγερθήσονται ἄφθαρτοι καὶ ἡμεῖς ἀλλαγησόμεθα. Die laaste basuin word allerweë met die wederkoms verbind. Vergelyk, byvoorbeeld, Ciampa en Rosner

(2010:830). By beide verwysings na die wederkoms val die klem inderdaad op openbaring oor die opstanding van die liggaam uit die dood en nie op openbaring oor die wederkoms nie.

Die wederkoms en die opstanding uit die dood is egter onlosmaaklik aan mekaar verbind: “Furthermore, the resurrection *of believers* is directly connected with the second coming of the Lord in 1 Cor. 15:23; Phil. 3:20, 21; and 1 Thess. 4:16, but it is also represented as occurring at the end of the world, John 6:39, 40, 44, 54 or at the last day.” (Berkhof, 1938:724)

### 4.1.1 1 Korintiërs 15:23

Met verwysing na die παρουσία van Christus in 15:23 skryf Slenczka (2008:49): “Was mit Christi Kreuz und Auferstehung angefangen hat, wird bei seiner Wiederkunft (23) vollendet.” Die heilswerk van Jesus Christus, wat die opstanding van die liggaam uit die dood insluit, word dus voltooi op die dag van die παρουσία.

1 Korintiërs 15:23 openbaar daarom duidelik dat die dag van die wederkoms ook die dag van die opstanding van die liggaam uit die dood is. “In 1 Korintiërs 15 word uitvoerig en spesifiek aan die liggaamlike opstanding op die dag van die wederkoms aandag gegee. Die radikale sentraliteit van die liggaamlike opstanding uit die dood by die wederkoms van die Here Jesus word nêrens sterker uitgedruk as hier nie.” (Coetzee, 1984:355)

In sy verklaring van 1 Korintiërs 15:23 wys Fausset (1997b:293) op die belangrikheid van die gelowiges se verbondenheid met Christus: “The second coming of Christ is not a mere *point* of time, but a *period* beginning with the resurrection of the just at His appearing, and ending with the general judgment. The ground of the universal resurrection is the union of all mankind in nature with Christ, their representative Head, who has done away with death, by His own death in their stead: the ground of the resurrection of believers is not merely this, but their personal union with Him as *their* ‘Life’ (Col 3:4) …” Kistemaker (2002a:551) verwoord die belangrikheid van die verbondenheid met Christus so: “In brief, because Christ has been raised, all his people who are dead or alive at his coming will be raised and glorified.”

Die essensie van die troos van 1 Korintiërs 15 word soos volg deur Prime (2005:138) saamgevat: “THIS GLORIOUS VICTORY OVER DEATH and the assurance of resurrection life provides every encouragement for devotion to service for Christ (vv. 57–58).” Daarmee het Prime ŉ openbaringsdoelwit van die openbaring van die opstanding uit die dood weergegee: ŉ aanmoediging tot toewyding in die dien van Christus. In hierdie konteks word die troos primêr aan die opstanding uit die dood gekoppel en nie aan die wederkoms nie. Die dag van die wederkoms is egter die dag van die opstanding uit die dood.

#### 4.1.1.1 Konklusie

Die doel van die openbaring van die wederkoms in 1 Korintiërs 15 is om die dag van die wederkoms aan te wys as die dag van die opstanding uit die dood. Die troos van die opstanding uit die dood word dus gekoppel aan die dag van die wederkoms.

#### 4.1.1.2 Openbaringsdoelwitte

- God openbaar aan sy kinders dat die dag van die wederkoms ook die dag van die opstanding uit die dood is. Sy *telos* daarmee is verkondiging, om hierdie heilsfeit bekend te maak (1 Kor. 15:23).

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms as die dag van die opstanding uit die dood is om gelowiges te troos met die heilsfeit dat die dooies liggaamlik sal opstaan uit die dood op die dag van die wederkoms (1 Kor. 15:23).

## 4.2 1 Tessalonisense 2

Die woord παρουσία word vier keer met die betekenis van wederkoms in Paulus se eerste brief aan die Tessalonisense gebruik, te wete in 1 Tessalonisense 2:19; 3:13; 4:15 en 5:23 (vgl. 2.2.2).

1 en 2 Tessalonisense word deur Coetzee (1984:335) bestempel as "die twee briewe wat by uitstek die weerkoms (*sic*) van die Here Jesus in die oog het". Aangesien die wederkoms so 'n sentrale plek in 1 Tessalonisense inneem, kan verwag word dat daar meer verwysings na die wederkoms is as net deur die woord παρουσία.

Floor (1990:156) wys daarop dat die tema van die wederkoms in 1 Tessalonisense "'n alles verbindende funksie" het: "Verskillende onderwerpe word dan aan die groot tema van die wederkoms gekoppel."

Versteeg (1987:420) kom in verband met hierdie alles beheersende tema van die wederkoms tot die volgende indeling van die eerste brief aan die Tessalonisense:

- "bekering en wederkoms 1:1-10

- apostoliese diens en wederkoms 2:1-20

- heilige lewenswandel en wederkoms 3:1-4:12

- die ontslapenes en wederkoms 4:13-18

- waaksaamheid en wederkoms 5:1-28."

Uit die navorsing van Visser *et al*. (2002:622) oor die doel waarom Paulus 1 en 2 Tessalonisense geskryf het, kom hulle tot die konklusie dat Paulus nie die briewe geskryf het "om die aard van die *parousia* te verduidelik nie, maar om die aspek van die paraklese te benadruk vanuit die perspektief van die *parousia.*" Uit bogenoemde vier aanhalings kan afgelei word dat die *telos* van die openbaring van die wederkoms duidelik sal blyk uit elke hoofstuk van die brief.

#### 4.2.1 1 Tessalonisense 1

Hoewel die woord παρουσία, en ook nie een van die ander vyf geïdentifiseerde woorde waarmee gewoonlik na die wederkoms verwys word (1.3), in 1 Tessalonisense 1 voorkom nie, is daar tog moontlike verwysings na die wederkoms, te wete in 1:3 en 1:10. Aangesien παρουσία in elkeen van die ander hoofstukke van 1 Tessalonisense gebruik word, word daar kortliks ook aan 1 Tessalonisense 1 aandag gegee.

##### 4.2.1.1 1 Tessalonisense 1:3

Die eerste moontlike verwysing na die wederkoms kom in 1:3 voor en is ŉ indirekte verwysing. Paulus lig die gemeente in 1:2-3 in dat hy gereeld die Here oor hulle dank: Εὐχαριστοῦμεν τῷ θεῷ πάντοτε περὶ πάντων ὑμῶν μνείαν ποιούμενοι ἐπὶ τῶν προσευχῶν ἡμῶν, ἀδιαλείπτως μνημονεύοντες ὑμῶν τοῦ ἔργου τῆς πίστεως καὶ τοῦ κόπου τῆς ἀγάπης καὶ τῆς ὑπομονῆς τῆς ἐλπίδος τοῦ κυρίου ἡμῶν Ἰησοῦ Χριστοῦ ἔμπροσθεν τοῦ θεοῦ καὶ πατρὸς ἡμῶν, ...

Paulus noem veral drie dinge van die gemeente waarvoor hy die Here dank in 1:3:

- μνημονεύοντες ὑμῶν τοῦ ἔργου τῆς πίστεως
- καὶ τοῦ κόπου τῆς ἀγάπης
- καὶ τῆς ὑπομονῆς τῆς ἐλπίδος τοῦ κυρίου ἡμῶν Ἰησοῦ Χριστοῦ.

Die derde saak waarvoor Paulus die Here dank, naamlik die volharding van hulle hoop op die Here Jesus Christus, mag ŉ verwysing wees na die wederkoms. Beide ὑπομονή en ἐλπίς word deur Coetzee (1984:335-341) bestempel as "Sleutelmotiewe in Paulus se eskatologiese prediking." Coetzee (1984:340) verklaar ἐλπίς as "die absoluut sekere, God-geborgde toekomsverwagting van die gelowige. Dit is so vas en seker omdat dit rus op die persoonlike belofte van dié God wat nie kan lieg nie! ... Dit is die absolute vertroue op dit wat die Here onse God belowe het."

Volharding (ὑπομονή) word deur Coetzee (1984:341) beskou as ŉ "voluit eskatologiese begrip" en verklaar as "**die oë omhoog, gelowige, vertrouensvolle uitstrek en vashou aan die belofte(s) van ons troue Verbondsgod** wat in Jesus Christus vas en seker is (2 Ts 3:5, 1 Tm 6:11; 2 Tm 3:10v)".

Vir die doeleindes van die studie is dit belangrik om vas te stel of hierdie woorde, καὶ τῆς ὑπομονῆς τῆς ἐλπίδος τοῦ κυρίου ἡμῶν Ἰησοῦ Χριστοῦ in 1:3, ŉ verwysing is na die wederkoms, al dan nie. Wat sou die inhoud van die hoop wees waarna 1:3 verwys? Verskeie skrywers, onder andere Auberlen en Riggenbach (2008:16); Calvyn (2010c:239); Fausset (1997b:385) en Utley (1997:79), verwys na die inhoud van die hoop as die wederkoms van die Here Jesus. Green (2002:91) stel dit kategories in sy verklaring van 1:3: "The Christians' hope was bound up with the coming of the Lord Jesus Christ, an event that is mentioned frequently in these letters (1:10; 2:19; 3:13; 4:15; 5:23; 2 Thess. 1:7–10; 2:1; and cf. 1 Thess. 5:8). The hope they held was not some vague expectation about a better future but rather solid confidence rooted in the expectation of Christ's coming. This was the strong foundation that gave the Thessalonians the power to endure and persevere in the face of the tremendous hostility leveled against them." Hieruit kan dus afgelei word dat die verwysing na hoop in 1:3 beslis die hoop op die wederkoms insluit.

In sy verklaring van 1:3 skryf Van Aarde (1989:284): "Die woord 'hoop' word dikwels deur Paulus aan die term *volharding* verbind (vgl. Rom. 5:3–5; 8:24–25; 1 Kor. 13:7). Hierdie verbinding word gebruik ter aansporing om met die oog op die wederkoms van *ons Here Jesus Christus* weerstand te bied of uit te hou teen die vervolginge van vyande wat selfs oor 'n lang periode uitgestrek kan wees (Rom. 12:12 – vgl. ook Luk. 21:19; Heb. 10:36; 1 Pet. 2:20)."

Gelowiges moet en kan dus volhardend vashou aan die belofte van die wederkoms en hulle hoop voortdurend daarop vestig. Die feit dat Paulus vir God dank, onder andere vir die Tessalonisense se volharding in die hoop (op die wederkoms) is ŉ aanduiding dat God hierdie volharding in die hoop gee: "By means of this opening thanksgiving, Paul and his associates show that they are conscious of the fact that the benefits the Thessalonians received and the conversion they experienced were due to God's action." (Green, 2002:87)

4.2.1.1.1 Konklusie

Die feit dat God gedank word vir die volharding van die Tessalonisense in hulle hoop op die wederkoms beklemtoon dat God hierdie volharding gee. Verder is dit ŉ aanmoediging vir alle gelowiges om, ten spyte van moeilike omstandighede, vas en seker te weet dat die Here Jesus beslis weer gaan kom en ŉ einde gaan maak aan die moeilike omstandighede.

4.2.1.1.2 Openbaringsdoelwitte

Die wederkoms word in 1:3 verkondig sodat God gedank kan word wanneer gelowiges volhard in hulle hoop op die wederkoms.

Voorts is die *telos* van die openbaring van die wederkoms dat gelowiges aangemoedig kan word om ten spyte van moeilike omstandighede te bly hoop (vas en seker te weet) op die wederkoms.

**4.2.1.2 1 Tessalonisense 1:10**

In 1 Tessalonisense 1:10, net soos by 1:3, word daar nie een van die geïdentifiseerde woorde gebruik om na die wederkoms te verwys nie (vgl. 1.3) Hier word bloot gesê dat die Tessalonisense ἀναμένειν τὸν υἱὸν αὐτοῦ ἐκ τῶν οὐρανῶν.

Paulus is besig om aan die Tessalonisense te skryf oor die invloed wat hulle geloof in die wêreld het (1:8). Daar word onder andere oor hulle bekering gepraat (1:9). Hierdie bekering word dan beskryf as bekering weg van die afgode af om die lewende en ware God te dien en om sy Seun uit die hemel te bly verwag (πῶς ἐπεστρέψατε πρὸς τὸν θεὸν ἀπὸ τῶν εἰδώλων δουλεύειν θεῷ ζῶντι καὶ ἀληθινῷ καὶ ἀναμένειν τὸν υἱὸν αὐτοῦ ἐκ τῶν οὐρανῶν …).

Positief word die bekering dus beskryf dat dit twee elemente bevat: Die dien (δουλεύειν) van die ware God en die verwag (ἀναμένειν) van die Seun uit die hemel. Beide hierdie werkwoorde staan in die infinitief en word deur ŉ neweskikkende καὶ aan mekaar verbind. Paulus gee hier as't ware ŉ definisie van bekering tot die ware geloof: Dit is die wegdraai van afgode af (negatief) en dit is om die ware en lewende God te dien én om sy Seun uit die hemel te bly verwag (positief). "With the second infinitive Paul commended the church's persistent expectation of the return of the Lord. This is also the result of genuine conversion—perseverance to the end." (Martin, 1995:66) Die feit dat beide aksies, om die Here te dien en om die Seun uit die hemel te verwag, in die praesens infinitief staan, "imply continuity of action. The activity of service is conducted in the context of persistent anticipation. Commending their patient expectation in the past served to encourage continued endurance" (Martin, 1995:66). "The Apostle defines the life-aim of the converts in two particulars, the service of God, and the waiting for the return of His Son from heaven." (Auberlen & Riggenbach, 2008:23)

Hieruit kan afgelei word dat ware bekering lei tot die diens van die ware God én die verwagting van die wederkoms van sy Seun, Jesus Christus. "For them true conversion implied (at least) these two things: a. turning away from the idols, and b. turning to God and to his Son who is coming *out of the heavens* (cf. Eph. 4:10 for the plural; and for the idea of the descent see 4:16;

2 Thess. 1:7; then also Dan. 7:1; Matt. 24:30; 25:31-46; 26:64; Acts 3:21; and Rev. 1:7).” (Hendriksen, 2002b:56)

Volgens die BDAG (2000:68) kan ἀναμένειν gebruik word in die betekenis van om vir iemand of iets te wag, om iets of iemand te verwag, veral dan ook om die Seun uit die hemel te verwag. Hendriksen (2002b:57) verklaar dit eweneens so: “The force of the verb *to await* must not be lost sight of. It means *to look forward to with patience and confidence*. This *awaiting* means far more than merely *saying,* ‘I believe in Jesus Christ, who ascended into heaven, and from thence he shall come to judge the living and the dead.’ It implies (both in Greek and in English) *being ready* for his return. When you *await* a visitor, you have prepared everything for his coming… So also, awaiting the very *Son of God* (see N.T.C. on John 1:14) who is coming out of the heavens implies the sanctified heart and life.”

Hiermee wys Hendriksen op die openbaringsdoelwit dat gelowiges wat die Seun uit die hemel verwag, gereed moet maak en wees vir die wederkoms met ŉ geheiligde hart en lewe. Dit sluit aan by die definisie van παρουσία (2.1.4) wat insluit dat die gelowiges gereedmaak vir die teenwoordigheid (teenwoordig wees) van die Here.

Volgens 1:10 is die Seun die Een wat uit die dood opgewek is (ὃν ἤγειρεν ἐκ [τῶν] νεκρῶν) en die Een wat ons red uit die oordeel wat kom (Ἰησοῦν τὸν ῥυόμενον ἡμᾶς ἐκ τῆς ὀργῆς τῆς ἐρχομένης). Hiermee word geopenbaar wie die Seun is wat uit die hemel verwag word: die Een wat uit die dood opgewek is, naamlik Jesus Christus. Hiermee saam word geopenbaar wat Hy kom doen: Hy sal ons red uit die oordeel wat kom. Hierdie troos van verlossing wat by die wederkoms finaal ŉ werklikheid word, dui op nog ŉ openbaringsdoelwit. Sy koms sal vreugde bring vir die gelowiges en ontsteltenis vir die ongelowiges (Auberlen & Riggenbach, 2008:23), wat op ŉ verdere openbaringsdoelwit dui. Die vreugde van die gelowiges by die koms sluit aan by die definisie van παρουσία (2.1.4) wat insluit dat die teenwoordig wees van die Here gepaard sal gaan met lofprysing en eerbewys deur die gelowiges.

4.2.1.2.1 Konklusie

Die wederkoms staan in verband met geloof en bekering. Ware bekering is immers om weg te draai van valse godsdiens en om te draai na die ware God. Dit sluit in om die ware God te dien en om sy Seun uit die hemel te verwag. Die wederkoms word dus in 1 Tessalonisense 1:10 verkondig om inhoud te gee aan die ware geloof.

Die wederkoms word ook verkondig, sodat gelowiges voortdurend daarvoor gereed sal maak met ŉ geheiligde lewe en geheiligde harte. Die Een wat kom, is immers Jesus Christus wat

gesterf het vir ons sondes, opgewek is uit die dood en wat ons sal red van die oordeel wat kom. Gelowiges kan dus met vreugde die wederkoms van die Here Jesus verwag.

4.2.1.2.2 Openbaringsdoelwitte

Die *telos* van die openbaring van die wederkoms in 1 Tessalonisense 1:10 is om bekering van valse godsdiens aan te moedig en om ware godsdiens aan te moedig. Die wederkoms word verkondig met die *telos* dat gelowiges kan weet wat die inhoud van die ware geloof is, veral dat dit insluit om die Seun uit die hemel te verwag. Voorts is die doel om gelowiges te herinner aan die verlossing wat voltooi sal wees met die wederkoms en om hulle aan te moedig om die wederkoms met vreugde in te wag.

Aangesien, soos reeds aan die begin van hierdie afdeling aangetoon is in 4.2.1, nie een van die geïdentifiseerde woorde vir die wederkoms in 1 Tessalonisense 1 voorkom nie en die hoofstuk slegs as inleiding tot 1 Tessalonisense 2-5 behandel is, sal die openbaringsdoelwitte wat hier geïdentifiseer is, nie deel uitmaak van die slotsom van die studie nie. Dit val immers buite die skopus van die studie soos dit in hoofstuk 1 uiteengesit is.

### 4.2.2 1 Tessalonisense 2

Παρουσία word vir die eerste keer in die brief in 2:19 gebruik. Aangesien 1 Tessalonisense beskou word as een van die vroegste boeke in die kanon van die Nuwe Testament (Morris, 1977:26; Van Leeuwen, s.a.:85) kan Morris (1977:96) ook die volgende oor die gebruik van die woord παρουσία in 2:19 verklaar: “This is the first occurrence in Christian literature of this important word.”

#### 4.2.2.1 1 Tessalonisense 2:19, 20

In 2:19 en 20 stel Paulus dit vir die Tessalonisense dat hulle sy hoop en vreugde en kroon van roem sal wees wanneer die Here Jesus weer kom. Boonop is hulle sy trots en sy vreugde. Hulle het hulle immers in moeilike omstandighede (1:6) van die afgode tot die ware God bekeer (1:9) en hulle verwag die Seun uit die hemel (1:10) as vrug op Paulus se prediking. “At this *coming* of *the Lord Jesus Christ* … the missionaries will see the ultimate realization of their *hope,* and will experience supreme *joy* when they behold the fruits of their missionary efforts standing there, with gladness, thanksgiving, and praise, at Christ’s right hand. For these missionaries this will be the *glory-wreath,* the prided victor’s chaplet.” (Hendriksen, 2002b:76)

Bedienaars van die Woord, soos alle ander mense, moet voor die Here verskyn met die wederkoms en getroue gelowiges sal die kroon wees op getroue Woordbedienaars se werk op daardie groot en glorieryke dag (Henry, 1994:2340). Dat die wederkoms inderdaad vir

Woordbedienaars 'n uiters heuglike gebeurtenis behoort te wees, aangesien hulle dan vrug op hulle werk sal sien, word ook deur Calvyn (2010c:263) aangetoon: "We must, however, infer from this, that Christ's ministers will, on the last day, according as they have individually promoted his kingdom, be partakers of glory and triumph. Let them therefore now learn to rejoice and glory in nothing but the prosperous issue of their labours, when they see that the glory of Christ is promoted by their instrumentality."

4.2.2.1.1 Konklusie

Die wederkoms en die redding van gelowiges op daardie dag is die *telos* van die werk van Woordbedienaars. Daar is dus 'n genadeloon van vreugde wat wag op getroue Woordverkondigers.

4.2.2.1.2 Openbaringsdoelwitte

Die volgende openbaringsdoelwitte kan uit 2:19 en 20 afgelei word:

- Die wederkoms word verkondig as die dag waarop getroue gelowiges finaal uit genade verlos sal word, as die vrug van getroue Woordbedienaars se harde werk (1 Tes. 2:19-20).
- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is om gelowiges aan te moedig om die Here getrou te dien en om Woordbedienaars aan te moedig om onverpoosd te werk met die oog op daardie dag en om uit te sien na die kroon op hulle arbeid en die ewige vreugde wat wag (1 Tes. 2:19-20).

## 4.3 1 Tessalonisense 3

In 1 Tessalonisense 3 skryf Paulus aan die gemeente dat hy Timoteus na hulle gestuur het om vas te stel hoe dit met hulle gaan en om hulle in die geloof te versterk. Hy skryf ook oor hoe hy en sy medegelowiges in hulle geloof versterk is toe Timoteus teruggekeer het en vertel het dat dit goed gaan met die gemeente se geloof en hulle liefdesdiens. Daarvoor, skryf Paulus, dank hy die Here elke dag en doen hy steeds voorbidding vir die gemeente. Hy vra ook in sy gebede dat hy die geleentheid mag kry om weer die gemeente te besoek en om sy onderrig in die gemeente te kan voltooi.

Van 3:11-13 gee Paulus die verdere inhoud van sy gebede deur. In 3:11 bid Paulus dat God die Vader en die Here Jesus sy en sy medewerkers se pad na die gemeente mag rig. Hy bid ook dat die Here die gemeente se liefde vir mekaar en vir almal sal laat toeneem en oorvloedig sal maak, soos wat sy en sy medewerkers se liefde vir die gemeente is.

In 3:13 verwys Paulus in sy gebed na die wederkoms en hy gebruik die woord παρουσία daarvoor: Αὐτὸς δὲ ὁ θεὸς καὶ πατὴρ ἡμῶν καὶ ὁ κύριος ἡμῶν Ἰησοῦς κατευθύναι τὴν ὁδὸν ἡμῶν πρὸς ὑμᾶς· ὑμᾶς δὲ ὁ κύριος πλεονάσαι καὶ περισσεύσαι τῇ ἀγάπῃ εἰς ἀλλήλους καὶ εἰς πάντας καθάπερ καὶ ἡμεῖς εἰς ὑμᾶς, εἰς τὸ στηρίξαι ὑμῶν τὰς καρδίας ἀμέμπτους ἐν ἁγιωσύνῃ ἔμπροσθεν τοῦ θεοῦ καὶ πατρὸς ἡμῶν ἐν τῇ **παρουσίᾳ** τοῦ κυρίου ἡμῶν Ἰησοῦ μετὰ πάντων τῶν ἁγίων αὐτοῦ[, ἀμήν].

#### 4.3.1 1 Tessalonisense 3:13

In vers 13 is Paulus se gebed vir die gemeente dat die Here hulle harte sal versterk, sodat hulle met die παρουσία van die Here Jesus, saam met al sy heiliges, vlekkeloos in heiligheid voor God die Vader kan wees. Die woord στηρίζω behels “dat de lezers zich innerlijk sterk moeten maken, ze moeten een innerlijke weerstand opbouwen tegen de druk van buiten. Deze innerlijke kracht om te volharden zullen de lezers ontvangen wanneer zij acht geven op de wederkomst van Christus” (Floor, 1992:170).

In 2.1.4 is die volgende definisie van παρουσία gegee: Dit is die sigbare aankoms en teenwoordig wees van die eens (na sy hemelvaart) verborge Jesus Christus by sy mense met sy wederkoms vanaf die hemel, aan die einde van die tyd, in heerlikheid as Regeerder, Regter en magtige God, waarvoor sy mense voorberei het, en wat gepaard sal gaan met lofprysing en eerbewys, wat sy volgelinge met hoop sal vervul en hulle omstandighede sal verander deur hulle vir ewig te verlos.

Sommige verklaarders, soos Cara (2009:97), Martin (1995:114) en Hendriksen (2002c:92), is van mening dat Paulus die gebed in 3:13 bid met die klem daarop dat die eindoordeel sal saamval met die παρουσία. Paulus bid dus, volgens hulle, die gebed sodat die Tessalonisense gereed sal wees om vrygespreek te kan word in die eindoordeel. Tegnies, in die lig van die definisie van παρουσία is dit nie verkeerd om dit so te verklaar nie. Die vraag is egter of die klem daarop geplaas moet word dat Jesus as Regter kom en of die klem nie eerder daarop geplaas moet word dat Hy in heerlikheid as Regeerder kom en dat sy volgelinge hulle daarvoor gereed moet maak nie?

Die hele gees van die brief tot dusver is bemoedigend van aard, en Paulus wat die Tessalonisense sien as die kroon op sy werk by die παρουσία (2:19, 4.2.2.1.1). Die klem val daarom in 3:13 eerder daarop dat Jesus in heerlikheid as Regeerder kom en dat sy volgelinge hulle daarvoor gereed moet maak.

Calvyn (2010c:271) se verklaring stem hiermee ooreen: “Paul, however, does not teach us what or how great the holiness of believers may be, but desires that it may be increased, until it attain

its perfection. On this account he says—*at the coming of our Lord*, meaning that the completion of those things, which the Lord now begins in us, is delayed till that time.” Ook moet dit nie uit die oog verloor word dat 3:13 deel van ŉ gebed is nie. Paulus is besig om tot die Vader te bid om hierdie voorbereidingswerk in die gelowiges te doen en te voltooi met die παρουσία. Paulus het dus nie net die komende παρουσία verkondig nie. Hy het ook gebid dat God die gelowiges daarvoor sal voorberei. Hieruit kan ŉ openbaringsdoelwit afgelei word, naamlik dat die παρουσία van Jesus Christus aan ons geopenbaar word, sodat ons ook sal bid dat God ons daarvoor gereed sal maak. Ons berei dus voor vir die koms van ons Koning deur oorvloedige liefde te bewys en te bid vir die heiligende werk van God in ons.

So gesien is dit duidelik uit 3:12 dat die Here die Tessalonisense voorberei op die παρουσία deur hulle liefde vir mekaar en vir almal oorvloedig te maak. In 3:13 word die voorbereidingswerk beskryf as dat die Here hulle harte versterk sodat hulle by die παρουσία vlekkeloos in heiligheid kan wees voor die Vader. Alleen deur die versoeningswerk van die Here Jesus kan ons vlekkeloos in heiligheid voor die Vader wees. Dit waarvoor gebid word, is ook dit waarna gestreef moet word. Daarom moet gelowiges ook daarna streef om in Christus vlekkeloos in heiligheid te wees (1 Tessalonisense 4:1, 3). “By Paulus is heiliging selfs in die eerste plek ŉ gawe en daarna ook ŉ opgawe.” (Floor, 1990:159)

Gelowiges se harte word dus versterk deur die openbaring van die wederkoms van Jesus Christus, want Hý wat kom, is juis ook Hý wat ons vlekkeloos in heiligheid gemaak het met sy verlossingswerk. Daar kan dus met De Villiers (2008) saamgestem word as hy skryf: “Eschatology in 1 Thessalonians is viewed from a soteriological perspective — that is, how humanity will finally be brought to its divine destiny.”

Daar bestaan verskil van mening oor wat bedoel word met μετὰ πάντων τῶν ἁγίων αὐτοῦ. Die Here Jesus se heiliges wat met Hom saamkom tydens sy παρουσία kan ŉ verwysing wees na engele of na gelowiges wat reeds gesterf het. “Are the ‘holy ones’ (*hagioi*) holy angels, departed human believers (in which case the word is usually translated as ‘saints’,) or both angels and humans? It is certainly true that when Christ returns he will have with him both angels (2 Thess. 1:7; Matt. 25:31) and humans (4:14). But to which option is 1 Thessalonians 3:13 referring?” (Cara, 2009:98) Volgens Cara (2009:98) verwys Paulus waarskynlik na Sagaria 14:5 waar daar van engele gepraat word.

Die Bybel, Nuwe Vertaling (1998) vertaal μετὰ πάντων τῶν ἁγίων αὐτοῦ as: “saam met al sy heilige engele.” Dijk (1953:69, 70) merk egter op: “...dat de uitdrukking Zyn Heiligen in het Nieuwe Testament niet op de engelen maar altijd op de verlosten doelt, ...”

Daar kan met Dijk (1953:69, 70) saamgestem word, asook met Calvyn (2010c:271) wat ook die keuse maak vir gelowiges wat reeds gesterf het ("saints"), veral in die lig van 1 Tessalonisense 4:13-18 wat juis handel oor die hereniging van gelowiges met geliefdes wat reeds gesterf het wanneer Jesus weer kom. Hierdie verband tussen 3:13 en 4:14-16 kom weer in 4.4.2.2 hieronder ter sprake, waar gewys word op 'n moontlike "gedagtesprong" in 4:14-16 wat ontstaan as hier van engele sprake sou wees in plaas van gelowiges.

#### 4.3.1.1 Konklusie

Gelowiges se harte word versterk deur die openbaring van die wederkoms van Jesus Christus, want Hý wat kom, is juis ook Hý wat ons vlekkeloos in heiligheid gemaak het met sy verlossingswerk.

Paulus het nie net die komende παρουσία verkondig nie. Hy het ook gebid dat God die gelowiges daarvoor sal voorberei.

Alleen deur die versoeningswerk van die Here Jesus kan ons vlekkeloos in heiligheid voor die Vader wees met die wederkoms.

Wanneer Jesus Christus weer kom, sal Hy die gelowiges wat reeds gesterf het, sy heiliges, met Hom saambring.

#### 4.3.1.2 Openbaringsdoelwitte

Die volgende openbaringsdoelwitte kan afgelei word uit die voorafgaande in 4.3:

- Die παρουσία van Jesus Christus word aan ons geopenbaar, sodat ons ook sal bid dat God ons daarvoor gereed sal maak. Ons moet voorberei vir die koms van ons Koning deur oorvloedige liefde te bewys en deur te bid vir die heiligende werk van God in ons (1 Tes. 3:13).

- Dit waarvoor gebid word, is ook dit waarna gestreef moet word. Daarom moet gelowiges ook, in die lig daarvan dat die Here Jesus weer sal kom, daarna streef om in Hom vlekkeloos in heiligheid te wees (1 Tes. 3:13).

- Gelowiges word getroos met die wete dat hulle geliefdes, wat reeds gesterf het, saam met die Here Jesus sal kom met sy wederkoms (1 Tes. 3:13).

### 4.4 1 Tessalonisense 4

1 Tessalonisense 4 val in twee perikope uiteen, naamlik 4:1-12, wat handel oor die aansporing tot ŉ Christelike lewe (Morris,1977:117) en 4:13-18, wat handel oor die troos ten opsigte van diegene wat reeds gesterf het voor die wederkoms (Morris, 1977:135).

#### 4.4.1 1 Tessalonisense 4:1-12

Nie een van die ses geïdentifiseerde woorde wat gebruik word om die wederkoms mee aan te dui (vgl. 1.3) kom in hierdie perikoop voor nie. Daar is egter ŉ duidelike verbinding met die voorafgaande, veral met 3:13. Die hoofstuk word ingelui met: Λοιπὸν οὖν, ἀδελφοί, … Daar kan met Floor (1990:158) saamgestem word as hy in verband met die gebruik van οὖν skryf: "Dit is wel duidelik dat die apostel met behulp van hierdie partikel ŉ verbinding lê tussen wat voorafgaan en wat volg ... Die oorgangspartikel het dus ŉ brugfunksie ..." Ook Fausset (1997b:389) verklaar die gebruik van οὖν so: " … with a view to the *love* and *holiness* (1 Th 3:12, 13) which we have just prayed for in your behalf, we now give you exhortation." Daarmee word ŉ duidelike verbinding tussen 4:1-12 en 3:12-13 gelê.

Daar is reeds in 4.2 daarop gewys dat Versteeg (1987:470) die volgende indeling maak: "Heilige lewenswandel en wederkoms - 3:1-4:12." Deur die Skrifdeel so te benoem, kan afgelei word dat die oproep tot ŉ heilige lewenswandel direk uit die verkondiging van die παρουσία voortspruit. Floor (1990:164) stel dit in soveel woorde: "Paulus verkondig in 1 Tessalonisense die indikatief van die wederkoms van Christus en in verband daarmee die paraklese van ŉ heilige lewenswandel." Die *telos* van die openbaring van die wederkoms in die perikoop is dus ŉ heilige lewenswandel deur die volgelinge van die Here. So gesien is die inhoud van 1 Tessalonisense 4:1-12 van belang vir die studie. Die paraklese (die imperatief) van ŉ heilige lewenswandel, wat volg op die openbaring van die wederkoms (die indikatief), word immers in die perikoop uiteengesit.

Daar word ŉ duidelike oorgang gemaak vanaf dit wat in die eerste drie hoofstukke verkondig word na dit wat in hoofstuk 4 en 5 verkondig word. Met verwysing na Λοιπὸν, waarmee hoofstuk 4 begin, voer Martin (1995:117) aan: "'Finally, …' marks a major transition point in the letter. The Greek word (unlike the English) does not necessarily signify an approach to the end of the entire discussion. Nor does it connote a transition to material less important than or secondary to what came before. What follows does not even introduce a range of new subjects but develops several themes introduced in the first three chapters of the letter. What the transition does mark is a shift from declaration to exhortation." Dit kom ooreen met Floor (1990:158) se standpunt: "Op hierdie wyse word die oorgang van die indikatief na die paraklese, van die dogmatiek na die etiek, van die leer na die lewe gemaak."

1 Tessalonisense 4:1-12 kan in twee subperikope verdeel word, naamlik 4:1-8, wat handel oor ŉ heilige lewenswandel, veral wat die huwelikslewe betref, en 4:9-12 wat handel oor broederliefde en daaglikse werk in die lig van die wederkoms.

#### 4.4.1.1 1 Tessalonisense 4:1-8

1 Tessalonisense 4:1 en 2 begin met ŉ sterk appèl: Λοιπὸν οὖν, ἀδελφοί, ἐρωτῶμεν ὑμᾶς καὶ παρακαλοῦμεν ἐν κυρίῳ Ἰησοῦ, ... Opvallend is dat twee werkwoorde gebruik word: ἐρωτῶμεν (ὑμᾶς) καὶ παρακαλοῦμεν.

Floor (1990:160) dui aan dat ἐρωτάω hier meer as net vra beteken: "Dit dra ook die gevoel van smeek en selfs bid (vgl. 5:12)." Voorts dui Floor (1990:160) aan dat παρακαλέω wel "versoek, vermaan, vertroos" kan beteken, "maar die grondbetekenis van die woord is *herbeifüren*". Op grond van sy navorsing kom Floor (1990:160) tot die konklusie: "Letterlik sou ons hierdie teks soos volg moet vertaal: ek roep julle by wat julle van ons geleer het." So is die indikatief van die prediking oor die wederkoms dan die aansporing "om die paraklese van die heiliging van die lewe te gehoorsaam" (Floor, 1990:160).

Van belang vir die studie is die inhoud van die appèl wat in hierdie konteks die *telos* van die openbaring van die wederkoms is. Die hoofinhoud word in 1 Tessalonisense 4:3 saamgevat τοῦτο γάρ ἐστιν θέλημα τοῦ θεοῦ, ὁ ἁγιασμὸς ὑμῶν, … Dat hierdie lewenswyse die wil van God is, word in 4:3, sowel as in 4:8 beklemtoon. "In 4:3 vat Paulus die inhoud van die voorskrifte kort en kragtig saam met die uitdrukking *julle heiligmaking.* God wil dat hulle heilig moet lewe. Paulus spits dan die heiligmaking veral toe op die huwelik." (Floor, 1990:161)

Oor ὁ ἁγιασμὸς ὑμῶν skryf Utley (1997:105-106): "The NT asserts that when sinners turn to Jesus in repentance and faith they are instantaneously justified and sanctified. This is their new position in Christ. His righteousness has been imparted to them. They are declared right and holy (a forensic act of God). But the NT also urges believers on to holiness or sanctification. It is both a theological position in the finished work of Jesus Christ and a call to be Christlike in attitude and actions in daily life. As salvation is a free gift and a cost-everything lifestyle, so too sanctification." Hieruit kan afgelei word dat Paulus eintlik vir die Tessalonisense sê: Die Here Jesus, wat julle geheilig het met sy offer aan die kruis, is ook die Een wat weer kom. Sy wil is dat julle sal leef soos mense wat deur Hom geheilig is. Beskou heilig leef as deel van julle voorbereiding vir sy παρουσία.

Floor (1990:161) dui aan dat 4:3-7 ŉ ringskomposisie vorm wat met ŉ algemene stelling begin in 4:3 en eindig in 4:7:

"vs. 3a: Dit is die wil van God dat julle heilig moet lewe.

Vervolgens word die algemene stelling in verse 3b-6 toegespits op die volgende:

vs. 3b: Weerhou julle van onsedelikheid

vs. 4-5: Ontheilig nie die huwelik nie

vs. 6: Maak nie inbreuk op die huwelik van ander nie

In vers 7 word die algemene stelling herhaal, en dan gee Paulus in vers 9 ŉ afsluitende gevolgtrekking."

Volgens Floor (1990:161) "omring" ἁγιασμὸς hierdie semantiese eenheid. Hy stel dit dat die teenoorgestelde van ἁγιασμὸς in hierdie konteks πορνείας (hoerery) is. "Heiligmaking hou drie dinge in:

- om hoerery te ontvlug (4:3),
- om elkeen sy eie vrou in heiligheid en eerbaarheid te verkry (4:4),
- om niemand in hierdie saak te benadeel nie (4:6)" (Floor,1990:161).

Die heilige instelling van die huwelik moet dus in die lig van die wederkoms heilig gehou word en "ŉ eerbare huwelikslewe" (Floor, 1990:162) moet gehandhaaf word.

Vers 6b, διότι ἔκδικος κύριος περὶ πάντων τούτων, verbind die hele saak van ŉ heilige lewe weer indirek aan die wederkoms. Die eindoordeel sal immers saamval met die wederkoms. Die feit dat die Here hier ŉ wreker genoem word, verwys na oordeel in hierdie lewe, maar ook na die eskatologiese eindoordeel: "This refers to even-handed justice—both temporal (cf. Rom. 1:24, 26, 28) and eschatological (cf. Matt. 25:31ff.)." (Utley, 1997:106)

Paulus sluit die deel van sy betoog af in 4:8 waarin hy duidelik wys op die Goddelike gesag van die Woord en dat iemand wat die Woord verwerp vir God self verwerp (τοιγαροῦν ὁ ἀθετῶν οὐκ ἄνθρωπον ἀθετεῖ ἀλλὰ τὸν θεὸν).

Dit is belangrik om raak te sien dat Paulus ook duidelik wys op die werking van die Heilige Gees in die verband: τὸν θεὸν τὸν [καὶ] διδόντα τὸ πνεῦμα αὐτοῦ τὸ ἅγιον εἰς ὑμᾶς. God, wat die Heilige Gees gee en daarmee sy kinders in staat stel om ŉ heilige lewe te lei, kan dus van sy kinders ŉ heilige lewe eis (Van Leeuwen, s.a:134).

Ook Floor (1990:164) wys daarop dat, alhoewel daar in 1 Tessalonisense ŉ nou band is tussen die indikatief van die wederkoms van Christus en die paraklese van ŉ heilige lewenswandel, die onontbeerlike rol van die Heilige Gees nie misgekyk kan word nie: "Tegelykertyd wys hy in sy

brief egter ook op God wat die Heilige Gees gee om wat hy (*sic*) eis, ook gelowig te kan doen. Geloof in God wat gee, skenk krag om dieselfde God wat eis te gehoorsaam. Die paraklese, die imperatief, die gebod tot heiliging soos dit verkondig word, moet die mens tot gebed bring. Hierdie gebed is ŉ gebed om die Heilige Gees. Augustinus het dit so treffend verwoord met sy beroemde gebed: 'Here, gee wat u beveel en eis dan wat u wil'".

Hiermee het Floor (1990:164) ŉ openbaringsdoelwit geformuleer, naamlik dat gelowiges in die lig van die indikatief van die wederkoms en die daarmee gepaardgaande paraklese van ŉ heilige lewe, moet bid om die Heilige Gees se heiligende werk in hulle.

4.4.1.1.1 Konklusie

In die lig van die wederkoms word daar ŉ sterk appèl op die Tessalonisense gemaak om heilig te leef. Die Here Jesus, wat hulle geheilig het met sy offer aan die kruis, is ook die Een wat weer kom. Sy wil is dat hulle sal leef soos mense wat deur Hom geheilig is. Hulle moet heilig leef beskou as deel van hulle voorbereiding vir sy παρουσία.

Hierdie heilige lewenswandel moet veral op die huwelik toegepas word. Prakties beteken dit om onsedelikheid te vermy, onder andere deur hoerery te vermy, om nie die huwelik te ontheilig nie; onder andere deurdat elkeen sy eie vrou in heiligheid en eerbaarheid verkry en om nie inbreuk te maak op die huwelik van ŉ ander nie en hulle so te benadeel nie. Die heilige instelling van die huwelik moet dus in die lig van die wederkoms heilig gehou word. Die wederkoms sal immers met die eindoordeel saamval.

Dit is God self wat hierdie dinge beveel en mense wat die bevele verwerp, verwerp vir God. Die gesag van God se Woord moet derhalwe aanvaar word as hoogste gesag.

In die saak van ŉ sedelike lewe en ŉ heilige huwelik is die heiligende werk van die Heilige Gees onontbeerlik. Daarom, in die lig van die indikatief van die wederkoms en die daarmee gepaardgaande paraklese van ŉ heilige lewe, moet gelowiges ook bid om die heiligende werk van die Heilige Gees in hulle.

4.4.1.1.2 Openbaringsdoelwitte

In 1 Tessalonisense 4:1-8 is die *telos* van die openbaring van die wederkoms ŉ heilige lewe, veral op die terrein van die huwelik. Dit sluit die volgende openbaringsdoelwitte in:

- Sodat gelowiges onsedelikheid sal vermy, onder andere deur hoerery te vermy (1 Tes. 4:1-8).

- Sodat die huwelik heilig gehou sal word, onder andere deurdat elkeen sy eie vrou in heiligheid en eerbaarheid sal verkry (1 Tes. 4:1-8).
- Sodat gelowiges nie inbreuk sal maak op die huwelik van 'n ander en hulle so te benadeel nie (1 Tes. 4:1-8).
- Sodat gelowiges die gesag van die Woord van God gehoorsaam sal aanvaar (1 Tes. 4:1-8).
- Sodat gelowiges sal bid om die heiligende werk van die Heilige Gees in hulle (1 Tes. 4:1-8).

#### 4.4.1.2 1 Tessalonisense 4:9-12

In 4:9 word daar van 'n heilige lewe oorbeweeg na die sake van broederliefde en daaglikse werk. Daar is reeds aan die begin van die afdeling aangedui dat 1 Tessalonisense 4:1-12, wat 4:9-12 insluit, volg op die verwysing na die παρουσία in 3:13 en daaraan verbind is. 'n Direkte verband tussen die broederliefde in 4:9 en die heilige lewe in die lig van die wederkoms wat sal aanbreek (3:13) word deur Auberlen en Riggenbach (2008:67) gelê: "But concerning brotherly love, &c.—The exhortation here turns to a new side of sanctification."

Φιλαδελφία beteken volgens Louw en Nida (1996a:292) liefde vir jou medegelowige, toegeneentheid tot 'n medegelowige: "In the NT the terms φιλαδελφία and φιλάδελφος (25.35) have acquired highly specialized meanings which restrict the range of reference to fellow believers."

"Brotherly love (ch. 3:12) is love to our fellow-Christians, who have the same Father (1 John 5:1), and is the centre of love to all men (2 Pet. 1:7), the Christian loving generally his neighbors on account of the hope, to which he knows and believes them to be called (Col. 1:4, 5)." (Auberlen & Riggenbach, 2008:67)

Paulus skryf in 4:9 dat hy dit nie nodig ag om oor broederliefde aan die Tessalonisense te skryf nie (Περὶ δὲ τῆς φιλαδελφίας οὐ χρείαν ἔχετε γράφειν ὑμῖν, ...) aangesien hulle self deur God geleer is om mekaar lief te hê ( ... αὐτοὶ γὰρ ὑμεῖς θεοδίδακτοί ἐστε εἰς τὸ ἀγαπᾶν ἀλλήλους, ...), maar hy ag dit tog nodig in 4:10 om hulle aan te moedig om nog oorvloediger daarin te wees en om mekaar nog meer lief te hê (παρακαλοῦμεν δὲ ὑμᾶς, ἀδελφοί, περισσεύειν μᾶλλον …).

Die feit dat hulle deur God geleer is om mekaar lief te hê ( ... αὐτοὶ γὰρ ὑμεῖς θεοδίδακτοί ἐστε εἰς τὸ ἀγαπᾶν ἀλλήλους, ...), is volgens Martin (1995:134) 'n verwysing na die werk van die Heilige Gees (vgl. ook 4:8): "A hallmark of the new covenant in the New Testament is the

presence of the Spirit with each believer (Acts 2:16–18; Gal 4:6) and the resultant internal witness to the will of God (cf. Jer 31:34; Heb 8:10–11). Apparently this was what Paul meant to signify with *theodidaktoi*."

As verdere bewys dat dit nie nodig is om oor broederliefde aan hulle te skryf nie, skryf Paulus in 4:10: καὶ γὰρ ποιεῖτε αὐτὸ εἰς πάντας τοὺς ἀδελφοὺς [τοὺς] ἐν ὅλῃ τῇ Μακεδονίᾳ. Die Tessalonisense se broederliefde was dus nie beperk tot hulle eie kring nie, maar hulle het al die broers in die hele Masedonië liefgehad.

Hieruit kan 'n volgende openbaringsdoelwit afgelei word, naamlik dat gelowiges wat die wederkoms verwag hulle medegelowiges steeds meer oorvloedig sal liefhê, soos wat die Heilige Gees hulle ook geleer het. Hierdie liefde sal nie net tot die eie gemeente beperk wees nie, maar sal veel wyer strek.

1 Tessalonisense 4:10b tot aan die einde van 4:12 vorm een lang sin: παρακαλοῦμεν δὲ ὑμᾶς, ἀδελφοί, περισσεύειν μᾶλλον καὶ φιλοτιμεῖσθαι ἡσυχάζειν καὶ πράσσειν τὰ ἴδια καὶ ἐργάζεσθαι ταῖς [ἰδίαις] χερσὶν ὑμῶν, καθὼς ὑμῖν παρηγγείλαμεν, ἵνα περιπατῆτε εὐσχημόνως πρὸς τοὺς ἔξω καὶ μηδενὸς χρείαν ἔχητε.

Op die aanmoediging (παρακαλοῦμεν δὲ ὑμᾶς) volg vier infinitiewe wat die inhoud van die aanmoediging weergee (Martin, 1995:135). Aangesien dit infinitiewe is wat in die praesens staan, moet dit geïnterpreteer word as imperatiewe wat voortdurend vervul moet word (Utley, 1997:107):

παρακαλοῦμεν δὲ ὑμᾶς, ἀδελφοί, (Ons moedig julle aan, broeders)

- περισσεύειν μᾶλλον (om meer oorvloedig te wees (in broederliefde))
- καὶ φιλοτιμεῖσθαι ἡσυχάζειν (en om daarna te streef om kalm te bly)
- καὶ πράσσειν τὰ ἴδια (en om julle eie dinge te doen)
- καὶ ἐργάζεσθαι ταῖς [ἰδίαις] χερσὶν ὑμῶν, ... (en om te werk met julle (eie) hande).

Oor hierdie sake, skryf Paulus in 4:11, het hulle reeds opdrag ontvang: καθὼς ὑμῖν παρηγγείλαμεν.

Die lang sin word afgesluit in 4:12 met 'n doelsin (Martin, 1995:135): ἵνα περιπατῆτε εὐσχημόνως πρὸς τοὺς ἔξω καὶ μηδενὸς χρείαν ἔχητε. Die doel waarom die opdragte aan hulle gegee word, val in twee dele uiteen: Eerstens sodat hulle op 'n gepaste wyse sal lewe teenoor buitestaanders en tweedens sodat hulle aan niks gebrek sal hê nie.

Hierdie opdragte word direk met die feit dat Jesus weer gaan kom, verbind: “This is probably exhorting patience and normalcy in anticipation of the Second Coming (cf. 2 Thess. 3:10–12).” (Utley, 1997:107)

Uit 4:10b tot 4:12 kan daar verskeie openbaringsdoelwitte afgelei word. In die lig daarvan dat Jesus Christus weer gaan kom, word gelowiges aangemoedig om:

- Nog meer oorvloedig te wees in broederliefde.
- Daarna te streef om kalm te bly.
- Om hulle eie dinge te doen.
- Om met hulle eie hande te werk.

Die gevolg, wat ook as openbaringsdoelwitte beskou kan word, sal wees:

- Dat hulle op ’n gepaste wyse sal leef teenoor buitestaanders
- Dat hulle aan niks gebrek sal hê nie.

Hieruit blyk dit dat die eerste twee opdragte veral met die eerste gevolg verband hou en die derde en die vierde opdrag veral met die tweede gevolg verband hou en daarom ’n parallelisme vorm:

a παρακαλοῦμεν δὲ ὑμᾶς, ἀδελφοί,

b περισσεύειν μᾶλλον

b καὶ φιλοτιμεῖσθαι ἡσυχάζειν

c καὶ πράσσειν τὰ ἴδια

c καὶ ἐργάζεσθαι ταῖς [ἰδίαις] χερσὶν ὑμῶν,

a καθὼς ὑμῖν παρηγγείλαμεν,

b ἵνα περιπατῆτε εὐσχημόνως πρὸς τοὺς ἔξω

c καὶ μηδενὸς χρείαν ἔχητε.

Daar is reeds vroeër in die afdeling gekyk na die opdrag dat gelowiges mekaar moet liefhê in die lig daarvan dat Jesus Christus weer gaan kom. In 4:10b word die Tessalonisense

aangemoedig om nog meer oorvloedig in die betoning van broederliefde te wees. Sodoende sal hulle eerbaar kan leef in die oë van buitestaanders.

Daarby moet hulle daarna streef om kalm te bly (καὶ φιλοτιμεῖσθαι ἡσυχάζειν). Paulus verwys waarskynlik na gelowiges wat persektief verloor het en oorreageer het oor die wederkoms van die Here. “We must never be so preoccupied with Christ’s return that it distracts us from fulfilling the great commission or from loving our neighbours”, skryf Shenton (2006:83) in sy kommentaar op die sinsnede.

Καὶ φιλοτιμεῖσθαι ἡσυχάζειν word deur Louw en Nida (1996a:753) vertaal as: “make it your aim to live a quiet life”. In die lig van die παρουσία moet gelowiges dus ingestel wees daarop om rustig en kalm te leef. “By this, he means a life that is peaceful, not turbulent.” (Mayhue, 1999:119) Green (2002:210) se interpretasie sluit hierby aan: “At times the theme of ‘being quiet’ appears in the literature of the era in the description of those respectable people who do not cause problems in the community.” Dit kom ooreen met die opdrag in 2 Tessalonisense 2:1, 2 wat later in die studie (4.6.2) hanteer sal word.

Καὶ πράσσειν τὰ ἴδια word deur Shenton (2006:84) vertaal as “to mind your own business”. Waarskynlik was daar lidmate wat opgehou het met hulle werk omdat hulle gedink het dat die wederkoms baie naby is (Moffat, s.a.:36) en hulle toe met ander se sake bemoei het: “With nothing to do, they had become busybodies, meddling in matters that did not concern them and interfering with the affairs of others, especially the church leaders from whom they wanted support.” (Shenton, 2006:84) Ongelukkig sou Paulus in sy tweede brief aan die Tessalonisense (3:11) weer hierdie saak moes ophaal: ἀκούομεν γάρ τινας περιπατοῦντας ἐν ὑμῖν ἀτάκτως μηδὲν ἐργαζομένους ἀλλὰ περιεργαζομένους.

Καὶ ἐργάζεσθαι ταῖς [ἰδίαις] χερσὶν ὑμῶν hang baie nou saam met καὶ πράσσειν τὰ ἴδια, wat dit voorafgaan (Morris, 1977:133). Dit word ook bevestig deur die reeds aangetoonde parallelisme. Die klem moet nie net op hande-arbeid val nie, maar hande-arbeid word hier as sinekdogee gebruik om alle tipes werk in te sluit (Calvyn, 2010c:278). Gelowiges wat die wederkoms verwag, sit dus nie ledig rond nie, maar vervul hulle roeping deur hulle beroepe te beoefen, ἵνα περιπατῆτε εὐσχημόνως πρὸς τοὺς ἔξω καὶ μηδενὸς χρείαν ἔχητε.

#### 4.4.1.2.1 Konklusie

Gelowiges, wat reeds hulle medegelowiges liefhet, moet in die lig van die naderende wederkoms voortdurend daarna streef om nog meer oorvloedig te wees in hulle liefdesbetoning. God se Gees leer hulle immers self om dit te doen. Hierdie betoning van broederliefde moet nie

net tot die eie kring, soos die eie gemeente, beperk wees nie, maar moet wyer strek. Sodoende sal hulle eerbaar kan leef in die oë van buitestaanders.

Daarby moet gelowiges in die lig van die naderende wederkoms voortdurend daarna streef om rustig en kalm te bly en om nie perspektief te verloor of te oorreageer nie. Daardeur sal hulle eerbaar kan leef in die oë van buitestaanders.

Gelowiges moet hulle daaglikse werk getrou doen en hulle roeping vervul. Dan sal hulle hulle nie op die verkeerde manier met ander se sake bemoei nie. Sodoende sal hulle nie van ander afhanklik wees nie.

ŉ Eerbare lewe in die oë van buitestaanders en die voorkoming daarvan dat gelowiges wat nog kan werk van ander afhanklik is, word as baie belangrik beskou in die Christelike lewe.

4.4.1.2.2 Openbaringsdoelwitte

Uit 1 Tessalonisense 4:9-12 kan die volgende openbaringsdoelwitte afgelei word:

- Dat gelowiges voortdurend daarna sal streef om hulle medegelowiges steeds meer oorvloedig lief te hê, soos wat die Heilige Gees hulle geleer het. Hierdie liefde sal nie net tot die eie gemeente beperk wees nie, maar sal veel wyer strek. So sal hulle eerbaar leef in die oë van buitestaanders (1 Tes. 4:9-12).

- Dat gelowiges voortdurend daarna sal streef om rustig en kalm te bly en nie perspektief te verloor of te oorreageer met die oog op die wederkoms nie. Daardeur sal hulle eerbaar kan leef in die oë van buitestaanders (1 Tes. 4:9-12).

- Dat gelowiges voortdurend hulle daaglikse werk getrou sal doen en hulle roeping sal vervul. Dan sal hulle hulle nie op die verkeerde manier met ander se sake bemoei nie (1 Tes. 4:9-12).

- Dat gelowiges daarop ingestel sal wees om eerbaar te leef in die oë van buitestaanders (1 Tes. 4:9-12).

- Sodat gelowiges wat nog kan werk nie van ander afhanklik sal word nie (1 Tes. 4:9-12).

### 4.4.2 1 Tessalonisense 4:13-18

In sy “Analysis of 1 Thessalonians” beskou Morris (1977:43) 1 Tessalonisense 4:13-5:11 as ŉ eenheid wat hy benoem as “Problems associated with the parousia”. Hy maak dan die volgende indeling:

“1. Believers who die before the Parousia, 4:13-18

2. The time of the Parousia, 5:1-3

3. Children of the day, 5:4-11.”

1 Tessalonisense 5:12-22 word deur Morris (1977:43) beskou as algemene aanmoedigings en 5:23-28 as die briefslot. Hieruit is dit duidelik dat Morris 1 Tessalonisense 4:13-5:11 direk met die wederkoms in verband bring.

In 1 Tessalonisense 4:13-18 skryf Paulus oor die lot van gelowiges wat reeds gesterf het voor die wederkoms. Dit is duidelik dat die *parousia* ʼn sentrale rol speel in sy verkondiging aan die Tessalonisense in die verband. Hy gebruik die woord παρουσία in 4:15, en in 4:18 sluit hy die perikoop af met: Ὥστε παρακαλεῖτε ἀλλήλους ἐν τοῖς λόγοις τούτοις. Dit blyk baie duidelik hieruit dat troos ʼn sterk *telos* van die verkondiging van die παρουσία in die Skrifdeel is (vgl. Green, 2002:228). Die παρουσία is immers inbegrepe by ἐν τοῖς λόγοις τούτοις (4:18).

In 1 Tessalonisense 4:13-18 is daar sekere unieke openbaringsinhoude:

“I. God bring met Christus se wederkoms die afgestorwe gelowiges saam met Hom (Christus).

II. Die gelowiges wat bly lewe tot met die wederkoms het geen voorsprong bo die gelowiges wat reeds gesterf het nie.

III. Die opgestane gelowiges en die gelowiges wat bly lewe tot met die wederkoms sal saam in wolke weggevoer word om die Here te ontmoet.” (Van Rhyn, 1993:27)

Aangesien hierdie openbaringsinhoude uniek is aan die perikoop, kan daar verwag word dat *kerugma* van hierdie openbaringsinhoude as ʼn sterk openbaringsdoelwit aangewys kan word.

#### 4.4.2.1 1 Tessalonisense 4:13

In 4:13 dui Paulus aan dat hy ʼn tweeledige doel met hierdie afdeling van sy brief aan die Tessalonisense het. Hy wil onkunde, met betrekking tot gelowiges wat reeds gesterf het, bestry en daarmee saam wil hy voorkom dat die Tessalonisense sal treur sonder hoop: Οὐ θέλομεν δὲ ὑμᾶς ἀγνοεῖν, ἀδελφοί, περὶ τῶν κοιμωμένων, ἵνα μὴ λυπῆσθε καθὼς καὶ οἱ λοιποὶ οἱ μὴ ἔχοντες ἐλπίδα.

In Paulus se tweeledige poging speel die wederkoms ʼn baie belangrike rol: “The author of the letter encouraged the believers to comfort one another with the teaching on the coming of the Lord and the resurrection of the dead in Christ (v. 18).” (Green, 2002:213) Anders as in ander

algemene vertroostings vir mense wat getreur het oor die dood van geliefdes wat destyds in omloop was, begrond Paulus die troos wat hy verkondig in twee sake, naamlik die opstanding van Jesus (:14) en sy wederkoms (:15, 16) (Green, 2002:216).

Paulus vestig die aandag by die aanvang van die perikoop in 4:13 op diegene wat ontslaap het, περὶ τῶν κοιμωμένων. Hier word nie na ontslapenes in die algemeen verwys nie, maar meer spesifiek ontslape gelowiges (vgl. Lünemann, 1880:26). Dit blyk ook duidelik uit 4:16, οἱ νεκροὶ ἐν Χριστῷ, dat dit gaan oor gelowiges wat gesterf het.

In die woorde τῶν κοιμωμένων word baie geopenbaar oor Paulus se siening oor die dood. Die feit dat hy egter ook οἱ νεκροὶ in 4:16 as sinoniem gebruik, maan 'n mens om nie te veel daaruit af te lei nie.

Die praesens deelwoord κοιμωμένων dui daarop dat die betrokkenes besig is om te slaap. Hierdie manier van verwysing na gestorwe gelowiges kom, onder andere, ook voor in Matteus 27:52, 1 Korintiërs 7:39, 1 Korintiërs 15:6, 18, 20, 51 en 2 Petrus 3:4 (vergelyk Wigram & Winter, 1978:427).

Hoewel hierdie manier van praat oor die dooies nie van Christelike oorsprong is nie (Hiebert, 1971:137), merk Morris (1977:137) op: "... it is a metaphor which is much more at home in a Christian context than elsewhere. For Christians death is no longer that adversary whom no man can resist, that tyrant who brings all worthwhile existence to a horribly final end. Death has been overcome by the risen Lord, and that has transformed the whole situation for those who are in Him."

Frame (1946:166) merk die volgende oor Paulus se woordkeuse van τῶν κοιμωμένων op: "Clear *only* is it that in some sense, not defined, the dead as well as the living are under the power of the indwelling Christ (ἐν Χριστῷ)." (My kursivering - H.P.M. v. R.) Frame kom tot hierdie ietwat onbevredigende konklusie dat dit al is wat uit die woordkeuse van τῶν κοιμωμένων afgelei kan word op grond van Charles se uitspraak wat hy soos volg aanhaal: "The designation of death as a sleep did not arise from the resurrection hope; for it is found in books that were unacquainted with this hope." (Frame, 1946:166) Alhoewel die woord nie sy oorsprong in die hoop op die opstanding het nie, beteken dit nie dat die hoop op die opstanding glad nie vir Paulus in die keuse van die woord beïnvloed net nie. Inteendeel. Morris (1977:137) se standpunt dat hierdie woord meer tuishoort by die Christelike godsdiens as by enige ander impliseer dat Paulus juis hierdie woord gebruik as gevolg van sy opstandingsgeloof. Die tydelikheid van die dood van die gelowiges voor die wederkoms word juis deur die woord "ontslapenes" beklemtoon (vergelyk Hiebert, 1971:166).

“The risen Lord robbed death of its sting and horror for the believer and has transformed it into sleep for those in Christ” (Hiebert, 1971:166). Om egter meer as die tydelikheid van die dood van die gelowige hieruit te wil aflei, is onverantwoordbaar. Daarom sê Hiebert (1971:166): “But the figure of death as sleep cannot be pressed to establish the teaching that in the intermediate state the soul is in unconscious response (soul sleep). The state of the soul after death is not in Paul’s mind in this metaphor; the body only is thought of as being asleep, no longer in communication with its earthly environment.”

Hierdie siening word gesteun deur 4:13b: ἵνα μὴ λυπῆσθε καθὼς καὶ οἱ λοιποὶ οἱ μὴ ἔχοντες ἐλπίδα. Omdat die gelowige weet dat die dood van ŉ medegelowige slegs tydelik is, treur hy ook soos een wat hoop (verseker weet) op die opstanding met die wederkoms en nie soos een wat geen hoop het nie.

“... *elpis* (hoop) is die absoluut sekere, God-geborgde toekomsverwagting van die gelowige.” (Coetzee, 1984:340) In hierdie geval is dit die hoop op die “absoluut sekere, God-geborgde toekomsverwagting” van die opstanding uit die dood met die wederkoms.

Die feit dat Paulus onkunde wil bestry wat tot ŉ heidense, hopelose getreur sal lei, kan as ŉ besliste openbaringsdoelwit geïdentifiseer word. Hierdie openbaringsdoelwit word egter indirek aan die wederkoms verbind, aangesien dit nouer aan die opstanding uit die dood verbind word as aan die wederkoms. Die opstanding uit die dood is egter onlosmaaklik aan die wederkoms verbind. Beide, die opstanding en die wederkoms, word dus verkondig met die *telos* dat troos en hoop vir gelowiges gegee word wat gelowige geliefdes aan die dood afgestaan het.

Paulus se gebruik van die woord “ontslapenes” is belangrik. Daar is reeds aangetoon dat die gebruik van hierdie woord die tydelikheid van die skeiding tussen lewende gelowiges en afgestorwe gelowiges beklemtoon. Die tydelike skeiding sal beëindig word met die wederkoms.

#### 4.4.2.2 1 Tessalonisense 4:14

In 4:14 omskryf Paulus die grond van die hoop waarna hy in 4:13 verwys (Lindeboom, 1934:63): “εἰ γὰρ πιστεύομεν ὅτι Ἰησοῦς ἀπέθανεν καὶ ἀνέστη, οὕτως καὶ ὁ θεὸς τοὺς κοιμηθέντας διὰ τοῦ Ἰησοῦ ἄξει σὺν αὐτῷ”. Die sterwe en opstanding van Jesus vorm die fondament van die argument. So seker as wat Jesus gesterf en opgestaan het, so seker sal God die gelowiges wat in Jesus ontslaap het, saam met Hom bring.

Sommige eksegete is van mening dat διὰ τοῦ Ἰησοῦ betrekking het op ἄξει, byvoorbeeld Lindeboom (1934:63) en Lünemann (1880:130), wat dan vertaal sou word: “en God sal dié wat ontslaap het deur Jesus met Hom saambring”. Ander meen weer dat διὰ τοῦ Ἰησοῦ betrekking

het op τοὺς κοιμηθέντας, byvoorbeeld Whiteley (1969:70) en Morris (1977:140), dit wil sê: "die wat in Jesus ontslaap het".

Frame (1946:169,170) kom na 'n lang en deeglike beredenering tot die volgende gevolgtrekking: "The view that joins διὰ τοῦ Ἰησοῦ with κοιμηθέντας is preferable not simply because it gives a distinctively Pauline turn to the passage, but also because it is grammatically better. On the latter point, Ellicott remarks vigorously: 'The two contrasted subjects Ἰησοῦς and κοιμηθέντας διὰ τοῦ Ἰησοῦ thus stand in clear and illustrative antithesis, and the fundamental declaration of the sentence ἄξει σὺν αὐτῷ remains distinct and prominent, undiluted by any additious clause.'"

Morris (1977:140), wat ook na die bogenoemde aanhaling van Frame verwys, verklaar die sinsnede τοὺς κοιμηθέντας διὰ τοῦ Ἰησοῦ soos volg: "The meaning of it probably is that it is through what Jesus has done, through Jesus, that Christians 'sleep' only, and do not undergo the horrors of death." Hiebert (1971:194) ondersteun ook hierdie standpunt: "The more probable meaning is that through the atoning work of Jesus what was stark death for men without hope of the resurrection has become simply sleep."

ὁ θεὸς κοιμηθέντας διὰ τοῦ Ἰησοῦ ἄξει σὺν αὐτῷ word ook op verskillende maniere deur eksegete verklaar. Die vraag is of Paulus verkondig dat die ontslapenes in hemelse heerlikheid ingeneem word en of hy verkondig dat hulle saamgebring gaan word met die wederkoms (Green, 2002:220). Is die rigting waarin hulle geneem word, hemelwaarts (wanneer hulle sterf) of aarde toe (met die wederkoms)?

Eerstens is dit belangrik om daarop te let dat ὁ θεὸς die handelende in die sinsnede is. "The order in the original makes God emphatic, stressing that He is the Actor in what is to take place." (Hiebert, 1971:193) God neem óf die ontslapenes in Christus na Hom (God self) toe, óf God neem die ontslapenes met Christus terug aarde toe vir die wederkoms.

Die Bybel, Nuwe Vertaling (1998) kies vir die eerste moontlikheid en vertaal 1 Tessalonisense 4:14b soos volg: "Net so glo ons ook dat God saam met Jesus die ontslapenes wat in Hom geglo net, na Hom toe sal neem."

1 Tessalonisense 3:13b bevoordeel egter weer die tweede moontlikheid (vgl. 4.3.3.1), soos ook blyk uit die vertaling van 4:14 in Die Bybel (1996): "... dan sal God ook so die wat in Jesus ontslaap het, saam met Hom bring."

Opvallend is dat Die Bybel, Nuwe Vertaling (1998) "μετὰ πάντων τῶν ἁγίων αὐτοῦ" vertaal met "saam met al sy heilige engele." Dijk (1953:69,70) merk egter op "... dat de uitdrukking Zyn Heiligen in het Nieuwe Testament niet op de engelen maar altijd op de verlosten doelt, ..." Op grond van 4:15 merk Whiteley (1969:70) die volgende op by die twee verskillende

interpretasies: “Paul is not clear about the ‘mechanics’ of the Second Coming, which is a matter of proper concern to any student of these epistles, but he is abundantly clear on one point which he was anxious to drive home, namely that those who died before the Second Coming would in no way be the losers.”

Lünemann (1880:130) huldig dieselfde standpunt: “...it is not expressed in what manner the return of Christ will take place, but what will be the final fate of those who have fallen asleep.”

Dit is ’n geldige argument, maar kan juis aangevoer word om die tweede interpretasie te steun (naamlik dat Christus ontslapenes saam met Hom sal bring), soos wat Morris (1977:140) inderdaad doen: “Some understand this to mean that Jesus will take these people with Him into glory, but this does not seem justified. Paul is talking about the Parousia. It is best to understand the words to mean that Jesus will bring the faithful departed with him when He comes back. Their death does not mean that they will miss their share in the Parousia.”

Daar kan dus op goeie gronde gekonkludeer word dat Christus die ontslapenes wat reeds by God is saam met Hom sal bring met die wederkoms. (Byvoorbeeld 1 Tessalonisense 3:13b), maar ook dat God die lewendes en die ontslapenes saam met Christus tot Hom sal neem na die wederkoms (1 Tessalonisense 4:17).

Indien die rigting waarin God die gelowiges neem as hemelwaarts geïnterpreteer word, met ander woorde dat hulle in die hemel opgeneem word wanneer hulle sterf, is daar ’n “gedagtesprong” in die redenasie. Natuurlik word gelowiges in hemelse heerlikheid opgeneem wanneer hulle sterf, maar dit is nie wat Paulus in 4:14 verkondig nie. In ooreenstemming met 1 Tessalonisense 3:13 (vgl. 4.3.3.1) verkondig Paulus in 4:14 dat God die gestorwe gelowiges saam met Jesus bring met sy wederkoms. Indien Paulus dit nie sou verkondig in hierdie geval nie, is hier ’n “gedagtesprong” aangesien daar nie vermeld word hoe die gelowiges, wat reeds gesterf het, van die hemel af op die aarde sal kom vir die opstanding nie.

“Indien 4:14 so geïnterpreteer word dat God met Jesus se wederkoms die ontslapenes saam met Jesus sal bring, is hierdie eksplisiete openbaring uniek aan die Tessalonisense-briewe. Die res van die Nuwe Testament veronderstel dit slegs implisiet. ... Op grond van die eksegetiese oorwegings kan gesê word dat God die siele van die afgestorwe gelowiges saam met Jesus na die aarde sal bring tydens die wederkoms (sodat hulle met hulle liggame verenig kan word en kan opstaan).” (Van Rhyn, 1993:22-23)

Bo en behalwe dat troos hier ’n openbaringsdoelwit is (4:13 en 4:18), kan *kerugma* van hierdie unieke openbaringsinhoud (dat God die ontslapenes saam met Jesus sal bring met die wederkoms) ook as *telos* aangewys word.

#### 4.4.2.3 1 Tessalonisense 4:15

Paulus stel dit aan die Tessalonisense dat sy verkondiging op Goddelike gesag berus: Τοῦτο γὰρ ὑμῖν λέγομεν ἐν λόγῳ κυρίου. Dit wat hy verkondig, doen hy deur die woord van die Here. Die troos wat hy aan die Tessalonisense bring in 4:13-18 dra dus Goddelike gesag.

Deel van die troos is ὅτι ἡμεῖς οἱ ζῶντες οἱ περιλειπόμενοι εἰς τὴν παρουσίαν τοῦ κυρίου οὐ μὴ φθάσωμεν τοὺς κοιμηθέντας· Die gelowiges wat nog sal lewe met die παρουσία sal geen voordeel hê ten opsigte van die ontslapenes nie.

Waarskynlik het die Tessalonisense gedink dat gelowiges wat sterf voor die wederkoms van die Here op een of ander manier benadeel word. Hulle kon dalk selfs gedink het dat slegs die lewendes die voorreg gaan hê om in die heerlike wederkoms van die Here Jesus te deel (Calvyn, 2010c:282; Green, 2002:223). Sulke onkunde sal noodwendig lei tot ŉ getreur sonder hoop (4:13), daarom stel Paulus die saak reg in 4:15-17. “The dead in Christ will in no way be excluded from the grand celebration that will surround the *parousia* of the Lord but will enjoy a place of honor. Recognition of this fact would give the living believers great comfort in their grief (vv. 13, 18).” (Green, 2002:223) “Paul is emphatic: the dead Christians will not be at a disadvantage at the Second Coming. As can be seen in 1 Thessalonians 4:16, Paul is using ‘precede’ in the sense that those remaining alive will not precede the dead Christians *in time* as far as their meeting Christ in the air is concerned.” (Cara, 2009:129)

Hiermee bevestig Paulus nie net, op Goddelike gesag, die werklikheid van die opstanding uit die dood nie, maar hy verkondig ook wat die lewende gelowiges se lot sal wees met die wederkoms (vgl. Green, 2002:221).

#### 4.4.2.4 1 Tessalonisense 4:16, 17

Met verwysing na 4:16 skryf Morris (1977:142): “This verse makes us reflect on the very little that the New Testament has to say about the manner of the Parousia. Nowhere else have we as full a description of what is to happen as here, but the details are few, and do not paint for us a very full picture.” Hieruit kan afgelei word dat *kerugma* van die wyse van die wederkoms ŉ openbaringsdoelwit is.

Om 4:16 en 17 reg te verstaan, is dit belangrik om raak te sien dat Paulus van dieselfde twee groepe mense as in vers 15 praat, naamlik die gelowiges wat in Christus gesterf het en die gelowiges wat nog lewe. Ongelowiges is glad nie ter sprake nie (vgl. Hendriksen, 2002b:115).

Wat word hier oor die “manier” van die wederkoms geopenbaar? Hendriksen (2002b:115-119) onderskei vyf openbaringsinhoude, naamlik dat die wederkoms soos volg sal plaasvind:

“a. With a shouted command.

b. With a voice of an archangel and with a trumpet of God.

c. The Lord himself (or he, the Lord) will descend from heaven.

d. And the dead in Christ will rise first.

e. Then we who are alive, who are left, shall be caught up together with them in clouds to meet the Lord in the air.”

Hierby kan sekerlik 'n sesde openbaringsinhoud gevoeg word: “en so sal ons altyd by die Here wees.”

Morris (1977:143, 144) wys daarop dat Paulus in 4:16 drie feite stel:

- “The first of them is that the One who will come at the end of this age is no less than the Lord himself.”
- “...Paul’s second point. The Lord’s second coming will be one of majesty and honor, and he lists various accompaniments which demonstrate this.”
- “The third point which Paul makes in this verse is that the faithful departed will rise first.”

Uit Hendriksen (2002b:115-119) en Morris (1977:143, 144) se opmerkings blyk dit dat *kerugma* ŉ openbaringsdoelwit is by 4:16 en 17.

Die Skrif lê klem daarop dat dit die Here self (αὐτὸς ὁ κύριος) is wat gaan neerdaal. “It will be no angel or other created being to whom will be committed the task of bringing this age to an end. The Thessalonians are assured that they look forward to nothing less than a Divine intervention.” (Morris, 1977:143)

Oor wie die bevel uiter wat die wederkoms inlui, bestaan daar verskil van mening. Wie is dit wat aan die woord is? Is dit die Here of ŉ aartsengel? Calvyn (2010c:283) beskou ἐν φωνῇ ἀρχαγγέλου καὶ ἐν σάλπιγγι θεοῦ as epeksegeties by ἐν κελεύσματι. Die aartsengel is dus die een wat die bevel gee en wat as herout van Christus optree. Morris (1977:143) kies vir die moontlikheid dat Christus self aan die woord is, aangesien daar van drie verskillende geluide sprake is. Ook verwys hy na Johannes 5:28 ter ondersteuning van sy argument.

Hendriksen (2002b:115, 116) is oortuig daarvan dat Christus self aan die woord is. Hy wys daarop dat κελεύσμα die bevel is wat ŉ offisier vir sy troepe skreeu, of ŉ jagter vir sy honde, of ŉ man op ŉ strydwa vir sy perde of ŉ skeepskaptein vir sy roeiers. “In the present connection it is

clearly the command of the Lord, as he leaves heaven, for the dead to arise" (Hendriksen, 2002b:116).

Met verwysing na die konteks van 4:15 en na Johannes 5:25 en Johannes 5:28 kom Hendriksen (2002b:116) tot die volgende gevolgtrekking: "The command, therefore, is definitely his own, proceeding from his lips: It is not a command issued to him, but an order given by him. Leaving heaven in his human nature, he utters his voice, and immediately the souls of the redeemed also leave, and are quickly reunited with their bodies, which, thus restored to life, arise gloriously."

Wie ook al die bevel gee, dit is duidelik dat Christus se wederkoms in majesteit sal wees. 'n Bevel uit 'n verhewe gesagsposisie word gegee, tesame met die stem van 'n aartsengel en die geklank van die basuin van God. "The Apostle unquestionably had nothing farther in view here than to give some taste of the magnificence and venerable appearance of the Judge, until we shall behold it fully." (Calvyn, 2010c:283)

Sodra die bevel gegee is, sal die dooies in Christus eerste opstaan. Dit wat met die ontslape Christene gebeur en dit wat met die lewende Christene gebeur, word hier in chronologiese volgorde vir ons geopenbaar (vergelyk Hiebert, 1971:201). "Het geeft een antwoord op de vraag van de gemeente te Tessalonica over het lot van de ontslapenen. Zij komen het eerst aan de beurt ... De chronologische zin domineert hier." (Bolkestein, 1974:125)

In 4:16 motiveer Paulus waarom die lewendes nie die ontslapenes voor sal wees nie, soos wat hy in 4:15 verkondig het: καὶ οἱ νεκροὶ ἐν Χριστῷ ἀναστήσονται πρῶτον. "'The order of the resurrection,' says he, 'will begin with them: we shall accordingly not rise without them.'... Paul, … , assigns the first place to the dead, and afterwards teaches that those will follow who will be at that time remaining in this life." (Calvyn, 2010c:282) Troos en *kerugma* tree hier na vore as openbaringsdoelwitte.

Buiten die opstanding van die dooies vind daar direk daarna nog 'n dramatiese gebeurtenis plaas: ἔπειτα ἡμεῖς οἱ ζῶντες οἱ περιλειπόμενοι ἅμα σὺν αὐτοῖς ἁρπαγησόμεθα ἐν νεφέλαις εἰς ἀπάντησιν τοῦ κυρίου εἰς ἀέρα· Paulus stel dit baie duidelik aan die Tessalonisense dat, nadat die ontslapenes eerste opgestaan het, hulle verenig sal word met hulle ontslape geliefdes en dat hulle saam in die wolke opgeneem sal word om die Here in die lug te ontmoet.

Teenoor die gedagterigting dat hier van 'n geheime wegraping voor die groot verdrukking gepraat word, opper Morris (1977:145) twee besware. Eerstens stel hy dat hierdie die enigste plek in die Nuwe Testament is waar daar eksplisiet van 'n "wegraping" ("rapture") gepraat word. "... there are other places which may justly be held to refer to it when it is established by this

passage, but none which is sufficient to establish it" (Morris, 1977:145). Hy waarsku tereg daarteen om allerhande teorieë in hierdie enkele sinne in te lees.

Tweedens wys Morris (1977:145) daarop dat daar geen sprake van ŉ geheime wegraping is nie. Die welluidende gebeure van 4:16 slaan enige bewering van dié aard die nek in.

Hierby kan ook die beswaar gevoeg word dat dit in die perikoop baie duidelik oor die παρουσία gaan (4:15) en nie oor die sogenaamde "wegraping" nie.

Paulus sluit sy beskrywing van die wederkoms af met καὶ οὕτως πάντοτε σὺν κυρίῳ ἐσόμεθα. Hy wil beklemtoon op watter manier (οὕτως) alle gelowiges, die wat voor die wederkoms al gesterf het en die wat nog sal lewe met die wederkoms, almal vir altyd (πάντοτε) saam by die Here sal wees. Die οὕτως verwys na die triomfantlike glorierykheid van die wederkomsgebeure en die feit dat alle gelowiges saam by die Here sal wees; die wat reeds gesterf het en die wat nog lewe (vgl. Van Leeuwen, s.a:143).

Alhoewel gelowiges wat gesterf het onmiddellik by die Here is (Filippense 1:23; 2 Korintiërs 5:6-9), het die Tessalonisense die versekering nodig gehad dat die gestorwenes uit hulle gemeenskap nie van die Here geskei sal word met sy wederkoms nie (Green, 2002:228).

"Paul brings his account of these glorious happenings to a close with the assurance, 'so shall we ever be with the Lord'. Everything leads up to this, and after this there is nothing more to add. Nothing could more adequately indicate the Christian's bliss." (Morris, 1977:146) Nog nooit is so ŉ glorieryke gebeurtenis in die vooruitsig gestel nie (Hendriksen, 2002b:226). "An important aspect of the joy of this great future day is that this will be the beginning of believers being with Christ in the fullest sense for ever and ever." (Cara, 2009:133)

Die eksplisiete openbaring dat die opgestane gelowiges en die wat tot met die wederkoms bly lewe het, saam op die wolke weggevoer word om die Here in die lug te ontmoet, is uniek (Van Rhyn, 1993:25). *Kerugma* en troos kan as openbaringsdoelwitte in die verband aangedui word.

#### 4.4.2.5 1 Tessalonisense 4:18

1 Tessalonisense 4:18 is van besondere belang vir die studie aangesien die *telos* van die openbaring van die wederkoms in 4:13-18 eksplisiet gestel word: Ὥστε παρακαλεῖτε ἀλλήλους ἐν τοῖς λόγοις τούτοις. Hierdie *telos,* naamlik om te troos, word deur Green (2002:228) as pastoraal getipeer.

Die BDAG (2000:765) verklaar παρακαλέω as "to instill someone with courage or cheer, *comfort, encourage, cheer up"* en verwys spesifiek na 4:18 en stel dit dat die betekenis van "*comfort"* (troos) hier ter sprake is.

“Just as the Thessalonians were called to comfort one another, so also believers of every age are called to ‘rejoice with those who rejoice’ and ‘mourn with those who mourn’ (Rom 12:15).” (Green: 2002:156) Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is dus nie net dat treurende gelowiges getroos sal word nie, maar ook dat gelowiges mekaar sal vertroos met die woorde van 1 Tessalonisense 4:13-18. Die werkwoord, παρακαλεῖτε, staan immers in die imperatief en is daarom ŉ opdrag.

#### 4.4.2.6 Konklusie

In 1 Tessalonisense 4:13 stel Paulus dit duidelik dat sy doel met sy verkondiging in die perikoop (4:13-18) is om onkunde oor die ontslapenes se lot te bestry en om so ŉ getreur wat net by heidene pas, te voorkom. Hierdie openbaringsdoelwit word indirek aan die wederkoms verbind, aangesien dit nouer aan die opstanding uit die dood verbind word as aan die wederkoms. Die opstanding uit die dood is egter onlosmaaklik aan die wederkoms verbind. Beide, die opstanding en die wederkoms, word dus verkondig met die *telos* dat kennis aan die gelowiges oorgedra word en troos en hoop so vir gelowiges, wat geliefdes aan die dood afgestaan het, gegee word.

Ingeslote by die kennis wat oorgedra word, is die feit dat God die ontslapenes, wat reeds by Hom is, saam met Jesus sal bring met die wederkoms. Die ontslapenes sal op geen manier benadeel word nie. Inteendeel. Hulle sal eerste uit die dood opgewek word.

Paulus bevestig nie net, op Goddelike gesag, die werklikheid van die opstanding uit die dood nie, maar hy verkondig ook wat die lewende gelowiges se lot sal wees met die wederkoms: Hulle sal saam met hulle ontslape geliefdes die Here tegemoetgaan.

Oor die wyse van die wederkoms word die volgende verkondig:

Die Here self sal met ŉ uitgeroepte bevel, met die stem van ŉ aartsengel en met ŉ trompetgeskal uit die hemel neerdaal. Sy majesteit en eer sal dan duidelik blyk. Die wat in Christus gesterf het, sal eerste uit die dood opstaan. Daarna sal die lewendes saam met die wat uit die dood opgestaan het in die wolke opgeneem word om die Here in die lug te ontmoet. So sal al die gelowiges saam altyd by die Here wees.

Hieruit kan afgelei word dat *kerugma* van die wyse van die wederkoms ŉ openbaringsdoelwit is.

Alhoewel gelowiges wat gesterf het onmiddellik by die Here is, het die Tessalonisense die versekering nodig gehad dat die gestorwenes uit hulle gemeenskap nie van die Here geskei sal word met sy wederkoms nie. Weereens is *kerugma* en troos ook in die geval openbaringsdoelwitte wat aan die verkondiging van die παρουσία gekoppel is.

Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is nie net dat treurende gelowiges getroos sal word nie, maar ook dat gelowiges mekaar sal vertroos met die woorde van 1 Tessalonisense 4:13-18.

#### 4.4.2.7 Openbaringsdoelwitte

Die παρουσία word in 1 Tessalonisense 4:13-18 verkondig met die *telos* dat:

- Onkunde oor die ontslapenes se lot, wat tot ŉ heidense getreur kan lei, uit die weg geruim word deur kennis oor te dra. So word troos en hoop vir gelowiges gegee wat gelowige geliefdes aan die dood afgestaan het (1 Tes. 4:13-18).

- Gelowiges sal weet dat God die ontslapenes, wat reeds by Hom is, saam met Jesus sal bring met die wederkoms. Die ontslapenes sal op geen manier benadeel word nie. Inteendeel. Hulle sal eerste uit die dood opgewek word (1 Tes. 4:13-18).

- Gelowiges nie net sal weet van die werklikheid van die opstanding uit die dood nie, maar ook sal weet wat die lewende gelowiges se lot met die wederkoms sal wees: Hulle sal saam met hulle ontslape geliefdes die Here tegemoetgaan (1 Tes. 4:13-18).

- Gelowiges sal weet op watter wyse die wederkoms sal plaasvind en wat die volgorde van die gebeure sal wees: Die Here self sal met ŉ uitgeroepte bevel, met die stem van ŉ aartsengel en met ŉ trompetgeskal uit die hemel neerdaal. Sy majesteit en eer sal dan duidelik blyk. Die wat in Christus gesterf het, sal eerste uit die dood opstaan. Daarna sal die lewendes saam met die wat uit die dood opgestaan het in die wolke opgeneem word om die Here in die lug te ontmoet. So sal al die gelowiges altyd saam by die Here wees (1 Tes. 4:13-18).

- Gelowiges sal weet en getroos kan wees met die wete: Alhoewel gelowiges wat gesterf het reeds by die Here is, hulle nie van die Here geskei sal word met sy wederkoms nie (1 Tes. 4:13-18).

- Treurende gelowiges nie net getroos sal word nie, maar ook dat gelowiges mekaar sal vertroos met die woorde van 1 Tessalonisense 4:13-18 (1 Tes. 4:13-18).

## 4.5 1 Tessalonisense 5

Daar is reeds in die vorige afdeling (4.4.2) daarop gewys dat Morris (1977:43) 1 Tessalonisense 5 in vier afdelings verdeel, naamlik:

5:1-3 Die tydstip van die *parousia*

5:4-11 Die kinders van die dag

5:12-22 Algemene aanmoedigings

5:23-28 Die afsluiting.

Van belang vir die studie is dat Paulus slegs een maal die woord παρουσία in 1 Tessalonisense 5 gebruik en dit in 5:23, wat volgens Morris (1977:43) deel vorm van die briefslot.

In 5:1-3 en 5:4-11 gebruik Paulus ἡμέρα, die dag, een van die ander geïdentifiseerde begrippe (vgl. 1.3), om na die wederkoms te verwys. Die algemene aanmoedigings in 5:12-22 kan óf onverwant aan die wederkoms wees óf dit kan verband hou met ἡμέρα in 5:1-11. Dit word egter nie aan die gebruik van παρουσία verbind nie. Derhalwe sal 5:1-22 later in die studie hanteer word wanneer die doel van die openbaring van die wederkoms aan die hand van ἡμέρα aan die beurt kom in hoofstuk 8.

### 4.5.1 1 Tessalonisense 5:23

Paulus sluit die eerste brief aan die Tessalonisense af met seënwense in die vorm van ŉ gebed in 5:23-24, met laaste opdragte in 5:25-27 en met ŉ seëngroet in 5:28.

In 5:23 verwys hy na die wederkoms aan die hand van παρουσία: Αὐτὸς δὲ ὁ θεὸς τῆς εἰρήνης ἁγιάσαι ὑμᾶς ὁλοτελεῖς, καὶ ὁλόκληρον ὑμῶν τὸ πνεῦμα καὶ ἡ ψυχὴ καὶ τὸ σῶμα ἀμέμπτως ἐν τῇ παρουσίᾳ τοῦ κυρίου ἡμῶν Ἰησοῦ Χριστοῦ τηρηθείη. Die fokus van die gebed vir die Tessalonisense is dat hulle volledig heilig gemaak sal word deur God self, in afwagting van die *parousia* van ons Here Jesus Christus (Green, 2002:267). Die feit dat Paulus bid vir die Tessalonisense se heiligmaking met die oog op die wederkoms behoort ŉ aansporing te wees vir die Tessalonisense om self ook daarvoor te bid. Hieruit kan die openbaringsdoelwit afgelei word dat die wederkoms verkondig word, sodat gelowiges kan bid vir hulle eie heiligmaking en vir die van hulle medegelowiges, in afwagting op die wederkoms.

In verband met hierdie heiligmaking blyk die volgende uit 5:23:

- God self maak gelowiges heilig, daarom is hierdie gebed tot Hom gerig: Αὐτὸς δὲ ὁ θεὸς τῆς εἰρήνης ἁγιάσαι ὑμᾶς ὁλοτελεῖς, καὶ ὁλόκληρον ὑμῶν τὸ πνεῦμα καὶ ἡ ψυχὴ καὶ τὸ σῶμα ἀμέμπτως ἐν τῇ παρουσίᾳ τοῦ κυρίου ἡμῶν Ἰησοῦ Χριστοῦ τηρηθείη.

- God word hier nader aangedui as ὁ θεὸς τῆς εἰρήνης. Deur na God as die God van vrede te verwys, word die Tessalonisense herinner aan die vrede wat God self bewerk het deur die kruis van Jesus Christus (Hendriksen, 2001:141).

- Hierdie heiligmaking sal volledig wees (ὁλοτελεῖς).

- Verder sal die heiligmaking wat God bewerk daartoe lei dat die Tessalonisense volledig na gees, siel en liggaam vlekkeloos deur God bewaar word (καὶ ὁλόκληρον ὑμῶν τὸ πνεῦμα καὶ ἡ ψυχὴ καὶ τὸ σῶμα ἀμέμπτως ... τηρηθείη).

- Die heiligmaking en vlekkelose bewaring word juis deur God gedoen met die oog op die wederkoms van Jesus Christus (ἐν τῇ παρουσίᾳ τοῦ κυρίου ἡμῶν Ἰησοῦ Χριστοῦ). Heiligmaking en vlekkelose bewaring kan dus as ŉ openbaringsdoelwit van die wederkoms geïdentifiseer word. Die indikatief wat stel dat daar gebid word vir ŉ geheiligde lewe, kan ook lei tot die imperatief van ŉ geheiligde lewe, in besonder met die oog op die wederkoms. “By Paulus is heiliging selfs in die eerste plek ’n gawe en daarna ook ’n opgawe.” (Floor, 1990:159) Hierdie gebed om hulle heiligmaking herinner die Tessalonisense aan die oproepe tot ŉ heilige lewe in 1 Tessalonisense 4 en 5 (Martin, 1995:188-189).

In 5:24 bemoedig Paulus die Tessalonisense met die versekering dat God die gebed van 5:23 sal verhoor: πιστὸς ὁ καλῶν ὑμᾶς, ὃς καὶ ποιήσει.

In 5:23 en 24 word duidelik verkondig dat God self gelowiges heilig maak en vlekkeloos bewaar, sodat hulle gereed kan wees om voor die Here Jesus te verskyn met sy wederkoms. Hiervoor moet hulle hulle hoop op God vestig (Green, 2002:269). Die wederkoms word dus in 5:23 verkondig, sodat gelowiges hulle hoop op God sal stel om hulle gereed te maak vir die wederkoms deur hulle te heilig en deur hulle vlekkeloos te bewaar en sodoende hulle verlossing te voltooi. “The work of salvation, planned in their election and effected in their calling and conversion, will be brought to completion at *the coming of our Lord Jesus Christ*. (Green, 2002:269)

#### 4.5.1.1 Konklusie

Die doel van die openbaring van die wederkoms in 1 Tessalonisense 5, aan die hand van die woord παρουσία, is om gelowiges aan te spoor om te bid vir hulle eie heiligmaking en vir die van hulle medegelowiges.

Die gebed vir ŉ heilige lewe spoor gelowiges aan om heilig te lewe met die oog op die wederkoms.

Die wederkoms word in 5:23 verkondig, sodat gelowiges hulle hoop op God sal stel om hulle gereed te maak vir die wederkoms deur hulle te heilig en deur hulle vlekkeloos te bewaar.

#### 4.5.1.2 Openbaringsdoelwitte

Die παρουσία word in 1 Tessalonisense 5:23 verkondig met die *telos* dat:

- Gelowiges sal bid vir hulle eie heiligmaking en vir die van hulle medegelowiges (1 Tes. 5:23).
- Gelowiges heilig sal lewe (1 Tes. 5:23).
- Gelowiges hulle hoop op God sal stel om hulle gereed te maak vir die wederkoms deur hulle te heilig en hulle vlekkeloos te bewaar (1 Tes. 5:23).

### 4.6 2 Tessalonisense 2

Daar is reeds in 4.3 aangetoon dat 1 en 2 Tessalonisense deur Coetzee (1984:335) bestempel word as "die twee briewe wat by uitstek die weerkoms (*sic*) van die Here Jesus in die oog het". Aangesien die wederkoms so 'n sentrale plek in Paulus se tweede brief aan die Tessalonisense inneem, kan verwag word dat daar meer verwysings na die wederkoms is as net deur die woord παρουσία.

Oor die doel waarom Paulus 1 en 2 Tessalonisense geskryf het, toon Visser *et al.* (2002:622) aan dat Paulus nie die briewe geskryf het "om die aard van die *parousia* te verduidelik nie, maar om die aspek van die paraklese te benadruk vanuit die perspektief van die *parousia.*" Hieruit kan afgelei word dat die *telos* van die openbaring van die wederkoms duidelik uit 2 Tessalonisense sal blyk.

Die woord παρουσία word twee keer met die betekenis van die wederkoms van Jesus Christus in die tweede brief aan die Tessalonisense gebruik, te wete in 2 Tessalonisense 2:1 en 2:8 (2.2.2).

Die wederkoms van Jesus Christus is wel ter sprake in 2 Tessalonisense 1, maar nie aan die hand van die woord παρουσία nie. In 1:7 word daar verwys na die wederkoms met die woorde: **ἐν τῇ ἀποκαλύψει** τοῦ κυρίου Ἰησοῦ ἀπ' οὐρανοῦ en in 1:10 met die woorde: ὅταν ἔλθῃ ἐνδοξασθῆναι ἐν τοῖς ἁγίοις αὐτοῦ καὶ θαυμασθῆναι ἐν πᾶσιν τοῖς πιστεύσασιν, ὅτι ἐπιστεύθη τὸ μαρτύριον ἡμῶν ἐφ' ὑμᾶς, **ἐν τῇ ἡμέρᾳ** ἐκείνῃ (telkens my beklemtoning – H.P.M. v. R.). 2 Tessalonisense 1 sal dus later in die studie aan die beurt kom by die hantering van elkeen van hierdie geïdentifiseerde woorde (vgl. 1.3) wat vir die wederkoms gebruik word.

Hendriksen (2002b:166-167) beskou 2 Tessalonisense 2 as 'n eenheid en stel as tema vir die perikoop: "*The Revelation of the Lord Jesus from Heaven* will be preceded by the falling away

and by the revelation of the man of lawlessness." Ook Martin (1995:221-222) beskou die hele hoofstuk 2 as 'n eenheid.

Van Rhyn (1995:76) is van mening dat 2 Tessalonisense 2 nie 'n maklike perikoop is om te eksegetiseer nie en so ook Yates (1974:43): "This is a passage of notorious obscurity ..." Morris (1984:124) is dieselfde mening toegedaan: "This passage is probably the most obscure and difficult in the whole of the Pauline writings and the many gaps in our knowledge have given rise to extravagant speculations. We do not possess the key to everything said here, and it is well accordingly to maintain some reserve in our interpretations." Daar word egter nie in hierdie studie gepoog om antwoorde op al die eksegetiese probleme van die perikoop te gee nie, maar daar word steeds ook in hierdie afdeling net gefokus op die doel van die openbaring van die wederkoms aan die hand van παρουσία.

### 4.6.1 2 Tessalonisense 2:1

Paulus begin die perikoop met: Ἐρωτῶμεν δὲ ὑμᾶς, ἀδελφοί, ὑπὲρ τῆς παρουσίας τοῦ κυρίου ἡμῶν Ἰησοῦ Χριστοῦ καὶ ἡμῶν ἐπισυναγωγῆς ἐπ' αὐτὸν εἰς τὸ μὴ ταχέως σαλευθῆναι ὑμᾶς ἀπὸ τοῦ νοὸς μηδὲ θροεῖσθαι, μήτε διὰ πνεύματος μήτε διὰ λόγου μήτε δι' ἐπιστολῆς ὡς δι' ἡμῶν, ὡς ὅτι ἐνέστηκεν ἡ ἡμέρα τοῦ κυρίου. Hiermee toon Paulus aan dat die παρουσία van ons Here Jesus Christus sentraal staan in die perikoop. Veral het hy die regte verstaan van die παρουσία in gedagte (εἰς τὸ μὴ ταχέως σαλευθῆναι ὑμᾶς ἀπὸ τοῦ νοὸς μηδὲ θροεῖσθαι).

Die feit dat Paulus in gesprek wil tree met die Tessalonisense ὑπὲρ τῆς παρουσίας is 'n aanduiding dat *kerugma* aangaande die wederkoms 'n sterk openbaringsdoelwit mag wees.

Van belang vir die studie is Paulus se woordkeuse in 2:1: ὑπὲρ τῆς παρουσίας τοῦ κυρίου ἡμῶν Ἰησοῦ Χριστοῦ καὶ ἡμῶν ἐπισυναγωγῆς ἐπ' αὐτὸν. Die interpretasie van καὶ is in hierdie geval van deurslaggewende belang. Die vraag is: Moet καὶ neweskikkend verklaar word of as epeksegeties? Indien dit neweskikkend verklaar word, is die moontlike implikasie dat hier van twee aparte gebeurtenisse sprake is, naamlik die wederkoms van ons Here Jesus Christus en ook van ons hereniging met Hom. Indien die καὶ as epeksegeties verklaar word, is hier slegs van een gebeurtenis sprake: Die wederkoms van ons Here Jesus Christus, wanneer ons ook met Hom verenig sal word. Op grond van Tessalonisense 4:17 (vgl. 4.4.2.4) is dit duidelik dat hier van een gebeurtenis sprake is en dat καὶ as epeksegeties verklaar moet word. Die standpunt van Green (2002:300) ondersteun hierdie verklaring: "These events are aspects of the same eschatological consummation and cannot be separated temporally or theologically, as some have suggested."

Die verklaring van καὶ as epeksegeties word ook ondersteun deur die definisie van παρουσία in 2.1.4: Dit is die sigbare aankoms en teenwoordig wees van die eens (na sy hemelvaart) verborge Jesus Christus by sy mense met sy wederkoms vanaf die hemel, aan die einde van die tyd, in heerlikheid as Regeerder, Regter en magtige God, waarvoor sy mense voorberei het, en wat gepaard sal gaan met lofprysing en eerbewys, wat sy volgelinge met hoop sal vervul en hulle omstandighede sal verander deur hulle vir ewig te verlos.

Dat die wederkoms van ons Here Jesus Christus sal saamval met ons hereniging met Hom is troosryk en dui op ŉ openbaringsdoelwit, naamlik die troos dat die Here se kinders met Hom verenig sal word met die wederkoms. Die verlange van God om sy kinders by Hom te versamel en die verlange van sy kinders om by Hom te wees, blyk reeds duidelik in die Ou Testament (vgl. Green, 2002:301, 302 vir teksverwysings) en sal met die wederkoms vervul word.

Om te verseker dat daar nie afbreuk gedoen word aan hierdie troos nie, roep Paulus die Tessalonisense op tot die regte verstaan van die παρουσία en die vereniging van gelowiges met die Here: Ἐρωτῶμεν δὲ ὑμᾶς, ἀδελφοί, ὑπὲρ τῆς παρουσίας τοῦ κυρίου ἡμῶν Ἰησοῦ Χριστοῦ καὶ ἡμῶν ἐπισυναγωγῆς ἐπ’ αὐτὸν εἰς τὸ μὴ ταχέως σαλευθῆναι ὑμᾶς ἀπὸ τοῦ νοὸς μηδὲ θροεῖσθαι, ...

#### 4.6.1.1 Konklusie

Die feit dat Paulus in gesprek wil tree met die Tessalonisense ὑπὲρ τῆς παρουσίας is ŉ aanduiding dat *kerugma* aangaande die wederkoms ŉ sterk openbaringsmotief mag wees.

Dat die wederkoms van ons Here Jesus Christus sal saamval met ons hereniging met Hom is troosryk en dui op ŉ openbaringsdoelwit, naamlik die troos dat die Here se kinders met Hom verenig sal word met die wederkoms.

Om te verseker dat daar nie afbreuk gedoen word aan hierdie troos nie, roep Paulus die Tessalonisense op tot die regte verstaan van die παρουσία en die vereniging van gelowiges met die Here. Hieruit kan afgelei word dat die wederkoms verkondig word, sodat gelowiges dit reg sal verstaan.

#### 4.6.1.2 Openbaringsdoelwitte

Die volgende openbaringsdoelwitte kan na aanleiding van die voorafgaande geformuleer word:

- Die παρουσία word in 2 Tessalonisense 2:1 verkondig as *kerugma,* om kennis oor te dra (2 Tes. 2:1).

- Die παρουσία word ter vertroosting verkondig as die tydstip wanneer gelowiges met die Here verenig sal word (2 Tes. 2:1).
- Die wederkoms word verkondig sodat gelowiges dit reg sal verstaan (2 Tes. 2:1).

#### 4.6.2 2 Tessalonisense 2:2

Nadat Paulus in 2:1 aangedui het dat sy en sy medeskrywers se versoek (Ἐρωτῶμεν δὲ ὑμᾶς, ἀδελφοί) handel oor die παρουσία en die vereniging met Jesus Christus, stel hy in 2:2 die versoek. Hy wil hê dat die Tessalonisense nie skielik kop moet verloor en verontrus moet word as gevolg van valse bewerings dat die dag van die Here, die wederkoms, al aangebreek het nie (εἰς τὸ μὴ ταχέως σαλευθῆναι ὑμᾶς ἀπὸ τοῦ νοὸς μηδὲ θροεῖσθαι, μήτε διὰ πνεύματος μήτε διὰ λόγου μήτε δι' ἐπιστολῆς ὡς δι' ἡμῶν, ὡς ὅτι ἐνέστηκεν ἡ ἡμέρα τοῦ κυρίου).

Van belang vir die studie is dat Paulus in 2:2 na die wederkoms verwys aan die hand van ἡ ἡμέρα τοῦ κυρίου, een van die ander geïdentifiseerde begrippe (vgl. 1.3) waarmee daar na die wederkoms verwys word. Aangesien hy in 2:1 na die wederkoms verwys aan die hand van παρουσία en in 2:2 aan die hand van ἡ ἡμέρα τοῦ κυρίου, kan daaruit afgelei word dat Paulus dit as begrippe gebruik wat na dieselfde gebeurtenis, naamlik die wederkoms, verwys.

Daar word in hoofstuk 8 aangetoon dat ἡ ἡμέρα die spesiaal aangewysde eskatologiese dag van Jesus Christus se wederkoms om te kom oordeel, is. Uit die konteks kan afgelei word dat Paulus ἡ ἡμέρα spesifiek hier gebruik, nie om die oordeel te beklemtoon nie, maar die tydstip, die dag van die wederkoms. Daar word immers deur sommige misleiers beweer dat die dag van die Here reeds aangebreek het (ὅτι ἐνέστηκεν ἡ ἡμέρα τοῦ κυρίου). "In verse 1 tot 3 gaan dit dus oor misleiding rakende die tyd van Jesus Christus se wederkoms." (Van Rhyn, 1995:78)

Die inhoud van Paulus se versoek is dat die Tessalonisense nie skielik kop moet verloor (εἰς τὸ μὴ ταχέως σαλευθῆναι ὑμᾶς ἀπὸ τοῦ νοὸς) of verontrus moet word (μηδὲ θροεῖσθαι) oor die bewerings dat die dag van die Here reeds aangebreek het nie (ὡς ὅτι ἐνέστηκεν ἡ ἡμέρα τοῦ κυρίου). Die implisiete verkondiging is: Die dag van die Here se wederkoms het nog nie aangebreek nie.

Die uitdrukking σαλευθῆναι ἀπὸ τοῦ νοὸς beteken: "be unsettled in mind, be confused" (Newman, 1974:160). Die werkwoord σαλεύω dui op 'n skuddende beweging soos 'n gebou wat deur 'n aardbewing geskud word of 'n skip wat op 'n stormsee heen en weer geslinger word, aldus Hiebert (1971:30). Hy wys ook daarop dat die werkwoord in die passief daarop dui dat dit 'n eksterne mag is, dwaalleer wat deur dwaalleraars verkondig word, wat die Tessalonisense geskud het. Die inhoud van die dwaalleer is dat die dag van die Here al gekom het. "Die Tessalonisense word dus gewaarsku teen misleiding met betrekking tot die wederkoms wat

hulle geestelike ankers kan losskud.” (Van Rhyn, 1995:77) “Verleiden zóó dat men iemand uit de waarheid en de gemeente uitrukt ...” (Lindeboom, 1934:121)

Boonop is die misleiding voortgesit deur die bewering dat die verkondiging, dat die dag van die Here al aangebreek het, van Paulus afkomstig is (μήτε διὰ πνεύματος μήτε διὰ λόγου μήτε δι’ ἐπιστολῆς ὡς δι’ ἡμῶν). Paulus ontken dus dat hy enigsins die bron van die valse bewering is.

*Kerugma* aangaande die wederkoms en veral om dwaalleer te weerlê, blyk sterk openbaringsdoelwitte wees: “Paul wanted to prevent the false teaching that ‘the day of the Lord has already come’ from disturbing the church.” (Martin, 1995:224) Voorts is dit duidelik dat Paulus die gemoedere wil kalmeer deur die ware toedrag van sake rakende die tydstip, die dag, van die wederkoms te verkondig: Die dag het nog nie aangebreek nie.

#### 4.6.2.1 Konklusie

Paulus wil hê dat die Tessalonisense nie skielik kop moet verloor en verontrus moet word as gevolg van valse bewerings dat die dag van die Here, die wederkoms, al aangebreek het nie.

Paulus gebruik die begrippe παρουσία en ἡ ἡμέρα τοῦ κυρίου as begrippe wat na die dieselfde gebeurtenis verwys, naamlik die wederkoms van die Here Jesus Christus.

Daar word duidelik verkondig dat die dag van die wederkoms nog nie aangebreek het nie en dat Paulus nie die bron van die valse bewering is nie. Hiermee wil Paulus rustigheid en kalmte onder die Tessalonisense te weeg bring.

Die Tessalonisense word ook gewaarsku teen misleiding met betrekking tot die wederkoms wat hulle geestelike ankers kan losskud.

#### 4.6.2.2 Openbaringsdoelwitte

Die volgende openbaringsdoelwitte met betrekking tot die wederkoms in 2 Tessalonisense 2:2 kan geformuleer word:

- Die ware toedrag van sake rakende die wederkoms word verkondig om kennis van die waarheid oor te dra, dit wil sê as *kerugma* (2 Tes. 2:2).
- Die ware toedrag van sake rakende die wederkoms word verkondig om rustigheid en kalmte te bewerk (2 Tes. 2:2).
- Die ware toedrag van sake rakende die wederkoms word verkondig om dwaalleer te weerlê (2Tes. 2:2).

- Die ware toedrag van sake rakende die wederkoms word verkondig sodat mense sal weet dat die wederkoms nog nie plaasgevind het nie (2 Tes. 2:2).
- Die ware toedrag van sake rakende die wederkoms word so verkondig dat mense sal weet dat die begrippe παρουσία en ἡ ἡμέρα τοῦ κυρίου na die selfde gebeurtenis verwys, naamlik die wederkoms van die Here Jesus Christus (2 Tes. 2:2).

### 4.6.3 2 Tessalonisense 2:3, 4

In 2 Tessalonisense 2:3 word die Tessalonisense opgeroep om hulle op geen manier deur enige iemand te laat mislei met betrekking tot die aanbreek van die wederkoms nie: μή τις ὑμᾶς ἐξαπατήσῃ κατὰ μηδένα τρόπον. In 2 Tessalonisense 2 "is misleiding baie prominent" (Van Rhyn, 1995:76). Die gebruik van die werkwoord απατάω dui op "doelbewuste optrede, wat tot wanopvattings oor die waarheid lei" (Van Rhyn, 1995:76) en word geïntensifiseer deur die voorvoegsel ἐξ- (Hendriksen, 2002b:169).

Om die misleiding teen te werk, verkondig Paulus dat daar eers sekere dinge moet gebeur voordat die wederkoms sal aanbreek (Bolkestein, 1974:193; Mounce, 1974:165): ὅτι ἐὰν μὴ ἔλθῃ ἡ ἀποστασία πρῶτον καὶ ἀποκαλυφθῇ ὁ ἄνθρωπος τῆς ἀνομίας[2], ὁ υἱὸς τῆς ἀπωλείας, ... "Voordat die afval nie plaasgevind het nie en die mens van wetteloosheid / sonde nie geopenbaar is nie, sal Christus beslis nie kom nie." (Van Rhyn, 1995:78) "In order to rescue them from this false teaching and its consequences, the apostles make an appeal to hold on to what the church had already been taught (vv. 5, 15)." (Green, 2002:306) Die waarheid oor die tydstip van die wederkoms word dus hier verkondig om misleiding te voorkom: "The intent of the author was to list events that refute the teaching that the day of the Lord had arrived (v. 2)." (Martin, 1995:230) Die groot afvalligheid en die openbaring of verskyning van die mens van wetteloosheid is dus die twee gebeure wat die wederkoms moet voorafgaan en waarsonder die wederkoms nie sal plaasvind nie.

Die mens van wetteloosheid wat eers geopenbaar moet word voordat die wederkoms sal plaasvind, is die Antichris (Hendriksen, 2002b:172; Hepp, 1919:98; Van Rhyn, 1995:75).

Die Antichris word in 2:3 getipeer as ὁ ἄνθρωπος τῆς ἀνομίας, die mens van wetteloosheid. Wetteloosheid word deur Morris (1977:220) beskryf as "failure to conform to the law of God, …" "Paul characterizes this person as someone who is without law and whose character is therefore the personification of sin. In fact, in v. 8 the person is simply called 'the lawless one.'" (Green, 2002:308) Oor die gebruik van ὁ ἄνθρωπος merk Van Rhyn (1995:79) op: "Dit is

[2] Hier is 'n tekskritiese kwessie wat deur Van Rhyn (1995:78) bespreek word. Hy maak die keuse vir die lesing ἀνομίας (wetteloosheid) teenoor die lesing ἁμαρτίας (sonde).

belangrik om in te sien dat hier van ŉ mens sprake is. ŉ Mens wat geen ontsag vir wet en orde het nie, meer nog: ŉ mens wat geen ontsag vir die wet van God het nie. Tog is dit ŉ blote, sterflike mens.” Hierdie spesifieke mens, die mens van wetteloosheid, moet eers geopenbaar word (ἀποκαλυφθῇ), voordat die wederkoms sal aanbreek.

Dit is veelseggend dat daar van verskeie van die geïdentifiseerde woorde, wat gebruik word om die wederkoms van Jesus Christus mee aan te dui (vgl. 1.3), ook gebruik word om die koms van die Antichris mee aan te dui. “Van belang vir hierdie studie is dat die mens van wetteloosheid ook sy eie ἀποκάλυψις en παρουσία gaan hê: ἀποκαλυφθῇ ὁ ἄνθρωπος τῆς ἀνομίας (vers 3); εἰς τὸ ἀποκαλυφθῆναι αὐτὸν (vers 6); καὶ τότε ἀποκαλυφθήσεται ὁ ἄνομος (vers 8) en οὗ ἐστιν ἡ παρουσία κατ’ ἐνέργειαν τοῦ Σατανᾶ (vers 9).” (Van Rhyn, 1995:84) “Hieruit blyk die finale misleidende optrede van die Antichris om as Christus erken te word baie duidelik.” (Van Rhyn, 1995:86)

In 2:3 word die Antichris ook beskryf as ὁ υἱὸς τῆς ἀπωλείας, die seun van die verderf, wat deur Hoeksema (1973:806) verklaar word as “born of perdition and goes into perdition”. Green (2002:308) se verklaring stem hiermee ooreen: “The term *destruction (apōleias)* may carry either a transitive sense (‘the one who causes destruction’—Matt. 26:8; Mark 14:4) or an intransitive one (‘destruction that one experiences’ or ‘annihilation’—1 Tim. 6:9; 2 Pet. 3:16).” Hy is dus die seun wat sy oorsprong in die verderf het en wat ook op pad is na die verderf.

Dit is interessant dat Paulus net op een van die twee dinge wat hy noem, wat eers moet gebeur voordat die wederkoms sal plaasvind, uitbrei. Hy brei breedvoerig in 2:3-12 uit oor die Antichris wat eers geopenbaar moet word voordat die wederkoms plaasvind, maar hy sê niks verder oor die afvalligheid wat ook eers moet plaasvind nie. Die rede hiervoor mag wees dat daar ŉ volgorde van gebeurtenisse sal wees, in die sin dat die afvalligheid eers moet plaasvind en dan sal die Antichris verskyn en dan eers sal die wederkoms plaasvind: “Paul’s intent was to assert that if the things listed have not occurred, then the day of the Lord could not have arrived.” (Martin, 1995:230) Die siening word gesteun deur die woord πρῶτον in ὅτι ἐὰν μὴ ἔλθῃ ἡ ἀποστασία πρῶτον. Aangesien die koms van die Antichris die laaste openbaringshistoriese gebeurtenis is voor die wederkoms sal plaasvind, mag dit wees dat Paulus dit belangrik ag om meer uit te brei hieroor. Nog ŉ moontlike rede waarom Paulus nie uitbrei oor die afvalligheid nie word deur Martin (1995:232) verwoord: “Neither did Paul elaborate on the nature of ‘the rebellion’ *(apostasia)*, which therefore must already have been a well-defined concept for the Thessalonians.”

Oor die aard van die afvalligheid, skryf Martin (1995:233): “Religiously it means to desert one’s faith. The Jews for instance charged Paul with inciting the *apostasia* of Jews on the grounds that he encouraged them to desert the teachings of Moses (Acts 21:21).” Ook Calvyn

(2010c:326) skryf in hierdie trant: “Paul, therefore, employs the term *apostasy* to mean a treacherous departure from God, and that not on the part of one or a few individuals, but such as would spread itself far and wide among a large multitude of persons. For when *apostasy* is made mention of without anything being added, it cannot be restricted to a few. Now, none can be termed *apostates*, but such as have previously made a profession of Christ and the gospel. Paul, therefore, predicts a certain general revolt of the visible Church.”

Daar kan dus verwag word dat daar eers ŉ groot afvalligheid van die ware geloof moet plaasvind voordat die wederkoms sal aanbreek. Die *telos* van die openbaring van die wederkoms in 2:3 is dus om die dwaalleer, dat die dag al aangebreek het, te voorkom. Daarom word daar duidelik verkondig dat die dag nie sal aanbreek voor die groot afvalligheid plaasgevind en die mens van wetteloosheid sy verskyning gemaak het nie. Die openbaring van die feit dat daar ŉ groot afval van die ware geloof gaan plaasvind voordat die wederkoms kan aanbreek, is ŉ indirekte aanmoediging om te volhard in die ware geloof.

In 2:4 brei Paulus verder uit oor die aard van die mens van wetteloosheid en word hy beskryf as: ὁ ἀντικείμενος, die teenstander. “Die woord word veral gebruik om teenstand teen Jesus (Lukas 13:17), die Heilige Gees (Galasiërs 5:17), die Woord (1 Timoteus 1:10) of die gelowiges (Lukas 21:15; 1 Korintiërs 16:9; Filippense 1:28; 1 Timoteus 5:14) uit te druk ... Hier is dus sprake van kragdadige, vyandige teenstand teen God.” (Van Rhyn, 1995:80)

Voorts word die mens van wetteloosheid beskryf as ὑπεραιρόμενος ἐπὶ πάντα λεγόμενον θεὸν ἢ σέβασμα, ὥστε αὐτὸν εἰς τὸν ναὸν τοῦ θεοῦ καθίσαι ἀποδεικνύντα ἑαυτὸν ὅτι ἔστιν θεός. Hy word dus beskryf as “die (self)verheffer bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is” (Van Rhyn, 1995:80). “The vocabulary seems to come directly from Daniel 11:36-37. Antichrist exalts himself over the true and living God as well as over all other gods. Moreover, he exalts himself over everything that people hold sacred. In his pride he arrogates to himself prerogatives which belong to God alone, …” (Ewert, 1995:2 Th 2:4). In dieselfde asem beskryf Paulus hom as “die voorgeër dat Hy God is” (Van Rhyn, 1995:81).

Oor die reikwydte van hierdie selfverheffing brei Van Rhyn (1995:81) uit en maak die volgende opmerkings: “(Dit blyk) dat die Antichris sal ‘bewys’ dat hy waaragtig God is deur in God se tempel te sit ... Die Antichris sal nie skroom om hierdie lasterlike leuen dat hy God is wêreldkundig te maak nie. Hy sal dit willens en wetens aktief propageer ... Die Antichris sal deur gruwelike misleiding ‘demonstreer’ dat hy God is.”

Oor die verklaring van wat verstaan moet word onder die tempel van God is daar verskil van mening (Cara, 2009:200-201) wat tot heelwat spekulasie lei. Verklarings wissel van ŉ letterlike, herboude tempel in Jerusalem tot ŉ metaforiese tempel (Larondelle, 1983:66). Morris

(1977:224) kies egter vir ŉ meer aanvaarbare standpunt: "While the temple is not easy to identify, the best way of understanding the passage seems to be that it is some material building which will serve as the setting for the blasphemous claim to deity which the Man of Lawlessness will make as the climax of his activities."

Paulus beskryf die wese en die optrede van die Antichris, sodat die kerk hom sal herken wanneer hy verskyn en sal weet dat die laaste voorteken van die wederkoms (2:2) vervul is. Die Antichris word hier vanuit die perspektief van die wederkoms geskilder om die gelowiges te bemoedig vir dit wat voorlê: "Hij geeft die bemoediging in het perspectief van de parousie (Visser *et al.,* 2002:638).

#### 4.6.3.1 Konklusie

In 2 Tessalonisense 2:3 word die Tessalonisense opgeroep om hulle op geen manier deur enige iemand te laat mislei met betrekking tot die aanbreek van die wederkoms nie.

Om die misleiding teen te werk, verkondig Paulus dat daar eers sekere dinge moet gebeur voordat die wederkoms sal aanbreek:

- Die groot afvalligheid moet eers plaasvind.
- Die mens van wetteloosheid, die Antichris, moet geopenbaar word, sy verskyning maak.

Die waarheid oor die tydstip van die wederkoms word dus hier verkondig om misleiding te voorkom.

Daar kan verwag word dat daar eers ŉ groot afvalligheid van die ware geloof moet plaasvind voordat die wederkoms sal aanbreek. Die openbaring van die feit dat daar ŉ groot afval van die ware geloof gaan plaasvind voordat die wederkoms kan aanbreek, is ŉ indirekte aanmoediging om te volhard in die ware geloof.

Die mens van wetteloosheid wat eers geopenbaar moet word voordat die wederkoms sal plaasvind, is die Antichris.

Paulus brei net uit oor een van die twee dinge wat hy noem wat eers moet gebeur voordat die wederkoms sal plaasvind. Hy brei uit op die beskrywing van die Antichris, maar nie op die beskrywing van die afvalligheid nie:

- Die Antichris word in 2:3 getipeer as die mens van wetteloosheid.

- Die mens van wetteloosheid sal ook sy eie ἀποκάλυψις en παρουσία hê, wat op die finale misleidende optrede van die Antichris dui om as Christus erken te word.
- Voorts word die Antichris ook beskryf as die seun van die verderf, wat sy oorsprong in die verderf het en wat op pad is na die verderf.
- Paulus beskryf ook die Antichris as die teenstander. Hy sal kragdadig en vyandig teenstand bied teen God, teen Jesus Christus, teen die Heilige Gees, teen die Woord en teen die gelowiges.
- Hy is ook die (self)verheffer bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is.
- Die Antichris word ook getipeer as die voorgeër dat Hy God is. Hy sal 'bewys' en 'demonstreer' dat hy waaragtig God is deur in God se tempel te gaan.

Paulus beskryf die wese en die optrede van die Antichris, sodat die kerk hom sal herken wanneer hy verskyn en sal weet dat die laaste voorteken van die wederkoms (2:2) vervul is.

Die Antichris word hier vanuit die perspektief van die wederkoms geskilder om die gelowiges te bemoedig vir dit wat voorlê.

#### 4.6.3.2 Openbaringsdoelwitte

Die volgende openbaringsdoelwitte kan geformuleer word:

- Die *telos* van die openbaring van die gebeure wat die wederkoms vooraf sal gaan, is *kerugma* om dwaling te voorkom. Die spesifieke dwaling wat weerlê word, is dat die wederkoms reeds plaasgevind het, selfs al het die afvalligheid nog nie plaasgevind nie en al het die Antichris nog nie op die toneel verskyn nie (2 Tes. 2:3-4).
- Die *telos* van die openbaring van die groot afvalligheid voor die wederkoms is aanmoediging om te volhard in die ware geloof (2 Tes. 2:3-4).
- Die *telos* van die openbaring van wie en wat die Antichris is, is sodat gelowiges hom sal herken wanneer hy geopenbaar word en sal weet dat die wederkoms nie meer ver is nie (2 Tes. 2:3-4).
- Die Antichris word vanuit die perspektief van die wederkoms geskilder om die gelowiges te bemoedig vir dit wat voorlê (2 Tes. 2:3-4).

#### 4.6.4 2 Tessalonisense 2:5

In 2:5 herinner Paulus sy lesers daaraan dat hy voorheen herhaaldelik met hulle gepraat het oor hierdie dinge, die dinge in verband met die wederkoms van die Here en hy brei derhalwe nie verder daarop uit nie (Lünemann, 1880:214; Van Rhyn, 1995:82): Οὐ μνημονεύετε ὅτι ἔτι ὢν πρὸς ὑμᾶς ταῦτα ἔλεγον ὑμῖν. “Evidently the doctrine concerning such matters as the apostasy, the man of sin, the coming of Christ, and the rapture had received more than scant attention in the preaching of Paul at Thessalonica.” (Hendriksen, 2002b:179)

Uit Paulus se breedvoerige verkondiging van die eskatologiese sake in die gemeente, kan die voorbeeld sekerlik afgelei word dat “hierdie dinge” (ταῦτα) steeds deur predikers verkondig moet word. Vergelyk Calvyn (2010c:331) wat van Paulus skryf: “ ... he saw beyond all doubt that the doctrine was specially useful to be known. And, unquestionably, it is really so.” En ook: “Here we may see how forgetful men are in matters affecting their everlasting salvation.” (Calvyn, 2010c:332) Mense behoort dus gereeld in die prediking aan hierdie dinge herinner te word.

Die *telos* van die openbaring van die wederkoms kan dus in hierdie geval wees om predikers aan te moedig om “hierdie dinge” steeds te verkondig sodat lidmate en gemeentes ingelig kan wees daaroor.

##### 4.6.4.1 Konklusie

Woordbedienaars behoort die apostels se voorbeeld te volg, veral ook wat die inhoud van hulle prediking behels. In hierdie geval: Mense behoort gereeld, ook in die prediking aan die dinge van die wederkoms herinner te word.

##### 4.6.4.2 Openbaringsdoelwit

- Paulus se voorbeeld van verkondiging van die dinge van die wederkoms word voorgehou as voorbeeld, sodat Woordverkondigers dit kan navolg (2 Tes. 2:5).

#### 4.6.5 2 Tessalonisense 2:6, 7

In 2:6 verwys Paulus na ŉ mag of ŉ persoon wat die Antichris nog teëhou en dat die gemeente weet wie of wat dit is: καὶ νῦν τὸ κατέχον οἴδατε εἰς τὸ ἀποκαλυφθῆναι αὐτὸν ἐν τῷ ἑαυτοῦ καιρῷ. In 2:5 het Paulus die Tessalonisense daaraan herinner dat hy herhaaldelik oor hierdie dinge met hulle gepraat het. “Unfortunately for us, the author does not explain many aspects of the knowledge he shared with the Thessalonians.” (Green, 2002:314) Juis om hierdie rede is die verklaring van wie of wat die teëhouer van die mens van wetteloosheid is so moeilik vir latere lesers (Van Rhyn, 1995:82). Wat die verklaring verder bemoeilik is die grammatika in 2:6 en 2:7: “In vers 6 word die teëhouer ŉ ‘iets’ (neutrum deelwoord) genoem en in vers 7 ŉ

'iemand' (manlike deelwoord). ŉ Soortgelyke afwisseling kom voor in vers 7, τῆς ἀνομίας – ŉ 'iets' en vers 8, ὁ ἄνομος – ŉ 'iemand'. Hieruit kan afgelei word dat net soos die 'iets', naamlik die wetteloosheid, vergestalting vind in ŉ 'iemand', naamlik die wettelose, die 'iets', naamlik dit wat teëhou, vergestalting vind in ŉ 'iemand', naamlik die teëhouer." (Van Rhyn, 1995:82).

Wie of wat die teëhouer van die mens van wetteloosheid is, het al tot 'n wye verskeidenheid verklarings gelei, soos byvoorbeeld: Dit / hy is: God self (Aus, 1977:553); Jesus Christus, met die verkondiging van die Evangelie (D'Assonville, 1989:99); die toepassing van algemene wet en orde (Hendriksen, 1988:132); die feit dat die Evangelie eers aan alle heidennasies verkondig moet word voordat die wederkoms sal plaasvind (Calvyn, 2010c:333). Coetzee (1984:363) verwys na die volgende verklarings: Dit / hy is die Romeinse owerheid, met sy ordelike staatsbestuur; keiser Klaudius; wet en orde, soos deur owerhede toegepas; die gebondenheid van die Satan (Openbaring 20); die prediking van die Evangelie.

Daar kan egter met Coetzee (1984:363) saamgestem word wat volstaan met "*non liquet*".

Wat wel duidelik is en wat betrekking op hierdie studie het, is dat die "iets" of "iemand" wat die mens van wetteloosheid teëhou, eers uit die weg geruim moet word of self van die toneel moet verdwyn (2:7, μόνον ὁ κατέχων ἄρτι ἕως ἐκ μέσου γένηται) voordat die mens van wetteloosheid sy verskyning kan maak en dat die wederkoms eers daarná sal plaasvind. Green (2002:318) wys daarop dat die teëhouer verwyder sal word of self van die toneel sal verdwyn. Indien die teëhouer as God self of as Jesus Christus verklaar word, sal Hy nie verwyder word nie, maar sal Hy self uit die weg tree van die mens van wetteloosheid en hom nie meer teëhou nie. So gesien moet ἐκ μέσου γένηται nie vertaal word as dat die teëhouer uit die weg geruim word nie, maar dat hy (Hy) uit die weg tree.

Daar moet dus drie dinge gebeur voordat die wederkoms sal plaasvind (Martin, 1995:230):

1. Die groot afvalligheid moet plaasvind (2:3).

2. Dit wat die mens van wetteloosheid teëhou moet uit die weg geruim word (2:6, 7).

3. Die mens van wetteloosheid moet op die toneel verskyn (2:3, 7, 8).

Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is die *kerugma* dat die wederkoms nie sal plaasvind voordat hierdie drie dinge nie gebeur het nie.

In 2:7 word dit ook te kenne gegee dat die wetteloosheid reeds aan die werk is: τὸ γὰρ μυστήριον ἤδη ἐνεργεῖται τῆς ἀνομίας. Die mens vanwetteloosheid is dus nie onaktief in die tyd terwyl hy nog teëgehou word nie, maar hy werk reeds. Die feit dat die woord μυστήριον hier gebruik word, dui nie op ŉ geheimenisvolle werking nie, maar eerder op ŉ duistere, agterbakse

werkwyse (Van Rhyn, 1995:83). Green (2002:317) verklaar die werkwyse ook nie as geheimsinnig nie, maar as boos en satanies. Calvyn (2010c:333) kombineer die geheimsinnigheid en die bose in sy verklaring en is sekerlik meer korrek. Hy verklaar μυστήριον as “secretly and clandestinely.”

#### 4.6.5.1 Konklusie

Voordat die mens van wetteloosheid op die toneel kan verskyn moet sy teëhouer, ŉ mag wat vergestalte vind in ŉ persoon of Persoon, eers uit die weg geruim word. Die Tessalonisense het destyds geweet wie of wat hierdie teëhouer is, aangesien Paulus met hulle oor die dinge gepraat het. Vir die huidige lesers is dit egter moeilik om vas te stel wie of wat die teëhouer van die mens van wetteloosheid is.

Wat wel duidelik is, is dat die teëhouer wat die mens van wetteloosheid teëhou eers uit die weg geruim moet word voordat hy sy verskyning kan maak en dat die wederkoms eers na die verskyning van die mens van wetteloosheid sal plaasvind.

Derhalwe moet daardrie dinge gebeur voordat die wederkoms sal plaasvind:

1. Die groot afvalligheid moet plaasvind (2:3).

2. Dit wat die mens van wetteloosheid teëhou moet uit die weg geruim word (2:6, 7).

3. Die mens van wetteloosheid moet op die toneel verskyn (2:3, 7, 8).

Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is die *kerugma* dat die wederkoms nie sal plaasvind voordat hierdie drie dinge nie gebeur het nie.

Die wetteloosheid is reeds in die geheim besig met bose werk in die wêreld.

#### 4.6.5.2 Openbaringsdoelwit

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is die *kerugma* dat die wederkoms nie sal plaasvind voordat hierdie drie dinge nie gebeur het nie:

1. Die groot afvalligheid moet plaasvind (2 Tes. 2:3).

2. Dit wat die mens van wetteloosheid teëhou moet uit die weg geruim word (2 Tes 2:6, 7).

3. Die mens van wetteloosheid moet op die toneel verskyn (2 Tes 2:3, 7, 8).

#### 4.6.6 2 Tessalonisense 2:8

In 2:8 (en 9) word die woord παρουσία weer gebruik, maar saam met verskeie ander geïdentifiseerde woorde wat ook vir die wederkoms gebruik word (vgl. 1.3), soos die beklemtoning aantoon: καὶ τότε **ἀποκαλυφθήσεται** ὁ ἄνομος, ὃν ὁ κύριος [Ἰησοῦς] ἀνελεῖ τῷ πνεύματι τοῦ στόματος αὐτοῦ καὶ καταργήσει τῇ **ἐπιφανείᾳ** τῆς **παρουσίας** αὐτοῦ, **9** οὗ ἐστιν ἡ **παρουσία** κατ' ἐνέργειαν τοῦ Σατανᾶ ἐν πάσῃ δυνάμει καὶ σημείοις καὶ τέρασιν ψεύδους …

Wat opvallend is, is dat van hierdie geïdentifiseerde woorde in 2 Tessalonisense 2 nie net in verband met Jesus Christus gebruik word nie, maar ook in verband met die mens van wetteloosheid, die Antichris.

Van Rhyn (1995:85) toon aan dat die volgende geïdentifiseerde woorde (vgl. 1.3) in 2 Tessalonisense 2:1-9 soos volg in verband met die Here Jesus en in verband met die Antichris gebruik word:

| | CHRISTUS | ANTICHRIS |
|---|---|---|
| ἀποκαλύπτω | - | 3x (:3, 6, 8) |
| παρουσία | 2x (:1, 8) | 1x (:9) |
| ἐπιφάνεια | 1x (:8) | - |

"Dit is veelseggend dat woorde wat gewoonlik uitsluitlik vir die wederkoms van Christus gebruik word, hier ook met betrekking tot die Antichris gebruik word. Dit dui daarop dat hy volledig anti-Christus is en op so 'n manier in die wêreld geopenbaar sal word dat baie sal glo dat hy die Christus is. Só sal sy misleiding 'n hoogtepunt bereik." (Van Rhyn, 1995:85) Die afleiding word versterk deur die feit dat 2:3, 2:6 en 2:8 volgens Green (2002:319) die enigste plekke in die *corpus Paulinum* is, waar ἀποκαλύπτω in verband met iemand anders as God gebruik word.

Voorts word die gedagte versterk "deur die opvallende omgekeerde parallelisme in verse 8 en 9:

vers 8a: **A** Antichris ἀποκαλυφθήσεται

vers 8b: **B** Christus se ἐπιφάνεια

vers 8c: **B** Christus se παρουσία

vers 9a: **A** Antichris se παρουσία

Hieruit blyk die finale misleidende optrede van die Antichris om as Christus erken te word baie duidelik." (Van Rhyn, 1995:86)

Oor die openbaring (openbaarmaking) van die wettelose (καὶ τότε ἀποκαλυφθήσεται ὁ ἄνομος) skryf Morris (1977:229): "This is the third time that Paul has spoken of him as being revealed. The repetition gives emphasis to the thought. This is no ordinary being making an appearance in the normal course of events. He has supernatural associations."

Van groot belang vir hierdie studie is dat die wettelose deur Jesus Christus vernietig gaan word met sy wederkoms: καὶ τότε ἀποκαλυφθήσεται ὁ ἄνομος, ὃν ὁ κύριος [Ἰησοῦς] ἀνελεῖ τῷ πνεύματι τοῦ στόματος αὐτοῦ καὶ καταργήσει τῇ ἐπιφανείᾳ τῆς παρουσίας αὐτοῦ. Wanneer die teëhouer (2:7) uit die weg geruim is, sal die wettelose mens geopenbaar word. Die wettelose mens word in 2:8 beskryf as die een wat die Here Jesus met die asem van sy mond sal uitwis (ὃν ὁ κύριος [Ἰησοῦς] ἀνελεῖ τῷ πνεύματι τοῦ στόματος αὐτοῦ) en sal vernietig deur die verskyning van sy wederkoms (καὶ καταργήσει τῇ ἐπιφανείᾳ τῆς παρουσίας αὐτοῦ).

Twee verskillende werkwoorde word vir die vernietiging gebruik, naamlik ἀνελεῖ en καταργήσει. Die eerste werkwoord, ἀνελεῖ, kan volgens Hendriksen (2002b:183) soos volg verklaar word: "… he will be slain (which in this connection has been interpreted to mean that he will be punished with everlasting death, but the idea that he will first be put to death physically must not be excluded). The Lord will merely blow upon him, so swift will be his destruction."

Die tweede werkwoord, καταργήσει, kan volgens Hendriksen (2002b:183) vertaal word met: "he will be 'abolished,' 'utterly defeated,' 'put out of commission,' 'rendered useless,' 'made inoperative or inactive'."

Uit die gebruik van die twee werkwoorde lei Green (2002:320) af dat: "At that time the *Lord Jesus will overthrow* the *lawless one*, an expression that indicates that he will kill him violently and so break his power. The point is not merely that he will be overthrown from his position, as the *NIV* may imply. Moreover, the author adds that the Lord will *destroy* this *lawless one*." Hiervolgens sal die wettelose totaal en al vernietig word en buite aksie gestel word. Van Rhyn (1995:88) konkludeer: "Die Here Jesus sal dus die Antichris verdelg met die asem van sy mond en hom tot niet maak deur die verskyning van sy wederkoms."

Die verdelging en tot niet making vind op twee maniere plaas. Eerstens τῷ πνεύματι τοῦ στόματος αὐτοῦ. Dit dui op die moeiteloosheid waarmee die Here Jesus die wettelose sal verdelg (Hendriksen, 2002b:184). Morris (1984:130) se verklaring sluit hierby aan: "*The breath of his mouth* (here only in the New Testament; cf. Ps. 33:6) shows that, terrible though *the*

*lawless one* will be, he cannot stand before the Lord for a moment. There will not even be a contest—the breath (or 'the word', Calvin) of God is sufficient (cf. Rev. 19:21)."

Die tweede manier van tot niet making van die Antichris word beskryf as καὶ καταργήσει τῇ ἐπιφανείᾳ τῆς παρουσίας αὐτοῦ. Hierdie is die enigste vers in die Nuwe Testament waar dié twee geïdentifiseerde woorde, ἐπιφάνεια en παρουσία (vgl. 1.3) saam in een vers gebruik word (Cara, 2009:205).

Die vraag is egter hoe die twee woorde, wat gewoonlik albei gebruik word om die wederkoms van Jesus Christus aan te dui, saam in die konstruksie καὶ καταργήσει τῇ ἐπιφανείᾳ τῆς παρουσίας αὐτοῦ verstaan moet word?

Hendriksen (2002b:183, 184) verklaar dit as die verskyning van die wederkoms: "The very *appearance* (ἐπιφάνεια, epiphany, elsewhere in the New Testament only in the pastorals: 1 Tim. 6:14; 2 Tim. 1:10; 4:1, 8; Titus 2:13) of Christ's coming (Parousia; see on 1 Thess. 2:19), the first gleam of the advent, will suffice to abolish the lawless one, to put him out of commission." Hendriksen (2002b:184) voeg ook die volgende verklaring by: "The *thorough, swift,* and *sudden* character of antichrist's defeat is here pictured in symbolic language. The decisive character of his downfall is the one, main thought. Merely by Christ's *breath and appearance* 'the man of lawlessness' will be discomfited."

Martin (1995:243) verklaar die konstruksie so: "The combination here is a redundancy that lends emphasis to the phrase. But even more Paul probably intended it to stress the glory of the Lord's coming while making sure the reader was aware that the occasion of judgment (which event by itself could be termed an *epiphaneia* of the Lord) will be the parousia of the Lord Jesus."

Green (2002:320) doen die volgende verklaring aan die hand: "The *Lord Jesus* will effect this judgment *by the splendor of his coming*, an event that is mentioned repeatedly in these letters (1 Thess. 2:19; 3:13; 4:15; 5:23; 2 Thess. 2:1)."

Uit die kombinasie van bogenoemde moontlike verklarings, wat al drie elemente van waarheid bevat, kan die volgende verklaring afgelei word: Hy (Jesus Christus) sal hom (die wettelose) buite aksie stel met die glorieryke verskyning van sy wederkoms om te oordeel.

Die afleiding word gesteun deur die definisie van ἐπιφάνεια in hoofstuk 6.2.4: Dit is die skielike en sigbare verskyning en teenwoordig wees van die voorheen onsigbare Jesus Christus, met sy wederkoms, in Goddelike, manjifieke heerlikheid, om te oordeel, sy vyande te vernietig en sy volgelinge te verlos. Die afleiding word ook gesteun deur die definisie van παρουσία (2.1.4): Dit is die sigbare aankoms en teenwoordig wees van die eens (vir die wêreld) verborge Jesus

Christus by sy mense met sy wederkoms vanaf die hemel, aan die einde van die tyd, in heerlikheid as Regeerder, Regter en magtige God, waarvoor sy mense voorberei het, en wat gepaard sal gaan met lofprysing en eerbewys, wat sy volgelinge met hoop sal vervul en tot hulle ewige heil sal lei.

Die tydstip van die παρουσία word dus hier geopenbaar as die tydstip van die vernietiging van die Antichris. "Hierin lê daar geweldige troos vir die gelowiges opgesluit." (Van Rhyn, 1995:88) Ook Green (2002:309) beklemtoon die troos van die openbaring: "The Thessalonians would have derived great comfort from the beginning, knowing that the very one who exalted himself in his opposition to God, as powerful as he might be (v. 9), was destined for destruction. This powerful one who incarnates sin will meet his end on the day of the Lord."

Die *telos* van die openbaring van die παρουσία as die tydstip van vernietiging van die Antichris is dus troos vir die gelowiges: "In order to encourage believers, who might otherwise be filled with unjustifiable alarm, Paul immediately adds: whom the Lord Jesus will slay with the breath of his mouth, and will utterly defeat by the manifestation of his coming." (Hendriksen, 2002b:183)

Voorts is die *telos* van die openbaring van die παρουσία as die tydstip van die Antichris se vernietiging 'n aansporing vir gelowiges om vas te staan in die geloof: " ... that believers, being furnished with spiritual armour, may, nevertheless, fight vigorously under Christ, and not allow themselves to be overwhelmed, … " (Calvyn, 2010c:334-335)

#### 4.6.6.1 Konklusie

Die woorde ἀποκαλύπτω en παρουσία, wat gewoonlik uitsluitlik vir die wederkoms van Christus gebruik word, word ook gebruik om die koms van die Antichris aan te dui. Daarmee word die misleidende optrede van die Antichris om as Christus erken te word, beklemtoon.

Die Here Jesus sal die Antichris moeiteloos verdelg met die asem van sy mond en hom buite aksie stel met die glorieryke verskyning van sy wederkoms om te oordeel.

Die tydstip van die παρουσία word geopenbaar as die tydstip van die vernietiging van die Antichris.

Die *telos* van die openbaring van die παρουσία as die tydstip van vernietiging van die Antichris is troos vir die gelowiges.

Voorts is die *telos* van die openbaring van die παρουσία as die tydstip van die Antichris se vernietiging 'n aansporing vir gelowiges om vas te staan in die geloof.

#### 4.6.6.2 Openbaringsdoelwitte

- Die *telos* van die openbaring van die tydstip van die παρουσία as die tydstip van die vernietiging van die Antichris is *kerugma* (2 Tes. 2:8).
- Die doel van die openbaring van die παρουσία as die tydstip van vernietiging van die Antichris is troos vir die gelowiges (2 Tes. 2:8).
- Voorts is die *telos* van die openbaring van die παρουσία as die tydstip van die Antichris se vernietiging ŉ aansporing vir gelowiges om vas te staan in die geloof (2 Tes. 2:8).

### 4.6.7 2 Tessalonisense 2:9-12

Vanaf 2:9 tot 2:12 val die klem op die koms en die werk van die wettelose mens en nie meer op die wederkoms van Jesus Christus nie. Vergelyk byvoorbeeld McNaughton (2008:50) wat die perikoop saamvat met die opskrif: "The delusion of the Antichrist (vv. 9–12)." Hierdie verse val dus buite die skopus van die studie, naamlik die *telos* van die openbaring van die wederkoms. Hier sal dus met enkele opmerkings volstaan word.

Daar is reeds in 4.6.6 daarop gewys dat παρουσία ook in 2:9 gebruik word, nie om die wederkoms van Jesus Christus mee aan te dui nie, maar wel die koms van die mens van wetteloosheid: οὗ ἐστιν ἡ παρουσία κατ᾽ ἐνέργειαν τοῦ Σατανᾶ ἐν πάσῃ δυνάμει καὶ σημείοις καὶ τέρασιν ψεύδους. Oor die gebruik van παρουσία in verband met die wettelose mens merk Green (2002:321) op: "The advent of 'the lawless one' is called his *parousia*, which is his own royal/divine entrance." "Hieruit blyk die finale misleidende optrede van die Antichris om as Christus erken te word baie duidelik." (Van Rhyn, 1995:86)

In 2:10 (καὶ ἐν πάσῃ ἀπάτῃ ἀδικίας τοῖς ἀπολλυμένοις, ἀνθ᾽ ὧν τὴν ἀγάπην τῆς ἀληθείας οὐκ ἐδέξαντο εἰς τὸ σωθῆναι αὐτούς) en 2:12 (ἵνα κριθῶσιν πάντες οἱ μὴ πιστεύσαντες τῇ ἀληθείᾳ ἀλλὰ εὐδοκήσαντες τῇ ἀδικίᾳ) is ŉ indirekte opdrag om die waarheid van die Evangelie te glo. Die wat mislei sal word, is immers die wat veroordeel sal word en verlore sal gaan omdat hulle nie die waarheid liefgehad en tot hulle redding aanvaar het nie. "Die boodskap is duidelik: wees lief vir die waarheid tot redding of glo die leuen en word geoordeel ... Die opdrag aan die kerk is: moenie julle laat mislei nie! Glo die waarheid van die Evangelie van Jesus Christus en wees lief vir die waarheid!" (Van Rhyn, 1995:89) Die *telos* van die openbaring van die wederkoms en die misleiding van die wettelose mens wat dit vooraf sal gaan, kan dus hiervolgens geformuleer word as aansporing om die waarheid van die Evangelie lief te hê.

#### 4.6.7.1 Konklusie

In 2:10 en 2:12 is 'n indirekte opdrag om die waarheid van die Evangelie te glo. Die wat mislei sal word, is immers die wat veroordeel sal word en verlore sal gaan omdat hulle nie die waarheid liefgehad en tot hulle redding aanvaar het nie.

#### 4.6.7.2 Openbaringsdoelwit

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms en die misleiding van die wettelose mens wat dit vooraf sal gaan, kan geformuleer word as aansporing om die waarheid van die Evangelie lief te hê (2 Tes. 2:10, 12).

### 4.6.8 2 Tessalonisense 2:13-17

Daar is reeds in 4.4.2 aangedui dat Hendriksen (2002b:166-167) en Martin (1995:221-222) die hele 2 Tessalonisense 2 as 'n eenheid beskou. Een van die redes wat aangevoer word, is die volgende: "But ending Paul's treatment of the parousia of Jesus at v. 12 leaves it unconnected from its concluding exhortation, "so then brothers stand firm," which occurs at v. 15 (cf. the exhortations that conclude 1 Thess 4:13–18; 5:1–11)." (Martin, 1995:221) Daarmee word die aanmoediging in 2:15 as 'n openbaringsdoelwit van die παρουσία aangewys.

Green (2002:329) maak direkte verbindings tussen 2:15 en 2:1-14: "In this verse Paul returns to the principal concern of this section: the stability of the Thessalonian Christians in the face of the false teaching, which came from an unknown source (2:2). As a consequence of everything previously stated concerning the events preceding the day of the Lord (see vv. 3–12, especially v. 5) and concerning their election, calling, and destiny (vv. 13–14), the apostle exhorts them, saying, *So then, brothers, stand firm and hold to the teachings we passed on to you, whether by word of mouth or by letter*."

Die aanmoediging in 2:15 word dus direk verbind aan die verkondiging van die παρουσία en alles wat in verband daarmee verkondig is in die voorafgaande deel van 2 Tessalonisense 2.

Die oproep behels dat die Tessalonisense sterk moet staan, standvastig moet wees, (ἄρα οὖν, ἀδελφοί, στήκετε) en moet vashou aan die lering waarin hulle onderrig is (καὶ κρατεῖτε τὰς παραδόσεις ἃς ἐδιδάχθητε) of deur gesprekke of deur 'n brief wat aan hulle geskryf is (εἴτε διὰ λόγου εἴτε δι' ἐπιστολῆς ἡμῶν). "But in the context of chapter 2 his concern is rather their constancy in the teaching they had received from the apostles (vv. 2, 5, 15b; cf. 1 Thess. 4:1–2). They should continue faithfully in that teaching, holding on to it without wavering in any way even in the face of contrary opinion (the verb *krateite* is used in the same way in Mark 7:3; Heb. 4:14; 6:18; Rev. 2:14–15, 25; 3:11)." (Green, 2002:329) Hiermee word kennis van die Woord

van God as teenvoeter vir verwarring wat dwaalleer bring, veral ook dwaalleer oor die wederkoms, beklemtoon: "They must stand firm in the truth of the gospel, for confusion and deception are the tools of Satan, and those who succumb ultimately are destined for perdition." (Martin, 1995:254)

Hieruit kan standvastigheid in die geloof, wat deur Skrifkennis bewerkstellig word, as *telos* van die openbaring van die wederkoms afgelei word.

#### 4.6.8.1 Konklusie

Die aanmoediging in 2:15 is 'n openbaringsdoelwit van die παρουσία in 2 Tessalonisense 2.

Die oproep in 2:15 hou in dat die Tessalonisense sterk moet staan, standvastig moet wees, en moet vashou aan die lering waarin hulle onderrig is.

Kennis van die Woord van God as teenvoeter vir die verwarring wat dwaalleer bring, veral ook dwaalleer oor die wederkoms, word beklemtoon.

#### 4.6.8.2 Openbaringsdoelwit

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is standvastigheid in die geloof wat deur Skrifkennis bewerkstellig word (2 Tes. 2:13-17).

## 4.7 Samevattende konklusie

In Paulus se briewe kom die volgende openbaringsdoelwitte van die wederkoms aan die hand van παρουσία voor:

- God openbaar aan sy kinders dat die dag van die wederkoms ook die dag van die opstanding uit die dood is. Sy *telos* daarmee is verkondiging, om hierdie heilsfeit bekend te maak (1 Kor. 15:23).

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms as die dag van die opstanding uit die dood is om gelowiges te troos met die heilsfeit dat die dooies liggaamlik sal opstaan uit die dood op die dag van die wederkoms (1 Kor. 15:23).

- Die wederkoms word verkondig as die dag waarop getroue gelowiges finaal uit genade verlos sal word, as die vrug van getroue Woordbedienaars se harde werk (1 Tes. 2:19-20).

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is om gelowiges aan te moedig om die Here getrou te dien en om Woordbedienaars aan te moedig om onverpoosd te werk met

die oog op daardie dag en om uit te sien na die kroon op hulle arbeid en ewige vreugde (1 Tes. 2:19-20).

- Die παρουσία van Jesus Christus word aan ons geopenbaar, sodat ons ook sal bid dat God ons daarvoor gereed sal maak. Ons moet voorberei vir die koms van ons Koning deur oorvloedige liefde te bewys en te bid vir die heiligende werk van God in ons (1 Tes. 3:13).

- Dit waarvoor gebid word, is ook dit waarna gestreef moet word. Daarom moet gelowiges, in die lig daarvan dat die Here Jesus weer sal kom, daarna streef om in Hom vlekkeloos in heiligheid te wees (1 Tes. 3:13).

- Gelowiges word getroos met die wete dat hulle geliefdes, wat reeds gesterf het, saam met die Here Jesus sal kom met sy wederkoms (1 Tes. 3:13).

- In 1 Tessalonisense 4:1-8 is die *telos* van die openbaring van die wederkoms 'n heilige lewe, veral op die terrein van die huwelik. Dit sluit die volgende openbaringsdoelwitte in:

    - Dat gelowiges onsedelikheid sal vermy, onder andere deur hoerery te vermy.

    - Dat die huwelik heilig gehou sal word, onder andere deurdat elkeen sy eie vrou in heiligheid en eerbaarheid sal verkry.

    - Dat gelowiges nie inbreuk sal maak op die huwelik van 'n ander en hulle sodoende benadeel nie.

    - Dat gelowiges die gesag van die Woord van God gehoorsaam sal aanvaar.

    - Dat gelowiges sal bid om die heiligende werk van die Heilige Gees in hulle (1 Tes. 4:1-8).

- Dat gelowiges voortdurend daarna sal streef om hulle medegelowiges steeds meer oorvloedig lief te hê, soos wat die Heilige Gees hulle ook geleer het. Hierdie liefde sal ook nie net tot die eie gemeente beperk wees nie, maar sal veel wyer strek. So sal hulle eerbaar leef in die oë van buitestaanders (1 Tes. 4:9-12).

- Dat gelowiges voortdurend daarna sal streef om rustig en kalm te bly en om nie perspektief te verloor of te oorreageer met die oog op die wederkoms nie. Daardeur sal hulle eerbaar kan leef in die oë van buitestaanders (1 Tes. 4:9-12).

- Dat gelowiges voortdurend hulle daaglikse werk getrou sal doen en hulle roeping vervul. Dan sal hulle hulle nie op die verkeerde manier met ander se sake bemoei nie (1 Tes. 4:9-12).

- Dat gelowiges daarop ingestel sal wees om eerbaar te leef in die oë van buitestaanders (1 Tes. 4:9-12).

- Dat gelowiges wat nog kan werk nie van ander afhanklik sal word nie (1 Tes. 4:9-12).

- Om onkunde oor die ontslapenes se lot, wat tot 'n heidense getreur kan lei, uit die weg te ruim deur kennis oor te dra. So word troos en hoop vir gelowiges gegee wat gelowige geliefdes aan die dood afgestaan het (1 Tes. 4:13-18).

- Dat gelowiges sal weet dat God die ontslapenes, wat reeds by Hom is, saam met Jesus sal bring met die wederkoms. Die ontslapenes sal op geen manier benadeel word nie. Inteendeel. Hulle sal eerste uit die dood opgewek word (1 Tes. 4:13-18).

- Dat gelowiges nie net sal weet van die werklikheid van die opstanding uit die dood nie, maar ook sal weet wat die lewende gelowiges se lot met die wederkoms sal wees: Hulle sal saam met hulle ontslape geliefdes die Here tegemoetgaan (1 Tes. 4:13-18).

- Dat gelowiges sal weet op watter wyse die wederkoms sal plaasvind en wat die volgorde van die gebeure sal wees: Die Here self sal met 'n uitgeroepte bevel, met die stem van 'n aartsengel en met 'n trompetgeskal uit die hemel neerdaal. Sy majesteit en eer sal dan duidelik blyk. Die wat in Christus gesterf het, sal eerste uit die dood opstaan. Daarna sal die lewendes saam met die wat uit die dood opgestaan het in die wolke opgeneem word om die Here in die lug te ontmoet. So sal al die gelowiges altyd saam by die Here wees (1 Tes. 4:13-18).

- Dat gelowiges sal weet en getroos kan wees met die wete: Alhoewel gelowiges wat gesterf het reeds by die Here is, hulle nie van die Here geskei sal word met sy wederkoms nie (1 Tes. 4:13-18).

- Dat treurende gelowiges nie net getroos sal word nie, maar ook dat gelowiges mekaar sal vertroos met die woorde van 1 Tessalonisense 4:13-18 (1 Tes. 4:13-18).

- Dat gelowiges sal bid vir hulle eie heiligmaking en vir die van hulle medegelowiges (1 Tes. 5:23).

- Sodat gelowiges heilig sal lewe (1 Tes. 5:23).

- Sodat gelowiges hulle hoop op God sal stel om hulle gereed te maak vir die wederkoms deur hulle te heilig en hulle vlekkeloos te bewaar (1 Tes. 5:23).

- Die παρουσία word in 2 Tessalonisense 2:1 verkondig as *kerugma,* om kennis oor te dra (2 Tes. 2:1).

- Die παρουσία word ter vertroosting verkondig as die tydstip wanneer gelowiges met die Here verenig sal word (2 Tes. 2:1).

- Die wederkoms word verkondig sodat gelowiges dit reg sal verstaan (2 Tes. 2:1).

- Die ware toedrag van sake rakende die wederkoms word verkondig om kennis van die waarheid oor te dra, dit wil sê as *kerugma* (2 Tes. 2:2).

- Die ware toedrag van sake rakende die wederkoms word verkondig om rustigheid en kalmte te bewerk (2 Tes. 2:2).

- Die ware toedrag van sake rakende die wederkoms word verkondig om dwaalleer te weerlê (2 Tes. 2:2).

- Die ware toedrag van sake rakende die wederkoms word verkondig sodat mense sal weet dat die wederkoms nog nie plaasgevind het nie (2 Tes. 2:2).

- Die ware toedrag van sake rakende die wederkoms word so verkondig dat mense sal weet dat die begrippe παρουσία en ἡ ἡμέρα τοῦ κυρίου na die selfde gebeurtenis verwys, naamlik die wederkoms van die Here Jesus Christus (2 Tes. 2:2).

- Die *telos* van die openbaring van die gebeure wat die wederkoms vooraf sal gaan, is *kerugma* om dwaling te voorkom. Die spesifieke dwaling wat weerlê word, is dat die wederkoms reeds plaasgevind het, selfs al het die afvalligheid nog nie plaasgevind nie en al het die Antichris nog nie op die toneel verskyn nie (2 Tes. 2:3-4).

- Die *telos* van die openbaring van die groot afvalligheid voor die wederkoms is aanmoediging om te volhard in die ware geloof (2 Tes. 2:3-4).

- Die *telos* van die openbaring van wie en wat die Antichris is, is sodat gelowiges hom sal herken wanneer hy geopenbaar word en sal weet dat die wederkoms nie meer ver is nie (2 Tes. 2:3-4).

- Die Antichris word vanuit die perspektief van die wederkoms geskilder om die gelowiges te bemoedig vir dit wat voorlê (2 Tes. 2:3-4).

- Paulus se voorbeeld van verkondiging van die dinge van die wederkoms word voorgehou as voorbeeld, sodat Woordverkondigers dit kan navolg (2 Tes. 2:5).

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is die *kerugma* dat die wederkoms nie sal plaasvind voordat hierdie drie dinge nie gebeur het nie:

    1. Die groot afvalligheid moet plaasvind (2 Tes. 2:3).

    2. Dit wat die mens van wetteloosheid teëhou moet uit die weg geruim word (2 Tes. 2:6, 7).

    3. Die mens van wetteloosheid moet op die toneel verskyn (2 Tes. 2:3, 7, 8).

- Die *telos* van die openbaring van die tydstip van die παρουσία as die tydstip van die vernietiging van die Antichris is *kerugma* (2 Tes. 2:8).

- Die doel van die openbaring van die παρουσία as die tydstip van vernietiging van die Antichris is troos vir die gelowiges (2 Tes. 2:8).

- Voorts is die *telos* van die openbaring van die παρουσία as die tydstip van die Antichris se vernietiging ŉ aansporing vir gelowiges om vas te staan in die geloof (2 Tes. 2:8).

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms en die misleiding van die wettelose mens wat dit vooraf sal gaan, kan geformuleer word as aansporing om die waarheid van die Evangelie lief te hê (2 Tes. 2:10, 12).

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is standvastigheid in die geloof wat deur Skrifkennis bewerkstellig word (2 Tes. 2:13-17).

# Hoofstuk 5: DIE *TELOS* VAN DIE OPENBARING VAN DIE WEDERKOMS AAN DIE HAND VAN ΠΑΡΟΥΣΙΑ IN DIE ALGEMENE BRIEWE

In hierdie hoofstuk word die *telos* van die openbaring van die wederkoms aan die hand van παρουσία in die algemene briewe ondersoek. Die volgende tersaaklike Skrifgedeeltes is reeds in 2.2.2 geïdentifiseer en sal in die volgende onderafdelings aan die beurt kom:

5.1 Jakobus 5

5.2 2 Petrus 1

5.3 2 Petrus 3

5.4 1 Johannes 2

## 5.1 Jakobus 5

Hoewel παρουσία slegs twee keer in Jakobus voorkom, naamlik in 5:7, 8 (2.2.2) moet daar volgens Floor (1992:30) rekening gehou word met die sterk eskatologiese karakter van die brief. Floor (1992:24) gaan so ver as om Jakobus se motief vir die skryf van die brief aan die wederkoms te koppel: " ... geloofsgroei als vrucht van volharding en gebed met het oog op de wederkomst van Christus." Jakobus verdiep en verbreed die rede vir die skryf van die brief deur dit aan die einde van sy brief met die wederkoms te verbind (Floor, 1992:30) en wys sy lesers daarop dat die lewe van 'n Christen "direkt samenhagen met zijn verwachting van de wederkomst van Christus" (Floor, 1992:24). Reeds in die motief vir die skryf van die brief blyk daar 'n sterk *telos* vir die openbaring van die wederkoms: Geloofsgroei as vrug van volharding en gebed met die oog op die wederkoms.

Jakobus 5:7-11, die perikoop waarin παρουσία twee keer voorkom, word as 'n eenheid beskou (Floor, 1992:31; Kistemaker, 2002b:163; Richardson, 1997:49) en word derhalwe in die studie so hanteer.

In die perikoop (5:7-11) word die volgende gedagtelyn gevolg (Floor, 1992:167-168): Na 'n inleidende oproep om geduldig te wees met die oog op die wederkoms (5:7a), gee die skrywer 'n voorbeeld uit die natuur (5:7b). Daarna word dieselfde oproep om geduldig te wees herhaal, maar dan word die wederkoms ietwat breër omskryf (5:8). Vervolgens onderstreep Jakobus sy betoog met twee voorbeelde uit die Ou Testament: Die van die profete en die van Job (5:10 en 5:11b). Tussen hierdie twee voorbeelde is 'n saligspreking (5:11a) en die perikoop eindig met 'n

uitspraak oor die barmhartigheid en die ontferming van God (5:11c). Floor (1992:167) laat egter na om aan te toon waar 5:9 in die gedagtelyn inpas. Jakobus 5:9 kan goedskiks saam met 5:8 gevoeg word, aangesien dit ook as deel van die breër omskrywing van die wederkoms gereken kan word.

### 5.1.1 Jakobus 5:7, 8

In 5:7 roep Jakobus sy lesers op om geduldig te wees tot met die wederkoms van die Here en hy wys op die voorbeeld van die boer wat met geduld wag op die waardevolle oes uit die aarde tot die vroeë en die laat reën geval het: Μακροθυμήσατε οὖν, ἀδελφοί, ἕως τῆς παρουσίας τοῦ κυρίου. ἰδοὺ ὁ γεωργὸς ἐκδέχεται τὸν τίμιον καρπὸν τῆς γῆς μακροθυμῶν ἐπ' αὐτῷ ἕως λάβῃ πρόϊμον καὶ ὄψιμον.

Floor (1992:169) wys op die moontlikheid dat "de uitdrukking 'de parousie (de komst) des Heren' in de tijd van Jakobus reeds een vaststaande uitdrukking was om er de wederkomst van Christus mee aan te duiden."

Die BDAG (2000:612) gee drie moontlike verklarings vir μακροθυμέω:

"1. to remain tranquil while waiting, *have patience, wait* … *wait patiently for something* … *have patience until the coming of the Lord*.

2. to bear up under provocation without complaint, *be patient, forbearing* …

3. *delay*."

Hoewel daar net in die eerste verklaring na Jakobus 5:7, 8 verwys word, kan die tweede betekenis ook ter sake wees in die lig van die konteks (5:1-6), naamlik dat rykes die arm gelowiges uitgebuit het. Die oproep in 5:9, om nie oor mekaar te kla nie, versterk die moontlikheid dat die tweede betekenis ook van toepassing kan wees. "But to be patient, as James uses the word, is much more than passively waiting for the time to pass. Patience is the art of enduring someone whose conduct is incompatible with that of others and sometimes even oppressive." (Kistemaker, 2002b:163-164) In die lig hiervan kan μακροθυμησατε verklaar word as: Wag rustig, wees geduldig, sonder om te kla (ten spyte van moeilike omstandighede).

Hierdie oproep om geduldig te wees tot met die wederkoms word deur οὖν aan die voorafgaande perikoop (5:1-6) gekoppel waarin 'n oordeel oor die rykes uitgespreek word wat die armes uitgebuit het (Calvyn, 2010d:347-348; Moo, 2000:221; Kistemaker, 2002b:163-164).

In die lig van Floor (1992:24) se uitspraak dat Jakobus sy lesers daarop wys dat die lewe van 'n Christen "direkt samenhagen met zijn verwachting van de wederkomst van Christus" kan daar

verwag word dat die oproep om geduldig te wees tot met die wederkoms betrekking kan hê op die hele brief en nie net op die voorafgaande perikoop nie. Floor (1992:167) self maak egter geen melding van ŉ verbinding met die res van die brief in sy kommentaar op 5:7 nie. Daar kan egter met Kistemaker (2002b:163-164) saamgestem word dat die oproep om geduldig te wees tot met die wederkoms wel betrekking het op 5:1-6, maar ook teruggevoer kan word na die begin van die brief: "The adverb *then* links the command to be patient to the preceding verses in which James describes the oppressive conditions under which the poor live. In a sense, James takes up the theme with which he begins his epistle: 'Consider it pure joy, my brothers, whenever you face trials of many kinds' (1:2)." Richardson (1997:218) is dieselfde mening as Kistemaker toegedaan.

Die *telos* van die openbaring van die wederkoms word deur Wiersbe (1992:734) as bemoediging aangedui: "James encourages these suffering Christians to get their eyes on the promise of Christ's coming."

Die implisiete rede waarom (onderdrukte) gelowiges geduldig kan wag tot met die wederkoms, is dat die Here as Verlosser gaan kom maar ook as Regter (Moo, 2000:221). Die siening word versterk deur 5:9: ἰδοὺ ὁ κριτὴς πρὸ τῶν θυρῶν ἕστηκεν en deur die definisie van παρουσία (2.1.4).

Jesus kom dus wel as Regter, maar ook as Verlosser van die gelowiges: "... we who are unjustly oppressed, have this reason to be patient, because God would become the judge. … And though the day of the Lord is everywhere called in the Scriptures a manifestation of his judgment and grace, when he succours his people and chastises the ungodly, yet I prefer to regard the expression here as referring to our final deliverance." (Calvyn, 2010d:347-8) Die wederkoms word dus geopenbaar as die tyd van verlossing vir die gelowiges en veroordeling van die ongelowiges.

Met sy oproep om geduldig te wag, word ook die implisiete opdrag gegee om nie die reg in eie hande te wil neem of wraak te neem nie (Moo, 2000:222), wat ŉ *telos* van die openbaring van die wederkoms is.

Die gesindheid wat Jakobus by sy lesers wil kweek, wat ook as ŉ *telos* van die openbaring van die wederkoms beskou kan word, is berusting dat daar ŉ dag sal aanbreek wanneer al die teëslae in die wêreld omgekeer gaan word (Moo, 2000:222).

Die woorde ἕως τῆς παρουσίας "has a 'pregnant' sense, suggesting the idea of a goal as well as a time period: 'exercise patience as you wait for, and look for, the coming of the Lord'" (Moo, 2000:222). Die gelowiges kan dus uitsien na ŉ afsnypunt waarby alle teëspoed en beproewings

beëindig sal word (Fausset, 1997b:493). Die wederkoms van die Here word geopenbaar as die eindpunt van alle verdrukking en beproewings om sodoende gelowiges wat swaar kry te vertroos en te bemoedig. Hulle moet egter geduldig daarvoor wag.

Die gelowige afwagting tot met die wederkoms word deur Jakobus met ŉ beeld uit die landboubedryf toegelig (Floor, 1992:169): ἰδοὺ ὁ γεωργὸς ἐκδέχεται τὸν τίμιον καρπὸν τῆς γῆς μακροθυμῶν ἐπ' αὐτῷ ἕως λάβῃ πρόϊμον καὶ ὄψιμον.

Die punt van die vergelyking is dat, soos wat ŉ boer geduldig wag op die reën vir die oes en op die uiteindelike oes, gelowiges geduldig op die wederkoms moet wag: "For the farmer the final result of his faithful labor and God's gracious gifts of sun and rain was worth the wait. How much more, then, is our waiting for the Lord?" (Richardson, 1997:219)

Elke verwysing in die Ou Testament na vroeë en laat reën hou verband met die getrouheid van die Here, aldus Moo (2000:223). So sal die aanbreek van die wederkoms vergestalting van God se getrouheid aan sy beloftes wees. Soos die boer geduldig wag op die reën as ŉ gawe van God, so moet die lesers geduldig wag op die wederkoms van Christus (Floor, 1992:169).

In 5:8 word die oproep om geduldig te wag, herhaal, maar ook uitgebrei (Floor, 1992:170): μακροθυμήσατε καὶ ὑμεῖς, στηρίξατε τὰς καρδίας ὑμῶν, ὅτι ἡ παρουσία τοῦ κυρίου ἤγγικεν.

Ook hier, net soos in 5:7, is die oproep μακροθυμήσατε, wag rustig, wees geduldig, sonder om te kla (ten spyte van moeilike omstandighede). By die oproep op die lesers om rustig te wag op die wederkoms, word die oproep gevoeg om hulle harte te versterk: στηρίξατε τὰς καρδίας ὑμῶν. Paulus doen 'n soortgelyke beroep op sy lesers in 1 Tessalonisense 3:13 (4.3.3.1). Die werkwoord στηρίξατε beteken "dat de lezers zich innerlijk sterk moeten maken, ze moeten een innerlijke weerstand opbouwen tegen de druk van buiten. Deze innerlijke kracht om te volharden zullen de lezers ontvangen wanneer zij acht geven op de wederkomst van Christus" (Floor, 1992:170).

As rede vir die oproep om geduldig te wag en hulle innerlik sterk te maak, voeg Jakobus by dat die wederkoms naby is, naby gekom het: ὅτι ἡ παρουσία τοῦ κυρίου ἤγγικεν. Die gelowiges se geduld sal dus nie lank op die proef gestel word nie (Floor, 1992:170). Hierdie nabyheid van Christus se koms word egter nie in terme van tydsduur uitgedruk nie, maar die nabyheid dui eerder op die realiteit van sy koms: "De volstrekte zekerheid dat Christus bezig is om terug te komen wordt er door tot uitdrukking gebracht." (Floor, 1992:170)

Daar kan met Moo (2000:224) saamgestem word dat hierdie uitdrukking van die wederkoms wat naby gekom het, in die raamwerk van die openbaringsgeskiedenis verstaan moet word: "But what is crucial is to understand this 'nearness' in the appropriate temporal framework:

salvation history. With the death and resurrection of Jesus and pouring out of the Spirit, the 'last days' have been inaugurated. This final age of salvation will find its climax in the return of Christ in glory. But—and here is the crucial point—the length of this age is unknown. Not even Jesus knew how long the 'last days' would last (cf. Mark 13:32). What this means is that the return of Christ, as the next event in the salvation-historical timetable, is, from the time of the early church to our own day, 'near,' or 'imminent'." Die openbaring van die feit dat die wederkoms naby gekom het, dui op die *telos* dat gelowiges altyd gereed moet wees en moet volhard in die geloof (Richardson, 1997:221).

#### 5.1.1.1 Konklusie

Jakobus skryf sy brief om geloofsgroei as vrug van volharding en gebed met die oog op die wederkoms by sy lesers te bevorder. Hy wys sy lesers daarop dat die lewe van ŉ Christen direk saamhang met sy verwagting van die wederkoms.

In 5:7 roep Jakobus sy lesers op om geduldig te wees tot met die wederkoms van die Here en hy wys op die voorbeeld van die boer wat met geduld wag op die waardevolle oes uit die aarde tot die vroeë en die laat reën geval het. Die opdrag is dus: Wag rustig, wees geduldig, sonder om te kla (ten spyte van moeilike omstandighede).

Die implisiete rede waarom (onderdrukte) gelowiges geduldig kan wag tot met die wederkoms, is dat die Here as Verlosser gaan kom, maar ook as Regter. Die wederkoms word dus geopenbaar as die tyd van verlossing vir die gelowiges en veroordeling van die ongelowiges.

Met sy oproep om geduldig te wag, word ook die implisiete opdrag gegee om nie die reg in eie hande te wil neem of wraak te neem nie. Die gesindheid wat Jakobus by sy lesers wil kweek, is berusting dat daar ŉ dag sal aanbreek wanneer al die teëslae in die wêreld omgekeer gaan word.

Die gelowiges kan dus uitsien na ŉ afsnypunt waarby alle teëspoed en beproewings beëindig sal word. Die wederkoms van die Here word geopenbaar as die eindpunt van alle verdrukking en beproewings om sodoende gelowiges wat swaar kry te vertroos en te bemoedig. Hulle moet egter geduldig wag daarvoor, net soos ŉ boer wat geduldig wag op die reën en die gevolglike oes.

Die aanbreek van die wederkoms sal vergestalting van God se getrouheid aan sy beloftes wees.

In 5:8 word die oproep om geduldig te wag herhaal, maar ook uitgebrei met die oproep dat die lesers hulle harte sal versterk, dat hulle hulleself innerlik sterk sal maak. Hierdie innerlike krag sal die lesers ontvang as hulle ag gee en fokus op die wederkoms.

As rede vir die oproep om geduldig te wag en hulle innerlik sterk te maak, voeg Jakobus by dat die wederkoms naby is, naby gekom het. Die gelowiges se geduld sal dus nie lank op die proef gestel word nie. Hierdie nabyheid van Christus se koms word egter nie in terme van tydsduur uitgedruk nie, maar die nabyheid dui eerder op die realiteit van sy koms en moet binne die raamwerk van die openbaringsgeskiedenis verstaan word as die volgende groot gebeurtenis.

#### 5.1.1.2 Openbaringsdoelwitte

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is dat gelowiges rustig sal wag en geduldig sal wees, sonder om te kla, ten spyte van moeilike omstandighede totdat die wederkoms plaasvind (Jak. 5:7-8).

- Die *telos* is voorts om die Here Jesus as Verlosser en as Regter te verwag. Die openbaringsdoelwit hiervan is dat gelowiges bemoedig sal word deur die *kerugma* dat die wederkoms die tyd van verlossing vir die gelowiges en veroordeling van die ongelowiges sal wees (Jak. 5:7-8).

- Die wederkoms word ook geopenbaar met die doelwit dat Christene nie reg in eie hande of wraak sal neem nie, maar berusting sal vind in die feit dat daar 'n dag sal aanbreek wanneer al die teëslae in die wêreld omgekeer gaan word (Jak. 5:7-8).

- Die gelowiges word getroos en bemoedig deur die wete dat die wederkoms die afsnypunt is, die eindpunt waarby alle teëspoed en beproewings en verdrukking beëindig sal word (Jak. 5:7-8).

- Die wederkoms word geopenbaar as vergestalting van God se getrouheid aan sy beloftes. Die implisiete doelwit is dat gelowiges op die Here se belofte van die wederkoms sal vertrou (Jak. 5:7-8).

- Die wederkoms word geopenbaar met die doelwit dat die lesers hulle harte sal versterk; dat hulle hulleself innerlik sterk sal maak deur te wag op die wederkoms (Jak. 5:7-8).

- Die wederkoms word geopenbaar as naby. Daarmee word gelowiges getroos en bemoedig dat hulle geduld nie lank op die proef gestel sal word nie. Hiermee saam word gelowiges verseker dat die wederkoms beslis sal plaasvind (Jak. 5:7-8).

- Die wederkoms word as naby geopenbaar, sodat gelowiges altyd gereed sal wees daarvoor en in die geloof sal volhard (Jak. 5:7-8).

### 5.1.2 Jakobus 5:9

In 5:9 brei Jakobus verder uit oor die wederkoms van die Here en skryf hy vir die derde keer in die perikoop daaroor (Floor, 1992:170): μὴ στενάζετε, ἀδελφοί, κατ' ἀλλήλων ἵνα μὴ κριθῆτε· ἰδοὺ ὁ κριτὴς πρὸ τῶν θυρῶν ἕστηκεν. Die lesers word opgeroep om nie oor mekaar te kla nie, sodat hulle nie geoordeel sal word nie. Die Regter staan immers al voor die deur.

Die perikoop bou op tot 'n klimaks in 5:9 (Floor, 1992:170-171): Eers praat Jakobus in die algemeen oor die koms van Christus. Dan stel hy dit dat die koms naby is en dan dat die Regter al voor die deur staan, op die punt om binne te kom. Die *telos* van hierdie openbaring van die nabyheid van die wederkoms is: "Hier ligt juist de troost voor de arme en verdrukte gemeenteleden die zuchten onder de dictatuur en het onrecht van de rijken."

Die Here (5:7, 8) word nou (5:9) die Regter genoem. Daarmee word die oordeel, wat met die wederkoms gepaard sal gaan, beklemtoon (Floor, 1992:171).

Wanneer gelowiges in 'n krisis is, soos die lesers aan wie Jakobus skryf, kan hulle baie maklik begin om oor mekaar te kla (Richardson, 1997:221). Vandaar die opdrag om nie oor mekaar te kla nie: μὴ στενάζετε, ἀδελφοί, κατ' ἀλλήλων. Oor die gebruik van στενάζω merk Moo (2000:225) op: "And the word typically connotes an expression of frustration from the people of God who are suffering oppression or even judgment." Gelowiges moet egter nie begin om in sulke omstandighede mekaar te blameer nie: "Since believers already had to endure the attacks of the wicked wealthy, the last thing the oppressed faithful needed was attacks against each other." (Richardson, 1997:221) Die *telos* van die openbaring van die wederkoms waar gelowiges swaarkry, is dus dat hulle mekaar nie sal begin blameer nie, maar dat hulle eerder geduldig sal wag op die aanbreek van die wederkoms.

Waar die wederkoms aan die begin van die perikoop verbind is aan die oordeel oor ongelowiges, is daar nou 'n klemverskuiwing en word gelowiges gewaarsku om nie so teenoor mekaar op te tree dat hulle ook veroordeel sal word nie (Floor, 1992:171; Moo, 2000:225). Jesus Christus word immers ook as Regter verwag.

#### 5.1.2.1 Konklusie

In 5:9 brei Jakobus verder uit oor die wederkoms van die Here en roep hy sy lesers op om nie oor mekaar te kla nie, sodat hulle nie geoordeel sal word nie. Die Regter staan immers al voor die deur, dit wil sê die tyd van oordeel wat met die wederkoms sal aanbreek, is naby.

Die Here word in 5:9 die Regter genoem. Daarmee word die oordeel, wat met die wederkoms gepaard sal gaan, beklemtoon.

Wanneer gelowiges in ŉ krisis is, kan hulle baie maklik begin om oor mekaar te kla. Vandaar die opdrag om nie oor mekaar te kla en mekaar te blameer nie.

Gelowiges word gewaarsku om nie so teenoor mekaar op te tree dat hulle ook veroordeel sal word wanneer Jesus Christus as Regter kom nie.

#### 5.1.2.2 Openbaringsdoelwitte

- Die wederkoms word geopenbaar met die *telos* dat Christene nie oor mekaar sal kla nie, sodat hulle nie geoordeel sal word nie (Jak. 5:9).
- Die wederkoms word as naby en as ŉ tyd van oordeel geopenbaar, sodat gelowiges reg teenoor mekaar sal optree (Jak. 5:9).
- Die *telos* van die openbaring dat die Here Jesus as Regter sal kom, is *kerugma.* Daarmee word die oordeel, wat met die wederkoms gepaard sal gaan, beklemtoon. Hierdeur word gelowiges getroos, maar ook vermaan (Jak. 5:9).
- Die *telos* van die openbaring van die nabyheid van die wederkoms is om verdrukte gelowiges daarmee te troos dat die verdrukkers binne kort deur die Regter veroordeel sal word (Jak. 5:9).

### 5.1.3 Jakobus 5:10, 11

Die perikoop word afgesluit met twee voorbeelde van lyding en geduld uit die Ou Testament: ὑπόδειγμα λάβετε, ἀδελφοί, τῆς κακοπαθείας καὶ τῆς μακροθυμίας τοὺς προφήτας οἳ ἐλάλησαν ἐν τῷ ὀνόματι κυρίου. ἰδοὺ μακαρίζομεν τοὺς ὑπομείναντας· τὴν ὑπομονὴν Ἰὼβ ἠκούσατε καὶ τὸ τέλος κυρίου εἴδετε, ὅτι πολύσπλαγχνός ἐστιν ὁ κύριος καὶ οἰκτίρμων.

Die eerste voorbeeld is dié van die profete wat in die Naam van die Here gepraat het. Jakobus verwys hier na die Ou-Testamentiese profete wat in die Naam van die Here gepraat het en daarom vervolg is en lyding beleef het (Floor, 1992:172). Veral moet die lesers let op die lyding en die geduld van die profete, τῆς κακοπαθείας καὶ τῆς μακροθυμίας τοὺς προφήτας. “The patient waiting demanded of the believers (v. 7) is exemplified by the prophets, who showed peerless endurance under suffering.” (Richardson, 1997:223)

Die feit dat die wederkoms beslis gaan aanbreek en al voor die deur is, word aan gelowiges geopenbaar met die *telos* dat hulle aangemoedig word om soos die profete lyding te verduur en geduld te beoefen.

Die oproep om lyding te verduur en geduld te beoefen word opgevolg met ἰδοὺ μακαρίζομεν τοὺς ὑπομείναντας, kyk, ons beskou hulle wat volhard as geseënd. Om ook as geseënd beskou te word, soos die profete, moet Jakobus se lesers volhard. Dit is opvallend dat Jakobus nou nie meer oor geduld praat nie, maar oor volharding, wat 'n sterker woord is as geduld (Floor, 1992:171).

Oor ὑπομονή en ὑπομένω skryf Coetzee (1984:341) dat daar 'n noue verband in die Nuwe Testament is tussen God se beloftes, die gelowige se hoop en sy volharding. Coetzee (1984:341) beskou ὑπομονή as "**'n voluit eskatologiese begrip**", ook in Jakobus se brief en verklaar die woord as: "**die oë omhoog, gelowige, vertrouensvolle uitstrek en vashou aan die belofte(s) van ons troue Verbondsgod** wat in Jesus Christus vas en seker is (2 Ts 3:5, 1 Tm 6:11; 2 Tm 3:10v)". In die konteks van Jakobus 5:11 is die verklaring duidelik van toepassing op die belofte van die wederkoms.

Die eerste voorbeeld, dié van die profete wat in die Naam van die Here gepraat het en so lyding oor hulleself gebring het, word voorgehou sodat verkondigers van die Woord sal aanhou om die Evangelie te verkondig in die tyd wat die wederkoms voorafgaan, selfs al bring dit lyding teweeg. Dan moet hulle geduld beoefen.

Die tweede voorbeeld uit die Ou Testament wat voorgehou word, is die van Job. Weereens word die woord volharding gebruik: τὴν ὑπομονὴν Ἰὼβ ἠκούσατε. Daar word egter nie net na Job se volharding verwys as voorbeeld nie, maar ook na die Here se einddoel met hom en dat die Here vol medelye en ontferming is: καὶ τὸ τέλος κυρίου εἴδετε, ὅτι πολύσπλαγχνός ἐστιν ὁ κύριος καὶ οἰκτίρμων. "Het woord einde (*telos*) betekent het doel dat God met Job had (Louw & Nida)." (Floor, 1992:173) Daarom kan gelowiges volhard met die wete dat die Here ook met hulle lewens 'n doel het en dat Hy hulle sal troos en bystaan met sy medelye en ontferming.

Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is dat gelowiges sal volhard in die lyding en in hulle geduldige wag op die wederkoms (5:7, 8) en dat hulle moet weet dat hulle geseënd sal wees. Die Here is immers vol medelye en ontferming en sal hulle bystaan. So gesien, word die wederkoms geopenbaar as die tyd wanneer die vrug van die Here se medelye en sy ontferming tot volle openbaring sal kom in gelowiges wat soos Job volhard het.

#### 5.1.3.1 Konklusie

Die perikoop word afgesluit met twee voorbeelde van lyding en geduld uit die Ou Testament. Die eerste voorbeeld is die van die profete wat in die Naam van die Here gepraat het en so lyding oor hulleself gebring het.

Ten spyte van lyding moet verkondigers van die Woord met geduld aanhou om die Evangelie te verkondig in die tyd wat die wederkoms voorafgaan.

Gelowiges wat volhard, veral in hulle vertroue op God se belofte van die wederkoms, sal as geseënd beskou word.

Job se volharding word ook as voorbeeld voorgehou, maar ook die Here se einddoel met hom en dat die Here vol medelye en ontferming is. Daarom kan gelowiges volhard in die wete dat die Here ook met hulle lewens ’n doel het en dat Hy hulle sal troos en bystaan met sy medelye en ontferming.

Die wederkoms word geopenbaar as die tyd waarin die vrug van die Here se medelye en ontferming tot volle openbaring sal kom in gelowiges wat soos Job volhard het.

#### 5.1.3.2 Openbaringsdoelwitte

- Die lyding en die geduld van die profete en van Job word as voorbeeld voorgehou, sodat gelowiges sal weet dat die tyd voor die wederkoms ook lyding vir hulle sal inhou en geduld sal verg (Jak. 5:10-11).
- Die wederkoms word geopenbaar met die doel dat verkondigers van die Woord met geduld sal aanhou om die Evangelie te verkondig in die tyd wat die wederkoms voorafgaan, selfs al bring dit lyding mee (Jak. 5:10-11).
- Gelowiges wat volhard, veral in hulle vertroue op God se belofte van die wederkoms, sal as geseënd beskou word (Jak. 5:10-11).
- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is dat gelowiges sal volhard met die wete dat die Here ook met hulle lewens ’n doel het en dat Hy hulle sal troos en bystaan met sy medelye en ontferming (Jak. 5:10-11).
- Die wederkoms word geopenbaar as die tyd waarin die vrug van die Here se medelye en sy ontferming tot volle openbaring sal kom in gelowiges wat soos Job volhard het (Jak. 5:10-11).

### 5.2 2 Petrus 1

Hoewel Petrus meermale in beide sy briewe na die wederkoms verwys (Ladd, 1993:653), gebruik hy die woord παρουσία slegs drie maal en ook net in sy tweede brief, naamlik in 2 Petrus 1:16 en 2 Petrus 3:4, 12 (2.2.2).

Petrus skryf sy tweede brief omdat hy besorg is oor die welsyn van die gelowiges nadat dwaalleraars onder hulle begin optree het (Groenewald, 1977:104). "Hy begin sy brief deur te wys op die groot heilswaarhede wat die gelowiges in Christus deelagtig geword het en spoor hulle aan op grond van die betroubaarheid van die evangelie en die sekerheid van die wederkoms van die Here." (Groenewald, 1977:104). "A major purpose of 2 Peter is to provide believers with certainty about the second coming of Christ." (Mounce, 2005:116)

Van die hoofelemente van die dwaalleer wat verkondig is, is dat Jesus as Here verloën word (2:1) en dat die wederkoms nie sal plaasvind nie (3:4) (Green, 1977:37, 38; Greijdanus, s.a.:97, 98; Groenewald, 1977:105). "We must conclude from the contents of 2 Peter that one of the chief doctrinal errors of the gnostics was denial of fundamental Christian eschatology and the coming of the Lord. This can be the only reason that 2 Peter devotes so much attention to eschatology." (Ladd, 1993:653)

Aangesien dwaalleer, onder andere oor die wederkoms, aanleiding gegee het tot die skryf van die brief, kan verwag word dat *kerugma* 'n sterk *telos* vir die openbaring van die wederkoms in die brief sal wees, asook aanmoediging om die suiwer verkondiging oor die wederkoms te glo.

#### 5.2.1 2 Petrus 1:16-21

In 2 Petrus 1:16-18 lê Petrus klem daarop dat die waarheid van die Evangelie bevestig word deur die ooggetuienis van die apostels en in 1:19-21 dat die waarheid van die Evangelie bevestig word deur die profetiese geskrifte (Green, 1977:57). Petrus beklemtoon aan die begin van 1:16-18 dat hulle (die apostels) hulle nie verlaat het op vindingryke fabels toe hulle die krag en die παρουσία van die Here Jesus Christus verkondig het nie. Hulle was immers ooggetuies van sy majesteit: Οὐ γὰρ σεσοφισμένοις μύθοις ἐξακολουθήσαντες ἐγνωρίσαμεν ὑμῖν τὴν τοῦ κυρίου ἡμῶν Ἰησοῦ Χριστοῦ δύναμιν καὶ παρουσίαν ἀλλ' ἐπόπται γενηθέντες τῆς ἐκείνου μεγαλειότητος.

Petrus tipeer die apostels se prediking as: ἐγνωρίσαμεν ὑμῖν τὴν τοῦ κυρίου ἡμῶν Ἰησοῦ Χριστοῦ δύναμιν καὶ παρουσίαν. "What the apostles preached, then, was the powerful future coming of the Lord." (Schreiner, 2003:312)

Die eerste vraag wat hier beantwoord moet word, is wat word bedoel met τὴν τοῦ κυρίου ἡμῶν Ἰησοῦ Χριστοῦ δύναμιν καὶ παρουσίαν? Verwys παρουσία hier na Jesus se eerste koms, sy geboorte as mens, of na sy wederkoms? (Groenewald, 1977:119). Die vraag moet gevra word, want 'n belangrike deel van Evangelieverkondiging is die verkondiging dat Jesus as mens gebore is. Vergelyk byvoorbeeld Matteus 1:18-25, Lukas 2:1-7 en Johannes 1:14. Logieserwys sou verwag kon word dat παρουσία hier verwys na Jesus se eerste koms na die aarde, sy geboorte as mens. Calvyn (2010d:382) verklaar παρουσία inderdaad so dat dit na die menswording van Jesus Christus verwys.

Op grond van die volgende redes kan daar egter besluit word dat Petrus beslis hier met παρουσία na die wederkoms en nie na Jesus se eerste koms verwys nie:

- Wanneer die woord παρουσία met Jesus Christus as handelende persoon in die Nuwe Testament gebruik word, word dit uitsluitlik in verband met sy wederkoms gebruik en nooit in verband met sy geboorte as mens nie (Green, 1977:83; Greijdanus, s.a.:116; Groenewald, 1977:119).

- Wanneer Petrus die woord παρουσία gebruik in 3:4, 12, dan verwys dit beslis na Jesus se wederkoms (Greijdanus, s.a.:116). Dit sou dus vreemd wees as hy op die enigste ander plek waar hy die woord gebruik 'n ander betekenis daaraan sou heg.

- Daar is reeds aangetoon (5.2) dat een van die dwalinge wat Petrus weerlê, juis verband hou met die wederkoms. Daarom kan verwag word dat die wederkoms ook hier ter sprake is wanneer Petrus na die inhoud van die apostoliese verkondiging verwys (Schreiner, 2003:312).

Daar kan egter ook met Groenewald (1977:119) saamgestem word wat daarop wys dat daar steeds rekening gehou moet word met die "dubbelduidigheid van die uitdrukking", aangesien Jesus se eerste koms die waarborg van sy wederkoms is. Met sy tweede koms sal Jesus die verlossingstaak kom voltooi wat Hy met sy eerste koms begin het.

Van belang vir die studie is dat, soos reeds aangetoon, Petrus die apostoliese prediking tipeer as ἐγνωρίσαμεν ὑμῖν τὴν τοῦ κυρίου ἡμῶν Ἰησοῦ Χριστοῦ δύναμιν καὶ παρουσίαν. Ware en suiwer prediking sluit dus beslis die verkondiging in dat die Here Jesus Christus weer gaan kom. Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is dat die Evangelie van Jesus Christus volledig sal wees en so verkondig sal word.

Die volgende vraag wat beantwoord moet word, is wat word bedoel met δύναμιν καὶ παρουσίαν? Is dit twee dinge wat verkondig word, die Here Jesus se krag en sy wederkoms, of is dit 'n hendiadis? Indien dit wel 'n hendiadis is, is dit een ding wat verkondig word, naamlik die

kragtige wederkoms van die Here. Davids (2006:210) en Greijdanus (s.a.:116) toon oortuigend aan dat dit wel as 'n hendiadis verklaar moet word en dus vertaal kan word as die kragtige wederkoms van die Here Jesus. Ook Schreiner (2003:312) verklaar dit as "the powerful future coming of the Lord". Gardner (1998:46) wys daarop dat verskeie Skrifgedeeltes daarop wys dat die wederkoms met krag gepaard sal gaan.

Die verkondiging van die kragtige wederkoms berus egter nie op vindingryke fabels nie, "maar berus op historiese gebeurtenisse waarvan Petrus en die ander apostels ('ons') ooggetuies is" (Groenewald, 1977:119). In 1:17 en 18 verwys Petrus na 'n besondere geleentheid waar die majesteit van die Here duidelik geblyk het en waarvan hy een van die ooggetuies was, naamlik die verheerliking op die berg (Matteus 17:1-13; Markus 9:2-8; Lukas 9:28-36) (Groenewald, 1977:119). Die verheerliking op die berg, waar die Here Jesus eer en heerlikheid ontvang het, was die waarborg "vir die toekomstige openbaring van die eer en heerlikheid van Christus by die wederkoms" (Groenewald, 1977:120). Ook Schreiner (2003:316) bring die verheerliking op die berg in verband met die wederkoms: "What Peter emphasized is the honor and glory given to Jesus at the transfiguration because such honor and glory looks forward to and will be replicated at the second coming." En ook: "The transfiguration anticipates the second coming, for it unveils the glory that will belong to Jesus at his coming." (Schreiner, 2003:318) Ook Mounce (2005:117) is die mening toegedaan dat Petrus die verheerliking op die berg aan die wederkoms verbind: "The Transfiguration was an awe-inspiring display of the supernatural majesty of Christ. It was a foretaste of what will happen when he comes at the end of history to establish his reign."

Petrus verlaat hom egter nie net op dit wat hy met sy eie oë gesien het nie, maar ook op dit wat hy gehoor het tydens die verheerliking op die berg. Hy verlaat hom ook op die gesproke woord van die Vader. (Kistemaker, 2002c:269: Mounce, 2005:117)

Die werklikheid van die kragtige wederkoms word verder gewaarborg en bevestig deur die profetiese woord, die skrifgeworde woord (Kistemaker, 2002c:269): καὶ ἔχομεν βεβαιότερον τὸν προφητικὸν λόγον (1:19) en προφητεία γραφῆς (1:20). "Dit gaan hier veral om die profesie omtrent die wederkoms van Christus." (Groenewald, 1977:121) Na die aanskouing van Christus se heerlikheid en die hoor van God se stem op die berg van verheerliking, staan die waarheid van die Skrif, wat die profesie oor die wederkoms insluit, soveel vaster vir Petrus (Greijdanus, s.a.:118). "What this means, then, is that the apostolic preaching on the Parousia is here based on two things. First, it is based on eyewitness experience of seeing Jesus invested with honor by none other than God himself. Second, it is based on Scripture, which, as 2 Peter will go on to argue, stems from God, and thus has God's honor behind it. Thus our author is arguing that to reject the Parousia is to impugn the honor of both Jesus and God." (Davids, 2006:208)

Petrus moedig sy lesers in 1:19 aan om op die profetiese woord te fokus, die woord wat soos ŉ lamp is wat in ŉ donker plek skyn: ᾧ καλῶς ποιεῖτε προσέχοντες ὡς λύχνῳ φαίνοντι ἐν αὐχμηρῷ τόπῳ. Dit moet hulle doen totdat die dag aanbreek en die môrester opgaan in hulle harte: ἕως οὗ ἡμέρα διαυγάσῃ καὶ φωσφόρος ἀνατείλῃ ἐν ταῖς καρδίαις ὑμῶν.

Die dag is hier ŉ verwysing na die wederkoms: Dit is die spesiaal aangewysde eskatologiese dag van Jesus Christus se wederkoms om te kom oordeel (8.1.3.1). Hier is egter ŉ dubbele verwysing na die wederkoms, aangesien nie net die dag na die wederkoms verwys nie, maar ook die beeld van die môrester wat opkom in die lesers se harte (Groenewald, 1977:121; Kistemaker, 2002c:270).

Die lesers word dus aangemoedig om op die Skrif te fokus tot met die wederkoms, veral in die lig van dwaalleer in verband met die wederkoms wat die rondte gedoen het. Daarin moet hulle hulle weerhou van eie uitleg (vers 20) en bly vashou aan die inspirasie van die Skrif deur die Heilige Gees (vers 21). “Like other writers, Peter exhorts the readers to pay close attention to the prophetic word of Scripture and to do so with reference to Christ’s imminent return.” (Kistemaker, 2002c:270)

Petrus beklemtoon dus die noue verbinding wat bestaan tussen die waarheid van die Woord van God en die aanbreek van die wederkoms. Die wederkoms sal uiteindelik die waarheid van die Woord net nog verder bevestig. “The opponents denied that there would be any day of the Lord, but the prophetic word as confirmed by the transfiguration promises it will come.” (Schreiner, 2003:321)

#### 5.2.1.1 Konklusie

Aangesien Petrus en die ander apostels ooggetuies was van Jesus Christus se majesteit op die berg van verheerliking, staan die feit dat die wederkoms wel beslis sal plaasvind, soveel vaster.

Petrus tipeer die apostels se prediking as die verkondiging van die kragtige wederkoms van Jesus Christus. Ware en suiwer prediking sluit dus sonder twyfel die verkondiging in dat die Here Jesus Christus weer gaan kom. Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is dat die Evangelie van Jesus Christus volledig sal wees en so verkondig sal word.

Die verkondiging van die kragtige wederkoms berus egter nie op vindingryke fabels nie, maar op historiese gebeurtenisse waarvan Petrus en die ander apostels ooggetuies was.

Die verheerliking op die berg, waar die Here Jesus eer en heerlikheid ontvang het, was die waarborg vir die toekomstige openbaring van die eer en heerlikheid van Christus by die wederkoms.

Petrus verlaat hom, ook wat die profesie oor die wederkoms betref, op die gesproke woord van die Vader, wat hy en die ander apostels gehoor het en op die skrifgeworde woord, die geskrifte van die profete.

Petrus moedig sy lesers aan om op die Skrif te fokus. Dit moet hulle doen totdat die dag aanbreek en die môrester opgaan in hulle harte, dit wil sê totdat die wederkoms aanbreek. Daarin moet hulle hulle weerhou van eie uitleg en bly vashou aan die inspirasie van die Skrif deur die Heilige Gees.

Die noue verbinding wat bestaan tussen die waarheid van die Woord van God en die aanbreek van die wederkoms, word beklemtoon. Die wederkoms, wat beslis sal aanbreek, sal uiteindelik die waarheid van die Woord net nog verder bevestig.

#### 5.2.1.2 Openbaringsdoelwitte

- Die doel van die openbaring van die wederkoms is om aan gelowiges die sekerheid te gee dat dit beslis sal plaasvind. Die sekerheid dat die wederkoms sal plaasvind, word bevestig deur die getuienis van die apostels, van dit wat hulle gesien en gehoor het, en ook deur die Skrif (2 Pet. 1:16-21).

- Die sekerheid van die wederkoms word verkondig, sodat gelowiges voorbereid kan wees en toegerus kan wees om dwaalleer, veral die dwaalleer dat die wederkoms nie sal plaasvind nie, te weerstaan en weerlê (2 Pet. 1:16-21).

- Die wyse van wederkoms word geopenbaar as *kerugma*, sodat gelowiges kan weet dat dit met krag sal plaasvind en dat die eer en heerlikheid van Jesus Christus duidelik sal blyk (2 Pet. 1:16-21).

- Die wederkoms word verkondig met die *telos* dat die Evangelie van Jesus Christus volledig kan wees en so verkondig sal word (2 Pet. 1:16-21).

- Die wederkoms word verkondig, sodat gelowiges op die Skrif sal fokus en om hulle aan te moedig om daarmee te volhard tot met die wederkoms, sonder om op hulle eie uitleg te vertrou en deurentyd te bly vashou aan die inspirasie van die Skrif deur die Heilige Gees (2 Pet. 1:16-21).

- Die wederkoms, wat beslis sal aanbreek, word verkondig as die gebeurtenis wat die waarheid van die Woord onteenseglik sal bevestig, sodat gelowiges die Woord onwrikbaar sal glo (2 Pet. 1:16-21).

### 5.3 2 Petrus 3

In 2 Petrus 3 word die woord παρουσία slegs twee maal gebruik, naamlik in 3:4, 12 (2.2.2), terwyl die hele hoofstuk egter verband hou met die wederkoms (Kistemaker, 2002c:318).

Die hoofstuk kan soos volg ingedeel word: “The day of the Lord (3:1-13) and exhortations (3:14-18).” (Kistemaker, 2002c:318) Die eerste dertien verse handel dus, volgens Kistemaker, oor die wederkoms en die laaste vyf verse oor aanmoedigings. Daar kan daarom verwag word dat die *telos* van die openbaring van die wederkoms in 3:1-13 hoofsaaklik *kerugma* sal wees en dat die *telos* van die openbaring van die wederkoms in 3:14-18 die aanmoedigende toepassing van die *kerugma* oor die wederkoms in die lewe van die lesers sal wees.

(Aangesien 2 Petrus 3 as ŉ eenheid beskou word, sal al die verwysings na die wederkoms behandel word, selfs al word die verwysings nie met behulp van παρουσία gemaak nie, maar met van die ander geïdentifiseerde woorde (vgl.1.3)).

#### 5.3.1 2 Petrus 3:1-13

##### 5.3.1.1 2 Petrus 3:1, 2

Petrus begin hierdie afdeling van sy brief deur die lesers in 3:1, 2 daarop te wys dat dit reeds die tweede brief is wat hy aan hulle skryf en hy wys op die doel waarmee hy beide briewe geskryf het: Ταύτην ἤδη, ἀγαπητοί, δευτέραν ὑμῖν γράφω ἐπιστολήν ἐν αἷς διεγείρω ὑμῶν ἐν ὑπομνήσει τὴν εἰλικρινῆ διάνοιαν μνησθῆναι τῶν προειρημένων ῥημάτων ὑπὸ τῶν ἁγίων προφητῶν καὶ τῆς τῶν ἀποστόλων ὑμῶν ἐντολῆς τοῦ κυρίου καὶ σωτῆρος. Sy doel met beide briewe was om deur middel van herinnering die lesers se helder denke aan te wakker, sodat hulle die woorde kan onthou wat die heilige profete gespreek het, sowel as die opdrag van ons Here en Verlosser, wat hulle apostels vir hulle deurgegee het.

Op hierdie manier, dit wil sê deur herinnering aan die Ou-Testamentiese, sowel as Nuwe-Testamentiese prediking (Calvyn, 2010d:413; Mounce, 2005:138), wil Petrus die lesers se vermoë om gesonde, geestelike oordeel aan die dag te lê, aanwakker (Mounce, 2005:137).

Die opdrag waarvan sprake is in 3:2 verwys na die volledige verkondiging deur die apostels, aldus Calvyn (2010d:413). Mounce (2005:138) is die selfde mening toegedaan, maar voeg by dat die konteks daarop dui dat die opdrag veral gaan oor die wederkoms van Christus en die aanmoediging om daarvoor gereed te wees. ŉ *Telos* van die openbaring van die wederkoms as *kerugma* wat lei tot insig, word soos volg deur Davids (2006:260) aangedui: “Thus the goal in our passage is that the readers may come to pure or sincere understandings.”

#### 5.3.1.2 2 Petrus 3:3, 4

In 3:3, 4 bring Petrus dit sterk onder die aandag van die lesers dat daar in die laaste dae spotters met gespot op die toneel sal verskyn; mense wat lewe volgens hulle eie drange, wat sal vra: "Wat het geword van die belofte van sy παρουσία? Sedert die vaders ontslaap het, bly alles dan net soos dit was van die begin van die skepping af." τοῦτο πρῶτον γινώσκοντες ὅτι ἐλεύσονται ἐπ' ἐσχάτων τῶν ἡμερῶν [ἐν] ἐμπαιγμονῇ ἐμπαῖκται κατὰ τὰς ἰδίας ἐπιθυμίας αὐτῶν πορευόμενοι καὶ λέγοντες, Ποῦ ἐστιν ἡ ἐπαγγελία τῆς παρουσίας αὐτοῦ; ἀφ' ἧς γὰρ οἱ πατέρες ἐκοιμήθησαν, πάντα οὕτως διαμένει ἀπ' ἀρχῆς κτίσεως.

Oor die gebruik van die frase τοῦτο πρῶτον γινώσκοντες en die gebruik van die deelwoord γινώσκοντες, om te weet, skryf Calvyn (2010d:414): "'Know ye this especially.' … He therefore wished them to know this, and to feel assured on the subject, that they might be prepared to oppose such men." Petrus se *telos* is om kennis, wat reeds oorgedra is (in 3:1 gebruik Petrus die woord herinnering), aan te wakker, sodat die lesers die dinge beslis sal weet. Die *telos* is derhalwe *kerugma*.

Die spotters word beskryf as [ἐν] ἐμπαιγμονῇ ἐμπαῖκται. Die spotters kom dus met gespot (Vincent, 1887:704). "'Scoffers' are mockers or those who insult others, which means that they are people who challenge the honor of someone or something. In this case the honor challenge will be made against God or, as Neyrey puts it, 'the Lord's state visit.'" (Davids, 2006:263)

Petrus wys ook op die lewenstyl van die spotters: κατὰ τὰς ἰδίας ἐπιθυμίας αὐτῶν πορευόμενοι, mense wat hulle lewens volgens hulle eie drange inrig. Eiewilligheid en teenstand teen God se wet sal hulle lewens kenmerk (Fronmüller, 2008:40). Hierdie beskrywing stem ooreen met Petrus se beskrywing van die dwaalleraars in 2 Petrus 2: "Peter made it clear that false teachers cultivate 'the lust of uncleanness' (2 Peter 2:10) and allure weak people by means of 'the lusts of the flesh' (2 Peter 2:18)." (Wiersbe 1996:463) Die dwaalleraars lei dus 'n lewe van wetteloosheid en sedeloosheid. "By rejecting the doctrine of Christ's return they thought they had made a case for immoral conduct." (Mounce, 2005:139) Hiermee word die *telos* van die openbaring van die wederkoms aangedui as dat gelowiges nie onsedelik en wetteloos sal lewe nie, maar gehoorsaam en sedelik.

Petrus dui aan dat die spotters ἐπ' ἐσχάτων τῶν ἡμερῶν, in die laaste dae, op die toneel sal verskyn. Alhoewel hy verwys na gebeure in sy eie leeftyd, is "die laaste dae" in die Nuwe Testament die tydperk wat strek van Jesus se hemelvaart tot met sy wederkoms (Anderson, 2007:91; Schreiner, 2003:371). Nuwe-Testamentiese gelowiges lewe vandag ook in die laaste dae (Van Rhyn, 1985:34). Juis daarom kan Utley (2000:298) opmerk: "These false teachers and mockers will characterize every future period of church history, beginning with the first century."

Die inhoud van die spotters se dwaalleer, wat, soos reeds aangedui, as ŉ gespot bestempel word, word deur middel van ŉ vraag aan die orde gestel: Ποῦ ἐστιν ἡ ἐπαγγελία τῆς παρουσίας αὐτοῦ; waar is die belofte van die wederkoms? Die bedoeling van die spotters is om te vra: Wat het geword van die belofte van die wederkoms? Wanneer kom die wederkoms, soos belowe, dan? "They mock the idea that such a 'coming' of God in judgment and salvation will happen." (Davids, 2006:263) Die vraag weerspieël hulle skeptisisme oor die belofte van God omtrent die wederkoms (Schreiner, 2003:372). "The way the question is put implies that the promise is farfetched and without substance." (Mounce, 2005:139)

Die vraag is ŉ aanval op die wese van die Christelike geloof, aldus Calvyn (2010d:415): "Then Satan aims directly at the throat of the Church, when he destroys faith in the coming of Christ. For why did Christ die and rise again, except that he may some time gather to himself the redeemed from death, and give them eternal life? All religion is wholly subverted, except faith in the resurrection remains firm and immovable. Hence, on this point Satan assails us most fiercely."

Die spotters se vraag word gemotiveer met ŉ algemene waarneming: ἀφ' ἧς γὰρ οἱ πατέρες ἐκοιμήθησαν, πάντα οὕτως διαμένει ἀπ' ἀρχῆς κτίσεως, vandat die vaders ontslaap het, bly alles steeds soos dit van die begin van die skepping af was. Die vaders wat reeds gesterf het, waarna verwys word deur die spotters, is hulle eie vaders, "the fathers of the second generation of Christians" (Fronmüller, 2008:40).

"The argument of the mockers can be reduced to the principle that whatever has not yet happened never will." (Mounce, 2005:139) Dieselfde gespot kan vandag steeds verwag word: "We now live 2000 years on from Christ's first coming and still he has not come. Perhaps it should not surprise us that the teaching of Christ's return is mocked in our day and age. But such mockery started very early." (Gardner, 1998:106)

#### 5.3.1.3 2 Petrus 3:5-8

Van 3:5 af weerlê Petrus die valse bewering dat die wederkoms nie sal plaasvind nie: λανθάνει γὰρ αὐτοὺς τοῦτο θέλοντας ὅτι οὐρανοὶ ἦσαν ἔκπαλαι καὶ γῆ ἐξ ὕδατος καὶ δι' ὕδατος συνεστῶσα τῷ τοῦ θεοῦ λόγῳ, δι' ὧν ὁ τότε κόσμος ὕδατι κατακλυσθεὶς ἀπώλετο. Petrus voer aan dat die spotters blatant vergeet dat daar lank reeds hemele bestaan en ook ŉ aarde wat deur die woord van God uit water en deur water ontstaan het en dat God die destydse wêreld met ŉ vloed laat vergaan het.

Die spotters beweer dat alles nog net dieselfde gebly het sedert die begin van die skepping. Petrus voer van 3:5 af verskillende teenargumente aan. Die eerste teenargument kom daarop

neer dat alles nie dieselfde gebly het van die begin af nie. Wat egter wel dieselfde gebly het, is God se konsekwente optrede – God het alles geskep en Hy het daardie aarde geoordeel en vernietig met water. Omdat Hy konsekwent optree, kan daar weer oordeel oor die huidige aarde verwag word met die wederkoms (3:5). "All Peter did was remind them of what God had done in the past and thus prove that His work is consistent throughout the ages. Peter simply presented evidence that the false teachers *deliberately* ignored … Peter cited two events in history to prove his point: the work of God at Creation (2 Peter 3:5), and the flood in Noah's day (2 Peter 3:6)." (Wiersbe, 1996:463) Die eerste teenargument berus dus op die Bybelse geskiedenis van die skepping en die sondvloed in Genesis.

In 3:7 voer Petrus sy argument verder: Aangesien God se optrede konsekwent is, sal Hy wat al voorheen die aarde geoordeel het, dit weer doen. Die huidige hemele en aarde word deur dieselfde woord (waarmee God geskep het) vir vuur gereserveer. Dit word bewaar vir die dag van oordeel en die vernietiging van die goddelose mense. οἱ δὲ νῦν οὐρανοὶ καὶ ἡ γῆ τῷ αὐτῷ λόγῳ τεθησαυρισμένοι εἰσὶν πυρὶ τηρούμενοι εἰς ἡμέραν κρίσεως καὶ ἀπωλείας τῶν ἀσεβῶν ἀνθρώπων (3:7). "Having established the fact that God has in the past 'interrupted' the course of history, Peter was then ready for his application in 2 Peter 2 (*sic*):7. The same word that created and sustains the world is now holding it together, stored with fire, being preserved and reserved for that future day of judgment. God promised that there would be no more floods to destroy the world (Gen. 9:8–17). The next judgment will be a judgment of fire." (Wiersbe, 1996:463) Soos wat God die goddeloses in die tyd van Noag veroordeel het, sal God weer regspreek oor die goddeloses op die oordeelsdag (Mounce, 2005:141).

Hierdie deel van Petrus se teenargument berus op die geldige voorveronderstelling dat die dag van oordeel en die dag van die wederkoms sal saamval. Die spotters beweer dat die παρουσία (3:4) nooit sal plaasvind nie. Petrus voer aan dat die παρουσία wel sal plaasvind, want daar was al 'n oordeelsdag met water en daar kom nog 'n oordeelsdag (3:7, εἰς ἡμέραν κρίσεως) met vuur. Op daardie dag sal die goddelose mense vernietig word (3:7, καὶ ἀπωλείας τῶν ἀσεβῶν ἀνθρώπων). So word indirek geopenbaar dat die dag van die wederkoms ook die oordeelsdag sal wees. Die *telos* is duidelik bekering vir ongelowiges (Schreiner, 2003:378) en bemoediging vir gelowiges: "This eschatological day is a time of judgment for the ungodly, but a time of great reward for believers. The persecuted church needs to remember that one day God will set all things right!" (Utley, 2000:299) Die komende oordeelsdag, wat saamval met die dag van die wederkoms, is voorts ook 'n aanmoediging en 'n oproep om alles in die stryd te werp om in Christus bevind te word (Henry, 1994:2440).

Die volgende teenargument wat Petrus in 3:8 aanvoer teen die bespotting van God se belofte van die wederkoms, is: Ἓν δὲ τοῦτο μὴ λανθανέτω ὑμᾶς, ἀγαπητοί, ὅτι μία ἡμέρα παρὰ κυρίῳ

ὡς χίλια ἔτη καὶ χίλια ἔτη ὡς ἡμέρα μία. Een aspek wat nie by Petrus se lesers verby moet gaan nie, is dat een dag vir die Here soos duisend jaar is en duisend jaar soos een dag. Hierdie is 'n verwysing na Psalm 90:4 (Mounce, 2005:141). Hiermee word die ewigheid van God teenoor die ongeduldige verwagtings van die mens gestel (Mounce, 2005:141). God se tydsberekening is anders as mense s'n: "Human time is relatively immediate, a single lifetime, while divine 'days' can stretch over eons …" (Davids, 2006:277)

In 3:8 laat Petrus sy lesers verstaan dat die feit dat die wederkoms nog nie plaasgevind het nie, geen bewys daarvoor is dat die wederkoms nie sal plaasvind nie (Schreiner, 2003:380). Ook wys hy sy lesers daarop dat niemand kan sê "dat die wederkoms lank uitbly nie, en niemand kan sê dat dit onmiddellik op hande is nie" (Groenewald, 1977:141). "Peter suggests that the mockers were viewing delay from a human perspective. However, if time were viewed from God's perspective, there would be no problem of delay." (Juza, 2014:233) So word die dwaasheid van die spotters ook blootgelê: Hulle beweer slegs enkele dekades na Jesus se hemelvaart dat die wederkoms nie sal plaasvind nie.

#### 5.3.1.4 2 Petrus 3:9

Petrus se volgende teenargument (3:9) word op God se genade (Ladd, 1993:653) en geduld gegrond: οὐ βραδύνει κύριος τῆς ἐπαγγελίας, ὥς τινες βραδύτητα ἡγοῦνται, ἀλλὰ μακροθυμεῖ εἰς ὑμᾶς, μὴ βουλόμενός τινας ἀπολέσθαι ἀλλὰ πάντας εἰς μετάνοιαν χωρῆσαι. Die Here talm nie om sy belofte te vervul, soos sommige reken nie, maar Hy is geduldig en wil nie hê dat iemand verlore gaan nie, maar dat almal hulle moet bekeer. "Omdat God genadig is, hou Hy die oordeel terug. Hy is geduldig en verdraagsaam omdat Hy geleentheid wil gee vir bekering" (Groenewald, 1977:141, 142) "In reality, the delay of the parousia has a merciful purpose: it gives sinful people more time to repent (3:9)." (Ladd, 1993:654) "The interval between prophecy and fulfillment reveals the remarkable patience of God, a patience extended to allow for repentance." (Blaising, 2012:394) Die *telos* van die openbaring van die genadetyd wat God gee voor die wederkoms, is baie duidelik bekering: μὴ βουλόμενός τινας ἀπολέσθαι ἀλλὰ πάντας εἰς μετάνοιαν χωρῆσαι. Mounce (2005:142) se verwysing na Romeine 2:4, wat daarop wys dat God se goedheid mense tot bekering lei, is gepas.

Die spotters het dus nie net geen besef van God se onvergelyklike grootheid wat met geen menslike maat gemeet kan word nie, maar hulle misken ook God se wyse en barmhartige bedoeling om nie te haastig te wees om te oordeel nie (Greijdanus, s.a.:144).

'n Baie duidelike *telos* vir die openbaring van die wederkoms word deur Green (1977:136) uitgewys: "The logical corollary of this verse is that Christians should use the time before the advent for preaching the gospel."

#### 5.3.1.5 2 Petrus 3:10-13

2 Petrus 3:10 stel dit duidelik dat daar ŉ tyd sal kom wanneer die genadetyd verstryk het (Davids, 2006:282) en die dag van die Here onverwags sal aanbreek: Ἥξει δὲ ἡμέρα κυρίου ὡς κλέπτης, ἐν ᾗ οἱ οὐρανοὶ ῥοιζηδὸν παρελεύσονται στοιχεῖα δὲ καυσούμενα λυθήσεται καὶ γῆ καὶ τὰ ἐν αὐτῇ ἔργα εὑρεθήσεται. “Die dag van die Here sal kom soos ŉ dief, ŉ dag waarop die hemele met ŉ gedruis tot ŉ einde gaan kom en die elemente sal uitbrand en vergaan, en die aarde en wat daarop gedoen is, ontbloot sal word.” (Bybel, 2014)

Hier word die wederkoms nie met behulp van παρουσία aangedui nie, maar met een van die ander geïdentifiseerde woorde, naamlik ἡμέρα (κυρίου) (vgl. 1.3). In 8.1.3.1 word ἡμέρα gedefinieer as: “Dit is die spesiaal aangewysde eskatologiese dag van Jesus Christus se wederkoms om te kom oordeel.”

Die woordorde Ἥξει δὲ ἡμέρα κυρίου ὡς κλέπτης (Dit sal kom, die dag van die Here, soos ŉ dief), wat die werkwoord aan die begin van die sin plaas, beklemtoon die feit dat die dag beslis sal aanbreek, al sal dit onverwags wees en al word daar lank gewag daarvoor (Davids, 2006:282; Schreiner, 2003:383). Hiermee word geopenbaar dat die wederkoms beslis sal aanbreek, sodat gelowiges nie deur die spotters van stryk gebring sal word nie, maar sal volhard in hulle vertroue op God se belofte.

Die beeldspraak van die dag van die Here wat soos ŉ dief kom, het sy oorsprong in Jesus Christus se woorde in Matteus 24:43-44 (vgl. 3.1.4.5). Volgens Davids (2006:282) is daar egter ŉ klemverskuiwing in die beeldspraak van die waaksaamheid van die huiseienaar in Matteus 24 na die onverwagsheid van die wederkoms in 2 Petrus 3: “In the epistles this metaphor is shifted (as is common with live metaphors) from the vigilance of the head of the household to the unexpectedness of the coming of the Lord (1 Thess 5:2, 4; Rev 3:3; 16:5).” Hierdie siening is egter strydig met Jesus se woorde in Matteus 24:44, waar die onverwagsheid juis beklemtoon word en dit is ook strydig met die gevolgtrekking in 3.1.4.5: “Jesus openbaar dus dat sy wederkoms onverwags sal wees sodat sy volgelinge heeltyd gereed sal wees daarvoor.”

Die doel van die openbaring van die wederkoms as onverwags, kan ook hier geformuleer word as: Sodat die gelowiges altyd daarvoor gereed moet wees.

In 3:10 word daar verder uitgebrei op ἡμέρα κυρίου. Die “spesiaal aangewysde eskatologiese dag van Jesus Christus se wederkoms om te kom oordeel” (8.4) sal gepaardgaan met kosmiese katastrofes: ἐν ᾗ οἱ οὐρανοὶ ῥοιζηδὸν παρελεύσονται στοιχεῖα δὲ καυσούμενα λυθήσεται καὶ γῆ καὶ τὰ ἐν αὐτῇ ἔργα εὑρεθήσεται. Dit is ook ŉ uitbreiding op 3:7 waar dit geopenbaar word dat die oordeel met vuur voltrek sal word (Mounce, 2005:143-144). Verder word 3:10 ook verbind

met 3:12 waar die kosmiese katastrofes verder beskryf word as δι’ ἣν οὐρανοὶ πυρούμενοι λυθήσονται καὶ στοιχεῖα καυσούμενα τήκεται.

Oor die vernietiging wat gaan plaasvind met die wederkoms, maak Calvyn (2010d:421) ŉ belangrike opmerking: “Of the elements of the world I shall only say this one thing, that they are to be consumed, only that they may be renovated, their substance still remaining the same, as it may be easily gathered from Rom. 8:21, and from other passages.” Blaising (2012:398) stem saam dat die doel van die vernietiging is om te suiwer en nie om tot niet te maak nie: “What will be eliminated in the Day of the Lord is not the cosmos or materiality as such, but sin and evil. And this is where the language of refinement by fire finds its proper place.”

2 Petrus 3:10-14 is van groot belang vir die studie. Nie soseer omdat kennis oorgedra word oor die kosmiese katastrofes waarmee die wederkoms gepaard sal gaan nie, maar omdat die *telos* van die openbaring van die wederkoms so duidelik geformuleer word. Nadat Blaising (2012:395-396) daarop gewys het dat 3:10 en 3:12-13 ŉ parallellisme vorm wat die katastrofes beskryf, wys hy ook op die volgende: “Each description is followed by an exhortation to holiness and godliness (3:11, 14).” Blaising (2012:395-396) laat egter na om daarop te wys dat 3:12a saam met 3:11 deel vorm van die oproep tot ŉ heilige lewe en dat 3:13 nie die beskrywing van die katastrofes behels nie, maar eerder deel is van die aanmoediging tot ŉ heilige lewe, saam met 3:14 én 3:15.

Die parallellisme kan dus eerder soos volg voorgestel word:

A. 3:10 – Katastrofe met die wederkoms

B. 3:11, 12a – Oproep tot ŉ heilige lewe in die lig van die wederkoms

A. 3:12b – Katastrofe met die wederkoms

B. 3:13-15 – Oproep tot ŉ heilige lewe in die lig van die wederkoms

Oor die kosmiese katastrofe wat gaan plaasvind met die wederkoms, word die volgende in 3:10 geopenbaar: ἐν ᾗ οἱ οὐρανοὶ ῥοιζηδὸν παρελεύσονται στοιχεῖα δὲ καυσούμενα λυθήσεται καὶ γῆ καὶ τὰ ἐν αὐτῇ ἔργα εὑρεθήσεται. Hier word drie gebeurtenisse met *kerugma* as die *telos* geopenbaar: (1) Die hemele sal met ŉ gedruis tot ŉ einde kom, (2) die elemente sal uitbrand en vergaan en (3) die aarde en wat daarop gedoen is, sal ontbloot word (Davids, 2006:282-283).

Die beskrywing van die katastrofe word voortgesit in 3:12: δι’ ἣν οὐρανοὶ πυρούμενοι λυθήσονται καὶ στοιχεῖα καυσούμενα τήκεται. Dit is grootliks ŉ herhaling van wat reeds in 3:10 geopenbaar is (Davids, 2006:291): Die hemele sal verbrand en vergaan en die elemente sal uitbrand en wegsmelt. Oor die *telos* van die openbaring van die wyse waarop alles sal vergaan,

merk Calvyn (2010d:420) op: "For it was not his **purpose** to speak refinedly of fire and storm, and other things, but only **that he might introduce an exhortation**, which he immediately adds, even that we ought to strive after newness of life." (My beklemtoning – H.P.M. v. R.)

In 3:11, 12a word die volgende beroep op die lesers gedoen: τούτων οὕτως πάντων λυομένων ποταποὺς δεῖ ὑπάρχειν [ὑμᾶς] ἐν ἁγίαις ἀναστροφαῖς καὶ εὐσεβείαις, προσδοκῶντας καὶ σπεύδοντας τὴν παρουσίαν τῆς τοῦ θεοῦ ἡμέρας. "As al hierdie dinge so sal vergaan, watter besondere mense moet julle dan nie wees nie – mense wat 'n heilige lewe lei en aan God toegewy is, wat na die aanbreek van die dag van God uitsien en dit probeer bespoedig." (Bybel, 2014)

Die volgende onderstreepte sinsnedes uit 3:11-18 is van groot belang vir die studie, aangesien die *telos* van die openbaring duidelik daaruit blyk:

3:11-12: τούτων οὕτως πάντων λυομένων <u>ποταποὺς δεῖ ὑπάρχειν [ὑμᾶς] ἐν ἁγίαις ἀναστροφαῖς καὶ εὐσεβείαις, προσδοκῶντας καὶ σπεύδοντας τὴν παρουσίαν τῆς τοῦ θεοῦ ἡμέρας</u> δι' ἣν οὐρανοὶ πυρούμενοι λυθήσονται καὶ στοιχεῖα καυσούμενα τήκεται.

3:13: <u>καινοὺς δὲ οὐρανοὺς καὶ γῆν καινὴν κατὰ τὸ ἐπάγγελμα αὐτοῦ προσδοκῶμεν, ἐν οἷς δικαιοσύνη κατοικεῖ.</u>

3:14-16: <u>Διό, ἀγαπητοί, ταῦτα προσδοκῶντες σπουδάσατε ἄσπιλοι καὶ ἀμώμητοι αὐτῷ εὑρεθῆναι ἐν εἰρήνῃ καὶ τὴν τοῦ κυρίου ἡμῶν μακροθυμίαν σωτηρίαν ἡγεῖσθε</u>, καθὼς καὶ ὁ ἀγαπητὸς ἡμῶν ἀδελφὸς Παῦλος κατὰ τὴν δοθεῖσαν αὐτῷ σοφίαν ἔγραψεν ὑμῖν, ὡς καὶ ἐν πάσαις ἐπιστολαῖς λαλῶν ἐν αὐταῖς περὶ τούτων, ἐν αἷς ἐστιν δυσνόητά τινα, ἃ οἱ ἀμαθεῖς καὶ ἀστήρικτοι στρεβλοῦσιν ὡς καὶ τὰς λοιπὰς γραφὰς πρὸς τὴν ἰδίαν αὐτῶν ἀπώλειαν.

3:17-18: <u>Ὑμεῖς οὖν, ἀγαπητοί, προγινώσκοντες φυλάσσεσθε, ἵνα μὴ τῇ τῶν ἀθέσμων πλάνῃ συναπαχθέντες ἐκπέσητε τοῦ ἰδίου στηριγμοῦ, αὐξάνετε δὲ ἐν χάριτι καὶ γνώσει τοῦ κυρίου ἡμῶν καὶ σωτῆρος Ἰησοῦ Χριστοῦ. αὐτῷ ἡ δόξα καὶ νῦν καὶ εἰς ἡμέραν αἰῶνος.</u>

Petrus begin 3:11-18 deur terug te verwys na alles wat in 2 Petrus 3:1-10 oor die wederkoms en die dag van die Here geopenbaar is: τούτων οὕτως πάντων λυομένων, terwyl hierdie dinge so vernietig word. "Deur sy argumente in die vorige perikoop het die apostel die standpunt van die dwaalleraars finaal weerlê en met oortuiging bevestig dat die wederkoms stellig sal plaasvind. Uit die feitlike toedrag moet nou afleidings gemaak word vir die daaglikse lewe van die gelowiges." (Groenewald, 1977:143-144) Green (1977:139) is dieselfde mening toegedaan en wys op 'n belangrike uitgangspunt wat ook aan die grondslag van hierdie studie lê: "As always in the New Testament, the moral imperative follows the eschatological indicative." Davids

(2006:287) se siening sluit hierby aan: "Like many apocalyptic writings and all NT letters, this one (which is both) is designed with a parenetic (i.e., ethical) purpose."

Die aanmoediging in 3:11, wat op die openbaring van die wederkoms gegrond is, is: ποταποὺς δεῖ ὑπάρχειν [ὑμᾶς] ἐν ἁγίαις ἀναστροφαῖς καὶ εὐσεβείαις. "(As al hierdie dinge so sal vergaan,) watter besondere mense moet julle dan nie wees nie – mense wat ʼn heilige lewe lei en aan God toegewy is." (Bybel, 2014) Hieruit kan afgelei word dat mense wat die wederkoms verwag, aangemoedig word om besondere mense te wees wat ʼn heilige lewe lei en wat aan God toegewy is. Sterker gestel, daar rus ʼn verpligting op gelowiges om, in die lig van die wederkoms, heilig te wees in alles wat hulle doen: "The verb *ought* indicates that a divine obligation rests upon the readers; they are to be holy in all that they do (compare 1 Peter 1:15–16). Peter exhorts them to live in the sphere of God's holiness, so that when that great and awful day appears they continue to live in the presence of God." (Kistemaker, 2002c:338)

Die woorde ἐν ἁγίαις ἀναστροφαῖς en εὐσεβείαις word kort en bondig onderskeidelik deur Groenewald (1977:144) verklaar as: "in ooreenstemming met die geopenbaarde wil van God" en "vrug dra van ʼn lewe wat aan God toegewy is (vgl. Matt. 3:8)".

Davids (2006:228) wys daarop dat die betekenis van ἐν ἁγίαις ἀναστροφαῖς konkreet gestel word in 1 Petrus 1:15-16 en dus ʼn oproep is om God se beeld te vertoon: "Nee, soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in julle hele lewenswandel heilig wees. Daar staan immers geskrywe: 'Wees heilig, want Ek is heilig.'" (Bybel, 1998) Davids kon goedskiks ook bygevoeg het dat die teenoorgestelde van ἐν ἁγίαις ἀναστροφαῖς in 1 Petrus 1:14 gestel word: "As gehoorsame kinders moet julle nie julle lewe inrig volgens die begeertes wat julle vroeër gehad het toe julle God nie geken het nie." (Bybel, 1998)

Davids (2006:289) wys voorts daarop dat die betekenis van εὐσεβείαις konkreet gestel word in 2 Petrus 1:5-7: "En juis om hierdie rede moet julle alles in die stryd werp om julle geloof te verryk met deugsaamheid, die deugsaamheid met kennis, die kennis met selfbeheersing, die selfbeheersing met volharding, die volharding met godsvrug, die godsvrug met liefde onder mekaar en die liefde onder mekaar met liefde vir alle mense." (Bybel, 1998)

In 2 Petrus 2:12 word die *telos* van die openbaring van die wederkoms voortgesit in opdragte aan die gelowiges: προσδοκῶντας καὶ σπεύδοντας τὴν παρουσίαν τῆς τοῦ θεοῦ ἡμέρας δι' ἣν οὐρανοὶ πυρούμενοι λυθήσονται καὶ στοιχεῖα καυσούμενα τήκεται.

Προσδοκάω, wat drie keer voorkom in 3:12-14, is nie om onbetrokke en passief op iets te wag nie, maar dui op die gretige wag op die wederkoms, die uitsien daarna en na die vervulling van

God se beloftes (Schreiner, 2003:389-390). “When he says, ‘Waiting for,’ he refers to the endurance of hope.” (Calvyn, 2010d:421)

Die verklaring van καὶ σπεύδοντας τὴν παρουσίαν τῆς τοῦ θεοῦ ἡμέρας is egter meer ingewikkeld. Letterlik beteken dit om die wederkoms te bespoedig of te verhaas, soos wat dit ook vertaal word: “(mense) wat na die aanbreek van die dag van God uitsien en dit probeer bespoedig” (Bybel, 2014). “This is a startling statement indeed. Peter is saying that we have a vital part in shortening the time set for the coming of God’s day.” (Kistemaker, 2002c:338)

Die standpunt om καὶ σπεύδοντας τὴν παρουσίαν τῆς τοῦ θεοῦ ἡμέρας letterlik te verstaan asof gelowiges die wederkoms kan bespoedig, is egter vatbaar vir teenspraak. Greijdanus (s.a.:145) wys daarop dat die dag van die wederkoms deur God vasgestel is in sy raadsplan en dat geen skepsel die tydstip kan vervroeg nie. Voorts wys hy daarop dat die apostel juis in 3:9 uitgewys het dat God juis nog genadetyd gee voor die wederkoms sodat daar bekeringsgeleentheid kan wees. ’n Letterlike verstaan van 3:12 sal, aldus Greijdanus, in teëspraak wees met 3:9. Hy doen dus aan die hand dat die opdrag eerder verstaan moet word as dat gelowiges haastig moet wees om gereed te maak vir die dag.

Daarteenoor word daar verskeie argumente aangevoer waarom καὶ σπεύδοντας τὴν παρουσίαν τῆς τοῦ θεοῦ ἡμέρας juis letterlik bedoel word. Kistemaker (2002c:338) voer aan: “This saying corresponds with the ancient prayer the church has prayed since the first century: *Maranatha,* ‘Come, O Lord!’ (1 Cor. 16:22; also see Rev. 22:20). Furthermore, it harmonizes with the petition *your kingdom come* (Matt. 6:10; Luke 11:2). In his discourse on the last day Jesus instructs his followers to proclaim the gospel to all nations, ‘and then the end will come’ (Matt. 24:14). And last, Peter exhorts Christians ‘to live holy and godly lives’ to speed the coming of God’s day.” Met verwysing na die genadetyd vir bekering wat God gee, waarna 3:9 verwys, voer Kistemaker (2002c:339) aan: “Accordingly, if we wish to speed the coming of God’s day, we should evangelize the world. When we bring the last of God’s children to faith and repentance so that his house may be full (Luke 14:23), then the end comes.” Kistemaker (2002c:338) wys ook, ter stawing van sy argument, op die volgende: “When Peter addresses a crowd of people after healing the crippled beggar at the temple, he tells the people to repent in order to hasten the coming of Christ (Acts 3:19–21).” Ook Schreiner (2003:390) is van mening: “Peter clearly taught that believers can advance or hasten the arrival of God’s day by living godly lives. We think here of the prayer, ‘Your kingdom come’ (Matt 6:10).”

Die slotsom van Mounce (2005:145) is dat gelowiges die dag kan verhaas deur gebed, deur die Woord te verkondig en deur heilig en gehoorsaam te lewe. Daar kan dus op Bybelse gronde gekies word vir die letterlike verklaring dat gelowiges die dag kan verhaas. Openbaring 22:17 vat προσδοκῶντας καὶ σπεύδοντας τὴν παρουσίαν τῆς τοῦ θεοῦ ἡμέρας immers goed saam:

“Die Gees en die bruid sê: ‘Kom!’ En elkeen wat dit hoor, moet sê: ‘Kom!’” (Bybel, 1998) Hiermee word die reikhalsende wag op die wederkoms en die bespoediging daarvan versinnebeeld. Hierdie gebed word ook in Openbaring 22:20 deur die Here Jesus beantwoord met: “‘Ja, Ek kom gou!’” (Bybel, 1998) “The Spirit and the bride implore him to come, and every sincere believer likewise entreats him to return (v. 17). Now Jesus assures everyone that he is coming soon.” (Kistemaker, 2002c:595)

Die woord παρουσία word in 3:12 in ŉ buitengewone konstruksie gebruik (Groenewald, 1977:144), naamlik τὴν παρουσίαν τῆς τοῦ θεοῦ ἡμέρας, die παρουσία van die dag van God. Die sinsnede verwys baie duidelik na die wederkoms, maar die wederkoms word aangedui met τῆς τοῦ θεοῦ ἡμέρας en nie met τὴν παρουσίαν nie. Die lesers word aangemoedig om die koms van die dag van God te bespoedig. Hier word παρουσία nie met Christus as die subjek gebruik nie, maar die dag van God is die subjek.

Παρουσία moet dus in dié geval met koms vertaal word, met ander woorde die lesers moet die koms van die dag van God verhaas. Groenewald (1977:144) is skynbaar van mening dat παρουσία hier wel wederkoms beteken en lei daaruit af “dat die wederkoms van Christus en die goddelike oordeel op een dag val, die dag van voleinding.” Groenewald se mening sou dan kon lei tot ŉ vertaling soos: Terwyl julle die wederkoms bespoedig, (dit is) die dag van God. Grammatikaal is so ŉ verklaring moeilik houdbaar, aangesien τῆς τοῦ θεοῦ ἡμέρας in die genitief en nie soos τὴν παρουσίαν in die akkusatief staan nie.

Wat wel moontlik is, is om τῆς τοῦ θεοῦ te verklaar as dat dit met τὴν παρουσίαν verband hou en nie met ἡμέρας nie, wat kon lei tot ŉ vertaling: Terwyl julle die wederkoms van God bevorder, (die God) van die oordeelsdag. So ŉ vertaling word egter verhinder en is onwaarskynlik as gevolg van die Ou-Testamentiese vaste uitdrukking יוס יְהוֹה, die dag van God (se oordeel). Hoe dit ook al sy, die betekenis is duidelik: Die gelowiges word aangemoedig om reikhalsend uit te sien na die koms van die dag van God, die dag van die wederkoms, en om die koms van die dag te probeer bespoedig.

In 3:13 skryf Petrus vir sy lesers: καινοὺς δὲ οὐρανοὺς καὶ γῆν καινὴν κατὰ τὸ ἐπάγγελμα αὐτοῦ προσδοκῶμεν, ἐν οἷς δικαιοσύνη κατοικεῖ. “Maar ons verwag volgens sy belofte nuwe hemele en ŉ nuwe aarde waar geregtigheid woon.” (Bybel, 2014) “Uit die ondergang van die ou wêreld kom ‘nuwe hemele en ŉ nuwe aarde’ te voorskyn, soos die profete dit reeds te vore aangekondig het (vgl. Jes. 65:17; 66:22) ... Dieselfde opvatting word breër ontplooi in Openb. 21.” (Groenewald, 1977:145) Die uitstaande kenmerk van die gesuiwerde aarde is dat geregtigheid daar sal woon: “The distinctive thing about this new order is that it will be *the home of righteousness*. The old order was dominated by sin. The new order will be permeated with righteousness.” (Mounce, 2005:145) Dit beteken God se wil sal vir ewig volmaak, sonder enige

beletsel, op die nuwe aarde uitgevoer word (Greijdanus, s.a.:146). Dit is waartoe die suiwerende vernietiging sal lei wat met die wederkoms gepaard sal gaan.

### 5.3.2 2 Petrus 3:14-18

#### 5.3.2.1 2 Petrus 3:14, 15a

Petrus gee duidelik in 3:14, 15a te kenne wat die *telos* is van die openbaring van die feit dat Jesus Christus beslis weer gaan kom, dat alles vernietig sal word en dat die nuwe hemele en die nuwe aarde daargestel sal word (Greijdanus, s.a.:147): Διό, ἀγαπητοί, ταῦτα προσδοκῶντες σπουδάσατε ἄσπιλοι καὶ ἀμώμητοι αὐτῷ εὑρεθῆναι ἐν εἰρήνῃ καὶ τὴν τοῦ κυρίου ἡμῶν μακροθυμίαν σωτηρίαν ἡγεῖσθε, ... "Daarom, geliefdes, omdat julle hierdie dinge verwag, moet julle ernstig daarna streef om deur Hom in vrede, vlekkeloos en onberispelik bevind te word. En beskou die lankmoedigheid van ons Here as 'n geleentheid tot verlossing, ..." (Bybel, 2014) Die feit dat die Here Jesus weer gaan kom om 'n volmaakte bedeling van geregtigheid daar te stel, word geopenbaar sodat gelowiges gretig daarna sal uitsien (προσδοκάω) (Schneider, 2003:392) en sodat hulle hulle lewenswyse daarvolgens sal inrig (Davids, 2006:294). Mense wat 'n nuwe bedeling van volmaakte geregtigheid verwag, behoort ook te leef soos mense wat op pad is na so 'n bedeling (Mounce, 2005:145).

Gelowiges moet nou alles in die stryd werp om as vlekkeloos en onbesoedeld deur Hom bevind te word. Dit beteken dat daar geen sweempie van sonde in gelowiges se lewens aanwesig moet wees nie, sodat hulle die Here as Verlosser, en nie as Regter nie, sal ontmoet wanneer Hy weer kom (Greijdanus, s.a.:148). Dit is slegs moontlik waar gelowiges in Christus is: "But Peter here only points out the mark at which the faithful ought all to aim, though they cannot reach it, until having put off their flesh they become wholly united to Christ." (Calvyn, 2010d:423) 'n Heilige en toegewyde lewe pas by gelowiges wat op die glorieryke koms van ons Here wag. "Once again, as in vv. 11–13, the eschatological future becomes the basis for ethical exhortation. Indeed, the exhortation in v. 14 restates in different terms the summons to a godly life in v. 11, and in both instances the exhortation flows from God's promise that the present world will be destroyed and a new world is coming." (Schreiner, 2003:393)

Oor εὑρεθῆναι ἐν εἰρήνῃ merk (Calvyn, 2010d:422-423) op: "The word *peace* seems to be taken for a quiet state of conscience, founded on hope and patient waiting. For as so few turn their attention to the judgment of Christ, hence it is, that while they are carried headlong by their importunate lusts, they are at the same time in a state of disquietude." Calvyn wys ook daarop dat hierdie vrede gegrond is op die beloftes in God se Woord.

In 3:15a gaan Petrus voort om die *telos* van die openbaring van die wederkoms uiteen te sit: καὶ τὴν τοῦ κυρίου ἡμῶν μακροθυμίαν σωτηρίαν ἡγεῖσθε. Hierdie sinsnede, om die Here se lankmoedigheid as 'n verlossingsgeleentheid te sien, verwys terug na 3:9 waarin dit gestel word dat die Here nog genadetyd vir bekering gee (Utley, 2000:303). "Some take advantage of God's mercy to sin and live self-centered lives. Others embrace God's forgiveness and emulate His character." (Utley, 2000:303) Gelowiges moet dus die tyd uitkoop en die geleentheid tot verlossing aangryp. Die genadetyd sal nie vir ewig duur nie en dan kom die Here. Dan sal die verlossing nie meer beskikbaar wees vir hulle wat dit nie wou aangryp nie (Kistemaker, 2002c:343).

**5.3.2.2 2 Petrus 3:15b-16**

In 3:15b-16 onderbreek Petrus sy uiteensetting van die *telos* van die openbaring van die wederkoms deur daarop te wys dat Paulus ook oor en met dieselde *telos* geskryf het: καθὼς καὶ ὁ ἀγαπητὸς ἡμῶν ἀδελφὸς Παῦλος κατὰ τὴν δοθεῖσαν αὐτῷ σοφίαν ἔγραψεν ὑμῖν, ὡς καὶ ἐν πάσαις ἐπιστολαῖς λαλῶν ἐν αὐταῖς περὶ τούτων, ἐν αἷς ἐστιν δυσνόητά τινα, ἃ οἱ ἀμαθεῖς καὶ ἀστήρικτοι στρεβλοῦσιν ὡς καὶ τὰς λοιπὰς γραφὰς πρὸς τὴν ἰδίαν αὐτῶν ἀπώλειαν. " ... soos ook ons geliefde broer Paulus, volgens die wysheid wat aan hom gegee is, aan julle geskryf het, soos in al sy briewe waarin hy oor hierdie sake praat. Daarin kom sekere moeilik verstaanbare dinge voor wat onkundige en onstandvastige mense tot hulle eie ondergang verdraai – soos hulle ook met die ander geskrifte maak." (Bybel, 2014) "Peter is not alone in his emphasis upon living blameless lives in view of the approaching return of Christ. He adds, *just as our dear brother Paul also wrote you*." (Mounce, 2005:146) Petrus verwys opnuut na die dwaalleraars en lê klem op hulle doelbewuste verkeerde hantering van die Skrif wat tot hulle ondergang sal lei op die oordeelsdag (Groenewald, 1977:146).

**5.3.2.3 2 Petrus 3:17-18**

Petrus sluit sy brief af met 'n slotvermaning in 3:17, 18 (Groenewald, 1977:147): Ὑμεῖς οὖν, ἀγαπητοί, προγινώσκοντες φυλάσσεσθε, ἵνα μὴ τῇ τῶν ἀθέσμων πλάνῃ συναπαχθέντες ἐκπέσητε τοῦ ἰδίου στηριγμοῦ, αὐξάνετε δὲ ἐν χάριτι καὶ γνώσει τοῦ κυρίου ἡμῶν καὶ σωτῆρος Ἰησοῦ Χριστοῦ. αὐτῷ ἡ δόξα καὶ νῦν καὶ εἰς ἡμέραν αἰῶνος. [ἀμήν. ] "Julle dan, geliefdes, aangesien julle hierdie dinge vooruit weet – wees dan op julle hoede om nie deur die dwaling van beginsellose mense meegesleur te word en so julle eie standvastigheid te verloor nie. Sorg dat julle aanhou groei in die genade en kennis van ons Here en Verlosser, Jesus Christus. Aan Hom behoort die heerlikheid, nou en ook tot op die dag van die ewigheid. Amen." (Bybel, 2014)

Hiermee word ŉ duidelike *telos* van die openbaring van die wederkoms geformuleer: "Noudat hulle vooruit weet dat die Here kom, moet hulle groot waaksaamheid aan die dag lê om nie deur dwaalgeeste verlei te word nie." (Groenewald, 1977:148)

Die twee imperatiewe in 3:17, 18 is volgens Schreiner (2003:399) ŉ goeie opsomming van die hele brief: Eerstens moet die gelowiges op hulle hoede wees (φυλάσσεσθε) sodat hulle nie die dwaalleraars ten prooi val en so hulle eskatologiese beloning verbeur nie. Tweedens sal hulle alleen op hulle hoede wees as hulle toeneem (αὐξάνετε) in genade en kennis van Jesus Christus.

Die feit dat 3:17 met Ὑμεῖς οὖν ("Julle daarenteen ...") begin, dui op beklemtoning daarvan dat Petrus se lesers nie die Skrif verdraai nie (3:16) aangesien hulle reeds die waarheid oor die wederkoms ken: "Those people distorted the Scriptures and Paul and therefore did not know, but '*you'* 'already know.'" (Davids, 2006:309) Kennis van die waarheid oor die wederkoms stel gelowiges dus op hulle hoede teen beginsellose dwaalleraars en in staat om nie deur hulle dwaling mislei te word nie (Davids, 2006:310).

Die genade waarin die lesers moet toeneem, is die genade in Christus: "The word *grace*, I take in a general sense, as meaning those spiritual gifts we obtain through Christ." (Calvyn, 2010d:426) Mounce (2005:148) beskou γνώσει τοῦ κυρίου ἡμῶν as "your experience in Christ" en om Hom voortdurend beter te leer ken. Daar kan egter, in die lig daarvan dat gesonde Skrifkennis en Skrifhantering in 3:15b, 16 beklemtoon word, met Groenewald (1977:148) saamgestem word wat daarop wys dat hierdie kennis in die eerste plek "kennis van sy openbaring", dit wil sê Skrifkennis, is. Davids (2006:317) is ook die mening toegedaan dat hierdie kennis van die Here Skrifkennis insluit: " ... including knowledge of the Scriptures, knowledge that allows us to discern the falsehood of the false teachers and to recognize their seduction, knowledge that keeps us stable in every way."

Die brief eindig met ŉ doksologie wat ons Here en Verlosser, Jesus Christus, verheerlik (Groenewald, 1977:148). Die hoogste eer moet aan Hom gegee word, want die verlossing van die gelowiges en die volharding van die gelowiges is by uitstek aan Hom te danke (Schreiner, 2003:402). Hoewel die frase wat op die ewigheid dui, εἰς ἡμέραν αἰῶνος, ongewoon is (Schreiner, 2003:402), sluit dit aan by die tema van die wederkoms en word die dag van die wederkoms aangedui as die dag waarop die ewige heerlikheid sal begin (Davids, 2006:317). "Hier in die tyd moet die eer toegebring word aan Jesus Christus, en dan by die voleinding sal sy volle heerlikheid uitstraal." (Groenewald, 1977:148) Ook Kistemaker (2002c:349) wys daarop dat εἰς ἡμέραν αἰῶνος aan die dag van die wederkoms herinner wanneer "cosmic time dissolves into eternity (v. 8)."

Die brief sluit dus af met lofprysing aan die Here Jesus (Anderson, 2007:114-115). Hieruit kan afgelei word dat ware kennis van die wederkoms daartoe lei dat gelowiges die Here Jesus vereer!

### 5.3.3 Konklusie

In 2 Petrus 3 word die woord παρουσία slegs twee maal gebruik, naamlik in 3:4, 12, terwyl die hele hoofstuk egter verband hou met die wederkoms.

Die *telos* van die openbaring van die wederkoms in 3:1-13 is hoofsaaklik *kerugma* en die *telos* van die openbaring van die wederkoms in 3:14-18 is die aanmoedigende toepassing van die *kerugma* oor die wederkoms in die lewe van die lesers.

In 3:1, 2 stel Petrus sy doel met beide sy briewe duidelik, naamlik om deur middel van herinnering die lesers se helder denke aan te wakker, sodat hulle die woorde kan onthou wat die heilige profete gespreek het, sowel as die opdrag van ons Here en Verlosser, wat die apostels vir hulle deurgegee het. Hieruit blyk dit dat *kerugma* van kennis wat hulle reeds ontvang het, herhaal word. Dit sluit Ou- en Nuwe-Testamentiese prediking, veral oor die wederkoms, in.

In 2 Petrus 3 hou hierdie verkondiging hoofsaaklik verband met die wederkoms wat tot insig in die openbaring oor die wederkoms lei. So wil Petrus die lesers se vermoë om gesonde, geestelike oordeel met betrekking tot die wederkoms aan die dag te lê, aanwakker en hulle aanmoedig om gereed te maak vir die wederkoms.

In 3:3, 4 bring Petrus dit sterk onder die aandag van die lesers dat daar in die laaste dae spotters met gespot op die toneel sal verskyn, mense wat lewe volgens hulle eie drange, wat sal vra: “Wat het geword van die belofte van sy παρουσία? Sedert die vaders ontslaap het, bly alles dan net soos dit was van die begin van die skepping af.” Deur die weerlegging van die argumente van die spotters en deur die ware kennis oor te dra, word die lesers toegerus om self sulke spotters te weerlê.

Met hulle gespot tas die spotters die eer van die Here, wat belowe het dat Hy weer gaan kom, aan. Die spotters is mense wat hulle lewens volgens hulle eie drange inrig. Aangesien hulle die wederkoms nie verwag nie, sal eiewilligheid en teenstand teen God se wet hulle lewens kenmerk. In die praktyk lei so ’n gesindheid tot wetteloosheid en sedeloosheid. Hiermee word die *telos* van die openbaring van die wederkoms aangedui as dat gelowiges nie onsedelik en wetteloos sal lewe nie, maar gehoorsaam en sedelik, juis omdat hulle die παρουσία verwag.

Hierdie spotters het al in Petrus se tyd hulle verskyning gemaak en sal telkens op die toneel verskyn totdat die wederkoms aanbreek.

Die spotters sal die idee van die wederkoms telkens belaglik probeer maak deur die idee as verregaande en van alle waarheid ontbloot af te maak. So sal hulle die wese van die Christelike geloof probeer aantas. Een van hulle hoofargumente sal wees dat, aangesien die wederkoms nog nie plaasgevind het nie, dit ook nie sal plaasvind nie. Hierdie argument word al hoe effektiewer hoe langer die wederkoms uitbly. Dieselfde gespot kan vandag steeds verwag word.

Van 3:5 af weerlê Petrus die valse bewering dat die wederkoms nie sal plaasvind nie en hy voer verskillende teenargumente aan. Hy voer aan dat die spotters blatant vergeet dat daar lank reeds hemele bestaan en ook ŉ aarde wat deur die woord van God uit water en deur water ontstaan het en die destydse wêreld is deur water oorstroom en het vergaan. Die eerste teenargument kom daarop neer dat alles nie dieselfde gebly het van die begin af nie. Wat egter wel dieselfde gebly het, is God se konsekwente optrede – God het alles geskep en Hy het daardie aarde geoordeel en vernietig met water. Omdat Hy konsekwent optree, kan daar weer oordeel oor die huidige aarde verwag word met die wederkoms (3:5). Die eerste teenargument berus dus op die Bybelse geskiedenis van die skepping en die sondvloed in Genesis.

In 3:7 voer Petrus sy argument verder: Aangesien God se optrede konsekwent is, sal Hy wat al voorheen die aarde geoordeel het, dit weer doen. Die huidige hemele en aarde word deur dieselfde woord (waarmee God geskep het) vir vuur gereserveer. Dit word bewaar vir die dag van oordeel en die vernietiging van die goddelose mense. Die spotters beweer dat die παρουσία (3:4) nooit sal plaasvind nie. Petrus voer aan dat die παρουσία wel sal plaasvind, omdat daar reeds ŉ oordeelsdag met water was en daar nog ŉ oordeelsdag met vuur kom (3:7). So word indirek geopenbaar dat die dag van die wederkoms ook die oordeelsdag sal wees. Die *telos* is duidelik: Dat ongelowiges hulle sal bekeer en dat gelowiges bemoedig sal word. Die komende oordeelsdag, wat saamval met die dag van die wederkoms, is voorts ook ŉ aanmoediging en ŉ oproep om alles in die stryd te werp om in Christus bevind te word.

Die volgende teenargument wat Petrus in 3:8 aanvoer teen die bespotting van God se belofte van die wederkoms, is ŉ aspek wat nie by Petrus se lesers verby moet gaan nie, en dit is dat een dag vir die Here soos duisend jaar is en duisend jaar soos een dag. Hierdie is ŉ verwysing na Psalm 90:4. Hiermee word die ewigheid van God teenoor die ongeduldige verwagtings van die mens gestel: God se tydsberekening is anders as mense s'n. Op grond hiervan laat Petrus sy lesers verstaan dat die feit dat die wederkoms nog nie plaasgevind het nie, geen bewys is dat die wederkoms nie sal plaasvind nie. So word die dwaasheid van die spotters ook blootgelê: Hulle beweer slegs enkele dekades na Jesus se hemelvaart al dat die wederkoms nie sal plaasvind nie.

Petrus se volgende teenargument (3:9) word op God se genade en geduld gegrond. Die Here talm nie om sy belofte te vervul, soos sommige reken nie, maar Hy is geduldig en wil nie hê dat iemand verlore gaan nie, maar dat almal hulle moet bekeer. Die *telos* van die openbaring van die genadetyd wat God gee voor die wederkoms, is baie duidelik bekering. Die spotters het dus nie net geen besef van God se onvergelyklike grootheid wat met geen menslike maat gemeet kan word nie, maar hulle misken ook God se wyse en barmhartige bedoeling om nie te haastig te wees om te oordeel nie. 'n Baie duidelike *telos* vir die genadetyd voor die wederkoms is missionaal: Gelowiges moet die tyd uitkoop deur die Evangelie van verlossing in Christus te verkondig.

2 Petrus 3:10 stel dit duidelik dat daar 'n tyd sal kom wanneer die genadetyd verstryk het en die dag van die Here, die dag van oordeel, onverwags sal aanbreek. Op die dag sal die hemele met 'n gedruis tot 'n einde kom en die elemente sal uitbrand en vergaan, en die aarde en wat daarop gedoen is, sal ontbloot word. Hiermee word geopenbaar dat die wederkoms beslis sal aanbreek, sodat gelowiges nie deur die spotters van stryk gebring sal word nie, maar sal volhard in hulle vertroue op God se belofte. Die wederkoms se onverwagsheid word verkondig sodat gelowiges heeltyd en altyd gereed sal wees daarvoor.

In 3:10 word daar verder uitgebrei op ἡμέρα κυρίου. Die dag sal gepaardgaan met kosmiese katastrofes wat die skepping nie sal vernietig nie, maar deur vuur sal suiwer.

2 Petrus 3:10-14 is van groot belang vir die studie omdat die *telos* van die openbaring van die wederkoms so duidelik geformuleer word. Elke beskrywing van die kosmiese katastrofes word opgevolg met 'n oproep tot 'n heilige lewe in die lig van die wederkoms wat ongetwyfeld kom.

Oor die kosmiese katastrofe wat gaan plaasvind met die wederkoms, word die volgende as *kerugma* in 3:10 geopenbaar: (1) Die hemele sal met 'n gedruis tot 'n einde kom, (2) die elemente sal uitbrand en vergaan en (3) die aarde en wat daarop gedoen is, sal ontbloot word. In aansluiting hierby word in 3:12 geopenbaar: Die hemele sal verbrand en vergaan en die elemente sal uitbrand en wegsmelt. Die *telos* van hierdie openbaring is dat gelowiges aangemoedig sal word om heilig en toegewyd aan God te lewe.

Petrus begin 3:11-18 deur terug te verwys na alles wat in 2 Petrus 3:1-10 oor die wederkoms, die dag van die Here, geopenbaar is. Daarop begrond hy die oproepe om 'n lewenswyse te handhaaf wat by mense pas wat die wederkoms verwag.

In 3:11, 12a word, op grond van die katastrofes wat met die wederkoms gepaard sal gaan, 'n beroep gedoen en 'n verpligting gelê op die lesers om 'n heilige lewe te lei soos God dit wil en

aan God toegewy te wees deur vrug te dra en om na die aanbreek van die dag van God uit te sien en dit te bespoedig.

Die wederkoms word bespoedig deur 'n heilige lewe te lei, deur te bid vir die wederkoms en deur die Evangelie te verkondig.

In 3:13 skryf Petrus vir sy lesers dat gelowiges nuwe hemele en 'n nuwe aarde, waar geregtigheid woon, verwag. Juis daarom moet gelowiges nou al so leef soos wat hulle op die nuwe aarde gaan leef.

Petrus gee duidelik in 3:14, 15a te kenne wat die *telos* is van die openbaring van die feit dat Jesus Christus beslis weer gaan kom, dat alles vernietig sal word en dat die nuwe hemele en die nuwe aarde daargestel sal word: Sodat gelowiges daarna sal streef om deur Jesus Christus in vrede, vlekkeloos en onberispelik bevind te word. Hulle moet ook die lankmoedigheid van ons Here as 'n geleentheid tot verlossing beskou. Die feit dat die Here Jesus weer gaan kom om 'n volmaakte bedeling van geregtigheid daar te stel, word geopenbaar sodat gelowiges gretig daarna sal uitsien en hulle lewenswyse daarvolgens sal inrig.

Gelowiges moet dus die tyd uitkoop en die geleentheid tot verlossing aangryp. Die genadetyd sal nie vir ewig duur nie en dan kom die Here. Dan sal die verlossing nie meer beskikbaar wees vir hulle wat dit nie wou aangryp nie.

In 3:15b-16 onderbreek Petrus sy uiteensetting van die *telos* van die openbaring van die wederkoms deur daarop te wys dat Paulus ook oor en met dieselfde *telos* aan hulle geskryf het. Hy verwys opnuut na die dwaalleraars en lê klem op hulle doelbewuste verkeerde hantering van die Skrif wat tot hulle ondergang sal lei op die oordeelsdag.

Die brief word afgesluit met 'n slotvermaning en 'n doksologie in 3:17, 18. Die vermaning is dat, aangesien die lesers nou hierdie dinge rakende die wederkoms weet, hulle op hulle hoede sal wees om nie deur die dwaling van beginsellose mense meegesleur te word en sodoende hulle eie standvastigheid te verloor nie. Dit kan hulle eskatologiese erfenis in gevaar stel. Hulle moet verder sorg dat hulle aanhou groei in die genade en kennis van ons Here en Verlosser, Jesus Christus. Om dit te kan doen, moet die Skrif nie verdraai word nie. Kennis van die waarheid oor die wederkoms stel gelowiges dus op hulle hoede teen beginsellose dwaalleraars en in staat om nie deur hulle dwaling mislei te word nie. Gesonde Skrifkennis en Skrifhantering word beklemtoon.

Die genade waarin die lesers moet toeneem, is die genade in Christus.

Die brief eindig met ŉ doksologie wat ons Here en Verlosser, Jesus Christus, verheerlik. Die hoogste eer moet aan Hom gegee word, want die verlossing van die gelowiges en die volharding van die gelowiges is by uitstek aan Hom te danke. Die dag van sy wederkoms is immers die dag waarop die ewige heerlikheid sal aanbreek. Ware kennis van die wederkoms lei daartoe dat gelowiges die Here Jesus vereer!

#### 5.3.3.1 Openbaringsdoelwitte

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is *kerugma*, om kennis van die waarheid oor die wederkoms oor te dra (2 Pet. 3).

- Voorts word kennis oor die wederkoms geopenbaar wat moet lei tot insig in sake wat met die wederkoms verband hou. So word die vermoë om gesonde, geestelike oordeel met betrekking tot die wederkoms aan die dag te lê, aangewakker (2 Pet. 3).

- Die *telos* is ook dat gelowiges aangemoedig word om gereed te maak vir die wederkoms (2 Pet. 3).

- Die feit dat daar spotters op die toneel sal verskyn wat die wederkoms betwyfel, word verkondig om die kennis aan die gelowiges oor te dra. Deur die argumente van die spotters te weerlê en deur die ware kennis oor te dra, word die lesers toegerus om self sulke spotters te weerlê (2 Pet. 3).

- Om gelowiges se kennis oor die spotters aan te vul, word verkondig dat hulle die eer van die Here sal aantas en dat hulle volgens hulle eie drange sal lewe, juis omdat hulle nie die wederkoms verwag nie. Hulle sal ŉ faktor wees om mee rekening te hou tot met die wederkoms (2 Pet. 3).

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is dat gelowiges nie onsedelik en wetteloos sal lewe nie, maar gehoorsaam en sedelik, juis omdat hulle die παρουσία verwag (2 Pet. 3).

- Die weerlegging van die spotters se argumente word verkondig om aan gelowiges sekerheid te gee oor die wederkoms. God het al ŉ slag die aarde geoordeel en Hy sal weer, want Hy tree konsekwent op (2 Pet. 3).

- Die oordeel en die vernietiging van goddelose mense, wat met die wederkoms gepaard sal gaan, word verkondig om gelowiges sekerheid te gee en te bemoedig (2 Pet. 3).

- Dit word geopenbaar dat die dag van die wederkoms ook die oordeelsdag sal wees. Die *telos* is duidelik: Sodat ongelowiges hulle sal bekeer en dat gelowiges bemoedig sal word (2 Pet. 3).

- Die komende oordeelsdag, wat saamval met die dag van die wederkoms, is voorts ook ŉ aanmoediging en ŉ oproep om alles in die stryd te werp om in Christus bevind te word (2 Pet. 3).

- Dit word verkondig dat God se tydsberekening met betrekking tot die wederkoms, anders is as mense s'n. Die feit dat die wederkoms nog nie plaasgevind het nie, is geen bewys dat die wederkoms nie sal plaasvind nie (2 Pet. 3).

- Die wederkoms word geopenbaar om die dwaasheid van mense wat dit betwyfel bloot te lê (2 Pet. 3).

- Dit word verkondig dat God genadetyd gee voor die wederkoms. Die *telos* hiervan is bekering (2 Pet. 3).

- ŉ Baie duidelike *telos* vir die genadetyd voor die wederkoms is missionaal: Gelowiges moet die tyd uitkoop deur die Evangelie van verlossing in Christus te verkondig (2 Pet. 3).

- Dit word as *kerugma* geopenbaar dat daar beslis ŉ tyd sal kom wanneer die genadetyd verstryk het en die dag van die Here, die dag van oordeel, onverwags sal aanbreek, sodat gelowiges nie deur die spotters van stryk gebring sal word nie, maar sal volhard in hulle vertroue op God se belofte (2 Pet. 3).

- Die wederkoms se onverwagsheid word verkondig sodat gelowiges heeltyd en altyd gereed sal wees daarvoor (2 Pet. 3).

- Dit word as *kerugma* bekendgemaak dat die dag van die wederkoms gepaard sal gaan met kosmiese katastrofes wat die skepping nie sal vernietig nie, maar deur vuur sal suiwer. Die *telos* is dat gelowiges die ernstige gevolge van die wederkoms ter harte sal neem en daarom ŉ heilige lewe sal lei (2 Pet. 3).

- Oor die kosmiese katastrofe wat gaan plaasvind met die wederkoms, word die volgende as *kerugma* geopenbaar: (1) Die hemele sal met ŉ gedruis tot ŉ einde kom, (2) die elemente sal uitbrand en vergaan en (3) die aarde en wat daarop gedoen is, sal ontbloot word. Die *telos* van hierdie openbaring is om kennis oor die kosmiese katastrofe oor te dra (2 Pet. 3).

- Die wederkoms word ook geopenbaar met die doelwit dat gelowiges aan God toegewy sal wees deur vrug te dra (2 Pet. 3).
- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is dat gelowiges aangemoedig sal word om na die aanbreek van die dag van God uit te sien en dit te probeer bespoedig (2 Pet. 3).
- Die wederkoms word geopenbaar sodat gelowiges die dag sal bespoedig deur 'n heilige lewe te lei, deur te bid vir die wederkoms en deur die Evangelie te verkondig (2 Pet. 3).
- As *kerugma* word verkondig dat nuwe hemele en 'n nuwe aarde, waar geregtigheid woon, verwag kan word. Juis daarom moet gelowiges nou al so leef soos wat hulle op die nuwe aarde gaan leef (2 Pet. 3).
- Die *telos* van die openbaring dat Jesus Christus beslis weer gaan kom, dat alles vernietig sal word en dat die nuwe hemele en die nuwe aarde daargestel sal word, is: Sodat gelowiges daarna sal streef om deur Jesus Christus in vrede, vlekkeloos en onberispelik bevind te word (2 Pet. 3).
- Die genadetyd word verkondig met die *telos* dat gelowiges dit as 'n geleentheid tot verlossing sal beskou en aangryp (2 Pet. 3).
- Die feit dat die Here Jesus weer gaan kom om 'n volmaakte bedeling van geregtigheid daar te stel, word geopenbaar sodat gelowiges gretig daarna sal uitsien en sodat hulle lewenswyse daarvolgens ingerig sal word (2 Pet. 3).
- As *kerugma* word verkondig dat die wederkoms die genadetyd sal beëindig en dan sal die verlossing nie meer beskikbaar wees nie. Gelowiges moet dus die tyd uitkoop en die geleentheid tot verlossing aangryp (2 Pet. 3).
- As *kerugma* word bekendgemaak dat doelbewuste verkeerde hantering van die Skrif tot die ondergang van mense wat dit doen, sal lei op die oordeelsdag (2 Pet. 3).
- Die *telos* van die openbaring van die sekerheid van die wederkoms is dat gelowiges op hulle hoede sal wees om nie deur die dwaling van beginsellose mense meegesleur te word en so hulle eie standvastigheid te verloor nie (2 Pet. 3).
- Die sekerheid van die wederkoms word verkondig sodat gelowiges kan weet dat mense wat die sekerheid betwyfel, hulle eskatologiese erfenis in gevaar stel (2 Pet. 3).

- Die wederkoms word geopenbaar met die doelwit dat gelowiges sal sorg dat hulle aanhou groei in die genade en kennis van ons Here en Verlosser, Jesus Christus. Om dit te kan doen, moet die Skrif nie verdraai word nie (2 Pet. 3).

- Kennis van die waarheid oor die wederkoms word oorgedra om gelowiges op hulle hoede te stel teen beginsellose dwaalleraars en om hulle in staat te stel om nie deur hulle dwaling mislei te word nie (2 Pet. 3).

- Die wederkoms word verkondig met die *telos* dat gelowiges ŉ gesonde Skrifkennis sal hê en die Skrif verantwoordelik en reg sal hanteer (2 Pet. 3).

- Die wederkoms word verkondig as aanmoediging om toe te neem in die genade in Christus (2 Pet. 3).

- Die wederkoms word verkondig met die *telos* dat Jesus Christus verheerlik sal word. Die hoogste eer moet aan Hom gegee word, want die verlossing van die gelowiges en die volharding van die gelowiges is by uitstek aan Hom te danke (2 Pet. 3).

- Die dag van die wederkoms word verkondig as die dag waarop die ewige heerlikheid sal aanbreek, sodat gelowiges die Here Jesus sal vereer (2 Pet. 3).

### 5.4 1 Johannes 2

Johannes omskryf die doel van sy brief in 1 Johannes 5:13 (Du Rand, 2016): Ταῦτα ἔγραψα ὑμῖν ἵνα εἰδῆτε ὅτι ζωὴν ἔχετε αἰώνιον, τοῖς πιστεύουσιν εἰς τὸ ὄνομα τοῦ υἱοῦ τοῦ θεοῦ. “Dit het ek aan julle geskryf sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het, julle wat in die Naam van die Seun van God glo.” (Bybel, 2014) Johannes wil dus geloofsekerheid, veral die sekerheid van die ewige lewe, by sy lesers vestig, lesers wat in die Naam van die Seun van God, Jesus Christus, glo (Marshall, 1981:243). Dat hierdie sekerheid net vir Christene is, dat dit net by die Seun van God, Jesus Christus te kry is, stel Johannes baie duidelik in 5:11, 12: καὶ αὕτη ἐστὶν ἡ μαρτυρία, ὅτι ζωὴν αἰώνιον ἔδωκεν ἡμῖν ὁ θεός, καὶ αὕτη ἡ ζωὴ ἐν τῷ υἱῷ αὐτοῦ ἐστιν. ὁ ἔχων τὸν υἱὸν ἔχει τὴν ζωήν· ὁ μὴ ἔχων τὸν υἱὸν τοῦ θεοῦ τὴν ζωὴν οὐκ ἔχει. “En dit is die getuienis dat God die ewige lewe vir ons gegee het, en dié lewe is in sy Seun. Wie die Seun het, het die lewe; wie die Seun van God nie het nie, het nie die lewe nie.” (Bybel, 2014)

#### 5.4.1 1 Johannes 2:28

Die sekerheid van die ewige lewe is onlosmaaklik verbind aan die sekerheid van die wederkoms van Jesus Christus. Daarom skryf Johannes in 2:28: Καὶ νῦν, τεκνία, μένετε ἐν αὐτῷ, ἵνα ἐὰν φανερωθῇ σχῶμεν παρρησίαν καὶ μὴ αἰσχυνθῶμεν ἀπ’ αὐτοῦ ἐν τῇ παρουσίᾳ

αὐτοῦ. “En nou, kinders, bly in Hom, sodat ons vrymoedigheid kan hê wanneer Hy verskyn en nie met sy wederkoms deur Hom in die skande gestel word nie.” (Bybel, 2014)

In die hele brief gebruik Johannes slegs een keer die woord παρουσία (vgl. 2.2.2; 1 Joh. 2:28). Trouens, in al die Johanneïese geskrifte kom παρουσία slegs een maal voor en dit is in 1 Johannes 2:28 (2.2.2; Kruse, 2000:112-113).

In 1 Johannes 2:18-27, die Skrifgedeelte wat 2:28 voorafgaan, waarsku Johannes die gelowiges teen die misleiding van die Antichris. “Die inhoud van die Antichris se misleidende leuen is dat Jesus nie die Christus is nie.” (Van Rhyn, 1995:90) Die salwing wat die gelowiges volgens 2:27 ontvang het en wat in hulle bly, vrywaar hulle egter van die misleiding van die Antichris (Marshall, 1981:162). Hierdie salwing is ŉ verwysing na die Heilige Gees (Coetzee, 1979:53; Du Rand, 2016; Van der Watt, 2013:217- 218). “Die inwoning deur die Gees in die kerk, in die gelowiges, maak hulle dus weerbaar teen die Antichris se misleidende leuens dat Jesus nie die Christus is nie.” (Van Rhyn, 1995:91) 1 Johannes 2:18-27 word afgesluit met ŉ opdrag om in die Here Jesus te bly: μένετε ἐν αὐτῷ. Hieroor merk Du Rand (2016) op: “Die salwing (van die Gees) wat *in die gelowige bly,* moet daartoe lei dat die gelowige ook *in die Seun* bly (2:27).”

In 2:28 begin Johannes met ŉ nuwe afdeling van sy brief (Marshall, 1981:165). Hy lui die afdeling in met dieselfde opdrag waarmee hy die vorige afdeling afgesluit het: μένετε ἐν αὐτῷ. Die verskil is egter dat hy nou die opdrag om in die Here te bly motiveer met twee verwysings na die wederkoms (Marshall, 1981:165): ἵνα ἐὰν φανερωθῇ σχῶμεν παρρησίαν καὶ μὴ αἰσχυνθῶμεν ἀπ’ αὐτοῦ ἐν τῇ παρουσίᾳ αὐτοῦ.

Μένετε is die tweede persoon meervoud, praesens imperatief van μένω. Die feit dat die werkwoord in die praesens imperatief is, dui aan dat dit ŉ bevel kan wees om met ŉ bestaande handeling aan te hou of dat dit ŉ bevel tot ŉ voortdurende handeling kan wees (Jordaan, 2014:72). Aangesien gelowiges reeds in Christus is (vgl. die bespreking van ἐν αὐτῷ, in Christus, in die paragrawe wat volg), moet die keuse gemaak word daarvoor dat dit ŉ bevel is om met ŉ bestaande handeling aan te hou.

Μένω word deur die BDAG (2000:630) verklaar as “remain, stay”, “a person or thing remains where he, she, or it is.” Met verwysing na 1 Johannes 2:24c, 2:27-28, 3:6, 3:24a en 4:13 word dit verklaar as “someone who does not leave a certain realm or sphere: *remain, continue, abide*” (BDAG, 2000:631).

In die lig van bogenoemde kan μένετε ἐν αὐτῷ vertaal word as: julle moet aanhou om in Hom te bly.

Met ἐν αὐτῷ bedoel Johannes "in Christus" (Kruse, 2000:112; Marshall, 1981:165). Floor (1982:80) wys daarop dat die begrip "in Christus" openbaringshistories verstaan moet word. Oor die betekenis van die begrip "in Christus", het Floor (1982:69-101) verhelderend geskryf. Hy wys onder andere hoe wyd verspreid die begrip in die *Corpus Paulinum* voorkom en ook in watter konteks die begrip telkens gebruik word: "Ons is uitverkies in Christus (Ef. 1:4); Ons is geregverdig in Christus (Gal. 2:17); Ons is verlos in Christus (Ef. 1:7; Kol. 1:14); Ons is begenadig in Christus (Ef. 1:6); Ons is erfgename in Christus (Ef. 1:11); Ons is geheilig in Christus (Fil. 1:1); Ons is met die Heilige Gees verseël in Christus (Ef. 1:13); Ons is geskape tot goeie werke in Christus (Ef. 2:10); Ons is verheerlik in Christus (Ef. 2:6)" (Floor, 1982:71). Hieruit blyk duidelik dat om "in Christus" te wees nie iets is wat gelowiges self bewerk nie, maar dat dit die vrug van Jesus Christus se verlossingswerk is.

Volgens Floor (1982:77) beteken die uitdrukking "in Christus": "behorende tot Christus, betrokke wees op sy kruis en opstanding, begrepe wees in sy heilswerk." Floor (1982:89-90) se konklusie oor die betekenis van "in Christus" by Paulus is insiggewend vir die verstaan van ἐν αὐτῷ in 1 Johannes 2:28: "Saamvattend kan ons ten slotte vasstel dat die formule 'in Christus' wys op die begrepenheid van die gelowiges in Christus, wat, volgens 'n deur God bepaalde struktuur, as hulle Verteenwoordiger plaasvervangend vir hulle gely, gesterf en opgestaan het, sodat hulle, deur hulle eenheid met Christus as hul Hoof, in Christus se dood en opstanding in 'n nuwe lewensorde oorgebring is, waardeur hulle aan die bestaanswyse van die heerskappy van die sonde en die dood onttrek is en voortdurend mag deel in die heil wat Christus vir hulle verwerf het. Met die uitdrukking 'ons in Christus' wil Paulus daarop wys dat ons ten nouste betrokke is by wat met Christus gebeur het. Ons is daarin begrepe. Dit is vir die geloof van die allergrootste belang." Op grond daarvan dat Paulus en Johannes beide skrywers is wat deur die Heilige Gees geïnspireer is (2 Pet. 1:21), kan dit wat vir Paulus se gebruik van "in Christus" geld, ook op Johannes se gebruik van "in Hom" van toepassing gemaak word.

Deur in die Here te bly, beleef die gelowige sy "identiteitsverhouding" besonder intens (Du Rand, 2016). Indien Du Rand hiermee bedoel dat die gelowige sy status as verloste in Christus intens belewe deur in Christus te bly, kan daar met hom saamgestem word. Dit blyk inderdaad te wees wat Du Rand bedoel met "identiteitsverhouding": "Die hartklop van die Johannese (*sic*) Christelike identiteit lê in die statusaanduiding, 'gebore uit God' (2:29; 3:9; 4:7; 5:1, 4, 18) en 'kind van God' (3:1, 2, 10; 5:2)."

Om in Christus te wees en te bly, is dus veel meer as om net 'n subjektiewe belewenis te ervaar; dit is om die status wat jy in Christus het as verloste kind van God te bewaar. Deur aan te hou om in Christus te bly, kan gelowiges vrymoedigheid / toegangsreg hê met sy wederkoms: Καὶ νῦν, τεκνία, μένετε ἐν αὐτῷ, ἵνα ἐὰν φανερωθῇ σχῶμεν παρρησίαν (2:28a).

Louw en Nida (1996a:306) verklaar παρρησία as: “a state of boldness and confidence, sometimes implying intimidating circumstances—‘boldness, courage.’” Van Rhyn (1985:20) verklaar dit egter nie soos Louw en Nida as ŉ subjektiewe gevoel of staat nie. Op grond van Hebreërs 10:19 (Ἔχοντες οὖν, ἀδελφοί, παρρησίαν εἰς τὴν εἴσοδον τῶν ἁγίων ἐν τῷ αἵματι Ἰησοῦ) verklaar Van Rhyn παρρησία as “ŉ deur Christus verworwe reg. Dit is nie ’n subjektiewe gevoel nie, maar ’n toegangsreg wat deur Christus vir die gelowiges verwerf is.” Die παρρησία is immers iets wat bestaan op grond van of as gevolg van die bloed, die soenverdienste, van Jesus Christus (Hebreërs 10:19). Ook Grosheide (1955:237) verklaar dit as iets wat objektief bestaan op grond waarvan die lesers iets kan doen. Daar kan dus met Schlier (1964:884), wat ook verwys na Hebreërs 10:19, se standpunt saamgestem word: “In content παρρησία is freedom of access to God, authority to enter the sanctuary, openness for the new and living way which Jesus has restored for us, 10:19. This παρρησία is given with the blood of Jesus (10:19) and is grounded in His high-priestly way (4:14f.)”

Uit Hebreërs 10:19 blyk dit duidelik dat gelowiges παρρησία, vrye toegangsreg tot God, het deur die bloed van Jesus Christus (Van Rhyn, 1985:20; Vorster, 1971:56). So gesien is daar ŉ baie nou band tussen μένετε ἐν αὐτῷ en σχῶμεν παρρησίαν – beide is slegs moontlik deur die soenverdienste van Jesus Christus en μένετε ἐν αὐτῷ kan as voorwaarde vir σχῶμεν παρρησίαν beskou word.

Die BDAG (2000:30) verklaar αἰσχύνω in die konteks van 1 Johannes 2:28 as om voor iemand tot skande gemaak te word. Die voorsetselfrase saam met die genitief, ἀπ’ αὐτοῦ, dui volgens Jordaan (2014:131) “beweging uit / weg van (verwydering)” aan. Die betekenis is duidelik: Mense wat nie in Christus is wanneer Hy weer kom nie, sal weg van Hom af tot skande gemaak word. Die wat in Hom is, sal egter toegangsreg, wat Hy self verwerf het, tot Hom hê.

Van belang vir die studie is dat die opdrag om aan te hou om in Christus te bly deur die wederkoms van Christus gemotiveer word: “Abiding in him prepares believers for his appearing: abiding is our confidence; his appearing is our motivation.” (Akin, 2001:126) “But now John strengthens this appeal by reminding his readers of the coming revelation of Jesus.” (Marshall, 1981:165)

Die opdrag om in Christus te bly, word opgevolg met ŉ doelsin, waarvan die eerste frase dit positief stel: ἵνα ἐὰν φανερωθῇ σχῶμεν παρρησίαν, en die tweede dit negatief stel: καὶ μὴ αἰσχυνθῶμεν ἀπ’ αὐτοῦ ἐν τῇ παρουσίᾳ αὐτοῦ.

Die voegwoord καὶ kan as “adversatief (antiteties)” (Jordaan, 2014:80) of as “gevolgsaanduidend (*sic*) (konsekutiewe καὶ)” (Jordaan, 2014:81) beskou word.

Die καὶ in 1 Johannes 2:28 kan dus adverstatief vertaal word met: En nou, liewe kinders, hou aan om in Hom te bly, sodat ons toegangsreg (tot Hom) kan hê wanneer Hy verskyn en nie met sy wederkoms deur Hom in die skande gestel sal word nie. Dit kan egter ook gevolgaanduidend vertaal word: En nou, liewe kinders, hou aan om in Hom te bly, sodat ons toegangsreg (tot Hom) kan hê wanneer Hy verskyn en sodat ons nie met sy wederkoms deur Hom in die skande gestel sal word nie. Uit die konteks blyk dit dat καὶ adversatief én gevolgaanduidend verklaar moet word: En nou, liewe kinders, hou aan om in Hom te bly, sodat ons toegangsreg (tot Hom) kan hê wanneer Hy verskyn en sodat ons nie met sy wederkoms deur Hom in die skande gestel word nie.

Die antitese tussen σχῶμεν παρρησίαν en αἰσχυνθῶμεν ἀπ' αὐτοῦ word verder uitgelig deur die omgekeerde parallellisme (vgl. Jordaan, 2014:167):

A: ἵνα ἐὰν φανερωθῇ

B: **σχῶμεν παρρησίαν**

B: καὶ μὴ **αἰσχυνθῶμεν ἀπ' αὐτοῦ**

A: ἐν τῇ παρουσίᾳ αὐτοῦ.

Twee van die geïdentifiseerde woorde om die wederkoms mee aan te dui (1.3), word in een sin gebruik: ἵνα ἐὰν φανερωθῇ saam met ἐν τῇ παρουσίᾳ.

In 6.3.4 word φανερόω verklaar as: "Dit is die doelbewuste, sigbare selfopenbaring van Jesus Christus in die openbaar met sy wederkoms, sodat God, sy Naam en sy werke volledig geken, vervul en verwesenlik kan word." Wanneer Jesus Homself met die wederkoms openbaar, sal gelowiges wat in Christus is, toegangsreg tot Hom hê.

In 2.1.4 is παρουσία verklaar as: "Dit is die sigbare aankoms en teenwoordig wees van die eens (na sy hemelvaart) verborge Jesus Christus by sy mense met sy wederkoms vanaf die hemel, aan die einde van die tyd, in heerlikheid as Regeerder, Regter en magtige God, waarvoor sy mense voorberei het, en wat gepaard sal gaan met lofprysing en eerbewys, wat sy volgelinge met hoop sal vervul en hulle omstandighede sal verander deur hulle vir ewig te verlos." Wanneer Jesus kom met sy παρουσία sal gelowiges wat in Christus is, nie voor Hom tot skande gemaak word nie.

Daar kan dus met reg afgelei word dat die wederkoms geopenbaar word as motivering om in Christus te bly, sodat die gelowige toegangsreg tot Hom kan hê en nie deur Hom tot skande gemaak sal word nie. Johannes wil παρρησία by die παρουσία bevorder. Die dubbele paregese, alliterasie: παρρησία – παρουσία, en assonansie: παρρησία – παρουσία, het die

effek “dat die betrokke woorde in die kalklig gestel word” (Jordaan, 2014:171). Daar is reeds daarop gewys dat die gebruik van παρουσία in 2:28 uniek is in al die Johanneïse geskrifte (Kruse, 2000:112-113). Die effek wat Johannes met die paregese bewerkstellig, kon hom moontlik in die keuse van die woord παρουσία beïnvloed het.

### 5.4.2 1 Johannes 2:29

In 2:29 word gelowiges aangemoedig om te doen wat reg is. Hulle weet immers dat Hy regverdig is: ἐὰν εἰδῆτε ὅτι δίκαιός ἐστιν, γινώσκετε ὅτι καὶ πᾶς ὁ ποιῶν τὴν δικαιοσύνην ἐξ αὐτοῦ γεγέννηται. “The connection between vv. 28 and 29 lies in the fact that the One who will execute judgment in v. 28 is the One who is described as righteous in v. 29.” (Akin, 2001:130-131) Die wederkoms as tyd van oordeel word dus hier geopenbaar met die *telos* dat gelowiges sal doen wat reg is.

Oor die betekenis van πᾶς ὁ ποιῶν τὴν δικαιοσύνην, kan daar met Eaton (1996:87), wat die volgende omskrywing gee, saamgestem word: In Johannes se denkraamwerk beteken om geregtigheid te doen om te bely dat Jesus die Seun van God is wat mens geword het, om jou te onderwerp aan sy boodskap van die opstanding, wat deur die getuienis van die apostels oorgedra is, en om in liefde te lewe in die Christelike broederskap. Sulke mense het die versekering dat hulle uit God gebore is (Eaton, 1996:87). Die wederkoms word dus nie net geopenbaar sodat gelowiges geregtigheid sal doen nie, maar ook sodat hulle daardeur geloofsekerheid sal verkry, die sekerheid dat hulle uit Hom gebore is (ἐξ αὐτοῦ γεγέννηται). Die *telos* van geloofsekerheid sluit aan by Johannes se *telos* met die skryf van sy brief, soos reeds aangedui aan die begin van die afdeling met verwysing na 1 Johannes 5:13.

### 5.4.3 1 Johannes 3:1-4

In 3:1-3 sit Johannes die groot(s)heid van God se liefde, die geweldige voorreg om sy kinders te wees en die hoop om soos Christus te wees, uiteen (Kruse, 2000:113). In 3:2b is daar weer ŉ verwysing na die wederkoms: οἴδαμεν ὅτι ἐὰν φανερωθῇ, ὅμοιοι αὐτῷ ἐσόμεθα, ὅτι ὀψόμεθα αὐτὸν καθώς ἐστιν. Die verwysing in 3:2 na die wederkoms word weereens, net soos in 2:28a, aan die hand van φανερόω gedoen, maar is volgens Marshall (1981:172) steeds inhoudelik verbind aan die παρουσία in 2:28b en is daarom van belang vir hierdie afdeling van die studie.

In 3:2 word ŉ *telos* vir die openbaring van die wederkoms soos volg verwoord: Ἀγαπητοί, νῦν τέκνα θεοῦ ἐσμεν, καὶ οὔπω ἐφανερώθη τί ἐσόμεθα. οἴδαμεν ὅτι ἐὰν φανερωθῇ, ὅμοιοι αὐτῷ ἐσόμεθα, ὅτι ὀψόμεθα αὐτὸν καθώς ἐστιν. “Geliefdes, nou is ons kinders van God, maar dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie. Wat ons weet, is dat wanneer Hy verskyn, ons soos Hy sal wees, omdat ons Hom sal sien soos Hy is.” (Bybel, 2014) Die wederkoms word

geopenbaar met die *telos* dat gelowiges sal weet dat hulle nou nog onvolmaakte kindskap by die wederkoms volmaakte heerlikheid sal bereik, soos Christus in volmaakte heerlikheid is. Hulle sal Hom ook sien soos Hy is. Gelowiges is reeds kinders van God, maar met die wederkoms sal hulle soos Jesus word (Marshall, 1981:172).

Daar kan met Du Rand (2016) saamgestem word: "Die volmaakte belewing van die kindwees-identiteit is 'om soos Christus te wees' wanneer Hy weer kom (3:2), dit wil sê om volmaak aan sy heerlikheid deel te hê." Met die παρουσία sal ons Jesus Christus sien in sy glorie en dan sal ons ook deel in sy glorie (Marshall, 1981:172). Marshall (1981:173) verwoord die *telos* van die feit dat ons Jesus sal sien en soos Hy sal wees met sy wederkoms só: "All this is a solid basis for Christian confidence and joy, and it is one of John's aims to strengthen this aspect of his readers' faith." Die doel van die openbaring van die wederkoms is dus *kerugma* wat tot geloofsekerheid, vreugde en geloofsversterking lei.

In 3:3 word 'n volgende *telos* vir die openbaring van die wederkoms gestel: καὶ πᾶς ὁ ἔχων τὴν ἐλπίδα ταύτην ἐπ' αὐτῷ ἁγνίζει ἑαυτόν, καθὼς ἐκεῖνος ἁγνός ἐστιν. "En elkeen wat hierdie vaste hoop op Hom het, hou homself rein, net soos Hy rein is." (Bybel, 2014)

1 Johannes 3:3, saam met 2:29, vorm 'n skerp teenstelling met 3:4 (Πᾶς ὁ ποιῶν τὴν ἁμαρτίαν καὶ τὴν ἀνομίαν ποιεῖ, καὶ ἡ ἁμαρτία ἐστὶν ἡ ἀνομία) en moet ook so verklaar word (Kruse, 2000:117). Dit beteken die wat hulle self rein hou (3:3) leef nie in sonde en in wetteloosheid nie (3:4). "The believer lives in the hope of becoming conformed to Jesus Christ, and the more he contemplates this truth the more he purifies himself of sin. He seeks to cleanse himself from sin that contaminates body and soul; constantly he strives for holiness in reverence to God (2 Cor. 7:1)."(Kistemaker, 2002b:296)

In 3:3 word 'n belangrike *telos* vir die openbaring van die wederkoms gestel, wat soos volg deur Akin (2001:137) verwoord word: "Now John reveals his reason for writing about the second coming of Christ. Our final state has an ethical and moral component for the present. With the use of the initial conjunction *kai* (absent in the NIV), John joins his previous eschatological thoughts with a moral, practical conclusion. There are practical implications associated with living the life of hope. Being born of God creates a vibrant hope for the future, one that motivates pure living in everyday life."

Die hoop waarvan sprake is in 3:3 berus immers op drie faktore: Christus se wederkoms, die feit dat gelowiges Hom sal sien en die feit dat gelowiges soos Hy sal word (Akin, 2001:138). Elkeen wat hierdie hoop in hom het, reinig homself voortdurend (Akin, 2001:138).

### 5.4.4 Konklusie

Johannes omskryf die doel van sy brief baie duidelik in 1 Johannes 5:13. Hy wil geloofsekerheid, veral die sekerheid van die ewige lewe, by sy lesers vestig. Hierdie sekerheid is net by Jesus Christus te kry. Die sekerheid van die ewige lewe is egter onlosmaaklik verbind aan die sekerheid van die wederkoms van Jesus Christus. In die hele brief en in al sy geskrifte in die Bybel gebruik Johannes slegs een keer die woord παρουσία (1 Johannes 2:28).

In 1 Johannes 2:18-27 waarsku Johannes die gelowiges teen die misleiding van die Antichris. Die salwing wat die gelowiges volgens 2:27 ontvang het en in hulle bly, vrywaar hulle egter van die misleiding van die Antichris. Hierdie salwing is ŉ verwysing na die Heilige Gees.

In 2:28 begin Johannes met ŉ nuwe afdeling van sy brief. Hy lui die afdeling in met dieselde opdrag waarmee hy die vorige afdeling afgesluit het: μένετε ἐν αὐτῷ. Die verskil is egter dat hy nou die opdrag om in die Here te bly motiveer met twee verwysings na die wederkoms.

Μένετε is ŉ bevel om met ŉ bestaande handeling aan te hou; om dus aan te hou om in die Here, Jesus Christus, te bly. “In Christus” moet openbaringshistories verstaan word en beteken om aan Christus te behoort, om betrek te wees by sy kruis en opstanding, om ingesluit te wees in sy heilswerk wat Hy plaasvervangend vir ons volbring het. So is die wat in Hom is van die sonde en die dood verlos en kry hulle deel aan die ewige heil wat Hy bewerk het.

Om in Christus te wees en te bly, is daarom veel meer as om net ŉ subjektiewe belewenis te ervaar; dit is om die status wat jy in Christus het as verloste kind van God te bewaar. Deur in Christus te bly, ontvang gelowiges met sy wederkoms toegangsreg tot Hom en tot die ewige lewe.

Uit Hebreërs 10:19 blyk dit duidelik dat gelowiges παρρησία, vrye toegangsreg tot God, het deur die bloed van Jesus Christus. So gesien is daar ŉ baie nou band tussen μένετε ἐν αὐτῷ en σχῶμεν παρρησίαν – beide is slegs moontlik deur die soenverdienste van Jesus Christus en μένετε ἐν αὐτῷ kan as voorwaarde van σχῶμεν παρρησίαν beskou word.

Mense wat egter nie in Christus is wanneer Hy weer kom nie, sal weg van Hom af tot skande gemaak word. Van belang vir die studie is dat die opdrag om aan te hou om in Christus te bly, deur die wederkoms van Christus gemotiveer word: En nou, liewe kinders, hou aan om in Hom te bly, sodat ons toegangsreg (tot Hom) kan hê wanneer Hy verskyn en sodat ons nie met sy wederkoms deur Hom in die skande gestel sal word nie.

Wanneer Christus met sy wederkoms verskyn, sal gelowiges wat in Christus is, toegangsreg tot Hom hê. Wanneer die παρουσία plaasvind, sal gelowiges wat in Christus is, nie voor Hom tot

skande gemaak word nie. Daar kan dus met reg afgelei word dat die wederkoms geopenbaar word as motivering om in Christus te bly, sodat die gelowige toegangsreg tot Hom kan hê en nie deur Hom tot skande gemaak sal word nie. Johannes wil παρρησία by die παρουσία bevorder.

In 2:29 word gelowiges aangemoedig om geregtigheid te doen, om te doen wat reg is. Hulle weet immers dat Jesus, Hy wat kom om te oordeel, regverdig is. Die wederkoms as tyd van oordeel word dus geopenbaar met die *telos* dat gelowiges sal doen wat reg is. In Johannes se denkraamwerk beteken om geregtigheid te doen om te bely dat Jesus die Seun van God is wat mens geword het, om jou te onderwerp aan sy boodskap van die opstanding wat deur die getuienis van die apostels oorgedra is, en om in liefde te lewe in die Christelike broederskap. Sulke mense het die versekering dat hulle uit God gebore is. Die wederkoms word dus nie net geopenbaar sodat gelowiges geregtigheid sal doen nie, maar ook sodat hulle daardeur geloofsekerheid sal verkry. Die *telos* van geloofsekerheid sluit aan by Johannes se *telos* met die skryf van sy brief (5:13).

Die verwysing na die wederkoms in 3:2 word weereens, net soos in 2:28a, aan die hand van φανερόω gedoen, en is inhoudelik verbind aan παρουσία in 2:28b en is daarom van belang vir hierdie afdeling van die studie.

In 3:2 word ŉ *telos* vir die openbaring van die wederkoms, soos volg verwoord: “Geliefdes, nou is ons kinders van God, maar dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie. Wat ons weet, is dat wanneer Hy verskyn, ons soos Hy sal wees, omdat ons Hom sal sien soos Hy is.” (Bybel, 2014) Die wederkoms word geopenbaar met die *telos* dat gelowiges sal weet dat hulle soos Christus sal wees wanneer Hy kom en ook dat hulle Hom sal sien soos Hy is.

Met die παρουσία sal ons Jesus Christus sien in sy glorie en dan sal ons ook deel in sy glorie. Die doel van die openbaring van die wederkoms is dus *kerugma* wat tot geloofsekerheid, geloofsvreugde en geloofsversterking lei.

In 3:3 word ŉ volgende *telos* vir die openbaring van die wederkoms gestel: “En elkeen wat hierdie vaste hoop op Hom het, hou homself rein, net soos Hy rein is.” (Bybel, 2014) Die wat hulleself rein hou, leef nie in sonde en in wetteloosheid nie. Hulle leef rein in die vaste hoop om soos Christus te word met sy wederkoms. In 3:3 word dus ŉ belangrike *telos* vir die openbaring van die wederkoms gestel: Dit moet lei tot ŉ rein, heilige lewe.

#### 5.4.4.1 Openbaringsdoelwitte

- Die wederkoms word geopenbaar met die doel dat gelowiges aangemoedig word om met volharding in Christus te bly; om die status wat hulle in Christus het as verloste kinders van God te bewaar (1 Joh. 2).

- Die doel van die openbaring van die wederkoms, as aansporing om in Christus te bly, is dat gelowiges toegangsreg tot Hom kan hê met sy wederkoms. Die doel is om παρρησία by die παρουσία te bevorder (1 Joh. 2).

- Mense wat egter nie in Christus is wanneer Hy weer kom nie, sal weg van Hom af tot skande gemaak word. Die wederkoms word geopenbaar met die *telos* dat die wat nie in Hom is nie, hulle tot Hom sal bekeer (1 Joh. 2).

- Die doel van die openbaring van die wederkoms as tyd van oordeel is om gelowiges aan te moedig om te doen wat reg is, om te bely dat Jesus die Seun van God is wat mens geword het, om hulle te onderwerp aan sy boodskap van die opstanding en om in liefde te lewe in die Christelike broederskap (1 Joh. 2).

- Die wederkoms word geopenbaar nie net sodat gelowiges geregtigheid sal doen nie, maar ook sodat hulle daardeur geloofsekerheid sal verkry (1 Joh. 2).

- Die wederkoms word as *kerugma* geopenbaar met die *telos* dat gelowiges sal weet dat hulle soos Christus sal wees wanneer Hy kom en ook dat hulle Hom sal sien soos Hy is (1 Joh. 2).

- Die doel van die openbaring van die wederkoms is *kerugma* wat tot geloofsekerheid, geloofsvreugde en geloofsversterking lei (1 Joh. 2).

- Die *telos* vir die openbaring van die wederkoms is dat gelowiges rein, dit is heilig, sal lewe (1 Joh. 3).

### 5.5 Samevattende konklusie

In die algemene briewe kom die volgende openbaringsdoelwitte van die wederkoms aan die hand van παρουσία voor:

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is dat gelowiges rustig sal wag en geduldig sal wees, sonder om te kla, ten spyte van moeilike omstandighede totdat die wederkoms plaasvind (Jak. 5:7-8).

- Die *telos* is voorts om die Here Jesus as Verlosser en as Regter te verwag. Die openbaringsdoelwit hiervan is dat gelowiges bemoedig sal word deur die *kerugma* dat die wederkoms die tyd van verlossing vir die gelowiges en veroordeling van die ongelowiges sal wees (Jak. 5:7-8).

- Die wederkoms word ook geopenbaar met die doelwit dat Christene nie reg in eie hande of wraak sal neem nie, maar berusting sal vind daarin dat daar 'n dag sal aanbreek wanneer al die teëslae in die wêreld omgekeer gaan word (Jak. 5:7-8).

- Die gelowiges word getroos en bemoedig deur die wete dat die wederkoms die afsnypunt is, die eindpunt waarby alle teëspoed en beproewings en verdrukking beëindig sal word (Jak. 5:7-8).

- Die wederkoms word geopenbaar as vergestalting van God se getrouheid aan sy beloftes. Die implisiete doelwit is dat gelowiges op die Here se belofte van die wederkoms sal vertrou (Jak. 5:7-8).

- Die wederkoms word geopenbaar met die doelwit dat die lesers hulle harte sal versterk, dat hulle hulleself innerlik sterk sal maak deur te wag op die wederkoms (Jak. 5:7-8).

- Die wederkoms word geopenbaar as naby. Daarmee word gelowiges getroos en bemoedig dat hulle geduld nie lank op die proef gestel sal word nie. Hiermee saam word gelowiges verseker dat die wederkoms beslis sal plaasvind (Jak. 5:7-8).

- Die wederkoms word as naby geopenbaar, sodat gelowiges altyd gereed sal wees daarvoor en in die geloof sal volhard (Jak. 5:7-8).

- Die wederkoms word geopenbaar met die *telos* dat Christene nie oor mekaar sal kla nie, sodat hulle nie geoordeel sal word nie (Jak. 5:9).

- Die wederkoms word as naby en as 'n tyd van oordeel geopenbaar, sodat gelowiges reg teenoor mekaar sal optree (Jak. 5:9).

- Die *telos* van die openbaring dat die Here Jesus as Regter sal kom, is *kerugma.* Daarmee word die oordeel, wat met die wederkoms gepaard sal gaan, beklemtoon. Hierdeur word gelowiges getroos, maar ook vermaan (Jak. 5:9).

- Die *telos* van die openbaring van die naby wees van die wederkoms is om verdrukte gelowiges daarmee te troos dat die verdrukkers binnekort deur die Regter veroordeel sal word (Jak. 5:9).

- Die lyding en die geduld van die profete en van Job word as voorbeeld voorgehou, sodat gelowiges sal weet dat die tyd voor die wederkoms ook lyding vir hulle sal inhou en geduld sal verg (Jak. 5:10-11).

- Die wederkoms word geopenbaar met die doel dat verkondigers van die Woord met geduld sal aanhou om die Evangelie te verkondig in die tyd wat die wederkoms voorafgaan, selfs al bring dit lyding oor hulle (Jak. 5:10-11).

- Gelowiges wat volhard, veral in hulle vertroue op God se belofte van die wederkoms, sal as geseënd beskou word (Jak. 5:10-11).

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is dat gelowiges sal volhard met die wete dat die Here ook met hulle lewens 'n doel het en dat Hy hulle sal troos en bystaan met sy medelye en ontferming (Jak. 5:10-11).

- Die wederkoms word geopenbaar as die tyd wanneer die vrug van die Here se medelye en sy ontferming tot volle openbaring sal kom in gelowiges wat soos Job volhard het (Jak. 5:10-11).

- Die doel van die openbaring van die wederkoms is om aan gelowiges die sekerheid te gee dat dit beslis sal plaasvind. Die sekerheid dat die wederkoms sal plaasvind, word bevestig deur die getuienis van die apostels, van dit wat hulle gesien en gehoor het, en ook deur die Skrif (2 Pet. 1:16-21).

- Die sekerheid van die wederkoms word verkondig, sodat gelowiges voorbereid kan wees en toegerus kan wees om dwaalleer, veral die dwaalleer dat die wederkoms nie sal plaasvind nie, te weerstaan en te weerlê (2 Pet. 1:16-21).

- Die wyse van wederkoms word geopenbaar as *kerugma*, sodat gelowiges kan weet dat dit met krag sal plaasvind en dat die eer en heerlikheid van Jesus Christus duidelik sal blyk (2 Pet. 1:16-21).

- Die wederkoms word verkondig met die *telos* dat die Evangelie van Jesus Christus volledig kan wees en so verkondig sal word (2 Pet. 1:16-21).

- Die wederkoms word verkondig, sodat gelowiges op die Skrif sal fokus en om hulle aan te moedig om daarmee te volhard tot met die wederkoms, sonder om op hulle eie uitleg te vertrou en deur te bly vashou aan die inspirasie van die Skrif deur die Heilige Gees (2 Pet. 1:16-21).

- Die wederkoms, wat beslis sal aanbreek, word verkondig as die gebeurtenis wat die waarheid van die Woord onteenseglik sal bevestig, sodat gelowiges die Woord onwrikbaar sal glo (2 Pet. 1:16-21).

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is *kerugma*, om kennis van die waarheid oor die wederkoms oor te dra (2 Pet. 3).

- Voorts word kennis oor die wederkoms geopenbaar, wat moet lei tot insig in sake wat met die wederkoms verband hou. So word die vermoë om gesonde, geestelike oordeel met betrekking tot die wederkoms aan die dag te lê, aangewakker (2 Pet. 3).

- Die *telos* is ook dat gelowiges aangemoedig word om gereed te maak vir die wederkoms (2 Pet. 3).

- Die feit dat daar spotters op die toneel sal verskyn wat die wederkoms betwyfel, word verkondig om die kennis aan die gelowiges oor te dra. Deur die argumente van die spotters te weerlê en deur die ware kennis oor te dra, word die lesers toegerus om self sulke spotters te weerlê (2 Pet. 3).

- Om gelowiges se kennis oor die spotters aan te vul, word verkondig dat hulle die eer van die Here sal aantas en dat hulle volgens hulle eie drange sal lewe, juis omdat hulle nie die wederkoms verwag nie. Hulle sal ŉ faktor wees om mee rekening te hou tot met die wederkoms (2 Pet. 3).

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is dat gelowiges nie onsedelik en wetteloos sal lewe nie, maar gehoorsaam en sedelik, juis omdat hulle die παρουσία verwag (2 Pet. 3).

- Die weerlegging van die spotters se argumente word verkondig om aan gelowiges sekerheid te gee oor die wederkoms. God het al ŉ slag die aarde geoordeel en Hy sal weer, want Hy tree konsekwent op (2 Pet. 3).

- Die oordeel en die vernietiging van goddelose mense, wat met die wederkoms gepaard sal gaan, word verkondig om gelowiges sekerheid te gee en te bemoedig (2 Pet. 3).

- Dit word geopenbaar dat die dag van die wederkoms ook die oordeelsdag sal wees. Die *telos* is duidelik: Sodat ongelowiges hulle sal bekeer en dat gelowiges bemoedig sal word (2 Pet. 3).

- Die komende oordeelsdag, wat saamval met die dag van die wederkoms, is voorts ook ŉ aanmoediging en ŉ oproep om alles in die stryd te werp om in Christus bevind te word (2 Pet. 3).

- Dit word verkondig dat God se tydsberekening met betrekking tot die wederkoms, anders is as mense s'n. Die feit dat die wederkoms nog nie plaasgevind het nie, is geen bewys dat die wederkoms nie sal plaasvind nie (2 Pet. 3).
- Die wederkoms word geopenbaar om die dwaasheid van mense wat dit betwyfel bloot te lê (2 Pet. 3).
- Dit word verkondig dat God genadetyd gee voor die wederkoms. Die *telos* hiervan is bekering (2 Pet. 3).
- 'n Baie duidelike *telos* vir die genadetyd voor die wederkoms is missionaal: Gelowiges moet die tyd uitkoop deur die Evangelie van verlossing in Christus te verkondig (2 Pet. 3).
- Dit word as *kerugma* geopenbaar dat daar beslis 'n tyd sal kom wanneer die genadetyd verstryk het en die dag van die Here, die dag van oordeel, onverwags sal aanbreek, sodat gelowiges nie deur die spotters van stryk gebring sal word nie, maar sal volhard in hulle vertroue op God se belofte (2 Pet. 3).
- Die wederkoms se onverwagsheid word verkondig sodat gelowiges heeltyd en altyd gereed sal wees daarvoor (2 Pet. 3).
- Dit word as *kerugma* bekendgemaak dat die dag van die wederkoms gepaard sal gaan met kosmiese katastrofes wat die skepping nie sal vernietig nie, maar deur vuur sal suiwer. Die *telos* is dat gelowiges die ernstige konsekwensies van die wederkoms ter harte sal neem en daarom 'n heilige lewe sal lei (2 Pet. 3).
- Oor die kosmiese katastrofe wat gaan plaasvind met die wederkoms, word die volgende as *kerugma* geopenbaar: (1) Die hemele sal met 'n gedruis tot 'n einde kom, (2) die elemente sal uitbrand en vergaan en (3) die aarde en wat daarop gedoen is, sal ontbloot word. Die *telos* van hierdie openbaring is om kennis oor die kosmiese katastrofe oor te dra (2 Pet. 3).
- Die wederkoms word ook geopenbaar met die doelwit dat gelowiges aan God toegewy sal wees deur vrug te dra (2 Pet. 3).
- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is dat gelowiges aangemoedig sal word om na die aanbreek van die dag van God uit te sien en dit te probeer bespoedig (2 Pet. 3).

- Die wederkoms word geopenbaar sodat gelowiges die dag sal bespoedig deur 'n heilige lewe te lei, deur te bid vir die wederkoms en deur die Evangelie te verkondig (2 Pet. 3).

- As *kerugma* word verkondig dat nuwe hemele en 'n nuwe aarde, waar geregtigheid woon, verwag kan word. Juis daarom moet gelowiges nou al so leef soos wat hulle op die nuwe aarde gaan leef (2 Pet. 3).

- Die *telos* van die openbaring dat Jesus Christus beslis weer gaan kom, dat alles vernietig sal word en dat die nuwe hemele en die nuwe aarde daargestel sal word, is: Sodat gelowiges daarna sal streef om deur Jesus Christus in vrede, vlekkeloos en onberispelik bevind te word (2 Pet. 3).

- Die genadetyd word verkondig met die *telos* dat gelowiges dit as 'n geleentheid tot verlossing sal beskou en aangryp (2 Pet. 3).

- Die feit dat die Here Jesus weer gaan kom om 'n volmaakte bedeling van geregtigheid daar te stel, word geopenbaar sodat gelowiges gretig daarna sal uitsien en sodat hulle hulle lewenswyse daarvolgens sal inrig (2 Pet. 3).

- As *kerugma* word verkondig dat die wederkoms die genadetyd sal beëindig en die verlossing nie dan meer beskikbaar sal wees nie. Gelowiges moet dus die tyd uitkoop en die geleentheid tot verlossing aangryp (2 Pet. 3).

- As *kerugma* word bekendgemaak dat doelbewuste verkeerde hantering van die Skrif tot die ondergang van mense wat dit doen, sal lei op die oordeelsdag (2 Pet. 3).

- Die *telos* van die openbaring van die sekerheid van die wederkoms, is dat gelowiges op hulle hoede sal wees om nie deur die dwaling van beginsellose mense meegesleur te word en so hulle eie standvastigheid te verloor nie (2 Pet. 3).

- Die sekerheid van die wederkoms word verkondig sodat gelowiges kan weet dat mense wat die sekerheid betwyfel, hulle eskatologiese erfenis in gevaar stel (2 Pet. 3).

- Die wederkoms word geopenbaar met die doelwit dat gelowiges sal sorg dat hulle aanhou groei in die genade en kennis van ons Here en Verlosser, Jesus Christus. Om dit te kan doen, moet die Skrif nie verdraai word nie (2 Pet. 3).

- Kennis van die waarheid oor die wederkoms word oorgedra om gelowiges op hulle hoede te stel teen beginsellose dwaalleraars en om hulle in staat te stel om nie deur hulle dwaling mislei te word nie (2 Pet. 3).

- Die wederkoms word verkondig met die *telos* dat gelowiges 'n gesonde Skrifkennis sal hê en die Skrif verantwoordelik en reg sal hanteer (2 Pet. 3).

- Die wederkoms word verkondig as aanmoediging om toe te neem in die genade in Christus (2 Pet. 3).

- Die wederkoms word verkondig met die *telos* dat Jesus Christus verheerlik sal word. Die hoogste eer moet aan Hom gegee word, want die verlossing van die gelowiges en die volharding van die gelowiges is by uitstek aan Hom te danke (2 Pet. 3).

- Die dag van die wederkoms word verkondig as die dag waarop die ewige heerlikheid sal aanbreek, sodat gelowiges die Here Jesus sal vereer (2 Pet. 3).

- Die wederkoms word geopenbaar met die doel dat gelowiges aangemoedig word om met volharding in Christus te bly, om die status wat hulle in Christus het as verloste kinders van God, te bewaar (1 Joh. 2).

- Die doel van die openbaring van die wederkoms, as aansporing om in Christus te bly, is dat gelowiges toegangsreg tot Hom kan hê met sy wederkoms. Die doel is om παρρησία by die παρουσία te bevorder (1 Joh. 2).

- Mense wat egter nie in Christus is wanneer Hy weer kom nie, sal weg van Hom af tot skande gemaak word. Die wederkoms word geopenbaar met die *telos* dat die wat nie in Hom is nie, hulle tot Hom sal bekeer (1 Joh. 2).

- Die doel van die openbaring van die wederkoms as tyd van oordeel is om gelowiges aan te moedig om te doen wat reg is, om te bely dat Jesus die Seun van God is wat mens geword het, om hulle te onderwerp aan sy boodskap van die opstanding en om in liefde te lewe in die Christelike broederskap (1 Joh. 2).

- Die wederkoms word geopenbaar, nie net sodat gelowiges geregtigheid sal doen nie, maar ook sodat hulle daardeur geloofsekerheid sal verkry (1 Joh. 2).

- Die wederkoms word as *kerugma* geopenbaar met die *telos* dat gelowiges sal weet dat hulle soos Christus sal wees wanneer Hy kom en ook dat hulle Hom sal sien soos Hy is (1 Joh. 2).

- Die doel van die openbaring van die wederkoms is *kerugma* wat tot geloofsekerheid, geloofsvreugde en geloofsversterking lei (1 Joh. 2).

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is dat gelowiges rein, dit is heilig, sal lewe (1 Joh. 3).

# Hoofstuk 6: DIE *TELOS* VAN DIE OPENBARING VAN DIE WEDERKOMS AAN DIE HAND VAN ΑΠΟΚΑΛΥΨΙΣ, ΑΠΟΚΑΛΥΠΤΩ; ΕΠΙΦΑΝΕΙΑ EN ΦΑΝΕΡΟΩ

In hierdie hoofstuk word ondersoek ingestel na die *telos* van die openbaring van die wederkoms aan die hand van die drie ander wederkomswoorde wat gewoonlik, uitgesonderd παρουσία, met die wederkoms van Jesus Christus geassosieer word, te wete ἀποκάλυψις, ἀποκαλύπτω; ἐπιφάνεια en φανερόω (vgl. 1.3). Die twee meer algemene woorde, wat net soms met die wederkoms geassosieer word, naamlik ἔρχομαι en ἡμέρα (vgl. 1.3) kom onderskeidelik in hoofstuk 7 en hoofstuk 8 aan die orde. Die hoofstuk word soos volg ingedeel:

Die *telos* van die openbaring van die wederkoms aan die hand van ’αποκάλυψισ, ’αποκαλύπτω (6.1).

Die *telos* van die openbaring van die wederkoms aan die hand van ἐπιφάνεια (6.2).

Die *telos* van die openbaring van die wederkoms aan die hand van φανερόω (6.3).

## 6.1 Die *telos* van die openbaring van die wederkoms aan die hand van ἀποκάλυψισ, ἀποκαλύπτω

Die begrippe ἀποκάλυψις en ἀποκαλύπτω is reeds geïdentifiseer as begrippe wat gebruik word om die wederkoms van ons Here Jesus Christus mee aan te dui (1.3).

In hierdie afdeling word daar ’n woordstudie, diakronies en sinkronies, van die twee begrippe gedoen. Voorts word die gebruik van die begrippe in die Nuwe Testament nagegaan en word vasgestel wat die *telos* van die openbaring van die wederkoms is aan die hand van die begrippe ἀποκάλυψις en ἀποκαλύπτω.

### 6.1.1 Woordstudie van ἀποκάλυψις en ἀποκαλύπτω

#### 6.1.1.1 Diakroniese woordstudie

6.1.1.1.1 BDAG

Volgens die BDAG (2000:112) word ἀποκάλυψις gebruik in die letterlike betekenis van die ontbloting van iets deur die bedekking weg te neem, soos om ’n hoofbedekking af te haal, maar die woord word nie in die Nuwe Testament so gebruik nie. In die Nuwe Testament en in die vroeg-Christelike literatuur het ἀποκάλυψις die volgende hoofbetekenisgebruike, aldus die BDAG:

“1. Making fully known, *revelation, disclosure,*

2. as part of a book title *Revelation.*”

Dit is duidelik dat net die eerste betekenisgebruik hier ter sprake is. Volgens die BDAG is daar drie moontlike gebruike van die eerste betekenis: Om die waarheid bekend te maak, om iets deur visioene te openbaar en om geheime oor die laaste dae te openbaar. Die derde betekenismoontlikheid is hier ter sprake en die BDAG maak ŉ direkte verwysing na die wederkoms: “Of the parousia ἐν ἀποκαλύψει” en verwys na 1 Petrus 1:7, 13, 1 Korintiërs 1:7 en 2 Tessalonisense 1:7.

Die werkwoordvorm, ἀποκαλύπτω, word soos volg deur die BDAG (2000:112) verklaar: “ … the literal sense ‘uncover’ as of head” en word gebruik in die betekenis van “to cause something to be fully known, *reveal, disclose, bring to light, make fully known.”*

Onder andere word daar op die volgende gebruike van die woord gewys: “ … of the revelation of certain persons and circumstances in the endtime”, soos byvoorbeeld die Seun van die Mens in Lukas 17:30 en die mens van wetteloosheid in 2 Tessalonisense 2:3, 6, 8. Die woord word ook gebruik in verband met die finale oordeel in 1 Korintiërs 3:13.

6.1.1.1.1.1 Konklusie

Beide die selfstandige naamwoordvorm en die werkwoordvorm kan gebruik word om die wederkoms van Christus mee aan te dui. Die gebruik van ἀποκάλυψις en ἀποκαλύπτω met betrekking tot die wederkoms dui aan dat Jesus Christus volledig kenbaar bekendgemaak en geopenbaar word.

6.1.1.1.2 TDNT

In die deeglike navorsing van Oepke (1964a:556-592) oor die betekenisgebruik van die woorde ἀποκαλύπτω en ἀποκάλυψις, behandel hy die volgende woorde almal saam in die betrokke lemma: καλύπτω, κάλυμμα, ἀνακαλύπτω, κατακαλύπτω, ἀποκαλύπτω en ἀποκάλυψις. Aangesien hierdie studie fokus op die telos van die openbaring van die wederkoms word daar slegs kortliks aandag gegee aan καλύπτω, κάλυμμα, ἀνακαλύπτω en κατακαλύπτω, ook net om vas te stel of dit enige lig werp op die verstaan van ἀποκαλύπτω en ἀποκάλυψις.

**a. Καλύπτω**

Die basiese betekenisgebruik van καλύπτω is om iets weg te steek of selfs in die grond te begrawe. In die Nuwe Testament word die woord letterlik en figuurlik gebruik. Oepke (1964a:557) verwys by die letterlike gebruik onder andere na Matteus 8:24, waar golwe die boot

"verberg" en na Lukas 8:16 waar ŉ lamp met iets (soos ŉ emmer) "toegemaak word". By die figuurlike gebruik verwys hy onder andere na Matteus 10:26 waarin dit gestel word dat niks bedek is wat nie bekendgemaak (geopenbaar) sal word nie.

Hieruit is dit duidelik dat ἀποκαλύπτω en ἀποκάλυψις die teenoorgestelde is van om iets te begrawe, of om iets te bedek, of om iets weg te steek.

**b. Κάλυμμα.**

Volgens Oepke (1964a:558) is daar baie betekenisse in die vroeë literatuur aan die woord geheg, maar die enigste wat van teologiese betekenis is, is hoofbedekking of sluier. Hy noem onder andere die voorbeeld in 2 Korintiërs 3:7-18 waar Paulus na Moses se sluier verwys en dit figuurlik toepas op mense wat nie die Evangelie kan of wil verstaan nie. Hulle verstand is versluier, maar by die wat in Christus glo, is die sluier weggeneem en is die waarheid geopenbaar. Die afleiding kan daarom gemaak word dat ἀποκαλύπτω en ἀποκάλυψις kan beteken om die sluier weg te neem of om ontsluier te wees sodat die waarheid ontbloot of geopenbaar kan word en iets bekend en verstaanbaar kan wees.

**c. Ανακαλύπτω**

Die woord word gebruik met die betekenis van om te "ontdek" (ont-dek, "uncover"); om ŉ pakkie oop te maak, sodat die inhoud geopenbaar kan word en ook om die ware karakter van iemand te openbaar (Oepke, 1964a:560). Die woord kom in die Nuwe Testament slegs in 2 Korintiërs 3:14 en 18 voor waar dit gaan oor die wegneem van die sluier van onverstaanbaarheid. "Here we have ἀνακαλύπτω in the literal sense, though applied metaphorically. The expression is in contrast to v. 13 and especially v. 15. It gives concise and forceful expression to the immediacy and absoluteness of revelation and fellowship with God in the NT."

**d. Κατακαλύπτω**

Buite die Nuwe Testament het die woord die betekenisgebruik om ŉ sluier oor (jouself) te sit. In die Nuwe Testament word die woord slegs in 1 Korintiërs 11:6 e.v. gebruik waar dit daaroor gaan dat vroue nie sonder ŉ hoofbedekking moet bid of profeteer nie (Oepke, 1964a:561).

Αποκαλύπτω, ἀποκάλυψις word gewoonlik in die betekenis gebruik van 'to reveal' en 'revelation' (Oepke,1964a:564), maar Oepke wys ook daarop dat daar buitengewone probleme is met die verklaring van hierdie woorde aangesien talle verklaarders voorveronderstellings in die verklaring van die woorde indra: "Because of ecclesiastical dogmatics, or some philosophy of the period, an unclarified preunderstanding of the subject is often imported into the normal translations 'to reveal' and 'revelation'." Daar kan met Oepke (1964a:564) saamgestem word as

hy sê: “We must ask whether this pre-understanding conforms to the data of the NT, whether it does not threaten to undermine these data from the very first. On the other hand, we cannot take refuge in a purely philological exposition of the relevant passages, e.g., by employing such literal renderings as ‘to disclose’ or ‘to unveil.’ For this would imply evasion of the theological issue.”

Ongelukkig verval Oepke self grootliks in ŉ filosofies-teologiese bespreking oor wat (Gods)openbaring is, wat nie noodwendig lig werp op die gebruik van die woorde ἀποκαλύπτω en ἀποκάλυψις wanneer die wederkoms ter sprake is nie.

Daar word dus slegs kortliks aandag gegee aan Oepke se standpunt oor die Ou-Testamentiese agtergrond van die woorde en hoe die woorde ἀποκαλύπτω en ἀποκάλυψις in die Nuwe Testament gebruik word, wat, soos reeds aangedui, eintlik ŉ bespreking oor Godsopenbaring is.

**i. Openbaring in die Ou Testament.**

Die Ou-Testamentiese godsdiens ken en gebruik baie openbaringsmiddele wat ooreenkom met ander godsdienste, soos byvoorbeeld tekens en wonders, mense wat deur die Gees van God begiftig is, sieners, drome en hulle uitlegte, die Urim en die Tummim, priesterlike aanwysings, ekstase en profesieë. Verskillende wyses ter voorbereiding om openbarings te ontvang, soos byvoorbeeld om te vas, kom voor (Oepke, 1964a:571).

By Israel is daar egter ŉ nuwe en unieke manier van openbaring: “The OT finds the distinctive point in the fact that Yahweh, the God of Israel, is the living God (אֵל חַי Jos. 3:10; אֱלֹהִים חַי Is. 37:4; אֱלֹהִים חַיִּים Dt. 5:23; Jer. 10:10 etc., in distinction from empty idols, אֱלִילִים Is. 2:8; Ps. 96:5; 97:7 etc.).” (Oepke, 1964a:571) Volgens Oepke lê die verskil tussen die openbaring van God en gode in die volgende:

a. Jahweh openbaar Homself as die God van die geskiedenis.

b. Hy openbaar Homself as heilig en genadig.

c. Hy openbaar Homself as die Skepper en Onderhouer van die wêreld.

Waar daar gewoonlik by ander volke beperkings op die openbaring van gode gestel is, kom dit nie in die Ou Testament voor nie. Alhoewel God Israel as sy uitverkore volk gekies het, beperk Hy nie sy openbaring tot hulle nie, maar maak Hy as die enigste ware God Hom ook aan ander volke en gelowe bekend: “He declares Himself to all nations in His judgments (Is. 13 ff.; Jer. 25:12 ff.; Am. 1:3–2:3; Na. 1–3; Zeph. 2:8 ff.), but also in His blessings (Am. 9:7). The OT can even admit the thought that Yahweh summons other peoples to repentance by prophetic

preaching (Jon. 3:4 ff.; 4:11). One day all nations will share the revelation of salvation (Is. 2:2–4; Mi. 4:1–3)." (Oepke, 1964a:574)

Volgens Oepke word die uniekheid van die Ou-Testamentiese openbaring veral daarin gevind dat die toekoms so 'n groot rol speel: "OT belief in revelation is directed to that which is to be." (Oepke, 1964a:576)

### ii. Openbaring in die Nuwe Testament

Die Nuwe-Testamentiese konsep van Godsopenbaring is 'n voortsetting van die Ou-Testamentiese konsep: "The NT inherits OT revelation. The God of the NT is the same as that of the OT, not in the sense of an absolute identity of conception, but in the sense of a continuity of salvation history. The NT constantly presupposes the OT. This connection is basic to its view of revelation", aldus Oepke (1964a:580).

In die sinoptiese evangelies kom die volgende gebruike voor: Die getuienis van Johannes die Doper (Matteus 3:2 e.v.) en ook die aanvanklike prediking van Jesus (Markus.1:15 e.v.) impliseer dat God kom en dat Hy sy koninkryk gaan vestig. Jesus maak dit duidelik dat Hy nie net die koninkryk proklameer nie, maar dat Hy die koninkryk is. Die koninkryk is in Hom alreeds teenwoordig as 'n eskatologiese werklikheid: "He is the corporeal revelation of God, though at first concealed as everything divine is in this aeon. He is the heavenly Son of Man who will come on the clouds (Mk. 8:38; 14:62 etc.)." (Oepke:1964a:580)

Van belang vir die studie is Oepke (1964a:581) se standpunt: "The meaning of ἀποκαλύπτειν in respect of Jesus is basically that He Himself will be revealed, that He will appear, at the *parousia* (Lk. 17:30). The previous concealment is now replaced by Messianic *doxa*. But this future *doxa* may be seen already in the present *doxa*. The only point is that enlightened eyes are needed to see it."

Die gebruik van ἀποκαλύπτω en ἀποκάλυψις in verband met Jesus Christus dui dus op sy bekendmaking, sy openbaring by sy wederkoms, in heerlikheid. Hy vervul en realiseer die profesieë van die Ou Testament en Hy vervul die openbaring van die God van die verbond. Dit gebeur wanneer Hy geopenbaar word by sy wederkoms.

Die eerste Christelike gemeenskap het geglo dat die Messias wat gekom het ook die Een is wat sal kom. Tans is Hy in die hemel, maar eendag sal Hy geopenbaar word (Hd. 3:21): "The understanding of revelation in the primitive community is even more orientated to the future than that of Jesus Himself." (Oepke,1964a:582)

In die Nuwe-Testamentiese briewe is openbaring nie net die ontvang van kennis nie, maar dit is om God te leer ken aangesien Hy na die mens toe gekom het: “In the period which followed, revelation was again understood, not as an impartation of supernatural knowledge, but as the coming of God, as the disclosure of the world to come, which took place in a historical development up to the person and death and resurrection of Jesus in the last time (1 C. 10:11; Hb. 1:1 f.) and which will culminate in the cosmic catastrophe at the end of history.” (Oepke, 1964a:582, 583) Openbaring is dus hiervolgens God wat na die mens toe kom, sodat die mens Hom kan ken.

Die Nuwe-Testamentiese briewe is sterk eskatologies gerig: “In the epistles, too, its true locus is in eschatology. This gives us the basic sense of ἀποκάλυψις Ἰησοῦ Χριστοῦ (1 C. 1:7; 2 Th. 1:7; 1 Pt. 1:7, 13) The genitive is shown to be objective by the parallel ἀποκάλυψις τῶν υἱῶν τοῦ θεοῦ in R. 8:19. Both are elucidated by the use of φανεροῦσθαι in Col. 3:4. At the *parousia* the exalted Christ, who is still hidden in God, will be revealed in glory, and believers with Him.” (Oepke, 1964a:583) In Oepke se standpunt is dit duidelik dat ἀποκάλυψις veel meer is as net die aankoms van Jesus met sy wederkoms, maar dat in sy aankoms God en sy Woord en sy raadsplan geopenbaar word as vervulde waarheid.

Daarom kan daar ook sprake wees van die ἀποκάλυψις van die δόξα van Christus of van die gelowiges, of van hulle σωτηρία (1 Pt. 4:13; 1:5; 5:1; Rm. 8:18). Dit sal voorafgegaan word deur die ἀποκάλυψις δικαιοκρισίας τοῦ θεοῦ (Rm. 2:5). “The day of judgment will be manifested in fire (ἐν πυρὶ ἀποκαλύπτεται, 1 C. 3:13), and it will put every man’s work to the test. It can even be said that the hellish counterpart of the Messiah, Antichrist, will be revealed (2 Th. 2:3, 6, 8). This, too, is an eschatological happening, though it takes place in history. It is the final intimation of the end.” (Oepke, 1964a:583)

Volgens Oepke staan die hele openbaringsgeskiedenis in die lig van die openbaring wat sal plaasvind by die wederkoms van Christus. Die wederkoms is immers Godsopenbaring.

Johannes het nie die woorde ἀποκαλύπτω en ἀποκάλυψις in sy Evangelie of sy briewe gebruik nie en tog speel openbaring ŉ belangrike rol in die geskrifte: “Referring the Logos concept to Jesus, it gives most comprehensive expression to the absolute claim of Christianity to revelation. The point of this usage is not to bind revelation to natural thought and being, but conversely to bind all creation in its total range to revelation in Christ.” (Oepke, 1964a:787)

In die boek Openbaring is die konsep van Godsopenbaring nou verbonde aan die toekoms en dit is reeds uit die naam van die boek, ’Αποκάλυψις Ἰησοῦ Χριστοῦ, af te lei. “In this eschatological orientation and the related visionary apparatus the last book of the NT shows

great affinity to the Jewish apocalyptic to which it has given its name. But it is closer to genuine prophecy and has more of the content of biblical revelation." (Oepke, 1964a:589)

Dit lyk met die eerste oogopslag asof φανεροῦν en ἀποκαλύπτειν volledige sinonieme is en beide word merendeels in die passiewe vorm gebruik. Daar blyk egter 'n verskil te wees as die voorkoms van die gebruik van die woorde nagegaan word: "In the Synoptics, apart from the conclusion to Mk., we find φανεροῦν only at Mk. 4:22, where Mt. and Lk. have ἀποκαλύπτειν. It does not occur at all in Gl., Phil., Th., Jm. and 2 Pt. On the other hand, it is common in Jn. and 1 Jn., 2 C., Col. and Past. ἀποκαλύπτειν, however, is common in the Synoptics, in most of Paul's epistles and in 1 Pt., but it is never found in Jn. (12:38 is a quotation), in 1–3 Jn. or in Col." (Oepke, 1964a:590)

Hieruit lei Oepke af dat ἀποκαλύπτειν basies Joods en vroeg-Christelik is, terwyl φανεροῦν óf neutraal is óf gnosties. Daarby vereis ἀποκάλυψις altyd 'n Goddelike wilsbesluit.

Oepke (1964a:591) kom tot die gevolgtrekking dat openbaring in die Nuwe Testament "denotes, not the impartation of knowledge, but the actual unveiling of intrinsically hidden facts, or, theologically, the manifestation of transcendence within immanence. What is meant cannot be expressed in purely formal terms, e.g., the crisis of the finite in the light of the infinite etc." Openbaring behels dat die heilige en genadige God na mense draai wat verlore is in hulle sonde en die dood. "This is prepared in the salvation history of the OT and actualised in the incarnation, crucifixion and resurrection of Jesus Christ." Volgens hom wag die openbaring van God nou op voltooiing met die *parousia*. "In brief, revelation in the NT is the self-offering of the Father of Jesus Christ for fellowship." Openbaring is dus God wat Homself bekendstel en oopstel vir gemeenskap met sy kinders.

**iii. Konklusie**

Oepke bespreek die wese van (Gods)openbaring, meer as wat hy op die betekenisgebruike van ἀποκαλύπτω en ἀποκάλυψις ingaan. Wat egter wel van waarde is vir die studie is dat ἀποκαλύπτω en ἀποκάλυψις 'n wilsbesluit van God vereis. Voorts kan die belangrike afleiding gemaak word dat wanneer ἀποκαλύπτω en ἀποκάλυψις met betrekking tot die wederkoms van Jesus Christus gebruik word, die wederkoms eintlik openbaring in sigself is. Wanneer ἀποκαλύπτω en ἀποκάλυψις met verwysing na die wederkoms van Christus gebruik word, is dit veel meer as net die opdaag of die verskyning van Jesus, maar word God en sy Woord en sy raadsplan en sy verbond geopenbaar, vervul en verwesenlik. Met die wederkoms openbaar God Homself, stel Hy Homself bekend en oop vir gemeenskap met sy kinders.

### 6.1.1.2 Sinkroniese woordstudie van ἀποκαλύπτω en ἀποκάλυψις

Louw en Nida (1996b:28) gee die vertaling van ἀποκαλύπτω en ἀποκάλυψις, εως *f* onderskeidelik aan as “reveal” (28.38) en “revelation” (28.38).

Die woorde word in die hoofdomein 28 “Know” (Louw & Nida,1996a:334) ingedeel. Die omliggende domeine, wat naby verwant in betekenis is, is 27 “learn”; 29 “memory and recall”; 30 “think”; 31 “hold a view, believe, trust” en 32 “understand”. Indien hoofdomein 28 met die omliggende hoofdomeine vergelyk word, word die volgende duidelik: Woorde in hierdie domein (28) het daarmee te make dat jy sekere kennis het wat jy nie geleer of onthou het nie. Jy het dit ook nie self bedink nie en dit is nie noodwendig verstaanbare kennis nie.

Uit die hoofdomein waarby ἀποκαλύπτω en ἀποκάλυψις ingedeel is, is dit duidelik dat kennis van ŉ saak, die ken van ŉ saak, by hierdie woorde ŉ belangrike rol speel. Die feit dat die woorde by C “Well Known, Clearly Shown, Revealed (28.28–28.56)” ingedeel word, maak dit duidelik dat Jesus Christus en alles wat met Hom verband hou by sy openbaring, by sy wederkoms, ten volle kenbaar sal wees; geopenbaar sal wees.

Die subdomeine van hoofdomein 28 is:

“A Know (28.1–28.16)

B Known (the content of knowledge) (28.17–28.27)

C Well Known, Clearly Shown, Revealed (28.28–28.56)

D Able To Be Known (28.57–28.67)

E Not Able To Be Known, Secret (28.68–28.83)” (1996a:334).

Die begrippe ἀποκαλύπτω en ἀποκάλυψις word by C “Well Known, Clearly Shown, Revealed (28.28–28.56)” ingedeel. Indien C met die ander subdomeine vergelyk word, blyk dit te gaan oor kennis wat goed bevat is, aangesien dit duidelik bekendgemaak of geopenbaar is.

Die begrippe ἀποκαλύπτω en ἀποκάλυψις word verklaar as “to uncover, to take out of hiding,” maar daar word daarop gewys dat die gebruik in die Nuwe Testament slegs in die figuurlike sin is, en daarom word die begrippe verklaar as “to cause something to be fully known—‘to reveal, to disclose, to make fully known, revelation’” (Louw & Nida, 1996a:339).

Indien 28.38, ἀποκαλύπτω en ἀποκάλυψις, met die ander woorde in die sub-domein (28.28-28.56) vergelyk word, is dit duidelik dat al hierdie woorde betrekking het op kennis wat goed bevat word, wat “well known” en “clearly known” is. Die verskil is egter dat by ἀποκαλύπτω en

ἀποκάλυψις daar ŉ doelbewuste "veroorsaking" van die welbekende kennis is, dit wil sê dat die kennis geopenbaar word, bekendgemaak word.

ŉ Woord wat ook vir die wederkoms van die Here Jesus gebruik kan word, naamlik 28.36, φανερόω, kom ook in die subdomein voor en word in 6.3 bespreek. Waar die verklaring by ἀποκαλύπτω "to cause something to be fully known" is, is die verklaring by φανερόω "to cause something to be fully known by revealing clearly and in some detail". Die wyse van bekendmaking is dus meer gedetailleerd by φανερόω as by ἀποκαλύπτω.

Weereens moet die leemte vermeld word dat Louw en Nida geen melding maak van die wederkoms by die verklaring van hierdie woorde nie en dat daar geen hoofdomein of subdomein is vir die woorde wat die wederkoms as inhoud het nie.

6.1.1.2.1 Konklusie

Die woorde ἀποκαλύπτω en ἀποκάλυψις, waar dit vir die wederkoms gebruik word, verwoord die feit dat Jesus Christus en alles wat met Hom verband hou ten volle kenbaar sal wees by sy wederkoms. By sy wederkoms sal Hy inderdaad volledig kenbaar en ten volle geopenbaar wees.

#### 6.1.1.3 Samevattende konklusie

Uit die diakroniese en die sinkroniese woordstudie blyk dit dat beide die selfstandige naamwoordvorm en die werkwoordvorm gebruik kan word om die wederkoms van Christus mee aan te dui. Die gebruik van ἀποκάλυψις en ἀποκαλύπτω met betrekking tot die wederkoms dui aan dat Jesus Christus, en alles wat met Hom verband hou, volledig kenbaar bekendgemaak en geopenbaar word. Hierdie openbaring vereis ŉ wilsbesluit van God. Die wederkoms sal ook Godsopenbaring in sigself wees. Dit is dus veel meer as net die opdaag of die verskyning van Jesus. God en sy Woord en sy raadsplan en sy verbond sal geopenbaar, vervul en verwesenlik word.

Met die wederkoms openbaar God Homself, stel Hy Homself bekend en oop vir gemeenskap met sy kinders.

6.1.1.3.1 Finale betekenisdefinisie

Op grond van die samevattende konklusie kan die volgende betekenisdefinisie van ἀποκαλύπτω en ἀποκάλυψις gemaak word:

Dit is die Godgewilde openbaring van Jesus Christus met sy wederkoms, sodat God, sy Woord, sy raadsplan en sy verbond volledig geopenbaar, vervul en verwesenlik kan wees en Hy vir ewig in gemeenskap met sy kinders kan wees.

### 6.1.2 Die *telos* van die openbaring van die wederkoms aan die hand van ἀποκαλύπτω en ἀποκάλυψις

In hierdie afdeling word die gebruik van ἀποκαλύπτω en ἀποκάλυψις nagegaan en openbaringsdoelwitte, waar hierdie begrippe in verband met die wederkoms gebruik word, geïdentifiseer. Aangesien die studie besondere klem lê op παρουσία, word die *telos* van die openbaring van die wederkoms aan die hand van die ander geïdentifiseerde woorde slegs oorsigtelik gedoen.

#### 6.1.2.1 ἀποκαλύπτω

Die woord ἀποκαλύπτω kom 26 keer in die Nuwe Testament voor en in 10 Nuwe-Testamentiese boeke (vgl. Wigram & Winter, 1978: 70).

Indien die 26 keer wat ἀποκαλύπτω in die Nuwe Testament voorkom, nagegaan word, is dit duidelik dat net een spesifiek op die wederkoms van Christus dui, naamlik Lukas 17:30 (vgl. DBAG, 2000:112).

6.1.2.1.1 Lukas 17:30

κατὰ τὰ αὐτὰ ἔσται ᾗ ἡμέρᾳ ὁ υἱὸς τοῦ ἀνθρώπου **ἀποκαλύπτεται.**

“Dit sal net so wees op die dag wanneer die Seun van die Mens **geopenbaar word**.”

Lukas 17 vorm deel van die Profetiese Rede en het heelwat ooreenkomste met Matteus 24, wat reeds behandel is (3.1).

Jesus is besig om die mense te waarsku teen oorgerustheid en hy gebruik die mense in Noag en in Lot se tyd as voorbeelde. Hoewel hier duidelik van oordeel sprake is, is die hoofpunt van vergelyking die feit dat die mense onverhoeds betrap sal word deur die wederkoms van Jesus Christus (Stein, 1992:440). So sal dit ook wees op die dag wanneer die Seun van die mens geopenbaar sal word – die mense sal ook onverhoeds betrap word soos in die tyd van Noag en Lot.

Oor die begrip “die Seun van die Mens” word hier nie verder ingegaan nie aangesien dit reeds gedoen is by die hantering van Matteus 24 (vgl. 3.1.4.1). Die gevolgtrekking wat gemaak is omtrent die betekenis van die “Seun van die Mens” word egter net herhaal: Wanneer die titel

“Seun van die Mens” vir Jesus Christus gebruik word en wanneer dit aan die wederkoms verbind word, word sy Godheid, sy Koningskap, sy Middelaarskap en sy ewige regering beklemtoon (vgl. 3.4.1.1).

Hoewel die hoofpunt van vergelyking nie oordeel is nie, maar oorgerustheid, is hier tog ook sprake van oordeel.

Die wederkoms word dus geopenbaar om oorgerustheid teen te werk en om mense op te roep om gereed te wees vir die wederkoms (Sproul, 1999:329). Opvallend is dat hier twee begrippe gebruik word wat beide na die wederkoms kan verwys. Buiten ἀποκαλύπτεται word ᾗ ἡμέρᾳ ook gebruik, wat in hoofstuk 8 bespreek sal word.

6.1.2.1.1.1 Openbaringsdoelwit

- Die wederkoms word verkondig met die *telos* om te waarsku teen oorgerustheid en sodat mense gereed sal wees vir die wederkoms (Luk. 17:30).

### 6.1.2.2 ἀποκάλυψις

Die woord ἀποκάλυψις kom 18 keer in die Nuwe Testament voor en in nege Nuwe-Testamentiese boeke (Vgl. Wigram en Winter, 1978:70). Van die 18 keer wat die woord gebruik word, word dit vyf keer met betrekking tot die wederkoms van Jesus Christus gebruik – Myers (1987:920) toon aan dat ἀποκάλυψις met die betekenis van wederkoms in die volgende Skrifgedeeltes voorkom: 1 Korintiërs 1:7; 2 Tessalonisense 1:7; 1 Petrus 1:7, 13 en 4:13.

6.1.2.2.1 1 Korintiërs 1:7

ὥστε ὑμᾶς μὴ ὑστερεῖσθαι ἐν μηδενὶ χαρίσματι ἀπεκδεχομένους τὴν **ἀποκάλυψιν** τοῦ κυρίου ἡμῶν Ἰησοῦ Χριστοῦ·

“ ... sodat julle, terwyl julle wag op die **openbaarmaking** van ons Here Jesus Christus, nie in enige genadegawe tekort skiet nie.”

In die inleiding van sy eerste brief aan die Korintiërs (1:4, 5) noem Paulus die goeie hoedanighede van die gemeente, wat die vrug van God se genade aan hulle is en waarvoor hy God dank (Ciampa & Rosner, 2010:53). Een van die goeie hoedanighede wat hy noem, is dat die getuienis van Jesus so stewig onder hulle gevestig is (1:6) dat hulle wag op die openbaring (wederkoms) van ons Here Jesus Christus (1:7). “The Corinthians had received largely the gifts of the Spirit: the consequence was they waited with patience and desire for the revelation of Christ, when they should enter on that inheritance of which those gifts are the foretaste and pledge.” (Hodge, 1857:9) ’n Gesonde wederkomsverwagting is dus die vrug van genadegawes

wat God gee. Die Korintiërs se wederkomsverwagting word deur Fausset (1997b:263) “the crowning proof of their ‘coming behind in no gift’” genoem.

1 Korintiërs 1:7 kan ook só geïnterpreteer word: Die Korintiërs is vol goeie hoedanighede terwyl hulle wagtend is op die koms van die Here. Indien dit so is, dan is die wag op die wederkoms bepalend daarvoor dat hulle goeie hoedanighede het.

Uit 1 Korintiërs 1:4-7 kan afgelei word dat ŉ wederkomsverwagting inherent deel van ŉ gemeente en van ŉ gelowige se geloofmondering moet wees en ook dat ŉ wederkomsverwagting goeie hoedanighede in gemeentes en gelowiges stimuleer (vgl. Groenewald, 1980a:21).

Die wederkoms word derhalwe in 1:7 verkondig, sodat gelowiges daarop sal wag en sodat goeie hoedanighede in hulle gestimuleer kan word.

6.1.2.2.1.1 Openbaringsdoelwitte

- Die wederkoms word verkondig, sodat gelowiges daarop sal wag en sodat goeie hoedanighede in hulle gestimuleer kan word (1 Kor. 1:7).

6.1.2.2.2 2 Tessalonisense 1:7

καὶ ὑμῖν τοῖς θλιβομένοις ἄνεσιν μεθ’ ἡμῶν, ἐν τῇ **ἀποκαλύψει** τοῦ κυρίου Ἰησοῦ ἀπ’ οὐρανοῦ μετ’ ἀγγέλων δυνάμεως αὐτοῦ

“ ... en verligting te gee aan julle wat saam met ons verdruk word. Hy sal dit doen deur die **openbaring** van die Here Jesus uit die hemel saam met sy magtige engele ...”

Paulus is besig om die Tessalonisense te bemoedig in hulle vervolging (1:4). Hy troos hulle wat verdruk word met die feit dat hulle met rus vergoed sal word wanneer die Here Jesus weer kom uit die hemel, saam met sy engele in ŉ vuurvlam. Hulle verdrukkers sal deur die Here vergeld word. Die Here kom immers as Verlosser, maar ook as Regter (Calvyn, 2010c:316).

Die wederkoms word dus geopenbaar met die *telos* om gelowiges wat verdruk word te troos met die feit dat die Here daaraan ŉ einde sal maak met sy wederkoms en dat hulle verdrukkers vergeld sal word.

6.1.2.2.2.1 Openbaringsdoelwit

- Die wederkoms word geopenbaar met die *telos* om gelowiges wat verdruk word te troos met die feit dat die Here daaraan ŉ einde sal maak met sy wederkoms en dat hulle verdrukkers vergeld sal word (2 Tes. 1:7).

6.1.2.2.3 1 Petrus 1:7

ἵνα τὸ δοκίμιον ὑμῶν τῆς πίστεως πολυτιμότερον χρυσίου τοῦ ἀπολλυμένου διὰ πυρὸς δὲ δοκιμαζομένου, εὑρεθῇ εἰς ἔπαινον καὶ δόξαν καὶ τιμὴν ἐν **ἀποκαλύψει** Ἰησοῦ Χριστοῦ·

"Die doel was dat dit duidelik sou blyk dat die egtheid van julle geloof – 'n egtheid wat baie kosbaarder is as goud wat verganklik is, maar nogtans met vuur getoets word – uitloop op lof en heerlikheid en eer wanneer Jesus Christus **geopenbaar** word."

Petrus onderrig die gelowiges oor die sin van lyding en hy verduidelik aan hulle dat hulle geloof deur beproewings gelouter word soos goud deur vuur (Schreiner, 2003:67). Hulle gelouterde geloof sal dan lof en heerlikheid en eer tot gevolg hê by Jesus Christus se wederkoms en hulle sal weet dat hulle nie verniet gely en geglo het nie (Mounce, 2005:14). "The believer shall share in heavenly glory and honor when at the end of his earthly life he enters the presence of Jesus Christ." (Kistemaker 2002c:48) Die wederkoms word derhalwe geopenbaar sodat gelowiges die sin van lyding sal verstaan en sal weet dat die lyding met lof en heerlikheid en eer vervang sal word.

6.1.2.2.3.1 Openbaringsdoelwitte

- Die wederkoms word geopenbaar sodat gelowiges die sin van lyding sal verstaan (1 Pet.1:7).
- Die wederkoms word geopenbaar met die *telos* dat gelowiges sal weet dat die lyding van hierdie lewe met lof en heerlikheid en eer vervang sal word (1 Pet. 1:7).

6.1.2.2.4 1 Petrus 1:13

Διὸ ἀναζωσάμενοι τὰς ὀσφύας τῆς διανοίας ὑμῶν νήφοντες τελείως ἐλπίσατε ἐπὶ τὴν φερομένην ὑμῖν χάριν ἐν **ἀποκαλύψει** Ἰησοῦ Χριστοῦ.

"Daarom, wees verstandelik paraat en tree nugter op; hoop op die genade wat tydens die **openbaring** van Jesus Christus vir julle gebring sal word."

Petrus het sopas aan die gelowiges verduidelik dat hulle meer bevoorreg is as die gelowiges van die Ou Testament (1:10-12). Daarom moet hulle, onder andere, hulle hoop volkome vestig op die genade wat aan hulle geskenk sal word by die wederkoms van Christus. Die feit dat hulle hulle hoop moet vestig op die genade waaraan hulle deel gaan kry met die wederkoms, is die hoofgedagte van die vers, aangesien ἐλπίσατε die enigste werkwoord in die imperatief is, terwyl die ander werkwoorde deelwoorde in die praesens is (Screiner, 2003:77).

Gelowiges word dus bemoedig met die feit dat Christus weer kom en dat hulle dan genade sal ontvang en hulle word opgeroep om hulle hoop op die genade te vestig.

6.1.2.2.4.1 Openbaringsdoelwit

- Die wederkoms word verkondig, sodat gelowiges bemoedig kan word met die feit dat Christus weer kom en hulle hoop kan vestig op die genade wat hulle dan sal ontvang (1 Pet. 1:13).

6.1.2.2.5 1 Petrus 4:13

ἀλλὰ καθὸ κοινωνεῖτε τοῖς τοῦ Χριστοῦ παθήμασιν χαίρετε, ἵνα καὶ ἐν τῇ **ἀποκαλύψει** τῆς δόξης αὐτοῦ χαρῆτε ἀγαλλιώμενοι.

" ... wees eerder bly namate julle deel het aan die lyding van Christus, sodat julle ook by die **bekendmaking** van sy heerlikheid uitbundig sal kan jubel."

Petrus moedig gelowiges aan om bly te wees hoe meer hulle in die lyding van Christus mag deel, sodat hulle by die openbaring van sy heerlikheid kan bly wees en kan oorloop van vreugde (Kistemaker, 2002c:174). Die openbaring van Christus se heerlikheid is duidelik sy wederkoms in heerlikheid (Mounce, 2005:74).

Die wederkoms word daarom geopenbaar sodat gelowiges bemoedig kan word wanneer hulle in Christus se lyding deel. Die lyding sal by die wederkoms met oorvloedige blydskap en vreugde vervang word.

6.1.2.2.5.1 Openbaringsdoelwit

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is dat gelowiges bemoedig kan word wanneer hulle in Christus se lyding deel. Die lyding sal by die wederkoms met oorvloedige blydskap en vreugde vervang word (1 Pet. 4:13).

### 6.1.3 Samevattende konklusie

Die *telos* van die openbaring van die wederkoms aan die hand van die begrippe ἀποκάλυψις en ἀποκαλύπτω is:

- Die wederkoms word verkondig met die *telos* om te waarsku teen oorgerustheid en sodat mense gereed sal wees vir die wederkoms (Luk. 17:30).

- Die wederkoms word verkondig, sodat gelowiges daarop sal wag en goeie hoedanighede in hulle gestimuleer kan word (1 Kor. 1:7).

- Die wederkoms word geopenbaar met die *telos* om gelowiges wat verdruk word te troos met die feit dat die Here daaraan ŉ einde sal maak met sy wederkoms en dat hulle verdrukkers vergeld sal word (2 Tes. 1:7).

- Die wederkoms word geopenbaar sodat gelowiges die sin van lyding sal verstaan (1 Pet.1:7).

- Die wederkoms word geopenbaar met die *telos* dat gelowiges sal weet dat die lyding van hierdie lewe met lof en heerlikheid en eer vervang sal word (1 Pet. 1:7).

- Die wederkoms word verkondig, sodat gelowiges bemoedig kan word daarmee dat Christus weer kom en hulle hoop kan vestig op die genade wat hulle dan sal ontvang (1 Pet. 1:13).

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is dat gelowiges bemoedig kan word wanneer hulle in Christus se lyding deel. Die lyding sal by die wederkoms met oorvloedige blydskap en vreugde vervang word (1 Pet. 4:13).

## 6.2 Die *telos* van die openbaring van die wederkoms aan die hand van ἐπιφάνεια

Die begrip ἐπιφάνεια is reeds geïdentifiseer as ŉ begrip wat gebruik word om die wederkoms van ons Here Jesus Christus mee aan te dui (1.3).

In hierdie afdeling word daar ŉ woordstudie, diakronies en sinkronies, van die begrip gedoen. Voorts word die gebruik van die begrip ἐπιφάνεια in die Nuwe Testament nagegaan en word vasgestel wat die telos van die openbaring van die wederkoms aan die hand van ἐπιφάνεια is.

### 6.2.1 Woordstudie van ἐπιφάνεια

#### 6.2.1.1 Diakroniese woordstudie

6.2.1.1.1 BDAG

Volgens die BDAG (2000:385-386) word ἐπιφάνεια oor die algemeen gebruik in die betekenis van "'appearing, appearance', especially also the splendid appearance, e.g., of the wealthy city of Babylon (Diod S 2, 11, 3). As a technical term relating to transcendence it refers to a visible and frequently sudden manifestation of a hidden divinity, either in the form of a personal appearance, or by some deed of power or oracular communication by which its presence is made known …" As tegniese term verwys ἐπιφάνεια in die algemene vroeg-Christelike literatuur dus na ŉ sigbare en gereelde manifestasie of verskyning van ŉ verborge goddelikheid, óf in die vorm van ŉ persoonlike verskyning, óf deur ŉ daad van krag óf kommunikasie deur ŉ orakel.

Die volgende 2 hoofbetekenisse word deur die BDAG aangedui: Eerstens, die daad van om te verskyn. As voorbeeld word Jesus se eerste verskyning met sy geboorte genoem, soos dit voorkom in 2 Timoteus 1:10. As verdere voorbeelde word genoem, Jesus wat met sy wederkoms verskyn om te oordeel, soos dit voorkom in 1 Timoteus 6:14 en 2 Timoteus 4:1, 8. Jesus verskyn ook in heerlikheid (δόξης) in Titus 2:13. In 2 Tessalonisense 2:8 word verwys na Jesus se verskyning met sy wederkoms as ἐπιφάνεια τῆς παρουσίας, "*the appearance of his coming*." Jesus se geboorte en sy wederkoms kan daarom beide met ἐπιφάνεια aangedui word, maar in die meerderheid van gevalle is die wederkoms ter sprake. Die tweede hoofbetekenis is: "That which can ordinarily be seen, *surface appearance*."

Hieruit kan die volgende afgelei word: In die Nuwe Testament word ἐπιφάνεια vir die verskyning van Jesus gebruik, sy verskyning as mens by sy geboorte, maar ook veral sy verskyning met sy wederkoms in heerlikheid om te oordeel.

Die BDAG maak geen melding daarvan of die werkwoordvorm, ἐπιφαίνω, in die Nuwe Testament gebruik word om na die wederkoms van Jesus Christus te verwys nie.

6.2.1.1.1.1 Konklusie

Ἐπιφάνεια, wanneer dit op die wederkoms dui, word gebruik om die verskyning van Jesus, wat voorheen verborge was (na sy hemelvaart) aan te dui. Sy Goddelikheid sal dan duidelik blyk. Die verskyning word veral met oordeel en met heerlikheid verbind.

6.2.1.1.2 TDNT

Uit die deeglike navorsing van Bultmann en Lührmann in die TDNT (1964a, Vol. 9, p. 7-10) blyk die volgende:

> In die Klassieke en Hellenistiese Grieks het die werkwoordvorm, ἐπιφαίνω, die betekenis van om te wys ("to show"), om jouself te wys of te vertoon ("to show oneself") en om te verskyn ("to appear").
>
> Die byvoeglike naamwoord ἐπιφανής kan gebruik word vir sigbare ("visible,"), glorieryke ("glorious,") of manjifieke ("magnificent") verskynings. Die selfstandige naamwoord ἐπιφάνεια, wat met verskyning ("appearance") vertaal kan word, kom reeds in die tyd voor Sokrates voor.
>
> Ἐπιφάνεια het ook ŉ militêre toepassing. Dit is gebruik vir die skielike en onverwagse verskyning van ŉ vyand wat wil oorlog maak. Dit kon ook die front van ŉ vyandige mag aandui.

In die Hellenisme het die woord ook godsdienstige betekenis gehad en het dit gedui op die heilsame ingryping deur gode, veral ook tydens oorlog. Later is die woord in besonder gebruik om goddelike hulp en bystand mee aan te dui.

Verskeie geskiedkundige figure het die woord by hulle name gevoeg en daarmee te kenne gegee dat ŉ god in hulle verskyn, byvoorbeeld Antiochus I Epifanes.

Ἐπιφάνεια, met die betekenis van wederkoms, kom voor vanaf die tyd van Caligula (37–41 n.C.).

In die Septuagint word die woordgroep gebruik om die betekenis weer te gee van om te skyn ("to shine"), om op te staan ("to rise"), vir weerlig en vir die verskyning van God (Gen. 35:7). As byvoeglike naamwoord het dit die betekenis van manjifiek ("magnificent") en uitstekend ("splendid"). Volgens Bultmann en Lührmann is die algemeenste gebruik van die woordgroep vir "mighty demonstrations of help," veral in militêre sin.

Josefus gebruik ἐπιφάνεια as ŉ sinoniem vir παρουσία en vir "helpful intervention", asook vir die verskyning van God.

In die Nuwe Testament word ἐπιφαίνω in die aktief onoordragtelik gebruik en beteken dan "to show oneself," "to appear, e.g., externally of the stars in Ac. 27:20 or figuratively of the intervening of God to help in Lk. 1:79" Ἐπιφαίνομαι is skaars in die vroeë Christelike literatuur: "To the degree that Jesus' appearing on earth can be understood as an eschatological event it may be called an ἐπιφαίνεσθαι of the χάρις or χρηστότης and φιλανθρωπία of God, Tt. 2:11; 3:4."

Ἐπιφανής word nie as ŉ eienskap van God in die Nuwe Testament gebruik nie. Die woord word wel gebruik, maar slegs in eskatologiese sin, byvoorbeeld om die ἡμέρα κυρίου (Hd. 2:20) mee te beskryf.

Ἐπιφάνεια word in die Nuwe Testament as ŉ godsdienstige term gebruik, "mostly for the future eschatological appearing of Christ, 2 Th. 2:8; 1 Tm. 6:14; 2 Tm. 4:1, 8; Tt. 2:13. To the degree that Jesus' earthly appearing is seen as an eschatological event ... it, too, can be called an ἐπιφάνεια, as in 2 Tm. 1:9 ..."

6.2.1.1.2.1 Konklusie

Ἐπιφάνεια word in die Nuwe Testament veral gebruik vir die verskyning van Jesus Christus by sy wederkoms (Bultmann & Lührmann, 1964a:7-10). Slegs die selfstandige naamwoordvorm van die woord word hiervoor gebruik. Daar kan verwag word dat dit in die betekenis van die

woord opgesluit lê dat hierdie verskyning ook skielik en onverwags kan wees en ook om vyandige magte te vernietig. By sy verskyning met sy wederkoms vertoon Jesus Christus Hom as die manjifieke Een in heerlikheid en bewerk Hy verlossing deur sy Goddelike ingryping.

#### 6.2.1.2 Sinkroniese woordstudie

Louw en Nida (1996b:102, 103) gee die volgende vertalingsmoontlikheid: "ἐπιφάνεια, ας *f,* appearance: 24.21." Hoofdomein 24, "Sensory Events and States (Louw & Nida, 1996a:277) is dus betrokke. By die hoofdomein is daar 'n voetnoot wat daarop wys dat hierdie hoofdomein sensoriese gebeure en toestande omvat wat al vyf sintuie, of 'n kombinasie daarvan, raak.

Die voorafgaande hoofdomein is "23. Physiological Processes and States" (Louw & Nida, 1996a:248) en die hoofdomein wat volg op 24 is "25. Attitudes and Emotions (Louw & Nida, 1996a:288). Daar kan dus nie veel afgelei word oor die betekenis van ἐπιφάνεια deur 'n vergelyking te maak met die omliggende hoofdomeine nie, behalwe dat die wederkoms 'n sensories-waarneembare gebeurtenis sal wees.

Die betrokke sub-domeine van hoofdomein 24 is:

"A See (24.1–24.51)

B Hear (24.52–24.70)

C Smell (24.71)

D Taste (24.72)

E Touch, Feel (24.73–24.76)

F Pain, Suffering (24.77–24.94)

G General Sensory Perception (24.95)." (Louw & Nida, 1996a:277)

Die tersaaklike sub-domein, waar ἐπιφάνεια ingedeel word, is A, "See". Die subdomein "sien", waarby ἐπιφάνεια ingedeel is, het ook 'n voetnoot. Hiervolgens gaan dit in die subdomein nie net oor sien en om gesien te word nie, maar ook oor die vermoë om te sien of nie te sien nie. Daarom is begrippe soos "sigbaar" en "onsigbaar" ook hierby inbegrepe, sowel as begrippe soos "om binne die gesigsveld te kom".

Indien die verskillende sub-domeine met mekaar vergelyk word, blyk dit dat ἐπιφάνεια veral op die sintuig van sig 'n indruk sal maak. Hieruit kan afgelei word dat die wederkoms van ons Here Jesus sigbaar en skouspelagtig sal wees.

Die volgende verklaring word deur Louw & Nida (1996a:279) gegee: “24.21 ἐπιφαίνομαι; ἐπιφάνεια, ας *f*: to appear to someone or at some place—‘to appear, appearance, appearing.’” Indien ἐπιφάνεια van Jesus met sy wederkoms gebruik word, kan hieruit afgelei word dat Hy aan sy volgelinge sal verskyn op aarde. Die voorbeeld wat voorgehou word, is “ἐπιφάνεια: καὶ πᾶσι τοῖς ἠγαπηκόσι τὴν ἐπιφάνειαν αὐτοῦ ‘and to all those who love his appearing’ 2 Tm 4:8 (Louw & Nida, 1996a:279).” Hierdie voorbeeld verwys juis na Jesus se wederkoms. Self maak Louw en Nida geen opmerking dat, wanneer die woord met Jesus Christus as handelende persoon gebruik word, die wederkoms ook ter sprake kan wees nie.

Indien 24.21 vergelyk word met die ander 50 woorde wat binne sub-domein A gebruik word (24.1-24.51; Louw & Nida, 1996a:277-282) , word die volgende duidelik: Al die woorde dui op sien, waarneem of verskyn. Die sintuiglike waarneming van sien word dus beklemtoon. Φανερόω (24.19), een van die ander woorde wat gebruik word om na die wederkoms van ons Here Jesus Christus te verwys (vgl. 1.3), word ook in A ingedeel. Hieruit kan afgelei word dat ἐπιφάνεια en φανερόω wat betekenis betref ook naby aan mekaar geleë is.

6.2.1.2.1 Konklusie

Weereens is dit opmerklik dat Louw en Nida by die verklaring van ἐπιφάνεια geen verwysing na die wederkoms van Jesus Christus maak nie, wat eintlik, semanties gesien, ’n hoofdomein op sigself behoort te wees. Al wat uit Louw en Nida se verklaring van ἐπιφάνεια afgelei kan word, is dat Jesus Christus sigbaar, oftewel sienbaar, sal verskyn en dat sy verskyning dus sensories waarneembaar sal wees.

### 6.2.1.3 Samevattende konklusie

Ἐπιφάνεια word in die Nuwe Testament veral vir die verskyning van Jesus Christus by sy wederkoms gebruik. Die betekenis van die woord hou in dat Jesus, wat voorheen verborge was na sy hemelvaart, met sy wederkoms sigbaar, dit wil sê sienbaar, teenwoordig sal wees. Sy Goddelikheid sal dan ook duidelik gesien kan word. Die verskyning word veral met oordeel en met heerlikheid verbind.

Hierdie verskyning sal ook skielik en onverwags wees om vyandige magte te vernietig. By hierdie verskyning vertoon Jesus Christus Hom as die manjifieke Een in heerlikheid en bewerk Hy deur sy Goddelike ingryping verlossing.

6.2.1.3.1 Finale betekenisdefinisie

Op grond van die samevattende konklusie kan die volgende definisie van ἐπιφάνεια gegee word:

Dit is die skielike en sigbare verskyning en teenwoordig wees van die voorheen onsigbare Jesus Christus (na sy hemelvaart), met sy wederkoms, in Goddelike, manjifieke heerlikheid, om te oordeel, sy vyande te vernietig en sy volgelinge te verlos.

### 6.2.2 Die *telos* van die openbaring van die wederkoms aan die hand van ἐπιφάνεια

Die woord ἐπιφάνεια word ses keer en in vier Boeke in die Nuwe Testament gebruik (Vgl. Wigram & Winter, 1978:289). Myers (1987:920) toon aan dat ἐπιφάνεια met die betekenis van wederkoms in die volgende vyf Skrifgedeeltes voorkom: 2 Tessalonisense 2:8; 1 Timoteus 6:14; 2 Timoteus 4:1, 8 en Titus 2:13.

#### 6.2.2.1 2 Tessalonisense 2:8

καὶ τότε ἀποκαλυφθήσεται ὁ ἄνομος, ὃν ὁ κύριος [Ἰησοῦς] ἀνελεῖ τῷ πνεύματι τοῦ στόματος αὐτοῦ καὶ καταργήσει τῇ **ἐπιφανείᾳ** τῆς παρουσίας αὐτοῦ, ...

“En dan sal die wettelose mens geopenbaar word, die een vir wie die Here Jesus deur die asem van sy mond sal uitwis – ja, Hy sal hom deur die **glans** van sy teenwoordigheid vernietig.”

Hierdie Skrifgedeelte is reeds meer uitvoerig behandel in die hoofstuk oor die *telos* van die openbaring van die wederkoms aan die hand van παρουσία (vgl. 4.6.6), aangesien παρουσία ook in die Skrifgedeelte gebruik word. Herhaling, ter wille van volledigheid, mag dus voorkom.

Dit is van groot belang vir hierdie studie dat die wettelose mens deur Jesus Christus vernietig gaan word met sy wederkoms. Wanneer die teëhouer (2:7) nie meer in sy pad sal staan nie, sal die wettelose mens geopenbaar word. Die wettelose mens word in 2:8 beskryf as die een wat die Here Jesus met die asem van sy mond sal uitwis (ὃν ὁ κύριος [Ἰησοῦς] ἀνελεῖ τῷ πνεύματι τοῦ στόματος αὐτοῦ) en sal vernietig deur die verskyning van sy wederkoms (καὶ καταργήσει τῇ ἐπιφανείᾳ τῆς παρουσίας αὐτοῦ).

Twee verskillende werkwoorde word vir die vernietiging gebruik, naamlik ἀνελεῖ en καταργήσει. Die eerste werkwoord, ἀνελεῖ, kan volgens Hendriksen (2002b:183) soos volg verklaar word: “ … he will be slain (which in this connection has been interpreted to mean that he will be punished with everlasting death, but the idea that he will first be put to death physically must not be excluded). The Lord will merely blow upon him, so swift will be his destruction.”

Die tweede werkwoord, καταργήσει, kan volgens Hendriksen (2002b:183) vertaal word met: “he will be ‘abolished,’ ‘utterly defeated,’ ‘put out of commission,’ ‘rendered useless,’ ‘made inoperative or inactive’.”

Uit die gebruik van die twee werkwoorde lei Green (2002:320) af dat: "At that time the *Lord Jesus will overthrow* the *lawless one*, an expression that indicates that he will kill him violently and so break his power. The point is not merely that he will be overthrown from his position, as the *NIV* may imply. Moreover, the author adds that the Lord will *destroy* this *lawless one*." Hiervolgens sal die wettelose mens totaal en al vernietig word en buite aksie gestel word. Van Rhyn (1995:88) konkludeer: "Die Here Jesus sal dus die Antichris verdelg met die asem van sy mond en hom tot niet maak deur die verskyning van sy wederkoms."

Die verdelging en tot niet making vind op twee maniere plaas. Eerstens τῷ πνεύματι τοῦ στόματος αὐτοῦ. Dit dui op die moeiteloosheid waarmee die Here Jesus die wettelose sal verdelg (Hendriksen, 2002b:184). Morris (1984:130) se verklaring sluit hierby aan: "*The breath of his mouth* (here only in the New Testament; cf. Ps. 33:6) shows that, terrible though *the lawless one* will be, he cannot stand before the Lord for a moment. There will not even be a contest—the breath (or 'the word', Calvin) of God is sufficient (cf. Rev. 19:21)."

Die tweede manier van tot niet making van die Antichris word beskryf as καὶ καταργήσει τῇ ἐπιφανείᾳ τῆς παρουσίας αὐτοῦ. Hierdie is die enigste vers in die Nuwe Testament waar dié twee geïdentifiseerde woorde, ἐπιφάνεια en παρουσία, saam in een vers gebruik word (Cara, 2009:205).

Die vraag is egter hoe die twee woorde, wat gewoonlik albei gebruik word om die wederkoms van Jesus Christus mee aan te dui, saam in die konstruksie καὶ καταργήσει τῇ ἐπιφανείᾳ τῆς παρουσίας αὐτοῦ verstaan moet word?

Hendriksen (2002b:183, 184) verklaar dit as die verskyning van die wederkoms: "The very *appearance* (ἐπιφάνεια, epiphany, elsewhere in the New Testament only in the pastorals: 1 Tim. 6:14; 2 Tim. 1:10; 4:1, 8; Titus 2:13) of Christ's coming (Parousia; see on 1 Thess. 2:19), the first gleam of the advent, will suffice to abolish the lawless one, to put him out of commission." Hendriksen (2002b:184) voeg ook die volgende verklaring by: "The *thorough, swift,* and *sudden* character of antichrist's defeat is here pictured in symbolic language. The decisive character of his downfall is the one, main thought. Merely by Christ's *breath and appearance* 'the man of lawlessness' will be discomfited."

Martin (1995:243) verklaar die konstruksie so: "The combination here is a redundancy that lends emphasis to the phrase. But even more Paul probably intended it to stress the glory of the Lord's coming while making sure the reader was aware that the occasion of judgment (which event by itself could be termed an *epiphaneia* of the Lord) will be the parousia of the Lord Jesus."

Green (2002:320) doen die volgende verklaring aan die hand: "The *Lord Jesus* will effect this judgment *by the splendor of his coming*, an event that is mentioned repeatedly in these letters (1 Thess. 2:19; 3:13; 4:15; 5:23; 2 Thess. 2:1)."

Uit die kombinasie van bogenoemde moontlike verklarings, wat al drie elemente van waarheid bevat, kan die volgende afgelei word: Jesus Christus sal die wettelose mens buite aksie stel met die glorieryke verskyning van sy wederkoms om te oordeel.

Die afleiding word gesteun deur die definisie van ἐπιφάνεια (6.2.1.3.1 hierbo): Dit is die skielike en sigbare verskyning en teenwoordig wees van die voorheen onsigbare Jesus Christus (na sy hemelvaart), met sy wederkoms, in Goddelike, manjifieke heerlikheid, om te oordeel, sy vyande te vernietig en sy volgelinge te verlos. Die afleiding word ook gesteun deur die definisie van παρουσία (2.1.4): "Dit is die sigbare aankoms en teenwoordig wees van die eens (vir die wêreld) verborge Jesus Christus by sy mense met sy wederkoms vanaf die hemel, aan die einde van die tyd, in heerlikheid as Regeerder, Regter en magtige God, waarvoor sy mense voorberei het, en wat gepaard sal gaan met lofprysing en eerbewys, wat sy volgelinge met hoop sal vervul en tot hulle ewige heil sal lei."

Die tydstip van die ἐπιφάνεια van Jesus Christus word geopenbaar as die tydstip van die vernietiging van die Antichris. "Hierin lê daar geweldige troos vir die gelowiges opgesluit." (Van Rhyn, 1995:88) Ook Green (2002:309) beklemtoon die troos van die openbaring: "The Thessalonians would have derived great comfort from the beginning, knowing that the very one who exalted himself in his opposition to God, as powerful as he might be (v. 9), was destined for destruction. This powerful one who incarnates sin will meet his end on the day of the Lord."

Die *telos* van die openbaring van die ἐπιφάνεια as die tydstip van vernietiging van die Antichris is bemoedigend vir die gelowiges: "In order to encourage believers, who might otherwise be filled with unjustifiable alarm, Paul immediately adds: whom the Lord Jesus will slay with the breath of his mouth, and will utterly defeat by the manifestation of his coming." (Hendriksen 2002b:183)

Voorts is die *telos* van die openbaring van die ἐπιφάνεια as die tydstip van die Antichris se vernietiging 'n aansporing vir gelowiges om vas te staan in die geloof: " ... that believers, being furnished with spiritual armour, may, nevertheless, fight vigorously under Christ, and not allow themselves to be overwhelmed, … " (Calvyn, 2010c:334-335)

6.2.2.1.1 Openbaringsdoelwitte

- Die *telos* van die openbaring van die tydstip van die ἐπιφάνεια as die tydstip van die vernietiging van die Antichris is die oordra van hierdie kennis, dit wil sê *kerugma* (2 Tes. 2:8).

- Die *telos* van die openbaring van die ἐπιφάνεια as die tydstip van vernietiging van die Antichris is troos en bemoediging vir die gelowiges (2 Tes. 2:8).

- Voorts is die *telos* van die openbaring van die ἐπιφάνεια as die tydstip van die Antichris se vernietiging ʼn aansporing vir gelowiges om vas te staan in die geloof (2 Tes. 2:8).

**6.2.2.2 1 Timoteus 6:14**

τηρῆσαί σε τὴν ἐντολὴν ἄσπιλον ἀνεπίλημπτον μέχρι τῆς **ἐπιφανείας** τοῦ κυρίου ἡμῶν Ἰησοῦ Χριστοῦ, ...

“ ... dat jy die opdrag suiwer en onberispelik sal uitvoer, tot die **verskyning** van ons Here Jesus Christus, ...”

Paulus bemoedig Timoteus vir sy dienswerk as Woordbedienaar en hy gee aan hom die dringende opdrag om sy dienswerk getrou te doen tot met die verskyning, die wederkoms, van die Here Jesus Christus (Lea & Griffin, 1992:173).

Die wederkoms word geopenbaar sodat bedienaars van die Woord, soos Timoteus, kan weet dat daar ʼn “afsnydatum” vir hulle dienswerk is: “Paul sets Timothy’s Christian ministry within the horizon of Christ’s return – **until the appearing of our Lord Jesus Christ.** The appearing (literally ‘epiphany’) of Jesus Christ as a real event in the future sets a limit to the strenuous effort of Christian service. When he appears he will reward his saints and servants for their sacrifical work for him on earth (Rom. 14:10ff.; 1 Cor. 3:10–15, 2 Cor. 5:9f.).” (Milne,1996:117)

Daar is dus ʼn sekere tydsraamwerk waarbinne die Here se werk afgehandel moet word. Die doel van die openbaring van die wederkoms kan hier tweeledig wees. Dit is vermanend: Sorg dat jy jou werk stiptelik doen, want die Here kom. Dit is egter ook bemoedigend: Die Here is op pad en wanneer Hy kom, dan sal jou werk voltooi wees en sal jy die beloning van ʼn getroue dienskneg ontvang.

6.2.2.2.1 Openbaringsdoelwitte

- Die doel van die openbaring van die wederkoms is om Woordbedienaars te vermaan om hulle dienswerk pligsgetrou te doen (1 Tim. 6:14).

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is bemoediging vir Woordbedienaars. Wanneer ons Here Jesus kom, sal die bedieningswerk voltooi wees en sal die *verbi divini minister* die beloning van 'n getroue dienskneg ontvang (1 Tim. 6:14).

#### 6.2.2.3 2 Timoteus 4:1

Διαμαρτύρομαι ἐνώπιον τοῦ θεοῦ καὶ Χριστοῦ Ἰησοῦ τοῦ μέλλοντος κρίνειν ζῶντας καὶ νεκρούς, καὶ τὴν **ἐπιφάνειαν** αὐτοῦ καὶ τὴν βασιλείαν αὐτοῦ·

"Ek dring ernstig by jou aan voor God en Christus Jesus wat die lewendes en die dooies gaan oordeel, en ook met die oog op sy **verskyning** en sy koninkryk ..."

Paulus is besig om vir Timoteus te vermaan en te bemoedig vir sy dienswerk en hy noem vier gronde vir sy bemoedigende vermaning: God, Jesus Christus, sy wederkoms en sy koninkryk (Barcley, 2005:284). Dit is duidelik dat die wederkoms wel hier ter sprake is, want dit word in een asem met die eindoordeel genoem. Die doel van die openbaring van die openbaring van die wederkoms word soos volg deur Barcley (2005:284) verwoord: "Paul reminds Timothy that his life is lived in the very presence of God, a thought that adds sobriety and urgency to his ministry. His work is also done in the light of the certainty of Christ's Second Coming. There is an end in view; his work is purposeful."

Die dienswerk waarvoor Timoteus aangemoedig word, is veral die verkondiging van die Woord (4:2) (Calvyn, 2010e:251).

Die wederkoms word dus geopenbaar sodat Woordbedienaars, soos Timoteus, sal volhard in Woordverkondiging (4:2), veral ook omdat daar 'n oordeelsdag sal wees wat sal saamval met die wederkoms. Daar gaan 'n tyd kom, en dit is met die wederkoms, dat hulle verkondigingswerk voltooi sal wees en dat die waarde van hulle werk duidelik sal wees. Hulle verkondigingswerk sal immers daartoe lei dat gelowiges tydens die oordeel vrygespreek sal word.

6.2.2.3.1 Openbaringsdoelwitte

- Die doel van die openbaring van die wederkoms is dat verkondigers van die Woord sal volhard in die verkondiging (2 Tim. 4:1).

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is dat Woordverkondigers kan weet dat daar 'n tyd sal aanbreek wanneer hulle verkondigingstaak afgehandel sal wees (2 Tim. 4:1).

- Die wederkoms word verkondig, sodat bedienaars van die Woord kan weet dat hulle werk groot waarde het. Dit sal daartoe lei dat gelowiges vrygespreek word tydens die oordeel (2 Tim. 4:1).

#### 6.2.2.4 2 Timoteus 4:8

λοιπὸν ἀπόκειταί μοι ὁ τῆς δικαιοσύνης στέφανος, ὃν ἀποδώσει μοι ὁ κύριος ἐν ἐκείνῃ τῇ ἡμέρᾳ, ὁ δίκαιος κριτής, οὐ μόνον δὲ ἐμοὶ ἀλλὰ καὶ πᾶσι τοῖς ἠγαπηκόσι τὴν **ἐπιφάνειαν** αὐτοῦ.

“Nou wag die oorwinningskrans van geregtigheid op my, wat die Here, die regverdige Regter, op daardie dag vir my sal gee – en nie net vir my nie, maar ook vir almal wat na sy **koms** uitsien.”

Aangesien ŉ dubbele verwysing na die wederkoms in die vers voorkom, naamlik “τῇ ἡμέρᾳ” en “τὴν ἐπιφάνειαν αὐτοῦ” en die eerste deel van die vers aan “die dag” verbonde is, sal die eerste deel van die vers in ŉ latere hoofstuk aan die beurt kom (vgl. 8.2.33). Die fokus word nou geplaas op die tweede deel van die vers.

Paulus neem aan die einde van sy lewe (4:6) sy bediening in oënskou (Bouma, 1974a:176) en hy troos homself, en natuurlik alle getroue gelowiges, met die feit dat die ewige lewe wag (Guthrie, 1976:169). Die kroon of oorwinningskrans is ŉ verwysing na die ewige lewe (Bouma, 1974:177). Paulus tipeer homself, saam met alle getroue gelowiges, as “almal wat met verlange uitsien na sy (die Here se) wederkoms”. Die verlange na die wederkoms is nie soseer ŉ verlange na die dag van die wederkoms nie, maar ŉ verlange na Jesus Christus self wat op dié dag sal verskyn (Bouma, 1974a:177).

Die wederkoms word hier as troos geopenbaar as die dag waarop hierdie verlange na Jesus Christus gestil sal word. Voorts is die tipering van gelowiges as almal wat verlang na die wederkoms, ook van betekenis vir hierdie studie. Uit die tipering kan afgelei word dat die wederkoms geopenbaar word sodat gelowiges hulleself kan definieer in terme van die wederkoms. Hulle is mense wat met verlange op die verskyning van hulle Here wag.

6.2.2.4.1 Openbaringsdoelwitte

- Die wederkoms word geopenbaar om die gelowiges te troos met die versekering dat dit die dag is waarop hulle die ewige lewe in sy volheid sal ontvang (2 Tim. 4:8).

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is dat gelowiges getroos kan word met die wete dat dit die dag sal wees waarop hulle verlange na Jesus Christus gestil sal word (2 Tim. 4:8).

- Die wederkoms word met die *telos* geopenbaar dat gelowiges hulleself kan definieer as mense wat met verlange op die verskyning van hulle Here wag (2 Tim. 4:8).

#### 6.2.2.5 Titus 2:13

προσδεχόμενοι τὴν μακαρίαν ἐλπίδα καὶ **ἐπιφάνειαν** τῆς δόξης τοῦ μεγάλου θεοῦ καὶ σωτῆρος ἡμῶν Ἰησοῦ Χριστοῦ, ...

"Dit terwyl ons uitsien na die salige hoop en glansryke **verskyning** van ons groot God en Verlosser, Jesus Christus – ..."

Die wederkoms word die verskyning van die glorie, die heerlikheid, van ons groot God en Verlosser, Jesus Christus genoem (Calvyn, 2010e:320). Ook Lea en Griffin (1992:312) kies die vertaling "die verskyning van die heerlikheid" van Jesus Christus eerder as die "glansryke verskyning", soos wat die *Direkte Vertaling* (Bybel, 2014), hierbo, dit vertaal.

Die genade van God, wat aan alle mense verskyn het (2:11) met Jesus se vleeswording (Robertson, 1933:Tit. 2:11), het 'n invloed op gelowiges. Die genade voed gelowiges op om verstandig en regverdig en vroom te leef en om wêreldse begeertes te verwerp (2:12). Maar die genade (2:11) doen nog meer as dit. Die lewe, waartoe die genade gelowiges oproep, word reeds deur hulle wederkomsverwagting bepaal (Bouma, 1974a:216). Die wederkoms word dus geopenbaar om gelowiges aan te moedig om verstandig en regverdig en vroom te leef en om wêreldse begeertes te verwerp.

6.2.2.5.1 Openbaringsdoelwit

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is om gelowiges aan te moedig om verstandig en regverdig en vroom te leef en om wêreldse begeertes te verwerp (Tit. 2:13).

### 6.2.3 Samevattende konklusie

Die *telos* van die openbaring van die wederkoms aan die hand van die begrip ἐπιφάνεια is die volgende:

- Die *telos* van die openbaring van die tydstip van die ἐπιφάνεια as die tydstip van die vernietiging van die Antichris is die oordra van hierdie kennis, dit wil sê *kerugma* (2 Tes. 2:8).

- Die *telos* van die openbaring van die ἐπιφάνεια as die tydstip van vernietiging van die Antichris is troos en bemoediging vir die gelowiges (2 Tes. 2:8).

- Die *telos* van die openbaring van die ἐπιφάνεια as die tydstip van die Antichris se vernietiging is 'n aansporing vir gelowiges om vas te staan in die geloof (2 Tes. 2:8).
- Die doel van die openbaring van die wederkoms is om Woordbedienaars te vermaan om hulle dienswerk pligsgetrou te doen (1 Tim. 6:14).
- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is bemoediging vir Woordbedienaars. Wanneer ons Here Jesus kom, sal die bedieningswerk voltooi wees en sal die *verbi divini minister* die beloning van 'n getroue dienskneg ontvang (1 Tim. 6:14).
- Die doel van die openbaring van die wederkoms is dat verkondigers van die Woord sal volhard in die verkondiging (2 Tim. 4:1).
- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is dat Woordverkondigers kan weet dat daar 'n tyd sal aanbreek wanneer hulle verkondigingstaak afgehandel sal wees (2 Tim. 4:1).
- Die wederkoms word verkondig, sodat bedienaars van die Woord kan weet dat hulle werk groot waarde het. Dit sal daartoe lei dat gelowiges vrygespreek word tydens die oordeel (2 Tim. 4:1).
- Die wederkoms word geopenbaar om die gelowiges te troos daarmee dat dit die dag is waarop hulle die ewige lewe in sy volheid sal ontvang (2 Tim. 4:8).
- Die telos van die openbaring van die wederkoms is dat gelowiges getroos kan word met die wete dat dit die dag sal wees waarop hulle verlange na Jesus Christus gestil sal word (2 Tim. 4:8).
- Die wederkoms word met die *telos* geopenbaar dat gelowiges hulleself kan definieer as mense wat met verlange wag op die verskyning van hulle Here (2 Tim. 4:8).
- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is om gelowiges aan te moedig om verstandig en regverdig en vroom te leef en om wêreldse begeertes te verwerp (Tit. 2:13).

### 6.3 Die *telos* van die openbaring van die wederkoms aan die hand van φανερόω

Die begrip φανερόω is geïdentifiseer as 'n begrip wat gebruik word om die wederkoms van ons Here Jesus Christus mee aan te dui (1.3).

In hierdie hoofstuk word daar ŉ woordstudie, diakronies en sinkronies, van die begrip gedoen. Voorts word die gebruik van φανερόω in die Nuwe Testament nagegaan en word vasgestel wat die *telos* van die openbaring van die wederkoms aan die hand van φανερόω is.

### 6.3.1 Woordstudie van φανερόω

#### 6.3.1.1 Diakroniese woordstudie

6.3.1.1.1 BDAG

Volgens die BDAG (2000:1048) word φανερόω in die volgende hoofbetekenisse gebruik:

"1. To cause to become visible, *reveal, expose publicly* (with relatively more focus on the sensory aspect than on the cognitive as in 2 below. But distinctions are not always clear),

2. to cause to become known, *disclose, show, make known."*

By die eerste betekenis word na die verskyning van Jesus in die wêreld verwys ná sy geboorte as mens, ná sy opstanding, maar ook ná sy wederkoms: " ... *show* or *reveal oneself, be revealed, appear* τινί *to someone* ... Especially of Christ … of his appearance in the world ἐφανερώθη ἐν σαρκί 1 Ti 3:16 … Of the appearing of the Risen Lord τοῖς μαθηταῖς J 21:14; cp. Mk 16:12 (ἐν ἑτέρᾳ μορφῇ), … Of the Second Advent Col 3:4a; 1 Pt 5:4; 1J 2:28; 3:2b.—ὑμεῖς σὺν αὐτῷ (i.e. Christ upon his return) φανερωθήσεσθε ἐν δόξῃ Col 3:4b."

By die verklaring van die tweede betekenis, "to cause to become known, *disclose, show, make known*", word daar geen verwysing na die wederkoms van Jesus Christus gemaak nie, maar wel na God wat Homself bekendmaak en Jesus Christus wat deur Johannes die Doper bekendgestel word in Johannes 1:31.

6.3.1.1.1.1 Konklusie

Die BDAG verklaar φανερόω, wanneer dit met verwysing na die wederkoms van Jesus Christus gebruik word, as dat Jesus Homself sigbaar wys of openbaar, dat Hy geopenbaar word, dat Hy verskyn; só dat Hy in die openbaar gesien kan word.

6.3.1.1.2 TDNT

Uit die deeglike navorsing wat Bultmann en Lührmann in die TDNT (1964b: Vol 9. p. 3-6) oor die betekenis en gebruik van die woord φανερόω gedoen het, blyk die volgende:

Slegs enkele voorbeelde van die gebruik van die woord kom buite die Nuwe Testament voor. Die woord kom gewoonlik voor as vertaling van גלה, wat gewoonlik met ἀποκαλύπτω vertaal

word. “As a denominative verb of φανερός (→ 2, 15 ff.) in -όω it has causative significance ‘to make visible what is invisible,’.” Die passiewe vorm het die betekenis van om sigbaar te word, om geopenbaar te word en die aktiewe vorm het die betekenis om te verskyn. Die teenoorgestelde is om versteek te wees, om onsigbaar te wees.

Aangesien φανερόω so skaars is buite die Nuwe Testament, is dit opvallend hoe gereeld die woord in die Nuwe Testament en in vroeë Christelike literatuur voorkom, aldus Bultmann en Lührmann (1964b:3-6). Hulle verwys na die volgende:

- In Markus 4:22 word dit gebruik in verband met die “versteekte” betekenis van gelykenisse (vgl. Markus 4:11) wat bekend sal word of geopenbaar sal word.

- Paulus gebruik φανερόω en ἀποκαλύπτω as sinonieme. In 2 Korintiërs word φανερόω nege keer gebruik in die sin van openbaring of bekendmaking, veral deur prediking.

- In Johannes se geskrifte kom ἀποκαλύπτω nie voor vóór die aanhaling uit Jesaja 53:1 in Johannes 12:38 nie, maar die gebruik van φανερόω is weer baie algemeen: “There is a manifestation before all eyes (Jn. 7:4). Jesus discloses the divine reality, the name of God (17:6) and the works of God (3:21; 9:3). According to John all Jesus’ work may be called revelation ... In the supplementary chapter (21:1, 14) φανερόω refers to the appearances of the Risen Lord ...”

- In Openbaring kom die passief van φανερόω twee keer voor met die betekenis van sigbaar word “with no theological significance at 3:18, and in a hymn: ὅτι τὰ δικαιώματά σου ἐφανερώθησαν at 15:4.”

Die na-apostoliese vaders gebruik die begrip om aan te dui dat Jesus Christus God se genade en almag openbaar of bekendmaak.

6.3.1.1.2.1 Konklusie

Φανερόω word as sinoniem vir ἀποκαλύπτω gebruik en verwys na openbaring wat doelbewus veroorsaak word. In die Nuwe Testament is Jesus Christus gewoonlik die subjek van die openbaring en Hy openbaar God, sy Naam en sy werke. Alles wat Jesus Christus doen, kan as openbaring bestempel word. Die afleiding kan gemaak word dat wanneer φανερόω na die wederkoms van Jesus Christus verwys, dit daarop dui dat Hy verskyn om ten volle bekendgemaak te word.

Anders as die BDAG in 6.3.1.1.1 hierbo, wat die klem lê op Jesus se sigbare verskyning met die wederkoms, lê Bultmann en Lührmann die klem op die openbaring wat sal plaasvind met die

wederkoms. Die belangrike afleiding kan dus gemaak word dat wanneer φανερόω met verwysing na die wederkoms van Jesus Christus gebruik word, die wederkoms eintlik (doelbewuste) openbaring van Jesus Christus op sigself is. Wanneer φανερόω in verband met die wederkoms van Christus gebruik word, is dit veel meer as net die opdaag of die verskyning van Jesus, maar word God en sy Naam en sy werke doelbewus deur Jesus Christus geopenbaar, vervul en verwesenlik.

#### 6.3.1.2 Sinkroniese woordstudie

Louw en Nida (1996b:255) gee die vertaling van φανερόω aan as "cause to be seen: 24.19" en "make known: 28.36".

Die eerste vertalingsmoontlikheid word in die hoofdomein 24 "Sensory Events and States" (1996a:277) ingedeel. By die hoofdomein is daar ’n voetnoot wat daarop wys dat hierdie hoofdomein sensoriese gebeure en toestande omvat wat al vyf sintuie of ’n kombinasie daarvan raak. Die voorafgaande hoofdomein is "23. Physiological Processes and States" (Louw & Nida, 1996a:248) en die hoofdomein wat volg op 24 is "25. Attitudes and Emotions (Louw & Nida, 1996a:288). Daar kan derhalwe nie veel afgelei word omtrent die betekenis van φανερόω deur ’n vergelyking te maak met die omliggende hoofdomeine nie, behalwe dat die wederkoms ’n sensories-waarneembare gebeurtenis sal wees.

Die subdomeine is:

"A See (24.1–24.51)

B Hear (24.52–24.70)

C Smell (24.71)

D Taste (24.72)

E Touch, Feel (24.73–24.76)

F Pain, Suffering (24.77–24.94)

G General Sensory Perception (24.95)" (Louw & Nida, 1996a:277).

Die eerste vertalingsmoontlikheid "cause to be seen" word by A "See" ingedeel. Die subdomein "sien", waarby φανερόω ingedeel is, het ook ’n voetnoot. Hiervolgens gaan dit in die subdomein nie net oor sien en om gesien te word nie, maar ook oor die vermoë om te sien of nie te sien nie. Daarom is begrippe soos "sigbaar" en "onsigbaar" ook hierby inbegrepe, sowel as begrippe soos "om binne die gesigsveld te kom".

Indien die verskillende sub-domeine met mekaar vergelyk word, blyk dit dat φανερόω veral op die sintuig van sig ’n indruk sal maak. Die gevolgtrekking kan daarom gemaak word dat die wederkoms van ons Here Jesus sigbaar sal wees.

Die eerste betekenismoontlikheid word soos volg verklaar (Louw & Nida, 1996a:279): “24.19 φανερόω[a]; ἐμφανίζω[a]: to cause to become visible—‘to make appear, to make visible, to cause to be seen.’”

Die volgende voorbeelde word deur Louw en Nida aangedui: “φανερόω[a]: μετὰ ταῦτα ἐφανέρωσεν ἑαυτὸν πάλιν ὁ Ἰησοῦς τοῖς μαθηταῖς ‘after this, Jesus appeared (literally ‘… made himself visible …’) once more to his disciples’ Jn 21:1. In a number of languages the meaning of ‘appeared to’ must be expressed as two closely related events, so that in Jn 21:1 it may be necessary to translate ‘Jesus came and was seen once more by his disciples’ or ‘Jesus came and once more his disciples saw him.’” Hier is ’n doelbewuste daad by betrokke om iets of iemand sigbaar te maak of te laat verskyn. Hierdie vertalingsmoontlikheid kan dus beslis op die wederkoms van toepassing gemaak word.

Indien 24.19 met die ander 50 woorde wat in sub-domein A geplaas is (24.1-24.51; Louw & Nida, 1996a:277-282) vergelyk word, word die volgende duidelik: Al die woorde het te doen met sien, waarneem of verskyn. Die sintuiglike waarneming van sien word dus beklemtoon. By φανερόω is die oorsaaklike element egter teenwoordig; om te veroorsaak dat iets gesien word.

24.21, ἐπιφάνεια, een van die ander woorde wat gebruik word om na die wederkoms van ons Here Jesus Christus te verwys (vgl. 1.3), word ook in A ingedeel. Hieruit kan afgelei word dat φανερόω en ἐπιφάνεια in betekenis ook naby aan mekaar geleë is. Waar dit by ἐπιφαίνομαι en ἐπιφάνεια egter bloot gaan oor verskyn, gaan dit by φανερόω oor ’n doelbewuste daad om iets of iemand sigbaar te laat word.

Weereens is dit opmerklik dat Louw en Nida geen verwysing na die wederkoms van Jesus Christus maak nie, wat eintlik, semanties gesien, ’n hoofdomein op sigself behoort te wees. Al wat uit Louw en Nida se behandeling van die eerste verklaringsmoontlikheid van φανερόω afgelei kan word, is dat Jesus Christus sigbaar, oftewel sienbaar, sal verskyn en dat sy verskyning dus sensories waarneembaar sal wees. Hierby moet gemeld word dat ’n doelbewuste daad die verskyning voorafgaan om die verskyning te veroorsaak.

Die tweede vertalingsmoontlikheid word in die hoofdomein 28 “Know” (1996a:334) ingedeel. Die omliggende domeine, wat naby verwant in betekenis is, is 27 “learn”; 29 “memory and recall”; 30 “think”; 31 “hold a view, believe, trust” en 32 “understand”. Indien hoofdomein 28 met die omliggende hoofdomeine vergelyk word, word die volgende duidelik: Woorde in domein 28 dui

gewoonlik daarop dat sekere kennis opgedoen is wat nie geleer of onthou is nie. Dit is ook nie self bedink nie en die kennis is nie noodwendig verstaanbaar nie.

Uit die hoofdomein waarby φανερόω ingedeel is, is dit duidelik dat kennis van ŉ saak, die ken van ŉ saak, by hierdie woorde ŉ belangrike rol speel. Die feit dat die woorde by C “Well Known, Clearly Shown, Revealed (28.28–28.56)” ingedeel word, maak dit duidelik dat Jesus Christus en alles wat met Hom verband hou by sy bekendmaking, sy wederkoms, ten volle kenbaar sal wees, geopenbaar sal wees.

Die betrokke subdomeine is:

“A Know (28.1–28.16)

B Known (the content of knowledge) (28.17–28.27)

C Well Known, Clearly Shown, Revealed (28.28–28.56)

D Able To Be Known (28.57–28.67)

E Not Able To Be Known, Secret (28.68–28.83).” (Louw & Nida, 1996a:334)

Φανερόω word by C “Well Known, Clearly Shown, Revealed (28.28–28.56)” ingedeel. Indien C met die ander subdomeine vergelyk word, blyk dit dat dit gaan oor kennis wat goed bevat is, aangesien dit duidelik bekendgemaak of geopenbaar is.

Die feit dat die woorde by sub-domein C “Well Known, Clearly Shown, Revealed (28.28–28.56)” ingedeel word, wys dat Jesus Christus en alles wat met Hom verband hou by sy openbaring, by sy wederkoms, ten volle kenbaar sal wees, geopenbaar sal wees. Hierby moet vermeld word dat hierdie kennis of kenbaarheid voorafgegaan word deur ŉ doelbewuste daad wat die openbaring veroorsaak.

Die begrip word soos volg verklaar (1996a:338, 339): “28.36 φανερόω[b]; ἐμφανίζω[b]; φαίνομαι[b]; φωτίζω[b]; φανέρωσις, εως *f*; φωτισμός[b], οῦ *m*: to cause something to be fully known by revealing clearly and in some detail—‘to make known, to make plain, to reveal, to bring to the light, to disclose, revelation.’”

Die volgende voorbeelde van die gebruik van φανερόω word aangetoon (Louw & Nida, 1996a:339): “φανερόω[b]: θεῷ δὲ πεφανερώμεθα ‘we are fully known by God’ 2 Cor 5:11; τὴν ὀσμὴν τῆς γνώσεως αὐτοῦ φανεροῦντι δἰ ἡμῶν ἐν παντὶ τόπῳ ‘making known the knowledge about him in every place like a sweet aroma’ 2 Cor 2:14; νυνὶ δὲ χωρὶς νόμου δικαιοσύνη θεοῦ πεφανέρωται ‘but now, God’s way of putting people right with himself has been made known

apart from the Law' Ro 3:21; εἰ ταῦτα ποιεῖς, φανέρωσον σεαυτὸν τῷ κόσμῳ 'since you are doing these things, make yourself known to the world' Jn 7:4."

Soos by die eerste vertalingsmoontlikheid, word hier ook ŉ daad wat voorafgaan veronderstel; ŉ daad wat sorg dat iets of iemand bekendgemaak of geopenbaar word.

Indien 28.36, φανερόω, met die ander woorde in die sub-domein (28.28-28.56) vergelyk word, is dit ooglopend dat al hierdie woorde betrekking het op kennis wat goed bevat word, wat "well known" en "clearly known" is. Die verskil is egter dat by φανερόω daar ŉ doelbewuste "veroorsaking" van die welbekende kennis in groot detail is; dit wil sê dat die kennis geopenbaar word, bekendgemaak word.

Nog ŉ woord wat vir die wederkoms van die Here Jesus gebruik kan word, naamlik ἀποκαλύπτω (28.38), kom ook in die sub-domein voor en is in ŉ voorafgaande afdeling (6.1) bespreek. Waar die verklaring by ἀποκαλύπτω "to cause something to be fully known" is, is die verklaring by φανερόω "to cause something to be fully known by revealing clearly and in some detail". Die wyse van bekendmaking is dus meer gedetailleerd by φανερόω as by ἀποκαλύπτω.

Ook hierdie tweede betekenismoontlikheid φανερόω is dus van toepassing op Jesus Christus se wederkoms. Weereens moet dit as 'n leemte vermeld word dat Louw en Nida geen melding daarvan maak dat φανεροω in verband met die wederkoms gebruik kan word nie.

6.3.1.2.1 Konklusie

Φανερόω het ŉ dubbele betekenismoontlikheid wat albei van toepassing is wanneer die woord gebruik word om die betekenis van "wederkoms" weer te gee. Φανερόω word gebruik in die betekenis van: Om te veroorsaak dat iets of iemand sigbaar en kenbaar sal wees.

### 6.3.1.3 Samevattende konklusie

Wanneer φανερόω met verwysing na Jesus se wederkoms gebruik word, word beklemtoon dat Jesus Homself sigbaar wys of openbaar, dat Hy geopenbaar word, dat Hy verskyn; só dat Hy in die openbaar gesien kan word. Hy sal dan ook volledig kenbaar wees.

Φανερόω word as sinoniem vir ἀποκαλύπτω gebruik en dui op openbaring wat doelbewus veroorsaak word. Jesus Christus is die subjek van die openbaring en Hy openbaar God, sy Naam en sy werke. Voorts kan die belangrike afleiding gemaak word dat wanneer φανερόω met verwysing na die wederkoms van Jesus Christus gebruik word, die wederkoms eintlik (doelbewuste) openbaring op sigself is.

Wanneer φανερόω met betrekking tot die wederkoms van Jesus Christus gebruik word, is dit veel meer as net die opdaag of die verskyning van Jesus Christus, maar word God en sy Naam en sy werke doelbewus deur Jesus Christus geopenbaar, vervul en verwesenlik.

6.3.1.3.1 Finale betekenisdefinisie

Op grond van die samevattende konklusie kan die volgende definisie van φανερόω gegee word:

Dit is die doelbewuste, sigbare selfopenbaring van Jesus Christus in die openbaar met sy wederkoms, sodat God, sy Naam en sy werke volledig geken, vervul en verwesenlik kan word.

### 6.3.2 Die *telos* van die openbaring van die wederkoms aan die hand van φανερόω

In hierdie afdeling word die gebruik van φανερόω nagegaan en openbaringsdoelwitte, waar hierdie begrip in verband met die wederkoms gebruik word, geïdentifiseer. Aangesien hierdie studie besondere fokus op παρουσία plaas, word die *telos* van die openbaring van die wederkoms aan die hand van die ander geïdentifiseerde woorde, soos φανερόω, slegs oorsigtelik gedoen.

Die woord φανερόω kom 49 keer en in 14 Nuwe-Testamentiese boeke voor (Vgl. Wigram & Winter, 1978:783).

Aangesien geen bron gevind kon word wat ŉ volledige opgawe gee van Skrifgedeeltes waar φανερόω spesifiek met betrekking tot die wederkoms gebruik word nie, het die skrywer self al die betrokke Skrifgedeeltes nagegaan. Die BDAG (2000:1048) (vgl. 6.3.1.1.1) toon wel aan dat die volgende Skrifgedeeltes ter sake is, maar meld nie of die opgaaf volledig is nie: Kolossense 3:4; 1 Petrus 5:4; 1 Johannes 2:28; 3:2. Nadat al 49 Skrifgedeeltes nagegaan is, blyk dit dat die opgaaf wel volledig is.

#### 6.3.2.1 Kolossense 3:4

ὅταν ὁ Χριστὸς **φανερωθῇ**, ἡ ζωὴ ὑμῶν, τότε καὶ ὑμεῖς σὺν αὐτῷ φανερωθήσεσθε ἐν δόξῃ.

“Wanneer Christus **verskyn**, Hy wat julle lewe is, sal julle ook saam met Hom in heerlikheid verskyn.”

Paulus is besig om die Kolossense aan te moedig om hulle gedagtes te rig op die dinge daarbo waar Christus is en nie op aardse dinge nie (3:1, 2). Dit moet hulle doen aangesien hulle saam met Christus uit die dood opgewek is (3:1) en omdat hulle saam met Hom gesterf het en hulle lewens in Hom verborge is (3:3). Wanneer Christus weer kom (sigbaar en kenbaar), dan sal hulle saam met Hom in heerlikheid geopenbaar word (sigbaar en kenbaar) (3:4).

Daar is dus ŉ teenstelling tussen 3:3 en 3:4. Die lewe van die gelowige is verborge in God (3:3), maar dit sal met die openbaring, die wederkoms van Jesus Christus, in heerlikheid bekendgemaak word (3:4): "Our identification with Christ, now real but hidden, will one day be manifest." (Moo, 2008:251) Die volheid en die volkomenheid van die lewe in Christus is in hierdie lewe nog verborge, maar wanneer die Here Jesus Christus kom, sal dit ten volle geopenbaar word (Van Leeuwen, s.a.:49).

Φανερόω word twee maal in 3:4 gebruik. In 3:4a word dit met verwysing na Jesus en sy wederkoms gebruik en in 3:4b met verwysing na die gelowiges wat in heerlikheid geopenbaar sal word by die wederkoms. Die wederkoms, en die feit dat gelowiges dan in Christus se heerlikheid sal deel, word hier as motivering gebruik, saam met die sterwe en opstanding van Christus (3:1-3), om gelowiges aan te moedig om hulle gedagtes op hemelse dinge en nie op aardse dinge nie, te rig (3:1).

6.3.2.1.1 Openbaringsdoelwitte

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is dat gelowiges kan weet dat, hoewel die volheid en die volkomenheid van die lewe in Christus nog verborge is, dit ten volle geopenbaar sal word met die wederkoms (Kol. 3:4).
- Die doel van die openbaring van die wederkoms is om gelowiges aan te moedig om hulle gedagtes op hemelse dinge te rig en nie op aardse dinge nie (Kol. 3:4).

#### 6.3.2.2 1 Petrus 5:4

καὶ **φανερωθέντος** τοῦ ἀρχιποίμενος κομιεῖσθε τὸν ἀμαράντινον τῆς δόξης στέφανον.

"En wanneer die Groot Herder **verskyn**, sal julle die erekrans van heerlikheid ontvang wat nooit sal verwelk nie."

Petrus is besig om die ouderlinge vir hulle ampswerk te onderrig (5:1-3). Hy gee positiewe en negatiewe riglyne oor hoe hulle as herders moet optree. Die kudde behoort immers aan Jesus Christus en ampsdraers is teenoor Hom verantwoordbaar (Greijdanus, s.a.:81). Hulle moet daarom hulle "dienswerk verrig soos mense wat aan die Opperherder rekenskap moet gee" (Groenwald, 1977:88). Petrus gebruik die wederkoms as aanmoediging: Wanneer Jesus Christus, die Hoof-herder, kom (sienbaar en kenbaar), sal hulle die onverganklike kroon van heerlikheid ontvang (Schreiner, 2003:236).

6.3.2.2.1 Openbaringsdoelwitte

Die wederkoms word geopenbaar met die volgende openbaringsdoelwitte:

- Dat ampsdraers sal besef dat hulle verantwoording aan Jesus Christus verskuldig is met sy koms (1 Pet. 5:4).

- Dat ampsdraers hulle dienswerk sal doen soos mense wat weet dat hulle daarvan rekenskap sal moet gee (1 Pet. 5:4).

- Dat ampsdraers bemoedig kan word in die wete dat hulle getroue werk beloon sal word (1 Pet. 5:4).

#### 6.3.2.3 1 Johannes 2:28

Καὶ νῦν, τεκνία, μένετε ἐν αὐτῷ, ἵνα ἐὰν **φανερωθῇ** σχῶμεν παρρησίαν καὶ μὴ αἰσχυνθῶμεν ἀπ' αὐτοῦ ἐν τῇ παρουσίᾳ αὐτοῦ.

"En nou, kinders, bly in Hom, sodat ons vrymoedigheid kan hê wanneer Hy **verskyn** en nie met sy wederkoms deur Hom in die skande gestel word nie."

Hierdie Skrifdeel is reeds behandel in die hoofstuk wat handel oor die doel van die openbaring van die wederkoms in 1 Johannes 2 aan die hand van παρουσίᾳ (vgl. 5.4). Aangesien hier 'n dubbele verwysing na die wederkoms is, aan die hand van φανερωθῇ en ἐν τῇ παρουσίᾳ αὐτοῦ, en aangesien hierdie dubbele verwysing in een vers voorkom en daar baie moeilik onderskei kan word watter openbaringsdoelwitte aan φανερωθῇ en watter aan ἐν τῇ παρουσίᾳ αὐτοῦ verbonde is, word daar, na 'n kort oorsig, volstaan met die openbaringsdoelwitte wat reeds in 5.4.4.1 aangedui is.

Johannes is besig om die gelowiges te waarsku teen die koms van die Antichris (2:22) en teen misleiding (2:26). Hy moedig hulle aan om in die Here te bly (2:28). As motivering noem hy dat Christus weer kom (sienbaar en kenbaar) en dat hy nie wil hê dat hulle dan beskaamd voor Hom sal staan nie, maar met vrymoedigheid.

6.3.2.3.1 Openbaringsdoelwitte

- Die wederkoms word geopenbaar met die doel dat gelowiges aangemoedig word om met volharding in Christus te bly, om die status wat hulle in Christus het as verloste kinders van God te bewaar (1 Joh. 2:28).

- Die doel van die openbaring van die wederkoms, as aansporing om in Christus te bly, is dat gelowiges toegangsreg tot Hom kan hê met sy wederkoms. Die doel is om παρρησία by die παρουσία te bevorder (1 Joh. 2:28).

- Mense wat egter nie in Christus is wanneer Hy weer kom nie, sal weg van Hom af tot skande gemaak word. Die wederkoms word geopenbaar met die *telos* dat die wat nie in Hom is nie, hulle tot Hom sal bekeer (1 Joh. 2:28).

#### 6.3.2.4 1 Johannes 3:2

Ἀγαπητοί, νῦν τέκνα θεοῦ ἐσμεν, καὶ οὔπω ἐφανερώθη τί ἐσόμεθα. οἴδαμεν ὅτι ἐὰν **φανερωθῇ**, ὅμοιοι αὐτῷ ἐσόμεθα, ὅτι ὀψόμεθα αὐτὸν καθώς ἐστιν.

"Geliefdes, nou is ons kinders van God, maar dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie. Wat ons weet, is dat wanneer Hy **verskyn**, ons soos Hy sal wees, omdat ons Hom sal sien soos Hy is."

Hoewel παρουσία nie in 3:2 voorkom nie, is die Skrifgedeelte reeds, met motivering, behandel in die hoofstuk wat handel oor die doel van die openbaring van die wederkoms in 1 Johannes 2 aan die hand van παρουσία (vgl. 5.4). Die motivering is: Die verwysing na die wederkoms in 3:2 word, net soos in 2:28a hierbo, aan die hand van φανερόω gedoen, en is inhoudelik verbind aan παρουσία in 2:28b en daarom reeds in 5.4.3 behandel. Aangesien hierdie hoofstuk oor φανερόω handel, word dit wat vroeër gestel is, kortliks ter wille van volledigheid herhaal.

Die wederkoms word in 3:2 geopenbaar met die *telos* dat gelowiges sal weet dat hulle soos Christus sal wees wanneer Hy kom en ook dat hulle Hom sal sien soos Hy is.

Wanneer Jesus Christus by sy παρουσία gaan verskyn, ἐὰν φανερωθῇ, sal gelowiges Jesus Christus in sy glorie sien en dan sal hulle ook in sy glorie deel. Die doel van die openbaring van die wederkoms is dus *kerugma* wat tot geloofsekerheid, geloofsvreugde en geloofsversterking lei.

In 3:3 word ŉ volgende *telos* vir die openbaring van die wederkoms gestel: "En elkeen wat hierdie vaste hoop op Hom het, hou homself rein, net soos Hy rein is." (Bybel, 2014) Die wat hulleself rein hou, leef nie in sonde en in wetteloosheid nie. Hulle leef rein in die vaste hoop om soos Christus te word met sy wederkoms. In 3:3 word dus ŉ belangrike *telos* vir die openbaring van die wederkoms gestel: Die openbaring moet lei tot ŉ rein, heilige lewe.

6.3.2.4.1 Openbaringsdoelwitte

- Die wederkoms word as *kerugma* geopenbaar met die *telos* dat gelowiges sal weet dat hulle soos Christus sal wees wanneer Hy kom en ook dat hulle Hom sal sien soos Hy is (1 Joh. 3:2).

- Die doel van die openbaring van die wederkoms is *kerugma* wat tot geloofsekerheid, geloofsvreugde en geloofsversterking lei (1 Joh. 3:2).

- Die *telos* vir die openbaring van die wederkoms is dat gelowiges rein, dit is heilig, sal lewe (1 Joh. 3:2).

### 6.3.3 Samevattende konklusie

Die volgende openbaringsdoelwitte van die wederkoms aan die hand van die begrip φανερόω is:

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is dat gelowiges kan weet dat, hoewel die volheid en die volkomenheid van die lewe in Christus nog verborge is, dit ten volle geopenbaar sal word met die wederkoms (Kol. 3:4).

- Die doel van die openbaring van die wederkoms is om gelowiges aan te moedig om hulle gedagtes op hemelse dinge te rig en nie op aardse dinge nie (Kol. 3:4).

- Dat ampsdraers sal besef dat hulle verantwoording verskuldig is aan Jesus Christus met sy koms (1 Pet. 5:4).

- Dat ampsdraers hulle dienswerk sal doen soos mense wat weet dat hulle daarvan rekenskap sal moet gee (1 Pet. 5:4).

- Dat ampsdraers bemoedig kan word dat hulle getroue werk beloon sal word (1 Pet. 5:4).

- Die wederkoms word geopenbaar met die doel dat gelowiges aangemoedig word om met volharding in Christus te bly, om die status wat hulle in Christus as verloste kinders van God het, te bewaar (1 Joh. 2:28).

- Die doel van die openbaring van die wederkoms, as aansporing om in Christus te bly, is dat gelowiges toegangsreg tot Hom kan hê met sy wederkoms. Die doel is om παρρησία by die παρουσία te bevorder (1 Joh. 2:28).

- Mense wat egter nie in Christus is wanneer Hy weer kom nie, sal weg van Hom af tot skande gemaak word. Die wederkoms word geopenbaar met die *telos* dat die wat nie in Hom is nie, hulle tot Hom sal bekeer (1 Joh. 2:28).

- Die wederkoms word as *kerugma* geopenbaar met die *telos* dat gelowiges sal weet dat hulle soos Christus sal wees wanneer Hy kom en ook dat hulle Hom sal sien soos Hy is (1 Joh. 3:2).

- Die doel van die openbaring van die wederkoms is *kerugma* wat tot geloofsekerheid, geloofsvreugde en geloofsversterking lei (1 Joh. 3:2).

- Die *telos* vir die openbaring van die wederkoms is dat gelowiges rein, dit is heilig, sal lewe (1 Joh. 3:2).

# Hoofstuk 7: DIE *TELOS* VAN DIE OPENBARING VAN DIE WEDERKOMS AAN DIE HAND VAN EPXOMAI

Die begrip ἔρχομαι is reeds geïdentifiseer as ŉ begrip wat gebruik word om die wederkoms van ons Here Jesus Christus mee aan te dui (1.3).

In hierdie hoofstuk word daar ŉ woordstudie, diakronies en sinkronies, van die begrip gedoen. Voorts word die gebruik van die begrip in die Nuwe Testament nagegaan en word vasgestel wat die *telos* van die openbaring van die wederkoms aan die hand van die begrip ἔρχομαι is.

## 7.1 Woordstudie van ἔρχομαι

### 7.1.1 Diakroniese woordstudie

#### 7.1.1.1 BDAG

Die BDAG (2000: 393-395) onderskei die volgende betekenisgebruike van ἔρχομαι:

"1. Of movement from one point to another, with focus on approach from the narrator's perspective, *come,*

2. to proceed on a course, with destination in view, *go,*

3. to change place or position, with implication of being brought, *be brought* ,

4. to take place, *come,*

5. ἔρχομαι in various prepositional combinations."

Slegs die eerste betekenisgebruik word deur die BDAG met die wederkoms in verband gebring.

Volgens die BDAG (2000, 393-395) word ἔρχομαι dus onder andere gebruik in die betekenis van om nader te kom, om beweging van een punt na ŉ ander aan te dui, om te kom. Die woord kan verwys na die beweging of na die feit dat iemand in die openbaar verskyn.

Wanneer ἔρχομαι met Jesus as handelende persoon gebruik word, kan dit op sy eerste koms dui toe Hy van die hemel af op aarde aangekom het, by sy geboorte, en as mens in die openbaar verskyn het. Dit kan egter ook na sy wederkoms verwys wanneer Hy vir ŉ tweede keer van die hemel af sal kom en in die openbaar sal verskyn. Hierdie verskyning word gewoonlik met krag en met heerlikheid verbind.

Die ander betekenismoontlikhede (2-4) wat die BDAG (2000:393-395) aandui, word nie deur die BDAG met Jesus se wederkoms verbind nie.

7.1.1.1.1 Konklusie

Ἔρχομαι kan dui op Jesus se wederkoms, sy koms van die hemel af om op aarde in die openbaar te verskyn. Hierdie verskyning is in krag en in heerlikheid.

#### 7.1.1.2 TDNT

Uit die deeglike navorsing van Schneider (1964:TDNT, Vol 2. p. 666-684) oor die betekenisgebruike van die woord ἔρχομαι, blyk die volgende:

Volgens Schneider (1964:666) is die algemene gebruik van ἔρχομαι die volgende: "The stem of the word ἐρχ- stands in 'suppletive' connection with ἐλθ-, ἐλυθ- (and ἰέναι). In classic Greek the word has the senses of 'to come' and 'to go.' It is used both of persons and of inanimate objects. Special relationships or nuances are given by prepositions or the context, e.g., 'to come to or towards,' 'to go away,' 'to return,' 'to sail' (of ships). The word is used of the occurrence of natural events or fateful happenings, or of the rise of states of mind." Ἔρχομαι is dus 'n algemene woord wat die kom of die gaan van mense, dinge of gebeure aandui.

Die kultiese gebruik van ἔρχομαι, veral in antieke gebede, is egter van besondere belang. Die teenwoordigheid van die godheid is opgesoek met 'n tipiese formule ἐλθέ of ἐλθέ μοι, saam met die naam van die god of 'n kenmerk van die god in die vokatief. "By the invocation ἐλθέ μοι the god is brought down in order to fulfil what are usually the very egotistic desires of man." (Scneider, 1964:666)

In die Septuagint (LXX) word ἔρχομαι vir 35 Hebreeuse woorde gebruik, maar meestal vir בּוֹא. Belangrik is dat die woord ook gebruik word om die koms van God, sy Woord, sy engele of sy profete aan te dui, maar nog meer belangrik vir die studie: "It is used especially of the coming of the Messiah ... The Messiah is ὁ ἐρχόμενος ἐν ὀνόματι κυρίου ..." (Schneider, 1964:667). Ἔρχομαι word egter ook gebruik om die koms van die Satan aan te dui (Job 2:1).

Voorts, wat ook van belang vir hierdie studie is, is dat ἔρχομαι in die Septuagint gebruik word om die aanbreek van eskatologies-beslissende dae mee aan te dui, veral in die Psalms en die Profete.

In die Nuwe Testament het ἔρχομαι die algemene betekenis van kom en gaan. Dit stem ooreen met die gebruik in ander Griekse literatuur. "It is used indifferently of persons and things. The coming often has the sense of appearing, of coming forward publicly, of coming on the scene. It

is often used of decisive events, of happenings, of natural phenomena, also of conditions etc. (e.g., τὰ σκάνδαλα, τὰ ἀλαθά).” (Schneider, 1964:667)

Die begrip het egter ook in die Nuwe Testament ŉ besondere betekenis wanneer dit aan die eerste of die tweede koms, die geboorte of die wederkoms, van Jesus Christus verbind word.

In die Sinoptiese Evangelies word ἔρχομαι gebruik om die koms van Jesus na mense aan te dui: “The statements characterised by ἔρχεσθαι in the figurative sense lead us to the very heart of the early Christian message of salvation. They speak of Jesus the Messiah, of the nature of His appearing, of the position of men in relation to Him and of the decision to proclaim Him. The word belongs to the circle of ideas connected with the divine epiphany (→ ἐπιφάνεια).” (Scneider, 1964:668) Hierdie gebruik van ἔρχομαι is dus van besondere belang vir die studie.

’n Belangrike gebruik van ἔρχομαι kom voor waar Jesus in die eerste persoon van Homself praat en daarmee sy Messiaanse roeping aandui. Hy stel dit soms positief met ἦλθον (Ek het gekom om ...) en soms negatief met οὐκ ἦλθον (Ek het nie gekom om ...). Schneider (1964:668) groepeer die uitsprake onder die sogenaamde ἦλθον-gesegdes. Met hierdie uitsprake dui Jesus sy sekerheid oor sy roeping aan en dit verwys gewoonlik na sy eerste koms.

Die begrip ἔρχομαι word ook verbind aan die eskatologiese koms van die koninkryk van God. In die Ons Vader-gebed het Jesus sy dissipels leer bid: “Laat u koninkryk kom” (Mat. 6:10; Luk. 11:2).

Veelseggend vir hierdie studie is die uitspraak van Schneider (1964:670): “Lk. 23:42 ... rests on the certainty that the coming of the kingdom of God is linked with the *parousia* of Christ. The kingdom of God is the kingdom of the Messiah. Jesus comes in and with His kingdom (Mt. 16:28; Lk. 23:42 א AC al).”

In die Joodse tradisie is die eskatologiese koms van die Messias verwoord deur na die Messias te verwys as “Hy wat kom” of “die komende Een” (ὁ ἐρχόμενος) wat met sy koms die tyd van verlossing inlei. “In references to the coming of Jesus in His Messianic glory the early Christian tradition borrows from Apocalyptic. Jesus is the promised Messiah who at the end of the days will come in great power and glory (Mt. 16:27; 25:31 and par.) on the clouds of heaven (Mt. 24:30; 26:64 and par.).” (Schneider, 1964:670) Op die vraag oor wanneer die wederkoms sal plaasvind, is die antwoord dat die tydstip onbekend is vir mense, dat Jesus skielik sal kom en dat sy koms voorafgegaan sal word deur vals profete wat sal voorgee dat hulle die Messias is.

Die woord ἔρχομαι word ook gebruik om aan te dui dat God gaan kom om te oordeel. Dit mag van belang wees vir die studie aangesien die koms van God se oordeel saam gaan val met die wederkoms van Christus.

Die koms van dae van besluitneming word ook deur ἔρχομαι aangedui. Hiermee verwys Schneider (1964:671) na 'n hele paar uitsprake van Jesus wat ingelui word met die formule: "Daar sal dae kom (ἐλευσονται ἡμέραι)". Hierdie uitsprake kom veral in Lukas voor (17:22; 21:6; 23:29), maar ook in Matteus (9:15). Dit mag van belang wees vir die studie, aangesien die wederkoms per slot van sake dié dag van besluitneming is.

In die Johanneïse geskrifte word ἔρχομαι soos volg gebruik: In die Evangelie volgens Johannes is die teologiese inhoud van die ἔρχεσθαι-gesegdes, volgens Schneider (1964:671), nog meer prominent as in die Sinoptiese Evangelies. Jesus se getuienisse van Homself ("self-attestations") is meer talryk in die Evangelie volgens Johannes as in die ander Evangelies. Johannes gebruik dit ook meer polemies en om die ware beeld van Jesus te stel teenoor die valse beeld. Johannes gebruik die terme "ἐγὼ ἦλθον" of "ἐγὼ ἐλήλυθα".

"The basis of His Messianic claim is the certainty: οἶδα πόθεν ἦλθον καὶ ποῦ ὑπάγω (8:14). His coming rests on His divine mission (8:42). Here is the foundation of His claim (→ I, 444 f.). He does not come in His own name, but in the name of the Father (5:43)." (Schneider, 1964:671) Hierdie opmerking geld sekerlik net so sterk vir Jesus se tweede koms as vir sy eerste koms. Volgens Schneider (1964:671) het die Christus in Johannes se Evangelie-beskrywing met sy eerste koms net een doel en dit is om die kosmos te red van vernietiging, wat volg op die vervreemding van God (12:47).

Volgens Schneider (1964:673) gebruik Johannes die woorde "ἔχεται" en "ἦλθεν" om die gebeure rondom die verskynings van Jesus na sy opstanding uit die dood in te lui: "The author of the Fourth Gospel records a threefold mysterious coming of the risen Lord to the disciples: 1. to the disciples apart from Thomas (20:19); 2. to the disciples including Thomas, whose doubts are dissipated by the pneumatic reality of the risen Lord (20:26); and 3. to the disciples at the sea of Tiberias, when the sacred meal was sanctified by His presence (21:13)."

Die wederkoms van Jesus Christus word ook in Johannes se Evangelie aan die hand van ἔρχομαι aangedui. In Jesus se selfgetuienis in Johannes 14:3, waar Hy daarop wys dat Hy weer gaan kom, gebruik hy die frase "πάλιν ἔρχομαι". In Johannes 21:22 e.v. is daar 'n duidelike verwysing na die weer-kom van Jesus in die sin van sy eskatologiese wederkoms as die Christus. Tussen sy eerste en sy tweede koms lê die koms van die παράκλητος, die Heilige Gees as Parakleet. "The coming of the Paraclete implies an unbroken continuity of the coming of Jesus. The only point is that the form of coming has changed, the personal coming being replaced by a pneumatic." (Schneider, 1964:673) Dit is daarom duidelik dat ἔρχομαι spesifiek ook gebruik word om Jesus se wederkoms aan te dui.

In die Briewe van Johannes is sprake van die koms van Christus, maar ook van die Antichris wie se koms as ŉ teken genoem word van die laaste uur (1 Joh. 2:18; vgl. 4:3). In Johannes se briewe val die klem op die feit dat Jesus Christus in die vlees gekom het, as reaksie teenoor die docetisme: "Ἰησοῦς Χριστὸς ἐν σαρκὶ ἐληλυθώς (1 Jn. 4:2; 2 Jn. 7)." (Schneider, 1964:674)

In Openbaring word God se wese, en in besonder sy ewigheid, volgens Schneider (1964:674), beskryf met: "ὁ ὢν καὶ ὁ ἦν καὶ ὁ ἐρχόμενος (Openb.1:4, 8; 4:8; vgl. ook 11:17)." Daar is egter veel meer as net God se ewigheid hier ter sprake, soos Schneider aanvoer. As hy reg was, sou hier goedskiks kon staan: "Hy wat is en wat was en wat sal wees." Teen alle verwagting in staan hier nie "sal wees" nie, maar "Hy wat kom", ὁ ἐρχόμενος, wat definitief ŉ eskatologiese karakter het. Schneider bly hier in gebreke om aan te toon dat ἔρχομαι (ὁ ἐρχόμενος) daarop dui dat dit God is wat in Jesus Christus mens word en wat ook weer in Hom sal kom. Hierop sal later in die hoofstuk uitgebre iword.

Volgens Schneider (1964:674) het Johannes ŉ vroeë wederkomsverwagting: "The author expects the speedy return of Christ. The exalted Lord says to the churches: ἔρχομαί σοι (2:5; ταχύ, 2:16; 22:20). The Church of Christ lives in yearning expectation of His coming again (22:17, 20). The prayer for the coming of Christ is strengthened by the words: ἀμήν, ἔρχου κύριε Ἰησοῦ (22:20)." Die vraag moet gevra word of die mening geldig is dat Johannes die verwagting van ŉ spoedige wederkoms het en of *gereedheid* vir die wederkoms nie eerder hier beklemtoon word nie. Schneider se standpunt strook ook nie met die belydenis dat die Bybel die geïnspireerde Woord van God is nie.

Oor die wyse van Jesus se koms word in Openbaring gestel dat Hy so onverwags soos ŉ dief kom (16:15) en dat Hy met die wolke kom (1:7). "For the rest, the ἔρχεσθαι sayings describe the eschatological situation, namely, the coming of judgment on the one hand (6:17; 11:18; 14:7, 15; 18:10) and on the other the coming of the Messianic age of joy in all the glory of its consummation (19:7), this being preceded by the Messianic tribulation (3:10; cf. 7:14)." (Schneider, 1964:674)

In Paulus se Briewe word daar baie meer aandag gegee aan Jesus se tweede koms (wederkoms) as aan sy eerste koms (menswording). Laasgenoemde word, volgens Schneider (1964:674), slegs genoem in 1 Timoteus 1:15 en Efesiërs 2:17.

Schneider (1964:674) maak die aanvegbare stelling: "Paul lives in expectation of the imminent coming again of Christ (1 C. 4:5)." Indien Schneider met "imminent" bedoel dat Paulus gedink het dat die Here binnekort sou kom, dat Paulus ŉ vroeë wederkomsverwagting gehad het, kan daar nie met hom saamgestem word nie – op grond van dieselfde redes waarom ŉ vroeë wederkomsverwagting by Johannes hierbo afgewys is. Indien Schneider bedoel dat Paulus ŉ

sterk wederkomsverwagting gehad het en dat die wederkoms sy denke gevul het en dat hy gereedheid daarvoor bevorder het, kan daar met hom saamgestem word op grond van die Skrifgedeeltes waarna Schneider (1964:674) self verwys: “Distinctive is the Aramaic petition μαράνα θᾶ (1 C. 16:22). The Pauline account of the Lord’s Supper contains a reference to Christ’s return (1 C. 11:26). The death of Christ is to be proclaimed ἄχρι οὗ ἔλθῃ. Christ will come suddenly like a thief in the night (I Th. 5:2). But He will come in all His Messianic glory (2 Th. 1:10). The time of salvation is the time which brings in what is perfect and does away what is in part (1 C. 13:10). The wrath of God will fall on unbelievers (Col. 3:6; Eph. 5:6). The appearing of Christ will be preceded by apostasy and the manifestation of the man of sin (2 Th. 2:3).” Daar moet dus onderskei word of Paulus die wederkoms binnekort verwag (waarteen hy juis in 2 Tes. 2 standpunt inneem) en of hy gereedheid vir die wederkoms beklemtoon.

In die ander Nuwe-Testamentiese boeke (uitgesonderd die Evangelies, Johannes se geskrifte en Paulus se geskrifte) is die eskatologiese gebruik van ἔρχομαι oorheersend, aldus Schneider (1964:675). Hy staaf sy stelling met enkele verwysings na gedeeltes in Handelinge en 2 Petrus 3. Die vraag onstaan of dit bloot ŉ eskatologiese gebruik van ἔρχομαι is, soos Schneider beweer, en of dit nie sterker gestel moet word nie, naamlik dat ἔρχομαι as tegniese term vir die wederkoms gebruik word.

7.1.1.2.1 Konklusie

Die gebruik van ἔρχομαι dui op die algemene kom en gaan van mense, dinge of gebeure. Dit word gebruik om al drie Jesus se komste mee aan te dui: Sy menswording, die uitstorting van sy Gees en sy wederkoms. Die woord word dikwels in eskatologiese sin gebruik en veral dan om die wederkoms van Jesus Christus mee aan te dui. Paulus gebruik die woord uitsluitlik só, in verband met die wederkoms, op twee uitsonderings na. Wanneer ἔρχομαι met betrekking tot die wederkoms gebruik word, lê die betekenis daarin opgesluit dat Hy liggaamlik kom en teenwoordig sal wees en dat Hy spesifiek na sy mense toe kom, om by hulle te wees. Voorts is die idee dat Jesus in heerlikheid kom, dat Hy as God kom en dat Hy verlossing bring ook in die betekenis van die woord opgesluit. Die woord ἔρχομαι word ook gebruik om die aanbreek of die koms van die wederkoms of die gepaardgaande oordeel mee aan te dui.

### 7.1.2 Sinkroniese woordstudie

Louw en Nida (1996b:105) gee die volgende vertalingsmoontlikhede vir ἒρχομαι:

“ἒρχομαι, (impf ἠρχόμην, fut ἐλεύσομαι, aor ἦλθον, ἦλθα, inf ἐλθεῖν, pf ἐλήλυθα):

a go, come: 15.7

b come: 15.81

c become: 13.50

d happen to: 13.117."

Dit is duidelik dat slegs a "go, come: 15.7" en b "come: 15.81" moontlik van toepassing mag wees op die studie.

Beide betekenismoontlikhede word by die domein 15 "Linear Movement" (Louw & Nida, 1996a:181-211) ingedeel. Die domein word voorafgegaan deur domein 14 "physical events and states", wat hoofsaaklik oor weerverskynsels soos wind, reën en donderweer handel. Domein 15 word opgevolg deur domein 16 "non-linear movement", wat veral gaan oor woorde wat beweging aandui sonder dat daar van plek verwissel word. Al wat uit hierdie vergelyking duidelik word, is dat ἔρχομαι saam met woorde gegroepeer is wat beweging aandui wat op verwisseling van plek dui.

Die woord ἔρχομαι word in twee sub-domeine ingedeel, naamlik: A "Move, Come/Go (15.1–15.17)" en F "Come, Come To, Arrive (15.81–15.87)."

Die sub-domeine word soos volg ingedeel:

"A Move, Come/Go (15.1–15.17)

B Travel, Journey (15.18–15.26)

C Pass, Cross Over, Go Through, Go Around (15.27–15.33)

D Leave, Depart, Flee, Escape, Send (15.34–15.74)

E Come Near, Approach (15.75–15.80)

F Come, Come To, Arrive (15.81–15.87)

G Return (15.88–15.92)

H Come/Go Into (15.93–15.96)

I Come/Go Onto (15.97–15.100)

J Come/Go Up, Ascend (15.101–15.106)

K Come/Go Down, Descend (15.107–15.117)

L Fall (15.118–15.122)

M Gather, Cause To Come Together (15.123–15.134)

N Disperse, Scatter (15.135–15.140)

O Come/Go Prior To (15.141–15.142)

P Come/Go In Front Of (15.143)

Q Come/Go Behind (15.144–15.145)

R Go Around, Surround (15.146–15.147)

S Come/Go With, Travel With (15.148–15.155)

T Follow, Accompany (15.156–15.157)

U Pursue, Follow (15.158–15.159)

V Drive Along, Carry Along (15.160–15.164)

W Lead, Bring, Take (15.165–15.186)

X Carry, Bear (15.187–15.211)

Y Pull, Draw, Drag (15.212–15.214)

Z Throw, Hurl (15.215–15.221)

A´ Movement with Speed (15.222)

B´ Goal-Oriented Movement (15.223)

C´ Walk, Step (15.224–15.229)

D´ Run (15.230–15.237)

E´ Jump, Leap (15.238–15.243)

F´ Dance (15.244)

G´ Fly (15.245)

H´ Swim (15.246–15.247)

I´ Roll (15.248–15.249)."

Die vergelyking van sub-domein A en sub-domein F, waarin ἒρχομαι geplaas is, met die ander subdomeine, lewer nie 'n beduidende bydrae tot hierdie studie nie; waarskynlik omdat ἒρχομαι met die betekenis van die wederkoms van Christus glad nie aan die orde gebring word nie. Dit is ook opvallend dat ἒρχομαι nie in sub-domein G "return" gegroepeer word nie.

Die eerste betekenismoontlikheid van ἒρχομαι word soos volg weergegee:

"15.7 ἔρχομαι[a]: to move from one place to another, either coming or going—'to come, to go.' ἦλθεν εἰς πᾶσαν τὴν περίχωρον τοῦ Ἰορδάνου 'so he went throughout the whole territory of the Jordan River' Lk 3:3; μήτι ἔρχεται ὁ λύχνος ἵνα ὑπὸ τὸν μόδιον τεθῇ ἢ ὑπὸ τὴν κλίνην; 'a lamp certainly doesn't come in order to be put under a bowl or a bed, does it?' Mk 4:21. Note that in Mk 4:21 the subject of ἔρχεται is not something that would normally move by its own force but would need to be brought. Accordingly, in a number of languages it is necessary to say 'no one brings a lamp …'." (1996a:183)

Daar word by die betekenismoontlikheid 'n voetnoot aangeheg wat daarop wys dat ἒρχομαι op twee taksonomiese vlakke binne die domein van liniêre beweging voorkom (1996a:183). Die eerste vlak is generies, wat beide "kom" en "gaan" insluit. Die tweede is "om te kom" in teenstelling met "om te gaan".

Indien ἒρχομαι met die ander 16 woorde in 15.1-15.7 vergelyk word, wat almal te make het met beweging van een plek na 'n ander, lewer dit nie juis 'n bydra tot die studie nie, waarskynlik omdat die moontlike betekenis van wederkoms nêrens aangedui word nie.

Die tweede vertalingsmoontlikheid van ἒρχομαι word soos volg weergegee:

"15.81 ἔρχομαι[b]; ἔλευσις, εως *f*: to move toward or up to the reference point of the viewpoint character or event—'to come, coming.'[16] ἔρχομαι[b]: σὺ εἶ ὁ ἐρχόμενος ἢ ἕτερον προσδοκῶμεν; 'are you the one who was going to come, or should we expect another?' Mt 11:3; μὴ νομίσητε ὅτι ἦλθον βαλεῖν εἰρήνην ἐπὶ τὴν γῆν 'don't think I came to bring peace on the earth' Mt 10:34."(1996a:193)

Weereens is daar 'n voetnoot (1996a:193) wat aandui dat hierdie betekenis meer beperk is as die vorige. Waar die eerste betekenis "kom" of "gaan" kan beteken, kan die tweede betekenis slegs "kom" beteken. Die weer-kom van Jesus moet waarskynlik by hierdie tweede betekenis ingedeel word, aangesien Jesus gaan kom om nooit weer weg te gaan nie.

Indien die betekenis van ἒρχομαι vergelyk word met die betekenis van die ses ander woorde in F, 15.81-15.87, lewer die vergelyking geen noemenswaardige bydrae tot die studie nie.

Opvallend is egter dat παρουσία by 15.86 ingedeel word en dat daar derhalwe 'n nou verwantskap in betekenisgebruik is tussen ἔρχομαι en παρουσία. Beide woorde het te doen met "kom", "aankom by" en "arriveer".

Dit is opvallend dat Louw en Nida by nie een van die twee toepaslike betekenismoontlikhede van ἔρχομαι enige melding maak van die spesifieke gebruik om die wederkoms van Jesus Christus aan te dui nie.

#### 7.1.2.1 Konklusie:

Ἔρχομαι en παρουσία is op 'n semantiese vlak nou aan mekaar verbonde. Ἔρχομαι dui die aankoms aan van iemand wat van 'n ander plek af gekom het. Indien dit op die wederkoms toegepas word: Jesus Christus kom vanuit die hemel op aarde aan.

### 7.1.3 Samevattende konklusie

Die gebruik van ἔρχομαι dui op die algemene kom en gaan van mense, dinge of gebeure. Dit word met verwysing na al drie Jesus se komste gebruik: Sy menswording, die uitstorting van sy Gees en sy wederkoms. Die woord word dikwels in 'n eskatologiese sin gebruik, spesifiek om die wederkoms van Jesus Christus aan te dui. Die betekenisgebruik van ἔρχομαι sluit in dat Jesus van die hemel af sal kom om op aarde in die openbaar te verskyn. Hierdie verskyning is in krag en in heerlikheid. Hy kom liggaamlik as God om verlossing te bring en te oordeel.

Die woorde ἔρχομαι en παρουσία is op 'n semantiese vlak nou aan mekaar verbonde.

### 7.1.4 Finale betekenisdefinisie

Op grond van die samevattende konklusie kan die volgende betekenisdefinisie van ἔρχομαι gegee word wanneer dit in verband met die wederkoms gebruik word:

Dit is die liggaamlike koms van Jesus Christus met sy wederkoms van die hemel af na die aarde, waartydens Hy in die openbaar sal verskyn in krag en heerlikheid, om te oordeel en om die gelowiges te verlos.

## 7.2 Die *telos* van die openbaring van die wederkoms aan die hand van ἔρχομαι

In hierdie afdeling word die gebruik van ἔρχομαι nagegaan en openbaringsdoelwitte, waar hierdie begrip in verband met die wederkoms gebruik word, geïdentifiseer. Aangesien hierdie studie besondere klem lê op παρουσία, word die *telos* van die openbaring van die wederkoms aan die hand van die ander geïdentifiseerde woorde, soos ἔρχομαι, slegs oorsigtelik gedoen.

Die begrip ἒρχομαι word 642 keer en in 24 Boeke in die Nuwe Testament gebruik (vgl. Wigram en Winter, 1978:301-306). Dit is dus ŉ redelike algemene woord en daar kan verwag word dat by die groot meerderheid van gevalle waar die woord gebruik word dit nie spesifiek na die wederkoms verwys nie. Gesien in die lig van die groot aantal kere wat ἒρχομαι in die Nuwe Testament voorkom, word daar vir die doeleindes van hierdie afdeling van die studie slegs gefokus op Skrifgedeeltes waar Jesus Christus die handelende Persoon is en waar die wederkoms ter sprake is.

Aangesien die woord so dikwels in die Nuwe Testament gebruik word, kon geen bron opgespoor word wat ŉ volledige opgaaf gee van teksgedeeltes waarin ἒρχομαι met verwysing na die wederkoms gebruik word nie en is al 642 Skrifgedeeltes nagegaan. Die geïdentifiseerde Skrifgedeeltes word hieronder gelys. Om die omvang van die studie te beperk, word Skrifgedeeltes waar ἒρχομαι gebruik word sonder dat daar na die wederkoms verwys word, sonder motivering weggelaat.

#### 7.2.1 Matteus 10:23

ὅταν δὲ διώκωσιν ὑμᾶς ἐν τῇ πόλει ταύτῃ, φεύγετε εἰς τὴν ἑτέραν· ἀμὴν γὰρ λέγω ὑμῖν, οὐ μὴ τελέσητε τὰς πόλεις τοῦ Ἰσραὴλ ἕως ἂν **ἔλθῃ** ὁ υἱὸς τοῦ ἀνθρώπου.

“Wanneer hulle julle in die een stad vervolg, vlug na 'n ander. *Amen,* Ek sê vir julle: Julle sal nie al die stede van Israel kan besoek voordat die Seun van die Mens **kom** nie.”

Jesus waarsku sy dissipels teen die vervolging wat wag. Hy bemoedig hulle egter daarmee dat Hy weer gaan kom om hulle te verlos en ŉ (spoedige) einde aan die vervolging gaan bring (Ridderbos, s.a.a: 204-205).

##### 7.2.1.1 Openbaringsdoelwit

- Die wederkoms word geopenbaar as bemoediging dat Jesus weer gaan kom om ŉ einde te maak aan die vervolging wat sy volgelinge deurmaak en om hulle te verlos (Mat. 10:23).

#### 7.2.2 Matteus 16:27, 28

μέλλει γὰρ ὁ υἱὸς τοῦ ἀνθρώπου **ἔρχεσθαι** ἐν τῇ δόξῃ τοῦ πατρὸς αὐτοῦ μετὰ τῶν ἀγγέλων αὐτοῦ, καὶ τότε ἀποδώσει ἑκάστῳ κατὰ τὴν πρᾶξιν αὐτοῦ. **28** ἀμὴν λέγω ὑμῖν ὅτι εἰσίν τινες τῶν ὧδε ἑστώτων οἵτινες οὐ μὴ γεύσωνται θανάτου ἕως ἂν ἴδωσιν τὸν υἱὸν τοῦ ἀνθρώπου **ἐρχόμενον** ἐν τῇ βασιλείᾳ αὐτοῦ.

"Want die Seun van die Mens gaan saam met sy engele **kom**, beklee met die heerlikheid van sy Vader, en dan sal Hy elkeen vergeld volgens wat hy gedoen het. 28 *Amen,* Ek sê vir julle dat sommige van dié wat hier staan, die dood beslis nie sal smaak voordat hulle die Seun van die Mens in sy koningsheerskappy sien **kom** het nie."

Beide hierdie verse het betrekking op die wederkoms (Ridderbos, s.a.b.:21-22).

Oor die wyse van die wederkoms word die volgende geopenbaar: Jesus Christus gaan met sy engele kom en Hy kom met die heerlikheid van sy Vader beklee, in sy koningsheerskappy, oftewel sy koninklike waardigheid (Ridderbos, s.a.b: 21). Die doel van sy koms is om elkeen te vergeld volgens wat hy gedoen het (Ridderbos, s.a.b:21).

In die lig van 16:24-26 blyk die verkondiging van die wederkoms in 16:27 'n aansporing te wees om jou lewe op Christus te rig deur Hom na te volg, jouself te verloën en jou kruis op te neem (Ridderbos, s.a.b:21).

By die verklaring van 16:28 moet die aard van profesieë in gedagte gehou word (Ridderbos, s.a.b:21-23). Dikwels word twee afsonderlike gebeurtenisse as een gebeurtenis verkondig, hoewel dit later twee afsonderlike gebeurtenisse blyk te wees. In die gedagtes van die dissipels was die opstanding van Jesus uit die dood en die wederkoms een gebeurtenis. Eers by nabaat blyk dit dat dit eintlik twee afsonderlike gebeurtenisse is.

#### 7.2.2.1 Openbaringsdoelwitte

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is *kerugma,* om die volgende kennis oor te dra: Jesus Christus gaan met sy engele kom en Hy kom met die heerlikheid van sy Vader beklee, in sy koningsheerskappy, oftewel sy koninklike waardigheid (Mat. 16:27-28).

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is *kerugma,* om die doel van die wederkoms bekend te maak, naamlik dat Jesus weer gaan kom om elkeen te kom vergeld vir wat hy gedoen het (Mat. 16:27-28).

- Die wederkoms word verkondig as aanmoediging dat elkeen sy lewe op Christus sal rig deur Hom na te volg, homself te verloën en sy kruis op te neem (Mat. 16:27-28).

### 7.2.3 Matteus 23:39

... λέγω γὰρ ὑμῖν, οὐ μή με ἴδητε ἀπ' ἄρτι ἕως ἂν εἴπητε, Εὐλογημένος **ὁ ἐρχόμενος** ἐν ὀνόματι κυρίου.

"'Want Ek sê vir julle, van nou af sal julle My beslis nie weer sien nie, totdat julle sal sê, 'Geseënd is Hy wat **kom** in die Naam van die Here.'"

Jesus is besig om die inwoners van Jerusalem te vermaan oor die hardheid van hulle harte en hulle weiering om hulle op sy prediking te bekeer (23:37). Daarom word die stad aan verwoesting oorgegee en sal hulle Jesus eers as Here met sy wederkoms erken, hoewel dit dan te laat sal wees (Ridderbos, s.a.b:139).

#### 7.2.3.1 Openbaringsdoelwit

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is dat ongelowiges opgeroep word tot bekering voordat dit te laat is (Mat. 23:39).

### 7.2.4 Matteus 24:30

... καὶ τότε φανήσεται τὸ σημεῖον τοῦ υἱοῦ τοῦ ἀνθρώπου ἐν οὐρανῷ, καὶ τότε κόψονται πᾶσαι αἱ φυλαὶ τῆς γῆς καὶ ὄψονται τὸν υἱὸν τοῦ ἀνθρώπου **ἐρχόμενον** ἐπὶ τῶν νεφελῶν τοῦ οὐρανοῦ μετὰ δυνάμεως καὶ δόξης πολλῆς·

"'Dan sal die teken van die Seun van die Mens aan die hemel verskyn, en dan sal al die stamme van die aarde rouklaag, en hulle sal die Seun van die Mens sien **kom** op die wolke van die hemel met krag en groot heerlikheid.'"

Hierdie Skrifgedeelte is reeds volledig hanteer in hoofstuk 3.1. Ter wille van volledigheid word die reeds geïdentifiseerde openbaringsdoelwitte wat direk met die gebruik van ἔρχομαι in die Skrifgedeelte verbind kan word, herhaal.

#### 7.2.4.1 Openbaringsdoelwitte

- Jesus Christus openbaar Homself soms as "Seun van die Mens", ook wanneer sy wederkoms ter sake is. Sy *telos* daarmee is om sy volgelinge daaraan te herinner dat Hy weer sal kom as God, ewige Koning en Middelaar (Mat. 24:30).

- Die *telos* van die openbaring van die teken van die Seun van die Mens, wat die wederkoms inlui, en die feit dat engele die uitverkorenes gaan versamel, is dat die ongelowiges hulle sal bekeer en die gelowiges getroos en in die geloof versterk sal word (Mat. 24:30).

### 7.2.5 Matteus 24:42-44

...γρηγορεῖτε οὖν, ὅτι οὐκ οἴδατε ποίᾳ ἡμέρᾳ ὁ κύριος ὑμῶν **ἔρχεται. 43** ἐκεῖνο δὲ γινώσκετε ὅτι εἰ ᾔδει ὁ οἰκοδεσπότης ποίᾳ φυλακῇ ὁ κλέπτης ἔρχεται, ἐγρηγόρησεν ἂν καὶ οὐκ ἂν εἴασεν

διορυχθῆναι τὴν οἰκίαν αὐτοῦ. **44** διὰ τοῦτο καὶ ὑμεῖς γίνεσθε ἕτοιμοι, ὅτι ᾗ οὐ δοκεῖτε ὥρᾳ ὁ υἱὸς τοῦ ἀνθρώπου **ἔρχεται.**

"'Bly daarom waaksaam, omdat julle nie weet op watter dag julle Here **kom** nie. **43** Dit moet julle weet: As die huiseienaar geweet het tydens watter nagwaak die dief kom, sou hy gewaak het en nie by sy huis laat inbreek het nie. **44** Daarom moet julle gereed wees, want die Seun van die Mens **kom** op 'n tyd wanneer julle dit nie verwag nie.'"

Hierdie Skrifgedeelte is reeds volledig hanteer in hoofstuk 3.1. Ter wille van volledigheid word die reeds geïdentifiseerde openbaringsdoelwitte wat direk met die gebruik van ἔρχομαι in die Skrifgedeelte verbind kan word, herhaal.

#### 7.2.5.1 Openbaringsdoelwit

- Jesus openbaar die onbekendheid van die dag van die wederkoms sodat sy volgelinge voortdurend waaksaam, op hulle hoede en gereed kan wees vir die wederkoms. Die openbaringsdoelwit kan ook negatief geformuleer word: Jesus openbaar die onbekendheid van die dag van die wederkoms, sodat sy volgelinge nie onverhoeds betrap sal word wanneer die dag aanbreek nie en sodat hulle nie sal uitstel om hulle te bekeer nie. Hulle moet ook nie probeer om te bereken wanneer die dag sal aanbreek nie (Mat. 24:42-44).

- Dat die wederkoms beslis gaan plaasvind, maar ook die feit dat die tydstip daarvan onbekend is, moet Jesus se volgelinge troos en aanmoedig om heilig te lewe soos mense wat die wederkoms en die gepaardgaande oordeel verwag en om getroue rentmeesters te wees (Mat. 24:42-44).

### 7.2.6 Matteus 24:45-51

Τίς ἄρα ἐστὶν ὁ πιστὸς δοῦλος καὶ φρόνιμος ὃν κατέστησεν ὁ κύριος ἐπὶ τῆς οἰκετείας αὐτοῦ τοῦ δοῦναι αὐτοῖς τὴν τροφὴν ἐν καιρῷ; **46** μακάριος ὁ δοῦλος ἐκεῖνος ὃν **ἐλθὼν** ὁ κύριος αὐτοῦ εὑρήσει οὕτως ποιοῦντα· **47** ἀμὴν λέγω ὑμῖν ὅτι ἐπὶ πᾶσιν τοῖς ὑπάρχουσιν αὐτοῦ καταστήσει αὐτόν. **48** ἐὰν δὲ εἴπῃ ὁ κακὸς δοῦλος ἐκεῖνος ἐν τῇ καρδίᾳ αὐτοῦ, Χρονίζει μου ὁ κύριος, **49** καὶ ἄρξηται τύπτειν τοὺς συνδούλους αὐτοῦ, ἐσθίῃ δὲ καὶ πίνῃ μετὰ τῶν μεθυόντων, **50** ἥξει ὁ κύριος τοῦ δούλου ἐκείνου ἐν ἡμέρᾳ ᾗ οὐ προσδοκᾷ καὶ ἐν ὥρᾳ ᾗ οὐ γινώσκει, **51** καὶ διχοτομήσει αὐτὸν καὶ τὸ μέρος αὐτοῦ μετὰ τῶν ὑποκριτῶν θήσει· ἐκεῖ ἔσται ὁ κλαυθμὸς καὶ ὁ βρυγμὸς τῶν ὀδόντων.

"'Wie is dan die betroubare en verstandige slaaf vir wie die eienaar aangestel het oor sy huishouding om vir hulle op tyd kos te gee? **46** Gelukkig is daardie slaaf wie se eienaar hom so

aan die werk sal vind wanneer hy **kom. 47** *Amen,* Ek sê vir julle: Hy sal hom oor al sy besittings aanstel. **48** As die slegte slaaf egter in sy hart sê, 'My heer talm,' **49** en hy begin sy medeslawe slaan en hy eet en drink saam met die dronkes, **50** sal die eienaar van daardie slaaf op 'n dag kom waarop hy dit nie verwag nie en op 'n uur wat hy nie weet nie. **51** Hy sal hom middeldeur kap en hom deel maak van die skynheiliges. Daar sal 'n geween wees en 'n gekners van tande."

In hierdie gelykenis van die getroue en die ontroue slaaf verwys die huiseienaar na Jesus Christus. Elke keer wat hier dus sprake is van die koms van die eienaar, is dit 'n indirekte verwysing na die wederkoms van ons Here, Jesus Christus (Ridderbos, s.a.b:161).

Blomberg (1992:369) verwoord die volgende openbaringsdoelwitte:

> God beloon en straf mense op die oordeelsdag (wat saamval met die wederkoms) op grond van hoe hulle hulle rentmeesterskap volvoer het.
>
> Getroue rentmeesterskap vereis volharding en bestendigheid, want die wederkoms kan enige oomblik plaasvind.
>
> Die mense wat hulle verantwoordelikhede teenoor die Here uitstel en wat ongehoorsaam en onbetroubaar is en hulle nie bekeer nie, sal uitvind dat wanneer die wederkoms eers plaasgevind het, dit te laat is om hulle te bekeer.

#### 7.2.6.1 Openbaringsdoelwitte

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is dat mense sal weet dat hulle op die dag beloon of gestraf sal word op grond van hoe hulle hulle rentmeesterskap volvoer het (Mat. 24:45-51).
- Dit word geopenbaar dat die wederkoms onverwags sal plaasvind, sodat gelowiges getroue rentmeesters sal wees wat met volharding en bestendigheid hulle roeping teenoor die Here vervul (Mat. 24:45-51).
- Die doel van die openbaring van die onverwagsheid van die wederkoms is dat mense nie hulle verantwoordelikhede teenoor die Here sal uitstel nie en dat die wat ongehoorsaam en onbetroubaar is, hulle sal bekeer aangesien dit te laat sal wees om dit te doen wanneer die wederkoms aangebreek het (Mat. 24:45-51).

### 7.2.7 Matteus 25:10

... ἀπερχομένων δὲ αὐτῶν ἀγοράσαι **ἦλθεν** ὁ νυμφίος, καὶ αἱ ἕτοιμοι εἰσῆλθον μετ' αὐτοῦ εἰς τοὺς γάμους καὶ ἐκλείσθη ἡ θύρα.

“Terwyl hulle die olyfolie gaan koop het, het die bruidegom **opgedaag** en dié wat gereed was, het saam met hom binnegegaan na die bruilofsfees, en die deur is gesluit.”

Hierdie vers vorm deel van die gelykenis van die tien meisies (25:1-13). Die bruidegom is sinnebeeldig van Jesus Christus wat opdaag met sy wederkoms (Ridderbos, s.a.b:163) en ἦλθεν word dus oordragtelik gebruik om die wederkoms mee aan te dui. Die punt van vergelyking is dat soos wat die vyf dwase meisies te lank uitgestel het om vir die koms van die bruidegom voor te berei, so sal baie te lank uitstel om voor te berei vir die wederkoms van ons Here Jesus Christus (Ridderbos, s.a.b:165). Dit word bevestig deur Jesus se woorde in 25:13: “Wees dan waaksaam, omdat julle die dag en die uur nie ken nie.” (Bybel, 2014)

#### 7.2.7.1 Openbaringsdoelwit

- Die onverwagsheid van die wederkoms word verkondig sodat gelowiges waaksaam sal wees en betyds sal begin voorberei vir die koms van ons Here (Mat. 25:10).

### 7.2.8 Matteus 25:19, 27

... μετὰ δὲ πολὺν χρόνον **ἔρχεται** ὁ κύριος τῶν δούλων ἐκείνων καὶ συναίρει λόγον μετ’ αὐτῶν... **27** ἔδει σε οὖν βαλεῖν τὰ ἀργύριά μου τοῖς τραπεζίταις, καὶ **ἐλθὼν** ἐγὼ ἐκομισάμην ἂν τὸ ἐμὸν σὺν τόκῳ.

“Ná ŉ lang tyd **kom** die eienaar van daardie slawe terug en eis rekenskap van hulle... **27** ‘Daarom moes jy my geld by die bankiers belê het, en met my **terugkeer** sou ek wat myne is, met rente teruggekry het.’”

In hierdie waaksaamheidsgelykenis van die muntstukke is Jesus die eienaar wat kom rekenskap eis nadat hy op reis gegaan het (Ridderbos, s.a.b:169). Die punt van die vergelyking is dat, al bly Jesus lank weg soos die eienaar (25:19), “een ieder moet leven in het bewustzijn van de komende afrekening bij de komst van het koninkrijk” (Ridderbos, s.a.b:167).

#### 7.2.8.1 Openbaringsdoelwit

- Die doel van die openbaring van die wederkoms is dat, al bly ons Here dalk lank weg, ons so moet lewe dat dit duidelik is dat ons Hom verwag en daarom aanhou om ons roeping te vervul (Mat. 25:19, 27).

### 7.2.9 Matteus 25:31

Ὅταν δὲ **ἔλθῃ** ὁ υἱὸς τοῦ ἀνθρώπου ἐν τῇ δόξῃ αὐτοῦ καὶ πάντες οἱ ἄγγελοι μετ’ αὐτοῦ, τότε καθίσει ἐπὶ θρόνου δόξης αὐτοῦ·

“Wanneer die Seun van die Mens in sy heerlikheid **kom** en al die engele saam met Hom, sal Hy op sy glansryke troon gaan sit.”

Die oordeelsdag (wat saamval met die wederkoms) is baie duidelik hier aan die orde (Blomberg, 1992:375). Oor die wyse van die wederkoms word die volgende geopenbaar: Die Seun van die Mens, Jesus Christus, kom in heerlikheid, saam met sy engele en Hy gaan sit op sy glansryke troon. “The picture is one of grandeur, majesty, authority, and judgment.” (Blomberg, 1992:376) In 25:32-46 word beskryf hoe die oordeel sal plaasvind. Die skape (gelowiges) sal van die bokke (ongelowiges) geskei word.

Die gelowiges word van die ongelowiges onderskei deurdat hulle, uit dankbaarheid vir hulle verlossing, en omdat hulle God liefhet, barmhartigheidswerk gedoen het (25:35-37). Die ongelowiges dit egter nie gedoen het nie (25:42-43) (Calvyn, 2010a:179). Daarom ontvang gelowiges ŉ genadeloon (Calvyn, 2010a:178) en word die ongelowiges vir ewig veroordeel (25:46), tensy hulle hulle bekeer.

#### 7.2.9.1 Openbaringsdoelwitte

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is *kerugma,* om die volgende feite bekend te maak, naamlik dat Jesus met sy wederkoms in sy heerlikheid gaan kom en al die engele saam met Hom en dan sal Hy op sy glansryke troon gaan sit om te oordeel (Mat. 25:31).

- Die doel van die openbaring van die wederkoms is om gelowiges aan te moedig om uit dankbaarheid vir hulle verlossing, en omdat hulle God liefhet, barmhartigheidswerk te doen (Mat. 25:31).

- Die wederkoms word as oordeelsdag verkondig, sodat gelowiges verseker kan wees van die genadeloon wat hulle om Christus wil sal ontvang en om ongelowiges aan te moedig om hulle te bekeer (Mat. 25:31).

### 7.2.10 Matteus 26:64

... λέγει αὐτῷ ὁ Ἰησοῦς, Σὺ εἶπας· πλὴν λέγω ὑμῖν, ἀπ’ ἄρτι ὄψεσθε τὸν υἱὸν τοῦ ἀνθρώπου καθήμενον ἐκ δεξιῶν τῆς δυνάμεως καὶ **ἐρχόμενον** ἐπὶ τῶν νεφελῶν τοῦ οὐρανοῦ.

“Jesus antwoord hom: ‘Ú het dit gesê. Maar Ek sê vir julle: Van nou af sal julle die Seun van die Mens sien sit aan die regterhand van die Magtige en Hom op die wolke van die hemel sien **kom.**’”

Jesus is midde in sy onregverdige verhoor voor die Sanhedrin (26:59). Op die vraag van die hoëpriester of Hy die Christus, die Seun van God is (26:63), uiter Hy die woorde van 26:64. Met sy antwoord: "'Ú het dit gesê'", bedoel Hy: Dit is net soos u daar sê, met ander woorde: Ek is die Christus, die Seun van God (Ridderbos, s.a.b:208).

Jesus laat geen twyfel by sy vervolgers oor wie hulle besig is om te vervolg nie: Die Seun van die Mens, soos Hy in Daniël 7 beskryf word (Hendriksen, 2002a:932), wat die Christus is, die Seun van God (Ridderbos, s.a.b:208-209). Hy wat sal opvaar na die hemel om aan die regterhand van die Vader te gaan sit en wat weer gaan kom op die wolke. Jesus waarsku hulle wat Hom nou veroordeel, dat hulle Hom sal sien kom op die wolke met sy wederkoms en dit vir hulle die bewys sal wees dat Hy die Christus, die Seun van God, is (Hendriksen, 2002a:933).

#### 7.2.10.1 Openbaringsdoelwitte

- Die wederkoms van Jesus Christus word geopenbaar as die bewys dat Hy die Seun van die Mens, die Christus, die Seun van God is (Mat. 26:64).
- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is om as waarskuwing te dien om reg te dink oor Jesus, om in Hom te glo as die Christus, die Seun van God. So nie, sal Hy jou as Regter ontmoet met sy wederkoms (Mat. 26:64).

### 7.2.11 Markus 8:38

... ὃς γὰρ ἐὰν ἐπαισχυνθῇ με καὶ τοὺς ἐμοὺς λόγους ἐν τῇ γενεᾷ ταύτῃ τῇ μοιχαλίδι καὶ ἁμαρτωλῷ, καὶ ὁ υἱὸς τοῦ ἀνθρώπου ἐπαισχυνθήσεται αὐτόν, ὅταν **ἔλθῃ** ἐν τῇ δόξῃ τοῦ πατρὸς αὐτοῦ μετὰ τῶν ἀγγέλων τῶν ἁγίων.

"'Want wie hom vir My en my woorde skaam in hierdie owerspelige en sondige generasie, vir hom sal die Seun van die Mens Hom skaam wanneer Hy in die heerlikheid van sy Vader **kom**, saam met die heilige engele.'"

Jesus se woorde kan teruggevoer word na 8:31 waar Jesus sy dissipels leer dat Hy baie sal moet ly. Hy is dus nie in die eerste plek 'n triomferende aardse koning nie (vgl. Petrus se reaksie in 8:32). Nee, Hy is die lydende Christus (Van Leeuwen, 1975:102-103) vir wie baie hulle sal skaam, omdat Hy nie aan hulle menslike verwagting van die Christus voldoen nie. In die eerste eeu na Christus het die kerk "om jou vir Hom te skaam" dikwels verstaan as om Hom te verloën in tye van vervolging en lyding (Brooks, 1991:138). Daarom moedig Jesus ook sy hoorders in 8:38 aan om hulleself te verloën, hulle kruis op te neem en Hom te volg. Wie dit nie doen nie, wie hulle vir die lydende Christus skaam en nie bereid is om te deel in sy lyding nie, sal deur

Hom veroordeel word op die dag wanneer Hy in die heerlikheid van sy Vader met sy heilige engele sal kom.

#### 7.2.11.1 Openbaringsdoelwitte

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is *kerugma,* naamlik dat Jesus weer gaan kom in die heerlikheid van sy Vader, saam met die heilige engele (Mark. 8:38).
- Die doel van die openbaring van die wederkoms is om mense aan te moedig om Jesus nie te verloën in tye van swaarkry en vervolging nie, maar om hulleself te verloën, hulle kruis op te neem en om Hom te volg, sodat hulle in sy heerlikheid kan deel met sy koms (Mark. 8:38).
- Die wederkoms word geopenbaar met die doel om mense aan te moedig om Jesus as Here te bely, dan sal Hy by sy koms hulle as volgelinge erken (Mark. 8:38).

### 7.2.12 Markus 13:26

... καὶ τότε ὄψονται τὸν υἱὸν τοῦ ἀνθρώπου **ἐρχόμενον** ἐν νεφέλαις μετὰ δυνάμεως πολλῆς καὶ δόξης.

"'Dan sal hulle die Seun van die Mens met groot krag en heerlikheid op die wolke sien **kom**.'"

Jesus waarsku in 13:21-23 teen valse aansprake dat die Christus al gekom het, asook teen vals christusse en vals profete wat selfs tekens en wonders sal doen. In 13:24 sê Hy dat daar na die verdrukking kosmiese katastrofes sal plaasvind en dan eers sal die mense die Seun van die Mens met groot krag en heerlikheid op die wolke sien kom. Met sy wederkoms sal Hy die engele uitstuur om sy uitverkorenes te versamel van elke denkbare plek af (13:27) (Edwards, 2002:404).

#### 7.2.12.1 Openbaringsdoelwitte

- Die gebeure wat die wederkoms vooraf moet gaan, word verkondig as *kerugma,* sodat gelowiges nie deur vals aansprake oor die wederkoms mislei sal word nie (Mark. 13:26).
- Die volgende gebeure word geopenbaar as gebeure wat eers moet plaasvind voordat die wederkoms sal plaasvind: Vals aansprake oor die wederkoms sal gemaak word; vals profete en christusse wat tekens en wonders doen moet hulle verskyning maak; die tydperk van die verdrukking moet aanbreek; kosmiese katastrofes moet plaasvind (Mark. 13:26).

- Die wyse van die koms van Jesus Christus word geopenbaar as dat Hy op die wolke met groot krag en heerlikheid sal kom. Hierdeur word gelowiges in die geloof versterk, ook te midde van die gebeure wat die wederkoms voorafgaan (Mark. 13:26).

- Dit word geopenbaar dat die Here Jesus sy engele sal uitstuur met sy wederkoms om sy uitverkorenes van elke denkbare plek af te versamel. Hierdeur word die gelowiges vertroos dat hulle nie verlore sal gaan nie, maar verlos sal word (Mark. 13:26).

#### 7.2.13 Markus 13:35, 36

... γρηγορεῖτε οὖν· οὐκ οἴδατε γὰρ πότε ὁ κύριος τῆς οἰκίας **ἔρχεται,** ἢ ὀψὲ ἢ μεσονύκτιον ἢ ἀλεκτοροφωνίας ἢ πρωΐ, **36** μὴ **ἐλθὼν** ἐξαίφνης εὕρῃ ὑμᾶς καθεύδοντας.

"'Bly daarom waaksaam, want julle weet nie wanneer die eienaar van die huis **kom** nie — teen die aand, om middernag, teen hanekraai of vroegoggend nie. **36** Moenie dat wanneer hy onverwags **kom**, hy julle aan die slaap kry nie.'"

In hierdie waaksaamheidsgelykenis is Jesus die huiseienaar wat onverwags terugkeer (Van Leeuwen, 1975:173). Alhoewel ἔρχεται en ἐλθὼν hier oordragtelik gebruik word, is die wederkoms duidelik ter sprake en die gelowiges word tot waaksaamheid opgeroep (13:33, 35, 37), aangesien niemand weet wanneer die dag sal aanbreek nie (13:32, 33).

##### 7.2.13.1 Openbaringsdoelwit

- Die doel van die openbaring van die wederkoms, naamlik dat die dag en datum van die wederkoms onbekend is, is om gelowiges tot waaksaamheid aan te spoor (Mark. 13:35, 36).

#### 7.2.14 Markus 14:62

... ὁ δὲ Ἰησοῦς εἶπεν, Ἐγώ εἰμι, καὶ ὄψεσθε τὸν υἱὸν τοῦ ἀνθρώπου ἐκ δεξιῶν καθήμενον τῆς δυνάμεως καὶ **ἐρχόμενον** μετὰ τῶν νεφελῶν τοῦ οὐρανοῦ.

"Jesus antwoord: 'Ek is! Julle sal die Seun van die Mens sien sit aan die regterhand van die Magtige, en sien **kom** met die wolke van die hemel.'"

Jesus is midde in sy onregverdige verhoor voor die Sanhedrin (14:55). Op die vraag van die hoëpriester of Hy die Christus, die Seun van die Lofwaardige is (14:61), uiter Hy die woorde van 14:62 en erken ondubbelsinnig: "Ek is!". Jesus laat geen twyfel by sy vervolgers oor wie hulle besig is om te vervolg nie: Die Seun van die Mens, soos Hy in Daniël 7 beskryf word, dieselfde Een wat in Psalm 110 besing word (Van Leeuwen, 1975:191). Hy wat sal opvaar na die hemel

om aan die regterhand van die Vader te gaan sit en wat weer gaan kom op die wolke. Jesus waarsku hulle, wat Hom nou veroordeel, dat hulle Hom sal sien kom op die wolke as Regter. Met sy wederkoms sal hulle die bewys dat Hy die Messias is aanskou (Van Leeuwen, 1975:192).

**7.2.14.1 Openbaringsdoelwitte**

- Die wederkoms van Jesus Christus word geopenbaar as die bewys dat Hy die Seun van die Mens, die Christus, die Regter is (Mark. 14:62).
- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is om as waarskuwing te dien om reg te dink oor Jesus en in Hom te glo as die Christus, die Regter wat gaan oordeel (Mark. 14:62).

**7.2.15 Lukas 9:26**

... ὃς γὰρ ἂν ἐπαισχυνθῇ με καὶ τοὺς ἐμοὺς λόγους, τοῦτον ὁ υἱὸς τοῦ ἀνθρώπου ἐπαισχυνθήσεται, ὅταν **ἔλθῃ** ἐν τῇ δόξῃ αὐτοῦ καὶ τοῦ πατρὸς καὶ τῶν ἁγίων ἀγγέλων.

"'Wie hom vir My en my woorde skaam, vir hom sal die Seun van die Mens Hom ook skaam wanneer Hy **kom** in sy heerlikheid en dié van die Vader en die heilige engele.'"

Jesus se woorde kan teruggevoer word na 9:22 waar Hy sy dissipels leer dat Hy baie sal moet ly. Hy is dus nie in die eerste plek ŉ triomferende aardse koning nie. Hy is die lydende Christus vir wie baie hulle sal skaam, omdat Hy nie aan hulle menslike verwagting van die Christus voldoen nie. In die eerste eeu na Christus het om jou vir Hom te skaam dikwels beteken om Hom te verloën in tye van vervolging en lyding (Brooks, 1991:138). Daarom moedig Jesus ook sy hoorders in 9:23 aan om aan die voorwaardes van dissipelskap te voldoen deur hulleself te verloën, hulle kruis op te neem en Hom te volg (Stein, 1992:279). Wie dit nie doen nie, wie hulle vir die lydende Christus skaam en nie bereid is om te deel in sy lyding nie, sal deur Hom veroordeel word op die dag wanneer Hy in sy heerlikheid en dié van die Vader en die heilige engele kom.

**7.2.15.1 Openbaringsdoelwitte**

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is *kerugma,* naamlik dat Jesus weer gaan kom in sy heerlikheid en dié van die Vader en die heilige engele (Luk. 9:26).
- Die doel van die openbaring van die wederkoms is om mense aan te moedig om Jesus nie te verloën in tye van swaarkry en vervolging nie, maar om aan die voorwaardes van

dissipelskap te voldoen deur hulleself te verloën, hulle kruis op te neem en Hom te volg, sodat hulle in sy heerlikheid kan deel met sy koms (Luk. 9:26).

- Die wederkoms word geopenbaar met die doel om mense aan te moedig om Jesus as Here te bely, dan sal Hy by sy koms hulle as volgelinge erken (Luk. 9:26).

#### 7.2.16 Lukas 12:35-48

...καὶ ὑμεῖς ὅμοιοι ἀνθρώποις προσδεχομένοις τὸν κύριον ἑαυτῶν πότε ἀναλύσῃ ἐκ τῶν γάμων, ἵνα **ἐλθόντος** καὶ κρούσαντος εὐθέως ἀνοίξωσιν αὐτῷ. **37** μακάριοι οἱ δοῦλοι ἐκεῖνοι, οὓς **ἐλθὼν** ὁ κύριος εὑρήσει γρηγοροῦντας· ἀμὴν λέγω ὑμῖν ὅτι περιζώσεται καὶ ἀνακλινεῖ αὐτοὺς καὶ παρελθὼν διακονήσει αὐτοῖς. **38** κἂν ἐν τῇ δευτέρᾳ κἂν ἐν τῇ τρίτῃ φυλακῇ **ἔλθῃ** καὶ εὕρῃ οὕτως, μακάριοί εἰσιν ἐκεῖνοι. **39** τοῦτο δὲ γινώσκετε ὅτι εἰ ᾔδει ὁ οἰκοδεσπότης ποίᾳ ὥρᾳ ὁ κλέπτης **ἔρχεται**, οὐκ ἂν ἀφῆκεν διορυχθῆναι τὸν οἶκον αὐτοῦ. **40** καὶ ὑμεῖς γίνεσθε ἕτοιμοι, ὅτι ᾗ ὥρᾳ οὐ δοκεῖτε ὁ υἱὸς τοῦ ἀνθρώπου **ἔρχεται**. **41** Εἶπεν δὲ ὁ Πέτρος, Κύριε, πρὸς ἡμᾶς τὴν παραβολὴν ταύτην λέγεις ἢ καὶ πρὸς πάντας; **42** καὶ εἶπεν ὁ κύριος, Τίς ἄρα ἐστὶν ὁ πιστὸς οἰκονόμος ὁ φρόνιμος, ὃν καταστήσει ὁ κύριος ἐπὶ τῆς θεραπείας αὐτοῦ τοῦ διδόναι ἐν καιρῷ [τὸ] σιτομέτριον; **43** μακάριος ὁ δοῦλος ἐκεῖνος, ὃν **ἐλθὼν** ὁ κύριος αὐτοῦ εὑρήσει ποιοῦντα οὕτως. **44** ἀληθῶς λέγω ὑμῖν ὅτι ἐπὶ πᾶσιν τοῖς ὑπάρχουσιν αὐτοῦ καταστήσει αὐτόν. **45** ἐὰν δὲ εἴπῃ ὁ δοῦλος ἐκεῖνος ἐν τῇ καρδίᾳ αὐτοῦ, Χρονίζει ὁ κύριός μου **ἔρχεσθαι**, καὶ ἄρξηται τύπτειν τοὺς παῖδας καὶ τὰς παιδίσκας, ἐσθίειν τε καὶ πίνειν καὶ μεθύσκεσθαι, ...

"'En wees soos mense wat vir hulle eienaar wag om van die bruilof terug te kom, sodat hulle, wanneer hy **tuiskom** en klop, dadelik vir hom kan oopmaak. **37** Gelukkig is daardie slawe vir wie die eienaar wakker aantref wanneer hy **terugkom.** *Amen,* Ek sê vir julle: Hy sal sy gordel vasmaak, hulle aan tafel laat aanlê en hulle kom bedien. **38** En as hy in die tweede of derde nagwaak **kom** en hulle só aantref — gelukkig is daardie slawe. **39** Maar dit moet julle weet, as die huiseienaar geweet het op watter tydstip die dief kom, sou hy nie by sy huis laat inbreek het nie. **40** Ook julle moet gereed wees, want die Seun van die Mens **kom** op 'n tyd wanneer julle dit nie verwag nie.' **41** Toe het Petrus gevra: 'Here, vertel U hierdie gelykenis vir ons, of vir almal?' **42** En die Here het geantwoord: 'Wie is die betroubare en verstandige bestuurder vir wie die eienaar oor sy dienaars sal aanstel om hulle rantsoene op tyd te gee? **43** Gelukkig is daardie slaaf wie se eienaar hom so aan die werk sal vind wanneer hy **kom**. **44** Waarlik, Ek sê vir julle: Hy sal hom oor al sy besittings aanstel. **45** Maar as daardie slaaf in sy hart sê, 'My heer talm om te **kom**', en hy begin die dienaars en diensmeisies slaan, en begin eet en drink en dronk word, ...'"

Die woord ἔρχομαι word verskeie kere in 13:36-45 gebruik as deel van die waaksaamheidsgelykenis in Lukas 13:35-48. In die meeste gevalle is die gebruik oordragtelik

en word Jesus se wederkoms met die koms van die huiseienaar of van ŉ dief vergelyk. Die *tertium comparationis* in beide vergelykings is telkens die onverwagsheid van sy koms (12:40). Slegs in een geval word ἔρχομαι met direkte verwysing na die Seun van die Mens, Jesus Christus, gebruik, naamlik in 13:40.

Reg aan die begin van die gelykenis roep Jesus die mense op met twee metafore, om jou heupe omgord te hê en jou lamp aan die brand (12:35), wat albei dui op voortdurende gereedheid (Stein, 1992:359-360). Die beeld van mense wat vir hulle eienaar wag om van ŉ bruilof af terug te kom, sodat hulle dadelik kan oopmaak wanneer hy klop (12:36), spreek ook van voortdurende gereedheid: "The predominant idea in this passage is, nevertheless, being prepared for the parousia." (Stein, 1992:361)

Slawe wat so gereedstaan vir hulle eienaar se koms is gelukkig, want die eienaar sal hulle bedien (12:37): "The image of the 'Lord' serving his servants at the parousia is unexpected and powerful. How blessed indeed are those whom the Lord will serve when he returns!" (Stein, 1992:360) Selfs wanneer die Here in heerlikheid terugkom, sal Hy steeds wees soos Een wat dien (Hendriksen, 2002c:677). Slawe wat gereed is vir die heer se koms sal ook groter verantwoordelikheid ontvang (12:44), maar slawe wat hulle verantwoordelikhede nalaat, sal swaar gestraf word (12:47). Die beeldspraak van getroue slawe wat aangestel word oor al hulle eienaar se besittings, mag dui op gelowiges wat as ampsdraers in die kerk aangewys word en wat hulle ampspligte nougeset moet nakom in afwagting op die wederkoms (Stein, 1992:361).

Die onverwagsheid van die wederkoms word verder beskryf met die beeld van ŉ dief wat onverwags inbreek (12:39) en Jesus se oproep om gereed te wees vir die wederkoms, "'want die Seun van die Mens kom op ŉ tyd wanneer julle dit nie verwag nie'" (12:40).

**7.2.16.1 Openbaringsdoelwitte**

- Die doel van die openbaring van die onverwagsheid van die wederkoms is om gelowiges aan te spoor tot voortdurende gereedheid daarvoor. Die openbaringsdoelwit kan ook negatief geformuleer word: Jesus openbaar die onverwagsheid van die wederkoms, sodat sy volgelinge nie onverhoeds betrap sal word wanneer die dag aanbreek omdat hulle ontrou geword het nie (Luk. 12:35-48).

- Die wederkoms word geopenbaar met die doel dat gelowiges daarna sal uitsien as die dag waarop die Here hulle sal bedien (Luk. 12:35-48).

- Die onverwagsheid van die wederkoms word geopenbaar met die *telos* dat ampsdraers hulle ampswerk nougeset sal nakom in afwagting op die koms van hulle Here (Luk. 12:35-48).

### 7.2.17 Luke 18:8

... λέγω ὑμῖν ὅτι ποιήσει τὴν ἐκδίκησιν αὐτῶν ἐν τάχει. πλὴν ὁ υἱὸς τοῦ ἀνθρώπου **ἐλθὼν** ἆρα εὑρήσει τὴν πίστιν ἐπὶ τῆς γῆς;

"Ek sê vir julle, Hy sal baie gou aan hulle reg laat geskied. Die vraag is net: Sal die Seun van die Mens, wanneer Hy **kom**, geloof op aarde vind?"

Jesus vertel die gelykenis van die weduwee en die regter om mense te leer om aan te hou bid en nie moedeloos te word nie (18:1). Daar kan met Stein (1992:446) saamgestem word wat hierdie gelykenis van toepassing maak op die wagtyd voor die wederkoms. Jesus verbind immers self die gelykenis met die wederkoms met sy vraag in 18:8. In vers 1 is dit duidelik dat hierdie wagtyd volhardende gebed verg, sodat moedeloosheid nie sal intree nie, en in vers 8 is dit duidelik dat hierdie wagtyd volhardende geloof verg (Stein, 1992:447).

Anders as die regter in die gelykenis, sal God nie sy kinders lank laat wag nie, maar sal Hy baie gou aan sy uitverkorenes wat volhard in gebed reg laat geskied. Iemand wat dit betwyfel, moet besef dat God nog voor die wederkoms genadetyd gee vir bekering, soos 2 Petrus 3:9 dit stel (Hendriksen, 2002c:817).

Jesus vra die vraag of die Seun van die Mens, wanneer Hy kom, geloof op die aarde sal vind (18:8), nie om oor die saak te spekuleer nie, maar om gelowiges op te roep tot selfondersoek of hulle volhardend glo (Hendriksen, 2002c:818).

#### 7.2.17.1 Openbaringsdoelwitte

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is om gelowiges op te roep tot volhardende gebed, om moedeloosheid te bestry en volhardende geloof in die wagtyd voor die wederkoms te bevorder (Luk. 18:8).

- Die doel van die openbaring van die wederkoms is om gelowiges op te roep tot selfondersoek of hulle volhardend glo (Luk. 18:8).

- Die wederkoms word geopenbaar met die doel dat gelowiges sal weet dat God nie sy kinders lank sal laat wag nie en dat Hy nog genadetyd gee vir bekering (Luk. 18:8).

### 7.2.18 Lukas 21:27

... καὶ τότε ὄψονται τὸν υἱὸν τοῦ ἀνθρώπου **ἐρχόμενον** ἐν νεφέλῃ μετὰ δυνάμεως καὶ δόξης πολλῆς.

"En dan sal hulle 'die Seun van die Mens op 'n wolk sien **kom**' met krag en groot heerlikheid."

Jesus verkondig dat daar kosmiese katastrofes voor die wederkoms sal plaasvind wat die nasies beangs en verward sal laat (21:25-26). Daarna sal die wederkoms aanbreek en die mense sal die Seun van die Mens op 'n wolk sien kom met groot krag en groot heerlikheid. In die lig van 21:28: "Wanneer hierdie dinge begin gebeur, staan dan op en lig julle koppe, want julle bevryding is naby" (Bybel, 2014), is die openbaring van die wederkoms duidelik ter versterking van die hoop en die vertroue van die gelowiges (Stein, 1992:525).

#### 7.2.18.1 Openbaringsdoelwitte

- Die doel van die openbaring van die wederkoms is die verkondiging dat Jesus sigbaar op 'n wolk sal kom met groot krag en groot heerlikheid (Luk. 12:27).
- Die *telos* van die openbaring van dit wat die wederkoms voorafgaan, naamlik kosmiese katastrofes, is om gelowiges daarop voor te berei en om die kennis aan hulle oor te dra dat die wederkoms dan naby sal wees (Luk. 12:27).
- Die koms van die Seun van die Mens, Jesus Christus, word geopenbaar ter versterking van die hoop en die vertroue van die gelowiges dat dit op hulle redding sal uitloop (Luk. 12:27).

### 7.2.19 Johannes 14:3

... καὶ ἐὰν πορευθῶ καὶ ἑτοιμάσω τόπον ὑμῖν, πάλιν **ἔρχομαι** καὶ παραλήμψομαι ὑμᾶς πρὸς ἐμαυτόν, ἵνα ὅπου εἰμὶ ἐγὼ καὶ ὑμεῖς ἦτε.

"En as Ek gegaan en vir julle plek voorberei het, **kom** Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is."

Jesus is besig om sy dissipels voor te berei op sy dood, opstanding, hemelvaart en wederkoms. Sodat hulle nie ontsteld sal word nie, openbaar Hy aan hulle dat Hy weer sal kom om hulle vir ewig na Hom toe te neem. Interessant is dat Jesus hier nie, soos op baie ander plekke, van sy wederkoms net as sy koms praat nie, maar dat Hy letterlik sê dat Hy weer kom, πάλιν ἔρχομαι.

In Johannes 14 kan die woorde van Jesus dat Hy weer gaan kom drie dinge beteken. Dit kan beteken dat Hy weer met sy dissipels verenig sal word na sy opstanding uit die dood of dit kan verwys na die uitstorting van sy Heilige Gees, soos in 14:18 (Groenewald, 1980b:315). Dit kan egter ook na die wederkoms verwys. In 14:2 en 3 is die wederkoms duidelik ter sprake (Carson, 1991:488).

Die feit dat Jesus sy dissipels gaan verlaat, moes hulle ontstel het, daarom troos Hy hulle onder andere daarmee dat Hy weer gaan kom (14:1). Om werklik hierdie troos te kan ervaar, is geloof

onontbeerlik (Bouma, 1974b:81). Daarom roep Jesus sy dissipels op tot geloof in God en in Hom.

Die troos behels dat, alhoewel Jesus gaan opvaar na die hemel om vir die gelowiges te gaan plek voorberei, Hy weer gaan kom om die gelowiges by Hom te neem, sodat hulle ook kan wees waar Hy is (14:3). Die troos lê daarin dat die Here weer fisies by sy dissipels teenwoordig sal wees (Carson, 1991:489-490).

**7.2.19.1 Openbaringsdoelwitte**

- Die wederkoms word geopenbaar sodat gelowiges nie ontsteld sal wees oor die feit dat Jesus Christus nie tans fisies by hulle teenwoordig is nie, maar om hulle op te roep tot geloof wat insluit dat die Here weer gaan kom (Joh. 14:3).

- Dit word as troos verkondig dat Jesus by sy wederkoms sy volgelinge by Hom sal neem en dat Hy altyd by hulle teenwoordig sal wees (Joh. 14:3).

**7.2.20 Johannes 14:28**

... ἠκούσατε ὅτι ἐγὼ εἶπον ὑμῖν, Ὑπάγω καὶ **ἔρχομαι** πρὸς ὑμᾶς. εἰ ἠγαπᾶτέ με ἐχάρητε ἂν ὅτι πορεύομαι πρὸς τὸν πατέρα, ὅτι ὁ πατὴρ μείζων μού ἐστιν.

"'Julle het gehoor dat Ek vir julle gesê het: Ek gaan weg, maar Ek **kom** weer na julle toe. As julle My liefgehad het, sou julle bly gewees het dat Ek na die Vader gaan, omdat die Vader groter as Ek is."

Jesus is besig om sy dissipels voor te berei op sy hemelvaart en Hy herhaal sy aanspraak van 14:3 om sy dissipels te troos (vgl. 8.2.19) (Bouma, 1974b:95).

**7.2.20.1 Openbaringsdoelwit**

- Dit word as troos verkondig dat Jesus na sy wederkoms by sy dissipels teenwoordig sal wees (Joh. 14:28).

**7.2.21 Johannes 21:22, 23**

... λέγει αὐτῷ ὁ Ἰησοῦς, Ἐὰν αὐτὸν θέλω μένειν ἕως **ἔρχομαι,** τί πρὸς σέ; σύ μοι ἀκολούθει. **23** ἐξῆλθεν οὖν οὗτος ὁ λόγος εἰς τοὺς ἀδελφοὺς ὅτι ὁ μαθητὴς ἐκεῖνος οὐκ ἀποθνῄσκει· οὐκ εἶπεν δὲ αὐτῷ ὁ Ἰησοῦς ὅτι οὐκ ἀποθνῄσκει ἀλλ', Ἐὰν αὐτὸν θέλω μένειν ἕως **ἔρχομαι**[, τί πρὸς σέ];

"Jesus sê vir hom: 'As Ek wil hê dat hy bly totdat Ek **kom**, wat het dit met jou te maak? Volg jy My!' **23** Die gerug het toe onder die broers versprei dat daardie dissipel nie sou sterf nie. Jesus

het egter nie vir hom gesê dat hy nie sou sterf nie, maar: 'As Ek wil hê hy moet bly totdat Ek **kom**, wat het dit met jou te maak?''"

Jesus het pas vir Petrus in sy amp herstel (21:15-19), toe Petrus vra wat dan van Johannes (21:21). Jesus verwys in sy antwoord na sy wederkoms (Groenewald, 1980b:416). Die antwoord is moeilik om te verstaan, maar kom daarop neer dat Petrus hom nie met dinge moet bemoei wat hom nie aangaan nie (Groenewald, 1980b:416). Jesus se antwoord het egter gelei tot die misvertand dat Johannes sal bly lewe totdat Jesus weer kom. Johannes self stel egter die misverstand in 21:23 reg.

Jesus openbaar in hierdie gesprek dus niks wesenlik oor die wederkoms of oor die doel van die openbaring van die wederkoms nie.

### 7.2.22 Handelinge 1:11

οἳ καὶ εἶπαν, Ἄνδρες Γαλιλαῖοι, τί ἑστήκατε [ἐμ]βλέποντες εἰς τὸν οὐρανόν; οὗτος ὁ Ἰησοῦς ὁ ἀναλημφθεὶς ἀφ' ὑμῶν εἰς τὸν οὐρανὸν οὕτως **ἐλεύσεται** ὃν τρόπον ἐθεάσασθε αὐτὸν πορευόμενον εἰς τὸν οὐρανόν.

"... en vra: 'Galileërs, waarom staan en staar julle na die hemel? Hierdie Jesus wat van julle na die hemel weggeneem is, sal net so **terugkom** soos wat julle Hom na die hemel sien weggaan het.'"

Voordat Jesus opgevaar het na die hemel het Hy sy dissipels meegedeel dat hulle sy getuies sal wees in Jerusalem, Judea, Samaria en tot aan die einde van die aarde (1:8). Daarna het Hy na die hemel opgevaar (1:9). Terwyl hulle Jesus agterna staar, verskyn daar twee mans in wit klere wat hulle troos daarmee dat Jesus weer gaan terugkom, net soos hulle Hom sien weggaan het na die hemel (1:10-11). So word die hemelvaart van Jesus Christus ŉ waarborg van sy wederkoms (Polhill, 1992:88).

Dit is veelseggend dat hierdie troos van Jesus se terugkeer reg aan die begin van die Bybelboek wat handel oor die uitbreiding van die kerk gegee word (vgl. 1:8). Die belofte van die wederkoms vorm die basis van die vaste hoop waarmee die dissipels as getuies van Jesus Christus in die wêreld kon optree (Marshall, 1980:62).

#### 7.2.22.1 Openbaringsdoelwitte

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is om gelowiges te troos met die versekering dat Jesus Christus, net so seker as wat Hy opgevaar het na die hemel, weer sal terugkom (Hand. 1:11).

- Die doel van die openbaring van die wederkoms is missionaal, naamlik om aan die gelowiges ŉ vaste hoop te gee waarmee hulle as getuies van Jesus Christus in die wêreld kan optree (Hand. 1:11).

### 7.2.23 1 Korintiërs 4:5

... ὥστε μὴ πρὸ καιροῦ τι κρίνετε ἕως ἂν **ἔλθῃ** ὁ κύριος, ὃς καὶ φωτίσει τὰ κρυπτὰ τοῦ σκότους καὶ φανερώσει τὰς βουλὰς τῶν καρδιῶν· καὶ τότε ὁ ἔπαινος γενήσεται ἑκάστῳ ἀπὸ τοῦ θεοῦ.

"Gevolglik moet julle nie reeds oordeel voordat die Here **kom** nie. Hy sal die verborge dinge van die duisternis aan die lig bring en die bedoelings van die hart blootlê. Dan sal elkeen afsonderlik van God lof ontvang."

Paulus vra die Korintiërs om nie oorhaastig (Calvyn, 2010f:156) oor hom of ander Woordbedienaars te oordeel nie (4:3, 5), maar dat hulle moet wag totdat die Here kom (4:5). Eers dan sal alle dinge aan die lig gebring word, selfs die dinge wat in die duisternis gedoen is en selfs ook die bedoelings van mense se harte, en eers dán kan daar regverdig geoordeel word (Calvyn, 2010f:156).

Daarom moet die Korintiërs nie te gou wees om sekere Woordverkondigers te prys en ander te veroordeel nie. God is die een wat die lof sal gee aan wie dit toekom op die dag wanneer die Here kom (Calvyn, 2010f:157).

#### 7.2.23.1 Openbaringsdoelwitte

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is om die kennis oor te dra dat dit die dag is waarop alle dinge aan die lig gebring sal word, selfs die dinge wat in die duisternis gedoen is en selfs ook die bedoelings van mense se harte (1 Kor. 4:5).

- Die wederkoms word geopenbaar met die doel dat gelowiges nie oorhaastig sal oordeel oor mense nie, ook nie oor Woordverkondigers nie, maar dat hulle sal wag totdat die Here kom. God is die een wat op die dag lof sal gee aan wie dit toekom (1 Kor. 4:5).

### 7.2.24 1 Korintiërs 11:26

... ὁσάκις γὰρ ἐὰν ἐσθίητε τὸν ἄρτον τοῦτον καὶ τὸ ποτήριον πίνητε, τὸν θάνατον τοῦ κυρίου καταγγέλλετε ἄχρις οὗ **ἔλθῃ**.

"'Want so dikwels as wat julle hierdie brood eet en uit hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy **kom**.'"

Paulus gee hier onderrig oor die sakrament van die heilige nagmaal. Hy tipeer die nagmaal as verkondiging van die dood van die Here totdat Hy weer kom (Ciampa & Rosner, 2010:553). Hiermee word die viering van die nagmaal direk verbind aan die verwagting van die koms van die Here: "Iedere viering van die nagmaal versterk die verwagting en dien ook as bevestiging dat die Here vir seker in heerlikheid sál kom." (Groenewald, 1980a:150)

Die woorde "verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom" herinner die gemeente wat aansit aan die nagmaaltafel dat hulle tussen die sterwe (en opstanding) van die Here, waarmee Hy hulle verlos het, en sy wederkoms, wanneer Hy hulle verlossing sal voltooi, lewe (Ciampa & Rosner, 2010:554). Die wederkoms word dus verkondig om perspektief te gee op die tydelikheid en onvoltooidheid van dinge in die wêreld, maar ook om gelowiges op te roep om met die regte gesindheid en op die regte manier nagmaal te vier (11:27-29). Die Here gaan immers ook as Regter kom wat alle verkeerde gesindhede sal veroordeel (Ciampa & Rosner, 2010:554).

#### 7.2.24.1 Openbaringsdoelwitte

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is onderrig om die wese van die nagmaal reg te verstaan, naamlik dat dit verkondiging is van die dood van die Here totdat Hy kom (1 Kor. 11:26).

- Die doel van die verkondiging van die wederkoms is dat gelowiges sal besef dat hulle verwagting van die wederkoms van ons Here versterk word deur die viering van die nagmaal, aangesien die nagmaal ook ŉ versekering is dat Hy beslis weer sal kom (1 Kor. 11:26).

- Die wederkoms word verkondig met die doel dat gelowiges sal besef dat hulle verlossing tans onvoltooid is, maar dat dit voltooi sal word met die wederkoms (1 Kor. 11:26).

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms, wanneer Jesus ook as Regter sal kom, is om gelowiges aan te spoor om met die regte gesindheid en op die regte manier nagmaal te vier (1 Kor. 11:26).

### 7.2.25 2 Tessalonisense 1:10

... ὅταν **ἔλθῃ** ἐνδοξασθῆναι ἐν τοῖς ἁγίοις αὐτοῦ καὶ θαυμασθῆναι ἐν πᾶσιν τοῖς πιστεύσασιν, ὅτι ἐπιστεύθη τὸ μαρτύριον ἡμῶν ἐφ᾽ ὑμᾶς, ἐν τῇ ἡμέρᾳ ἐκείνῃ.

"Dit sal gebeur op daardie dag wanneer Hy **kom** om deur sy heiliges verheerlik te word, ja, om deur alle gelowiges bewonder te word; omdat ons getuienis teenoor julle geglo is."

Paulus bemoedig die vervolgde Tessalonisense daarmee dat Jesus weer gaan kom om die ongelowiges te veroordeel (1:6-9). Dit sal gebeur op die dag wanneer die Here kom om verheerlik te word deur die wat aan Hom behoort (Martin, 1995:214). Paulus verseker die Tessalonisense dat hulle dit ook sal beleef, omdat hulle die getuienis wat Paulus-hulle aan hulle gelewer het, geglo het. Die wederkoms word geopenbaar sodat gelowiges wat vervolg word, sal volhard in die geloof en sodat hulle versterk kan word in hulle geloofsekerheid. Die gelowiges kan ook uitsien na die dag, omdat hulle nie veroordeel sal word nie, maar die Here sal verheerlik en bewonder (Green, 2002:294).

#### 7.2.25.1 Openbaringsdoelwitte

- Die wederkoms word geopenbaar sodat gelowiges wat vervolg word, sal volhard in die geloof en versterk kan word in hulle geloofsekerheid (2 Tes. 2:10).
- Die wederkoms word geopenbaar as ŉ dag om na uit te sien vir gelowiges, omdat hulle nie dan veroordeel sal word nie, maar die Here sal verheerlik en bewonder (2 Tes. 2:10).

### 7.2.26 Hebreërs 10:37

... ἔτι γὰρ μικρὸν ὅσον ὅσον, **ὁ ἐρχόμενος** ἥξει καὶ οὐ χρονίσει·

“Want nog net ŉ baie kort rukkie, en Hy wat **kom**, sal kom en nie talm nie.”

Die Hebreërs word opgeroep om nie hulle toegangsreg tot God (Van Rhyn, 1985:20) prys te gee nie, aangesien dit groot beloning inhou (10:35). Verder moet hulle ook volhard in die doen van die wil van God om daarna die belofte van die saligheid (Fensham, 1981:103) te verkry (10:36). “Hulle moet dus gereed staan in kragtige volharding vir die dag van die wederkoms van Christus.” (Fensham, 1981:103) Om hulle hierin te ondersteun, word hulle deur ŉ samevoeging van twee aangepaste Ou-Testamentiese Skrifgedeeltes vermaan en bemoedig. “Want nog net ŉ baie kort rukkie” is ŉ aanhaling uit Jesaja 26:20 en “Hy wat kom, sal kom en nie talm nie” is ŉ aanhaling uit Habakuk 2:3-4 (Guthrie, 1983:223).

‘O ἐρχόμενος, die Een wat aan die kom is, is baie duidelik ŉ Messiaanse verwysing na die wederkoms, aldus Allen (2010:531-532). Hy toon aan dat die begrip ὁ ἐρχόμενος “a Christological title” is wat 17 keer in die Nuwe Testament voorkom, waarvan ses gevalle na Jesus se menswording verwys en agt gevalle na sy wederkoms.

#### 7.2.26.1 Openbaringsdoelwitte

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms, as die dag waarop gelowiges die vervulling van die belofte van saligheid sal verkry, is om hulle aan te moedig en te

vermaan om nie hulle toegangsreg tot God prys te gee nie, maar om te volhard in die doen van die wil van God totdat die wederkoms plaasvind (Heb. 10:37).

- Die doel van die openbaring van die wederkoms is om gelowiges te verseker dat dit net ŉ baie kort rukkie is voordat die Here sal kom en dat Hy nie sal talm nie (Heb. 10:37).

### 7.2.27 Openbaring 1:4-8

Ἰωάννης ταῖς ἑπτὰ ἐκκλησίαις ταῖς ἐν τῇ Ἀσίᾳ· χάρις ὑμῖν καὶ εἰρήνη ἀπὸ ὁ ὢν καὶ ὁ ἦν καὶ **ὁ ἐρχόμενος** καὶ ἀπὸ τῶν ἑπτὰ πνευμάτων ἃ ἐνώπιον τοῦ θρόνου αὐτοῦ **5** καὶ ἀπὸ Ἰησοῦ Χριστοῦ, ὁ μάρτυς, ὁ πιστός, ὁ πρωτότοκος τῶν νεκρῶν καὶ ὁ ἄρχων τῶν βασιλέων τῆς γῆς. Τῷ ἀγαπῶντι ἡμᾶς καὶ λύσαντι ἡμᾶς ἐκ τῶν ἁμαρτιῶν ἡμῶν ἐν τῷ αἵματι αὐτοῦ, **6** καὶ ἐποίησεν ἡμᾶς βασιλείαν, ἱερεῖς τῷ θεῷ καὶ πατρὶ αὐτοῦ, αὐτῷ ἡ δόξα καὶ τὸ κράτος εἰς τοὺς αἰῶνας [τῶν αἰώνων]· ἀμήν. **7** Ἰδοὺ **ἔρχεται** μετὰ τῶν νεφελῶν, καὶ ὄψεται αὐτὸν πᾶς ὀφθαλμὸς καὶ οἵτινες αὐτὸν ἐξεκέντησαν, καὶ κόψονται ἐπ' αὐτὸν πᾶσαι αἱ φυλαὶ τῆς γῆς. ναί, ἀμήν. **8** Ἐγώ εἰμι τὸ Ἄλφα καὶ τὸ Ὦ, λέγει κύριος ὁ θεός, ὁ ὢν καὶ ὁ ἦν καὶ **ὁ ἐρχόμενος**, ὁ παντοκράτωρ.

"Johannes, aan die sewe gemeentes in Asië. Genade vir julle en vrede van Hom wat is en wat was en wat **kom**, en van die sewe Geeste wat voor sy troon is; **5** en van Jesus Christus, die betroubare getuie, die Eersgeborene van die dooies en die heerser oor die konings van die aarde. Aan Hom wat ons liefhet en ons deur sy bloed van ons sondes verlos het, **6** wat ons ŉ koninkryk gemaak het, priesters vir God, sy Vader — aan Hom kom die heerlikheid en die sterkte toe, vir ewig en ewig. *Amen.* **7** Kyk, Hy **kom** met die wolke, en elke oog sal Hom sien, selfs hulle wat Hom deurboor het; en al die volke op die aarde sal oor Hom treur. Ja, *amen!* **8** "Ek is die Alfa en die Omega, die Een wat is en wat was en wat **kom**," sê die Here God, die Almagtige."

In hierdie verse, wat deel vorm van die inleiding tot die boek Openbaring, word God bekend gestel as ὁ ὢν καὶ ὁ ἦν καὶ ὁ ἐρχόμενος, "Hy wat is en wat was en wat kom". Hierdie is ŉ beskrywing van God die Vader, aangesien die beskrywing van die Heilige Gees in die laaste deel van 1:4 volg en die beskrywing van Jesus Christus in 1:5 (Du Rand, 2007:126). Hierdie beskrywing van God word in 1:8 en in 4:8 herhaal (Fee, 2011:6). ʻO ἐρχόμενος is dus nie hier, soos in 8.2.27 hierbo, ŉ direkte verwysing na Jesus Christus wat weer kom nie, maar ŉ beskrywing van God die Vader wat in mense se situasie inkom en alles nuut kom maak (König, 2009:108). Hy kom om verlossing en oordeel te bring (Du Rand, 2007:126).

Aangesien God ŉ drie-enige God is, behoort daar nie ŉ skeiding gemaak te word tussen die werk van die Vader en die Seun nie, maar kan daar wel onderskeid getref word. Aangesien ὁ ἐρχόμενος, aldus Allen (2010:531-532), ŉ Christologiese titel is wat 17 keer in die Nuwe

Testament voorkom, waarvan ses gevalle na Jesus se menswording verwys en agt gevalle na sy wederkoms, beklemtoon dit die eenheid tussen die Vader en die Seun. Deur die Vader as ὁ ἐρχόμενος te beskryf in 1:4, 8 en 4:8 word gelowiges daaraan herinner dat dit God is wat mens geword het met die geboorte van Jesus Christus, dat dit Hy is wat ook in Jesus Christus weer gaan kom. Hy is ὁ ἐρχόμενος. Om aan die kom te wees na mense toe, is deel van die wese van God. Sy finale koms na die mense toe met Christus se wederkoms, om alle dinge te kom voleindig (Groenewald, 1986:34) kan dus nie losgemaak word van die wese van God nie. "Die koms van God word werklikheid in die koms van die Messias." (Groenewald, 1986:37)

Die enigste direkte verwysing na die wederkoms in Openbaring 1:4-8 is in 1:7: Ἰδοὺ ἔρχεται μετὰ τῶν νεφελῶν, "Kyk, Hy **kom** met die wolke, ..." Hierdie wederkomsaankondiging is ook die tema-aankondiging van die boek Openbaring (Du Rand, 2007:128; Groenewald, 1986:37).

Die Een wat kom (1:7) word soos volg beskryf: Hy is saam met die Vader en die Heilige Gees die Almagtige God (1:4, 5, 8). Hy is Jesus Christus, die betroubare getuie, die Eersgeborene van die dooies en die heerser oor die konings van die aarde (1;5). Hy is die Een vir wie ons liefhet en Hy het ons deur sy bloed van ons sondes verlos (1:5). Hy het ons ŉ koninkryk gemaak van priesters vir God, sy Vader en aan Hom kom die heerlikheid en die sterkte toe, vir ewig en ewig (1:6). Op Hóm word ons aandag gevestig met: Ἰδοὺ ἔρχεται μετὰ τῶν νεφελῶν, ... "Dit beteken eintlik: Kyk op na bo, daar kom Hy!" (König, 2009:113).

Jesus Christus se koms word soos volg beskryf: "Kyk, Hy kom met die wolke, en elke oog sal Hom sien, selfs hulle wat Hom deurboor het; en al die volke op die aarde sal oor Hom treur. Ja, *amen!*" (1:7). Indien die donker tyd van heftige vervolging van die eerste lesers in ag geneem word (Groenewald, 1986:18), is die aankondiging van die wederkoms van Jesus Christus ŉ verlossingsaankondiging (vgl. König, 2009:112) om hulle te vertroos en te bemoedig om te volhard in die geloof. God "borg ... die toekoms deur die wederkoms van sy Seun" (Du Rand, 2007:103). Vers 7 bevat ook ŉ duidelike waarskuwing vir die ongelowiges om hulle te bekeer voordat Jesus Christus weer kom.

#### 7.2.27.1 Openbaringsdoelwitte

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is die *kerugma* dat dit deel van die wese van God is om na mense toe te kom en Hy sal finaal met Christus se wederkoms kom om alles te kom voleindig met oordeel en verlossing (Openb. 1:4-8).

- Die doel van die openbaring van die wederkoms is om te verkondig Wie dit is wat kom: Hy is Jesus Christus wat saam met die Vader en die Heilige Gees die Almagtige God is. Hy is die betroubare getuie, die Eersgeborene van die dooies en die heerser oor die

konings van die aarde. Hy is die Een vir wie ons liefhet en Hy het ons deur sy bloed van ons sondes verlos. Hy het ons ŉ koninkryk gemaak van priesters vir God, sy Vader en aan Hom kom die heerlikheid en die sterkte toe, vir ewig en ewig (Openb. 1:4-8).

- Die doel van die openbaring van die wederkoms is om alle aandag op Jesus Christus te vestig asook op die finale verlossing wat Hy vir sy kerk sal bring, en om hulle sodoende te vertroos en te bemoedig om te volhard in die geloof (Openb. 1:4-8).
- Die wyse van die wederkoms word geopenbaar om die volgende kennis oor te dra: Jesus Christus sal met die wolke kom, sigbaar vir almal, ook vir die wat Hom met sy kruisiging deurboor het en al die volke op die aarde sal oor Hom treur (Openb. 1:4-8).
- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is om ongelowiges op te roep tot bekering voordat die Here kom (Openb. 1:4-8).

### 7.2.28 Openbaring 2:5

... μνημόνευε οὖν πόθεν πέπτωκας καὶ μετανόησον καὶ τὰ πρῶτα ἔργα ποίησον· εἰ δὲ μή, **ἔρχομαί** σοι καὶ κινήσω τὴν λυχνίαν σου ἐκ τοῦ τόπου αὐτῆς, ἐὰν μὴ μετανοήσῃς.

"Onthou dan waarvandaan jy uitgesak het en bekeer jou: Gaan doen weer wat jy vroeër gedoen het. Anders, as jy nie tot bekering kom nie, sal Ek na jou toe **kom** en jou kandelaar van sy staanplek af verwyder."

Daar bestaan verskil van mening of Jesus Christus se koms hier verwys na sy koms om in die tyd voor die wederkoms te kom oordeel (vgl. Groenewald, 1986:50), en of hier van oordeel sprake is voor én tydens die wederkoms (vgl. Du Rand, 2007:156). Daar kan egter met laasgenoemde se standpunt saamgestem word. Dit lyk asof die oordeel reeds die gemeente van Efese getref het, soos Groenewald en Du Rand aantoon, maar die gemeente sal ook weer met die wederkoms geoordeel word, soos Du Rand aandui. Die doel van die openbaring van die wederkoms is baie duidelik ŉ oproep tot bekering. Die rede vir die oproep tot bekering word in 2:4 weergegee: "Maar Ek hou dit teen jou dat jy jou eerste liefde verwerp het." Die liefde waarna hier verwys word, is liefde tot God, maar ook liefde onder mekaar (Mounce, 1997:69). Waar die liefde vir God en vir medegelowiges verflou, loop ŉ gemeente die gevaar dat sy bestaan deur God beëindig sal word (2:5) (Groenewald, 1986:50).

#### 7.2.28.1 Openbaringsdoelwit

- Die doel van die openbaring van die wederkoms is om op te roep tot bekering waar ŉ gemeente nie meer vir God en ook nie meer mekaar liefhet nie. Die oordeel, waar so ŉ

gemeente se bestaan beëindig word, kan reeds voor die wederkoms plaasvind (Openb. 2:5).

### 7.2.29 Openbaring 2:16

... μετανόησον οὖν· εἰ δὲ μή, **ἔρχομαί** σοι ταχὺ καὶ πολεμήσω μετ' αὐτῶν ἐν τῇ ῥομφαίᾳ τοῦ στόματός μου.

"Kom dan tot bekering, anders sal Ek baie gou na jou toe **kom** en met die swaard van my mond teen hulle oorlog maak."

Ook in hierdie geval bestaan daar verskil van mening of Jesus Christus se koms verwys na sy koms om in die tyd voor die wederkoms te kom oordeel (vgl. Du Rand, 2007:175), en of hier van oordeel sprake is voor én tydens die wederkoms (vgl. Groenewald, 1986:56). Daar kan met laasgenoemde standpunt saamgestem word. Die oordeel kan 'n gemeente voor die wederkoms tref, maar die gemeente sal ook weer geoordeel word met die wederkoms, soos Groenewald aantoon.

In sy brief aan Pergamum waarsku Jesus Christus hulle om hulle te bekeer; so nie sal Hy gou na hulle toe kom en teen die skuldiges met die swaard van sy mond oorlog maak (2:16). Die rede vir die oproep tot bekering is omdat sekere van die gemeentelede die leer van Bileam aangehang het (2:14) en ander die leer van die Nikolaïete (2:15). "In figuurlike sin kom *die leer van Bileam* en *die leer van die Nikolaïete* neer op *afgodery* en *onsedelikheid* (2:14-15)." (Du Rand, 2007:174)

#### 7.2.29.1 Openbaringsdoelwit

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is om op te roep tot bekering waar gemeentes afgodery en onsedelikheid duld (Openb. 2:16).

### 7.2.30 Openbaring 3:11

... **ἔρχομαι** ταχύ· κράτει ὃ ἔχεις, ἵνα μηδεὶς λάβῃ τὸν στέφανόν σου.

"Ek **kom** gou; hou vas aan wat jy het, sodat niemand jou oorwinnaarskrans wegneem nie."

Daar bestaan verskil van mening of Jesus Christus se koms hier verwys na sy koms in die tyd voor die wederkoms (vgl. Du Rand, 2007:175), en of hier van 'n koms sprake is voor én tydens die wederkoms (vgl. Du Preez, 1992:69). Daar kan egter met Du Preez (1992:69) saamgestem word: "Hy kom vooraf op allerlei maniere na sy kerk. En Hy kom ook aan die einde." Jesus se koms aan die einde, met sy wederkoms, word hier ter bemoediging van die gemeente

verkondig: “It will end their time of trial and establish them as permanent citizens of the eternal kingdom.” (Mounce, 1997:104)

Die gemeente word deur Jesus Christus geprys omdat hulle gehoorsaam was aan sy Woord (3:8), omdat hulle nie sy Naam verloën het nie (3:8) en omdat hulle gehoorsaam was aan sy opdrag om te volhard (3:10). “Noticeably, these twofold words of praise (3:8 en 3:10 – H.P.M. v. R.) say basically the same thing: that these believers have been loyal to the gospel even in the midst of severe persecution.” (Fee, 2011:52) Vir hierdie getroue gemeente sê Jesus Christus: “Ek **kom** gou; hou vas aan wat jy het, sodat niemand jou oorwinnaarskrans wegneem nie.” Hiermee word hulle aangemoedig om getrou en gehoorsaam te bly aan die Evangelie en om daarin te volhard soos oorwinnaars (Kistemaker, 2002d:163).

#### 7.2.30.1 Openbaringsdoelwitte

- Die doel van die openbaring van die wederkoms is om gemeentes te bemoedig met die wete dat hulle Here weer gaan kom om hulle beproewings te beëindig en om hulle as burgers van sy ewige koninkryk te vestig (Openb. 3:11).

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is om gemeentes aan te moedig om, te midde van beproewings, getrou en gehoorsaam te bly aan die Evangelie en om in die geloof te volhard soos oorwinnaars (Openb. 3:11).

### 7.2.31 Openbaring 16:15

... Ἰδοὺ **ἔρχομαι** ὡς κλέπτης. μακάριος ὁ γρηγορῶν καὶ τηρῶν τὰ ἱμάτια αὐτοῦ, ἵνα μὴ γυμνὸς περιπατῇ καὶ βλέπωσιν τὴν ἀσχημοσύνην αὐτοῦ.

“‘Kyk, Ek kom soos ’n dief! Geseënd is die een wat wakker bly en sy klere byderhand hou, sodat hy nie naak loop en die mense sy skaamte sien nie.”

Jesus Christus self is hier aan die woord en Hy vergelyk die onverwagsheid van sy koms met die koms van ’n dief (Ladd, 1972:215). Daarom moet die gelowiges wakker wees, *id est*: hulle moet die wederkoms enige oomblik verwag (Ladd, 1972:215). Die beeld om hulle klere byderhand te hou, sodat hulle nie kaal sal hoef te loop nie, dui daarop dat hulle beklee moet wees met die geregtigheid wat Jesus Christus gee (Patterson, 2012:312).

#### 7.2.31.1 Openbaringsdoelwitte

- Die *telos* van die openbaring van die onverwagsheid van die wederkoms is om gelowiges op te roep om die wederkoms enige oomblik te verwag (Openb. 16:15).

- Die doel van die openbaring van die wederkoms is om gelowiges aan te moedig om beklee te wees met die geregtigheid van Jesus Christus (Openb. 16:15).

### 7.2.32 Openbaring 22:7

καὶ ἰδοὺ **ἔρχομαι** ταχύ. μακάριος ὁ τηρῶν τοὺς λόγους τῆς προφητείας τοῦ βιβλίου τούτου.

"'Kyk, Ek **kom** gou! Geseënd is dié wat vashou aan die woorde van die profesie van hierdie boekrol.'"

Met die woorde van 22:7 kondig Jesus sy eie wederkoms aan en die lesers word teruggeneem na die begin van die boek in 1:7: "Kyk, Hy kom met die wolke, en elke oog sal Hom sien, selfs hulle wat Hom deurboor het; en al die volke op die aarde sal oor Hom treur. Ja, *amen!*" Die wederkoms vorm dus ŉ *inclusio* vir die hele boek (Fee, 2011:308). Hieruit blyk dit duidelik dat die wederkoms ŉ kardinale plek in die raadsplan van God inneem.

Tot drie maal toe sê Jesus ἔρχομαι ταχύ, "Ek kom gou" in Openbaring 22 (22:7, 12, 20). Daarmee word die sekerheid van die wederkoms beklemtoon (Groenewald, 1986:222). Die wederkomsaankondiging word hier opgevolg met: "'Geseënd is dié wat vashou aan die woorde van die profesie van hierdie boekrol.'" Met ὁ τηρῶν, hy wat vashou, word bedoel: hy wat die profesie bewaar en wat daarvolgens leef (Fee, 2011:309). Hier is dus ŉ duidelike aansporing om God se geskrewe Woord te glo en daarvolgens te leef.

#### 7.2.32.1 Openbaringsdoelwitte

- Die doel van die openbaring van die wederkoms is om die kennis aan die gelowiges oor te dra dat die wederkoms ŉ kardinale plek in die raadsplan van God inneem (Openb. 22:7).

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is om gelowiges te verseker daarvan dat Jesus Christus beslis weer gaan kom (Openb. 22:7).

- Die wederkoms word geopenbaar met die doel om gelowiges aan te moedig om God se geskrewe Woord te glo en daarvolgens te leef (Openb. 22:7).

### 7.2.33 Openbaring 22:12

Ἰδοὺ **ἔρχομαι** ταχύ, καὶ ὁ μισθός μου μετ' ἐμοῦ ἀποδοῦναι ἑκάστῳ ὡς τὸ ἔργον ἐστὶν αὐτοῦ.

"'Kyk, Ek **kom** gou! En die beloning is by My om elkeen volgens sy optrede te beloon.'"

Soos in 22:7 beklemtoon Jesus weereens die sekerheid van sy koms: "*Tachu* or 'quickly' doubtless references the imminency of the Lord's return for the church as well as the certainty of all these coming events." (Patterson, 2012:381) Hierdie versekering word opgevolg met: "'En die beloning is by My om elkeen volgens sy optrede te beloon.'" Dit beteken: "The reward will be spiritual blessedness to the righteous but judgment for those who are evil." (Mounce, 1997:407)

#### 7.2.33.1 Openbaringsdoelwitte

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is om gelowiges te verseker daarvan dat Jesus Christus beslis weer gaan kom (Openb. 22:12).
- Die doel van die openbaring van die wederkoms is om aan gelowiges die versekering te gee dat hulle op die dag ewige geestelike seën sal ontvang en om ongelowiges te verseker van die ewige oordeel wat wag (Openb. 22:12).

### 7.2.34 Openbaring 22:20

Λέγει ὁ μαρτυρῶν ταῦτα, Ναί, **ἔρχομαι** ταχύ. Ἀμήν, **ἔρχου** κύριε Ἰησοῦ.

"Hy wat hierdie dinge getuig, sê: 'Ja, Ek **kom** gou!' *Amen!* **Kom**, Here Jesus!"

Vir die derde maal in Openbaring 22 bevestig Jesus Christus: ἔρχομαι ταχύ! Drie versekerings van Jesus Christus self bevestig dat sy koms onteenseglik sal plaasvind. Hierop volg daar twee reaksies van Johannes en die gelowiges (Groenewald, 1986:227). Die eerste reaksie is: "Amen!" Hiermee eien Johannes en die gelowiges die belofte van die wederkoms vir hulleself toe (Groenewald, 1986:227). Die tweede reaksie is om biddend uit te roep: "Kom, Here Jesus!" Dit is 'n gebed uit die hart van die gemeente wat uitsien na die wederkoms van hulle Here te midde van nood en verdrukking (Groenewald, 1986:227).

Die bede om die koms van die Here word opgevolg met: "Die genade van die Here Jesus bly by julle almal." So sluit God sy Openbaringboek af. So sluit God sy Skrifgeworde Woord af: Met 'n gebed om die koms van die Here en die versekering dat sy genade by elke gelowige is.

#### 7.2.34.1 Openbaringsdoelwitte

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is om gelowiges te verseker daarvan dat Jesus Christus beslis weer gaan kom (Openb. 22:20).
- Die doel van die openbaring van die wederkoms is dat elke gelowige die belofte van die wederkoms vir hom- of haarself sal toeëien (Openb. 22:20).

- Die doel van die openbaring van die wederkoms is dat elke gelowige biddend daarna sal uitsien (Openb. 22:20).

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is dat gelowiges, wat bid om die koms van die Here, verseker kan wees daarvan dat die genade van die Here Jesus vir altyd by hulle is (Openb. 22:20).

### 7.3 Samevattende konklusie

Die *telos* van die openbaring van die wederkoms aan die hand van die begrip ἔρχομαι is:

- Die wederkoms word geopenbaar as bemoediging dat Jesus weer gaan kom om 'n einde te maak aan die vervolging wat sy volgelinge deurmaak en om hulle te verlos (Mat. 10:23).

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is *kerugma,* om die volgende kennis oor te dra: Jesus Christus gaan met sy engele kom en Hy kom met die heerlikheid van sy Vader beklee, in sy koningsheerskappy, oftewel sy koninklike waardigheid (Mat. 16:27-28).

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is *kerugma,* om die doel van die wederkoms bekend te maak, naamlik dat Jesus weer gaan kom om elkeen te kom vergeld vir wat hy gedoen het (Mat. 16:27-28).

- Die wederkoms word verkondig as aanmoediging dat elkeen sy lewe op Christus sal rig deur Hom na te volg, homself te verloën en sy kruis op te neem (Mat. 16:27-28).

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is dat ongelowiges opgeroep word tot bekering voordat dit te laat is (Mat. 23:39).

- Jesus Christus openbaar Homself soms as "Seun van die Mens", ook wanneer sy wederkoms ter sake is. Sy *telos* daarmee is om sy volgelinge daaraan te herinner dat Hy weer sal kom as God, ewige Koning en Middelaar (Mat. 24:30).

- Die *telos* van die openbaring van die teken van die Seun van die Mens, wat die wederkoms inlui, en die feit dat engele die uitverkorenes gaan versamel, is dat die ongelowiges hulle sal bekeer en die gelowiges getroos en in die geloof versterk sal word (Mat. 24:30).

- Jesus openbaar die onbekendheid van die dag van die wederkoms sodat sy volgelinge voortdurend waaksaam, op hulle hoede en gereed kan wees vir die wederkoms. Die

openbaringsdoelwit kan ook negatief geformuleer word: Jesus openbaar die onbekendheid van die dag van die wederkoms, sodat sy volgelinge nie onverhoeds betrap sal word wanneer die dag aanbreek nie en sodat hulle nie moet uitstel om hulle te bekeer nie. Hulle moet ook nie probeer om te bereken wanneer die dag sal aanbreek nie (Mat. 24:42-44).

- Dat die wederkoms beslis gaan plaasvind, maar ook die feit dat die tydstip daarvan onbekend is, moet Jesus se volgelinge troos en aanmoedig om heilig te lewe soos mense wat die wederkoms en die gepaardgaande oordeel verwag en om getroue rentmeesters te wees (Mat. 24:42-44).

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is dat mense sal weet dat hulle op die dag beloon of gestraf sal word op grond van hoe hulle hulle rentmeesterskap volvoer het (Mat. 24:45-51).

- Dit word geopenbaar dat die wederkoms onverwags sal plaasvind, sodat gelowiges getroue rentmeesters sal wees wat met volharding en bestendigheid hulle roeping teenoor die Here vervul (Mat. 24:45-51).

- Die doel van die openbaring van die onverwagsheid van die wederkoms is dat mense nie hulle verantwoordelikhede teenoor die Here sal uitstel nie en dat die wat ongehoorsaam en onbetroubaar is hulle sal bekeer aangesien dit te laat sal wees om dit te doen wanneer die wederkoms aangebreek het (Mat. 24:45-51).

- Die onverwagsheid van die wederkoms word verkondig sodat gelowiges waaksaam sal wees en betyds sal begin voorberei vir die koms van ons Here (Mat. 25:10).

- Die doel van die openbaring van die wederkoms is dat, al bly ons Here dalk lank weg, ons so moet lewe dat dit duidelik is dat ons Hom verwag en daarom aanhou om ons roeping te vervul (Mat. 25:19, 27).

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is *kerugma,* om die volgende feite bekend te maak, naamlik dat Jesus met sy wederkoms in sy heerlikheid gaan kom en al die engele saam met Hom, en Hy dan op sy glansryke troon sal gaan sit om te oordeel (Mat. 25:31).

- Die doel van die openbaring van die wederkoms is om gelowiges aan te moedig om uit dankbaarheid vir hulle verlossing, en omdat hulle God liefhet, barmhartigheidswerk te doen (Mat. 25:31).

- Die wederkoms word as oordeelsdag verkondig, sodat gelowiges verseker kan wees van die genadeloon wat hulle om Christus wil sal ontvang en om ongelowiges aan te moedig om hulle te bekeer (Mat. 25:31).

- Die wederkoms van Jesus Christus word geopenbaar as die bewys dat Hy die Seun van die Mens, die Christus, die Seun van God is (Mat. 26:64).

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is om as waarskuwing te dien om reg te dink oor Jesus, om in Hom te glo as die Christus, die Seun van God. So nie, sal Hy jou as Regter ontmoet met sy wederkoms (Mat. 26:64).

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is *kerugma,* naamlik dat Jesus weer gaan kom in die heerlikheid van sy Vader, saam met die heilige engele (Mark. 8:38).

- Die doel van die openbaring van die wederkoms is om mense aan te moedig om Jesus nie te verloën in tye van swaarkry en vervolging nie, maar om hulleself te verloën, hulle kruis op te neem en om Hom te volg, sodat hulle in sy heerlikheid kan deel met sy koms (Mark. 8:38).

- Die wederkoms word geopenbaar met die doel om mense aan te moedig om Jesus as Here te bely, dan sal Hy by sy koms hulle as volgelinge erken (Mark. 8:38).

- Die gebeure wat die wederkoms vooraf moet gaan, word verkondig as *kerugma,* sodat gelowiges nie deur vals aansprake oor die wederkoms mislei sal word nie (Mark. 13:26).

- Die volgende gebeure word geopenbaar as gebeure wat eers moet plaasvind voordat die wederkoms sal plaasvind: Vals aansprake oor die wederkoms sal gemaak word; vals profete en christusse wat tekens en wonders doen moet hulle verskyning maak; die tydperk van die verdrukking moet aanbreek; kosmiese katastrofes moet plaasvind (Mark. 13:26).

- Die wyse van die koms van Jesus Christus word geopenbaar as dat Hy op die wolke met groot krag en heerlikheid sal kom. Hierdeur word gelowiges in die geloof versterk, ook te midde van die gebeure wat die wederkoms voorafgaan (Mark. 13:26).

- Dit word geopenbaar dat die Here Jesus sy engele sal uitstuur met sy wederkoms om sy uitverkorenes van elke denkbare plek af te versamel. Hierdeur word die gelowiges vertroos dat hulle nie verlore sal gaan nie, maar verlos sal word (Mark. 13:26).

- Die doel van die openbaring van die wederkoms, naamlik dat die dag en datum van die wederkoms onbekend is, is om gelowiges tot waaksaamheid aan te spoor (Mark. 13:35, 36).

- Die wederkoms van Jesus Christus word geopenbaar as die bewys dat Hy die Seun van die Mens, die Christus, die Regter is (Mark. 14:62).

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is om as waarskuwing te dien om reg te dink oor Jesus, om in Hom te glo as die Christus, die Regter wat gaan oordeel (Mark. 14:62).

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is *kerugma,* naamlik dat Jesus weer gaan kom in sy heerlikheid en dié van die Vader en die heilige engele (Luk. 9:26).

- Die doel van die openbaring van die wederkoms is om mense aan te moedig om Jesus nie te verloën in tye van swaarkry en vervolging nie, maar om aan die voorwaardes van dissipelskap te voldoen deur hulleself te verloën, hulle kruis op te neem en Hom te volg, sodat hulle in sy heerlikheid kan deel met sy koms (Luk. 9:26).

- Die wederkoms word geopenbaar met die doel om mense aan te moedig om Jesus as Here te bely, dan sal Hy by sy koms hulle as volgelinge erken (Luk. 9:26).

- Die doel van die openbaring van die onverwagsheid van die wederkoms is om gelowiges aan te spoor tot voortdurende gereedheid daarvoor. Die openbaringsdoelwit kan ook negatief geformuleer word: Jesus openbaar die onverwagsheid van die wederkoms, sodat sy volgelinge nie onverhoeds betrap sal word wanneer die dag aanbreek omdat hulle ontrou geword het nie (Luk. 12:35-48).

- Die wederkoms word geopenbaar met die doel dat gelowiges daarna sal uitsien as die dag waarop die Here hulle sal bedien (Luk. 12:35-48).

- Die onverwagsheid van die wederkoms word geopenbaar met die *telos* dat ampsdraers hulle ampswerk nougeset sal nakom in afwagting op die koms van hulle Here (Luk. 12:35-48).

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is om gelowiges op te roep tot volhardende gebed, om moedeloosheid te bestry en volhardende geloof in die wagtyd voor die wederkoms te bevorder (Luk. 18:8).

- Die doel van die openbaring van die wederkoms is om gelowiges op te roep tot selfondersoek of hulle volhardend glo (Luk. 18:8).
- Die wederkoms word geopenbaar met die doel dat gelowiges sal weet dat God nie sy kinders lank sal laat wag nie en dat Hy nog genadetyd gee vir bekering (Luk. 18:8).
- Die doel van die openbaring van die wederkoms is die verkondiging dat Jesus sigbaar op 'n wolk sal kom met groot krag en groot heerlikheid (Luk. 12:27).
- Die *telos* van die openbaring van dit wat die wederkoms voorafgaan, naamlik kosmiese katastrofes, is om gelowiges daarop voor te berei en om die kennis aan hulle oor te dra dat die wederkoms dan naby sal wees (Luk. 12:27).
- Die koms van die Seun van die Mens, Jesus Christus, word geopenbaar ter versterking van die hoop en die vertroue van die gelowiges dat dit op hulle redding sal uitloop (Luk. 12:27).
- Die wederkoms word geopenbaar sodat gelowiges nie ontsteld sal wees daaroor dat Jesus Christus nie tans fisies by hulle teenwoordig is nie, maar om hulle op te roep tot geloof wat insluit dat die Here weer gaan kom (Joh. 14:3).
- Dit word as troos verkondig dat Jesus by sy wederkoms sy volgelinge na Hom toe sal neem en dat Hy altyd by hulle teenwoordig sal wees (Joh. 14:3).
- Dit word as troos verkondig dat Jesus na sy wederkoms by sy dissipels teenwoordig sal wees (Joh. 14:28).
- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is om gelowiges te troos met die versekering dat Jesus Christus, net so seker as wat Hy opgevaar het na die hemel, weer sal terugkom (Hand. 1:11).
- Die doel van die openbaring van die wederkoms is missionaal, naamlik om aan die gelowiges 'n vaste hoop te gee waarmee hulle as getuies van Jesus Christus in die wêreld kan optree (Hand. 1:11).
- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is om die kennis oor te dra dat dit die dag is waarop alle dinge aan die lig gebring sal word, selfs die dinge wat in die duisternis gedoen is en selfs ook die bedoelings van mense se harte (1 Kor. 4:5).

- Die wederkoms word geopenbaar met die doel dat gelowiges nie oorhaastig sal oordeel oor mense nie, ook nie oor Woordverkondigers nie, maar dat hulle sal wag totdat die Here kom. God is die een wat op die dag lof sal gee aan wie dit toekom (1 Kor. 4:5).

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is onderrig om die wese van die nagmaal reg te verstaan, naamlik dat dit verkondiging is van die dood van die Here totdat Hy kom (1 Kor. 11:26).

- Die doel van die verkondiging van die wederkoms is dat gelowiges sal besef dat hulle verwagting van die wederkoms van ons Here versterk word deur die viering van die nagmaal, aangesien die nagmaal ook ŉ versekering is dat Hy beslis weer sal kom (1 Kor. 11:26).

- Die wederkoms word verkondig met die doel dat gelowiges sal besef dat hulle verlossing tans onvoltooid is, maar dat dit voltooi sal word met die wederkoms (1 Kor. 11:26).

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms, wanneer Jesus ook as Regter sal kom, is om gelowiges aan te spoor om met die regte gesindheid en op die regte manier nagmaal te vier (1 Kor. 11:26).

- Die wederkoms word geopenbaar sodat gelowiges wat vervolg word, sal volhard in die geloof en sodat hulle versterk kan word in hulle geloofsekerheid (2 Tes. 2:10).

- Die wederkoms word geopenbaar as ŉ dag om na uit te sien vir gelowiges, omdat hulle nie dan veroordeel sal word nie, maar die Here sal verheerlik en bewonder (2 Tes. 2:10).

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms as die dag waarop gelowiges die vervulling van die belofte van saligheid sal verkry, is om hulle aan te moedig en te vermaan om nie hulle toegangsreg tot God prys te gee nie, maar om te volhard in die doen van die wil van God totdat die wederkoms plaasvind (Heb. 10:37).

- Die doel van die openbaring van die wederkoms is om gelowiges te verseker dat dit net ŉ baie kort rukkie is voordat die Here sal kom en dat Hy nie sal talm nie (Heb. 10:37).

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is die *kerugma* dat dit deel van die wese van God is om na mense toe te kom en Hy sal finaal met Christus se wederkoms kom om alles te kom voleindig met oordeel en verlossing (Openb. 1:4-8).

- Die doel van die openbaring van die wederkoms om te verkondig Wie dit is wat kom: Hy is Jesus Christus wat saam met die Vader en die Heilige Gees die Almagtige God is. Hy

is die betroubare getuie, die Eersgeborene van die dooies en die heerser oor die konings van die aarde. Hy is die Een vir wie ons liefhet en Hy het ons deur sy bloed van ons sondes verlos. Hy het ons ŉ koninkryk gemaak van priesters vir God, sy Vader en aan Hom kom die heerlikheid en die sterkte toe, vir ewig en ewig (Openb. 1:4-8).

- Die doel van die openbaring van die wederkoms is om alle aandag op Jesus Christus en die finale verlossing wat Hy vir sy kerk sal bring te vestig en om hulle sodoende te vertroos en te bemoedig om te volhard in die geloof (Openb. 1:4-8).
- Die wyse van die wederkoms word geopenbaar om die volgende kennis oor te dra: Jesus Christus sal met die wolke kom, sigbaar vir almal, ook vir die wat Hom met sy kruisiging deurboor het, en al die volke op die aarde sal oor Hom treur (Openb. 1:4-8).
- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is om ongelowiges op te roep tot bekering voordat die Here kom (Openb. 1:4-8).
- Die doel van die openbaring van die wederkoms is om op te roep tot bekering waar ŉ gemeente nie meer vir God liefhet en ook nie meer mekaar liefhet nie. Die oordeel, waar so ŉ gemeente se bestaan beëindig word, kan reeds voor die wederkoms plaasvind (Openb. 2:5).
- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is om op te roep tot bekering waar gemeentes afgodery en onsedelikheid duld (Openb. 2:16).
- Die doel van die openbaring van die wederkoms is om gemeentes te bemoedig met die wete dat hulle Here weer gaan kom om hulle beproewings te beëindig en om hulle as burgers van sy ewige koninkryk te vestig (Openb. 3:11).
- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is om gemeentes aan te moedig om, te midde van beproewings, getrou en gehoorsaam te bly aan die Evangelie en om in die geloof te volhard soos oorwinnaars (Openb. 3:11).
- Die *telos* van die openbaring van die onverwagsheid van die wederkoms is om gelowiges op te roep om die wederkoms enige oomblik te verwag (Openb. 16:15).
- Die doel van die openbaring van die wederkoms is om gelowiges aan te moedig om beklee te wees met die geregtigheid van Jesus Christus (Openb. 16:15).
- Die doel van die openbaring van die wederkoms is om die kennis aan die gelowiges oor te dra dat die wederkoms ŉ kardinale plek in die raadsplan van God inneem (Openb. 22:7).

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is om gelowiges te verseker daarvan dat Jesus Christus beslis weer gaan kom (Openb. 22:7).

- Die wederkoms word geopenbaar met die doel om gelowiges aan te moedig om God se geskrewe Woord te glo en daarvolgens te leef (Openb. 22:7).

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is om gelowiges te verseker daarvan dat Jesus Christus beslis weer gaan kom (Openb. 22:12).

- Die doel van die openbaring van die wederkoms is om aan gelowiges die versekering te gee dat hulle op die dag ewige geestelike seën sal ontvang en om ongelowiges te verseker van die ewige oordeel wat wag (Openb. 22:12).

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is om gelowiges te verseker daarvan dat Jesus Christus beslis weer gaan kom (Openb. 22:20).

- Die doel van die openbaring van die wederkoms is dat elke gelowige die belofte van die wederkoms vir hom- of haarself sal toeëien (Openb. 22:20).

- Die doel van die openbaring van die wederkoms is dat elke gelowige biddend daarna sal uitsien (Openb. 22:20).

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is dat gelowiges, wat bid om die koms van die Here, verseker kan wees daarvan dat die genade van die Here Jesus vir altyd by hulle is (Openb. 22:20).

# HOOFSTUK 8: DIE *TELOS* VAN DIE OPENBARING VAN DIE WEDERKOMS AAN DIE HAND VAN HMEPA

Die begrip ἡμέρα is reeds geïdentifiseer as ŉ begrip wat gebruik word om die wederkoms van ons Here Jesus Christus mee aan te dui (1.3).

In hierdie hoofstuk word daar ŉ woordstudie, diakronies en sinkronies, van die begrip gedoen. Voorts word die gebruik van ἡμέρα in die Nuwe Testament nagegaan en word vasgestel wat die *telos* van die openbaring van die wederkoms aan die hand ἡμέρα is.

## 8.1 Woordstudie van ἡμέρα

### 8.1.1 Diakroniese woordstudie

#### 8.1.1.1 BDAG

Die BDAG (2000:436-438) dui die volgende hoofbetekenisgebruike vir ἡμέρα aan:

“1. The period between sunrise and sunset, *day,*

2. civil or legal day, including the night, *day,*

3. a day appointed for very special purposes, *day*

4. an extended period, *time*.”

Dit blyk dat slegs die derde betekenisgebruik, “a day appointed for very special purposes, *day*”, in verband met die wederkoms gebring kan word. In die voorbeelde wat die BDAG opgee, wat voorbeelde van die dag van die wederkoms insluit, laat die BDAG in die verklarings van die voorbeelde die klem daarop val dat dit die dag van God se oordeel is. Hoewel die dag van die wederkoms nie spesifiek genoem word in die verklarings van die voorbeelde nie, val die dag saam met die dag van God se oordeel.

8.1.1.1.1 Konklusie

‘Ημέρα kan verwys na die dag wat spesiaal aangewys is vir God se oordeel, wat saamval met die dag van Jesus se wederkoms.

#### 8.1.1.2 TDNT

Uit die deeglike navorsing van Von Rad in die TDNT (1964: Vol 2., p. 943-947) oor die betekenisgebruike van ἡμέρα in die Ou Testament en van Delling (1964: Vol 2. p. 947-953) oor

die betekenisgebruike van ἡμέρα in die algemeen, in die LXX en in die Nuwe Testament, blyk die volgende:

In die Ou Testament het ŉ antieke Hebreeuse dag uit dag en nag bestaan en dit het amptelik in die vorige aand begin (Eks. 12:18; Lev. 23:32). Sekere dae het spesiaal aan God behoort. “This is particularly true of set days in the cultic calendar. It is said not merely of the Sabbath (→ σάββατον) but also of other cultic feast-days that they are holy to Yahweh (Neh. 8:9).” (Von Rad, 1964:944)

Die “dag van Jahweh” was nie ŉ dag in die hede of ŉ dag in die verlede nie, maar ŉ dag in die toekoms “and since the terse *status constructus* combination יוֹס יְהוָה is not in fact used for present days, and very seldom (→ *infra*) for past, but very frequently for an expected future day, it leads us into a comparatively self-enclosed circle of ideas.” (Von Rad, 1964:944)

Tog moet daar nie oorhaastig na die eskatologie gespring word nie, aldus Von Rad (1964:944): “In the interests of linguistic sobriety only that should be called eschatological which really relates to the ἔσχατον, to the final activity of God either for or against Israel. Now there can be no doubt that the day of Yahweh is often to be taken in this sense.” Tog moet verklaarders nie oorhaastig die verklaring aanbied dat “die dag van die Here” die laaste dag is nie. Die *locus classicus* vir יוֹס יְהוָה in Amos 5:18 e.v. wys natuurlik wel heen na die dag van eskatologiese hoop.

Die profete het egter verkondig dat die dag van die Here (se oordeel) nie die vyande van Israel sou tref soos algemeen verwag is nie, maar vir Israel self.

Die dag van die Here het egter nie net oordeel ingehou nie. “After this, prophecy becomes prophecy of salvation and the prophesied day of Yahweh means deliverance, restoration and ultimate salvation for the deeply humiliated people.” (Von Rad, 1964:945)

“This specifically eschatological prospect is sometimes called the end of days, אַחֲרִית הַיָּמִים.” (Von Rad, 1964:946)

Aangesien die dag van die Here nie tot ŉ kalenderdag beperk kan word nie, moet daar eerder aan ŉ gebeurtenis as aan ŉ dag gedink word. “This was the more possible the more eschatological the conception of the day of Yahweh, for eschatologically it signified in any case the inauguration of a new era.” (Von Rad, 1964:946)

Die algemene gebruik in Grieks word soos volg deur Delling (1964:947-950) weergegee:

‘Ημέρα word in die betekenis van “dag” of “daglig” gebruik, wat onderskei moet word van “nag”, maar ook soms in die betekenis van ŉ volle dag van 24 uur. Dit is ook gebruik vir ŉ dag van die

week. Dit kan ook in uitsonderlike gevalle “tyd” (tydperk) beteken, soos die tyd van jou jeug, of van jou ouderdom. Bitter selde is ’n dag in die godsdiens of die kunste gepersonifieer.

Die woord is dikwels in die Septuagint gebruik in die sin van dag of daglig, wat onderskei moet word van nag, maar ook as volle dag van 24 uur. Die woord ἡμέρα kan ook tyd beteken. Die betekenis van tyd kom diwkwels voor in die LXX as gevolg van die invloed van יום. Die feit dat daar ’n eskatologiese ondertoon kan wees, is moontlik, maar nie altyd seker nie, aangesien יום in die algemeen verwys na die tyd van God se ingryping.

In die Nuwe Testament beteken ἡμέρα “dag”, of “tyd” (tydperk), maar dit kan ook figuurlik gebruik word. Wanneer die betekenis van “dag” daaraan geheg word, word bedoel dít wat voorkom van sonsopkoms tot sononder, die tyd van sonlig. Wanneer ἡμέρα in die betekenis van “tyd” (tydperk) gebruik word, word daar verwys na ’n maat van tyd, van sonsopkoms tot sonsopkoms, of van sononder tot sononder. Voorts kan ἡμέρα ook gebruik word om na ’n dag van die week te verwys.

Die gebruik van ἡμέρα as “tyd” (tydperk), word sterk beïnvloed deur die Semitiese denkwyse. Dit kan dus ook leeftyd, tyd van bestaan of tydperk in jare beteken.

Eskatologies kan ἐσχάται ἡμέραι, na aanleiding van die Ou-Testametiese חרית הימים, die tyd net voor die laaste oordeel beteken (2 Pet. 3:3); of dit kan die hede beteken (Hand. 2:17; Jak. 5:3); of dit kan die tyd van die laaste oordeel self beteken (2 Tim. 3:1) (vgl. ἡμέραι ἐκδικήσεως, Luk. 21:22).

In die enkelvoud kan die term ἡμέρα dui op die eskatologiese tyd van oordeel en verlossing. “The term is clarified to the degree that it refers unequivocally to the divine action in the last days. But it can be used in very different ways as regards its content and its temporal extension.” (Delling, 1964:951) In ooreenstemming met die Joodse apokaliptiek word ἡμέρα ook gebruik vir die finale oordeelsdag. “It is noteworthy that in most cases the ‘day’ is furnished with an attribute which defines its content, usually the ‘day of judgment,’ …” (Delling, 1964:951) So word die dag van God of die dag van die Messias altyd verstaan as die oordeelsdag.

Dit kan egter ook verwys na die dag van die wederkoms: “In Lk. 17:24 Jesus describes as the day of the Son of Man that point in time when He shall appear in the glory of the kingdom. In Jn. 8:56, too, His day is the day of the definitive revelation of His glory ....” (Delling, 1964:951)

By Paulus is “dag” gewoonlik die dag van wêreldoordeel vir die gemeenskap (1 Kor. 1:8; Fil. 1:6, 10 [1 Kor. 5:5]), vir homself (2 Kor. 1:14; Fil. 2:16) en ook vir nie-Christene. “In the passages mentioned its main importance is as an ethical incentive.” (Delling, 1964:952) Dié stelling is belangrik vir hierdie studie wat vra na die doel van die openbaring van die

wederkoms. Waar die dag na die oordeelsdag verwys, wat met die wederkoms saamval, is daar by Paulus ŉ sterk etiese aansporing, aldus Delling.

Die gebruik van ἡμέρα sonder ŉ byvoegsel in die genitief word vir die oordeelsdag gebruik in 1 Tessalonisense 5:5, 1 Korintiërs 3:13 en Hebreërs 10:25. “This is to be explained in terms of OT terminology (cf. Mal. 3:19: הַיּוֹם). The same is true of the formula ἐκείνη ἡ ἡμέρα, which denotes the all-embracing day of judgment (Mt. 7:22; Lk. 10:12; 2 Tm. 1:12, 18 [4:8]).” (Delling, 1964:952)

Die term ἡμέρα μεγάλη (Jud. 6; Op. 6:17; 16:14) word in ooreenstemming met Joodse denke as die oordeelsdag beskou.

Volgens Delling (1964:952) word die dag van die wederkoms en die oordeelsdag baie nou aan mekaar verbind: “Thus the ‘day’ acquires a more fixed content through the concentration of expectation of the future on the person of Jesus. Herein lies the distinction from the OT and also the greater precision as compared with later Jewish apocalyptic except in so far as this exerted particularly strong influence, e.g., on Rev. and 2 Pt.”

Wanneer ἡμέρα deur ŉ frase beskryf word, is dit gewoonlik ŉ eskatologiese begrip. Volgens Delling (1964:953) is daar nêrens enige aanduiding dat hierdie dag, wat nie net ŉ dag van oordeel is nie, al reeds aangebreek het nie: “It will dawn with the revelation of the glory of Jesus at His *parousia*. In other passages the day fixed for the resurrection (of the righteous) is called the ἐσχάτη ἡμέρα (Jn. 6:39 f., 44, 54; 11:24). It brings temporal being in the present aeon to an end and is thus the last day.”

‘Ημέρα kan egter ook as ŉ algemene tydsaanduiding gebruik word: “This can sometimes be meant by day, cf. Mt. 24:38, 42; 26:29; Lk. 17:30; Jm. 5:5; 1 Pt. 2:12. The two last passages are not meant eschatologically. In Jm. 5:5 ἡμέρα σφαγῆς is the time of an unrecognised need (of the poor), and in 1 Pt. 2:12 ἡμέρα ἐπισκοπῆς is the time of your earthly rehabilitation (through God). The sense in Lk. 19:42 is the (decisive) time (→ καιρός).” (Delling, 1964:953)

Die gebruik van ἡμέρα in die enkelvoud kan ook figuurlik bedoel word, soos in Openbaring 11:9, 11, met die betekenis van jaar. Dit word ook figuurlik gebruik in Johannes 9:4 en 11:9a vir die leeftyd wat God aan die mens gee.

8.1.1.2.1 Konklusie

‘Ημέρα verwys meestal na “dag” of “tydperk”. Dit kan egter ŉ sterk eskatologiese betekenis hê, veral wanneer dit na die oordeelsdag of die dag van die opstanding uit die dood of die dag van die wederkoms verwys.

### 8.1.2 Sinkroniese woordstudie

Louw en Nida (1996b:115) gee die betekenismoontlikhede van ἡμέρα soos volg weer:

"ἡμέρα, ας *f*

a day: 67.178

b daylight period: 67.186

c period: 67.142

d daylight: 14.40

e court of justice: 56.1."

Dit is duidelik dat wanneer ἡμέρα gebruik word om die dag van die wederkoms mee aan te dui, slegs a "day: 67.178" en c "period: 67.142" van toepassing kan wees, aangesien "lig" en "donker" (b en d) en "'n menslike hof" (e) geen rol by die dag van die wederkoms speel nie.

Beide betekenismoontlikhede (a en c) word by die hoofdomein 67, "tyd", ingedeel. Indien domein 67 met die omliggende domeine, 66 "Proper, Improper" en 68 "Aspect", vergelyk word, lewer dit geen bydrae tot die verstaan van ἡμέρα as dag van die wederkoms nie.

Die subdomeine van "tyd" (67) word soos volg ingedeel (1996a, 628, 629):

"A A Point of Time without Reference to Other Points of Time: Time, Occasion, Ever, Often (67.1–67.16)

B A Point of Time with Reference to Other Points of Time: Before, Long Ago, Now, At the Same Time, When, About, After (67.17–67.64)

C A Point of Time with Reference to Duration of Time: Beginning, End (67.65–67.72)

D A Point of Time with Reference to Units of Time: Daybreak, Midday, Midnight, Late (67.73–67.77)

E Duration of Time without Reference to Points or Units of Time: Time, Spend Time, Always, Eternal, Old, Immediately, Young (67.78–67.117)

F Duration of Time with Reference to Some Point of Time: Until, Delay, Still, From (67.118–67.135)

G Duration of Time with Reference to Some Unit of Time: During, In, While, Throughout (67.136–67.141)

H Indefinite Units of Time: Age, Lifetime, Interval, Period (67.142–67.162)

I Definite Units of Time: Year, Month, Week, Day, Hour (67.163–67.200)

J Units of Time with Reference to Other Units or Points of Time: Yesterday, Today, Next Day" (67.201–67.208)."

Die eerste betekenismoontlikheid, naamlik dag (a), word ingedeel by subdomein I "Definite Units of Time: Year, Month, Week, Day, Hour (67.163–67.200)" en word soos volg verklaar (1996a, 651, 652): "67.178 ἡμέρα[a], ας *f*: according to Hebrew reckoning (as reflected in the NT), a period of time beginning at sunset and ending at the following sunset—'day.' ἓξ ἡμέραι εἰσὶν ἐν αἷς δεῖ ἐργάζεσθαι 'there are six days in which we should work' Lk 13:14."

Die tweede betekenismoontlikheid, naamlik periode (c), word ingedeel by subdomein H "Indefinite Units of Time: Age, Lifetime, Interval, Period (67.142–67.162)" en word soos volg verklaar (1996a, 648): "67.142 ἡμέρα[c], ας *f*: an indefinite unit of time (whether grammatically singular or plural), but not particularly long (note the contrast with αἰών[a] 'age,' 67.143, and γενεά[d] 'age,' 67.144)—'time, period.' ἐγένετο ὡς ἐπλήσθησαν αἱ ἡμέραι τῆς λειτουργίας αὐτοῦ 'when his period of service (in the Temple) was over' Lk 1:23. In a number of languages there is no specific term such as 'period' referring to an indefinite extent of time. One can, however, render Lk 1:23 as 'when he no longer had to serve in the Temple' or 'when he had finished the days when he served in the Temple.'"

Dit blyk dat nie een van hierdie twee betekenismoontlikhede die betekenis van ἡμέρα as die dag van die wederkoms volledig en akkuraat weergee nie. Wanneer dit oor ἡμέρα met die betekenis van die "dag van die wederkoms" gaan, is die lengte van die dag (a) of die dag as tydperk (c) nie werklik ter sprake nie. Dit gaan immers oor die laaste dag, die groot dag, die dag waarop God se raadsplan vervul word, die dag wanneer Jesus Christus verskyn en geopenbaar word, die oordeelsdag en die opstandingsdag.

Die groot leemte is, soos reeds gemeld, dat Louw en Nida (1996a) geen hoof- of subdomein geskep het om die betekenis van "wederkoms" mee aan te dui nie.

#### 8.1.2.1 Konklusie

Dit is teleurstellend dat Louw en Nida ook in die geval van ἡμέρα geen woord rep oor die wederkoms van Jesus Christus nie en dat daar ook nie 'n aparte domein of subdomein spesifiek

daaraan afgestaan word nie. In die geval van ἡμέρα met die betekenis van die dag van die wederkoms, lewer die semantiese woordeboek van Louw en Nida geen werklike bydrae nie.

#### 8.1.3 Samevattende konklusie

Die woord ἡμέρα beteken meestal dag of tydperk. Wanneer dit gebruik word om die dag van die wederkoms mee aan te dui, het dit ŉ sterk eskatologiese betekenis. Dit is die dag wat spesiaal aangewys is vir Jesus se wederkoms en dan spesifiek as die dag van oordeel.

##### 8.1.3.1 Finale betekenisdefinisie

Op grond van die samevattende konklusie kan die volgende definisie van ἡμέρα, wanneer dit na die wederkoms verwys, gegee word:

Dit is die spesiaal aangewysde eskatologiese dag van Jesus Christus se wederkoms om te kom oordeel.

### 8.2 Die *telos* van die openbaring van die wederkoms aan die hand van ἡμέρα

In hierdie afdeling word die gebruik van ἡμέρα om die wederkoms mee aan te dui, nagegaan en openbaringsdoelwitte geïdentifiseer. Aangesien hierdie studie besondere fokus plaas op παρουσία, word die *telos* van die openbaring van die wederkoms aan die hand van die ander geïdentifiseerde woorde, soos ἡμέρα, slegs oorsigtelik gedoen.

Die woord ἡμέρα kom 389 keer en in 23 Nuwe-Testamentiese boeke voor (vgl. Wigram & Winter, 1978: 347-349).

Aangesien die skrywer geen bron kon opspoor wat ŉ volledige opgawe gee van die gebruik van ἡμέρα met betrekking tot die wederkoms nie, is al die betrokke Skrifgedeeltes nagegaan en 45 Skrifgedeeltes geïdentifiseer. Die betrokke Skrifgedeeltes word hieronder weergegee en behandel.

#### 8.2.1 Matteus 7:22

... πολλοὶ ἐροῦσίν μοι ἐν ἐκείνῃ τῇ **ἡμέρᾳ**, Κύριε κύριε, οὐ τῷ σῷ ὀνόματι ἐπροφητεύσαμεν, καὶ τῷ σῷ ὀνόματι δαιμόνια ἐξεβάλομεν, καὶ τῷ σῷ ὀνόματι δυνάμεις πολλὰς ἐποιήσαμεν;

“Baie sal op daardie **dag** vir my sê: ‘Here, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam demone uitgedryf en in u Naam baie kragtige dade verrig nie?’”

Jesus is besig om met mense te praat wat sy woord hoor, maar nie daarvolgens handel nie (7:21). Hy praat met mense wat selfs dinge in sy Naam gedoen het, maar Hy ken hulle nie. Die

frase ἐν ἐκείνῃ τῇ ἡμέρᾳ verwys duidelik na die spesiaal aangewysde oordeelsdag waarop hierdie mense veroordeel sal word omdat hulle die Woord gehoor het, maar nie daarvolgens gehandel het nie. (Ridderbos, s.a.a:155).

#### 8.2.1.1 Openbaringsdoelwit

- Die wederkoms (aangewyse dag van beoordeling) word geopenbaar om mense aan te moedig om nie net God se Woord te hoor nie, maar om te doen wat die Woord vra; om so te lewe dat die Here hulle sal ken (Mat. 7:22).

### 8.2.2 Matteus 10:15

... ἀμὴν λέγω ὑμῖν, ἀνεκτότερον ἔσται γῇ Σοδόμων καὶ Γομόρρων ἐν **ἡμέρᾳ** κρίσεως ἢ τῇ πόλει ἐκείνῃ.

"'*Amen*, Ek sê vir julle: Dit sal vir die land Sodom en Gomorra op die **oordeelsdag** draagliker wees as vir daardie stad.'"

Jesus is besig om die twaalf uit te stuur (10:5) en gee aan hulle die raad om, as iemand hulle nie wil ontvang nie, daardie huis en dorp te verlaat. Daarna sê Hy dat dit vir die gebied van Sodom en Gomorra draagliker sal wees ἐν ἡμέρᾳ κρίσεως as vir daardie dorp. Hier is 'n duidelike verwysing na die dag van beoordeling wat vir sulke mense en dorpe op veroordeling sal uitloop (Ridderbos, s.a.a:202).

#### 8.2.2.1 Openbaringsdoelwitte

- Die wederkoms (dag van beoordeling) word hier geopenbaar om mense aan te moedig om God se Woord as die waarheid te aanvaar en om ag te gee op die bedienaars van die Woord (Mat. 10:15).

- Die doel van die openbaring van die wederkoms as die oordeelsdag is om bedienaars van die Woord te bemoedig daardeur dat God mense, wat hulle en hulle boodskap in ongeloof minag, sal veroordeel (Mat. 10:15).

### 8.2.3 Matteus 11:22-24

... πλὴν λέγω ὑμῖν, Τύρῳ καὶ Σιδῶνι ἀνεκτότερον ἔσται ἐν **ἡμέρᾳ** κρίσεως ἢ ὑμῖν. **23** καὶ σύ, Καφαρναούμ, μὴ ἕως οὐρανοῦ ὑψωθήσῃ; ἕως ᾅδου καταβήσῃ· ὅτι εἰ ἐν Σοδόμοις ἐγενήθησαν αἱ δυνάμεις αἱ γενόμεναι ἐν σοί, ἔμεινεν ἂν μέχρι τῆς σήμερον. **24** πλὴν λέγω ὑμῖν ὅτι γῇ Σοδόμων ἀνεκτότερον ἔσται ἐν **ἡμέρᾳ** κρίσεως ἢ σοί.

"'Maar Ek sê vir julle, vir Tirus en Sidon sal dit op die **oordeelsdag** draagliker wees as vir julle. **23** En jy, Kapernaum, 'Sal jy tot die hemel verhoog word? Nee, jy sal na *Hades* afdaal!' Want as die kragtige dade wat in jou plaasgevind het, in Sodom plaasgevind het, sou dit bly staan het tot vandag toe. **24** Maar Ek sê vir julle, dit sal vir die gebied van Sodom op die **oordeelsdag** draagliker wees as vir jou.'"

In hierdie verse is daar twee maal sprake van ἐν ἡμέρᾳ κρίσεως, ŉ duidelike verwysing na die dag van beoordeling wat sal saamval met die wederkoms. Jesus is besig om die dorpe, waar Hy die meeste van sy wonderwerke gedoen het, te verwyt omdat hulle hulle nie bekeer het nie (11:20) (Ridderbos, s.a.a:221). Jesus sê dat Tirus en Sidon hulle sou bekeer het as hulle dieselfde wonders sou sien as Gorasin en Betsaida en dat Sodom nog sou bly staan het as dieselfde wonders wat in Kapernaum gedoen is, daar sou plaasvind. In die inleiding tot die betrokke gesprek, in 11:20, word ŉ openbaringsdoelwit duidelik gemaak: "Toe het Jesus begin om die stede waarin die meeste kragtige dade plaasgevind het te verwyt, omdat hulle hulle nie bekeer het nie." "Jesus was not looking for amazement and admiration, but for repentance." (Morris, 1992:287)

#### 8.2.3.1 Openbaringsdoelwit

- Die bekering van die hoorders is Jesus se *telos* met die openbaring van die dag van oordeel wat saamval met die dag van die wederkoms (Mat. 11:22-24).

### 8.2.4 Matteus 12:36

... λέγω δὲ ὑμῖν ὅτι πᾶν ῥῆμα ἀργὸν ὃ λαλήσουσιν οἱ ἄνθρωποι ἀποδώσουσιν περὶ αὐτοῦ λόγον ἐν **ἡμέρᾳ** κρίσεως·

"'Ek sê vir julle, van elke onbesonne woord wat mense kwytraak, sal hulle op die **dag van oordeel** rekenskap moet gee.'"

Jesus praat met die Fariseërs (12:24) na aanleiding daarvan dat hulle gesê het dat Hy duiwels uitdryf met die hulp van Beëlsebul. Hy beskuldig hulle daarvan dat hulle met hulle beskuldiging teen die Heilige Gees laster (12:31). Hy wys hulle ook daarop dat ŉ boom aan sy vrugte geken word (12:33). Deel van die vrugte waaraan ons geken word, is wat ons sê: "A tree is to its fruit what a person's heart is to his or her speech." (Blomberg, 1992:205) Jesus waarsku hulle daarom dat daar van elke ligsinnige woord rekenskap gegee sal moet word op die dag van beoordeling en dat ŉ mens op grond van sy eie woorde vrygespreek of veroordeel sal word (12:37): "This means that we must weigh our words carefully. Words of blasphemy bring forth Jesus' wrath." (Campbell, 2008:73)

#### 8.2.4.1 Openbaringsdoelwit

- Die wederkoms (dag van beoordeling) word hier geopenbaar om mense te maan om versigtig te wees met wat hulle sê, en veral om nie die Gees se werk aan die Satan toe te skryf nie (Mat. 12:36).

### 8.2.5 Matteus 24:36

Περὶ δὲ τῆς **ἡμέρας** ἐκείνης καὶ ὥρας οὐδεὶς οἶδεν, οὐδὲ οἱ ἄγγελοι τῶν οὐρανῶν οὐδὲ ὁ υἱός, εἰ μὴ ὁ πατὴρ μόνος.

"'Van daardie **dag** en uur dra niemand kennis nie, selfs nie die engele van die hemele nie en ook nie die Seun nie, net die Vader alleen."

Hierdie gedeelte is reeds breedvoeriger behandel in 3.1.4.5. Ter wille van volledigheid word die reeds geïdentifiseerde openbaringsdoelwitte herhaal.

#### 8.2.5.1 Openbaringsdoelwitte

- Jesus openbaar die onbekendheid van die dag van die wederkoms sodat sy volgelinge voortdurend waaksaam, op hulle hoede en gereed kan wees vir die wederkoms (Mat. 24:36).

- Die openbaringsdoelwit kan ook negatief geformuleer word: Jesus openbaar die onbekendheid van die dag van die wederkoms, sodat sy volgelinge nie onverhoeds betrap sal word wanneer die dag aanbreek nie en sodat hulle nie moet uitstel om hulle te bekeer nie. Hulle moet ook nie probeer om te bereken wanneer die dag sal aanbreek nie (Mat. 24:36).

- Dat die wederkoms beslis gaan plaasvind, maar ook die feit dat die tydstip daarvan onbekend is, moet Jesus se volgelinge troos en aanmoedig om heilig te lewe soos mense wat die wederkoms en die gepaardgaande oordeel verwag en om getroue rentmeesters te wees (Mat. 24:36).

### 8.2.6 Matteus 24:50

ἥξει ὁ κύριος τοῦ δούλου ἐκείνου ἐν **ἡμέρᾳ** ᾗ οὐ προσδοκᾷ καὶ ἐν ὥρᾳ ᾗ οὐ γινώσκει,

"... sal die eienaar van daardie slaaf op 'n **dag** kom waarop hy dit nie verwag nie en op 'n uur wat hy nie weet nie."

Hierdie vers vorm deel van die Profetiese Rede en deel van die waaksaamheidsgelykenis oor die getroue en verstandige slaaf. In die gelykenis is Jesus die eienaar wat onverwags op 'n onbekende tyd sal terugkeer (Price, 1998:302). Die gelykenis oor die onverwagsheid van die wederkoms word vertel om gereedheid vir die wederkoms te bevorder (24:44): "The emphasis of this passage is on being prepared and ready for his coming." (Price, 1998:302)

#### 8.2.6.1 Openbaringsdoelwit

- Die onverwagsheid van die wederkoms word geopenbaar om gereedheid vir die wederkoms te bevorder (Mat. 25:50).

### 8.2.7 Matteus 25:13

Γρηγορεῖτε οὖν, ὅτι οὐκ οἴδατε τὴν **ἡμέραν** οὐδὲ τὴν ὥραν.

"'Wees dan waaksaam, omdat julle die **dag** en die uur nie ken nie.'"

Die vers vorm deel van die Profetiese Rede en deel van die gelykenis van die tien meisies waarvan vyf verstandig was en vyf onverstandig (25:1, 2). Aan die einde van die gelykenis sê Jesus: "Waak dan, omdat julle nie weet τὴν ἡμέραν of op watter uur dit sal gebeur nie." Die wederkoms word duidelik hier as motivering genoem om waaksaam te wees en die Here te verwag (Morris, 1992:625).

#### 8.2.7.1 Openbaringsdoelwit

- Die wederkoms word verkondig sodat mense waaksaam sal wees en die Here sal verwag (Mat. 25:13).

### 8.2.8 Lukas 10:12

λέγω ὑμῖν ὅτι Σοδόμοις ἐν τῇ **ἡμέρᾳ** ἐκείνῃ ἀνεκτότερον ἔσται ἢ τῇ πόλει ἐκείνῃ.

"'Ek sê vir julle: Vir die mense van Sodom sal dit op daardie **dag** draagliker wees as vir daardie dorp.'"

Jesus is besig om die twee en sewentig uit te stuur (10:1) en Hy sê vir hulle dat as 'n dorp hulle nie wil ontvang nie, hulle die dorp moet verlaat nadat hulle die koninkryk van God verkondig het (10:10, 11). Vir die mense van Sodom sal dit op dié dag draagliker wees as vir daardie dorp. Dié dag verwys duidelik na die wederkoms, die dag van beoordeling, en dit word bedoel as 'n oproep tot bekering voor die groot oordeel. Die wederkoms word voorts hier genoem om Woordverkondigers te bemoedig wanneer mense hulle en hulle boodskap verag: "So committed

is Christ to his disciples, so closely does he identify with them, that to abuse a disciple of Christ is seen by God as an abuse of Christ himself.” (Sproul, 1999:220)

#### 8.2.8.1 Openbaringsdoelwitte

- Die dag van die wederkoms word geopenbaar as oproep tot bekering (Luk. 10:12).
- Die wederkoms word geopenbaar as die dag van oordeel, om Woordverkondigers te bemoedig wanneer mense hulle en hulle boodskap verag (Luk. 10:12).

### 8.2.9 Lukas 17:24

ὥσπερ γὰρ ἡ ἀστραπὴ ἀστράπτουσα ἐκ τῆς ὑπὸ τὸν οὐρανὸν εἰς τὴν ὑπ’ οὐρανὸν λάμπει, οὕτως ἔσται ὁ υἱὸς τοῦ ἀνθρώπου [ἐν τῇ **ἡμέρᾳ** αὐτοῦ].

“‘Want soos ’n weerligstraal die hemel van die een kant tot die ander kant verlig, só sal die Seun van die Mens op sy **dag** verskyn.’”

Jesus waarsku sy dissipels teen valse wederkomsaankondigings (17:23) (Stein, 1992:438–439), maar leer hulle dat sy koms onmiskenbaar sal wees soos weerlig wat die hele lugruim verlig: “The lightning will light up the whole sky. The blaze of glory that will attend his return will be so great that not even the Pharisees will be able to miss it.” (Sproul,1999:326)

’Ηv τῇ ἡμέρᾳ αὐτοῦ, op die dag wat syne is, is duidelik ’n verwysing na die wederkoms wat hier genoem word om gelowiges teen misleiding te waarsku.

#### 8.2.9.1 Openbaringsdoelwit

- Die onmiskenbaarheid van die wederkoms word geopenbaar om gelowiges toe te rus teen valse wederkomsaankondigings (Luk. 17:24).

### 8.2.10 Lukas 17:26–30

... καὶ καθὼς ἐγένετο ἐν ταῖς ἡμέραις Νῶε, οὕτως ἔσται καὶ ἐν ταῖς **ἡμέραις** τοῦ υἱοῦ τοῦ ἀνθρώπου· **27** ἤσθιον, ἔπινον, ἐγάμουν, ἐγαμίζοντο, ἄχρι ἧς ἡμέρας εἰσῆλθεν Νῶε εἰς τὴν κιβωτὸν καὶ ἦλθεν ὁ κατακλυσμὸς καὶ ἀπώλεσεν πάντας. **28** ὁμοίως καθὼς ἐγένετο ἐν ταῖς ἡμέραις Λώτ· ἤσθιον, ἔπινον, ἠγόραζον, ἐπώλουν, ἐφύτευον, ᾠκοδόμουν· **29** ᾗ δὲ ἡμέρᾳ ἐξῆλθεν Λὼτ ἀπὸ Σοδόμων, ἔβρεξεν πῦρ καὶ θεῖον ἀπ’ οὐρανοῦ καὶ ἀπώλεσεν πάντας. **30** κατὰ τὰ αὐτὰ ἔσται ᾗ **ἡμέρᾳ** ὁ υἱὸς τοῦ ἀνθρώπου ἀποκαλύπτεται.

“‘Net soos in die dae van Noag gebeur het, so sal dit ook wees in die **dae** van die Seun van die Mens. **27** Hulle het geëet, gedrink, in die huwelik getree en in die huwelik uitgegee tot op die

dag dat Noag die ark binnegegaan en die vloed gekom en almal vernietig het. **28** Net so het dit ook in die dae van Lot gegaan — hulle het geëet, gedrink, gekoop, verkoop, geplant en gebou; **29** maar op die dag dat Lot uit Sodom weggetrek het, het daar vuur en swael uit die hemel gereën en almal vernietig. **30** Dit sal net so wees op die **dag** wanneer die Seun van die Mens geopenbaar word."

Aangesien ἀποκαλύπτω ook in 17:30 voorkom, is die Skrifgedeelte reeds behandel in 6.1.2.1.1. Ter wille van volledigheid, word die reeds geïdentifiseerde openbaringsdoelwit herhaal.

#### 8.2.10.1 Openbaringsdoelwit

- Die wederkoms word verkondig met die *telos* om te waarsku teen oorgerustheid en sodat mense gereed sal wees vir die wederkoms (Luk 17:26-30).

### 8.2.11 Lukas 17:31

... ἐν ἐκείνῃ τῇ **ἡμέρᾳ** ὃς ἔσται ἐπὶ τοῦ δώματος καὶ τὰ σκεύη αὐτοῦ ἐν τῇ οἰκίᾳ, μὴ καταβάτω ἆραι αὐτά, καὶ ὁ ἐν ἀγρῷ ὁμοίως μὴ ἐπιστρεψάτω εἰς τὰ ὀπίσω.

"Wie op daardie **dag** op sy dakstoep is, met sy besittings nog in die huis, moet nie ondertoe gaan om dit te gaan haal nie. Net so moet hulle wat op die landerye is, nie terugdraai na wat agter is nie."

Jesus is besig om as deel van die Profetiese Rede te waarsku teen oorgerustheid. Hy gee die opdrag dat daar nou al gereed gemaak moet word vir die dag van die wederkoms. Daar sal op daardie dag nie eens tyd wees om iets in die huis te gaan haal nie: "The basic point of the analogy is that there will be no time to prepare oneself when the Son of Man returns. It will be too late then." (Stein, 1992:438–439)

#### 8.2.11.1 Openbaringsdoelwit

- Die onverwagsheid en die skielikheid van die dag van die wederkoms word geopenbaar om mense aan te spoor om nou al vir die dag gereed te maak (Luk.17:31).

### 8.2.12 Lukas 21:34

Προσέχετε δὲ ἑαυτοῖς μήποτε βαρηθῶσιν ὑμῶν αἱ καρδίαι ἐν κραιπάλῃ καὶ μέθῃ καὶ μερίμναις βιωτικαῖς καὶ ἐπιστῇ ἐφ' ὑμᾶς αἰφνίδιος ἡ **ἡμέρα** ἐκείνη ...

"Wees op julle hoede dat julle harte nie belas word deur oormatige feesvierdery en dronkenskap en die bekommernisse van die lewe, en daardie **dag** julle onverwags betrap ..."

Jesus vertel die gelykenis van die vyeboom (21:29-31) om waaksaamheid te bevorder. Hy gee die opdrag om op jou hoede te wees en om sondige gewoontes soos onmatige etery en drinkery te vermy en om nie toe te laat dat die sorge van die lewe jou so afstomp dat daardie dag, die dag van die wederkoms, jou skielik oorval nie (Childress, 2006:188).

#### 8.2.12.1 Openbaringsdoelwit

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is om mense aan te moedig tot ŉ sober lewe en ŉ lewe wat nie opgaan in die daaglikse bekommernisse nie (Luk. 21:34).

### 8.2.13 Johannes 6:39–44

... τοῦτο δέ ἐστιν τὸ θέλημα τοῦ πέμψαντός με, ἵνα πᾶν ὃ δέδωκέν μοι μὴ ἀπολέσω ἐξ αὐτοῦ, ἀλλὰ ἀναστήσω αὐτὸ [ἐν] τῇ ἐσχάτῃ **ἡμέρᾳ**. **40** τοῦτο γάρ ἐστιν τὸ θέλημα τοῦ πατρός μου, ἵνα πᾶς ὁ θεωρῶν τὸν υἱὸν καὶ πιστεύων εἰς αὐτὸν ἔχῃ ζωὴν αἰώνιον, καὶ ἀναστήσω αὐτὸν ἐγὼ [ἐν] τῇ ἐσχάτῃ **ἡμέρᾳ. 41** Ἐγόγγυζον οὖν οἱ Ἰουδαῖοι περὶ αὐτοῦ ὅτι εἶπεν, Ἐγώ εἰμι ὁ ἄρτος ὁ καταβὰς ἐκ τοῦ οὐρανοῦ, **42** καὶ ἔλεγον, Οὐχ οὗτός ἐστιν Ἰησοῦς ὁ υἱὸς Ἰωσήφ, οὗ ἡμεῖς οἴδαμεν τὸν πατέρα καὶ τὴν μητέρα; πῶς νῦν λέγει ὅτι Ἐκ τοῦ οὐρανοῦ καταβέβηκα; **43** ἀπεκρίθη Ἰησοῦς καὶ εἶπεν αὐτοῖς, Μὴ γογγύζετε μετ' ἀλλήλων. **44** οὐδεὶς δύναται ἐλθεῖν πρός με ἐὰν μὴ ὁ πατὴρ ὁ πέμψας με ἑλκύσῃ αὐτόν, κἀγὼ ἀναστήσω αὐτὸν ἐν τῇ ἐσχάτῃ **ἡμέρᾳ**.

"'En dít is die wil van Hom wat My gestuur het: Dat Ek van almal wat Hy My gegee het, nie ŉ enkele een verlore sal laat gaan nie, maar hulle op die laaste **dag** sal opwek. **40** Want dít is die wil van my Vader: Dat elkeen wat die Seun sien en in Hom glo die ewige lewe sal hê, en Ek sal elkeen van hulle op die laaste **dag** laat opstaan.' **41** Toe het die Jode oor Hom gemor omdat Hy gesê het: 'Ek is die brood wat uit die hemel neergedaal het. **42** En hulle het gesê: 'Is hy nie Jesus, die seun van Josef, wie se vader en moeder ons ken nie? Hoe kan hy nou sê, 'Ek het uit die hemel neergedaal?' **43** Jesus het hulle geantwoord: 'Hou op om onder mekaar te mor. **44** Niemand kan na My kom as die Vader, wat My gestuur het, hom nie na My toe trek nie, en Ek sal hom op die laaste **dag** laat opstaan.'"

In vers 39, 40 en 44 word die dag van die wederkoms, wat ook die dag van die opstanding uit die dood is, die laaste dag genoem. Die wederkoms word geopenbaar as troos dat die gelowiges op daardie dag, die laaste dag, uit die dood opgewek sal word. Die opstanding uit die dood staan so vas en dit sal so seker plaasvind dat Jesus dit drie maal noem (Morris, 1995:329). Elke keer wanneer Jesus sê dat Hy die gelowiges sal opwek, word hulle op ŉ ander manier beskryf. In 6:39 word hulle beskryf as almal wat die Vader aan Hom gegee het. In 6:40 word hulle beskryf as almal wat die Seun sien en in Hom glo. In 6:44 word hulle beskryf as die wat die Vader na Hom, dit is Jesus, toe trek. Hiermee word die uitverkorenes verseker dat hulle

bewaar sal word tot aan die einde, totdat hulle uit die dood opgewek sal word en die ewige lewe sal ontvang (Hendriksen, 2002b:235).

#### 8.2.13.1 Openbaringsdoelwit

- Die wederkoms word geopenbaar as die dag van die opstanding uit die dood om aan die uitverkorenes die versekering te gee dat hulle tot aan die einde, totdat hulle opgewek is uit die dood, deur Jesus Christus bewaar sal word (Joh. 6:39-44).

### 8.2.14 Johannes 6:54

ὁ τρώγων μου τὴν σάρκα καὶ πίνων μου τὸ αἷμα ἔχει ζωὴν αἰώνιον, κἀγὼ ἀναστήσω αὐτὸν τῇ ἐσχάτῃ **ἡμέρᾳ.**

"'Wie my liggaam eet en my bloed drink, het die ewige lewe, en Ek sal hom op die laaste **dag** laat opstaan."

Op grond van die ooreenkomste met Johannes 6:40 kan daar met Carson (1991:297) saamgestem word dat om Jesus se liggaam te eet en sy bloed te drink beeldspraak is vir om waarlik in Jesus te glo. Jesus roep dus die mense op tot die ware geloof met die beeldspraak dat sy liggaam geëet en sy bloed gedrink moet word. Mense wat dit doen, sê Hy, sal Hy op die laaste dag uit die dood opwek. Weereens word die wederkoms die laaste dag genoem, wat ook die dag van opstanding uit die dood is. Die wederkoms word geopenbaar as motivering tot ware geloof en gee die troos van die opstanding uit die dood.

#### 8.2.14.1 Openbaringsdoelwitte

- Die doel van die openbaring van die wederkoms is om die kennis oor te dra dat dit ook die dag van die opstanding uit die dood is (Joh. 6:54).
- Die wederkoms as opstandingsdag word geopenbaar om gelowiges te troos (Joh. 6:54).
- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is om mense op te roep tot 'n ware geloof in Jesus Christus (Joh. 6:54).

### 8.2.15 Johannes 11:24

... λέγει αὐτῷ ἡ Μάρθα, Οἶδα ὅτι ἀναστήσεται ἐν τῇ ἀναστάσει ἐν τῇ ἐσχάτῃ **ἡμέρᾳ**.

"Martha sê toe vir Hom: 'Ek weet dat hy sal opstaan met die opstanding op die laaste **dag**.'"

Jesus is besig om vir Marta te troos oor die dood van haar broer, Lasarus. Hy sê aan haar dat haar broer uit die dood sal opstaan, bedoelende dat hy op dieselfde dag opgewek sal word (11:23, 44). Martha antwoord dat sy weet dat hy met die opstanding op die laaste dag uit die dood sal opstaan. Martha dink dus verkeerdelik dat Jesus na die opstanding op die laaste dag verwys (Morris, 1995:488).

Martha was duidelik bewus van Jesus se prediking oor die laaste dag, die dag van die wederkoms, as die dag van die opstanding uit die dood (Groenewald, 1980b:258). Hierdie prediking het dus vroeg reeds in die Christelike gemeenskap as troos gedien waar gelowiges getreur het oor die dood van geliefdes.

#### 8.2.15.1 Openbaringsdoelwit

- Die doel van die openbaring van die wederkoms as die laaste dag waarop gelowiges uit die dood sal opstaan, is om gelowiges wat oor die dood van geliefdes treur te troos (Joh. 6:24).

### 8.2.16 Johannes 12:48

... ὁ ἀθετῶν ἐμὲ καὶ μὴ λαμβάνων τὰ ῥήματά μου ἔχει τὸν κρίνοντα αὐτόν· ὁ λόγος ὃν ἐλάλησα ἐκεῖνος κρινεῖ αὐτὸν ἐν τῇ ἐσχάτῃ **ἡμέρᾳ**.

"'Wie My verwerp en nie my woorde aanneem nie, het iets wat hom veroordeel: die woord wat Ek gespreek het, dit sal hom op die laaste **dag** veroordeel."

Jesus is besig om te praat oor mense wat Hom en sy woorde verwerp. Jesus sê dat sy woorde wat Hy gesê het, naamlik die Evangelie, so iemand op die laaste dag sal veroordeel: "In the last day the judgment will be that the word of salvation came to that person and that person rejected it." (Morris, 1995:540) Die wederkoms, die laaste dag, sal dus ook 'n dag van veroordeling wees.

Calvyn (2010g:52) wys egter ook op die teendeel: "On the other hand, it yields to the godly an invaluable consolation, that to whatever extent they may be now condemned by the world, still they do not doubt that they are already acquitted in heaven; for, wherever the faith of the Gospel has its seat, the tribunal of God is erected to save." Die wederkoms, as dag van veroordeling, maar ook as dag van vryspraak van die gelowiges, word hier genoem as aanmoediging om Jesus en sy Evangelie nie te verwerp nie, maar aan te neem.

#### 8.2.16.1 Openbaringsdoelwit

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms as dag van veroordeling is aanmoediging om Jesus en sy Evangelie nie te verwerp nie, maar te aanvaar (Joh. 12:48).

- Die doel van die openbaring van die wederkoms as dag van veroordeling is indirek om gelowiges te troos dat hulle reeds in Christus vryspraak ontvang het (Joh. 12:48).

### 8.2.17 Handelinge 2:20

... ὁ ἥλιος μεταστραφήσεται εἰς σκότος καὶ ἡ σελήνη εἰς αἷμα, πρὶν ἐλθεῖν **ἡμέραν** κυρίου τὴν μεγάλην καὶ ἐπιφανῆ.

"Die son sal verander in duisternis en die maan in bloed voordat die groot, stralende **dag** van die Here kom."

Petrus is besig met sy prediking op Pinksterdag (2:1, 14). Hy haal aan uit die profeet Joël waar geprofeteer word dat God sy Gees op alle gelowiges gaan uitgiet (2:16) (Bruce, 1988:61). Petrus haal ook vir Joël aan oor die kosmiese tekens waarvan hy geprofeteer het en hy maak dit van toepassing op die wederkoms, wat hy ἡμέραν κυρίου τὴν μεγάλην καὶ ἐπιφανῆ noem. "These phenomena are now interpreted as harbingers of the advent of the day of the Lord—a day of judgment, to be sure, but more immediately the day of God's salvation to all who invoked his name." (Bruce, 1988:62) In vers 21 gee Petrus die troos dat elkeen wat die Naam van die Here aanroep, gered sal word. Die wederkoms word derhalwe hier genoem om die perspektief te gee dat daar ŉ einde aan alles sal wees en as aanmoediging tot bekering.

#### 8.2.17.1 Openbaringsdoelwit

- Die wederkoms word geopenbaar as die groot en stralende dag van die Here, wat deur kosmiese tekens voorafgegaan sal word, as aanmoediging om die Naam van die Here tot verlossing aan te roep (Hand. 2:20).

### 8.2.18 Handelinge 17:31

... καθότι ἔστησεν **ἡμέραν** ἐν ᾗ μέλλει κρίνειν τὴν οἰκουμένην ἐν δικαιοσύνῃ ἐν ἀνδρὶ ᾧ ὥρισεν, πίστιν παρασχὼν πᾶσιν ἀναστήσας αὐτὸν ἐκ νεκρῶν.

"'Want Hy het ŉ **dag** bepaal waarop Hy die wêreld in regverdigheid gaan oordeel deur ŉ Man wat Hy daarvoor aangewys het. En Hy het dit aan almal bevestig deur Hom uit die dood te laat opstaan.'"

Paulus preek oor die onbekende god in Atene (17:22, 23). Hy roep alle mense op tot bekering (17:30) en noem dan as motivering dat daar 'n bepaalde oordeelsdag sal kom waar die Regter die Man (Jesus) sal wees wat uit die dood opgestaan het (Polhill, 1992:377). Die wederkoms (dag van beoordeling) word verkondig as oproep tot bekering, selfs op die sendingveld waar mense vir die eerste keer van Jesus hoor.

#### 8.2.18.1 Openbaringsdoelwit

- Die wederkoms (spesiaal aangewysde dag van beoordeling) word verkondig as oproep tot bekering, selfs op die sendingveld waar mense vir die eerste keer van Jesus hoor (Hand. 17:31).

### 8.2.19 Romeine 2:5

... κατὰ δὲ τὴν σκληρότητά σου καὶ ἀμετανόητον καρδίαν θησαυρίζεις σεαυτῷ ὀργὴν ἐν **ἡμέρᾳ** ὀργῆς καὶ ἀποκαλύψεως δικαιοκρισίας τοῦ θεοῦ ...

"Deur jou hardkoppigheid en onbekeerlike hart is jy besig om toorn teen jouself op te stapel op die **dag** van toorn wanneer die regverdige oordeel van God geopenbaar sal word."

Paulus vermaan mense wat ander oordeel (2:1) en hy verkondig dat God deur sy goedheid mense tot bekering wil lei (2:4). Hy vermaan die wat hulle harte verhard en sê dat hulle besig is om straf op te gaar vir die oordeelsdag (Kruse, 2012:122). Die dag word die dag van toorn en die openbaring van die geregtigheid van God genoem. Die wederkoms, die dag van toorn en die openbaring van die geregtigheid van God, word geopenbaar as oproep tot bekering.

#### 8.2.19.1 Openbaringsdoelwit

Die wederkoms, die dag van toorn en die openbaring van die geregtigheid van God, word geopenbaar as oproep tot bekering (Rom. 2:5).

### 8.2.20 Romeine 2:16

... ἐν **ἡμέρᾳ** ὅτε κρίνει ὁ θεὸς τὰ κρυπτὰ τῶν ἀνθρώπων κατὰ τὸ εὐαγγέλιόν μου διὰ Χριστοῦ Ἰησοῦ.

" ... op die **dag** wanneer God die verborge dinge van die mens, volgens my evangelie, deur Christus Jesus sal oordeel."

Paulus verkondig dat die eis van die wet in alle mense se harte geskryf staan (2:15). Dit sal aan die lig kom op die dag van die wederkoms, die dag van beoordeling, wanneer Jesus Christus die mense sal beoordeel, soos wat die Evangelie ook sê. Die Evangelie sluit immers nie die

gedagte van oordeel uit nie, maar vereis dit (Morris, 1988:129). Die wederkoms word daarom hier verkondig as die dag van oordeel om mense tot bekering op te roep.

#### 8.2.20.1 Openbaringsdoelwit

- Die wederkoms word geopenbaar as die dag waarop Jesus Christus mense gaan beoordeel, soos wat die Evangelie verkondig, sodat mense hulle tot Hom sal bekeer (Rom. 2:16).

### 8.2.21 1 Korintiërs 1:8

... ὃς καὶ βεβαιώσει ὑμᾶς ἕως τέλους ἀνεγκλήτους ἐν τῇ **ἡμέρᾳ** τοῦ κυρίου ἡμῶν Ἰησοῦ [Χριστοῦ].

“Hy sal julle ook tot aan die einde standvastig maak sodat julle sonder blaam sal wees op die **dag** van ons Here Jesus Christus.”

In vers 7 beskryf Paulus die Korintiërs as mense wat vol verwagting uitsien na die wederkoms van ons Here Jesus Christus. Hy bemoedig hulle in 1:8 met die gedagte dat God hulle standvastig sal maak in die geloof, sodat hulle geheel en al vrygespreek sal word op die dag van ons Here Jesus Christus se wederkoms (Ciampa & Rosner, 2010:67). Die volharding van die gelowiges is dus die vrug van God se werk in hulle en die vrug sal duidelik blyk op die dag van die wederkoms.

#### 8.2.21.1 Openbaringsdoelwit

- Die wederkoms word verkondig as die dag van vryspraak van die gelowiges as die gevolg van God se werk in hulle (1 Kor. 1:8).

### 8.2.22 1 Korintiërs 3:13

... ἑκάστου τὸ ἔργον φανερὸν γενήσεται, ἡ γὰρ **ἡμέρα** δηλώσει, ὅτι ἐν πυρὶ ἀποκαλύπτεται· καὶ ἑκάστου τὸ ἔργον ὁποῖόν ἐστιν τὸ πῦρ [αὐτὸ] δοκιμάσει.

“ ... elkeen se werk sal duidelik word, want dié **dag** sal dit aan die lig bring. Deur vuur sal dit geopenbaar word en die vuur sal die gehalte van elkeen se werk op die proef stel.”

Paulus vermaan mense wat verskillende leraars teenoor mekaar afspeel (3:4). Hy wys daarop dat hy die fondament gelê het en dat Jesus Christus die fondament is (3:11). Elkeen wat verder daarop bou moet mooi oplet hoe hy bou (3:10). Die dag van die wederkoms sal die aard van die bouwerk openbaar omdat dit deur vuur getoets sal word (Groenewald, 1980a:53). Die

wederkoms word dus hier genoem om Woordverkondigers aan te spoor tot suiwer Woordverkondiging (Barnett, 2000:55).

**8.2.22.1 Openbaringsdoelwit**

- Die dag van die wederkoms word geopenbaar as die dag waarop die aard van die werk van bedienaars van die Woord aan die lig sal kom, sodat hulle nougeset sal let op die suiwerheid van hulle prediking (1 Kor. 3:13).

**8.2.23 1 Korintiërs 5:5**

... παραδοῦναι τὸν τοιοῦτον τῷ Σατανᾷ εἰς ὄλεθρον τῆς σαρκός, ἵνα τὸ πνεῦμα σωθῇ ἐν τῇ **ἡμέρᾳ** τοῦ κυρίου.

" ... só 'n mens aan Satan oorgee om sy sondige aard te vernietig, sodat sy gees op die **dag** van die Here verlos mag word."

Paulus vermaan die Korintiërs oor onsedelikheid wat onder hulle voorkom (5:1) en omdat hulle nie tug toepas nie (5:2). Paulus sê dat hy klaar besluit het om die betrokke man aan die Satan oor te gee. So sou sy sondige aard vernietig word, sodat sy gees gered kan word ἐν τῇ ἡμέρᾳ τοῦ κυρίου. Die wederkoms word dus hier verkondig om tugtoepassing aan te moedig, wat tot verlossing kan lei op die dag van die Here (Groenewald, 1980a:68).

**8.2.23.1 Openbaringsdoelwit**

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is dat tug toegepas sal word wat tot verlossing kan lei op die dag van die Here (1 Kor. 5:5).

**8.2.24 2 Korintiërs 1:14**

... καθὼς καὶ ἐπέγνωτε ἡμᾶς ἀπὸ μέρους, ὅτι καύχημα ὑμῶν ἐσμεν καθάπερ καὶ ὑμεῖς ἡμῶν ἐν τῇ **ἡμέρᾳ** τοῦ κυρίου [ἡμῶν] Ἰησοῦ.

" ... soos julle ons ook ten dele verstaan het — dat óns julle roem op die **dag** van ons Here Jesus sal wees, net soos júlle ook ons s'n sal wees."

Paulus verwys na die Korintiërs se verstaan van sy briewe (1:13) (Garland, 1999:92). Volgens hom verstaan hulle sy briewe aan hulle en sy motiewe maar gedeeltelik. Op die dag van die Here, die dag van die wederkoms, sal alle misverstande tussen verkondiger en gemeente egter uit die weg geruim word en sal die gemeente die roem van die prediker wees en die prediker die roem van die gemeente (Naylor, 2002:72). Die wederkoms word geopenbaar as troos dat

gedeeltelike begrip van die Woord en Woordverkondigers dan beëindig sal word en onenigheid tussen Woordverkondigers en gemeentes deur wedersydse roem vervang sal word.

#### 8.2.24.1 Openbaringsdoelwit

- Die wederkoms word geopenbaar as troos dat gedeeltelike begrip van die Woord en Woordverkondigers dan beëindig sal word en onenigheid tussen Woordverkondigers en gemeentes deur wedersydse roem vervang sal word (2 Kor. 1:14).

### 8.2.25 Filippense 1:6

... πεποιθὼς αὐτὸ τοῦτο, ὅτι ὁ ἐναρξάμενος ἐν ὑμῖν ἔργον ἀγαθὸν ἐπιτελέσει ἄχρι **ἡμέρας** Χριστοῦ Ἰησοῦ·

"... oortuig daarvan dat Hy wat 'n goeie werk onder julle begin het, dit sal voltooi tot op die **dag** van Christus Jesus."

In die inleiding van sy brief skryf Paulus dat Hy God dank vir wat Hy onder die Filippense tot stand gebring het. Een van die redes vir sy danksegging is dat hy daarvan oortuig is dat God die werk wat Hy onder hulle begin het, op die dag van die wederkoms sal voltooi (Calvyn, 2010c:26). Hierdeur word die Filippense aangemoedig om te volhard in geloofsgroei en geloofsekerheid (Melick, 1991:58).

#### 8.2.25.1 Openbaringsdoelwit

- Die doel van die openbaring van die wederkoms is om gelowiges te verseker dat God die werk wat Hy in hulle begin het op dié dag sal voltooi (Filip. 1:6).

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is dat gelowiges aangemoedig word om te volhard in geloofsgroei en geloofsekerheid (Filip. 1:6).

### 8.2.26 Filippense 1:10

... εἰς τὸ δοκιμάζειν ὑμᾶς τὰ διαφέροντα, ἵνα ἦτε εἰλικρινεῖς καὶ ἀπρόσκοποι εἰς **ἡμέραν** Χριστοῦ, ...

" ... om die dinge wat saak maak te kan onderskei. Die doel hiervan is dat julle op die **dag** van Christus innerlik suiwer en onberispelik sal wees, ..."

In vers 9 en 10 bid Paulus dat die Filippense se liefde sal toeneem in begrip en fyn aanvoeling, sodat hulle die dinge wat saak maak, kan onderskei. Dan sal hulle op die dag van die wederkoms onberispelik en sonder blaam wees. Hulle sal ook vol wees van die vrug van

geregtigheid tot lof en eer van God (1:11). Die wederkoms word derhalwe in hierdie geval genoem as aansporing tot onderskeidingsvermoë wat tot ŉ innerlik heilige lewe sonder sonde lei. So ŉ lewe sal met die vryspraak in Christus beloon word (Ellsworth, 2004:21).

#### 8.2.26.1 Openbaringsdoelwit

- Die doel van die openbaring van die wederkoms is aansporing tot onderskeidingsvermoë wat tot ŉ innerlik heilige lewe sonder sonde lei (Filip. 1:10).

### 8.2.27 Filippense 2:16

... λόγον ζωῆς ἐπέχοντες, εἰς καύχημα ἐμοὶ εἰς **ἡμέραν** Χριστοῦ, ὅτι οὐκ εἰς κενὸν ἔδραμον οὐδὲ εἰς κενὸν ἐκοπίασα.

"... terwyl julle vashou aan die woord van die lewe. Op hierdie manier sal julle op die **dag** van Christus my trots wees, sodat ek nie vergeefs gehardloop of my vergeefs ingespan het nie."

Paulus moedig die Filippense aan om as ligdraers op te tree in die wêreld (2:15), terwyl hulle aan die Woord van die lewe vashou. Dit sal vir hom tot roem wees op die dag van Christus se wederkoms dat hy nie tevergeefs gearbei het nie. Die wederkoms word hier geopenbaar om gelowiges aan te moedig om ligdraers te wees en om aan die Woord vas te hou. Evangelieverkondigers word deur die wederkoms, die dag van Christus wat kom, bemoedig, aangesien dit dán duidelik sal word dat hulle nie tevergeefs gearbei het nie (Melick, 1991:113).

#### 8.2.27.1 Openbaringsdoelwitte

- Die wederkoms word geopenbaar om gelowiges aan te moedig om ligdraers te wees en om aan die Woord vas te hou (Filip. 2:16).
- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is om Evangelieverkondigers te bemoedig, aangesien dit dán duidelik sal blyk dat hulle nie tevergeefs gearbei het nie (Filip. 2:16).

### 8.2.28 1 Tessalonisense 5:2-4

... αὐτοὶ γὰρ ἀκριβῶς οἴδατε ὅτι **ἡμέρα** κυρίου ὡς κλέπτης ἐν νυκτὶ οὕτως ἔρχεται. **3** ὅταν λέγωσιν, Εἰρήνη καὶ ἀσφάλεια, τότε αἰφνίδιος αὐτοῖς ἐφίσταται ὄλεθρος ὥσπερ ἡ ὠδὶν τῇ ἐν γαστρὶ ἐχούσῃ, καὶ οὐ μὴ ἐκφύγωσιν. **4** ὑμεῖς δέ, ἀδελφοί, οὐκ ἐστὲ ἐν σκότει, ἵνα ἡ **ἡμέρα** ὑμᾶς ὡς κλέπτης καταλάβῃ·

"... want julle weet self baie goed dat die **dag** van die Here soos ŉ dief in die nag kom. **3** Wanneer hulle sê, 'Daar is vrede en veiligheid,' kom vernietiging skielik oor hulle, soos

geboortepyne ŉ swanger vrou oorval, en hulle sal beslis nie ontkom nie. **4** Maar julle, broers, is nie in die duisternis nie, sodat dié **dag** julle nie soos ŉ dief sal oorval nie."

Volgens Paulus is dit nie vir hom nodig om oor die tyd van die wederkoms aan die Tessalonisense te skryf nie (5:1). Hulle weet goed dat die dag van die Here so onverwags kom soos ŉ dief in die nag (5:2). Hy waarsku teen oorgerustheid (5:3) en sê dat hy seker is daarvan dat die dag hulle nie soos ŉ dief sal oorval nie, omdat hulle nie in die duister is nie. Die wederkoms word hier verkondig om te waarsku teen oorgerustheid, maar ook as troos dat gelowiges daarvoor gereed sal wees (Morris, 1984:95).

**8.2.28.1 Openbaringsdoelwitte**

- Die doel van die openbaring van die wederkoms is om teen oorgerustheid te waarsku, aangesien die wederkoms onverwags sal kom (1 Tes. 5:2-4).
- Die wederkoms en die feit dat gelowiges daarvoor gereed sal wees, word geopenbaar om gelowiges te troos dat hulle nie onverhoeds deur die dag betrap sal word nie (1 Tes. 5:2-4).

**8.2.29 2 Tessalonisense 1:10**

... ὅταν ἔλθῃ ἐνδοξασθῆναι ἐν τοῖς ἁγίοις αὐτοῦ καὶ θαυμασθῆναι ἐν πᾶσιν τοῖς πιστεύσασιν, ὅτι ἐπιστεύθη τὸ μαρτύριον ἡμῶν ἐφ' ὑμᾶς, ἐν τῇ **ἡμέρᾳ** ἐκείνῃ.

"Dit sal gebeur op daardie **dag** wanneer Hy kom om deur sy heiliges verheerlik te word, ja, om deur alle gelowiges bewonder te word; omdat ons getuienis teenoor julle geglo is."

Paulus bemoedig die vervolgde Tessalonisense met die feit dat Jesus weer gaan kom om die ongelowiges te veroordeel (1:6-9). Dit sal gebeur op die dag wanneer die Here kom om verheerlik te word deur die wat aan Hom behoort (Martin, 1995:214). Paulus verseker die Tessalonisense dat hulle dit ook sal beleef, omdat hulle die getuienis wat Paulus-hulle aan hulle gelewer het, glo. Die wederkoms word geopenbaar sodat gelowiges, wat vervolg word, sal volhard in die geloof en sodat hulle versterk kan word in hulle geloofsekerheid. Die gelowiges kan ook uitsien na die dag, omdat hulle nie dan veroordeel sal word nie, maar die Here sal verheerlik en bewonder (Green, 2002:294).

**8.2.29.1 Openbaringsdoelwitte**

- Die wederkoms word geopenbaar sodat gelowiges wat vervolg word, sal volhard in die geloof en sodat hulle versterk kan word in hulle geloofsekerheid (2 Tes. 1:10).

- Die wederkoms word geopenbaar as ŉ dag om na uit te sien vir gelowiges, omdat hulle nie dan veroordeel sal word nie, maar die Here sal verheerlik en bewonder (2 Tes. 1:10).

#### 8.2.30 2 Tessalonisense 2:2

... εἰς τὸ μὴ ταχέως σαλευθῆναι ὑμᾶς ἀπὸ τοῦ νοὸς μηδὲ θροεῖσθαι, μήτε διὰ πνεύματος μήτε διὰ λόγου μήτε δι' ἐπιστολῆς ὡς δι' ἡμῶν, ὡς ὅτι ἐνέστηκεν ἡ **ἡμέρα** τοῦ κυρίου·

"... om nie skielik kop te verloor en verontrus te word deur ŉ geestesuitspraak of ŉ woord of ŉ brief wat skynbaar van ons af sou kom en waarvolgens die **dag** van die Here reeds aangebreek het nie."

Aangesien Paulus ook die begrip παρουσία, saam met ἡ ἡμέρα τοῦ κυρίου, gebruik (2:1-2), is die Skrifgedeelte reeds behandel (vgl. 4.6.2). Ter wille van volledigheid word die openbaringsdoelwitte wat reeds geïdentifiseer is, herhaal.

##### 8.2.30.1 Openbaringsdoelwitte

- Die ware toedrag van sake rakende die wederkoms word verkondig om kennis van die waarheid oor te dra, dit wil sê as *kerugma* (2 Tes. 2:2).

- Die ware toedrag van sake rakende die wederkoms word verkondig om rustigheid en kalmte te bewerk (2 Tes. 2:2).

- Die ware toedrag van sake rakende die wederkoms word verkondig om dwaalleer te weerlê (2 Tes. 2:2).

- Die ware toedrag van sake rakende die wederkoms word verkondig sodat mense sal weet dat die wederkoms nog nie plaasgevind het nie (2 Tes. 2:2).

- Die ware toedrag van sake rakende die wederkoms word op so manier verkondig dat mense sal weet dat die begrippe παρουσία en ἡ ἡμέρα τοῦ κυρίου na dieselfde gebeurtenis verwys, naamlik die wederkoms van die Here Jesus Christus (2 Tes. 2:2).

#### 8.2.31 2 Timoteus 1:12

... δι' ἣν αἰτίαν καὶ ταῦτα πάσχω· ἀλλ' οὐκ ἐπαισχύνομαι, οἶδα γὰρ ᾧ πεπίστευκα καὶ πέπεισμαι ὅτι δυνατός ἐστιν τὴν παραθήκην μου φυλάξαι εἰς ἐκείνην τὴν **ἡμέραν**.

"Daarom ly ek ook hierdie dinge, maar ek skaam my nie, want ek weet in wie ek nog altyd my vertroue stel en ek is oortuig dat Hy magtig is om die kleinood wat aan my toevertrou is, tot op daardie **dag** te bewaar."

Paulus leer vir Timoteus wat vir hom die motivering is waarom hy bereid is om te ly vir die Evangelie. Hy verwys daarna dat hy deur God self aangestel is vir die taak (1:11). Hy verwys egter ook na die wederkoms (Lea & Griffen, 1992:195). Paulus skryf dat lyding vir die Evangelie hom nie afskrik nie, omdat hy weet dat God almagtig is en daarom ook die Evangelie wat deur Paulus verkondig word, in stand kan hou tot op die dag van die wederkoms. Paulus self getuig dus daarvan dat die wete van die wederkoms hom versterk, soveel so dat hy bereid is om te ly vir die Evangelie en om dit volhardend te verkondig.

#### 8.2.31.1 Openbaringsdoelwit

- Die doel van die openbaring van die wederkoms is dat Evangelieverkondigers so daardeur bemoedig word dat hulle selfs bereid sal wees om vir die Evangelie te ly (2 Tim. 1:12).

### 8.2.32 2 Timoteus 1:18

... δῴη αὐτῷ ὁ κύριος εὑρεῖν ἔλεος παρὰ κυρίου ἐν ἐκείνῃ τῇ **ἡμέρᾳ**. καὶ ὅσα ἐν Ἐφέσῳ διηκόνησεν, βέλτιον σὺ γινώσκεις.

“Mag die Here gee dat hy op daardie **dag** barmhartigheid by Hom vind. Jy weet tog baie goed hoeveel diens hy in Efese aan my bewys het.”

Onesiforus het hom nie geskaam vir Paulus se boeie nie en hom tydens sy gevangenisskap bygestaan (1:16-17). Paulus spreek die wens uit dat Onesiforus barmhartigheid sal ontvang op die dag van die wederkoms (Lea & Griffin, 1992:199) Die wederkoms word hier genoem as die dag waarop gelowiges ŉ genadeloon sal ontvang vir hulle dienswerk en is daarom ŉ aansporing om in die algemeen mense in nood by te staan, en in besonder om verkondigers wat vir die Evangelie ly te ondersteun.

#### 8.2.32.1 Openbaringsdoelwitte

- Die wederkoms word geopenbaar as die dag waarop gelowiges ŉ genadeloon sal ontvang vir hulle dienswerk, as *kerugma* (2 Tim. 1:18).

- Die doel van die openbaring van die wederkoms as die dag waarop gelowiges ŉ genadeloon sal ontvang vir hulle dienswerk, is om gelowiges aan te spoor om in die algemeen mense in nood by te staan, en in die besonder om verkondigers wat vir die Evangelie ly, te ondersteun (2 Tim. 1:18).

**8.2.33 2 Timoteus 4:8**

... λοιπὸν ἀπόκειταί μοι ὁ τῆς δικαιοσύνης στέφανος, ὃν ἀποδώσει μοι ὁ κύριος ἐν ἐκείνῃ τῇ **ἡμέρᾳ**, ὁ δίκαιος κριτής, οὐ μόνον δὲ ἐμοὶ ἀλλὰ καὶ πᾶσι τοῖς ἠγαπηκόσι τὴν ἐπιφάνειαν αὐτοῦ.

"Nou wag die oorwinningskrans van geregtigheid op my, wat die Here, die regverdige Regter, op daardie **dag** vir my sal gee — en nie net vir my nie, maar ook vir almal wat na sy koms uitsien."

Die vers bevat ŉ dubbele verwysing na die wederkoms, naamlik "τῇ ἡμέρᾳ" en "τὴν ἐπιφάνειαν αὐτοῦ". Aangesien die tweede deel van die vers reeds behandel is in die hoofstuk wat fokus op die *telos* van die openbaring van die wederkoms aan die hand van ἐπιφάνεια (vgl. 6.2.2.4), val die klem nou op die eerste deel van die vers.

Paulus is besig om aan die einde van sy lewe sy bediening in oënskou te neem (4:7) en hy troos homself, en natuurlik alle getroue gelowiges, met die feit dat die ewige lewe wag (Hendriksen, 2002d:316-317). Op die dag van die wederkoms sal die Here die ewige lewe in die volheid daarvan aan sy getroue dienaars skenk as oorwinningskrans van geregtigheid, met ander woorde as genadeloon op grond van Jesus Christus se soenverdienste.

**8.2.33.1 Openbaringsdoelwit**

- Die dag van die wederkoms word geopenbaar as die dag waarop die Here die volheid van die ewige lewe aan sy getroue dienaars sal skenk as oorwinningskrans van geregtigheid, met ander woorde as genadeloon op grond van Jesus Christus se soenverdienste (2 Tim. 4:8).

**8.2.34 Hebreërs 10:25**

... μὴ ἐγκαταλείποντες τὴν ἐπισυναγωγὴν ἑαυτῶν, καθὼς ἔθος τισίν, ἀλλὰ παρακαλοῦντες, καὶ τοσούτῳ μᾶλλον ὅσῳ βλέπετε ἐγγίζουσαν τὴν **ἡμέραν.**

" ... sonder om ons eie samekoms te verwaarloos, soos sommige se gewoonte is; laat ons eerder mekaar aanmoedig, soveel te meer nog namate julle dié **dag** sien nader kom!"

Hebreërs 10:19-25 vorm ŉ eenheid en kan beskryf word as ŉ dubbele beweegrede (10:19 en 10:21) wat gevolg word deur drie aansporings (10:22, 10:23 en 10:24-25a), wat versterk word deur ŉ enkele motivering, καὶ τοσούτῳ μᾶλλον ὅσῳ βλέπετε ἐγγίζουσαν τὴν ἡμέραν (10:25b) (Van Rhyn, 1985:16, 17).

Die dubbele beweegrede is dat gelowiges vrye toegang tot die heiligdom het (10:19) en dat gelowiges ŉ groot Priester het (10:21).

Die drie aansporings is:

- Laat ons daarom ingaan met ŉ opregte hart, in volle **geloof**sekerheid ... (10:22)
- Laat ons styf vashou aan die belydenis van wat ons **hoop** ... (10:23)
- Laat ons ons ook daarop toelê om mekaar aan te spoor tot **liefde** en goeie dade, sonder om ons eie samekoms te verwaarloos ... (10:24-25a)

Die trilogie van geloof, hoop en liefde blyk duidelik uit die beklemtoning.

Die motivering is: soveel te meer nog namate julle dié dag sien nader kom! (10:25b). "Die dag" is ŉ verwysing na die dag van die wederkoms (Bruce, 1990:259; Van Rhyn, 1985:34).

Die wederkoms wat nader kom, word gebruik as motivering vir al drie die aansporings (Van Rhyn, 1985:36). Die *telos* van die openbaring van die wederkoms word soos volg deur Van Rhyn (1985:36) verwoord: "Die verwagting van die oordeelsdag, wat ŉ heilryke dag vir die gelowiges is, word gebruik om die gelowiges tot groter daadkrag in geloof, hoop en liefde aan te spoor."

Die derde aansporing, die aansporing tot liefde en goeie dade, word in 10:25 in die praktyk soos volg toegepas: Gelowiges moenie wegbly van die gemeentelike samekomste nie en hulle moet mekaar aanmoedig om dit by te woon; dít des te meer namate hulle die dag van die wederkoms sien nader kom (Van Rhyn, 1985:33).

#### 8.2.34.1 Openbaringsdoelwitte

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is om gelowiges tot groter daadkrag in geloof, hoop en liefde aan te spoor (Heb. 10:25).
- Die doel van die openbaring van die wederkoms is dat gelowiges nie moet wegbly van die gemeentelike samekomste nie en dat hulle mekaar sal aanmoedig om dit by te woon namate hulle die dag van die wederkoms sien nader kom (Heb. 10:25).

### 8.2.35 Jakobus 5:5

... ἐτρυφήσατε ἐπὶ τῆς γῆς καὶ ἐσπαταλήσατε, ἐθρέψατε τὰς καρδίας ὑμῶν ἐν **ἡμέρᾳ** σφαγῆς, ...

“Julle het op aarde weelderig en losbandig gelewe. Julle het julle harte vet gevoer vir die **slagdag**.”

Jakobus vermaan rykaards (5:1) wat ander uitbuit (5:4). Hulle lewe in oorvloed, en dit terwyl die dag van slagting reeds daar is. Die dag van slagting, waarna verwys word, is die oordeelsdag (Floor, 1992:164), wat saamval met die dag van die wederkoms. Soos slagvee wat lekker lewe en nie besef dat hulle gereedgemaak word om geslag te word nie, so het die rykes wat armes uitbuit nie besef dat hulle die wederkoms as slagdag tegemoetgaan nie (Floor, 1992:164). Die wederkoms as oordeelsdag word geopenbaar as aansporing vir rykaards, wat ander uitbuit, om hulle te bekeer.

#### 8.2.35.1 Openbaringsdoelwit

- Die wederkoms as oordeelsdag word geopenbaar as aansporing vir rykaards, wat ander uitbuit, om hulle te bekeer (Jak. 5:5).

### 8.2.36 1 Petrus 2:12

... τὴν ἀναστροφὴν ὑμῶν ἐν τοῖς ἔθνεσιν ἔχοντες καλήν, ἵνα, ἐν ᾧ καταλαλοῦσιν ὑμῶν ὡς κακοποιῶν ἐκ τῶν καλῶν ἔργων ἐποπτεύοντες δοξάσωσιν τὸν θεὸν ἐν **ἡμέρᾳ** ἐπισκοπῆς.

“Gedra julle goed onder die heidene, sodat hulle, wanneer hulle julle beswadder asof julle misdadigers is, God op die **dag** van rekenskap kan verheerlik omdat hulle julle goeie dade gesien het.”

Petrus moedig die gelowiges aan om hulle altyd goed te gedra onder die heidene, selfs al praat die heidene kwaad van hulle. Die gelowiges se goeie voorbeeld kan so ŉ invloed hê dat die heidene tot geloof kom en God sal verheerlik op die dag van besoeking, wat ŉ verwysing na die wederkoms is (Groenewald, 1977:44-45).

#### 8.2.36.1 Openbaringsdoelwit

- Die wederkoms word geopenbaar as aanmoediging aan gelowiges om so te leef dat heidene tot geloof kan kom en God verheerlik kan word op die dag van die wederkoms (1 Pet. 2:12).

### 8.2.37 2 Petrus 1:19

καὶ ἔχομεν βεβαιότερον τὸν προφητικὸν λόγον, ᾧ καλῶς ποιεῖτε προσέχοντες ὡς λύχνῳ φαίνοντι ἐν αὐχμηρῷ τόπῳ, ἕως οὗ **ἡμέρα** διαυγάσῃ καὶ φωσφόρος ἀνατείλῃ ἐν ταῖς καρδίαις ὑμῶν, ...

“En daarom beskik ons oor die profetiese woord, wat nog vaster staan. Julle doen die regte ding as julle daarop fokus soos op ŉ lamp wat in ŉ donker plek skyn, totdat die **dag** aanbreek en die môrester opgaan in julle harte.”

2 Petrus 1:19 vorm deel van die perikoop 1:16-21, wat reeds behandel is, aangesien die begrip παρουσία ook in die perikoop voorkom (vgl. 5.2.1). Ter wille van volledigheid word slegs die openbaringsdoelwit, wat reeds geïdentifiseer is en wat spesifiek aan 1:19 verbind kan word, herhaal.

**8.2.37.1 Openbaringsdoelwit**

- Die wederkoms word verkondig, sodat gelowiges op die Skrif sal fokus en om hulle aan te moedig om daarmee te volhard tot met die wederkoms, sonder om op hulle eie uitleg te vertrou en deur te bly vashou aan die inspirasie van die Skrif deur die Heilige Gees (2 Pet. 1:19).

**8.2.38 2 Petrus 2:9**

... οἶδεν κύριος εὐσεβεῖς ἐκ πειρασμοῦ ῥύεσθαι, ἀδίκους δὲ εἰς **ἡμέραν** κρίσεως κολαζομένους τηρεῖν, ...

“... dan weet die Here tog baie goed om daardie mense wat ŉ toegewyde lewe lei, uit versoeking te red, maar ook om die onregverdiges tot op die **dag** van oordeel gevange te hou sodat hulle gestraf kan word ...”

Petrus verwys na God se veroordeling van sondaars in die verlede (2:4-6). Petrus verwys egter ook na hoe God gelowiges, soos Lot, gered het (2:7-8). Met verwysing na Lot (2:7) skryf Petrus dat die Here dus weet om die wat Hom dien uit versoeking te red, maar om die goddeloses te straf en vir die oordeelsdag gevange te hou (2:9): “ ... hulle sal hulle straf nie ontvlug nie.” (Groenewald, 1977:128) Uit 2:10 blyk dit dat veral die wat toegee aan vleeslike begeertes en die gesag van die Here verag, op die dag van oordeel gestraf sal word (Schreiner, 2003:345).

**8.2.38.1 Openbaringsdoelwitte**

- Die wederkoms (oordeelsdag) word geopenbaar om gelowiges te bemoedig wat deur die goddelose leefwyse van ander gefolter word. Die ongelowiges sal veroordeel en die gelowiges verlos word (2 Pet. 2:9).

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is om die wat vleeslike begeertes najaag en die gesag van die Here verag op te roep tot bekering (2 Pet. 2:9).

### 8.2.39 2 Petrus 3:7

... οἱ δὲ νῦν οὐρανοὶ καὶ ἡ γῆ τῷ αὐτῷ λόγῳ τεθησαυρισμένοι εἰσὶν πυρὶ τηρούμενοι εἰς **ἡμέραν** κρίσεως καὶ ἀπωλείας τῶν ἀσεβῶν ἀνθρώπων.

"... maar die huidige hemele en die aarde word deur dieselfde woord vir vuur opsy gesit; dit word bewaar vir die **oordeelsdag** en die vernietiging van die goddelose mense."

2 Petrus 3:7 vorm deel van die perikoop 3:1-13 wat reeds volledig behandel is (vgl. 5.3.1.3). Ter wille van volledigheid word slegs die openbaringsdoelwitte wat reeds geïdentifiseer is en wat aan 3:7 verbind kan word, herhaal.

#### 8.2.39.1 Openbaringsdoelwitte

- Die oordeel en die vernietiging van goddelose mense, wat met die wederkoms gepaard sal gaan, word verkondig om gelowiges sekerheid te gee en te bemoedig (2 Pet. 3:7).
- Dit word geopenbaar dat die dag van die wederkoms ook die oordeelsdag sal wees. Die *telos* is duidelik: Sodat ongelowiges hulle sal bekeer en dat gelowiges bemoedig sal word (2 Pet. 3:7).

### 8.2.40 2 Petrus 3:10

Ἥξει δὲ **ἡμέρα** κυρίου ὡς κλέπτης, ἐν ᾗ οἱ οὐρανοὶ ῥοιζηδὸν παρελεύσονται στοιχεῖα δὲ καυσούμενα λυθήσεται καὶ γῆ καὶ τὰ ἐν αὐτῇ ἔργα εὑρεθήσεται.

"Die **dag** van die Here sal egter kom soos 'n dief, 'n **dag** waarop die hemele met 'n gedruis tot 'n einde sal kom en die elemente sal uitbrand en vergaan, en die aarde en wat daarop gedoen is, ontbloot sal word."

2 Petrus 3:10 vorm deel van die perikoop 3:1-13 wat reeds volledig behandel is (vgl. 5.3.1.5). Ter wille van volledigheid word slegs die openbaringsdoelwitte wat reeds geïdentifiseer is en wat aan 3:10 verbind kan word, herhaal.

#### 8.2.40.1 Openbaringsdoelwitte

- Die wederkoms se onverwagsheid word verkondig sodat gelowiges heeltyd en altyd daarvoor gereed sal wees (2 Pet. 3:10).
- Dit word as *kerugma* bekendgemaak dat die dag van die wederkoms gepaard sal gaan met kosmiese katastrofes wat die skepping nie sal vernietig nie, maar deur vuur sal

suiwer. Die *telos* is dat gelowiges die ernstige gevolge van die wederkoms ter harte sal neem en daarom ŉ heilige lewe sal lei (2 Pet. 3:10).

- Oor die kosmiese katastrofes wat gaan plaasvind met die wederkoms, word die volgende as *kerugma* geopenbaar: (1) Die hemele sal met ŉ gedruis tot ŉ einde kom, (2) die elemente sal uitbrand en vergaan en (3) die aarde en wat daarop gedoen is, sal ontbloot word. Die *telos* van hierdie openbaring is om kennis oor die kosmiese katastrofe oor te dra (2 Pet. 3:10).

#### 8.2.41 2 Petrus 3:12

... προσδοκῶντας καὶ σπεύδοντας τὴν παρουσίαν τῆς τοῦ θεοῦ **ἡμέρας** δι' ἣν οὐρανοὶ πυρούμενοι λυθήσονται καὶ στοιχεῖα καυσούμενα τήκεται.

"... wat na die aanbreek van die **dag** van God uitsien en dit probeer bespoedig. Dit is die **dag** waarop die hemele, deurdat dit verbrand word, sal vergaan en die elemente sal uitbrand en wegsmelt."

2 Petrus 3:12 vorm deel van die perikoop 3:1-13 wat reeds volledig behandel is (vgl. 5.3.1.5). Ter wille van volledigheid word slegs die openbaringsdoelwitte wat reeds geïdentifiseer is en wat aan 3:12 verbind kan word, herhaal.

##### 8.2.41.1 Openbaringsdoelwitte

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is om gelowiges aan te moedig om na die aanbreek van die dag van God uit te sien en dit te probeer bespoedig (2 Pet. 3:12).
- Die wederkoms word geopenbaar sodat gelowiges die dag sal probeer bespoedig deur ŉ heilige lewe te lei, deur te bid vir die wederkoms en deur die Evangelie te verkondig (2 Pet. 3:12).

#### 8.2.42 1 Johannes 4:17

... ἐν τούτῳ τετελείωται ἡ ἀγάπη μεθ' ἡμῶν, ἵνα παρρησίαν ἔχωμεν ἐν τῇ **ἡμέρᾳ** τῆς κρίσεως, ὅτι καθὼς ἐκεῖνός ἐστιν καὶ ἡμεῖς ἐσμεν ἐν τῷ κόσμῳ τούτῳ.

"Hierin het die liefde onder ons tot vervulling gekom: Ons sal op die **oordeelsdag** vrymoedigheid hê, omdat ons, soos Jesus, in hierdie wêreld is."

Johannes skryf in 4:16 dat God liefde is en wie in die liefde bly, bly in God en God in hom. Johannes sien juis God se liefde daarin dat gelowiges vrymoedigheid (παρρησία) kan hê op die oordeelsdag (Du Plessis, 1978:112). Παρρησία kan verklaar word as toegangsreg tot God op

grond van die soenverdienste van Jesus Christus (Van Rhyn, 1985:20). In Christus se soenverdienste blyk die liefde van God baie duidelik. Daarom behoort gelowiges soos Jesus in hierdie wêreld te leef deur in liefde te lewe. Gelowiges se liefde "is tot 'n getuienis vir die wêreld omdat dit 'n spieëlbeeld van die liefde van God is" (Du Plessis, 1978:112).

#### 8.2.42.1 Openbaringsdoelwitte

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is om gelowiges daaraan te herinner dat hulle op hierdie dag volle toegangsreg tot God sal hê op grond van sy liefde in Christus (1 Joh. 4:17).
- Die doel van die openbaring van die wederkoms is om gelowiges aan te moedig om soos Jesus Christus in liefde te lewe (1 Joh. 4:17).

### 8.2.43 Judas 6

... ἀγγέλους τε τοὺς μὴ τηρήσαντας τὴν ἑαυτῶν ἀρχὴν ἀλλὰ ἀπολιπόντας τὸ ἴδιον οἰκητήριον εἰς κρίσιν μεγάλης **ἡμέρας** δεσμοῖς ἀϊδίοις ὑπὸ ζόφον τετήρηκεν, ...

"... en dat Hy die engele, wat hulle nie aan hulle magsgebied gehou het nie, maar hulle woonplek verlaat het, met ewige boeie in die duisternis in bewaring hou vir die oordeel van die groot **dag**."

Judas waarsku die gelowiges dat goddelose mense hulle geledere binnegedring het (4). Hierdie mense misbruik die genade van God en hulle gebruik dit as dekmantel om losbandig te lewe en hulle verwerp Jesus Christus (4). Judas wil dit duidelik maak dat sulke mense veroordeel sal word en hy gebruik die voorbeeld van die engele wat ook geoordeel sal word om dit te bevestig. As God engele, wat geestelike wesens is, sal veroordeel, sal Hy ook nie skroom om mense, wat vleeslike wesens is, te veroordeel nie (Calvyn, 2010d:435). God het die engele met kettings gebind en hou hulle gevange vir die groot dag van oordeel. Hier is dus 'n duidelike waarskuwing dat die wederkoms, die oordeelsdag, kom en dat niemand, nie eens die engele dit sal ontvlug nie. Almal wat losbandig lewe en Christus verwerp (4), sal veroordeel word.

#### 8.2.43.1 Openbaringsdoelwitte

- Die doel van die openbaring van die wederkoms is om die kennis oor te dra dat die oordeelsdag kom en dat niemand, nie eens die engele dit sal ontvlug nie (Jud. 6).
- Die wederkoms word geopenbaar as die oordeelsdag, sodat almal wat losbandig lewe en Christus verwerp, kan weet dat hulle veroordeel sal word (Jud. 6).

#### 8.2.44 Openbaring 6:17

... ὅτι ἦλθεν ἡ **ἡμέρα** ἡ μεγάλη τῆς ὀργῆς αὐτῶν, καὶ τίς δύναται σταθῆναι; ...

“... want die groot **dag** van hulle toorn het aangebreek, en wie kan staande bly?”

Johannes beskryf die oopmaak van die sesde seël (6:12) en “die groot dag van hulle toorn” is duidelik ʼn verwysing na die eindoordeel (König, 2009:217). Die dag gaan gepaard met natuurrampe (6:12-14) wat maak dat die mensdom onder kranse en in berge gaan wegkruip en skree dat die berge op hulle moet val en hulle verberg van die aangesig van God (6:15-16). Wanneer die dag van die toorn van God en van die Lam, Jesus Christus, aanbreek, ontlok dit die vraag: “En wie kan staande bly?” “Dié vraag dien as skarnier tussen die voorafgaande beskrywing van die seëls en die daaropvolgende bemoedigende versekering aan die gelowiges (hfst 7) dat hulle nie moet moed verloor nie omdat hulle aan God behoort (verseël is).” (Du Rand, 2007:290) Die oordeel is duidelik ʼn oproep tot bekering, maar ook vertroosting van die gelowiges dat geregtigheid in Christus sal seëvier.

##### 8.2.44.1 Openbaringsdoelwitte

- Die wederkoms as dag van oordeel word verkondig met die *telos* dat ongelowiges hulle sal bekeer en dat gelowiges vertroos kan word deur die soenverdienste van Jesus Christus (Openb. 6:17).

#### 8.2.45 Openbaring 16:14

... εἰσὶν γὰρ πνεύματα δαιμονίων ποιοῦντα σημεῖα, ἃ ἐκπορεύεται ἐπὶ τοὺς βασιλεῖς τῆς οἰκουμένης ὅλης συναγαγεῖν αὐτοὺς εἰς τὸν πόλεμον τῆς **ἡμέρας** τῆς μεγάλης τοῦ θεοῦ τοῦ παντοκράτορος.

“Hulle is demoniese geeste wat tekens doen en wat na die konings van die hele bewoonde wêreld gaan om hulle byeen te bring vir die oorlog op die groot **dag** van God, die Almagtige.”

Johannes beskryf drie bose geeste wat wondertekens doen en wat die konings van die aarde byeenbring vir die oorlog op die groot dag van God, die dag van die wederkoms en die eindoordeel (Kistemaker, 2002d:450). Die oorlog is tussen die konings van die aarde en God en op die dag sal God die goddelose nasies vir altyd vernietig (Mounce, 1997:300).

#### 8.2.45.1 Openbaringsdoelwit

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is dat die kennis oorgedra word dat God op die dag van die wederkoms die Godvyandige nasies vir altyd sal vernietig (Openb. 6:14).

## 8.3 Samevattende konklusie

Die volgende openbaringsdoelwitte van die wederkoms aan die hand van die woord ἡμέρα is geïdentifiseer:

- Die wederkoms (dag van beoordeling) word geopenbaar om mense aan te moedig om nie net God se Woord te hoor nie, maar om te doen wat die Woord vra; om so te lewe dat die Here hulle sal ken (Mat. 7:22).

- Die wederkoms (dag van beoordeling) word geopenbaar om mense aan te moedig om God se Woord as die waarheid te aanvaar en om ag te gee op die bedienaars van die Woord (Mat. 10:15).

- Die doel van die openbaring van die wederkoms as die oordeelsdag is om bedienaars van die Woord te bemoedig daardeur dat God mense, wat hulle en hulle boodskap in ongeloof minag, sal veroordeel (Mat. 10:15).

- Die bekering van die hoorders is Jesus se *telos* met die openbaring van die dag van oordeel wat saamval met die dag van die wederkoms (Mat. 11:22-24).

- Die wederkoms (dag van beoordeling) word geopenbaar om mense te maan om versigtig te wees met wat hulle sê, en veral om nie die Gees se werk aan die Satan toe te skryf nie (Mat. 12:36).

- Jesus openbaar die onbekendheid van die dag van die wederkoms sodat sy volgelinge voortdurend waaksaam en op hulle hoede kan wees en gereed kan wees vir die wederkoms (Mat. 24:36).

- Die openbaringsdoelwit kan ook negatief geformuleer word: Jesus openbaar die onbekendheid van die dag van die wederkoms, sodat sy volgelinge nie onverhoeds betrap sal word wanneer die dag aanbreek nie en sodat hulle nie uitstel om hulle te bekeer nie. Hulle moet ook nie probeer om te bereken wanneer die dag sal aanbreek nie (Mat. 24:36).

- Dat die wederkoms beslis gaan plaasvind, maar ook die feit dat die tydstip daarvan onbekend is, moet Jesus se volgelinge troos en aanmoedig om heilig te lewe soos mense wat die wederkoms en die gepaardgaande oordeel verwag en om getroue rentmeesters te wees (Mat. 24:36).

- Die onverwagsheid van die wederkoms word geopenbaar om gereedheid vir die wederkoms te bevorder (Mat. 25:50).

- Die wederkoms word verkondig sodat mense waaksaam sal wees en die Here sal verwag (Mat. 25:13).

- Die dag van die wederkoms word geopenbaar as oproep tot bekering (Luk. 10:12).

- Die wederkoms word hier geopenbaar as die dag van oordeel, om Woordverkondigers te bemoedig wanneer mense hulle en hulle boodskap verag (Luk. 10:12).

- Die onmiskenbaarheid van die wederkoms word geopenbaar om gelowiges toe te rus teen valse wederkomsaankondigings (Luk. 17:24).

- Die wederkoms word verkondig met die *telos* om te waarsku teen oorgerustheid en sodat mense gereed sal wees vir die wederkoms (Luk 17:26-30).

- Die onverwagsheid en die skielikheid van die dag van die wederkoms word geopenbaar om mense aan te spoor om nou al vir die dag gereed te maak (Luk.17:31).

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is om mense aan te moedig tot ŉ sober lewe en ŉ lewe wat nie in die daaglikse bekommernisse opgaan nie (Luk. 21:34).

- Die wederkoms word geopenbaar as die dag van die opstanding uit die dood om aan die uitverkorenes die versekering te gee dat hulle tot aan die einde, totdat hulle opgewek is uit die dood, deur Jesus Christus bewaar sal word (Joh. 6:39-44).

- Die doel van die openbaring van die wederkoms is om die kennis oor te dra dat dit ook die dag van die opstanding uit die dood is (Joh. 6:54).

- Die wederkoms as opstandingsdag word geopenbaar om gelowiges te troos (Joh. 6:54).

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is om mense op te roep tot ŉ ware geloof in Jesus Christus (Joh. 6:54).

- Die doel van die openbaring van die wederkoms as die laaste dag waarop gelowiges uit die dood sal opstaan, is om gelowiges wat oor die dood van geliefdes treur te troos (Joh. 6:24).

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms as dag van veroordeling is aanmoediging om Jesus en sy Evangelie nie te verwerp nie, maar te aanvaar (Joh. 12:48).

- Die doel van die openbaring van die wederkoms as dag van veroordeling is indirek om gelowiges te troos dat hulle reeds in Christus vryspraak ontvang het (Joh. 12:48).

- Die wederkoms word geopenbaar as die groot en stralende dag van die Here, wat deur kosmiese tekens voorafgegaan sal word, as aanmoediging om die Naam van die Here tot verlossing aan te roep (Hand. 2:20).

- Die wederkoms (dag van beoordeling) word as oproep tot bekering verkondig, selfs op die sendingveld waar mense vir die eerste keer van Jesus hoor (Hand. 17:31).

- Die wederkoms, die dag van die toorn en die openbaring van die geregtigheid van God, word geopenbaar as oproep tot bekering (Rom. 2:5).

- Die wederkoms word geopenbaar as die dag waarop Jesus Christus mense gaan beoordeel, soos wat die Evangelie verkondig, sodat mense hulle tot Hom sal bekeer (Rom. 2:16).

- Die wederkoms word verkondig as die dag van vryspraak van die gelowiges, as die gevolg van God se werk in hulle (1 Kor. 1:8).

- Die dag van die wederkoms word geopenbaar as die dag waarop die aard van die werk van bedienaars van die Woord aan die lig sal kom, sodat hulle nougeset sal let op die suiwerheid van hulle prediking (1 Kor. 3:13).

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is dat tug toegepas sal word wat tot verlossing kan lei op die dag van die Here (1 Kor. 5:5).

- Die wederkoms word geopenbaar as troos dat gedeeltelike begrip van die Woord en Woordverkondigers dan beëindig sal word en onenigheid tussen Woordverkondigers en gemeentes deur wedersydse roem vervang sal word (2 Kor. 1:14).

- Die doel van die openbaring van die wederkoms is om gelowiges te verseker dat God die werk wat Hy in hulle begin het op dié dag sal voltooi (Filip. 1:6).

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is dat gelowiges aangemoedig word om te volhard in geloofsgroei en geloofsekerheid (Filip. 1:6).

- Die doel van die openbaring van die wederkoms is aansporing tot onderskeidingsvermoë wat tot 'n innerlik heilige lewe sonder sonde lei (Filip. 1:10).

- Die wederkoms word geopenbaar om gelowiges aan te moedig om ligdraers te wees en om aan die Woord vas te hou (Filip. 2:16).

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is om Evangelieverkondigers te bemoedig aangesien dit dán duidelik sal blyk dat hulle nie tevergeefs gearbei het nie (Filip. 2:16).

- Die doel van die openbaring van die wederkoms is om teen oorgerustheid te waarsku aangesien die wederkoms onverwags sal kom (1 Tes. 5:2-4).

- Die wederkoms en die feit dat gelowiges daarvoor gereed sal wees, word geopenbaar om gelowiges te troos met die wete dat hulle nie onverhoeds deur die dag betrap sal word nie (1 Tes. 5:2-4).

- Die wederkoms word geopenbaar sodat gelowiges wat vervolg word, sal volhard in die geloof en versterk kan word in hulle geloofsekerheid (2 Tes. 1:10).

- Die wederkoms word geopenbaar as 'n dag om na uit te sien vir gelowiges, omdat hulle nie dan veroordeel sal word nie, maar die Here sal verheerlik en bewonder (2 Tes. 1:10).

- Die ware toedrag van sake rakende die wederkoms word verkondig om kennis van die waarheid oor te dra, dit wil sê as *kerugma (*2 Tes. 2:2).

- Die ware toedrag van sake rakende die wederkoms word verkondig om rustigheid en kalmte te bewerk (2 Tes. 2:2).

- Die ware toedrag van sake rakende die wederkoms word verkondig om dwaalleer te weerlê (2 Tes. 2:2).

- Die ware toedrag van sake rakende die wederkoms word verkondig sodat mense sal weet dat die wederkoms nog nie plaasgevind het nie (2 Tes. 2:2).

- Die ware toedrag van sake rakende die wederkoms word so verkondig dat mense sal weet dat die begrippe παρουσία en ἡ ἡμέρα τοῦ κυρίου na dieselfde gebeurtenis verwys, naamlik die wederkoms van die Here Jesus Christus (2 Tes. 2:2).

- Die doel van die openbaring van die wederkoms is om Evangelieverkondigers op so manier daardeur te bemoedig dat hulle selfs bereid sal wees om vir die Evangelie te ly (2 Tim. 1:12).

- Die wederkoms word geopenbaar as die dag waarop gelowiges ŉ genadeloon sal ontvang vir hulle dienswerk, as *kerugma (*2 Tim. 1:18).

- Die doel van die openbaring van die wederkoms as die dag waarop gelowiges ŉ genadeloon vir hulle dienswerk sal ontvang, is om gelowiges aan te spoor om in die algemeen mense in nood by te staan, en in die besonder om verkondigers wat vir die Evangelie ly, te ondersteun (2 Tim. 1:18).

- Die dag van die wederkoms word geopenbaar as die dag waarop die Here die volheid van die ewigheid aan sy getroue dienaars sal skenk as oorwinningskrans van geregtigheid, met ander woorde as genadeloon op grond van Jesus Christus se soenverdienste (2 Tim. 4:8).

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is om gelowiges tot groter daadkrag in geloof, hoop en liefde aan te spoor (Heb. 10:25).

- Die doel van die openbaring van die wederkoms is dat gelowiges nie moet wegbly van die gemeentelike samekomste nie en dat hulle mekaar sal aanmoedig om dit by te woon namate hulle die dag van die wederkoms sien nader kom (Heb. 10:25).

- Die wederkoms as oordeelsdag word geopenbaar as aansporing vir rykaards, wat ander uitbuit, om hulle te bekeer (Jak. 5:5).

- Die wederkoms word geopenbaar as aanmoediging aan gelowiges om so te leef dat heidene tot geloof kan kom en God verheerlik kan word op die dag van die wederkoms (1 Pet. 2:12).

- Die wederkoms word verkondig, sodat gelowiges op die Skrif sal fokus en om hulle aan te moedig om daarmee te volhard tot met die wederkoms, sonder om op hulle eie uitleg te vertrou en deur te bly vashou aan die inspirasie van die Skrif deur die Heilige Gees (2 Pet. 1:19).

- Die wederkoms (oordeelsdag) word geopenbaar om gelowiges te bemoedig wat deur die goddelose leefwyse van ander gefolter word. Die ongelowiges sal veroordeel en die gelowiges verlos word (2 Pet. 2:9).

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is om die wat vleeslike begeertes najaag en die gesag van die Here verag, op te roep tot bekering (2 Pet. 2:9).

- Die oordeel en die vernietiging van goddelose mense, wat met die wederkoms gepaard sal gaan, word verkondig om gelowiges sekerheid te gee en te bemoedig (2 Pet. 3:7).

- Dit word geopenbaar dat die dag van die wederkoms ook die oordeelsdag sal wees. Die *telos* is duidelik: Sodat ongelowiges hulle sal bekeer en dat gelowiges bemoedig sal word (2 Pet. 3:7).

- Die wederkoms se onverwagsheid word verkondig sodat gelowiges heeltyd en altyd gereed sal wees daarvoor (2 Pet. 3:10).

- Dit word as *kerugma* bekendgemaak dat die dag van die wederkoms gepaard sal gaan met kosmiese katastrofes wat die skepping nie sal vernietig nie, maar deur vuur sal suiwer. Die *telos* is dat gelowiges die ernstige gevolge van die wederkoms ter harte sal neem en daarom ŉ heilige lewe sal lei (2 Pet. 3:10).

- Oor die kosmiese katastrofe wat gaan plaasvind met die wederkoms, word die volgende as *kerugma* geopenbaar: (1). Die hemele sal met ŉ gedruis tot ŉ einde kom, (2). die elemente sal uitbrand en vergaan en (3). die aarde en wat daarop gedoen is, sal ontbloot word. Die *telos* van hierdie openbaring is om kennis oor die kosmiese katastrofe oor te dra (2 Pet. 3:10).

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is dat gelowiges aangemoedig sal word om na die aanbreek van die dag van God uit te sien en dit te probeer bespoedig (2 Pet. 3:12).

- Die wederkoms word geopenbaar sodat gelowiges die dag sal probeer bespoedig deur ŉ heilige lewe te lei, deur te bid vir die wederkoms en deur die Evangelie te verkondig (2 Pet. 3:12).

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is om gelowiges daaraan te herinner dat hulle op die dag volle toegangsreg tot God sal hê op grond van sy liefde in Christus (1 Joh. 4:17).

- Die doel van die openbaring van die wederkoms is om gelowiges aan te moedig om in liefde te lewe soos Jesus Christus (1 Joh. 4:17).

- Die doel van die openbaring van die wederkoms is om die kennis oor te dra dat die oordeelsdag kom en dat niemand, nie eens die engele dit sal ontvlug nie (Jud. 6).

- Die wederkoms word geopenbaar as die oordeelsdag, sodat almal wat losbandig lewe en Christus verwerp, kan weet dat hulle veroordeel sal word (Jud. 6).

- Die wederkoms as dag van oordeel word verkondig met die *telos* dat ongelowiges hulle sal bekeer en dat gelowiges vertroos kan word deur die soenverdienste van Jesus Christus (Openb. 6:17).

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is dat die kennis oorgedra word dat God op die dag van die wederkoms die Godvyandige nasies vir altyd sal vernietig (Openb. 6:14).

# Hoofstuk 9: FINALE SAMEVATTING EN KONKLUSIE

In hierdie finale hoofstuk word ŉ geheeloorsig oor die navorsingsresultate van die *telos* van die openbaring van die wederkoms gegee en word daar tot ŉ geheelbeskrywing van die navorsingsresultate oorgegaan.

In die eerste afdeling van die hoofstuk (9.1) word die finale betekenisdefinisies van παρουσία en die ander vyf wederkomswoorde teen mekaar opgeweeg om die moontlike ooreenkomste en verskille te bepaal.

In die tweede afdeling (9.2) word die navorsingsresultate oor die *telos* van die openbaring van die wederkoms aan die hand van παρουσία gesistematiseer.

In die derde afdeling (9.3) word die navorsingsresultate oor die *telos* van die openbaring van die wederkoms aan die hand van elk van die ander wederkomswoorde, naamlik ἀποκαλύπτω, ἀποκάλυψις; ἐπιφάνεια; ἔρχομαι; ἡμέρα en φανερόω gesistematiseer en met die navorsingsresultate van παρουσία geïntegreer.

In die vierde afdeling (9.4) word ŉ geheelbeskrywing van die navorsingsresultate gedoen.

## 9.1 Nuanse-verskille tussen die woorde wat gebruik word om na die wederkoms te verwys.

Een van die oogmerke van die studie is om vas te stel of daar nuanse-verskille in betekenis is tussen die verskillende geïdentifiseerde woorde wat gebruik word om die wederkoms mee aan te dui (vgl. 1.3 en 1.4).

Ten einde vas te stel of daar nuanse-verskille is, word die kernelement wat vervat is in die finale betekenisdefinisie by elke woord bepaal. Met kernelement word bedoel die element van die finale betekenisdefinisie wat ten minste in ŉ vertaling weergegee behoort te word, met ander woorde die kortste moontlike betekenisgebruik. Al die elemente, wat in elk van die finale betekenisdefinisies vervat is, word voorts gelys. Die resultaat by elke woord word daarna met die van die ander woorde vergelyk.

### 9.1.1 Finale betekenisdefinisies

Op grond van die woordstudie wat gedoen is, is die volgende finale betekenisdefinisies daargestel:

#### 9.1.1.1 Παρουσία

Dit is die sigbare **aankoms en teenwoordig wees** van die eens (na sy hemelvaart) verborge Jesus Christus by sy mense met sy wederkoms vanaf die hemel, aan die einde van die tyd, in heerlikheid as Regeerder, Regter en magtige God, waarvoor sy mense voorberei het, en wat gepaard sal gaan met lofprysing en eerbewys, wat sy volgelinge met hoop sal vervul en hulle omstandighede sal verander deur hulle vir ewig te verlos (2.1.4).

**Die kernelement is: Jesus Christus sal aankom en teenwoordig wees met sy wederkoms.**

Die volgende elemente word in die betekenisdefinisie van παρουσία vervat:

- Die koms van die Here Jesus Christus sal sigbaar wees en Hy sal sigbaar wees. Na sy hemelvaart is Hy tans verborge.
- Hy kom aan met sy koms en sal teenwoordig wees by sy mense.
- Hy sal van die hemel af kom.
- Hy kom aan die einde van die tyd.
- Hy kom in heerlikheid.
- Hy kom as Regeerder.
- Hy kom as Regter.
- Hy kom as magtige God.
- Sy mense berei voor vir sy koms.
- Sy koms sal gepaardgaan met lofprysing en eerbewys.
- Sy koms sal sy volgelinge met hoop vervul.
- Met sy koms sal Hy sy volgelinge se omstandighede verander.
- Met sy koms sal Hy sy volgelinge vir ewig verlos.

#### 9.1.1.2 ’Αποκαλύπτω en ἀποκάλυψις

Dit is die Godgewilde **openbaring** van Jesus Christus met sy wederkoms, sodat God, sy Woord, sy raadsplan en sy verbond volledig geopenbaar, vervul en verwesenlik kan wees en Hy vir ewig in gemeenskap met sy kinders kan wees (6.1.1.3.1).

**Die kernelement is: Jesus Christus sal met sy wederkoms geopenbaar word.**

Die volgende elemente word in die betekenisdefinisie van ἀποκαλύπτω en ἀποκάλυψις vervat:

- Met sy wederkoms sal Jesus Christus geopenbaar word.
- Die openbaring is deur God gewil.
- Met sy wederkoms sal Jesus Christus God volledig openbaar.
- Met sy wederkoms sal Jesus Christus God se Woord volledig openbaar, vervul en verwesenlik.
- Met sy wederkoms sal Jesus Christus God se raadsplan volledig openbaar, vervul en verwesenlik.
- Met sy wederkoms sal Jesus Christus God se verbond volledig openbaar, vervul en verwesenlik.
- Na afloop van die wederkoms sal God vir ewig in gemeenskap met sy kinders wees.

#### 9.1.1.3 ’Επιφάνεια

Dit is die skielike en sigbare **verskyning en teenwoordig wees** van die voorheen onsigbare Jesus Christus (na sy hemelvaart), met sy wederkoms, in Goddelike, manjifieke heerlikheid, om te oordeel, sy vyande te vernietig en sy volgelinge te verlos (6.2.1.3.1).

**Die kernelement is: Jesus Christus sal sigbaar verskyn en teenwoordig wees met sy wederkoms.**

Die volgende elemente word in die betekenisdefinisie van ἐπιφάνεια vervat:

- Die Here sal sigbaar verskyn met sy wederkoms. Hy was na sy hemelvaart tot dusver onsigbaar.
- Hy sal skielik verskyn.

- Na sy verskyning sal Hy teenwoordig wees by sy volgelinge.
- Hy sal in Goddelike, manjifieke heerlikheid verskyn.
- Hy verskyn om te oordeel en om sy vyande te vernietig.
- Hy verskyn om sy volgelinge te verlos.

#### 9.1.1.4 Φανερόω

Dit is die doelbewuste, sigbare **selfopenbaring** van Jesus Christus in die openbaar met sy wederkoms, sodat God, sy Naam en sy werke volledig geken, vervul en verwesenlik kan word (6.3.1.3.1).

**Die kernelement is: Jesus Christus sal Homself met sy wederkoms openbaar.**

Die volgende elemente word in die betekenisdefinisie van φανερόω vervat:

- Jesus Christus sal Homself doelbewus self openbaar met sy wederkoms.
- Hierdie selfopenbaring sal sigbaar wees.
- Hierdie sigbare selfopenbaring sal in die openbaar plaasvind.
- Hierdie selfopenbaring van Jesus Christus sal tot gevolg hê dat God en sy Naam volledig geken kan word.
- Hierdie selfopenbaring sal tot gevolg hê dat God se werke volledig geken, vervul en verwesenlik kan word.

#### 9.1.1.5 Ἔρχομαι

Dit is die liggaamlike **koms** van Jesus Christus met sy wederkoms van die hemel af na die aarde, waartydens Hy in die openbaar sal verskyn in krag en heerlikheid, om te oordeel en om die gelowiges te verlos (7.1.4).

**Die kernelement is: Jesus Christus sal (weer) kom.**

Die volgende elemente word in die betekenisdefinisie van ἔρχομαι vervat:

- Jesus Christus kom weer liggaamlik, dit wil sê met sy menslike liggaam.
- Hy sal van die hemel af aarde toe kom.

- Met sy koms sal Hy in die openbaar verskyn.
- Hy sal in krag en heerlikheid verskyn.
- Hy kom om te oordeel.
- Hy kom om die gelowiges te verlos.

#### 9.1.1.6 ‘Ημέρα

Dit is die spesiaal aangewysde eskatologiese **dag** van Jesus Christus se wederkoms om te kom oordeel (8.1.3.1).

**Die kernelement is: Die dag van Jesus Christus se koms.**

Die volgende elemente word in die betekenisdefinisie van ἡμέρα vervat:

- Die dag is die spesiaal aangewysde eskatologiese dag van Jesus Christus se wederkoms.
- Op die dag sal Hy weer kom om te oordeel.

Uit die verskillende finale betekenisdefinisies en uit die verskillende kernelemente en ander elemente wat in elke betekenisdefinisie vervat is, kan die volgende skematiese voorstelling van die vergelyking tussen die verskillende woorde wat gebruik word om na die wederkoms te verwys, daargestel word. Die ooreenstemmende aspek van die elemente word telkens in vetdruk aangetoon:

| **Παρουσία** | **’Αποκαλύπτω, ἀποκάλυψις** | **’Επιφάνεια** | **Φανερόω** | **’Έρχομαι** | **‘Ημέρα** |
|---|---|---|---|---|---|
| Kernelement: **Jesus Christus sal aankom en teenwoordig wees met sy wederkoms.** | Kernelement: **Jesus Christus sal met sy wederkoms geopenbaar word.** | Kernelement: **Jesus Christus sal sigbaar verskyn en teenwoordig wees met sy wederkoms.** | Kernelement: **Jesus Christus sal Homself met sy wederkoms openbaar**. | Kernelement: **Jesus Christus sal (weer) kom.** | Kernelement: **Die dag van Jesus Christus se koms.** |
| Die **koms** van die Here sal **sigbaar** wees en Hy sal **sigbaar** wees. Na sy hemelvaart is Hy tans | Met sy **wederkoms** sal Jesus Christus **geopenbaar** word. | Die Here sal **sigbaar** verskyn met sy **wederkoms.** Hy was na sy hemelvaart tot dusver | Jesus Christus sal Homself doelbewus self **openbaar** met sy **wederkoms.** Hierdie selfopenbaring | (Jesus Christus **kom weer liggaamlik,** dit wil sê met sy menslike liggaam.) | |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| verborge. | | onsigbaar. | sal sigbaar wees. | | |
| Hy kom aan met sy koms en sal **teenwoordig wees by sy mense.** | Na afloop van die wederkoms sal God vir ewig **in gemeenskap met sy kinders wees.** | Na sy verskyning sal Hy **teenwoordig wees by sy volgelinge.** | | | |
| Hy sal **van die hemel af** kom. | | | | Hy sal **van die hemel af** aarde toe kom. | |
| Hy kom **aan die einde van die tyd.** | | | | | Die dag is die spesiaal aangewysde **eskatologiese dag** van Jesus Christus se wederkoms. |
| Hy kom as **Regter.** | | Hy verskyn **om te oordeel** en om sy vyande te vernietig. | | Hy kom **om te oordeel.** | Op die dag sal Hy weer kom **om te oordeel.** |
| Hy kom as **Regeerder.** | | | | | |
| Hy kom as magtige **God.** | | Hy sal in **Goddelike, manjifieke heerlikheid** verskyn. | | Hy sal in **krag en heerlikheid** verskyn. | |
| Sy mense **berei voor** vir sy koms. | | | | | |
| Sy koms sal gepaardgaan met **lofprysing en eerbewys.** | | | | | |
| Sy koms sal sy volgelinge **met hoop vervul.** | | | | | |
| Met sy koms sal Hy sy volgelinge se **omstandighede verander.** | | | | | |
| Met sy koms sal Hy sy volgelinge **vir ewig verlos.** | | Hy verskyn **om sy volgelinge te verlos.** | | Hy kom **om die gelowiges te verlos.** | |
| | Die openbaring is **deur God gewil.** | | | | |
| | Met sy | | Hierdie | | |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | wederkoms sal Jesus Christus **God volledig openbaar.** | | selfopenbaring van Jesus Christus sal tot gevolg hê dat **God en sy Naam volledig geken kan word.** | | |
| | Met sy wederkoms sal Jesus Christus God se **Woord volledig openbaar,** vervul en verwesenlik. | | Hierdie selfopenbaring sal tot gevolg hê dat **God se werke volledig geken,** vervul en verwesenlik kan word. | | |
| | Met sy wederkoms sal Jesus Christus **God se raadsplan volledig openbaar,** vervul en verwesenlik. | | | | |
| | | Hy sal **skielik** verskyn. | | | |
| | | | Hierdie sigbare selfopenbaring sal **in die openbaar** plaasvind. | Met sy koms sal Hy **in die openbaar** verskyn. | |
| | | | | Jesus Christus **kom weer liggaamlik,** dit wil sê met sy menslike liggaam. | |

### 9.1.2 Ooreenkomste en verskille in die kernelemente

Deur die verskillende kernelemente met mekaar te vergelyk, blyk dit dat daar beslis ooreenkomste, maar ook nuanse-verskille in betekenis tussen die verskillende woorde is:

| **Παρουσία** | **’Αποκαλύπτω, ἀποκάλυψις** | **’Επιφάνεια** | **Φανερόω** | **’Έρχομαι** | **‘Ημέρα** |
|---|---|---|---|---|---|
| Kernelement: **Jesus Christus sal aankom en teenwoordig wees met sy wederkoms.** | Kernelement: **Jesus Christus sal met sy wederkoms geopenbaar word.** | Kernelement: **Jesus Christus sal sigbaar verskyn en teenwoordig wees met sy wederkoms.** | Kernelement: **Jesus Christus sal Homself openbaar met sy wederkoms**. | Kernelement: **Jesus Christus sal (weer) kom.** | Kernelement: **Die dag van Jesus Christus se koms.** |

Al ses die woorde kan gebruik word om na dieselfde gebeurtenis, naamlik die wederkoms van Jesus Christus te verwys.

Verskillende kernelemente word egter by elke woord beklemtoon:

**Παρουσία lê** klem daarop dat Jesus Christus **kom om teenwoordig te wees.**

**’Αποκαλύπτω, ἀποκάλυψις** en **φανερόω** beklemtoon dat Jesus Christus **geopenbaar** sal word.

**’Επιφάνεια** beklemtoon die feit dat Jesus Christus **sigbaar sal verskyn om teenwoordig te wees**.

**Φανερόω** lê klem daarop dat Jesus Christus Homself **sal openbaar.**

**’Έρχομαι** lê klem daarop dat Jesus Christus **kom.**

**Ημέρα** verwys na die **dag** waarop Jesus Christus weer kom.

### 9.1.3 Elemente wat gemeenskaplik in meer as een van die woorde voorkom

Die volgende elemente kom gemeenskaplik voor in meer as een van die woorde:

#### 9.1.3.1 Die sigbaarheid van die wederkoms

| **Παρουσία** | **’Αποκαλύπτω, ἀποκάλυψις** | **’Επιφάνεια** | **Φανερόω** | **’Έρχομαι** | **‘Ημέρα** |
|---|---|---|---|---|---|
| Die **koms** van die Here sal **sigbaar** wees en Hy sal **sigbaar** wees. Na sy hemelvaart is Hy tans verborge. | Met sy **wederkoms** sal Jesus Christus **geopenbaar** word. | Die Here sal **sigbaar** verskyn met sy **wederkoms.** Hy was na sy hemelvaart tot dusver onsigbaar. | Jesus Christus sal Homself doelbewus self **openbaar** met sy **wederkoms.** Hierdie selfopenbaring sal sigbaar | Jesus Christus **kom weer liggaamlik,** dit wil sê met sy menslike liggaam. | |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | wees. | | |

Beide παρουσία en ἐπιφάνεια beklemtoon die sigbaarheid van Jesus Christus se wederkoms, terwyl die sigbaarheid van die openbaring by die gebruik van ἀποκαλύπτω, ποκάλυψις en φανερόω duidelik veronderstel word. Ἔρχομαι lê klem op die liggaamlikheid van Jesus Christus se koms wat ook op die sigbaarheid van sy koms kan dui. Die sigbaarheid van Jesus se koms blyk dus een van die mees gemeenskaplike elemente te wees, aangesien dit by vyf van die ses woorde teenwoordig is.

### 9.1.3.2 Jesus Christus kom om teenwoordig te wees by sy volgelinge

| **Παρουσία** | **’Αποκαλύπτω, ἀποκάλυψις** | **’Επιφάνεια** | **Φανερόω** | **Ἔρχομαι** | **‘Ημέρα** |
|---|---|---|---|---|---|
| Hy kom aan met sy koms en sal **teenwoordig wees by sy mense.** | Na afloop van die wederkoms sal God vir ewig **in gemeenskap met sy kinders wees.** | Na sy verskyning sal Hy **teenwoordig wees by sy volgelinge.** | | | |

Παρουσία, ἀποκαλύπτω en ἀποκάλυψις, asook ἐπιφάνεια beklemtoon die feit dat Jesus Christus kom om teenwoordig te wees by sy volgelinge, terwyl hierdie element nie by φανερόω, ἔρχομαι en ἡμέρα geïdentifiseer is nie.

### 9.1.3.3 Jesus Christus sal van die hemel af kom

| **Παρουσία** | **’Αποκαλύπτω, ἀποκάλυψις** | **’Επιφάνεια** | **Φανερόω** | **Ἔρχομαι** | **‘Ημέρα** |
|---|---|---|---|---|---|
| Hy sal **van die hemel af** kom. | | | | Hy sal **van die hemel af** aarde toe kom. | |

Slegs παρουσία en ἔρχομαι beklemtoon dit dat Jesus Christus van die hemel af kom met sy wederkoms, terwyl die ander vier woorde dit net veronderstel.

### 9.1.3.4 Jesus Christus kom aan die einde van die tyd

| **Παρουσία** | **’Αποκαλύπτω, ἀποκάλυψις** | **’Επιφάνεια** | **Φανερόω** | **Ἔρχομαι** | **‘Ημέρα** |
|---|---|---|---|---|---|
| Hy kom **aan die einde van die tyd.** | | | | | Die dag is die spesiaal aangewysde |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | **eskatologiese dag** van Jesus Christus se wederkoms. |

Slegs παρουσία en ἡμέρα beklemtoon die feit dat Jesus Christus se koms eskatologies is en aan die einde van die tyd sal plaasvind.

### 9.1.3.5 Jesus Christus kom as Regter om te oordeel

| Παρουσία | ’Αποκαλύπτω, ἀποκάλυψις | ’Επιφάνεια | Φανερόω | ’Έρχομαι | ‘Ημέρα |
|---|---|---|---|---|---|
| Hy kom as **Regter.** | | Hy verskyn **om te oordeel** en om sy vyande te vernietig. | | Hy kom **om te oordeel.** | Op die dag sal Hy weer kom **om te oordeel.** |

Dat Jesus weer as Regter kom om te oordeel, word deur vier van die woorde, naamlik παρουσία, ἐπιφάνεια, ἔρχομαι en ἡμέρα, beklemtoon. Naas die sigbaarheid van Jesus Christus se koms (vgl. 9.1.3.1) blyk die feit dat Hy kom om te oordeel die tweede mees gemeenskaplike element te wees.

### 9.1.3.6 Jesus Christus kom as God in krag en heerlikheid

| Παρουσία | ’Αποκαλύπτω, ἀποκάλυψις | ’Επιφάνεια | Φανερόω | ’Έρχομαι | ‘Ημέρα |
|---|---|---|---|---|---|
| Hy kom as magtige **God.** | | Hy sal in **Goddelike, manjifieke heerlikheid** verskyn. | | Hy sal in **krag en heerlikheid** verskyn. | |

Drie van die woorde, te wete παρουσία, ἐπιφάνεια en ἔρχομαι beklemtoon dat Jesus Christus as God kom in krag en in heerlikheid.

### 9.1.3.7 Jesus Christus kom om die gelowiges te verlos

| Παρουσία | ’Αποκαλύπτω, ἀποκάλυψις | ’Επιφάνεια | Φανερόω | ’Έρχομαι | ‘Ημέρα |
|---|---|---|---|---|---|
| Met sy koms sal Hy sy volgelinge **vir ewig verlos.** | | Hy verskyn **om sy volgelinge te verlos.** | | Hy kom **om die gelowiges te verlos.** | |

Die feit dat Jesus Christus weer kom om die gelowiges te verlos, word deur drie van die woorde beklemtoon, naamlik παρουσία, ἐπιφάνεια en ἔρχομαι.

#### 9.1.3.8 Jesus Christus kom weer om God te openbaar

| **Παρουσία** | **’Αποκαλύπτω, ἀποκάλυψις** | **’Επιφάνεια** | **Φανερόω** | **Ἔρχομαι** | **‘Ημέρα** |
|---|---|---|---|---|---|
| | Met sy wederkoms sal Jesus Christus **God volledig openbaar.** | | Hierdie selfopenbaring van Jesus Christus sal tot gevolg hê dat **God en sy Naam volledig geken kan word.** | | |
| | Met sy wederkoms sal Jesus Christus God se **Woord volledig openbaar,** vervul en verwesenlik. | | Hierdie selfopenbaring sal tot gevolg hê dat **God** se werke volledig geken, vervul en verwesenlik kan word. | | |
| | Met sy wederkoms sal Jesus Christus **God se raadsplan volledig openbaar,** vervul en verwesenlik. | | | | |

Twee van die woorde, naamlik ἀποκαλύπτω, ἀποκάλυψις en φανερόω, beklemtoon die feit dat Jesus Christus weer kom om God volledig te openbaar. Daarmee saam word sy Woord en sy werke volledig geopenbaar, vervul en verwesenlik. ’Αποκαλύπτω, ἀποκάλυψις bevat ook die element dat God se raadsplan by dit wat geopenbaar en verwesenlik sal word, gereken kan word.

#### 9.1.3.9 Jesus sal in die openbaar verskyn

| **Παρουσία** | **’Αποκαλύπτω, ἀποκάλυψις** | **’Επιφάνεια** | **Φανερόω** | **Ἔρχομαι** | **‘Ημέρα** |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | Hierdie sigbare selfopenbaring sal **in die openbaar** | Met sy koms sal Hy **in die openbaar** verskyn. | |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | plaasvind. | | |

Φανερόω en ἔρχομαι beklemtoon die element dat Jesus Christus in die openbaar sal verskyn.

### 9.1.4 Unieke elemente

Die volgende elemente wat in die finale betekenisdefinisies vervat is, is uniek, dit wil sê, kom net by een woord voor:

Slegs παρουσία beklemtoon die feit dat Jesus Christus as Regeerder kom, dat sy mense vir sy koms sal voorberei, dat sy koms met lofprysing gepaard sal gaan, dat sy koms sy volgelinge met hoop sal vervul en, laastens, dat Hy met sy koms sy volgelinge se omstandighede sal verander.

Slegs ἀποκαλύπτω en ἀποκάλυψις beklemtoon dat die openbaring van Jesus Christus by sy wederkoms deur God gewil is, asook dat Jesus God se raadsplan by sy koms sal openbaar.

Slegs ἐπιφάνεια beklemtoon die element dat Jesus Christus skielik sal verskyn met sy wederkoms.

Slegs ἔρχομαι beklemtoon die element dat Jesus Christus weer kom met sy menslike liggaam.

### 9.1.5 Konklusie

Hoewel al ses die wederkomswoorde na dieselfde gebeurtenis, naamlik die wederkoms van Jesus Christus, verwys, is daar tog nuanse-verskille in die betekenis.

Die volgende kernelemente, wat die ooreenkomste en verskille uitlig, is geïdentifiseer:

**Παρουσία** lê klem daarop dat Jesus Christus **kom om teenwoordig te wees.**

**’Αποκαλύπτω, ἀποκάλυψις** en **φανερόω** beklemtoon dat Jesus Christus **geopenbaar** sal word.

**’Επιφάνεια** beklemtoon die feit dat Jesus Christus sal **verskyn om teenwoordig te wees**.

**Φανερόω** lê klem daarop dat Jesus Christus Homself **sal openbaar.**

**’Έρχομαι** lê klem daarop dat Jesus Christus **kom.**

**‘Ημέρα** verwys na die **dag** waarop Jesus Christus weer kom.

Die woorde kan daarom nie sonder meer as sinonieme beskou word nie. Die ooreenkomste en verskille tussen die elemente wat vervat is in die finale betekenisdefinisie van elke woord moet deeglik in ag geneem word.

### 9.2 Die *telos* van die openbaring van die wederkoms aan die hand van παρουσία

ŉ Analise van die navorsingsresultate in hoofstukke 3, 4 en 5 oor die *telos* van die openbaring van die wederkoms aan die hand van παρουσία maak dit duidelik dat daar drie algemene of hoofgroepe is waarby al die openbaringsdoelwitte ingedeel kan word. Die wederkoms word geopenbaar met die *telos*:

1. **Om kennis oor te dra.**

2. **Om gelowiges in die geloof te versterk.**

3. **Om gelowiges tot ŉ daadkragtige geloofslewe aan te spoor.**

Hierdie drie hoofgroepe kan beskou word as die algemeenste sistematisering van die *telos* van die openbaring van die wederkoms aan die hand van παρουσία.

Voorts blyk dit dat, indien die geïdentifiseerde openbaringsdoelwitte in hierdie drie hoofgroepe ingedeel word, daar verskillende temas te voorskyn tree waarby die openbaringsdoelwitte verder ingedeel kan word.

In hierdie afdeling word al die openbaringsdoelwitte van hoofstuk 3 (vgl. 3.1.8), hoofstuk 4 (vgl. 4.7) en hoofstuk 5 (vgl. 5.5) opsommenderwys in hierdie drie hoofgroepe vervat en in die temas gesorteer. Uiteraard sal daar ŉ mate van oorvleueling wees, aangesien sommige openbaringsdoelwitte in meer as een tema en in meer as een hoofgroep ingedeel kan word.

#### 9.2.1 Die wederkoms word geopenbaar met die *telos* om kennis oor te dra

Onder hierdie hoofgroep sorteer twee belangrike temas:

- Die wederkoms word geopenbaar met die *telos* **om kennis oor die wyse van die wederkoms oor te dra.**

- Die wederkoms word geopenbaar met die *telos* **om kennis oor te dra wat dwaalleer weerlê en misleiding voorkom.**

#### 9.2.1.1 Die wederkoms word geopenbaar met die *telos* om kennis oor die wyse van die wederkoms oor te dra

Een van die mees omvattende temas wat te voorskyn tree wanneer die *telos* van die openbaring van die wederkoms ondersoek word, is dat die wederkoms geopenbaar word as verkondiging oor **die wyse van die wederkoms**, dit wil sê om kennis oor te dra oor hoe die wederkoms sal plaasvind en wat alles op die dag sal gebeur. Hierdie *kerugma* het dikwels ŉ sekondêre openbaringsdoelwit wat onder een van die ander temas sorteer. Om oorvleueling so ver as moontlik te beperk, word daar in hierdie onderafdeling hoofsaaklik gefokus op die primêre openbaringsdoelwit, naamlik *kerugma* oor die wyse van die wederkoms.

Dit blyk dat die openbaring van die wederkoms aan die hand van παρουσία ten doel het om oor die wyse van die wederkoms die volgende as *kerugma* te verkondig:

(1) Die ware toedrag van sake rakende die wederkoms word as ***kerugma*** verkondig om kennis van die waarheid oor te dra, **sodat gelowiges die feite met betrekking tot die wederkoms reg sal verstaan** (2 Tes. 2:1-2; 4.7; 2 Pet. 3; 5.5). Die ware feite in verband met die wederkoms word verkondig sodat mense sal weet dat die wederkoms nog **nie plaasgevind het nie** (2 Tes. 2:2; 4.7). Die wederkoms word so verkondig dat mense sal weet dat die begrippe **παρουσία en ἡ ἡμέρα τοῦ κυρίου na dieselfde gebeurtenis verwys,** naamlik die wederkoms van die Here Jesus Christus (2 Tes. 2:2; 4.7). Deur hierdie *kerugma* om kennis omtrent die wederkoms oor te dra, word die vermoë om gesonde, geestelike oordeel met betrekking tot die wederkoms aan die dag te lê, aangewakker (2 Pet. 3; 5.5).

(2) Dit word duidelik geopenbaar dat dit **Jesus Christus self** is wat met die wederkoms sigbaar sal terugkeer. Hy openbaar dat sy wederkoms onmiskenbaar sal wees soos weerlig wat die lugruim verlig. Hy tipeer sy koms as παρουσία en verwys na Homself as die Seun van die Mens om **sy sigbaarheid en sy heerlikheid met sy koms as God, ewige Koning en Middelaar te beklemtoon** (Mat. 24:27; 3.1.8). Petrus maak bekend dat die wederkoms **met krag** sal plaasvind en dat die **eer en heerlikheid** van Jesus Christus dan duidelik sal blyk (2 Pet. 1:16-21; 5.5).

(3) Kennis oor die wederkoms word oorgedra sodat gelowiges kan weet op **watter wyse** die wederkoms sal plaasvind en wat die volgorde van die gebeure sal wees: **Die Here self sal met ŉ uitgeroepte bevel, met die stem van ŉ aartsengel en met ŉ trompetgeskal uit die hemel neerdaal.** Sy **majesteit en eer** sal dan duidelik blyk. Die wat in Christus gesterf het, sal **eerste uit die dood opstaan.** Voorts maak Jesus **bekend dat engele die uitverkorenes sal versamel** op die dag van die wederkoms (Mat. 24:30; 3.1.8). Daarna sal die lewendes saam

met die wat uit die dood opgestaan **het, in die wolke opgeneem** word om die Here in die lug te ontmoet. **So sal al die gelowiges altyd saam by die Here wees** (1 Tes. 4:13-18; 4.7).

(4) Wanneer Jesus Christus terugkeer, **sal die ontslape gelowiges saam met Hom kom** (1 Tes. 3:13; 4.7). Deur hierdie kennis oor te dra, word onkunde oor die ontslapenes se lot, wat tot 'n heidense getreur kan lei, uit die weg geruim (1 Tes. 4:13-18; 4.7). Die **ontslapenes** sal op geen manier benadeel word nie. Inteendeel. Hulle **sal eerste uit die dood opgewek word** op die dag van die wederkoms (1 Tes. 4:13-18; 4.7). Ook Paulus openbaar as *kerugma* aan God se kinders die heilsfeit dat die dag van die wederkoms ook **die dag van die opstanding uit die dood is** (1 Kor. 15:23; 4.7). Hierdie kennis word oorgedra sodat gelowiges nie net kan weet van die werklikheid van die opstanding uit die dood op die dag van die wederkoms nie, maar ook dat hulle kan weet wat die lewende gelowiges se lot met die wederkoms sal wees: **Hulle sal saam met hulle ontslape geliefdes die Here tegemoetgaan** (1 Tes. 4:13-18; 4.7).

(5) Die *telos* van die openbaring van die wederkoms en **die tekens wat die wederkoms vooraf sal gaan**, is die *kerugma* dat die wederkoms nie sal plaasvind voordat **drie dinge** nie gebeur het nie:

- Die **groot afvalligheid** moet eers plaasvind (2 Tes. 2:3; 4.7).
- **Dit wat die mens van wetteloosheid teëhou**, moet uit die weg geruim word (2 Tes 2:6, 7; 4.7).
- **Die mens van wetteloosheid** moet op die toneel verskyn (2 Tes 2:3, 7, 8; 4.7).

(6) Kennis oor **wie en wat die Antichris is**, word oorgedra, sodat gelowiges hom sal herken wanneer hy geopenbaar word en dan sal weet dat die wederkoms nie meer ver is nie (2 Tes. 2:3-4; 4.7). Die *telos* van die openbaring van die tydstip van die παρουσία as **die tydstip van die vernietiging van die Antichris** is om hierdie kennis oor te dra (2 Tes. 2:8; 4.7).

(7) Jakobus (5:7-8; 5.5) verkondig dat die Here Jesus **as Verlosser** sal terugkeer. Die wederkoms is dus die tyd van verlossing vir die gelowiges en veroordeling van die ongelowiges. Jakobus openbaar die wederkoms as **naby.** Daarmee word gelowiges getroos en bemoedig dat hulle geduld nie lank op die proef gestel sal word nie en word gelowiges verseker **dat die wederkoms beslis sal plaasvind.**

(8) Jesus kom as **Regter** en die **oordeelsdag** sal met die wederkoms saamval. Die feit dat die wederkoms **die dag van die finale oordeel van God sal wees**, moet Jesus se volgelinge troos en aanmoedig om heilig te lewe soos mense wat die wederkoms en die gepaardgaande oordeel verwag en om getroue rentmeesters te wees (Mat. 24:36-44; 3.1.8). Jakobus (Jak. 5:9; 5.5) en

Petrus (2 Pet. 3; 4.7) verkondig bykomend dat die dag van die wederkoms ook die **oordeelsdag** sal wees. Die *telos* is duidelik: Sodat ongelowiges hulle sal bekeer en gelowiges bemoedig sal word (Jak. 5:9; 5.5; 2 Pet. 3; 4.7).

Ook Johannes (1 Joh. 2; 5.5) verkondig dat die wederkoms die tyd van **oordeel** is met die doel om:

- Gelowiges aan te moedig om te doen wat reg is,
- hulle tot die belydenis te bring dat Jesus die Seun van God is wat mens geword het,
- hulle aan te moedig om hulle te onderwerp aan sy boodskap van die opstanding
- en in liefde te lewe in die Christelike broederskap (1 Joh. 2).

(9) Die lyding en die geduld van die profete en Job word as voorbeeld voorgehou, sodat gelowiges sal weet dat die tyd voor die wederkoms ook **lyding vir hulle sal inhou en geduld sal verg** (Jak. 5:10-11; 5.5). Die wederkoms word geopenbaar as die tyd waarin die **vrug** van die Here se medelye en sy ontferming oor sy kinders **tot volle openbaring sal kom** in gelowiges wat soos Job volhard het (Jak. 5:10-11; 5.5).

(10) Dat daar **spotters** op die toneel sal verskyn wat die wederkoms betwyfel, word deur Petrus verkondig om hierdie kennis aan die gelowiges oor te dra (2 Pet. 3; 5.5). Deur die argumente van die spotters te weerlê en die ware kennis oor te dra, word die lesers **toegerus om self sulke spotters te weerlê**. Om gelowiges se kennis oor die spotters aan te vul, word verkondig dat hulle die eer van die Here sal aantas en dat hulle volgens hulle eie drange sal lewe, juis omdat hulle nie die wederkoms verwag nie. **Hulle sal 'n faktor wees om mee rekening te hou tot met die wederkoms** (2 Pet. 3; 5.5).

(11) Petrus verkondig in 2 Petrus 3 (5.5) dat die Here **genadetyd** gee voordat die wederkoms plaasvind, maar dit word as *kerugma* geopenbaar dat daar beslis 'n tyd sal kom wanneer die genadetyd **verstreke sal wees** en die dag van die Here, die dag van **oordeel, onverwags sal aanbreek**. Die *telos* is dat gelowiges nie deur die spotters van stryk gebring sal word nie, maar sal volhard in hulle vertroue op God se belofte. Gelowiges moet dus die **tyd uitkoop en die geleentheid tot verlossing aangryp.** Die wederkoms se **onverwagsheid** word verkondig sodat gelowiges heeltyd en altyd daarvoor gereed sal wees.

(12) Dit word in 2 Petrus 3 (5.5) as *kerugma* bekendgemaak dat die dag van die wederkoms gepaard sal gaan met **kosmiese katastrofes** wat die skepping nie sal vernietig nie, maar **deur**

**vuur sal suiwer.** Oor die kosmiese katastrofes wat gaan plaasvind met die wederkoms, word die volgende as *kerugma* geopenbaar:

- **Die hemele** sal met ŉ gedruis tot ŉ einde kom.
- **Die elemente** sal uitbrand en vergaan.
- **Die aarde** en wat daarop gedoen is, sal ontbloot word.

(13) As *kerugma* word verkondig dat **nuwe hemele en ŉ nuwe aarde, waar geregtigheid woon,** na die koms van die Here verwag kan word (2 Pet. 3; 5.5).

(14) Johannes openbaar die wederkoms as *kerugma* met die *telos* dat gelowiges sal weet **dat hulle soos Christus sal wees** wanneer Hy kom en ook dat hulle Hom sal **sien** soos Hy is (1 Joh. 2; 5.5). Hierdie kennis lei **tot geloofsekerheid, geloofsvreugde en geloofsversterking** (1 Joh. 2; 5.5).

(15) Jesus openbaar in Matteus 24:36-44 (3.1.8) dat dit **nie bekend is wanneer** sy wederkoms sal plaasvind nie, met die *telos* dat sy volgelinge op hulle hoede en **gereed kan wees** vir die wederkoms. Die openbaringsdoelwit kan ook negatief geformuleer word: Jesus openbaar die onbekendheid van die dag van die wederkoms, sodat sy volgelinge nie onverhoeds betrap sal word wanneer die dag aanbreek nie en sodat hulle nie moet uitstel om hulle te bekeer nie. Hulle moet ook nie probeer om te bereken wanneer die dag sal aanbreek nie.

Dit is duidelik dat die kennis van gelowiges oor die wederkoms intens verryk word deur die *kerugma* van die wederkoms aan die hand van παρουσία.

#### 9.2.1.2 Die wederkoms word geopenbaar met die *telos* om kennis oor te dra wat dwaalleer weerlê en misleiding voorkom

Aangesien die ware feite oor die wederkoms deur misleiding bedreig word, is dit ŉ tema wat gereeld voorkom dat die ware feite oor die wederkoms verkondig word **om dwaalleer te weerlê en misleiding te voorkom.**

(1) Om misleiding te voorkom, openbaar Jesus in Matteus 24:27 (3.1.8) dat sy wederkoms **onmiskenbaar** sal wees soos weerlig wat die lugruim verlig. Hy tipeer sy koms as παρουσία en Homself as die Seun van die Mens om sy sigbaarheid en sy heerlikheid as God, ewige Koning en Middelaar te beklemtoon, **sodat sy volgelinge nie deur valse aansprake mislei sal word nie.**

(2) **Die ware toedrag van sake** rakende die wederkoms word ook deur Paulus verkondig **om dwaalleer te weerlê** (2 Tes. 2:2; 4.7). Die *telos* van die openbaring van die voortekens waarsonder die wederkoms nie sal plaasvind nie, is ***kerugma*** **om dwaling te voorkom**. Die spesifieke dwaling wat weerlê word, is dat die wederkoms reeds plaasgevind het, selfs al het die afvalligheid nog nie plaasgevind en die Antichris nog nie op die toneel verskyn nie (2 Tes. 2:3-4; 4.7). Die *telos* van die openbaring van die wederkoms en die misleiding van die wettelose mens wat dit vooraf sal gaan, kan geformuleer word as aansporing om die waarheid van die Evangelie lief te hê **en so misleiding te voorkom** (2 Tes. 2:10, 12; 4.7).

(3) Die **sekerheid** van die wederkoms word verkondig, sodat gelowiges voorbereid en **toegerus kan wees om dwaalleer**, veral die **dwaalleer dat die wederkoms nie sal plaasvind nie**, te weerstaan en te weerlê (2 Pet. 1:16-21; 4.7). Dat daar spotters wat die wederkoms betwyfel op die toneel sal verskyn, word verkondig om hierdie kennis aan die gelowiges oor te dra. **Deur die argumente van die spotters te weerlê** en die ware kennis oor te dra, rus Petrus sy lesers in 2 Petrus 3 toe om **self sulke spotters te weerlê**. Die wederkoms word voorts geopenbaar om die dwaasheid van mense wat dit betwyfel bloot te lê (2 Pet. 3; 4.7). Die *telos* van die openbaring van die **sekerheid** van die wederkoms is dat gelowiges op hulle hoede sal wees om **nie deur die dwaling van beginsellose mense meegesleur** te word en so hulle eie standvastigheid te verloor nie. Kennis van die waarheid oor die wederkoms word oorgedra om gelowiges op hulle hoede te stel teen beginsellose dwaalleraars en om hulle in staat te stel om **nie deur hulle dwaling mislei te word nie.**

(4) As *kerugma* word dit in 2 Petrus 3 (4.7) bekendgemaak dat doelbewuste verkeerde en **misleidende hantering van die Skrif** tot die ondergang van mense wat dit doen, sal lei op die oordeelsdag.

Dit is duidelik dat die kennis van gelowiges oor die wederkoms intens verryk word deur die *kerugma* van die wederkoms aan die hand van παρουσία. Hierdeur word hulle in staat gestel om dwaling en misleiding te herken en te bestry.

### 9.2.2 Die wederkoms word verkondig met die *telos* om gelowiges in die geloof te versterk

In hierdie hoofgroep hoort temas tuis wat innerlikgerigte of geloofgerigte openbaringsdoelwitte bevat en wat gelowiges in die geloof versterk. Die volgende temas word by hierdie hoofgroep ingedeel:

- Die wederkoms word verkondig **om die sekerheid te gee dat die wederkoms beslis sal plaasvind.**

- Die wederkoms word verkondig **as aanmoediging tot bekering**.
- Die wederkoms word verkondig **as aanmoediging om in die ware geloof te volhard.**
- Die wederkoms word verkondig **om te troos**.
- Die wederkoms word verkondig **om geloofsekerheid te bevorder**.
- Die wederkoms word verkondig **om waaksaamheid te bevorder**.
- Die wederkoms word verkondig spesifiek **om Woordbedienaars te bemoedig.**

#### 9.2.2.1 Die wederkoms word verkondig om die sekerheid te gee dat die wederkoms beslis sal plaasvind

Die doel van die openbaring van die wederkoms deur Petrus is om aan gelowiges **die sekerheid te gee dat die Here beslis weer sal kom.** Die sekerheid dat die wederkoms sal plaasvind, word bevestig deur die getuienis van die apostels, van wat hulle gesien en gehoor het, en ook deur die Skrif (2 Pet. 1:16-21; 5.5).

Petrus se weerlegging van die spotters se argumente in 2 Petrus 3 word verkondig om aan gelowiges **sekerheid** te gee oor die wederkoms. God het al ŉ slag die aarde geoordeel en Hy sal weer, want Hy tree konsekwent op (2 Pet. 3; 5.5).

Die wederkoms word deur Jakobus geopenbaar as **bevestiging en vergestalting van God se getrouheid aan sy beloftes.** Die implisiete doelwit is dat gelowiges op die Here se belofte van die wederkoms sal vertrou met die wete dat dit beslis sal plaasvind (Jak. 5:7-8; 5.5).

#### 9.2.2.2 Die wederkoms word verkondig as aanmoediging tot bekering

Een van die temas wat voor die hand liggend skyn te wees, is dat die wederkoms geopenbaar word as oproep en **aanmoediging tot bekering**. Jesus Christus kom immers ook as Regter om te oordeel, soos dit uit die finale betekenisdefinisie van παρουσία blyk (2.1.4).

(1) Die *telos* van die openbaring van die **teken van die Seun van die Mens**, wat die wederkoms sal inlui, en die feit **dat engele die uitverkorenes gaan versamel**, is **dat die ongelowiges hulle sal bekeer** en die gelowiges getroos en in die geloof versterk sal word (Mat. 24:30; 3.1.8).

(2) Die wederkoms word verkondig met die doel dat gelowiges **nie onverhoeds deur die wederkoms betrap word nie** en **nie moet uitstel om hulle te bekeer** nie (Mat 24:36-44; 3.1.8), aangesien die dag en datum van die wederkoms **onbekend** is.

(3) Mense wat **nie in Christus is omdat hulle nie in Hom glo nie**, sal, wanneer Hy weer kom, weg van Hom af tot skande gemaak word en sal vir ewig veroordeel word (1 Joh. 2; 5.5). Petrus openbaar in 2 Petrus 3 (5.5) dat die dag van die wederkoms ook die **oordeelsdag** sal wees. Die *telos* is duidelik: **Sodat ongelowiges hulle sal bekeer** en dat gelowiges bemoedig sal word. Dit word verkondig dat God **genadetyd** gee voor die wederkoms. Die *telos* hiervan is bekering en sodat gelowiges dit as ŉ geleentheid tot verlossing sal beskou en aangryp.

#### 9.2.2.3 Die wederkoms word verkondig as aanmoediging om in die ware geloof te volhard

(1) Te midde van **pogings tot misleiding en te midde van moeilike omstandighede in die wêreld**, word die wederkoms in Matteus 24:13 (3.1.8) aan gelowiges geopenbaar en so word hulle aangemoedig **om in die ware geloof te volhard.** Jesus Christus gaan immers weer kom en Hy sal teenwoordig wees by sy mense as Regeerder, Regter en magtige God, aldus die finale betekenisdefinisie van παρουσία (vgl. 2.1.4). Hy sal sy volgelinge **met hoop vervul** en aan hulle ewige heil skenk, **daarom moet hulle in die ware geloof volhard.**

(2) Die wederkoms word in Jakobus 5:7-8 (5.5) geopenbaar **as naby**. Daarmee word gelowiges **getroos en bemoedig** dat hulle geduld nie lank op die proef gestel sal word nie en word hulle verseker dat die wederkoms beslis sal plaasvind. Die wederkoms word as naby geopenbaar, sodat gelowiges altyd gereed sal wees daarvoor en **in die geloof sal volhard.** Jakobus verkondig voorts die wederkoms in hoofstuk 5:7-8 (5.5) van sy brief met die doelwit dat sy lesers hulle harte sal versterk, dat hulle hulleself innerlik sterk sal maak, deur te wag op die wederkoms.

(3) Die **sekerheid van die wederkoms** word in 2 Petrus 3 (5.5) verkondig sodat gelowiges kan weet dat mense wat die sekerheid betwyfel, hulle **eskatologiese erfenis** in gevaar stel. Sodoende word **gelowiges aangemoedig om toe te neem in die genade in Christus en so hulle eskatologiese erfenis te bewaar.**

(4) Die *telos* van die openbaring dat Jesus Christus beslis weer gaan kom, dat alles gesuiwer sal word en dat die **nuwe hemele en die nuwe aarde** daargestel sal word, is s**odat gelowiges daarna sal streef om deur Jesus Christus in vrede, vlekkeloos en onberispelik bevind te word** (2 Pet. 3; 5.5). As *kerugma* word verkondig dat **nuwe hemele en ŉ nuwe aarde**, waar geregtigheid woon, verwag kan word. Juis daarom moet gelowiges **nou al in die geloof volhard** en so leef soos wat hulle op die nuwe aarde gaan leef (2 Pet. 3; 5.5). Ook Johannes verkondig die wederkoms in 1 Johannes 2 (5.5) met die doel om gelowiges aan te moedig **om met volharding in Christus te bly**; om die status wat hulle in Christus as verloste kinders van

God het te bewaar. Gelowiges wat **volhard, veral in hulle vertroue op God se belofte** van die wederkoms, sal as geseënd beskou word (Jak. 5:10-11; 5.5).

(5) Die doel van die openbaring van die **wederkoms as die tyd van oordeel** is om gelowiges aan te moedig om te doen wat reg is, **om die ware geloof te bely** dat Jesus die Seun van God is wat mens geword het, om hulle te onderwerp aan die ware leer van die opstanding en om in liefde te lewe in die Christelike broederskap (1 Joh. 2: 5.5). Voorts is die *telos* van die openbaring van die παρουσία as die tydstip van die Antichris se veroordeling 'n aansporing vir gelowiges **om vas te staan** in die geloof (2 Tes. 2:8; 4.7).

(6) In die lig van die koms van die Here moet gelowiges **hulle hoop op God stel om hulle gereed te maak vir die wederkoms** deur hulle te heilig en hulle vlekkeloos te bewaar (1 Tes. 5:23; 4.7).

(7) Die *telos* van die openbaring van **die groot afvalligheid** voor die wederkoms is aanmoediging **om te volhard** in die ware geloof (2 Tes. 2:3-4; 4.7). Hierdie **standvastigheid in die geloof** moet deur goeie **Skrifkennis** ondersteun word (2 Tes. 2:13-16; 4.7).

#### 9.2.2.4 Die wederkoms word verkondig om te troos

Een van die temas wat algemeen voorkom as *telos* van die wederkomsopenbaring, is dat die wederkoms geopenbaar word om gelowiges **te troos, te bemoedig en om aan hulle hoop te gee.**

(1) Te midde van ontstellende gebeure in die wêreld **troos** Jesus Christus sy volgelinge **sodat hulle nie ontsteld sal word nie**. Die troos is: Na al hierdie ontstellende dinge sal Hy sigbaar aankom en teenwoordig wees by sy mense, in heerlikheid as Regeerder, Regter en magtige God, wat sy volgelinge met hoop sal vervul en tot in ewigheid by hulle sal bly (Mat. 24:6; 3.1.8). Die *telos* van die openbaring van die teken van die Seun van die Mens, wat die wederkoms inlui, en die feit dat engele die uitverkorenes gaan versamel, is **dat die gelowiges getroos sal word** en in die geloof versterk sal word (Mat. 24:30; 3.1.8).

(2) Te midde van **pogings tot misleiding en te midde van moeilike omstandighede** in die wêreld, word die wederkoms aan gelowiges geopenbaar in Matteus 24:13 (3.1.8) en **so word hulle getroos** en word hulle **hoop versterk**. Jesus Christus sal immers na sy wederkoms sigbaar teenwoordig wees by sy mense as Regeerder, Regter en magtige God. Hy sal sy volgelinge met hoop vervul en aan hulle ewige heil skenk (vgl. 2.1.4).

(3) Gelowiges word ook **bemoedig** met die wete dat die wederkoms **die tyd van verlossing** vir die gelowiges en veroordeling van die ongelowiges sal wees (Jak. 5:7-8; 5.5). In 1

Tessalonisense 2:19-20 (4.7) word die wederkoms **troosvol** verkondig as die dag waarop getroue gelowiges finaal **uit genade verlos sal word** as die vrug van getroue Woordbedienaars se harde werk. Die wederkoms is ook die tydstip wanneer gelowiges **met die Here verenig** sal word (2 Tes. 2:1; 4.7).

(4) In 1 Tessalonisense 4:13-18 (4.7) word die wederkoms verkondig met die **troos dat gelowiges wat gesterf het reeds by die Here is** en dat hulle nie van die Here geskei sal word met sy wederkoms nie. Die *telos* van die openbaring van die wederkoms as die dag wanneer gelowiges wat reeds gesterf het, saam met die Here Jesus sal kom met sy wederkoms (1 Tes. 3:13; 4.7) en as die dag van die opstanding uit die dood (1 Kor.15:23; 4.7), is **om gelowiges te troos** met die heilsfeit dat die dooies liggaamlik sal opstaan uit die dood op die dag van die wederkoms en dat gelowiges weer met hulle gestorwe geliefdes verenig sal word. Onkunde oor die ontslapenes se lot, wat tot 'n heidense getreur kan lei, word uit die weg geruim deur kennis oor te dra oor wat met die ontslapenes gebeur. **So word troos en hoop vir gelowiges** wat gelowige geliefdes aan die dood afgestaan het gegee (1 Tes. 4:13-18; 4.7). Alhoewel gelowiges wat gesterf het reeds by die Here is, word hulle geliefdes **getroos** met die openbaring dat hulle nie van die Here geskei sal word met sy wederkoms nie (1 Tes. 4:13-18; 4.7). Treurende gelowiges word nie net hierdeur getroos nie, maar **kan mekaar ook vertroos** wanneer geliefdes sterf, met die woorde van 1 Tessalonisense 4:13-18 (4.7).

(5) Die Antichris word vanuit perspektief van die wederkoms geskilder om die gelowiges **te bemoedig** vir dit wat voorlê (2 Tes. 2:3-4; 4.7). Die doel van die openbaring van die παρουσία as die tydstip van vernietiging van die Antichris is **troos** vir die gelowiges (2 Tes. 2:8; 4.7).

(6) Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is dat gelowiges sal **volhard met die wete dat die Here ook met hulle lewens 'n doel het** en dat Hy hulle in hulle moeilike omstandighede **sal troos en bystaan** met sy medelye en ontferming (Jak. 5:10-11; 5.5).

(7) Jakobus (5:7-8; 5.5) verkondig die wederkoms met die doel dat Christene **nie die reg in eie hande sal neem** of wraak sal neem op verdrukkers nie, maar sodat hulle berusting sal vind daarin dat daar 'n dag sal aanbreek wanneer al die teëslae in die wêreld omgekeer gaan word. **Die gelowiges word getroos en bemoedig deur die wete dat die wederkoms die afsnypunt is,** die eindpunt waar alle teëspoed en beproewings en verdrukking beëindig sal word. Die *telos* van die openbaring dat die wederkoms **naby** is, is om verdrukte gelowiges **daarmee te troos dat die verdrukkers binnekort deur die Regter veroordeel sal word** (Jak. 5:9; 5.5).

(8) Petrus (2 Pet. 3; 5.5) verkondig **as troos** dat God se tydsberekening met betrekking tot die wederkoms anders as mense s'n is. Die feit dat die wederkoms nog nie plaasgevind het nie, is

geen bewys dat die wederkoms nie sal plaasvind nie. **Die heerlike troos is dat die wederkoms beslis sal plaasvind.**

#### 9.2.2.5 Die wederkoms word verkondig om geloofsekerheid te bevorder

Die wederkoms word verkondig met die *telos* om geloofsekerheid te bevorder. Die sekerheid van die wederkoms (vgl. 9.2.2.1) bevorder geloofsekerheid. Met geloofsekerheid word bedoel die vaste en seker wete wat gelowiges behoort te hê dat hulle verlossing in Jesus Christus vasstaan en dat hulle uit genade die ewige lewe sal ontvang. **Die wederkoms sal immers die bevestiging wees dat die gelowiges nie tevergeefs geglo het nie.** Die wederkoms sal die ewige lewe in al sy volheid en heerlikheid vir die gelowiges inlei. Dit is dus te wagte dat geloofsekerheid een van die openbaringsdoelwitte van die wederkoms sal wees.

(1) Jesus openbaar in Matteus 24:32-35 (3.1.8) dat sy wederkoms beslis sal plaasvind met die *telos* dat die nuwe volk van God **kan leef uit die sekerheid** dat die wederkoms beslis sal plaasvind **en dat hulle ewige eindbestemming as verlostes vasstaan.** Gelowiges wat vashou aan die sekerheid van die wederkoms sal uit genade met die eskatologiese erfenis beloon word (2 Pet. 3; 5.5).

(2) Die wederkoms word verkondig as **die gebeurtenis wat die waarheid van die Woord onteenseglik sal bevestig,** sodat gelowiges die Woord onwrikbaar sal glo (2 Pet. 1:16-21; 5.5). Sekerheid van die wederkoms **bevorder dus sekerheid van die waarheid van God se Woord en daarom ook geloofsekerheid.**

(3) Die **oordeel** en die vernietiging van goddelose mense, wat met die wederkoms gepaard sal gaan, word verkondig **om gelowiges sekerheid te gee van hulle verlossing en om hulle te bemoedig** (2 Pet. 3; 5.5).

(4) Die doel van die openbaring van die wederkoms, as aansporing om in Christus te bly, is dat gelowiges toegangsreg (vgl. 5.4.1) tot Hom kan hê met sy wederkoms. Die doel is om παρρησία by die παρουσία te bevorder (1 Joh. 2; 5.5). Hierdie **παρρησία** sluit die **vaste wete in dat gelowiges se ewige verlossing in Christus vasstaan.**

(5) Voorts openbaar Johannes (1 Joh. 2; 5.5) die wederkoms nie net sodat gelowiges geregtigheid sal doen nie, maar ook **sodat hulle daardeur geloofsekerheid sal verkry**. Die doel van die openbaring van die wederkoms is *kerugma* wat tot **geloofsekerheid, geloofsvreugde en geloofsversterking** lei (1 Joh. 2; 5.5).

#### 9.2.2.6 Die wederkoms word verkondig om waaksaamheid te bevorder

Jesus openbaar in Matteus 24:32-35 (3.1.8) en 24:36-44 (3.1.8) dat sy wederkoms beslis sal plaasvind **sodat die nuwe volk van God waaksaam kan wees**. Met dieselfde doel openbaar Jesus die onbekendheid van die dag van die wederkoms – sodat sy volgelinge **voortdurend waaksaam** en op hulle hoede kan wees en gereed kan wees vir die wederkoms. Die openbaringsdoelwit kan ook negatief geformuleer word: Jesus openbaar die onbekendheid van die dag van die wederkoms, sodat sy volgelinge nie onverhoeds betrap sal word wanneer die dag aanbreek nie en sodat hulle nie moet uitstel om hulle te bekeer nie. **Waaksame gelowiges** sal nie onverhoeds deur die koms van hulle Here betrap word nie.

#### 9.2.2.7 Die wederkoms word verkondig spesifiek om Woordbedienaars te bemoedig

Die wederkoms word verkondig as die dag waarop gelowiges finaal uit genade verlos sal word **as die vrug van getroue Woordbedienaars se harde werk** (1 Tes. 2:19-20; 4.7). Hierdie heerlike vrug dien as **aansporing vir Woordbedienaars** om te volhard in hulle diens, om onverpoosd te werk met die oog op daardie dag en om uit te sien na die bekroning van hulle arbeid en die ewige vreugde wat uit genade hulle deel sal word (4.7).

Paulus se verkondiging van die dinge van die wederkoms word voorgehou as voorbeeld, sodat Woordverkondigers dit volhardend kan navolg (2 Tes. 2:5; 4.7).

Ook Jakobus openbaar die wederkoms met die doel **dat verkondigers van die Woord met geduld sal aanhou om die Evangelie te verkondig** in die tyd wat die wederkoms voorafgaan, selfs al bring dit lyding vir hulle mee (Jak. 5:10-11; 5.5).

### 9.2.3 Die wederkoms word verkondig met die *telos* om gelowiges tot ’n daadkragtige geloofslewe aan te spoor

In hierdie hoofgroep hoort temas tuis wat daadgerigte of gedragsbepalende openbaringsdoelwitte bevat en wat gelowiges tot ’n daadkragtige geloofslewe aanspoor. Die volgende temas word by hierdie hoofgroep ingedeel:

- Die wederkoms word verkondig as aanmoediging **om voor te berei vir die koms van die Here.**
- Die wederkoms word verkondig as aanmoediging **om die Here getrou te dien.**
- Die wederkoms word verkondig as aanmoediging **om heilig te lewe.**
- Die wederkoms word verkondig as aanmoediging tot **gebed.**

- Die wederkoms word verkondig as aanmoediging **om die Woord te verkondig.**
- Die wederkoms word verkondig as aanmoediging **om liefde te bewys.**
- Die wederkoms word verkondig as aanmoediging **om kalm te bly.**
- Die wederkoms word verkondig as aanmoediging **om die Skrif lief te hê en reg te hanteer.**

#### 9.2.3.1 Die wederkoms word verkondig as aanmoediging om voor te berei vir die koms van die Here

**Die koms van die Here verg voorbereiding.** Dit is reeds duidelik uit die finale betekenisdefinisie van παρουσία dat die Here se volgelinge sal voorberei vir sy koms (vgl. 2.1.4).

(1) Die παρουσία van Jesus Christus word in 1 Tessalonisense 3:13 (4.7) geopenbaar, sodat gelowiges sal bid **dat God hulle daarvoor gereed sal maak.** Gelowiges moet voorberei vir die koms, nie net **deur te bid vir die heiligende werk van God in hulle nie**, maar ook **deur oorvloedige liefde te bewys** (1 Joh. 2; 5.5). Ook Petrus moedig sy lesers aan **om gereed te maak** vir die koms van die Here (2 Pet. 3; 5.5).

(2) Aangesien die finale betekenisdefinisie van παρουσία inhou dat Jesus as **Regter** gaan kom en dat die wederkoms met die komende oordeelsdag sal saamval, is die *telos* van die openbaring van die wederkoms ŉ aanmoediging en ŉ oproep om alles in die stryd te werp **om in Christus bevind te word** (2 Pet. 3; 5.5). Petrus verkondig die onverwagsheid van die wederkoms, sodat gelowiges heeltyd en altyd gereed sal wees daarvoor (2 Pet. 3; 5.5).

(3) Die *telos* van die openbaring van die wederkoms in 2 Petrus 3 (5.5) as die dag waarop **die verlossing van die gelowiges** voltooi sal word, is dat gelowiges aangemoedig word **om na die aanbreek van die dag van God uit te sien** en dit te **probeer bespoedig**. Die dag word bespoedig **deur ŉ heilige lewe te lei, deur te bid vir die wederkoms en deur die Evangelie te verkondig**. Die feit dat die Here Jesus weer gaan kom om ŉ volmaakte bedeling van geregtigheid daar te stel, word geopenbaar sodat gelowiges gretig daarna sal uitsien en **hulle lewenswyse daarvolgens sal inrig.**

#### 9.2.3.2 Die wederkoms word verkondig as aanmoediging om die Here getrou te dien

Hierdie tema, naamlik dat die wederkoms verkondig word **as aanmoediging om die Here getrou te dien,** kom algemeen voor by die verkondiging van die wederkoms aan die hand van παρουσία. Hierdie tema fokus op hoe die openbaring van die wederkoms die **gelowiges se**

**gedrag behoort te bepaal**. Aangesien daar heelwat openbaringsdoelwitte geïdentifiseer is wat tot ŉ heilige lewe moet lei, word hierdie openbaringsdoelwitte in ŉ aparte tema (9.2.3.3) bespreek. Oorvleueling bly egter onvermydelik.

(1) Die *telos* van die openbaring van die wederkoms in 1 Tessalonisense 2:19-20 (4.7) is om gelowiges aan te moedig **om die Here getrou te dien**. Die *telos* van die openbaring van die groot afvalligheid voor die wederkoms is aanmoediging om te volhard in die ware geloof en daarom **ook soos gelowiges te lewe** (2 Tes. 2:3-4; 4.7).

(2) Ook Jakobus (5:9; 5.5) openbaar die wederkoms met die oog daarop **om gelowiges se optrede op die regte pad te rig.** Die wederkoms word byvoorbeeld geopenbaar met die *telos* **dat Christene nie oor mekaar sal kla nie,** sodat hulle nie geoordeel sal word nie. Jakobus openbaar die wederkoms as naby en as tyd van oordeel, **sodat gelowiges reg teenoor mekaar sal optree.**

(3) **Die sentrale plek wat die Woord van God in gelowiges se lewens moet inneem,** word ook gekoppel aan die openbaring van die wederkoms. Die wederkoms word verkondig, sodat gelowiges op die Skrif sal fokus en om hulle aan te moedig om daarmee te volhard tot met die wederkoms, sonder om op hulle eie uitleg te vertrou en deur te bly vashou aan die inspirasie van die Skrif deur die Heilige Gees (2 Pet. 1:16-21; 5.5). Die wederkoms, wat beslis sal aanbreek, word verkondig as die gebeurtenis **wat die waarheid van die Woord onteenseglik sal bevestig,** sodat gelowiges die Woord onwrikbaar sal glo (2 Pet. 1:16-21; 5.5). Voorts word die wederkoms verkondig met die *telos* dat gelowiges ŉ gesonde Skrifkennis sal hê en die Skrif verantwoordelik en reg sal hanteer (2 Pet. 3; 5.5).

(4) Die **komende oordeelsdag**, wat met die dag van die wederkoms saamval, word geopenbaar as ŉ aanmoediging en ŉ oproep om in die praktyk van elke dag se lewe **alles in die stryd te werp om in Christus bevind te word** (2 Pet. 3; 5.5). Daar sal immers onverwags ŉ dag aanbreek, die dag van die Here se oordeel, wanneer die genadetyd verstreke sal wees. Die dag van die wederkoms word geopenbaar, sodat gelowiges nie deur die spotters, wat die aanbreek van die dag van die wederkoms betwyfel, van stryk gebring sal word nie, maar sodat hulle sal volhard in hulle vertroue op God se belofte en daarom in ŉ toegewyde lewe van **vrug dra volhard** (2 Pet. 3; 5.5).

(5) Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is dat gelowiges aangemoedig sal word om na die aanbreek van die dag van God uit te sien en dit te **probeer bespoedig met ŉ toegewyde lewe** (2 Pet. 3; 5.5).

(6) Die wederkoms word verkondig met die *telos* **dat Jesus Christus vereer en verheerlik sal word** in die daaglikse lewe van die gelowige. Die hoogste eer moet aan Hom gegee word, want die ewige verlossing en die volharding van die gelowiges is by uitstek aan Hom te danke (2 Pet. 3; 5.5).

(7) Die wederkoms word in 1 Tessalonisense 4:9-12 (4.7) geopenbaar, **sodat gelowiges hulle daaglikse werk getrou sal doen,** Bybelse werksetiek sal toepas en hulle roeping getrou sal vervul. Hierdie Bybelse uitkyk op hulle daaglikse werk in die lig daarvan dat die Here Jesus weer gaan kom, sal hulle verhinder om hulle op die verkeerde manier met ander se sake te bemoei. Ook hierin moet die gelowiges daarop ingestel wees **om eerbaar te leef** in die oë van buitestaanders, deurdat gelowiges wat nog kan werk nie van ander afhanklik sal word nie.

(8) As *kerugma* word verkondig **dat nuwe hemele en 'n nuwe aarde, waar geregtigheid woon,** verwag kan word. Juis daarom moet gelowiges **nou al so leef soos wat hulle op die nuwe aarde gaan leef** (2 Pet. 3; 5.5). Die *telos* van die openbaring dat Jesus Christus beslis weer gaan kom, dat alles vernietig sal word en dat die nuwe hemele en die nuwe aarde daargestel sal word, is: **Sodat gelowiges daarna sal streef om deur Jesus Christus in vrede, vlekkeloos en onberispelik bevind te word** (2 Pet. 3; 5.5).

#### 9.2.3.3 Die wederkoms word verkondig as aanmoediging om heilig te lewe

Hierdie ***telos***, om **aan te spoor tot 'n heilige lewe**, kom ook algemeen voor by die verkondiging van die wederkoms aan die hand van παρουσία.

(1) Dat die wederkoms **beslis gaan plaasvind**, maar ook die feit dat die tydstip daarvan onbekend is, moet Jesus se volgelinge troos en aanmoedig **om heilig te lewe** soos mense wat die wederkoms en die gepaardgaande oordeel verwag (Mat. 24:36-44; 3.1.8).

(2) In die lig daarvan dat die Here Jesus weer sal kom, moet gelowiges daarna streef **om vlekkeloos in heiligheid te wees** (1 Tes. 3:13; 4.7). Hierdie heiligheid moet veral neerslag vind in **'n heilige huwelikslewe**, aldus 1 Tessalonisense 4:1-8 (4.7). In die Skrifgedeelte word die wederkoms geopenbaar sodat:

- Gelowiges **onsedelikheid sal vermy**, onder andere deur hoerery te vermy.
- Die **huwelik heilig** gehou sal word, onder andere deurdat elkeen sy eie vrou in heiligheid en eerbaarheid sal verkry.
- Gelowiges **nie inbreuk sal maak op die huwelik van 'n ander** en hulle so te benadeel nie.

- Gelowiges **die gesag van die Woord van God gehoorsaam** sal aanvaar in hierdie opsig.

Ook Petrus verkondig die wederkoms in sy tweede brief, hoofstuk 3, met die *telos* dat gelowiges **nie onsedelik en wetteloos** sal lewe nie, maar gehoorsaam en sedelik, juis omdat hulle die παρουσία verwag (4.7). Voorts verkondig hy dat die wederkoms gepaard sal gaan met kosmiese katastrofes wat die skepping nie sal vernietig nie, maar deur vuur sal suiwer. Die *telos* is dat gelowiges die ernstige gevolge konsekwensies van die wederkoms ter harte sal neem **en daarom ’n heilige lewe sal lei.** Hy moedig sy lesers ook aan om die wederkoms te probeer bespoedig deur ’n heilige lewe te lei. Die feit dat die Here Jesus weer gaan kom om ’n volmaakte bedeling van geregtigheid daar te stel, word geopenbaar sodat gelowiges gretig daarna sal uitsien en **hulle lewenswyse** daarvolgens sal inrig (2 Pet. 3; 5.5). As *kerugma* word verkondig dat die wederkoms die genadetyd sal beëindig en die verlossing dan nie meer beskikbaar sal wees nie. Gelowiges moet dus die tyd uitkoop en die geleentheid tot verlossing aangryp **deur heilig te lewe** (2 Pet. 3; 5.5).

Johannes verkondig ook die wederkoms met die *telos* dat gelowiges **rein**, dit is heilig, sal lewe (1 Joh. 3; 5.5).

#### 9.2.3.4 Die wederkoms word verkondig as aanmoediging tot gebed

Die wederkoms word soms geopenbaar **om gelowiges aan te spoor tot gebed**. Die παρουσία van Jesus Christus word byvoorbeeld aan ons geopenbaar, sodat ons ook **sal bid dat God ons daarvoor gereed sal maak**. Ons moet voorberei vir die koms van ons Koning deur te bid vir die heiligende werk van God in ons (1 Tes. 3:13; 4.7) en deur te bid om die heiligende werk van die Heilige Gees in ons (1 Tes. 4:1-8; 4.7). Ook in 1 Tessalonisense 5:23 (4.7) kom dié openbaringsdoelwit voor: **Sodat gelowiges sal bid vir hulle eie heiligmaking en vir die van hulle medegelowiges.** Die wederkoms word geopenbaar sodat gelowiges sal probeer om die dag te bespoedig, onder andere deur daarvoor te bid (2 Pet. 3; 5.5).

#### 9.2.3.5 Die wederkoms word verkondig as aanmoediging om die Woord te verkondig

Die wederkoms word soms geopenbaar om gelowiges **aan te moedig om missionaal op te tree deur die Evangelie te verkondig.** Dit sluit in dat die boodskap van die koms van ons Here ook verkondig sal word.

(1) In 1 Tes. 2:19-20 (4.7) word die wederkoms byvoorbeeld verkondig as die dag waarop getroue gelowiges finaal uit genade verlos sal word as die vrug van getroue Woordbedienaars se harde werk. Indirek is dit dus **’n opdrag om die Woord wat tot verlossing lei, uit te dra.**

(2) **Paulus se verkondiging van die dinge van die wederkoms word voorgehou as voorbeeld,** sodat Woordverkondigers dit kan navolg en soos hy sal volhard in verkondiging van die Evangelie (2 Tes. 2:5; 4.7). Die wederkoms word ook verkondig met die *telos* dat die Evangelie van Jesus Christus volledig kan wees en so verkondig sal word (2 Pet. 1:16-21; 5.5).

(3) 'n Baie duidelike *telos* vir die verkondiging van **die genadetyd** voor die wederkoms is **missionaal**: Gelowiges moet die tyd uitkoop **deur die Evangelie van verlossing in Christus te verkondig** (2 Pet. 3; 5.5). Verder word geopenbaar dat gelowiges die dag moet probeer bespoedig deur die Evangelie te verkondig (2 Pet. 3; 5.5).

#### 9.2.3.6 Die wederkoms word verkondig as aanmoediging om liefde te bewys

Paulus verkondig die wederkoms met die *telos* dat gelowiges voortdurend daarna sal streef om hulle medegelowiges **steeds meer oorvloedig lief te hê,** soos wat die Heilige Gees hulle ook geleer het (1 Tes. 4:9-12; 4.7). Hierdie liefde sal ook nie net tot die eie gemeente beperk wees nie, maar sal veel wyer strek. So sal hulle eerbaar leef in die oë van buitestaanders. Ook Johannes verkondig die wederkoms as **aanmoediging om in liefde te lewe** in die Christelike broederskap (1 Joh. 2; 5.5).

#### 9.2.3.7 Die wederkoms word verkondig as aanmoediging om kalm te bly

(1) Paulus verkondig die wederkoms met die doel dat gelowiges voortdurend daarna sal streef **om rustig en kalm te bly** en om nie perspektief te verloor of te oorreageer nie (1 Tes. 4:9-12; 4.7). Daardeur sal hulle eerbaar in die oë van buitestaanders kan leef. Ook in sy tweede brief aan die Tessalonisense verkondig Paulus die ware toedrag van sake rakende die wederkoms **om rustigheid en kalmte te bewerk** (2 Tes. 2:2; 4.7).

(2) Jakobus verkondig die wederkoms **om te verhoed dat gelowiges sal oorreageer.** Sy *telos* is dat Christene nie die reg in eie hande sal neem of wraak sal neem op hulle verdrukkers nie, maar dat hulle berusting sal vind daarin dat daar 'n dag sal aanbreek wanneer al die teëslae in die wêreld omgekeer gaan word (Jak. 5:7-8; 5.5). Sy *telos* is voorts dat gelowiges **rustig sal wag en geduldig sal wees**, sonder om te kla, ten spyte van moeilike omstandighede, totdat die wederkoms plaasvind (Jak. 5:7-8; 5.5).

#### 9.2.3.8 Die wederkoms word verkondig as aanmoediging om die Skrif lief te hê en reg te hanteer

Die *telos* van die openbaring van die wederkoms en die misleiding deur die wettelose mens wat dit vooraf sal gaan, kan geformuleer word **as aansporing om die waarheid van die Evangelie, soos vervat in die Skrif, lief te hê** (2 Tes 2:10, 12; 4.7). Voorts is die *telos* van die openbaring

van die wederkoms dat gelowiges 'n **gesonde Skrifkennis** sal opbou wat tot standvastigheid in die geloof sal lei (2 Tes. 2:13-16; 4.7). Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is ook standvastigheid in die geloof wat **deur Skrifkennis** bewerkstellig word (2 Tes. 2:13-16; 4.7)

### 9.3 Die *telos* van die openbaring van die wederkoms aan die hand van ἀποκαλύπτω, ἀποκάλυψις; ἐπιφάνεια; φανερόω; ἔρχομαι en ἡμέρα

In hierdie afdeling word die navorsingsresultate oor die *telos* van die openbaring van die wederkoms aan die hand van elk van die ander wederkomswoorde, naamlik ἀποκαλύπτω, ἀποκάλυψις (vgl. 6.1.3); ἐπιφάνεια (vgl. 6.2.3); φανερόω (vgl. 6.3.3); ἔρχομαι (vgl. 7.3) en ἡμέρα (vgl. 8.3) gesistematiseer en met dié van παρουσία (vgl. 9.2) geïntegreer en vergelyk.

Aangesien die studie besondere fokus plaas op die *telos* van die openbaring van die wederkoms aan die hand van παρουσία, word παρουσία telkens as die basis van vergelyking gebruik.

'n Analise van die navorsingsresultate oor die *telos* van die openbaring van die wederkoms aan die hand van die wederkomswoorde ἀποκαλύπτω, ἀποκάλυψις; ἐπιφάνεια; φανερόω; ἔρχομαι en ἡμέρα (vgl. 6.1.3; 6.2.3; 6.3.3; 7.3 en 8.3) toon aan dat daar, net soos in die geval van παρουσία (vgl. 9.2), drie algemene of hoofgroepe is waarby al die openbaringsdoelwitte ingedeel kan word. Dit blyk naamlik by hierdie groep woorde dat die wederkoms geopenbaar word met die *telos*:

1. **Om kennis oor te dra.**

2. **Om gelowiges in die geloof te versterk.**

3. **Om gelowiges tot 'n daadkragtige geloofslewe aan te spoor.**

Hierdie drie hoofgroepe kan beskou word as die algemeenste sistematisering van die *telos* van die openbaring van die wederkoms aan die hand van ἀποκαλύπτω, ἀποκάλυψις; ἐπιφάνεια; φανερόω; ἔρχομαι en ἡμέρα.

Voorts blyk dit dat, indien die geïdentifiseerde openbaringsdoelwitte in hierdie drie hoofgroepe ingedeel word, daar verskillende temas te voorskyn tree waarby die openbaringsdoelwitte verder ingedeel kan word en dat hierdie temas feitlik amper sonder uitsondering ooreenkom met die temas wat by παρουσία geïdentifiseer is (vgl. 9.2.1; 9.2.2 en 9.2.3).

In hierdie afdeling word al die vasgestelde openbaringsdoelwitte wat by ἀποκαλύπτω, ἀποκάλυψις; ἐπιφάνεια; φανερόω; ἔρχομαι en ἡμέρα (vgl. 6.1.3; 6.2.3; 6.3.3; 7.3 en 8.3) voorkom, opsommenderwys in hierdie drie hoofgroepe ingedeel en in die temas gesorteer.

Uiteraard sal daar ŉ mate van oorvleueling wees, aangesien sommige openbaringsdoelwitte in meer as een tema en meer as een hoofgroep ingedeel kan word.

Ten slotte word ŉ skematiese samevatting gegee waarin ŉ vergelyking getref word tussen die *telos* van die openbaring van die wederkoms aan die hand van παρουσία en die *telos* van die openbaring van die wederkoms aan die hand van ἀποκαλύπτω, ἀποκάλυψις; ἐπιφάνεια; φανερόω; ἔρχομαι en ἡμέρα.

### 9.3.1 Die wederkoms word geopenbaar met die *telos* om kennis oor te dra

#### 9.3.1.1 Die wederkoms word geopenbaar met die *telos* om kennis oor die wyse van die wederkoms oor te dra

9.3.1.1.1 Om kennis oor die wyse van die wederkoms oor te dra aan die hand van **ἐπιφάνεια** (6.2.3)

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms as die tydstip van vernietiging van die Antichris is om hierdie kennis oor te dra en so by te dra tot die *kerugma* van die wyse van die wederkoms (2 Tes. 2:8).

9.3.1.1.2 Om kennis oor die wyse van die wederkoms oor te dra aan die hand van **φανερόω** (6.3.3)

- Die wederkoms word as *kerugma* geopenbaar met die *telos* dat gelowiges sal weet **dat hulle soos Christus sal wees** wanneer Hy kom en ook **dat hulle Hom sal sien soos Hy is** (1 Joh. 3:2).

- Voorts is die doel van die openbaring van die wederkoms ***kerugma*** wat tot geloofsekerheid, geloofsvreugde en geloofsversterking lei (1 Joh. 3:2).

9.3.1.1.3 Om kennis oor die wyse van die wederkoms oor te dra aan die hand van **ἔρχομαι** (7.3)

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is dat gelowiges sal weet **dat Jesus Christus met sy engele gaan kom** en Hy beklee kom **met die heerlikheid van sy Vader,** in sy koningsheerskappy, oftewel in sy koninklike waardigheid (Mat. 16:27-28).

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is om bekend te maak dat Jesus weer gaan kom **om elkeen te kom vergeld vir wat hy gedoen het** (Mat. 16:27-28).

- Jesus Christus openbaar dat Hy as “Seun van die Mens” gaan kom. Sy *telos* daarmee is om sy volgelinge daaraan te herinner dat **Hy weer sal kom as God, ewige Koning en Middelaar** (Mat. 24:30).

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is dat mense sal weet dat hulle op die dag **beloon of gestraf** sal word op grond van hoe hulle hulle rentmeesterskap volvoer het (Mat. 24:45-51).

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is die bekendmaking van die volgende feite: **Jesus gaan in heerlikheid kom** en al **die engele** saam met Hom en **dan sal Hy op sy glansryke troon gaan sit om te oordeel** (Mat. 25:3; Mark. 8:38).

- **Kennis oor die gebeure wat die wederkoms vooraf moet gaan**, word verkondig as *kerugma,* sodat gelowiges nie deur vals aansprake oor die wederkoms mislei sal word nie (Mark. 13:26). Die volgende gebeure word geopenbaar as gebeure wat eers moet plaasvind voordat die wederkoms sal plaasvind: **Vals aansprake** oor die wederkoms sal gemaak word; **vals profete en christusse** wat tekens en wonders doen moet hulle verskyning maak; die tydperk van die **verdrukking** moet aanbreek; **kosmiese katastrofes** moet plaasvind (Mark. 13:26). Die *telos* is voorts om gelowiges op die kosmiese katastrofes voor te berei en om die kennis aan hulle oor te dra dat die wederkoms dan **naby** sal wees (Luk. 12:27).

- Die wyse van die koms van Jesus Christus word geopenbaar as dat Hy **op die wolke met groot krag en heerlikheid sal kom**. Hierdeur word gelowiges in die geloof versterk, ook te midde van die gebeure wat die wederkoms voorafgaan (Mark. 13:26).

- Dit word geopenbaar dat die Here Jesus sy **engele sal uitstuur** met sy wederkoms om sy uitverkorenes van elke denkbare plek af te versamel. Die *telos* van die openbaring is om die gelowiges te vertroos met die kennis dat hulle nie verlore sal gaan nie, maar verlos sal word (Mark. 13:26).

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is *kerugma,* naamlik dat Jesus weer gaan kom **in sy heerlikheid en dié van die Vader en die heilige engele** (Luk. 9:26).

- Die doel van die openbaring van die wederkoms is die verkondiging dat Jesus **sigbaar op ’n wolk sal kom met groot krag en groot heerlikheid** (Luk. 12:27).

- Die doel van die openbaring van die **onverwagsheid** van die wederkoms is dat mense nie hulle verantwoordelikhede teenoor die Here sal uitstel nie en dat die wat

ongehoorsaam en onbetroubaar is **hulle sal bekeer,** aangesien dit te laat sal wees om dit te doen wanneer die wederkoms aanbreek (Mat. 24:45-51).

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is om die kennis oor te dra dat dit **die dag is waarop alle dinge aan die lig gebring sal word**, selfs die dinge wat in die duisternis gedoen is en selfs ook die bedoelings van mense se harte (1 Kor. 4:5).

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is onderrig **om die wese van die nagmaal reg te verstaan,** naamlik dat dit verkondiging is van die dood van die Here totdat Hy kom (1 Kor. 11:26).

- Die wederkoms word verkondig met die doel dat gelowiges sal besef dat hulle **verlossing** tans onvoltooid is, maar dat dit **voltooi sal word** met die wederkoms (1 Kor. 11:26).

- Die doel van die openbaring van die wederkoms is om gelowiges te verseker dat **dit net 'n baie kort rukkie** is voordat die Here sal kom en dat Hy nie sal talm nie (Heb. 10:37).

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is die *kerugma* dat dit deel van die wese van God is **om na mense toe te kom** en dat Hy finaal in Christus sal kom **om alles te kom voleindig** met oordeel en verlossing (Openb. 1:4-8).

- Die doel van die openbaring van die wederkoms is om te verkondig Wie dit is wat kom: **Hy is Jesus Christus** wat saam met die Vader en die Heilige Gees die **Almagtige God** is. Hy is die **betroubare getuie**, die **Eersgeborene** van die dooies en die **heerser** oor die konings van die aarde. Hy is die Een vir wie ons liefhet en Hy het ons deur sy bloed van ons sondes verlos. Hy het ons 'n koninkryk gemaak van priesters vir God, sy Vader, en aan Hom kom die heerlikheid en die sterkte toe, vir ewig en ewig (Openb. 1:4-8).

- Die wyse van die wederkoms word geopenbaar om die volgende kennis oor te dra: **Jesus Christus sal met die wolke kom, sigbaar vir almal**, ook vir die wat Hom met sy kruisiging deurboor het, en al die volke op die aarde sal oor Hom treur (Openb. 1:4-8).

- Die doel van die openbaring van die wederkoms is om die kennis aan die gelowiges oor te dra dat die wederkoms **'n kardinale plek in die raadsplan** van God inneem (Openb. 22:7).

9.3.1.1.4 Om kennis oor die wyse van die wederkoms oor te dra aan die hand van **ἡμέρα** (7.3)

- Die doel van die openbaring van die wederkoms is om die kennis oor te dra dat dit ook die **dag van die opstanding uit die dood** is (Joh. 6:54).

- Die wederkoms word verkondig as **die dag van vryspraak van die gelowiges** as die gevolg van God se werk in hulle (1 Kor. 1:8).

- Die ware toedrag van sake rakende die wederkoms word verkondig **om kennis van die waarheid oor te dra,** dit wil sê as *kerugma (*2 Tes. 2:2).

- Die ware toedrag van sake rakende die wederkoms word verkondig sodat mense sal weet **dat die wederkoms nog nie plaasgevind het nie** (2 Tes. 2:2).

- Die ware toedrag van sake rakende die wederkoms word so verkondig dat mense sal weet **dat die begrippe παρουσία en ἡ ἡμέρα τοῦ κυρίου na dieselfde gebeurtenis verwys**, naamlik die wederkoms van die Here Jesus Christus (2 Tes. 2:2).

- Die wederkoms word geopenbaar as die **dag waarop gelowiges ŉ genadeloon sal ontvang** vir hulle dienswerk, as *kerugma (*2 Tim. 1:18).

- Dit word as *kerugma* bekendgemaak dat die dag van die wederkoms gepaard sal gaan met **kosmiese katastrofes** wat die skepping nie sal vernietig nie, maar deur vuur sal suiwer. Die *telos* is dat gelowiges die ernstige gevolge van die wederkoms ter harte sal neem en daarom ŉ heilige lewe sal lei (2 Pet. 3:10).

- Oor die **kosmiese katastrofe**s wat met die wederkoms gaan plaasvind, word die volgende as *kerugma* geopenbaar: (1) **Die hemele** sal met ŉ gedruis tot ŉ einde kom, (2) **die elemente** sal uitbrand en vergaan en (3) **die aarde** en wat daarop gedoen is, sal ontbloot word. Die *telos* van hierdie openbaring is om kennis oor die kosmiese katastrofe oor te dra (2 Pet. 3:10).

- Die doel van die openbaring van die wederkoms is om die kennis oor te dra **dat die oordeelsdag kom** en dat niemand, nie eens engele dit sal ontvlug nie (Jud. 6).

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is dat die kennis oorgedra word **dat God op die dag van die wederkoms die Godvyandige nasies vir altyd sal vernietig** (Openb. 6:14).

#### 9.3.1.2 Die wederkoms word geopenbaar met die *telos* om kennis oor te dra wat dwaalleer weerlê en misleiding voorkom

9.3.1.2.1 Om kennis oor te dra wat dwaalleer weerlê en misleiding voorkom aan die hand van van **ἔρχομαι** (7.3)

- **Die gebeure wat die wederkoms vooraf moet gaan**, word verkondig as *kerugma,* sodat gelowiges **nie deur vals aansprake** oor die wederkoms **mislei** sal word nie (Mark. 13:26).

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is onderrig **om die wese van die nagmaal reg te verstaan,** naamlik dat dit verkondiging is van die dood van die Here totdat Hy kom (1 Kor. 11:26).

9.3.1.2.2 Om kennis oor te dra wat dwaalleer weerlê en misleiding voorkom aan die hand van **ἡμέρα** (8.2.3)

- Die **onmiskenbaarheid** van die wederkoms word geopenbaar om gelowiges toe te rus wat betref **valse wederkomsaankondigings** (Luk. 17:24).

- Die **ware toedrag** van sake rakende die wederkoms word verkondig **om dwaalleer te weerlê** (2 Tes. 2:2).

### 9.3.2 Die wederkoms word verkondig met die *telos* om gelowiges in die geloof te versterk

#### 9.3.2.1 Die wederkoms word verkondig om die sekerheid te gee dat die wederkoms beslis sal plaasvind

9.3.2.1.1 Om die sekerheid te gee dat die wederkoms beslis sal plaasvind aan die hand van **ἔρχομαι** (7.3)

- Die doel van die verkondiging van die wederkoms is dat gelowiges sal besef dat hulle verwagting van die wederkoms van ons Here versterk word deur die viering van die nagmaal, **aangesien die nagmaal ook ’n versekering is dat Hy beslis weer sal kom** (1 Kor. 11:26).

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is om gelowiges daarvan te verseker **dat Jesus Christus beslis weer gaan kom** (Openb. 22:7, 12, 20).

#### 9.3.2.2 Die wederkoms word verkondig as aanmoediging tot bekering

9.3.2.2.1 As aanmoediging tot bekering aan die hand van **φανερόω** (6.3.3)

- Mense wat nie in Christus is wanneer Hy weer kom nie, sal weg van Hom af tot skande gemaak word. Die *telos* van die openbaring is dat die wat nie in Christus is nie, hulle tot Hom sal **bekeer** (1 Joh. 2:28).

9.3.2.2.2 As aanmoediging tot bekering aan die hand van **ἔρχομαι** (7.3)

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is dat **ongelowiges opgeroep word tot bekering** voordat dit te laat is (Mat. 23:39).

- Die *telos* van die openbaring van die teken van die Seun van die Mens, wat die wederkoms inlui, en die feit dat engele die uitverkorenes gaan versamel, is dat die gelowiges getroos en in die geloof versterk sal word en **dat die ongelowiges hulle sal bekeer** (Mat. 24:30).

- Die doel van die openbaring van die onverwagsheid van die wederkoms is dat mense nie hulle verantwoordelikhede teenoor die Here sal uitstel nie en dat die wat ongehoorsaam en onbetroubaar is **hulle sal bekeer,** aangesien dit te laat sal wees om dit te doen wanneer die wederkoms aanbreek (Mat. 24:45-51).

- Die wederkoms word as oordeelsdag verkondig, sodat gelowiges verseker kan wees van die genadeloon wat hulle om Christus wil sal ontvang en om **ongelowiges** aan te moedig **om hulle te bekeer** (Mat. 25:31).

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is om as waarskuwing te dien om reg te dink oor Jesus, om in Hom te glo as die Christus, die Seun van God. So nie, sal Hy jou **as Regter ontmoet** met sy wederkoms (Mat. 26:64; Mark. 14:62).

- Die wederkoms word geopenbaar met die doel dat gelowiges sal weet dat God nie sy kinders lank sal laat wag nie en dat Hy nog **genadetyd vir bekering gee** (Luk. 18:8).

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is om **ongelowiges op te roep tot bekering** voordat die Here kom (Openb. 1:4-8).

- Die doel van die openbaring van die wederkoms is om **op te roep tot bekering waar ŉ gemeente nie meer vir God liefhet** en ook nie meer mekaar liefhet nie of waar afgodery en onsedelikheid geduld word. Die oordeel, naamlik dat so ŉ gemeente se bestaan beëindig word, kan reeds voor die wederkoms plaasvind (Openb. 2:5; 2:16).

- Die doel van die openbaring van die wederkoms is om gelowiges aan te moedig **om beklee te wees met die geregtigheid** van Jesus Christus (Openb. 16:15).

- Die doel van die openbaring van die wederkoms is om aan gelowiges die versekering te gee dat hulle op hierdie dag ewige geestelike seën sal ontvang en om ongelowiges te **verseker van die ewige oordeel wat wag** (Openb. 22:12).

9.3.2.2.3 As aanmoediging tot bekering aan die hand van **ἡμέρα** (8.2.3)

- Die **bekering** van die hoorders is Jesus se *telos* met die openbaring van die dag van oordeel wat met die dag van die wederkoms saamval (Mat. 11:22-24).
- Die openbaringsdoelwit kan ook negatief geformuleer word: Jesus openbaar die onbekendheid van die dag van die wederkoms, sodat sy volgelinge nie onverhoeds betrap sal word wanneer die dag aanbreek nie en sodat hulle **nie moet uitstel om hulle te bekeer nie.** Hulle moet ook nie probeer om te bereken wanneer die dag sal aanbreek nie (Mat. 24:36).
- Die dag van die wederkoms word geopenbaar as **oproep tot bekering** (Luk. 10:12).
- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is om mense **op te roep tot 'n ware geloof** in Jesus Christus (Joh. 6:54).
- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms as dag van veroordeling is aanmoediging **om Jesus en sy Evangelie nie te verwerp nie, maar te aanvaar** (Joh. 12:48).
- Die wederkoms (dag van beoordeling) word verkondig **as oproep tot bekering, selfs op die sendingveld** waar mense vir die eerste keer van Jesus hoor (Hand. 17:31).
- Die wederkoms, die dag van toorn en die openbaring van die geregtigheid van God, word geopenbaar as **oproep tot bekering** (Rom. 2:5).
- Die wederkoms word geopenbaar as die dag waarop Jesus Christus mense gaan beoordeel, soos wat die Evangelie verkondig, sodat mense hulle tot Hom sal **bekeer** (Rom. 2:16).
- Die wederkoms as oordeelsdag word geopenbaar as aansporing vir rykaards, wat ander uitbuit, om hulle te bekeer (Jak. 5:5).
- Dit word geopenbaar dat die dag van die wederkoms ook die oordeelsdag sal wees. Die *telos* is duidelik: Sodat ongelowiges hulle sal **bekeer** en gelowiges bemoedig sal word (2 Pet. 3:7).
- Die wederkoms word geopenbaar as die oordeelsdag, sodat **almal wat losbandig lewe en Christus verwerp,** kan weet dat hulle **veroordeel** sal word (Jud. 6).

- Die wederkoms as dag van oordeel word verkondig met die *telos* dat ongelowiges hulle sal **bekeer** en dat gelowiges vertroos kan word deur die soenverdienste van Jesus Christus (Openb. 6:17).

#### 9.3.2.3 Die wederkoms word verkondig as aanmoediging om in die ware geloof te volhard

9.3.2.3.1 As aanmoediging om in die ware geloof te volhard aan die hand van **ἐπιφάνεια** (6.2.3)

- Die *telos* van die openbaring van die ἐπιφάνεια as die tydstip van die Antichris se vernietiging is 'n aansporing vir gelowiges **om vas te staan in die geloof** (2 Tes. 2:8).

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is om gelowiges aan te moedig **om verstandig, regverdig en vroom te leef** en om wêreldse begeertes te verwerp (Tit. 2:13).

9.3.2.3.2 As aanmoediging om in die ware geloof te volhard aan die hand van **φανερόω** (6.3.3)

- Die doel van die openbaring van die wederkoms is om gelowiges aan te moedig **om hulle gedagtes op hemelse dinge te rig** en nie op aardse dinge nie (Kol. 3:4).

- Die wederkoms word geopenbaar met die doel dat gelowiges aangemoedig word **om met volharding in Christus te bly**; om die status wat hulle in Christus het as verloste kinders van God te bewaar (1 Joh. 2:28).

- Die doel van die openbaring van die wederkoms, as **aansporing om in Christus te bly,** is dat gelowiges toegangsreg tot Hom kan hê met sy wederkoms. Die doel is om παρρησία by die παρουσία te bevorder (1 Joh. 2:28).

9.3.2.3.3 As aanmoediging om in die ware geloof te volhard aan die hand van **ἔρχομαι** (7.3)

- Dit word geopenbaar dat die wederkoms onverwags sal plaasvind, sodat gelowiges getroue rentmeesters sal wees wat met **volharding en bestendigheid** hulle roeping teenoor die Here vervul (Mat. 24:45-51).

- Die wyse van die koms van Jesus Christus word geopenbaar as dat Hy op die wolke met groot krag en heerlikheid sal kom. **Hierdeur word gelowiges in die geloof versterk,** ook te midde van die gebeure wat die wederkoms voorafgaan (Mark. 13:26).

- Die doel van die openbaring van die wederkoms is om mense aan te moedig om Jesus nie in tye van swaarkry en vervolging te verloën nie, maar om **aan die voorwaardes**

**van dissipelskap te voldoen** deur hulleself te verloën, hulle kruis op te neem en Hom te volg, sodat hulle in sy heerlikheid kan deel met sy koms (Luk. 9:26).

- Die wederkoms word geopenbaar met die doel om mense aan te moedig **om Jesus as Here te bely**, dan sal Hy by sy koms hulle as volgelinge erken (Luk. 9:26).
- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is om gelowiges op te roep tot volhardende gebed, om moedeloosheid te bestry en **volhardende geloof** in die wagtyd voor die wederkoms te bevorder (Luk. 18:8).
- Die doel van die openbaring van die wederkoms is om gelowiges op te roep tot **selfondersoek of hulle volhardend glo** (Luk. 18:8).
- Die wederkoms word geopenbaar sodat gelowiges wat vervolg word, **sal volhard in die geloof** en sodat hulle versterk kan word in hulle geloofsekerheid (2 Tes. 1:10).
- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms as die dag waarop gelowiges die vervulling van die belofte van saligheid sal verkry, is om hulle aan te moedig en te vermaan om nie hulle toegangsreg tot God prys te gee nie, maar **om te volhard in die doen van die wil** van God totdat die wederkoms plaasvind (Heb. 10:37).
- Die doel van die openbaring van die wederkoms is om alle aandag op Jesus Christus te vestig asook op die finale verlossing wat Hy vir sy kerk sal bring en om hulle sodoende te vertroos en te bemoedig **om in die geloof te volhard** (Openb. 1:4-8).
- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is om gemeentes aan te moedig om, te midde van beproewings, getrou en gehoorsaam te bly aan die Evangelie en **om in die geloof te volhard soos oorwinnaars** (Openb. 3:11).
- Die wederkoms word geopenbaar met die doel om gelowiges aan te moedig **om God se geskrewe Woord te glo** en daarvolgens te leef (Openb. 22:7).
- Die doel van die openbaring van die wederkoms is dat elke gelowige **die belofte van die wederkoms vir hom- of haarself sal toeëien** (Openb. 22:20).

#### 9.3.2.4 Die wederkoms word verkondig om te troos

9.3.2.4.1 Om te troos aan die van ἀποκάλυψις, ἀποκαλύπτω (6.1.3)

- Die wederkoms word geopenbaar met die *telos* om gelowiges wat **verdruk** word **te troos** met die feit dat die Here daaraan 'n einde sal maak met sy wederkoms en dat hulle verdrukkers vergeld sal word (2 Tes. 1:7).

- Die wederkoms word geopenbaar sodat gelowiges **die sin van lyding** sal verstaan (1 Pet.1:7).

- Die wederkoms word geopenbaar met die *telos* dat gelowiges sal weet dat die **lyding van hierdie lewe** met lof en heerlikheid en eer vervang sal word (1 Pet. 1:7).

- Die wederkoms word verkondig sodat gelowiges daarmee **bemoedig** kan word dat Christus weer kom en sodat hulle hulle hoop kan vestig op die genade wat hulle dan sal ontvang (1 Pet. 1:13).

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is dat gelowiges **bemoedig** kan word wanneer hulle in Christus se lyding deel. Die lyding sal by die wederkoms met oorvloedige blydskap en vreugde vervang word (1 Pet. 4:13).

9.3.2.4.2 Om te troos aan die van **ἐπιφάνεια** (6.2.3)

- Die *telos* van die openbaring van die ἐπιφάνεια as die tydstip van vernietiging van die Antichris is troos en bemoediging vir die gelowiges (2 Tes. 2:8).

- Die wederkoms word geopenbaar om die gelowiges daarmee te troos dat dit die dag is waarop hulle die ewige lewe in sy volheid sal ontvang (2 Tim. 4:8).

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is dat gelowiges getroos kan word met die wete dat dit die dag sal wees waarop hulle verlange na Jesus Christus gestil sal word (2 Tim. 4:8).

9.3.2.4.3 Om te troos aan die hand van **ἔρχομαι** (7.3)

- Die wederkoms word geopenbaar **as bemoediging** dat Jesus weer gaan kom om 'n einde te maak aan die vervolging wat sy volgelinge deurmaak en om hulle te verlos (Mat. 10:23).

- Die *telos* van die openbaring van die teken van die Seun van die Mens, wat die wederkoms inlui, en die feit dat engele die uitverkorenes gaan versamel, is om die ongelowiges tot bekering te bring en die **gelowiges te troos** en in die geloof te versterk (Mat. 24:30).

- Dat die wederkoms beslis gaan plaasvind, maar ook die feit dat die tydstip daarvan onbekend is, moet Jesus se volgelinge **troos** en aanmoedig om heilig te lewe soos mense wat die wederkoms en die gepaardgaande oordeel verwag en om getroue rentmeesters te wees (Mat. 24:42-44).

- Die wederkoms word geopenbaar met die doel om mense aan te moedig om Jesus as Here te bely, **dan sal Hy hulle by sy koms as volgelinge erken** (Mark. 8:38).

- Die wederkoms word geopenbaar met die doel dat gelowiges sal weet dat God nie sy kinders lank sal laat wag nie en dat Hy nog **genadetyd** vir bekering gee (Luk. 18:8).

- Dit word as **troos** verkondig dat Jesus by sy wederkoms sy volgelinge by Hom sal neem en dat Hy altyd by hulle teenwoordig sal wees (Joh. 14:3, 28).

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is om gelowiges te **troos** met die versekering dat Jesus Christus, net so seker as wat Hy opgevaar het na die hemel, weer sal terugkom (Hand. 1:11).

- Die doel van die openbaring van die wederkoms is om gelowiges te verseker dat dit **net ŉ baie kort rukkie is voordat die Here sal kom** en dat Hy nie sal talm nie (Heb. 10:37).

- Die doel van die openbaring van die wederkoms is om alle aandag op Jesus Christus te vestig asook op die finale verlossing wat Hy vir sy kerk sal bring en om hulle sodoende **te vertroos en te bemoedig** om te volhard in die geloof (Openb. 1:4-8).

- Die doel van die openbaring van die wederkoms is om **gemeentes te bemoedig** met die wete dat hulle Here weer gaan kom om hulle beproewings te beëindig en om hulle as burgers van sy ewige koninkryk te vestig (Openb. 3:11).

- Die doel van die openbaring van die wederkoms is om aan gelowiges die versekering te gee dat hulle op die dag **ewige geestelike seën** sal ontvang en om ongelowiges te verseker van die ewige oordeel wat wag (Openb. 22:12).

9.3.2.4.4 Om te troos aan die hand van **ἡμέρα** (8.2.3)

- Die feit dat die wederkoms beslis gaan plaasvind, maar ook dat die tydstip daarvan onbekend is, moet Jesus se volgelinge **troos** en aanmoedig om heilig te lewe soos mense wat die wederkoms en die gepaardgaande oordeel verwag en om getroue rentmeesters te wees (Mat. 24:36).

- Die wederkoms as opstandingsdag word geopenbaar om gelowiges te **troos** (Joh. 6:54).

- Die doel van die openbaring van die wederkoms as die laaste dag waarop gelowiges uit die dood sal opstaan, is om gelowiges te **troos** wat treur oor die dood van geliefdes (Joh. 6:24).

- Die doel van die openbaring van die wederkoms as dag van veroordeling is indirek om gelowiges daarmee te **troos** dat hulle reeds in Christus vryspraak ontvang het (Joh. 12:48).

- Die wederkoms en die feit dat gelowiges daarvoor gereed sal wees, word geopenbaar om gelowiges te **troos** dat hulle nie onverhoeds deur die dag betrap sal word nie (1 Tes. 5:2-4).

- Dit word geopenbaar dat die dag van die wederkoms ook die oordeelsdag sal wees. Die *telos* is duidelik: Sodat ongelowiges hulle sal bekeer en dat gelowiges bemoedig sal word (2 Pet. 3:7).

- Die wederkoms (oordeelsdag) word geopenbaar om gelowiges wat deur die goddelose leefwyse van ander gefolter word te **bemoedig**. Die ongelowiges sal veroordeel en die gelowiges verlos word (2 Pet. 2:9).

- Die oordeel en die vernietiging van goddelose mense, wat met die wederkoms gepaard sal gaan, word verkondig om gelowiges sekerheid te gee en te **bemoedig** (2 Pet. 3:7).

- Die wederkoms as dag van oordeel word verkondig met die *telos* dat ongelowiges hulle sal bekeer en dat gelowiges **vertroos** kan word deur die soenverdienste van Jesus Christus (Openb. 6:17).

#### 9.3.2.5 Die wederkoms word verkondig om geloofsekerheid te bevorder

9.3.2.5.1 Om geloofsekerheid te bevorder aan die hand van **φανερόω** (6.3.3)

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is dat gelowiges kan weet dat, hoewel die volheid en die volkomenheid van die lewe in Christus nog verborge is, **dit ten volle geopenbaar sal word** met die wederkoms (Kol. 3:4).

- Die doel van die openbaring van die wederkoms is *kerugma* wat tot **geloofsekerheid,** geloofsvreugde en geloofsversterking lei (1 Joh. 3:2).

9.3.2.5.2 Om geloofsekerheid te bevorder aan die hand van **ἔρχομαι** (7.3)

- Die wederkoms word as oordeelsdag verkondig, sodat gelowiges **verseker kan wees** van die genadeloon wat hulle om Christus wil sal ontvang en om ongelowiges aan te moedig om hulle te bekeer (Mat. 25:31).

- Die wederkoms van Jesus Christus word geopenbaar as die **bewys** dat Hy die Seun van die Mens, die Christus, die Seun van God is (Mat. 26:64).

- Dit word geopenbaar dat die Here Jesus sy engele sal uitstuur met sy wederkoms om sy uitverkorenes van elke denkbare plek af te versamel. Hierdeur word die gelowiges verseker dat hulle nie verlore sal gaan nie, maar **verlos sal word** (Mark. 13:26).

- Die wederkoms van Jesus Christus word geopenbaar as die **bewys dat Hy die Seun van die Mens, die Christus, die Regter is** (Mark. 14:62).

- Die wederkoms word geopenbaar met die doel dat gelowiges daarna sal uitsien as **die dag waarop die Here hulle sal bedien** (Luk. 12:35-48).

- Die koms van die Seun van die Mens, Jesus Christus, word geopenbaar ter versterking van die hoop en **die vertroue van die gelowiges** dat dit op **hulle redding sal uitloop** (Luk. 12:27).

- Die wederkoms word geopenbaar sodat gelowiges wat vervolg word, sal volhard in die geloof en sodat hulle versterk kan word in hulle **geloofsekerheid** (2 Tes. 1:10).

- Die wederkoms word geopenbaar as ŉ dag om na uit te sien vir gelowiges, omdat hulle nie dan veroordeel sal word nie, maar **die Here sal verheerlik** en bewonder (2 Tes. 1:10).

- Die doel van die openbaring van die wederkoms is om aan gelowiges die versekering te gee dat hulle op daardie dag **ewige geestelike seën** sal ontvang en om ongelowiges te verseker van die ewige oordeel wat wag (Openb. 22:12).

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is dat gelowiges, wat bid om die koms van die Here, **verseker kan wees** daarvan dat die genade van die Here Jesus vir altyd by hulle is (Openb. 22:20).

9.3.2.5.3 Om geloofsekerheid te bevorder aan die hand van **ἡμέρα** (8.2.3)

- Die wederkoms word geopenbaar as die dag van die opstanding uit die dood om aan die uitverkorenes die **versekering** te gee dat hulle tot aan die einde, totdat hulle opgewek is uit die dood, deur Jesus Christus bewaar sal word (Joh. 6:39-44).

- Die doel van die openbaring van die wederkoms as dag van veroordeling is indirek om gelowiges te verseker dat hulle reeds **in Christus vryspraak** ontvang het (Joh. 12:48).

- Die doel van die openbaring van die wederkoms is om gelowiges te **verseker** dat God die werk wat Hy in hulle begin het op die dag sal voltooi (Filip. 1:6).

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is dat gelowiges aangemoedig word om te volhard in geloofsgroei en **geloofsekerheid** (Filip. 1:6).

- Die wederkoms word geopenbaar sodat gelowiges wat vervolg word, sal volhard in die geloof en sodat hulle versterk kan word in hulle **geloofsekerheid** (2 Tes. 1:10).

- Die wederkoms word geopenbaar as 'n dag om na uit te sien vir gelowiges, omdat hulle nie dan veroordeel sal word nie, maar **die Here sal verheerlik** en bewonder (2 Tes. 1:10).

- Die dag van die wederkoms word geopenbaar as die dag waarop die Here **die volheid van die ewige lewe** aan sy getroue dienaars sal skenk as oorwinningskrans van geregtigheid, met ander woorde as genadeloon op grond van Jesus Christus se soenverdienste (2 Tim. 4:8). So word geloofsekerheid bevorder.

- Die oordeel en die vernietiging van goddelose mense, wat met die wederkoms gepaard sal gaan, word verkondig om gelowiges **sekerheid** te gee en te bemoedig (2 Pet. 3:7).

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is om gelowiges daaraan te herinner dat hulle op die dag **volle toegangsreg** tot God sal hê op grond van sy liefde in Christus (1 Joh. 4:17).

#### 9.3.2.6 Die wederkoms word verkondig om waaksaamheid te bevorder

9.3.2.6.1 Om waaksaamheid te bevorder aan die hand van **ἀποκάλυψις, ἀποκαλύπτω** (6.1.3)

- Die wederkoms word verkondig met die *telos* om te waarsku teen oorgerustheid en sodat mense **gereed sal wees** vir die wederkoms (Luk 17:30).

- Die wederkoms word verkondig, **sodat gelowiges daarop sal wag** en sodat goeie hoedanighede in hulle gestimuleer kan word (1 Kor. 1:7).

9.3.2.6.2 Om waaksaamheid te bevorder aan die hand van **ἐπιφάνεια** (6.2.3)

- Die wederkoms word met die *telos* geopenbaar dat gelowiges hulleself kan definieer as mense wat **met verlange wag** op die verskyning van hulle Here (2 Tim. 4:8).

9.3.2.6.3 Om waaksaamheid te bevorder aan die hand van **φανερόω** (6.3.3)

- Die wederkoms word geopenbaar sodat ampsdraers sal besef dat hulle **verantwoording** verskuldig is aan Jesus Christus met sy koms (1 Pet. 5:4) en daarom hulle dienswerk getrou sal doen.

9.3.2.6.4 Om waaksaamheid te bevorder aan die hand van **ἔρχομαι** (7.3)

- Jesus openbaar die onbekendheid van die dag van die wederkoms sodat sy volgelinge voortdurend **waaksaam** en op hulle hoede kan wees en gereed kan wees vir die wederkoms. Die openbaringsdoelwit kan ook negatief geformuleer word: Jesus openbaar die onbekendheid van die dag van die wederkoms, sodat sy volgelinge **nie onverhoeds betrap** sal word wanneer die dag aanbreek nie en sodat hulle nie moet uitstel om hulle te bekeer nie. Hulle moet ook nie probeer om te bereken wanneer die dag sal aanbreek nie (Mat. 24:42-44; Luk. 12:35-48).

- Die onverwagsheid van die wederkoms word verkondig sodat gelowiges **waaksaam** sal wees en betyds sal begin voorberei vir die koms van ons Here (Mat. 25:10).

- Die doel van die openbaring van die wederkoms, naamlik dat die dag en datum van die wederkoms onbekend is, is om gelowiges tot **waaksaamheid** aan te spoor (Mark. 13:35, 36).

- Die *telos* van die openbaring van die onverwagsheid van die wederkoms is om gelowiges op te roep om die wederkoms **enige oomblik te verwag** (Openb. 16:15).

- Die doel van die openbaring van die wederkoms is dat elke gelowige **biddend daarna sal uitsien** (Openb. 22:20).

9.3.2.6.5 Om waaksaamheid te bevorder aan die hand van **ἡμέρα** (8.2.3)

- Die wederkoms (dag van beoordeling) word hier geopenbaar om mense te maan **om versigtig te wees** met wat hulle sê, en veral om nie die Gees se werk aan die Satan toe te skryf nie (Mat. 12:36).

- Jesus openbaar die onbekendheid van die dag van die wederkoms sodat sy volgelinge voortdurend **waaksaam** en op hulle hoede kan wees en gereed kan wees vir die wederkoms (Mat. 24:36).

- Die wederkoms word verkondig sodat mense **waaksaam** sal wees en die Here sal verwag (Mat. 25:13).

- Die wederkoms word verkondig met die *telos* om te **waarsku teen oorgerustheid en sodat mense gereed sal wees** vir die wederkoms (Luk 17:26-30; 1 Tes. 5:2-4).

- Die wederkoms se onverwagsheid word verkondig sodat gelowiges heeltyd en **altyd gereed sal wees** daarvoor (2 Pet. 3:10).

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is dat gelowiges aangemoedig sal word om na die aanbreek van die dag van God **uit te sien en dit te probeer bespoedig** (2 Pet. 3:12).

**9.3.2.7 Die wederkoms word verkondig spesifiek om Woordbedienaars te bemoedig**

9.3.2.7.1 Om Woordbedienaars te bemoedig aan die hand van **ἐπιφάνεια** (6.2.3)

- Die doel van die openbaring van die wederkoms is om **Woordbedienaars** te vermaan om hulle dienswerk pligsgetrou te doen (1 Tim. 6:14).

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is bemoediging vir **Woordbedienaars.** Wanneer ons Here Jesus kom, sal die bedieningswerk voltooi wees en die *verbi divini minister* die beloning van ŉ getroue dienskneg ontvang (1 Tim. 6:14).

- Die doel van die openbaring van die wederkoms is dat **verkondigers van die Woord** sal volhard in die verkondiging (2 Tim. 4:1).

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is dat **Woordverkondigers** kan weet dat daar ŉ tyd sal aanbreek wanneer hulle verkondigingstaak afgehandel sal wees (2 Tim. 4:1).

- Die wederkoms word verkondig, sodat **bedienaars van die Woord** kan weet dat hulle werk groot waarde het. Dit sal daartoe lei dat gelowiges vrygespreek word tydens die oordeel (2 Tim. 4:1).

9.3.2.7.2 Om Woordbedienaars te bemoedig aan die hand van **φανερόω** (6.3.3)

- Dat **ampsdraers** sal besef dat hulle verantwoording verskuldig is aan Jesus Christus met sy koms en hulle dienswerk sal doen soos mense wat weet dat hulle daarvan rekenskap sal moet gee (1 Pet. 5:4).

- Dat **ampsdraers** bemoedig kan word daarmee dat hulle getroue werk beloon sal word (1 Pet. 5:4).

9.3.2.7.3 Om Woordbedienaars te bemoedig aan die hand van **ἔρχομαι** (7.3)

- Die onverwagsheid van die wederkoms word geopenbaar met die *telos* dat **ampsdraers** hulle ampswerk nougeset sal nakom, in afwagting op die koms van hulle Here (Luk. 12:35-48).

- Die wederkoms word geopenbaar met die doel dat gelowiges nie oorhaastig sal oordeel oor mense nie, ook nie oor **Woordverkondigers** nie, maar dat hulle sal wag totdat die Here kom. God is die een wat op die dag lof sal gee aan wie dit toekom (1 Kor. 4:5).

9.3.2.7.4 Om Woordbedienaars te bemoedig aan die hand van **ἡμέρα** (8.2.3)

- Die doel van die openbaring van die wederkoms as die oordeelsdag is om **bedienaars van die Woord** te bemoedig daardeur dat God mense wat hulle en hulle boodskap in ongeloof minag, sal veroordeel (Mat. 10:15).

- Die wederkoms word geopenbaar as die dag van oordeel om **Woordverkondigers** te bemoedig wanneer mense hulle en hulle boodskap verag (Luk. 10:12).

- Die dag van die wederkoms word geopenbaar as die dag waarop die aard van die werk van **bedienaars van die Woord** aan die lig sal kom, sodat hulle nougeset sal let op die suiwerheid van hulle prediking (1 Kor. 3:13).

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is **dat tug toegepas** sal word wat tot verlossing kan lei op die dag van die Here (1 Kor. 5:5).

- Die wederkoms word geopenbaar as troos dat gedeeltelike begrip van die Woord en **Woordverkondigers** dan beëindig sal word en onenigheid tussen Woordverkondigers en gemeentes deur wedersydse roem vervang sal word (2 Kor. 1:14).

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is om **Evangelieverkondigers** te bemoedig, aangesien dit dán duidelik sal blyk dat hulle nie tevergeefs gearbei het nie (Filip. 2:16).

- Die doel van die openbaring van die wederkoms is dat **Evangelieverkondigers** so daardeur bemoedig word dat hulle selfs bereid sal wees om vir die Evangelie te ly (2 Tim. 1:12).

- Die doel van die openbaring van die wederkoms as die dag waarop gelowiges ’n genadeloon sal ontvang vir hulle dienswerk, is om gelowiges aan te spoor om in die

algemeen mense in nood by te staan, en in die besonder om **verkondigers wat ly vir die Evangelie**, te ondersteun (2 Tim. 1:18).

### 9.3.3 Die wederkoms word verkondig met die *telos* om gelowiges tot 'n daadkragtige geloofslewe aan te spoor

#### 9.3.3.1 Die wederkoms word verkondig as aanmoediging om voor te berei vir die koms van die Here

9.3.3.1.1 Om voor te berei vir die koms van die Here aan die hand van **ἀποκάλυψις, ἀποκαλύπτω** (6.1.3)

- Die wederkoms word verkondig met die *telos* om te waarsku teen oorgerustheid en sodat mense **gereed sal wees** vir die wederkoms (Luk 17:30).

9.3.3.1.2 Om voor te berei vir die koms van die Here aan die hand van **ἔρχομαι** (7.3)

- Die onverwagsheid van die wederkoms word verkondig sodat gelowiges waaksaam sal wees en **betyds sal begin voorberei** vir die koms van ons Here (Mat. 25:10).

- Die wederkoms word geopenbaar met die doel dat gelowiges **daarna sal uitsien** as die dag waarop die Here hulle sal bedien (Luk. 12:35-48).

9.3.3.1.3 Om voor te berei vir die koms van die Here aan die hand van **ἡμέρα** (8.2.3)

- Die onverwagsheid van die wederkoms word geopenbaar **om gereedheid vir die wederkoms te bevorder en om gereed te maak daarvoor** (Mat. 25:50; Luk 17:26-30, 31).

- Die wederkoms se onverwagsheid word verkondig sodat gelowiges heeltyd en **altyd gereed sal wees** daarvoor (2 Pet. 3:10).

#### 9.3.3.2 Die wederkoms word verkondig as aanmoediging om die Here getrou te dien

9.3.3.2.1 Om die Here getrou te dien aan die hand van **ἀποκάλυψις, ἀποκαλύπτω** (6.1.3)

- Die wederkoms word verkondig sodat gelowiges daarop sal wag en sodat **goeie hoedanighede** in hulle gestimuleer kan word (1 Kor. 1:7).

9.3.3.2.2 Om die Here getrou te dien aan die hand van **ἐπιφάνεια** (6.2.3)

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is om gelowiges aan te moedig **om verstandig en regverdig en vroom te leef** en om wêreldse begeertes te verwerp (Tit. 2:13).

9.3.3.2.3 Om die Here getrou te dien aan die hand van **φανερόω** (6.3.3)

- Dat **ampsdraers hulle dienswerk** sal doen soos mense wat weet dat hulle daarvan rekenskap sal moet gee (1 Pet. 5:4).

9.3.3.2.4 Om die Here getrou te dien aan die hand van **ἔρχομαι** (7.3)

- Die wederkoms word verkondig as aanmoediging dat elkeen **sy lewe op Christus sal rig** deur Hom na te volg, homself te verloën en sy kruis op te neem (Mat. 16:27-28).
- Die doel van die openbaring van die onverwagsheid van die wederkoms is dat mense **nie hulle verantwoordelikhede teenoor die Here sal uitstel** nie en dat die wat ongehoorsaam en onbetroubaar is hulle sal bekeer, aangesien dit te laat sal wees om dit te doen wanneer die wederkoms aangebreek het (Mat. 24:45-51).
- Die doel van die openbaring van die wederkoms is dat, al bly ons Here dalk lank weg, ons **so moet lewe** dat dit duidelik is dat ons Hom verwag en daarom aanhou om ons **roeping te vervul** (Mat. 25:19, 27).
- Die doel van die openbaring van die wederkoms is om mense aan te moedig **om Jesus nie te verloën** in tye van swaarkry en vervolging nie, maar om hulleself te verloën, hulle kruis op te neem en **om Hom te volg**, sodat hulle in sy heerlikheid kan deel met sy koms (Mark. 8:38; Luk. 9:26).
- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms, wanneer Jesus ook as Regter sal kom, is om gelowiges aan te spoor **om met die regte gesindheid en op die regte manier nagmaal te vier** (1 Kor. 11:26).
- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms as die dag waarop gelowiges die vervulling van die belofte van saligheid sal verkry, is om hulle aan te moedig en te vermaan om nie hulle toegangsreg tot God prys te gee nie, maar **om te volhard in die doen van die wil van God** totdat die wederkoms plaasvind (Heb. 10:37).
- Die wederkoms word geopenbaar met die doel om gelowiges aan te moedig om God se geskrewe **Woord te glo en daarvolgens te leef** (Openb. 22:7).

9.3.3.2.5 Om die Here getrou te dien aan die hand van **ἡμέρα** (8.2.3)

- Die wederkoms (dag van beoordeling) word geopenbaar om mense aan te moedig om nie net God se Woord te hoor nie, maar om te doen wat die Woord vra, **om so te lewe dat die Here hulle sal ken** (Mat. 7:22).

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is om gelowiges tot **groter daadkrag in geloof, hoop en liefde** aan te spoor (Heb. 10:25).

- Die doel van die openbaring van die wederkoms is dat gelowiges **nie moet wegbly van die gemeentelike samekomste nie en dat hulle mekaar sal aanmoedig** om dit by te woon namate hulle die dag van die wederkoms sien nader kom (Heb. 10:25).

- Die wederkoms word geopenbaar as aanmoediging aan gelowiges **om so te leef dat heidene, by die aanskouing daarvan, tot geloof kan kom en God verheerlik kan word** op die dag van die wederkoms (1 Pet. 2:12).

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is dat gelowiges aangemoedig sal word om na die aanbreek van die dag van God uit te sien en dit **te probeer bespoedig** (2 Pet. 3:12).

**9.3.3.3 Die wederkoms word verkondig as aanmoediging om heilig te lewe**

9.3.3.3.1 As aanmoediging om heilig te lewe aan die hand van **ἐπιφάνεια** (6.2.3)

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is om gelowiges aan te moedig om verstandig en regverdig en **vroom te leef en om wêreldse begeertes te verwerp** (Tit. 2:13).

9.3.3.3.2 As aanmoediging om heilig te lewe aan die hand van **φανερόω** (6.3.3)

- Die doel van die openbaring van die wederkoms is om gelowiges aan te moedig **om hulle gedagtes op hemelse dinge te rig** en nie op aardse dinge nie (Kol. 3:4).

- Die *telos* vir die openbaring van die wederkoms is dat gelowiges **rein, dit is heilig,** sal lewe (1 Joh. 3:2).

9.3.3.3.3 As aanmoediging om heilig te lewe aan die hand van **ἔρχομαι** (7.3)

- Die feit dat die wederkoms beslis gaan plaasvind, maar ook dat die tydstip daarvan onbekend is, moet Jesus se volgelinge troos en aanmoedig **om heilig te lewe** soos

mense wat die wederkoms en die gepaardgaande oordeel verwag en om getroue rentmeesters te wees (Mat. 24:42-44).

9.3.3.3.4 As aanmoediging om heilig te lewe aan die hand van **ἡμέρα** (8.2.3)

- Die feit dat die wederkoms beslis gaan plaasvind, maar ook die feit dat die tydstip daarvan onbekend is, moet Jesus se volgelinge troos en aanmoedig **om heilig te lewe** soos mense wat die wederkoms en die gepaardgaande oordeel verwag en om getroue rentmeesters te wees (Mat. 24:36).

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is om mense aan te moedig tot ’n **sober lewe** en ’n lewe wat nie in die daaglikse bekommernisse opgaan nie (Luk. 21:34).

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is **dat tug toegepas** sal word wat tot verlossing kan lei op die dag van die Here (1 Kor. 5:5).

- Die doel van die openbaring van die wederkoms is aansporing tot onderskeidingsvermoë wat lei tot ’n innerlik **heilige lewe** sonder sonde (Filip. 1:10).

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is om die wat **vleeslike begeertes najaag** en die gesag van die Here verag **op te roep tot bekering** (2 Pet. 2:9).

- Dit word as *kerugma* bekendgemaak dat die dag van die wederkoms gepaard sal gaan met kosmiese katastrofes wat die skepping nie sal vernietig nie, maar deur vuur sal suiwer. Die *telos* is dat gelowiges die ernstige gevolge van die wederkoms ter harte sal neem en daarom ’n **heilige lewe** sal lei (2 Pet. 3:10).

- Die wederkoms word geopenbaar sodat gelowiges die dag sal probeer bespoedig deur **’n heilige lewe te lei**, deur te bid vir die wederkoms en deur die Evangelie te verkondig (2 Pet. 3:12).

- Die wederkoms word geopenbaar as die oordeelsdag, sodat **almal wat losbandig lewe en Christus verwerp**, kan weet dat hulle **veroordeel** sal word (Jud. 6).

#### 9.3.3.4 Die wederkoms word verkondig as aanmoediging tot gebed

9.3.3.4.1 As aanmoediging tot gebed aan die hand van **ἔρχομαι** (7.3)

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is om gelowiges op te roep tot **volhardende gebed**, om moedeloosheid te bestry en volhardende geloof in die wagtyd voor die wederkoms te bevorder (Luk. 18:8).

- Die doel van die openbaring van die wederkoms is dat elke gelowige **biddend** daarna sal uitsien (Openb. 22:20).

9.3.3.4.2 As aanmoediging tot gebed aan die hand van **ἡμέρα** (8.2.3)

- Die wederkoms word geopenbaar as die groot en stralende dag van die Here, wat deur kosmiese tekens voorafgegaan sal word, as aanmoediging **om die Naam van die Here tot verlossing aan te roep** (Hand. 2:20).

- Die wederkoms word geopenbaar sodat gelowiges die dag sal probeer bespoedig deur ŉ heilige lewe te lei, **deur te bid vir die wederkoms** en deur die Evangelie te verkondig (2 Pet. 3:12).

### 9.3.3.5 Die wederkoms word verkondig as aanmoediging om die Woord te verkondig

9.3.3.5.1 As aanmoediging om die Woord te verkondig aan die hand van **ἔρχομαι** (7.3)

- Die wederkoms word geopenbaar met die doel om mense aan te moedig **om Jesus as Here te bely**, dan sal Hy hulle by sy koms as volgelinge erken (Mark. 8:38).

- Die wederkoms word geopenbaar met die doel om mense aan te moedig **om Jesus as Here te bely**, dan sal Hy hulle by sy koms as volgelinge erken (Luk. 9:26).

- Die doel van die openbaring van die wederkoms is **missionaal**, naamlik om aan die gelowiges ŉ vaste hoop te gee waarmee hulle **as getuies van Jesus Christus** in die wêreld kan optree (Hand. 1:11).

9.3.3.5.2 As aanmoediging om die Woord te verkondig aan die hand van **ἡμέρα** (8.2.3)

- Die wederkoms word geopenbaar om gelowiges aan te moedig om **ligdraers te wees** en om aan die Woord vas te hou (Filip. 2:16).

- Die wederkoms word geopenbaar as aanmoediging aan gelowiges **om so te leef dat heidene tot geloof kan kom** en God verheerlik kan word op die dag van die wederkoms (1 Petrus 2:12).

- Die wederkoms word geopenbaar sodat gelowiges die dag sal probeer bespoedig deur ŉ heilige lewe te lei, deur te bid vir die wederkoms en **deur die Evangelie te verkondig** (2 Pet. 3:12).

#### 9.3.3.6 Die wederkoms word verkondig as aanmoediging om liefde te bewys

9.3.3.6.1 As aanmoediging om liefde te bewys aan die hand van **ἔρχομαι** (7.3)

- Die doel van die openbaring van die wederkoms is om gelowiges aan te moedig om uit dankbaarheid vir hulle verlossing, en omdat hulle God liefhet, **barmhartigheidswerk te doen** (Mat. 25:31).

9.3.3.6.2 As aanmoediging om liefde te bewys aan die hand van **ἡμέρα** (8.2.3)

- Die doel van die openbaring van die wederkoms as die dag waarop gelowiges ’n genadeloon sal ontvang vir hulle dienswerk, is om gelowiges aan te spoor om in die algemeen **mense in nood by te staan**, en in die besonder om **verkondigers wat ly vir die Evangelie, te ondersteun** (2 Tim. 1:18).

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms is om gelowiges tot **groter daadkrag** in geloof, hoop en **liefde** aan te spoor (Heb. 10:25).

- Die doel van die openbaring van die wederkoms is om gelowiges aan te moedig **om in liefde te lewe** soos Jesus Christus (1 Joh. 4:17).

#### 9.3.3.7 Die wederkoms word verkondig as aanmoediging om kalm te bly

9.3.3.7.1 As aanmoediging om kalm te bly aan die hand van **ἔρχομαι** (7.3)

- Die wederkoms word geopenbaar sodat gelowiges **nie ontsteld sal wees** daaroor dat Jesus Christus nie tans fisies by hulle teenwoordig is nie, maar om hulle op te roep tot geloof wat insluit dat die Here weer gaan kom (Joh. 14:3).

- Die wederkoms word geopenbaar met die doel dat gelowiges **nie oorhaastig sal oordeel oor mense nie**, ook nie oor Woordverkondigers nie, maar dat hulle sal **wag totdat die Here kom**. God is die een wat op die dag lof sal gee aan wie dit toekom (1 Kor. 4:5).

9.3.3.7.2 As aanmoediging om kalm te bly aan die hand van **ἡμέρα** (8.2.3)

- Die wederkoms (dag van beoordeling) word hier geopenbaar **om mense te maan om versigtig te wees** met wat hulle sê, en veral om nie die Gees se werk aan die Satan toe te skryf nie (Mat. 12:36).

- Die ware toedrag van sake rakende die wederkoms word verkondig om **rustigheid en kalmte** te bewerk (2 Tes. 2:2).

#### 9.3.3.8 Die wederkoms word verkondig as aanmoediging om die Skrif lief te hê en reg te hanteer

9.3.3.8.1 As aanmoediging om die Skrif lief te hê en reg te hanteer aan die hand van **ἔρχομαι** (7.3)

- Die wederkoms word geopenbaar met die doel om gelowiges aan te moedig **om God se geskrewe Woord te glo** en daarvolgens te leef (Openb. 22:7).

9.3.3.8.2 As aanmoediging om die Skrif lief te hê en reg te hanteer aan die hand van **ἡμέρα** (8.2.3)

- Die wederkoms (dag van beoordeling) word geopenbaar om mense aan te moedig om nie net God se Woord te hoor nie, maar **om te doen wat die Woord vra,** om so te lewe dat die Here hulle sal ken (Mat. 7:22).

- Die wederkoms (dag van beoordeling) word hier geopenbaar om mense aan te moedig **om God se Woord as die waarheid te aanvaar** en om **ag te gee op die bedienaars van die Woord** (Mat. 10:15).

- Die *telos* van die openbaring van die wederkoms as dag van veroordeling is aanmoediging om Jesus en sy **Evangelie nie te verwerp nie**, maar te aanvaar (Joh. 12:48).

- Die dag van die wederkoms word geopenbaar as die dag waarop die aard van die werk van **bedienaars van die Woord** aan die lig sal kom, sodat hulle **nougeset sal let op die suiwerheid van hulle prediking** (1 Kor. 3:13).

- Die wederkoms word geopenbaar as troos dat **gedeeltelike begrip van die Woord** en Woordverkondigers **dan beëindig sal word** en onenigheid tussen Woordverkondigers en gemeentes deur wedersydse roem vervang sal word (2 Kor. 1:14).

- Die wederkoms word geopenbaar om gelowiges aan te moedig om ligdraers te wees en **om aan die Woord vas te hou** (Filip. 2:16).

- Die wederkoms word verkondig, sodat gelowiges **op die Skrif sal fokus** en om hulle aan te moedig om daarmee te volhard tot met die wederkoms, **sonder om op hulle eie uitleg te vertrou** en deur te **bly vashou aan die inspirasie** van die Skrif deur die Heilige Gees (2 Pet. 1:19).

### 9.3.4 Skematiese samevatting

Die onderstaande tabel bevat 'n vergelyking van die *telos* van die openbaring van die wederkoms aan die hand van παρουσία met die *telos* van die openbaring van die wederkoms aan die hand van die ander wederkomswoorde.

| **Openbaringsdoelwit** | **Παρουσία** | **'Αποκαλύπτω, ἀποκάλυψις** | **'Επιφάνεια** | **Φανερόω** | **'Έρχομαι** | **'Ημέρα** |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **9.3.1 Die wederkoms word geopenbaar met die *telos* om kennis oor te dra** | ✓ | ✗ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ |
| **9.3.1.1 Die wederkoms word geopenbaar met die *telos* om kennis oor die wyse van die wederkoms oor te dra** | ✓ | ✗ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ |
| **9.3.1.2 Die wederkoms word geopenbaar met die *telos* om kennis oor te dra wat dwaalleer weerlê en misleiding voorkom** | ✓ | ✗ | ✗ | ✗ | ✓ | ✓ |
| **9.3.2 Die wederkoms word verkondig met die *telos* om gelowiges in die geloof te versterk** | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ |
| **9.3.2.1 Die wederkoms word verkondig om die sekerheid te gee dat die wederkoms beslis sal plaasvind** | ✓ | ✗ | ✗ | ✗ | ✓ | ✗ |
| **9.3.2.2 Die wederkoms word verkondig as aanmoediging tot bekering** | ✓ | ✗ | ✗ | ✓ | ✓ | ✓ |
| **9.3.2.3 Die wederkoms word verkondig as aanmoediging om in die ware geloof te volhard** | ✓ | ✗ | ✓ | ✓ | ✓ | ✗ |

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **9.3.2.4 Die wederkoms word verkondig om te troos** | ✓ | ✓ | ✓ | ✗ | ✓ | ✓ |
| **9.3.2.5 Die wederkoms word verkondig om geloofsekerheid te bevorder** | ✓ | ✗ | ✗ | ✓ | ✓ | ✓ |
| **9.3.2.6 Die wederkoms word verkondig om waaksaamheid te bevorder** | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ |
| **9.3.2.7 Die wederkoms word verkondig spesifiek om Woordbedienaars te bemoedig** | ✓ | ✗ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ |
| **9.3.3 Die wederkoms word verkondig met die *telos* om gelowiges tot 'n daadkragtige geloofslewe aan te spoor** | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ |
| **9.3.3.1 Die wederkoms word verkondig as aanmoediging om voor te berei vir die koms van die Here** | ✓ | ✓ | ✗ | ✗ | ✓ | ✓ |
| **9.3.3.2 Die wederkoms word verkondig as aanmoediging om die Here getrou te dien** | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ |
| **9.3.3.3 Die wederkoms word verkondig as aanmoediging om heilig te lewe** | ✓ | ✗ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ |
| **9.3.3.4 Die wederkoms word verkondig as aanmoediging tot gebed** | ✓ | ✗ | ✗ | ✗ | ✓ | ✓ |
| **9.3.3.5 Die wederkoms word verkondig as aanmoediging om** | ✓ | ✗ | ✗ | ✗ | ✓ | ✓ |

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **die Woord te verkondig** | | | | | | |
| **9.3.3.6 Die wederkoms word verkondig as aanmoediging om liefde te bewys** | ✓ | ✗ | ✗ | ✗ | ✓ | ✓ |
| **9.3.3.7 Die wederkoms word verkondig as aanmoediging om kalm te bly** | ✓ | ✗ | ✗ | ✗ | ✓ | ✓ |
| **9.3.3.8 Die wederkoms word verkondig as aanmoediging om die Skrif lief te hê en reg te hanteer** | ✓ | ✗ | ✗ | ✗ | ✓ | ✓ |

#### 9.3.4.1 Gemeenskaplike hoofopenbaringsdoelwitte

ŉ Vergelyking van die hoofopenbaringsdoelwitte van παρουσία (9.3.1, 9.3.2 en 9.3.3) met dié van ἀποκαλύπτω, ἀποκάλυψις, ἐπιφάνεια, ἔρχομαι, ἡμέρα en φανερόω toon die volgende aan: **Dat op een uitsondering na al hierdie wederkomswoorde dieselfde hoofopenbaringsdoelwitte met παρουσία in gemeen het.** Die uitsondering is ἀποκαλύπτω, ἀποκάλυψις, wat nie die *telos* om kennis oor die wederkoms oor te dra (9.3.1) insluit nie. Die hoofopenbaringsdoelwitte wat by παρουσία geïdentifiseer is, is dus omvattend genoeg en voldoende om die *telos* van die openbaring van die wederkoms in die Nuwe Testament te verwoord.

#### 9.3.4.2 Gemeenskaplike temas

(1) ŉ Vergelyking van die temas, waarby al die openbaringsdoelwitte ingedeel kan word, toon aan dat die **temas wat by παρουσία** geïdentifiseer is, (9.3.1.1-9.3.1.2; 9.3.2.1-9.3.2.7; 9.3.3.1-9.3.3.8) die temas wat by ἀποκαλύπτω, ἀποκάλυψις, ἐπιφάνεια, ἔρχομαι, ἡμέρα en φανερόω aangedui is, **volledig omvat.** Die temas wat by παρουσία geïdentifiseer is, is dus voldoende om die onderskeie tersaaklike fasette van die *telos* van die openbaring van die wederkoms in die Nuwe Testament mee te verwoord.

(2) ŉ Vergelyking tussen die temas wat by **παρουσία** geïdentifiseer is met dié van **ἔρχομαι,** toon aan dat hierdie woorde **volledig dieselfde temas in gemeen** het. Hieruit blyk dit dat die *telos* van die openbaring van die wederkoms aan die hand van παρουσία en ἔρχομαι volledig ooreenstem.

(3) **Naas παρουσία en ἔρχομαι** is die openbaring van die *telos* van die wederkoms aan die hand van **ἡμέρα die mees omvattende.** Al die temas word gemeenskaplik met παρουσία en ἔρχομαι gedeel, behalwe dat ἡμέρα nie die volgende temas in gemeen het nie: Die wederkoms word verkondig om die sekerheid te gee dat die wederkoms beslis sal plaasvind (9.3.2.1) en: Die wederkoms word verkondig as aanmoediging om in die ware geloof te volhard (9.3.2.3).

(4) Die **volgorde van omvattendheid** wat die aantal temas betref, lyk soos volg: παρουσία (17), ἔρχομαι (17), ἡμέρα (15), φανερόω (8), ἐπιφάνεια (7) en ἀποκαλύπτω, ἀποκάλυψις (4).

(5) Dit blyk dat **slegs twee temas gemeenskaplik deur al die wederkomswoorde weergegee word,** naamlik: Die wederkoms word verkondig as aanmoediging om die Here getrou te dien (9.3.3.2) en: Die wederkoms word verkondig om waaksaamheid te bevorder (9.3.2.6). Hierdie twee sake kan dus as deurlopende temas van die *telos* van die openbaring van die wederkoms beskou word.

## 9.4 Geheelbeskrywing van die *telos* van die openbaring van die wederkoms

Dit blyk in die navorsing dat die *telos* van die openbaring van die wederkoms in drie hoofdoelwitte omskryf kan word, naamlik:

**1. Om kennis oor te dra.**

**2. Om gelowiges in die geloof te versterk.**

**3. Om gelowiges tot 'n daadkragtige geloofslewe aan te spoor.**

Elke hoofdoelwit kan onderverdeel word in temas wat die *telos* van die openbaring van die wederkoms verder verwoord.

### 9.4.1 Die wederkoms word geopenbaar met die *telos* om kennis oor te dra.

9.4.1.1 Die wederkoms word geopenbaar met die *telos* **om kennis oor die wyse van die wederkoms oor te dra.**

9.4.1.2 Die wederkoms word geopenbaar met die *telos* **om kennis oor te dra wat dwaalleer weerlê en misleiding voorkom.**

### 9.4.2 Die wederkoms word verkondig met die *telos* om gelowiges in die geloof te versterk.

9.4.2.1 Die wederkoms word geopenbaar **om die sekerheid te gee dat die wederkoms beslis sal plaasvind.**

9.4.2.2 Die wederkoms word geopenbaar **as aanmoediging tot bekering.**

9.4.2.3 Die wederkoms word geopenbaar **as aanmoediging om in die ware geloof te volhard.**

9.4.2.4 Die wederkoms word geopenbaar **om te troos.**

9.4.2.5 Die wederkoms word geopenbaar **om geloofsekerheid te bevorder.**

9.4.2.6 Die wederkoms word geopenbaar **om waaksaamheid te bevorder.**

9.4.2.7 Die wederkoms word geopenbaar spesifiek **om Woordbedienaars te bemoedig.**

**9.4.3 Die wederkoms word geopenbaar met die *telos* om gelowiges tot 'n daadkragtige geloofslewe aan te spoor.**

9.4.3.1 Die wederkoms word geopenbaar as aanmoediging **om voor te berei vir die koms van die Here.**

9.4.3.2 Die wederkoms word geopenbaar as aanmoediging **om die Here getrou te dien.**

9.4.3.3 Die wederkoms word geopenbaar as aanmoediging **om heilig te lewe.**

9.4.3.4 Die wederkoms word geopenbaar as aanmoediging tot **gebed.**

9.4.3.5 Die wederkoms word geopenbaar as aanmoediging **om die Woord te verkondig.**

9.4.3.6 Die wederkoms word geopenbaar as aanmoediging **om liefde te bewys.**

9.4.3.7 Die wederkoms word geopenbaar as aanmoediging **om kalm te bly.**

9.4.3.8 Die wederkoms word geopenbaar as aanmoediging **om die Skrif lief te hê en reg te hanteer.**

## BRONNELYS


Akin, D.L. 2001. 1, 2, 3 John. Nashville: Broadman & Holman Publishers. (The New American Commentary, 38).

Aland, K., Black, M., Martini, C.M., Metzger, B.M., Robinson, M.A. & Wikgren, A. 2006. The Greek New Testament. The complete text of the United Bible Societies' Greek New Testament. Fourth Revised Edition (with Morphology). U.S.A.: United Bible Societies. UBS4.

Allen, D.L. 2010. Hebrews. Nashville, TN: B & H Publishing Group. (The New American Commentary, 35).

Allison, D.C. 2001. First Sunday of Advent, Year A. (*In* Van Harn, R. E., *ed.* The lectionary commentary: theological exegesis for Sunday's texts, vol. 3. Grand Rapids, MI: Eerdmans. p. 140-143).

Anderson, C. 2007. Opening up 2 Peter. Leominster: Day One Publications.

Auberlen, C.A. & Riggenbach, C.J. 2008. 1 & 2 Thessalonians. (*In* Lange, J.P., Schaff, P., Auberlen, C.A., Riggenbach, C.J. & Lillie, J.A., *eds.* Commentary on the Holy Scriptures: Bellingham, WA: Logos Bible Software).

Aus, R.D. 1977. God's plan and God's power: Isaiah 66 and the restraining factors of 2 Thess. 2:6-7. *Journal of Biblical Literature*, 969(4):537-553.

Barbieri, L.A., Jr. 1985. Matthew. (*In* Walvoord, J.F. &. Zuck, R.B, *eds*. The Bible Knowledge Commentary: An Exposition of the Scriptures, vol. 2. Wheaton, IL: Victor Books).

Barcley, W.B. 2005. A Study Commentary on 1 and 2 Timothy. Darlington: Evangelical Press.

Barnett, P. 2000. 1 Corinthians: holiness and hope of a rescued people. Ross-shire: Christian Focus Publications.

Bauer, W., Danker, F.W., Arndt, W.F. & Gingrich, F.W. 2000. A Greek-English lexicon of the New Testament and other early Christian literature. 3rd ed. Chicago: University of Chicago Press. (BDAG).

Bavinck, H. 1930. Gereformeerde dogmatiek. Vol 4. Kampen: J.H. Kok.

BDAG. Bauer, W., Danker, F.W., Arndt, W.F. & Gingrich, F.W. 2000. A Greek-English lexicon of the New Testament and other early Christian literature. 3rd ed. Chicago: University of Chicago Press.

Berkhof, L. 1938. Systematic theology. Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Berkouwer, G.C. 1961. De Wederkomst van Christus. Kampen: J.H. Kok. (Dogmatische Studiën, 1).

Blaising, C.A. 2012. The day of the Lord will come: an exposition of 2 Peter 3:1-18. *Bibliotheca Sacra*, 169:387-401.

Blomberg, C. 1992. Matthew. Nashville: Broadman & Holman. (The New American Commentary, 22).

Bolkestein, M.H. 1974. De brieven aan de Thessalonicenzen. Nijkerk: G.F. Callenbach. (De prediking van het Nieuwe Testament).

Bouma, C. 1974a. De brieven van de apostel Paulus aan Timotheus en Titus. Kampen: Kok. (Korte verklaring der Heilige Schrift).

Bouma, C. 1974b. Het Evangelie naar Johannes. Tweede deel. Kampen: Kok. (Korte verklaring der Heilige Schrift).

Brooks, J.A. 1991. Mark. Nashville: Broadman & Holman. (The New American Commentary, 23)

Bruce, F.F. 1988. The Book of the Acts. Grand Rapids, MI: Eerdmans. (The New International Commentary on the New Testament).

Bruce, F.F. 1990. The Epistle to the Hebrews. Grand Rapids, MI: Eerdmans. (The New International Commentary on the New Testament).

Bultmann, R. & Lührmann, D. 1964a. ἐπιφαίνω, ἐπιφανής, ἐπιφάνεια. (*In* TDNT, 9:7-10).

Bultmann, R. & Lührmann, D. 1964b. φανερόω. (*In* TDNT, 9:3-6).

Bybel. 1996 (1933). Die Bybel: dit is die ganse Heilige Skrif wat al die kanonieke boeke van die Ou en Nuwe Testament bevat. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Bybel. 1998 (1983). Die Bybel: nuwe vertaling. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Bybel. 2014. Nuwe Testament en Psalms: 'n direkte vertaling. Bellville: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Calvin, J. 2010a. Commentary on a harmony of the Evangelists Matthew, Mark, and Luke, vol. 3. Bellingham, WA: Logos Bible Software.

Calvin, J. 2010b. Commentary on the book of the Prophet Daniel, vol. 2. Bellingham, WA: Logos Bible Software.

Calvin, J. 2010c. Commentaries on the epistles of Paul the apostle to the Philippians, Colossians and Thessalonians. Bellingham, WA: Logos Bible Software.

Calvin, J. 2010d. Commentaries on the catholic epistles. Bellingham, WA: Logos Bible Software.

Calvin, J. 2010e. Commentaries on the epistles to Timothy, Titus and Philemon. Bellingham, WA: Logos Bible Software.

Calvin, J. 2010f. Commentaries on the epistles of Paul the apostle to the Corinthians, vol. 1. Bellingham, WA: Logos Bible Software.

Calvin, J. 2010g. Commentary on the Gospel according to John, vol. 2. Bellingham, WA: Logos Bible Software.

Campbell, I.D. 2008. Opening up Matthew. Leominster: Day One Publications.

Cara, R.J. 2009. A Study Commentary on 1 and 2 Thessalonians. Darlington: Evangelical Press.

Carson, D.A. 1991. The Gospel according to John. Leicester: Eerdmans. (The Pillar New Testament Commentary).

Childress, G. 2006. Opening up Luke's Gospel. Leominster: Day One Publications.

Ciampa, R.E. & Rosner, B.S. 2010. The first letter to the Corinthians. Grand Rapids, MI: Eerdmans. (The Pillar New Testament Commentary).

Coetzee, J.C. 1979. The Holy Spirit in 1 John. *Neotestamentica*, 13:43-67.

Coetzee, J.C. 1984. Paulus se eskatologiese prediking. (*In* Du Toit, A.B., *red*. Handleiding by die Nuwe Testament. Band V. Die Pauliniese Briewe: Inleiding en teologie. Pretoria: NG Kerkboekhandel. p. 332-364).

Coetzee, J.C. 1988. Gedagtestruktuurontleding en die eksegese van die Heilige Skrifte. (*In* Coetzee, J.C., *red*. Koninkryk, Gees en Woord. Pretoria: NG Kerkboekhandel).

Coetzee, J.C. 1995. Sleutels tot die Godsopenbaring van die Nuwe Testament. Potchefstroom. (Ongepubliseer).

Coetzee, J.C. 1997. Hermeneutics and exegesis of the New Testament. Orkney: EFJS Drukkers.

Combrink, H.J.B. 1993. Matteus. (*In* Van Zyl, A.H., *red*. Die Bybel verklaar: 1983-vertaling. Kaapstad: Lux Verbi. p. 1-41).

D'Assonville, V.E. 1989. Die antichris: die padblokade (2 Tes. 2:6). (*In* 25 Preke. Potchefstroom: Marnix. p. 96-102).

Davids, P.H. 2006. The letters of 2 Peter and Jude. Grand Rapids, MI: Eerdmans. (The Pillar New Testament Commentary).

De Villiers, P.G.R. 2008. The eschatology of 1 Thessalonians in the light of its spirituality. *Acta Theologica*, 2008:1.

Delling, G. 1964. ἡμέρα. (*In* TDNT, 2:947-953).

Dijk, K. 1953. Over de laaste dingen. De toekomst van Christus. Kampen: J.H. Kok.

Dockery, D.S. 1998. The Pauline letters. (*In* Dockery, D.S. *ed*., Holman concise Bible commentary. Nashville, TN: Broadman & Holman Publishers).

Du Plessis, P.J. 1978. Die briewe van Johannes. Kaapstad: N.G. Kerk-uitgewers.

Du Preez, J. 1992. Die boodskap van die laaste Bybelboek. 'n Kommentaar op Openbaring. Bloemfontein: Pro Christo.

Du Rand, J.A. 2016. Die identiteitsgerigte boodskap van 1 Johannes: Hermeneutiese samehang van teks, situasie en teologie. *In die Skriflig*, 50(2).

Du Rand, J. 2007. Die A-Z van Openbaring. 'n Allesomvattende perspektief op die boek Openbaring. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Eaton, M. 1996. 1, 2, 3 John. Scotland: Christian Focus Publications.

Edwards, J.R. 2002. The Gospel according to Mark. Grand Rapids, MI. Eerdmans. (The Pillar New Testament Commentary).

Ellenburg, B.D. & Morgan, C.W. 2008. James: wisdom for the community. Great Britain: Focus Christian Publications.

Ellsworth, R. 2004. Opening up Philippians. Leominster: Day One Publications.

Evans, A.C. 2012. Matthew. New York: Cambridge University Press. (New Cambridge Bible Commentary).

Ewert, D. 1995. 1-2 Thessalonians. (*In* Elwell, W.A., *ed*. Evangelical Commentary on the Bible, vol. 3. Grand Rapids, MI: Baker Book House).

Fausset, A.R. 1997a. The book of Daniel. (*In* Jamieson, R., Fausset, A.R. & Brown, D. Commentary Critical and Explanatory on the Whole Bible, vol. 1. Oak Harbor, WA: Logos Research Systems, Inc).

Fausset, A.R. 1997b. The books of 1 Corinthians, 1 Thessalonians and James. (*In* Jamieson, R., Fausset, A.R. & Brown, D. Commentary Critical and Explanatory on the Whole Bible, vol. 2. Oak Harbor, WA: Logos Research Systems, Inc).

Fee, G.D. 2009. New Testament exegesis. 4th ed. London: Westminster John Knox.

Fee, G.D. 2011. Revelation. Eugene, OR: Cascade Books. (A New Covenant Commentary).

Fensham, F.C. 1981. Die brief aan die Hebreërs. Kaapstad: N.G. Kerk-uitgewers.

Floor, L. 1990. Die verhouding tussen indikatief en paraklese in die Nuwe Testament, toegelig vanuit die eerste brief aan die Tessalonisense. *In die Skriflig,* 24(2):155-165.

Floor, L. 1982. Perspektiewe op die prediking van Paulus. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Floor, L. 1992. Jakobus. Brief van een broeder. Kampen: Kok. (Commentaar op het Nieuwe Testament. Derde Serie.)

Frame, J.E. 1946. Epistles of St. Paul to the Thessalonians. Edinburgh: T & T Clark. (The International Critical Commentary).

Fronmüller, G.F.C. 2008. 2 Peter. (*In* Lange, J.P., Schaff, P., Fronmüller, G.F.C. & Mombert, J.I. A commentary on the Holy Scriptures. Bellingham, WA: Logos Bible Software).

Gardner, P. 1998. 2 Peter & Jude. Ross-shire: Christian Focus Publications.

Garland, D.E. 1999. 2 Corinthians. Nashville: Broadman & Holman Publishers. (Then New American Commentary, 29).

Green, G.L. 2002. The letters to the Thessalonians. Grand Rapids, MI: Eerdmans. (The Pillar New Testament Commentary).

Green, M. 1977. The second epistle general of Peter and the general epistle of Jude. An introduction and commentary. Leicester: Inter-Varsity Press. (The Tyndale New Testament Commentaries).

Greijdanus, S. s.a. I en II Petrus. Kampen: Kok. (Korte verklaring der Heilige Schrift).

Groenewald, E.P. 1977. Die briewe van Petrus. Die brief van Judas. Kaapstad: N.G. Kerk-uitgewers.

Groenewald, E.P. 1980a. Die eerste brief aan die Korintiërs. Kaapstad: N.G. Kerk-uitgewers.

Groenewald, E.P. 1980b. Die Evangelie van Johannes. Kaapstad: N.G. Kerk-uitgewers.

Groenewald, E.P. 1986. Die Openbaring van Johannes. Kaapstad: N.G. Kerk-uitgewers.

Grogan, G. 2007. 2 Corinthians: The glories and responsibilities of Christian service. Ross-shire: Christian Focus Publications.

Grosheide, F.W. 1907. De verwachting der toekomst van Jezus Christus. Exegetische studie. Amsterdam: H.A. van Bottenburg.

Grosheide, F.W. 1954. Het Heilige Evangelie volgens Mattheus. Kampen: J.H. Kok. (Commentaar op het Nieuwe Testament).

Grosheide, F.W. 1955. De brief aan de Hebreeën en de brief van Jakobus. Kampen: J.H. Kok. (Commentaar op het Nieuwe Testament).

Guthrie, D. 1976. The pastoral epistles. An introduction and commentary. Leicester: Inter-Varsity Press. (The Tyndale New Testament Commentaries).

Guthrie, D. 1983. The letter to the Hebrews. An introduction and commentary. Leicester: Inter-Varsity Press. (The Tyndale New Testament Commentaries).

Hansen, G.W. 2009. The letter to the Philippians. Grand Rapids, MI: Eerdmans. (The Pillar New Testament Commentary).

Hendriksen, W. 1988. The Bible on the life hereafter. Grand Rapids: Baker Book House.

Hendriksen, W. 2002a. Exposition of the Gospel according to Matthew. Grand Rapids: Baker Book House. (New Testament Commentary, 9).

Hendriksen, W. 2002b. Exposition of I-II Thessalonians. Grand Rapids: Baker Book House. (New Testament Commentary, 3).

Hendriksen, W. 2002c. Exposition of the Gospel according to Luke. Grand Rapids: Baker Book House. (New Testament Commentary, 11).

Hendriksen, W. 2002d. Exposition of the Pastoral Epistles. Grand Rapids: Baker Book House. (New Testament Commentary, 4).

Henry, M. 1994. Matthew Henry's commentary on the whole Bible: complete and unabridged in one volume. Peabody: Hendrickson.

Hepp, V. 1919. De antichrist. Kampen: Kok.

Heyns, J.A. 1981. Dogmatiek. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

Hiebert, D.E. 1971. The Thessalonian epistles. Chicago: Moody Press.

Hiers, R.H. 2011. Parousia. (*In* Powell, M.A., *ed*. The HarperCollins Bible Dictionary. 3rd ed. New York: HarperCollins. p. 742).

Hodge, C. 1857. An exposition of the first epistle to the Corinthians. New York: Robert Carter & Brothers.

Hoeksema, H. 1973. Reformed dogmatics. Grand Rapids: Reformed Free Publishing Association.

Jordaan, G.J.C. 2003. Romeine 1:18-25 binne die openbaringshistoriese raamwerk van die Skrifgetuienis aangaande God se openbaring. *In die Skriflig,* 37(4):617-641.

Jordaan, G.J.C. 2004. Gereformeerde Skrifuitleg vir preekmaak: inleiding tot grammaties-historiese eksegese. Potchefstroom. (Ongepubliseer).

Jordaan, G.J.C. 2014. Die binnewerk van Antieke Grieks. Die semantiek van grammatiese konstruksies. Handleiding vir eksegete en ander studente van klassieke en Nuwe-Testamentiese Grieks. Potchefstroom: Teologiese publikasies.

Jordaan, G.J.C., Van Rensburg, F.J. & Breed, D.G. 2011. Hermeneutiese vertrekpunte vir gereformeerde eksegese. *In die Skriflig*, 45(2&3):225-258.

Juza, R.P. 2014. Echoes of Sodom and Gomorrah on the day of the Lord: Intertextuality and tradition in 2 Peter 3:7-13. *Bulletin for Biblical Research*, 24(2):227-245.

Keil, C.F. 1982. Ezekiel, Daniel. (*In* Keil, C.F. & Delitzsch, F. Commentary on the Old Testament in ten volumes, 9. Grand Rapids: Eerdmans).

Kistemaker, S.J. 2002a. Exposition of the first epistle to the Corinthians. Grand Rapids: Baker Book House. (New Testament Commentary, 18).

Kistemaker, S.J. 2002b. Exposition of James and the Epistles of John Grand Rapids: Baker Book House. (New Testament Commentary, 14).

Kistemaker, S.J. 2002c. Exposition of the epistles of Peter and the epistle of Jude. Grand Rapids: Baker Book House. (New Testament Commentary, 16).

Kistemaker, S.J. 2002d. Exposition of the book of Revelation. Grand Rapids: Baker Book House. (New Testament Commentary, 20).

König, A. 1989. The eclipse of Christ in eschatology. Toward a Christ-centered approach. Grand Rapids: Eerdmans.

König, A. 2009. 'n Perspektief op Openbaring. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Kruse, C.G. 2000. The letters of John. Grand Rapids, MI: Eerdmans. (The Pillar New Testament Commentary).

Kruse, C.G. 2012. Paul's letter to the Romans. Grand Rapids, MI: Eerdmans. (The Pillar New Testament Commentary).

Ladd, G.E. 1972. A commentary on the Revelation of John. Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Ladd, G.E. 1993. A Theology of the New Testament. Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Larondelle, H.K. 1983. Paul's prophetic outline in 2 Thessalonians 2. *Andrews University Seminary Studies*, 21(1):61-68.

Lea, T.D. & Griffin, H.P. 1992. 1, 2 Timothy, Titus. Nashville: Broadman & Holman Publishers. (The New American Commentary, 34).

Lindeboom, L. 1934. De brieven van den apostel Paulus aan de gemeente te Thessalonica. Kampen: J.H. Kok.

Louw, J.P. & Nida, E.A. 1996a. Greek-English lexicon of the New Testament: based on semantic domains. Electronic ed. of the 2nd ed., vol. 1. New York: United Bible Societies.

Louw, J.P. & Nida, E.A. 1996b. Greek-English lexicon of the New Testament: based on semantic domains. Electronic ed. of the 2nd ed., vol. 2. New York: United Bible Societies.

Lünemann, G. 1880. Critical and exegetical handbook to the epistle of St. Paul to the Thessalonians. Edinburgh: T & T Clark.

Marshall, I.H. 1980. The Acts of the apostles: an introduction and commentary. Leicester: Inter-Varsity Press. (The Tyndale New Testament Commentaries).

Marshall, I.H. 1981. The Epistles of John. Grand Rapids, MI: Eerdmans. (The New International Commentary on the New Testament).

Martin, D.M. 1995. 1, 2 Thessalonians. Nashville: Broadman & Holman. (The New American Commentary, 33).

Matter, H.M. 1980. Wederkomst en wereldeinde: de zin van de "parousia" in het Nieuwe Testament. Kampen: J.H. Kok.

Mayhue, R. 1999. 1 & 2 Thessalonians: triumphs and trials of a consecrated church. Fearn: Christian Focus Publications.

McNaughton, I. 2008. Opening up 2 Thessalonians. Leominster: Day One Publications.

Melick, R.R. 1991. Philippians, Colossians, Philemon. Nashville: Broadman & Holman Publishers. (The New American Commentary, 32).

Milne, D.J.W. 1996. 1 Timothy, 2 Timothy, Titus. Great Britain: Christian Focus Publications.

Moffat, J. s.a. The first and second epistles of Paul the apostle to the Thessalonians. New York: George H. Doran Company. (The Expositor's Greek Testament Commentary, 4).

Moo, D.J. 2000. The letter of James. Grand Rapids, MI: Eerdmans. (The Pillar New Testament Commentary).

Moo, D.J. 2008. The letters to the Colossians and to Philemon. Grand Rapids, MI: Eerdmans. (The Pillar New Testament Commentary).

Morris, L. 1977. The first and second epistles to the Thessalonians. Grand Rapids: Eerdmans. (The New International Commentary on the New Testament).

Morris, L. 1984. 1 and 2 Thessalonians: an introduction and commentary. Downers Grove, IL: Inter-Varsity Press. (Tyndale New Testament Commentaries).

Morris, L. 1988. The epistle to the Romans. Grand Rapids, MI: Eerdmans. (The Pillar New Testament Commentary).

Morris, L. 1992. The Gospel according to Matthew. Grand Rapids, MI: Eerdmans. (The Pillar New Testament Commentary).

Morris, L. 1995. The Gospel according to John. Grand Rapids, MI: Eerdmans. (The New International Commentary on the New Testament).

Mounce, R.H. 1974. Pauline eschatology and the apocalypse. *Evangelical Quarterly*, 46(3):164-166.

Mounce, R.H. 1997. The Book of Revelation. Grand Rapids, MI: Eerdmans. (The New International Commentary on the New Testament).

Mounce, R.H. 2005. A Living Hope: a commentary on 1 and 2 Peter. Eugene, OR: Wipf & Stock.

Myers, A.C. 1987. The Eerdmans Bible dictionary. Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Naylor, P. 2002. A study commentary on 2 Corinthians, vol. 1. Darlington: Evangelical Press.

Naylor, P. 2004. A study commentary on 1 Corinthians. Darlington: Evangelical Press.

Nel, M. 2015. What is 'the sign of the Son of man in heaven' (Mt 24:30)? *In die Skriflig*, 49(1).

Newman, B.M. 1974. A concise Greek-English dictionary of the New Testament. London: United Bible Societies.

Nielsen, J.T. 1974. Het Evangelie naar Mattheüs, III. Nijkerk: G.F. Callenbach. (De prediking van het Nieuwe Testament).

Noordegraaf, A. 1999. De eschatologische prediking van het Nieuwe Testament. (*In* Van 't Spijker, W. *red*. Eschatologie: handboek over de christelijke toekomsverwachting. Kampen: De Groot Goudriaan. p. 85-144).

Oepke, A. 1964a. ἀποκαλύπτω, ἀποκάλυψις. (*In* TDNT, 3:556-592).

Oepke, A. 1964b. παρουσία, πάρειμι . (*In* TDNT, 5:858-871).

Oepke, A. 1964c. ἐγείρω, ἔγερσις, ἐξεγείρω, γρηγορέω. (*In* TDNT, 2:333-339).

Patterson, P. 2012. Revelation. Nashville, TN: B&H. (The New American Commentary, 39).

Polhill, J.B. 1992. Acts. Nashville: Broadman & Holman. (The New American Commentary, 26).

Poole, M. 1853. Annotations upon the Holy Bible, vol 3. New York: Robert Carter and Brothers.

Price, C. 1998. Matthew: can anything good come out of Nazareth? Fearn: Christian Focus Publications.

Prime, D. 2005. Opening up 1 Corinthians. Leominister: Day One Publications.

Richardson, K.A. 1997. James. Nashville: Broadman & Holman. (The New American Commentary, 36).

Ridderbos, H.N. s.a.a. Het Evanglie naar Mattheüs. Eerste Deel. Kampen: Kok. (Korte verklaring der Heilige Schrift).

Ridderbos, H.N. s.a.b. Het Evanglie naar Mattheüs. Tweede Deel. Kampen: Kok. (Korte verklaring der Heilige Schrift).

Robertson, A.T. 1933. Word Pictures in the New Testament. Nashville, TN: Broadman.

Scaer, D.P. 2004. Discourses in Matthew: Jesus teaches the church. St Louis, MO: Concordia.

Schlier, H. 1964. παρρησία. (*In* TDNT, 5:871-886).

Schneider, J. 1964. ἔρχομαι. (*In* TDNT, 2:666-684).

Schreiner, T.R. 2003. 1, 2 Peter, Jude. Nashville: Broadman & Holman. (The New American Commentary, 37).

Shenton, T. 2006. Opening up 1 Thessalonians. Leominster: Day One Publications.

Slenczka, R. 2008. Ziel und Ende: Einweisung in die christliche Endzeiterwartung: "Der Herr ist nahe". Neuendettelsau: Freimund-Verlag.

Sproul, R.C. 1999. A walk with God: an exposition of Luke. Great Britain: Christian Focus Publications.

Sproul, R.C. 2009. Who Is Jesus?, vol. 1. Lake Mary, FL: Reformation Trust.

Stein, R.H. 1992. Luke. Nashville: Broadman & Holman. (The New American Commentary, 24).

Tasker, R.V.G. 1978. The Gospel according to St. Matthew: an introduction and commentary. Leichester: Inter-Varsity Press. (The Tyndale New Testament Commentaries).

TDNT: Kittel, G., Friedrich, G., Bromily, G.W., *eds*. 1964. Theological dictionary of the New Testament. 10 vols. Grand Rapids: Eerdmans.

Tolar, W.B. 2002. The grammatical-historical method. (*In* Corley, B., Lemke, S.W. & Lovejoy, G.I., *eds*. Biblical Hermeneutics: a comprehensive introduction to interpreting Scripture. 2nd ed. Nashville, TN.: Broadman. p. 21-38).

Turner, D.L. 2008. Matthew. Grand Rapids, MI: Baker Academic. (Baker exegetical commentary on the New Testament).

UBS4. 2006. Aland, K., Black, M., Martini, C.M., Metzger, B.M., Robinson, M.A. & Wikgren, A. The Greek New Testament, Fourth Revised Edition (with Morphology). U.S.A: United Bible Societies.

Utley, R.J. 1997. Paul's first letters: Galatians and I & II Thessalonians. Marshall, TX: Bible Lessons International. (Study Guide Commentary Series New Testament, 7).

Utley, R.J. 2000. The Gospel according to Peter: Mark and I & II Peter. Marshall, TX: Bible Lessons International. (Study Guide Commentary Series New Testament, 2).

Van 't Spijker, W., Balke, W., Van Driel, L., Exalto, K., Runia., *reds*. 1999. Eschatologie. Handboek over de christelijke toekomsverwachting. Kampen: De Groot Goudriaan.

Van Aarde, A.G. 1989. 1 Tessalonisense. (*In* Van Zyl, A.H., *red*. Die Bybel verklaar. Kaapstad: Lux Verbi. p. 283-289).

Van der Watt, J. s.a. Exegesis of a theological theme (theological exegesis). (Unpublished).

Van der Watt, J.G. 2013. Etiese besluitneming volgens 1 Johannes. *Acta Theologica*, 33(2):207-225.

Van Leeuwen, J.A.C. 1975. Het Evangelie naar Markus. Kampen: Kok. (Korte verklaring der Heilige Schrift).

Van Leeuwen, J.A.C. s.a. De brief aan de Colossensen. De brieven aan de Thessalonicensen. (Korte verklaring der Heilige Schrift).

Van Rhyn, H.P.M. 1985. Die eskatologiese prediking in Hebreërs 10:19-25: ’n eksegetiese studie. Potcheftroom: PU vir CHO. (Skripsie – ThB).

Van Rhyn, H.P.M. 1993. Die openbaringsbetekenis van 1 Tessalonisense 4:13-18 vir die locus oor die laaste dinge. Potchefstroom: PU vir CHO. (Werkstuk – ThM).

Van Rhyn, H.P.M. 1995. Die Antichris as misleier en die opdrag aan die kerk: ’n Nuwe-Testamentiese studie vanuit Openbaring 13:1-10. Potchefstroom: PU vir CHO. (Verhandeling – ThM).

Vaughan, C. 1972. 2 Peter. (*In* Paschall, H. F. & Hobbs, H. H., *eds*. The teacher’s Bible commentary. Nashville: Broadman and Holman).

Versteeg, J.P. 1987. De brieven aan de Thessalonicenzen. (*In* Mulder, H., *red*. Bijbels Handboek 3. Het Nieuwe Testament. Kampen: Kok).

Vincent, M.R. 1887. Word studies in the New Testament, vol. 1. New York: Charles Scribner’s sons.

Visser, D., Viljoen, F.P. & Van Rensburg, F.J. 2002. Doel van 1 en 2 Tessalonicenzen: meer overeenkomst dan verschil. *In die Skriflig*, 36(4):621-641.

Von Rad, G. 1964. ἡμέρα. (*In* TDNT, 2:943-947).

Vorster, W.S. 1971. The meaning of *parrhesia* in the epistle to the Hebrews. (*In* die Nuwe-Testamentiese werkgemeenskap van Suid-Afrika. Neotestamentica 5. Ad Hebraeos. Essays on the epistle to the Hebrews. Pretoria: N.T.W.S.A. p. 51-59.).

Whiteley, D.E.H. 1969. Thessalonians in the revised standard version: the new Clardon Bible. London: Oxford University Press.

Wiersbe, W.W. 1992. Wiersbe’s expository outlines on the New Testament. Wheaton, IL: Victor Books.

Wiersbe, W.W. 1996. The Bible exposition commentary, vol. 2. Wheaton, IL: Victor Books.

Wigram, G.V. & Winter, R.D. 1978. The word study concordance. Wheaton, IL: Tyndale.

Yates, R. 1974. The Antichrist. *Evangelical Quarterly*, 46(1):42-50.